

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



4

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Sunnyside 0132

Suid-Afrika/South Africa

Desember/December 2024

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha)/(Nelson Mandela University, Gqeberha)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan – Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cillers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (*vervolg*)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienstilofosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: Annelise de Vries – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2024 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2024 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R400,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 64 Nommer 4, Desember 2024 / Volume 64 Number 4, December 2024

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES

MORNÉ DIEDERICKS

Faktore wat tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit as instelling bygedra het / *Factors that contributed to the establishment of the Medieval university as an institution* 531

FRANSJOHAN PRETORIUS

Die Britse Intelligensiediens tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899–1902 / *The British Intelligence Division during the Anglo-Boer War, 1899–1902* 544

BERT OLIVIER

Hede, verlede en toekoms: Verwagting, risiko en gevaar van vernietiging / *Present, past and future: Expectation, risk and danger of destruction* 567

DERICK BLAAUW, MARINDA PRETORIUS, RINIE SCHENCK EN DANIE MEYER

'n Koorspenlesing van onsekere tye: Informele dagarbeiders in Johannesburg se subjektiewe welstand tydens COVID-19 / *A thermometer reading of uncertain times: Informal day labourers' subjective wellbeing amid COVID-19* 586

ABEL ESTERHUYSE

Oorlog, geostrategiese spanning en nuwe wêreldordes: Krygskundige navorsing in Suid-Afrika sedert 1994 / *War, geostrategic tensions and new world orders: Military research in South Africa since 1994* 612

PIETER VERSTER

Goed en kwaad en die bestiering van God met verwysing na *Die wêreld van Charlie Oeng* deur Etienne van Heerden / *Good and evil and God's rule with reference to Die wêreld van Charlie Oeng (The world of Charlie Oeng) by Etienne van Heerden* 628

HENDRIK AURET

Poiëse en *poiëtiese* denke in *Die swye van Mario Salviati: 'n Gereedmaak vir simpoiëse* / *Poiesis and poetic thinking in The long silence of Mario Salviati: Making ready for sympoiesis* 646

CORNÉ RICHTER EN HENNIE PIETERSE

'n Morfologies-sistematiese analise van die komposisiestrukture in “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing” in *Mede-wete* (2014) deur Antjie Krog / *A morphological-systematic analysis of the compositional structures in “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing” (“four efforts in linguistic synapse tracing”) in Mede-wete (Synapse) (2014) by Antjie Krog* 665

MARIËTTA ALBERTS

'n Vergelyking tussen verwante tale, onder andere Bildts en Afrikaans / *A comparison between related languages, inter alia Bildts and Afrikaans* 695

CHARL WOLHUTER

Moedertaalonderwys en onderwys vir veeltaligheid in Suid-Afrika: 'n Ontleding van die 2023-matriekeksamenresultate / *Mother tongue education and education for multilingualism in South Africa: Assessment of the 2023 matric examination results* 720

**NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES:
Ontlaering**

JANEN LINDE EN MATHILDA SMIT

Redakteursnota 736

BURGERT SENEKAL

'n Netwerkwetenskaplike oorsig en verkenning van netwerke rakende die ontlaeringprojek / *A network science overview and exploration of networks concerning the ontlaering project* 740

CHAN CROESER

Waar spoke nog speel: 'n Queer verkenning van die affektiewe rol van die spookagtige plaasruimte in CJ Langenhoven se "Die bouval op Wilgerdal" / *Where Ghosts Still Play: A Queer exploration of the affective role of the haunted farm in CJ Langenhoven's "Die bouval op Wilgerdal"* 760

MATHILDA SMIT

Onderhoud met Lynthia Julius 777

MATHILDA SMIT

Onderhoud met Pieter Odendaal 782

TAALRUBRIEK

TOM McLACHLAN

Wat is dit met ons? Gee ons nog om? 790

UITNODIGING

EBEN COETZEE EN THEO NEETHLING

"Oorloë en gerugte van oorloë": Vraagstukke oor oorlog en vrede in die een-en-twintigste eeu 792

KEURDERS 794

VOORSKRIFTE / GUIDELINES 797

Faktore wat tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit as instelling bygedra het

Factors that contributed to the establishment of the Medieval university as an institution

MORNÉ DIEDERICKS

Lektor, Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (AROS)

Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: morne.diedericks@aros.ac.za



Morné Diedericks

MORNÉ DIEDERICKS verwerf die graad in B-Th tale by die Noordwes-Universiteit, sy honneurs in Kerk- en Dogmageskiedenis by die Calvin Instituut van die Universiteit van die Vrystaat en sy Meestersgraad in Dogmatiek by die Noordwes-Universiteit. In 2015 verwerf hy sy PhD in die Filosofie van die Opvoedkunde by die Noordwes-Universiteit. Hy is 'n dosent by Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies).

MORNÉ DIEDERICKS obtained his degree in B-Th languages at the North-West University, his honours in Church- and Dogmatic History at the Calvin Institute of the University of the Free State and his Master's Degree in Systematic Theology at the North-West University. In 2015 he obtained his PhD in the Philosophy of Education at the North-West University. He is a lecturer at Aros and teaches the modules Philosophy of Education and Religious Education

ABSTRACT

Factors that contributed to the establishment of the Medieval university as an institution

Over the centuries, institutions such as universities have often undergone reforms as a result of significant societal changes or instability. It can be compared to a school system which, when it is functioning well, undergoes no substantial change, but when there is disorder, reform becomes inevitable. The university is an age-old institution that has undergone several reforms to adapt to changing times and challenges. The most prominent university reforms occurred in the late 1800s during the development of the German or Von Humboldt university model. These reforms coincided with a reassessment of the origins and essence of the university, as outlined in Rashdall's major work, The Universities of Europe in the Middle Ages (1895), and Newman's The Idea of a University (1852).

Towards the end of the twentieth century, a new wave of reform began, which continues to this day. These reforms were spurred on by factors such as the massification of universities,

Datums:

Ontvang: 2024-06-06

Goedgekeur: 2024-10-23

Gepubliseer: Desember 2024

calls for decolonisation and significant technological changes of the 21st century. Questions such as What is a university? or What should a university be? arose as a result of these changes. This period of reform also gave rise to new historical studies on the origin and development of universities.

A natural reaction for any institution drifting away from its core functions is to return to its origins. In this context, founding documents and background information regarding the establishment of an institution play a decisive role. In South Africa, with the significant increase in newly private established higher education institutions over the past decade, the question of the essence of the university is highly relevant. When examining the essence of a university, it is essential to consider Medieval universities. Although Medieval universities would not be considered universities in today's context, they were nevertheless indispensable for the scientific progress of that time. What made medieval universities unique was that they had designed a model that was used worldwide. Even ancient higher education institutions adopted the title of "university". Against this background, the research question of this article is: What are the factors that contributed to the establishment of the medieval university as an institution?

*A comprehensive literature review was conducted to examine existing knowledge on the subject. This study included influential publications such as Rashdall's *The Universities of Europe in the Middle Ages* (1895), Haskins's *The Rise of the Universities* (1923), Cobban's *The Medieval Universities: Their Development and Organization* (1975), Rüegg's *A History of the University in Europe* (2004) and Janin's *The University in Medieval Life* (2014). Relevant background information on the social, economic and cultural context of the Middle Ages as well as the role of ecclesiastical and secular authority structures and the promotion of higher education in a period of social and intellectual change were studied. Primary sources, such as the statutes and founding documents of the first medieval universities, have been analysed to gain insight into their structure, functions and tasks.*

*Several factors, such as the guild system, economic prosperity and intellectual development in Europe during the later Middle Ages, recognition of the university by authorities and the stabilisation of the university through the formulation of rules and statutes on how a university should function, leading to the foundation of the medieval university have been identified by means of this research. These factors were also present during the founding of the first universities, and their effect on, for example, the oldest university, namely Bologna, is also discussed in this article. The concept, *universitas magistrorum et scholarium* – a community of students and masters – arose as a result of the guild system and formed an integral part of the original universities. Although modern universities offer a wider spectrum of disciplines and perform various other functions, such as research and public service, it is still crucial that the core, namely the exchange of knowledge, is preserved despite administrative and research pressure on lecturers, as well as technological changes, although technology can also improve the relationship between lecturers and students.*

As already indicated, the economic boom and intellectual development in Europe during the Middle Ages contributed to the establishment of the first universities. Economic prosperity of a community is extremely important as it provides financial support for the establishment and maintenance of a university, as well as for many prospective students and lecturers. Such an economic base creates a favourable climate for encouraging interest in culture and the acquisition of knowledge, emphasising the need for higher education, such as universities.

Recognition of the university as an institution by the pope and emperors gave universities the opportunity to expand and develop their individuality as an institution. University regulation continues to play a crucial role in the integrity of a particular institution, emphasising the

necessity of participation in quality assurance practices by regulatory bodies as these are of significant benefit to a university.

Finally, the medieval university would not have developed into today's unique, influential institution without going through the stabilisation phase, which was characterised by the formulation of rules and statutes. This phase is equally important for the modern university in continuing high quality teaching. The same applies to factors that contributed to the establishment of the medieval university which should be considered as minimum requirements. In summary, factors that influenced the development of the medieval university remain fundamental to contemporary universities, which should be preserved despite continuous changes and challenges.

KEYWORDS: Authentica Habita, guild System, history of universities, Medieval University, University of Bologna, university system

TREFWOORDE: Authentica Habita, gildestelsel, Middeleeuse Universiteit, Universiteit van Bologna, universiteitsgeskiedenis, universiteitswese

OPSOMMING

Deur die eeue heen moes instellings soos universiteite dikwels hervormings ondergaan as gevolg van beduidende veranderinge of onstabieleit. Die einde van die 20ste eeue is gekenmerk deur 'n nuwe golf van hervorming, wat steeds voortduur. Hierdie hervormings is aangepor deur faktore soos die massifikasie van universiteite, oproepe tot dekolonialisering en tegnologiese veranderinge in die 21ste eeue. Die vraag, Wat is 'n universiteit? of Wat behoort 'n universiteit te wees?, het as gevolg hiervan ontstaan. Verder het die hervormingstydperk aanleiding gegee tot indringender geskiedkundige studies oor die ontstaan en ontwikkeling van universiteite.

Om die totstandkoming van die eerste universiteite beter te verstaan, speel stigtingsdokumente en agtergrondinligting van die universiteit 'n belangrike rol. Wanneer die wese van die universiteit ondersoek word, is dit belangrik om die ontstaan van die Middeleeuse universiteit te bestudeer. Wat Middeleeuse universiteite uniek maak, is die ontwerp van 'n model wat wêreldwyd in gebruik geneem is. Teen dié agtergrond is die navorsingsvraag van hierdie artikel: Wat is die faktore wat tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit as instelling bygedra het?

Verskeie faktore, soos die gildestelsel, ekonomiese welvaart en intellektuele ontwikkeling in Europa gedurende die laat Middeleeue, erkenning van die universiteit deur owerhede en die stabilisering van die universiteit deur die formulering van reëls en statute oor hoe 'n universiteit moet funksioneer, is met behulp van navorsing geïdentifiseer. Hierdie faktore was ook aanwesig tydens die stigting van een van die eerste universiteite, en die effek daarvan op byvoorbeeld een van hierdie oudste universiteite, naamlik Bologna word ook in hierdie artikel bespreek. Faktore wat bygedra het tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit is steeds van toepassing op moderne universiteite en behoort as minimum vereistes beskou te word.

Inleiding

Dit was deur die eeue die geval dat 'n instelling as gevolg van beduidende veranderinge of onstabieleit noodgedwonge hervorming ondergaan het. 'n Skoolstelsel kan as voorbeeld gebruik word. Indien 'n skoolstelsel goed funksioneer, is wesentlike veranderinge dikwels

onnodig, maar sodra daar tekens van wanorde of swak leeruitkomstes is, dan raak hervorming byna onafwendbaar. Dieselfde geld vir universiteite wat as ou instelling ook verskeie veranderinge ondergaan het. Die bestudering van hierdie geskiedenis is noodsaaklik om die faktore wat tot universiteitshervorming lei, beter te verstaan. Baie universiteitshervormings het in die laat 1800's, tydens die ontwikkeling van die Duitse of Von Humboldt universiteitsmodel (Diedericks, 2022:5-7), plaasgevind waartydens daar 'n terugblik was op die totstandkoming van die universiteit in byvoorbeeld die standaardwerk van Rashdall (1895): *The universities of Europe in the middle ages*. Daartydens is daar weer, aan die hand van onder andere die belangrikste werk oor die universiteit deur Newman (1852): *The idea of a university*, oor die aard van 'n universiteit besin.

Die volgende groot universiteitshervorming, wat steeds voortduur, het aan die einde van die 20ste eeu plaasgevind. Groot veranderinge en onstabiliteit, wat dit noodsaaklik gemaak het om oor 'n universiteit as instelling te besin, sluit onder andere die massifikasie van universiteite (Kerr, 2001), 'n oproep tot dekolonialisering (Higgs, 2012 & Alemu, 2018) en groot tegnologiese veranderinge tydens die 21ste eeu (Hall, 2013) in. Hierdie veranderinge en onstabiliteit het opnuut vrae soos wat 'n universiteit is of selfs wat 'n universiteit behoort te wees laat ontstaan, wat met behulp van die naspeurbare geskiedenis oor die totstandkoming en ontwikkeling van die universiteit beantwoord kan word (Rüegg, 2004).

Na aanleiding van nuutgestigte privaat hoërondewysinstellings in Suid-Afrika die afgelope dekade (Diedericks, 2019:3), is die vraag oor die aard van universiteite binne Suid-Afrikaanse verband baie relevant.

Middeleeuse universiteite sou byvoorbeeld nie in die moderne eeu as sodanig erken word nie, maar vir wetenskaplike vooruitgang en in die konteks van daardie tyd het hulle 'n noodsaaklike funksie vervul. Die vraag is dus wat die Middeleeuse universiteit so uniek gemaak het dat dié ontwerp wêreldwyd aanvaar is, dat selfs antieke hoërondewysinstellings bereid was om hul naam te verander sodat die term "universiteit" daarin sou voorkom. Watter faktore het gedurende die Middeleeue tot so 'n mate tot die ontwikkeling van Europese universiteite bygedra dat hoërondewysinstellings steeds die titel "universiteit" verkies? Teen hierdie agtergrond is die navorsingsvraag van hierdie artikel: *Wat is die faktore wat tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit as instelling bygedra het?* Die geïdentifiseerde faktore vanuit die artikel is: die gildestelsel, ekonomiese oplewing en intellektuele ontwikkeling in Europa tydens die Middeleeue, erkenning van die universiteit deur owerhede en die stabilisering van die universiteit tydens 'n hervormingsfase deur die opstel van reëls en statute wat die funksionering van 'n universiteit moes bepaal.

Metodologie

Ten einde die navorsingsvraag te beantwoord, is daar 'n omvattende literatuurstudie gedoen deur verskeie akademiese bronne en gesaghebbende literatuur te raadpleeg, wat 'n kontekstuele raamwerk vir die identifisering van bydraende faktore tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit daargestel het. Bestudering van die belangrikste literatuur, onder andere deur Rashdall (1895) *The universities of Europe in the middle ages*, Haskins (1923) *The rise of the universities*, Cobban (1975) *The medieval universities: Their development and organization*, Rüegg (2004), *A history of the university in Europe. Vol 1. Universities in the Middle ages* en Janin (2014) *The University in Medieval Life*, het meer inligting verskaf oor die historiese konteks en belangrike aspekte tydens die stigting van Middeleeuse universiteite.

Daarna is relevante agtergrondinligting ondersoek om die sosiale, ekonomiese en kulturele kontekste van die Middeleeue te verstaan. Die rol van kerklike en sekulêre gesagstrukture, asook die bevordering van hoër onderwys ten spyte van maatskaplike en intellektuele ontwikkeling is bestudeer om die historiese konteks van die totstandkoming van Middeleeuse universiteite beter te begryp. Verder is primêre bronne, veral historiese dokumente, soos statute en verbandhoudende stigtingsdokumente van die eerste Middeleeuse universiteite bestudeer, wat meer insig in die struktuur, funksies en take van Middeleeuse universiteite gee. Statute het byvoorbeeld lig gewerp op die vroeë organisatoriese modelle van universiteite en die regulerende rol van gesagstrukture.

Data met betrekking tot die navorsingsvraag bestaan uit faktore wat bygedra het tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit as instelling. Hierdie faktore behels die gildestelsel, ekonomiese welvaart en intellektuele ontwikkeling in Europa gedurende die Middeleeue, erkenning van die universiteit as instelling deur verskillende gesagstrukture en stabilisering van die universiteit as instelling deur middel van hervorming waartydens reëls en statute opgestel is. Ten slotte word een van die oudste universiteite, die Universiteit van Bologna, kortliks bespreek om die faktore wat bygedra het tot die totstandkoming van die universiteit te illustreer.

Die gildestelsel se bydrae tot die stigting van die universiteit

Die term “universiteit” is afgelei van die Latynse woord *universitas*. Die lettergreep “uni” (eenheid) en “verskeidenheid” (diversiteit) van verskillende wetenskappe gee egter aanleiding tot ’n waninterpretasie van die woord *universiteit*. “The word ‘university’ has nothing to do with the universality of learning, and it is only by accident that the Latin term *universitas* has given rise to the established nomenclature.” (Dinifle, 1885:17). *Universitas* was ’n Middeleeuse term wat na verskillende beroepsgroepe of gildes verwys het. In moderne terme sou dit verwys het na vakbonde vir verskillende beroepe, soos regters, bouers, skoenmakers, ensovoorts wat as ’n groep (*universitas*) na mekaar se belange omgesien het. Op dieselfde wyse het studente ’n *universitas* gevorm om hul belange te beskerm (Rashdall, 1895:7).

Die term *universitas* was ’n versamelnaamwoord vir ’n groep meesters en studente gewees (Rashdall, 1895:7). Sinonieme vir gilde is onder andere “gemeenskap” of “kollege” en die gilde of groep meesters (*magistrorum*) het as die *collegium* bekend gestaan, waarvan die term *Kolleges* later afgelei is (Janin, 2014:33), en studentegildes as ’n *universitas van studente (scholarium)*.

’n Gilde van studente is gevorm om die *studium generale* onder leiding van ’n groep meesters te bestudeer. Die term *studium generale* het egter nie na ’n algemene plek verwys waar alle vakrigtings aangebied is nie, maar eerder na ’n plek waar studente van regoor die “wêreld” ontvang en onder leiding van ’n groep meesters kon studeer (Rashdall, 1895:8). Dit is altyd in die sin van ’n *universitas magistrorum et scholarium* (gemeenskap van meester en studente) gebruik (Rüegg, 2004:8). Volgens Rashdall (1895:9) het die term “universitas” in die konteks van *universitas magistrorum et scholarium* drie eienskappe: 1) Studente is vanuit verskeie gebiede getrek en nie net die onmiddellike opvangsgebied nie. Hierdie gegewe het skole van die katedraalskole onderskei; 2) dit was ’n plek van gevorderde onderrig in Teologie, Medies of Regte en 3) vakke is deur meer as een meester onderrig.

Gildes of *universitas* moes ’n eed aflê, wat strafbaar was indien dit verbreek word. Vanweë dié binding was gildes ’n integrale deel van die Middeleeuse samelewing en was hul uitvoerende

gesag met tye selfs sterker as dié van munisipaliteite, prinse en in sommige gevalle konings: “The combined force of the social and the spiritual penalties thus wielded by the Guilds was so enormous that in the Italian cities they often became more powerful than the State” (Rashdall, 1895:150).

Die Middeleeuse universiteit is nie as sodanig erken indien hierdie gildes (studente en dosente) nie vergader het nie. Gevolglik word “universiteit” steeds gedefinieer as ’n gemeenskap van dosente en studente (Van Riessen, 1997:4). Van Engen (2019:22) beskryf dié samestelling soos volg: “In the eventual association of an independent organization into guilds of these wandering scholars, at Bologna, Montpellier, Paris, and elsewhere, lies the origin of the European university.”

Ekonomiese en intellektuele vooruitgang in Europa tydens die laat Middeleeue

Die term “donker Middeleeue” is welbekend vir talle duister gebeure, byvoorbeeld die verwoestende kruistogte waartydens Christene onder invloed van Rooms-Katolieke pouse heilige oorloë teen Moslemlande veral oor die stad Jerusalem gevoer het (Estep, 1986:9). Dit het voortgespruit uit bepaalde leerstellings aangaande die eindtyd, onder andere dat Jesus Christus oor ongeveer 1 000 jaar sou terugkeer na Jerusalem aangesien dié stad vir Middeleeuse Christene ongeveer 1 000 n.C. uiters belangrik was (Dawson, 1994:25).

Die donker Middeleeue is ook gekenmerk deur peste en siektes – bekend as die Swart Dood – wat eenderde Europeërs uitgewis het (Janin, 2024:9). Hierdie gebeure vergelyk egter nie naastenby met die donkerheid van die laaste eeu, wat gekenmerk is deur die Eerste en Tweede Wêreldoorloë, asook die opkoms van Kommunisme in Rusland en China wat die lewens van miljoene mense geëis het nie (Courtois, Werth, Panné, Paczkowski & Margolin, 1999).

Die Middeleeue staan egter nie as “donker” bekend vanweë al die ramspoedige gebeure nie, maar dit het eerder die Verligingstydperk, waartydens die mens sy verstand outonoom van God se Woord en die Kerk begin gebruik het, voorafgegaan (Zakai, 2006:81). Volgens Rashdall (1895:30) is “donker” ’n misleidende beskrywing, veral ten opsigte van die ontstaan van universiteite.

Alhoewel meesters en studente deur die eeue heen bymekaar gekom het om te leer, was dit egter eers gedurende die Middeleeue dat hierdie byeenkomste aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die universiteit. Dit is teen dié agtergrond en met verwysing na die Middeleeuse geskiedenis dat die term “universiteit” geïnterpreteer moet word. Die Renaissance tydperk is bekend vir die vernuwing van Middeleeuse samelewingstrukture. “Vernuwing” of *renaissance* kom dus oorspronklik uit die Middeleeue. Een van die bydraende faktore tot die Renaissance was die interaksie tussen Europa en die Islam Ryk in die Midde-Ooste tydens die kruistogte (Adriaan, 2003:16). Alhoewel die kruistogte nadelig was vir die Christendom se reputasie, het dit wel ruilhandel en interaksie tussen Europa en die Midde-Ooste moontlik gemaak (Janin, 2014:9). Die gevolg van hierdie interaksie was ekonomiese oplewing en toenemende kennis, wat bygedra het tot die stigting van die universiteit.

Hierdie ekonomiese oplewing was onder meer te danke aan die handel in produkte tussen die Midde-Ooste en Europa, nuwe idees met betrekking tot finansiële bestuur sowel as produkvervaardiging en landboutegniese (Janin, 2014:20), met die De Medici-familie in Florence (Ricciardelli, 2021:107) as hoogtepunt. Die gevolg van hierdie ekonomiese oplewing was ’n toenemende behoefte aan kennis deur verdere studies weens die feit dat daar meer finansiële steun vir studente sowel as meesters beskikbaar was, soos Cobban (1975:20) hieroor

berig: “The universities were conceived at a time of European urban and economic revival, of radical communal activity and of more accessible communications arising from commercial and Crusading enterprise. A purely humanistic culture was inadequate to sustain an educational system in a vibrant, expanding environment which had unleashed vigorous new forces of intellectual energy.”

Toenemende kennis was die tweede belangrike aspek voortspruitend uit die Renaissance. Interaksie tussen Europa en die Midde-Ooste het daartoe aanleiding gegee dat Antieke Griekse tekste, wat deur die eeue heen in Europa verlore geraak het, herontdek is. Die vonds het uit werk deur Griekse skrywers soos Plato, Herodotus, Homerus en veral Aristoteles wat as ’n “ensiklopedie van kennis” beskou is, asook klassieke Romeinse werke deur Cicero, Seneca en Virgilius sowel as dié van Hippokrates in die mediese veld bestaan (Axtell, 2016:2; Van Engen, 2019:20). Vanweë die besef dat dit waardevolle tekste is, het Europeërs leergierig geraak, wat die soeke na kennis verder aangewakker het. Die gevolg daarvan was dat diegene wat kennis opgedoen het as meesters begin bekend staan het (Rashdall, 1895:27).

Hierdie meesters het ’n liefde vir wetenskapsbeoefening ontwikkel, wat ’n kennisontplofing tot gevolg gehad het (Rashdall, 1895:61). Grundmann (1952:21) beskryf dié leergierigheid soos volg: “In ’n neutedop was die dryfveer vir die ontstaan en groei van universiteite geleë in leergierigheid en wetenskaplike belangstelling, die begeerte om te leer en te weet, die *amor sciendi*.” Die dringende behoefte aan kennis en die bewaring daarvan het aanleiding gegee tot ’n nog groter behoefte aan boeke en tekste. Insameling van kennis in boek- en teksformaat het weer ’n behoefte aan biblioteke laat ontstaan (Axtell, 2016:29). Verder is die oorskryf van tekste ook as waardevol beskou (Cobban, 1975:7). Hierdie behoefte aan en passie vir kennis sowel as meer toeganklikheid daartoe in Europa, in vergelyking met voorheen, het die meesters in staat gestel om met doelgerigte navorsing te begin, asook om oor tekste te besin, wat mettertyd aanleiding gegee het tot wetenskaplike benaderings (Cobban, 1975:17).

Meiner (1970:7) is gemoeid met die interpretasie van die oorsprong van die eerste universiteite. Gevolglik verwys hy na die toename in studentegetalle en meesters as gevolg van die ekonomiese oplewing en intellektuele ontwikkeling gedurende die 12de eeu. Die Middeleeuse samelewing het kultureel net soveel baat gevind by die ekonomiese oplewing en uitbreiding van kennis in terme van kunswerke en indrukwekkende geboue. Afgesien van groter welvaart het persone ook meer tyd gehad om te studeer, wat studentegildes aansienlik laat toeneem het. Die leergierigheid van studente en finansiële ondersteuning was ’n aansporing vir al hoe meer meesters om na vore te tree.

Kerklike, keiserlike en koninklike erkenning en beskerming van die universiteit

Die Middeleeue word gekenmerk deur ’n stryd tussen die pous en die keiser/koning met betrekking tot wie die meeste gesag gehad het. Pouse en keisers het politiese, ekonomiese, ideologiese en dogmatiese voordeel in hierdie nuwe verhouding tussen studente en meesters (universitas) raakgesien. Gevolglik is regulering of akkreditasie aan universiteite toegestaan, wat die eerste bevoordeling deur die keiser of pous was. Dit was die begin van ’n verhouding tussen die Sacredotium (die Kerk), Imperium (die Staat) en Studium (die Universiteit) (Rashdall, 1895:4).

Erkenning van *universitas* deur kerklike en regerende gesagstrukture het ’n belangrike bydrae gelewer tot die strukturering van die universiteit as instelling. Hierdie erkenning het nie net die universiteit se voortbestaan en individuele identiteit bevorder nie, maar ook ’n belangrike

erkenning van die universiteit se akademiese outonomie en vryheid van inmenging deur kerklike of wêreldlike owerhede tot gevolg gehad. Dit was juis die Edikte wat deur pouse of konings aan universiteite gegee is, wat hierdie outonomie bevestig het en dit moontlik gemaak het vir universiteite om hul eie akademiese rigtings en beleid te ontwikkel (Verger, 2004:53).

Pouse en keisers was daarvan oortuig dat die onafhanklike status van universiteite tot voordeel van hul eie politieke agendas kon strek. Die Kerk het die opleiding van kerklui sowel as die bekamping van dwaalleer deur die regulering van meesters wat by universiteite wou aansluit as voordelig beskou, terwyl die voordeel van universiteite vir keisers in ekonomiese en regsaspekte opgesluit was (Koeppler, 1939:580). Regters wat ten gunste van die keiser opgetree het, het voordele vir die keiser ingehou, terwyl 'n universiteit in 'n sekere Ryksgebied ekonomiese voordele ingehou en prestige aan daardie gebied verleen het (Rashdall, 1895:11).

Die keiserlike behoefte om in besit van 'n universiteit te wees, raak veral duidelik in die stigtinggeskiedenis van die Universiteit in Napels. Keiser Frederik II het in 1224, ná 'n poging om Bolognese meesters en studente nie te straf nie, probeer om 'n universiteit in Napels te stig. Die keiser se poging het egter misluk (Cobban, 1975:25), wat daarop dui dat veel meer as bloot akkrediasie of regulering vir die stigting van 'n universiteit vereis word. Verder blyk dit dat universiteite deur die eeue heen ook as gevolg van verskeie politieke, religieuse en ideologiese konflikte tot stand gekom het (Rüegg, 2004:18).

Erkenning van 'n universiteit as instelling was ook sigbaar in hul bedingingsmag. Voorbeelde hiervan is die stigting van die Universiteit van Cambridge in 1209, toe 'n aantal studente en meesters vanaf Oxford na Cambridge oorgegaan het as gevolg van die vervolging en arrestasie van 'n paar studente in opdrag van die koning (Axtell, 2016:3). Die feit dat 'n *universitas* so maklik van een dorp na 'n ander kon verskuif, is 'n aanduiding van die eerste universiteite se fasiliteite. Groot, indrukwekkende geboue was die eerste universiteite nie beskore nie aangesien hulle geen geboue besit het nie. Studente en meesters moes in beskikbare kamers in die dorp vergader vir klas, wat verskuiwing van een dorp na 'n ander aansienlik makliker gemaak het. Hierdie aanvanklike mobiliteit was ook 'n onderhandelingsmiddel tussen die universitas en munisipaliteite (Rüegg, 2004:55).

Hierdie gemeenskap van meesters en studente, wat die universitas gevorm het, was die hoofskakel tussen Staat en Kerk. Leierskap in die gemeenskap wou op een of ander wyse gesag uitoefen oor die universitas en om dit reg te kry, moes hulle die universitas egter eers afhanklik maak van of positief ingestel kry teenoor die leierskap. Aan die ander kant het hierdie nuwe gemeenskap van meesters en studente die voordele wat pouse en keisers aangebied het, aangegryp aangesien dit weer vir die universitas groei en stabiliteit beteken het. Dus kan die kerklike, keiserlike en koninklike erkenning en beskerming van universitas, sowel as die erkenning van akademiese outonomie, as een van die belangrikste eienskappe van die Middeleeuse universiteit beskou word (Axtell, 2016:45).

Die stigting van 'n universiteit as instelling met behulp van reëls en statute

Vanweë die feit dat die universitas tot voordeel van die pous, keiser en koning gestrek het sowel as die realiteit van die stede waar byeenkomste plaasgevind het, het daar hoogmoed in die universitas ontstaan aangesien hul vryheid veral deur studente misbruik is. Daar is talle bewyse van munisipaliteite en burgers wat deur studente geteister is, wat tot 'n liefde-haat-verhouding tussen stadsburgers en die universitas aanleiding gegee het (Haskins, 1923:15). Wanorde het orals geheers as gevolg van onvoldoende reëls en gebrekkige strukture in die universitas ondanks die feit dat daar vir die eerste keer in die geskiedenis soveel vryheid,

voordele en erkenning aan studente en meesters gegee is. Die stabiliseringsfase van die universitas kan as een van die belangrikste bydraende faktore in die totstandkoming van die universiteit beskou word, aangesien die aard van universitas vasgestel is deur vroeë soos die volgende aan die orde te stel:

- Wat is die universitas?
- Hoe behoort universitas te funksioneer?
- Wat behoort die verhouding tussen studente, meesters en stedelinge te wees?
- Watter strafmaatreëls geld vir oortreders? (Rashdall, 1895:31).

Die stabiliseringsfase van die universitas – ’n proses waardeur talle maatskappye byvoorbeeld ook moet gaan – word deur sommige persone as die eerste hervorming van die universiteit beskryf. Enige nuwe maatskappy wat tot stand kom, moet deur bepaalde ontwikkelingsfases gaan. ’n Skoolstelsel kan as voorbeeld gebruik word. Indien ’n skoolstelsel goed funksioneer, vereis dit nie noodwendig wesentlike veranderinge nie, maar indien daar wanorde en swak leeruitkomste is, dan raak hervorming dikwels onvermydelik.

Die universitas moes op dieselfde wyse stabiliseer deur reëls, beleide en statute op te stel. Hierdie reëls en statute was in die meeste gevalle *de facto* gewees, dit wil sê volgens die beskrywing van bestaande praktyke. Reëls en statute het ook aanleiding gegee tot *de jure*-besluite, wat toonaangewend was vir leiers en wetgewers ten opsigte van wat universitas behoort te wees. Hierdie reëls en statute sluit aspekte soos eksaminering, toekenning van grade en toelatingsvereistes in (Axtell, 2016:6). “If students did not abide by university regulations, they risked being locked up in a detention cell or even being “excluded” i.e., losing the all-important legal protection provided by their university privileges” (Janin, 2014:29).

’n Belangrike bydraende faktor tot die stigting van die universiteit as instelling is dat die reëls en statute van die eerste universiteite as voorbeeld en norm gebruik is vir die stigting van andere in ander dorpe/stede. Reëls en statute het ook die taalgebruik bepaal, wat eenvormige toepassing in ander universiteite moontlik gemaak het (Cobban, 1975:24).¹

Dit is ’n onbetwisbare feit dat die ontwikkeling van universitas tot die huidige unieke, invloedryke instelling nie moontlik sou gewees het sonder om deur die stabiliseringsfase te gaan nie aangesien al die hervormings deur die eeue heen dit moontlik gemaak het om voortdurend relevant te bly.

Bologna as voorbeeld van die stigting van die universiteit as instelling

Ten einde vas te stel watter universiteit die oudste is, moet prestige ter wille van bemarkingsdoeleindes in aanmerking geneem word. Dit is egter moeilik om te bepaal watter universiteit die oudste is vanweë die vraag, wat ’n universiteit is. Bydraende faktore tot die totstandkoming van die universiteit, wat ook in hierdie artikel bespreek is, was in een of ander opsig aanwesig gedurende die aanvangsjare. Die twee universiteite wat akademici as die twee oudste universiteite beskou, is Bologna en Parys (Rüegg, 2004:6; Janin, 2014:27). Alhoewel die Universiteit van Salerno volgens oorlewering as die oudste beskou word, het sekere belangrike faktore ontbreek, wat daartoe aanleiding gee dat Rashdall (1895:6) dié universiteit eerder as ’n semi-universiteit beskryf het.

¹ Vir ’n voorbeeld vir die wyse waarop reëls bepaal is, verwys na: Maffei, D. 1975. Un Trattato di Bonaccorso degli Elisei e i piu antichi statuti dello studio di Bologna nel Manoscritto 22 della Robbins Collection. *Bulletin of Medieval Canon Law*, (5):73-101.

Volgens geskiedkundige navorsers is Bologna die oudste universiteit (Rashdall, 1895:6; Haskins, 1923:9; Verger, 2004:48). Bologna het lank voor die totstandkoming van universiteite reeds goed gefundeerde *studium generale*² gehad waarvan regsgeleerde meesters, soos Irnerius, deel was (Haskins, 1923:9). Rashdall (1895:160) is van mening dat die begaafdheid en beroemdheid van Irnerius 'n groot aantrekkingskrag vir studente was om aan die Bologna Universiteit te studeer: “The great fame of Irnerius, whose support for the imperial cause, probably did more than any other single influence to draw students of Roman law to Bologna, and this influx was encouraged by the reputation of his great pupils, our four doctors” (Koeppler, 1939:592). Dié vier Doktore, naamlik Martinus, Bulgarus, Jacobus en Hugo was regsgeleerde studente van Irnerius aan Bologna Universiteit wat betrokke was by die regsake in die Ryksgebied van Barbarossa waar Keiser Frederik I van die Roomse ryk in 1155–1190 n.C. geheers het.

Studentegildes in plaas van meesters in Bologna het egter eerder oppergesag in die *studium generale* gehad. Bologna was alombekend vir sy toonaangewende studentegildes ten opsigte van studente en meesters se optredes. Waar Bologna hoofsaaklik uit studentegildes bestaan het, was Parys se universitas gekenmerk deur meesters wat by katedraalskole onderrig het.

Bologna se strategiese ligging, tussen Noord- en Suid-Europa, het tydens die 12de eeu van die Middeleeue bygedra tot die ekonomiese oplewing deur handel te dryf in goedere soos tekstiele, wol, leerprodukte en speserye, wat stabiliteit meegebring het en gevolglik die universiteit se groei verseker het (Postan & Miller, 1987:51).

Die grootste bydraende faktor tot Bologna as eerste universiteit is naamlik die erkenning en beskerming deur keiser Frederik I van Barbarossa aan die *studium generale*. Soos wat Keiser Karel die Grote bekend was vir sy oprigting, erkenning, beskerming en bevordering van onderrig in paleisskole, so het Frederik I ook besef watter voordele die *studium generale* op verskillende vlakke ingehou het (Koeppler, 1939:577). Gevolglik was sy erkenning en beskerming in die vorm van 'n brief, die welbekende *Authentica Habita*.³ “While the whole trend of development tended towards corporative union, universitates of doctors of scholars were not yet in existence in 1158. The security and protection, which was one of the main functions of such universitates or guilds to provide, had, therefore, to come from an external source. It is in this function that we find the main significance of the *Authentica Habita*” (Koeppler, 1939:592).

Verder het Keiser Frederik I besef dat die samestelling van die wet deur regsgeleerdes 'n belangrike rol sou vervul in keiserlike belange. Vanweë die feit dat Bolognese meesters en studente die beskerming van die keiser belangrik geag het, was hulle daarvan verseker dat hul regsbelange beskerm sou word en dat hulle vrylik kon beweeg in die Keiserlike Ryk. Hierdie erkenning en beskerming deur keiser Frederik I aan die *studium generale* of *universitas* was 'n groot aantrekkingskrag vir studente regoor Europa om hul studies in Bologna voort te sit en wat daartoe aanleiding gegee het dat studentegildes deur verskillende nasies verteenwoordig was: “Bologna had as many as sixteen nations in the dominant law faculty at one time” (Axtell, 2016:6).

² Dit het as die algemene inleidende deel van 'n student se kurrikulum gedien, en dit het dikwels die Sewe Vrye Kunste ingesluit: grammatika, retoriek, logika (die trivium), asook rekenkunde, geometrie, musiek, en astronomie (die quadrivium).

³ Die eerste volledige publikasie van die *Authentica Habita* is in die Addendum van Koeppler, H. 1939. Frederick Barbarossa and the schools of Bologna. *English historical review*, pp.577-607.

Stabilisering van die Bolognese Universiteit het egter met verloop van tyd, ná verskeie botsings tussen studente en meesters sowel as studente en stedelinge plaasgevind. Daarna was Bologna eers in staat om in samewerking met Parys 'n universiteit as rolmodel vir ander Europese universiteite te stig. Die oudste universiteitstatute wat tans beskikbaar is, is naamlik dié van Bologna wat uit 1252 dateer (Maffei, 1975): “Bologna’s university statutes of 1252, which are the oldest surviving ones and whose drafting may be taken to symbolize the moment at which the university became definitively stabilized as an institution” (Verger, 2004:49).

Gevolgtrekking

Die navorsingsvraag vir hierdie artikel is: *Wat is die faktore wat tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit as instelling bygedra het?* Beskikbare inligting uit geskiedkundige bronne het dit moontlik gemaak om die volgende faktore te identifiseer:

- Die gildestelsel.
- Ekonomiese oplewing en intellektuele ontwikkeling in Europa tydens die Middeleeue.
- Erkenning van die universiteit deur owerhede, wat akademiese outonomie en vryheid verseker het.
- Stabilisering van die universiteit tydens 'n hervormingsfase deur die opstel van reëls en statute wat die funksionering van 'n universiteit moes bepaal.

Bogenoemde faktore was op een of ander wyse ook verantwoordelik vir die totstandkoming van die eerste universiteite. Bologna, die oudste universiteit, is as voorbeeld gebruik om die effek van dié faktore op universiteite oor die algemeen te verduidelik.

Die konsep, *universitas magistrorum et scholarium*, 'n gemeenskap bestaande uit meesters en studente, het uit die gildestelsel ontstaan en het 'n integrale deel van die oorspronklike universiteite uitgemaak. Alhoewel moderne universiteite meer vakrigtings aanbied en verskeie ander rolle, soos navorsing en openbare diens vervul, behoort die hoofdoel, die uitruil van kennis steeds behoue te bly ten spyte van administratiewe en navorsingsdruk op dosente, gepaardgaande met tegnologiese veranderinge. Soos reeds aangedui, het die ekonomiese oplewing en intellektuele ontwikkeling in Europa tydens die Middeleeue bygedra tot die stigting van die eerste universiteite. Aangesien 'n welvarende gemeenskap die nodige finansiële ondersteuning bied vir die oprigting en instandhouding van 'n universiteit is dit vir talle talentvolle individue moontlik om as studente en dosente daarby betrokke te wees. 'n Gunstige ekonomiese klimaat lê dus die grondslag vir kulturele belangstelling en uitbreiding van kennis, wat die behoefte aan hoër onderwys en ondersteuning met die stigting van universiteite verhoog.

Erkenning van die universiteit as instelling deur pouse en keisers het tot gevolg gehad dat hulle begin groei en 'n individuele identiteit ontwikkel het. Hierdie erkenning het die akademiese outonomie van universiteite versterk deur hulle te vrywaar van inmenging deur kerklike of wêreldlike owerhede. Universiteitsregulering vervul steeds 'n belangrike rol in die integriteit van die algehele universiteitstelsel, wat afgebreek word deur sogenaamde “fly by night”-universiteite. Daarom behoort universiteite aktief deel te neem aan die kwaliteit-versekeringspraktyke van reguleringsliggame.

In die hedendaagse konteks, sowel in Suid-Afrika as internasionaal, is dit noodsaaklik om die eienskappe en voorwaardes wat bygedra het tot die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit te vergelyk met die uitdagings wat moderne universiteite teëkom. Vandag se universiteite verkeer dikwels in 'n omgewing van finansiële druk, globale mededinging en politieke inmenging, wat hul akademiese outonomie kan bedreig (Robert *et al*). In teenstelling

met die Middeleeuse universiteit se beskerming deur kerklike en politieke owerhede, is hedendaagse universiteite meer geneig om te moet beweeg deur 'n komplekse netwerk van regulasies en eksterne druk. Die beginsels van outonomie en vryheid, wat so sentraal was aan die Middeleeuse universiteit, moet weer omarm en versterk word om die integriteit en funksionaliteit van moderne hoërondewysinstellings te verseker.

Ten slotte: daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die Middeleeuse universiteit nie tot die huidige unieke, invloedryke instelling sou ontwikkel het indien dit nie deur die stabiliseringsfase, waartydens reëls en statute opgestel is, gegaan het nie, omdat dit noodsaaklike strukture, beleide en prosedures aan selfs moderne hoërondewysinstellings voorsien ten einde hoëgehalteonderrig te verseker. Dit is 'n onbetwisbare feit dat die ontwikkeling van die universiteit as instelling gedurende die Middeleeue plaasgevind het. Verder is dieselfde geldige faktore wat in die Middeleeue gegeld het, steeds van toepassing op die universiteit van hierdie eeu. Alhoewel daar geargumenteer kan word dat hedendaagse universiteite meer faktore het om in ag te neem as bloot dié wat vir die totstandkoming van die Middeleeuse universiteit verantwoordelik was, kan laasgenoemde nietemin as minimum vereistes vir huidige hoërondewysdoeleindes beskou word.

BIBLIOGRAFIE

- Adrian, W. 2003. Christian Universities in Historical Perspective. *Christian Higher Education*, 2(1): 15-33.
- Alemu, SK. 2018. The meaning, idea and history of university/higher education in Africa: A brief literature review. *FIRE: Forum for International Research in Education*, 4(3):210-227.
- Axtell, J. 2016. *Wisdom's Workshop: The Rise of the Modern University*. Princeton University Press.
- Cobban, AB. 1975. *The Medieval Universities: Their Development and Organization*. London: Methuen.
- Courtois, S, Werth, N, Panné, J, Paczkowski, K, Bartosek, K & Margolin, J. 1999. *The Black Book of Communism: Crimes, Terror, Repression*. Translated by Jonathan Murphy and Mark Kramer. Massachusetts: Harvard University Press.
- Dawson, JA. 1994. Apocalyptic Thinking of the Marian Exiles. *Studies in Church History, Subsidia*, 10: 25-40.
- Denifle, H. 1885. *Die Entstehung der Universitäten des Mittelalters bis 1400* (Vol. 1). Weidmann.
- Diedericks, M. 2019. The Idea of a For-Profit Private Christian University in South Africa. *KOERS - Bulletin for Christian Scholarship*, 84(1):1-14.
- Diedericks, M. 2022. Die invloed van denklyne van die Duitse universiteitsmodel op hedendaagse kwessies binne universiteitswese. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 62(4):1-12.
- Estep, WR. 1986. *Renaissance and Reformation*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Grundmann, H. 1952. Sacerdotium, Regnum, Studium. *Archiv für Kulturgeschichte*, 34:3-21.
- Hall, J. 2013. The revolution in electronic technology and the modern university: The convergence of means. In Evans, T & Nation, D. (eds). *Opening Education: Policies and Practices from Open and Distance Education*. Abingdon: Routledge, pp. 7-20.
- Haskins, CH. 1923. *The Rise of Universities*. Henry Holt & Company. (e-Book Kindle).
- Higgs, P. 2012. African philosophy and the decolonisation of education in Africa: Some critical reflections. *Educational Philosophy and Theory*, 44:37-55.
- Janin, H. 2014. *The University in Medieval Life, 1179–1499*. London: McFarland & Company, Inc.
- Kerr, C. 2001. *The Uses of the University*. Cambridge: Harvard University Press.
- Koeppler, H. 1939. Frederick Barbarossa and the schools of Bologna. *English Historical Review*: 577-607.
- Maffei, D. 1975. Un Trattato di Bonaccorso degli Elisei e i più antichi statuti dello studio di Bologna nel Manoscritto 22 della Robbins Collection. *Bulletin of Medieval Canon Law*, 5:73-101.

- Meiner, C. 1970. *Über die Verfassung und Verwaltung der deutschen Universitäten*. 2 vols. Göttingen: Aalen, 1801-2.
- Newman, J. 1996 (1852). *The Idea of a University*. New Haven: Yale University Press.
- Postan, MM & Miller, E. (eds). 1987. *The Cambridge Economic History of Europe: Volume 2, Trade and Industry in the Middle Ages*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Rashdall, H. 1895. *The Universities of Europe in the Middle Ages* (Vol. 1). Clarendon Press.
- Ricciardelli, F. 2021. *The Medici: The Power of a Dynasty*. Firenze: Mauro Pagliai.
- Roberts LK, Saliba, I & Spannagel, J. 2023. *University autonomy and academic freedom*. In: Roberts Lyer, K, Saliba, I & Spannagel, J. eds. *University autonomy decline: causes, responses, and implications for academic freedom*. Abingdon: Taylor & Francis.
- Rüegg, W. (ed.). 2004. *A History of the University in Europe. Vol 1: Universities in the Middle Ages*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Van Engen, J. 2019. Christianity and the University: The Medieval and Reformation Legacies. In Carpenter, JA & Shipps, KW. (eds). *Making Higher Education Christian: The History and Mission of Evangelical Colleges in America*. Eugene: Wipf & Stock Publishers.
- Van Riessen, H. 1997. The University and its Basis. *Studies in Christian Higher Education*, 1. Wantirna: The ACHEA Press.
- Verger, J. 2004. Patterns. In Rüegg, W. (ed.). *A History of the University in Europe. Vol 1: Universities in the Middle Ages*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Zakai, A. 2006. The age of enlightenment. In Stephen J Stein (ed.). *The Cambridge Companion to Jonathan Edwards*, pp. 80-99.

Die Britse Intelligensiediens tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899–1902

The British Intelligence Division during the Anglo-Boer War, 1899–1902

FRANSJOHAN PRETORIUS


Departement Historiese en Erfenisstudies

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: fransjohan.pretorius@up.ac.za



Fransjohan
Pretorius

FRANSJOHAN PRETORIUS is professor emeritus in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Hy het sy kwalifikasies aan die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Leiden en die Universiteit van Suid-Afrika verwerf. Hy is die skrywer of redakteur van sewentien boeke en monografieë, waarvan agt oor die Anglo-Boereoorlog handel. Sy boek *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899–1902* het drie toekennings ontvang, onder andere die Recht Malan-prys. Die Engelse uitgawe, *Life on Commando during the Anglo-Boer War 1899–1902*, was die naaswenner van die *Sunday Times* Alan Paton-toekenning. Hy is die redakteur van *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Hy het die Stalsprys vir Geskiedenis ontvang, sowel as verskeie ander toekennings vir sy werk, waarvan die Jan H. Marais-prys vir uitstaande akademiese werk in Afrikaans die uitnemendste was. Tussen 2005 en 2023 was hy die voorsitter van die Geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die Nasionale Navorsingstigting het aan hom 'n B1-gradering toegeken (2017–2022).

FRANSJOHAN PRETORIUS is Professor Emeritus in History at the University of Pretoria. He obtained his qualifications at the University of Pretoria, the University of Leiden and the University of South Africa. He is the author or editor of seventeen books and monographs, of which eight deal with the Anglo-Boer War. His book *Life on Commando during the Anglo-Boer War 1899–1902* was the runner-up for the *Sunday Times* Alan Paton Award, while the Afrikaans edition, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899–1902*, received three awards. He is the editor of *A History of South Africa: From the Distant Past to the Present Day*. He has won the Stals Prize for History and a number of other awards for his work, the most prestigious being the Jan H. Marais Prize for outstanding academic work in Afrikaans. Between 2005 and 2023 he was the chairperson of the History Commission of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. The National Research Foundation awarded him with a B1-rating (2017–2022).

Datums:

Ontvang: 2024-09-21

Goedgekeur: 2024-10-30

Gepubliseer: Desember 2024

ABSTRACT***The British Intelligence Division during the Anglo-Boer War, 1899–1902***

This study investigates the role played by the British Military Intelligence Division and more specifically, its subdivision, the Field Intelligence Department, in South Africa during the Anglo-Boer War of 1899–1902.

It starts with a brief overview of the sound work done by this division prior to the war. In 1896, an important new dispensation dawned with the appointment of Maj.-Gen. Sir John Ardagh as Director of Military Intelligence. Despite a limited budget the Military Intelligence Division did excellent work. Between 1896 and 1899 it prepared twelve reports with a view to the possibility of war in South Africa. The highlight of this preparatory work was the publication of a guide, Military notes on the Dutch republics of South Africa.

The role played by the Field Intelligence Department (South Africa) in the defeats suffered by the British during “Black Week” (10 to 15 December 1899) next receives attention, as does the heavy storm of criticism that erupted in Britain over “Black Week”.

This criticism of the Military Intelligence Division is largely unwarranted. Given its lack of funds and authority within the War Office it accomplished much, notably its accurate findings on the number of Boers liable for military service, the number and types of Boer armaments and the intentions of the Boer military leaders.

There was indeed an initial lack of accurate mapping of the probable operational area. However, in the last eighteen months of the war the Topographical Section issued several maps, based on existing maps and reconnaissance, compiled for the most part by intelligence officers of the various columns. When Lord Roberts replaced Gen. Sir Redvers Buller as commander-in-chief of the British troops in South Africa in January 1900, intelligence improved dramatically.

The Boers’ guerrilla warfare from the mid-1900s forced Roberts to apply counter-guerrilla tactics and split his force into smaller mobile units to gain better intelligence about Boer assaults.

Between February 1901 and the end of the war on 31 May 1902, Lt.-Col. David Henderson the Director of the Field Intelligence Department (South Africa) made an important contribution to the effectiveness of the intelligence system. He divided the operational area into four districts – the Transvaal, Orange River Colony, the Cape Colony south of the Orange River, and Kimberley. These districts were then subdivided into sub-districts. A staff officer was placed in charge of each and was given the responsibility of collecting information on the enemy in his sub-district. It was his duty to supply the columns with interpreters, guides, scouts and maps. He also had to pass on relevant information received from his own agents, from columns in adjoining districts, and from headquarters in Pretoria. The staff officer was also required to send a telegraph to Henderson on Sunday evenings, providing a weekly summary of the situation in his sub-district.

Where did the Field Intelligence Department (South Africa) get its information other than from its own scouts? It is clear that some Boers acted as British spies and there is also evidence that black people provided the department with information. An important source on intelligence activity was the private diaries and other documents that were confiscated from Boer prisoners of war. The point also made is that even when scouts gained valuable intelligence, problems arose with communication and this caused operations to fail.

During the guerrilla phase the number of people working for the Field Intelligence Department (South Africa) increased dramatically, largely because the independent units now had their own intelligence officers. The department did good work in South Africa, but the

Boer intelligence system was so efficient that they were able to outmanoeuvre the British troops, even when the Field Intelligence Department (South Africa) had accurate intelligence of their strength and disposition.

In conclusion, two diaries taken from Boer prisoners of war that were translated by the Intelligence staff are analysed to determine their possible value for British intelligence.

KEY WORDS: Anglo-Boer War, “Black Week”, British Intelligence Division, David Henderson, Field Intelligence Department (South Africa), John Ardagh, Lord Kitchener, Lord Roberts, maps, Redvers Buller, Royal Commission of the War in South Africa, William Robertson

TREFWOORDE: Anglo-Boereoorlog, “Black Week”, Britse Intelligensiediens, David Henderson, Field Intelligence Department (South Africa), John Ardagh, kaart, Lord Kitchener, Lord Roberts, Redvers Buller, Royal Commission of the War in South Africa, William Robertson

OPSOMMING

Met hierdie studie word daar gekyk na die rol van die Britse Military Intelligence Division en meer spesifiek sy onderafdeling, die Field Intelligence Department (FID) in Suid-Afrika, tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902. Daar word gewys op die goeie werk voor die oorlog. Die rol wat die FID in die Britse nederlae van “Black Week” (10 tot 15 Desember 1899) gespeel het, kry vervolgens aandag. Die nederlae van “Black Week” word hoofsaaklik toegeskryf aan die offisiere se gebrek aan waardering vir behoorlike intelligensie deur verkenner en hul ongegronde optimisme oor die vermoëns van hul eie troepe. Met lord Frederick Roberts se vervanging in Januarie 1900 van sir Redvers Buller as opperbevelhebber van die Britse troepe in Suid-Afrika het taktiese intelligensie dramaties verbeter. Die Boere se nuwe tipe oorlogvoering, naamlik ’n guerrillakryg, het nuwe eise aan die Britse oorlogspoging gestel. Lt.kol. David Henderson het as direkteur van die FID ’n groot bydrae tot die doeltreffendheid van die intelligensiestelsel gelewer. Inligting is veral verkry van Boere wat as spioene in die kommando’s opgetree het en swart mense. Ten slotte word die waarde vir die Intelligensiediens bepaal van inligting uit enkele Boere-dagboeke wat in hulle hande geval en deur hulle vertaal is.

Ter inleiding

Die rol van die Britse Military Intelligence Division en meer spesifiek sy onderafdeling, die Field Intelligence Department (South Africa) wat tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902 in Suid-Afrika geopereer het, word in hierdie studie onder die loep geneem. Aandag word egter eers gegee aan die pad wat die Intelligensiediens voor die oorlog geloop het. Ten slotte word bepaal wat die waarde vir die Intelligensiediens kon wees van inligting uit enkele Boere-dagboeke wat in hulle hande geval en deur hulle vertaal is.

Studies oor die Britse Intelligensiediens tydens die Anglo-Boereoorlog is beperk. Die jongste werk van S. Twigge, E. Hampshire en G. Macklin, *British Intelligence: Secrets, spies and sources*,¹ bevat skaars meer as ’n bladsy daaroor. Twee nuttige werke is dié van B.A.H.

¹ S. Twigge, E. Hampshire en G. Macklin, *British Intelligence: Secrets, spies and sources* (London, The National Archives, 2008), pp. 93-94.

Parritt, *The Intelligencers: The story of British Military Intelligence up to 1914*² en Thomas Fergusson, *British Military Intelligence 1870–1914*.³ Daar word wel in enkele hoofstukke aandag geskenk aan die funksionering en veldwerk van die Field Intelligence Department (South Africa) *gedurende* die Anglo-Boereoorlog – wat ’n onderafdeling van die Britse Military Intelligence Division was. Dit is op hierdie terrein wat ek hoop om ’n aanvullende bydrae te lewer.

Brittanje se ervaring van die Krimoorlog (1853–1856) het die noodsaaklikheid van inligting oor operasionele gebiede en hul teenstanders uitgewys. Die Britte het die oorlog teen Rusland binnegegaan met geen kennis van die oorlogsterrein, sy topografie, sy beskikbare middele of sy bevolking nie. Soos Arthur Griffiths in *The Forum* jare later verduidelik het: “Darkness prevailed, and the allied armies disembarked on a *terra incognita*, for the French military authorities were no better informed than our own.”⁴

Die uitbreiding van die Britse ryk in die 19de eeu het die noodsaaklikheid om strategiese intelligensie te bekom, duidelik gemaak. Op 1 April 1873 het die Intelligensietak, ’n nuwe departement in die War Office, onder genl.maj. sir Patrick MacDougall sy verskyning te Queen Anne’s Gate 18 in Londen gemaak. Spoedig het die administrasie daarvan veel te wense oorgelaat, maar die aanstelling van genl.maj. Henry Brackenbury in 1886 as direkteur het vir ’n merkwaardige herlewing van die instelling gesorg.⁵

’n Nuwe bedeling lei tot deeglike voorbereiding

Op 1 April 1896 het ’n belangrike nuwe bedeling beslag gekry toe genl.maj. sir John Ardagh, hoof van die School of Military Engineering te Chatham, as direkteur van Militêre Intelligensie aangestel is.⁶

Die uitstekende verhouding wat Ardagh gehad het met die Admiraliteit, die Colonial Office, die Foreign Office en die War Office – vanweë sy vriendskap met sowel lord Wolseley (hoof van die War Office) as lord Lansdowne (minister van oorlog) – het in sy guns getel. Ardagh was voor sy aanstelling as direkteur van Militêre Intelligensie die privaat sekretaris van Lansdowne toe dié Onderkoning (*Viceroy*) van Indië was.⁷ Vir hom het Arthur Griffiths tydensootlik die hoogste lof gehad: “Ardagh [is] ... a man of great mental gifts and very varied experience. To clear insight he adds a well-matured judgment ... all who have had access to his official minutes and memoranda speak of them as marvels as to concise, well-balanced, extensive information.”⁸

In Londen was die nuwe direkteur van Militêre Intelligensie belas met die voorbereiding van inligting rakende die militêre verdediging van die Britse ryk; die insameling en verspreiding

² B.A.H. Parritt, *The Intelligencers: The story of British Military Intelligence up to 1914* (Ashford, Kent, Templar Barracks, 1971).

³ Thomas Fergusson, *British Military Intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization* (London, Arms and Armour Press, 1984).

⁴ The National Archives, Kew (hierna TNA), War Office (hierna WO) 30/40/16, Arthur Griffiths, “The English Intelligence Department”, *The Forum*, November 1900, p. 343.

⁵ TNA, WO 30/40/16, Arthur Griffiths, “The English Intelligence Department”, *The Forum*, November 1900, p. 344; Fergusson, *British Military Intelligence*, pp. 46, 80.

⁶ Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 104.

⁷ TNA, WO 30/40/16, Arthur Griffiths, “The English Intelligence Department”, *The Forum*, November 1900, pp. 343, 345; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 107.

⁸ TNA, WO 30/40/16, Arthur Griffiths, “The English Intelligence Department”, *The Forum*, November 1900, p. 345.

van inligting oor die militêre geografie, middele en die gewapende magte van ander state en van die Britse kolonies; die samestelling van kaarte; en die vertaling van buitelandse dokumente.⁹ Vir hierdie doel is die instelling in sewe afdelings (A tot G) verdeel.¹⁰

Vir suidelike Afrika was Afdelings B en F belangrik. Afdeling B was met ’n personeel van slegs twee offisiere – ’n adjunk-assistent-adjutant-generaal (D.A.A.G.) en ’n stafkaptein – en ’n klerk, verantwoordelik vir die insameling van inligting in Suid-Afrika en vir die totstandkoming van ’n departement van veld-intelligensie, genaamd die Field Intelligence Department (South Africa), vir aktiewe operasies in Suid-Afrika. Afdeling F, die kaart- en drukkersafdeling, het bestaan uit ’n personeel van drie offisiere en 23 tekenaars, drukkers en klerke. Dit is belas met die taak om kaarte van die Britse ryk vir militêre doeleindes te voorsien van data wat aan die Field Intelligence Department (South Africa) voorsien is, aangesien dit nie die taak van dié departement was om veldwerk daarvoor te doen nie. Kaarte van Suid-Afrika was in hierdie stadium hoog op die prioriteitslys.¹¹

Die onsuksesvolle Jameson-strooptog in pres. Paul Kruger se Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) oor die Nuwejaar van 1896 het nie ’n rol gespeel in die totstandkoming van die nuwe bedeling nie, aangesien die War Office reeds op 21 November 1895 ’n memorandum opgestel het wat die verpligtinge van die onderskeie afdelings uiteengesit het. Wat wel waar is, is dat Ardagh in 1903 ná die oorlog voor die Royal Commission on the War in South Africa onder voorsitterskap van lord Elgin getuig het dat die Jameson-strooptog “increased the open antagonism between the Transvaal Government and the British Government”.¹²

Gevolglik is daar in die laaste drie jaar voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 elke moontlike praktiese metode aangewend om akkurate inligting oor die militêre vermoëns en die topografie van die ZAR en die Oranje-Vrystaat (Vrystaat) te bekom. Dit het aanvanklik nie die werk van geheime agente behels nie, maar bloot legitieme, openlike bronne met inligting uit amptelike publikasies van die twee republieke, verslae van Britse offisiere, syfers van doeanekantore, en Britse burgerlike amptenare, veral sir William Conyngham Greene, die Britse agent te Pretoria. Spesiale verslae vanuit Suid-Afrika is bykans wekklis aan die minister van kolonies, Joseph Chamberlain, en die minister van oorlog, lord Lansdowne, versend.¹³

Hierdie inligting oor Suid-Afrika is, soos aangedui, deur Afdeling B se twee offisiere en een klerk gedoen. Die *Times history of the war in South Africa* merk tereg op dat die Intelligensiediens “was starved in men and money”.¹⁴ Uit ’n baie klein begroting van £11 000 per jaar vir die hele Intelligensiediens is slegs sowat £2 000 per jaar toegeken vir werk in Suid-Afrika. Daarteenoor het die ZAR se intelligensiediens £286 000 spandeer in die drie jare

⁹ TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, p. 1.

¹⁰ Cd 1792, Appendices to the Minutes of Evidence taken before the Royal Commission on the War in South Africa, p. 275; Fergusson, *British Military Intelligence*, pp. 108 en 109.

¹¹ TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, pp. 1-3; TNA, WO 30/40/16, Arthur Griffiths, “The English Intelligence Department”, *The Forum*, November 1900, p. 347; Fergusson, *British Military Intelligence*, pp. 109-110.

¹² Cd 1790, Minutes of Evidence taken before the Royal Commission on the War in South Africa (hierna Minutes of Evidence), I, getuienis van genl.maj. J. Ardagh, Vraag 5097, p. 215.

¹³ TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, pp. 2-3; Cd 1790, Minutes of Evidence, I, getuienis van lt.kol. E.M. Altham, Vraag 586, p. 24; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 111.

¹⁴ L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa*, II, p. 39.

1896–1899 (’n staat met ’n inkomste 23 keer kleiner as dié van Brittanje) en die Duitse generale staf £270 000.¹⁵

Ten spyte van hierdie beperkte begroting het die Military Intelligence Division buitengewoon nuttige werk gedoen. Tussen 1896 en 1899 het dit twaalf verslae voorberei met die oog op ’n moontlike oorlog met die republieke, insluitende rapporte oor die brûe oor die Oranje- en Vaalrivier, die roetes vir ’n opmars deur die Vrystaat, die Natal Government Railways, kommunikasies in Natal noord van Ladysmith, die paaie en spoorlyne van die ZAR, die kommunikasieroetes in die Kaapkolonie, en inligting oor Swaziland en Basoetoland.¹⁶ Meer nog, lt.kol. sir William Robertson het later van sy werk as stafkaptein van Afdeling B in Londen onthou: “Every Saturday the Cape mail brought us a budget of correspondence, official and private, which had to be sifted, studied, and distributed.”¹⁷

Die hoogtepunt van die Military Intelligence Division se werk in Suid-Afrika voor die oorlog was die voorbereiding van ’n gids, *Military notes on the Dutch republics of South Africa*, vir toekomstige gebruik van Britse offisiere wat in geval van oorlog na Suid-Afrika moes gaan. Die eerste uitgawe, gemerk “Secret”, is in April 1898 gedruk. Dit is hersien en opgedateer in Junie 1899, kort ná die mislukking van die Bloemfonteinse Konferensie tussen Kruger en die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika, sir Alfred Milner, en in die herfsessie van 1900 aan die parlement oorhandig.¹⁸

Die inhoud van 119 bladsye het gegaan oor die topografie van die republieke en ’n bespreking van al die distrikte en vernaamste dorpe. Dit het ook in detail die republieke se militêre magte, wapentuig en fortifikasies bespreek, die houding van swart gemeenskappe binne die republieke, die organisasie en taktiek van die Boere, die spoor- en telegraaflyne van Suid-Afrika, en ten slotte die republieke se klimaat en seisoene.¹⁹

Aangesien die Military Intelligence Division daarvan oortuig was dat die Vrystaat in geval van oorlog die wapen sou opneem ter ondersteuning van die ZAR, het die *Military notes* as een van sy bylaes die teks opgeneem van die militêre verdrag wat die twee republieke in Julie 1897 onderteken het wat voorsiening gemaak het vir wedersydse hulp in geval van oorlog teen die ander.²⁰

Met die oortuiging dat oorlog ná die Bloemfonteinse Konferensie onvermydelik was, het Ardagh teen die einde van Junie 1899 tien offisiere in burgerlike drag op ’n spesiale geheime sending na Suid-Afrika gestuur om bykomende inligting in te win en om te begin met die opbou van die Field Intelligence Department vir die Britse leër in Suid-Afrika.²¹

In sy getuienis voor die Royal Commission het L.S. Amery, die redakteur van *The Times history of the war in South Africa*, erken dat hierdie paar offisiere baie goeie werk gedoen het, “but they were fewer than the men I employed myself as ‘Times’ correspondents and I should

¹⁵ Cd 1790, Minutes of Evidence, I, getuienis van Ardagh, Vrae 5129-5132, p. 216; *Military notes on the Dutch Republics of South Africa*, p. 14n; Amery, *Times history*, II, p. 84; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 112.

¹⁶ TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, pp. 2, 5, en 6; *Military notes*, Preface, p. 3.

¹⁷ William Robertson, *From private to field-marshal* (London, Constable, 1921), pp. 96-97.

¹⁸ Cd 1790, Minutes of Evidence, I, getuienis van Ardagh, 5108, p. 215; TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, p. 5.

¹⁹ *Military notes, in toto*; TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, p. 5.

²⁰ *Military notes*, pp. 90-91; TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, p. 5.

²¹ TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, p. 13; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 111.

have been ashamed to send ‘Times’ correspondents anywhere ... with the sum of money they were given”.²²

Wat sake vererger het, was dat die Field Intelligence Department (South Africa) om verstaanbare redes nie geskep kon word voordat oorlog amptelik uitbreek het nie. Bowendien was daar geen formele program om intelligensie-offisiere op te lei nie.²³

Twee van die offisiere wat na Suid-Afrika gestuur is, maj. David Henderson en lt.kol. Archibald Murray, is gekies vanweë hul vroeëre kennismaking met Suid-Afrika. Hulle is nou onderskeidelik na die Kaapkolonie en Natal gestuur om die basis te lê vir die stigting van veld-intelligensiedepartemente in die twee kolonies wanneer oorlog sou uitbreek, deur persone te identifiseer wat kon optree as agente, boodskappers en tolke. ’n Derde lid was maj. Edward Altham, hoof van Afdeling B in die Military Intelligence Division in Londen, wat lt.genl. sir George White na Suid-Afrika vergesel het en vroeg in Oktober 1899 by Murray in Natal aangesluit het.²⁴

In Natal het Murray reeds vroeg in Oktober 1899 sowat 45 wit Britse onderdane van Natal, die Vrystaat en die ZAR en 50 swart mans as die Natal Corps of Guides georganiseer, manne met kennis van hul onderskeie distrikte, die veld, Afrikaans en ’n swart taal, en wat goed kon perdry en skiet.²⁵ Dit is opvallend dat die korps 50 swart mans opgeneem het. Dit is onseker of hulle gewapen was, maar dit het duidelik die onuitgesproke verstandhouding tussen die regerings van Brittanje en die ZAR dat dit ’n oorlog tussen wit mense moes wees, verbreek nog voor die oorlog uitbreek het.

Die oorlog breek uit

Op 11 Oktober 1899 het die Anglo-Boereoorlog uitbreek.

Volgens die verslag van die Military Intelligence Division het die Natal Corps of Guides “valuable service” aan die intelligensie-departement van White in die eerste geveg gelewer.²⁶

Op 15 Oktober, vyf dae voor die Slag van Talana, het White vir Murray van Ladysmith na Dundee gestuur om as intelligensie-offisier by genl.maj. sir William Penn Symons se staf aan te sluit. Murray was spoedig in staat om Penn Symons van bykans al die bewegings van die oprukkende Boeremagte in te lig. Op 19 Oktober het hy Penn Symons meegedeel dat hy daardie nag ’n Boere-aanval kon verwag – genl. Daniël Erasmus vanuit die noorde, genl. Lukas Meyer vanuit die ooste en kmdt. Ben Viljoen vanuit die weste.²⁷ Ofskoon die inligting oor Viljoen se opmars foutief was, sou dit later blyk dat die res merkwaardig akkuraat was.

Penn Symons se minagting vir die Boere se gevegsvaardighede en sy oormaat selfvertroue en koppigheid het veroorsaak dat hy die moontlikheid dat die Boere ’n brigade van die Britse

²² Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Amery, 20443, p. 465, soos aangehaal deur Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 112.

²³ Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 148.

²⁴ TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, p. 13; Cd 1790, getuienis van Altham, 460, p. 19 and 544, p. 22; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 148.

²⁵ TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, p. 13; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 149.

²⁶ TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, p. 13; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 149.

²⁷ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van kol. A. Murray, 17778-17783, p. 327; Frederick Maurice (red.), *History of the war in South Africa 1899-1902*, I (London, Hurst & Blackett, 1906), p. 127; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 149.

leër sou aanval, onderskat het. Hy het trouens nie die moeite gedoen om wagposte op die heuwels oos en noordwes van Dundee uit te plaas nie. Die Boere onder Meyer en Erasmus het gevolglik hierdie heuwels die nag van 19 Oktober beset, en alleen met groot verliese kon die Britte die Boere onder Meyer die volgende dag van Talana-heuwel verdryf. Penn Symons is dodelik gewond en Britse ongevalle was bykans 450 offisiere en manskappe.²⁸

'n Paar dae later het die Britse kolonne na Ladysmith teruggetrek. Murray en sy korps is egter op 2 November saam met White en die assistent-adjutant-generaal vir Intelligensie, Altham, en David Henderson in die Boere se beleg van Ladysmith vasgekeer. Die beleg sou eers op 28 Februarie 1900 opgehef word.

Murray se aanspraak voor die Royal Commission dat sy intelligensie-eenheid in Ladysmith vir lt.genl. sir Redvers Buller – wat getaak was om Ladysmith te ontset – met inligting van die Boere-bewegings voorsien het, en teen die einde nogal daaglik,²⁹ moet met versigtigheid bejeën word. Sulke inligting het Buller nie in staat gestel om enige swakplekke in die Boerelinies te benut of Ladysmith vroeër te bereik as wat hy wel het nie.

In die Kaapkolonie het kol. M.F. Rimington, wat kort voor die oorlog in Bloemfontein gestasioneer was as een van die tien spesiale offisiere, op 3 Oktober 1899 van Henderson toestemming verkry om 'n korps met die naam Rimington's Guides op te rig. Toe die oorlog agt dae later uitbreek, het hy oor 'n korps van 200 man beskik, bestaande uit heelwat Afrikaanssprekende Vrystaters en Kolonialers wat die wêreld goed geken het en in sommige gevalle ook 'n swart taal magtig was en wat goed kon perdry en skiet. Hy was by Naauwpoort (Noupoort) in die Noordoos-Kaap gestasioneer, met manne by Colesbergbrug en Norvalspontbrug aan die Vrystaatse grens.³⁰

Wat Rimington se werkswyse betref, merk Fergusson op dat daar tydens die Anglo-Boereoorlog steeds 'n aanvraag na tradisionele gidswerk was, waar groot dele van die gebiede nog ongekaart of gebrekkig gekaart was.³¹ Die gidse was plaaslike mense, dikwels swart mans. Hulle was deel van die Field Intelligence Department (South Africa) vir so lank as wat die Britse leër in die gebied betrokke was waar die gidse met die omgewing bekend was. Daarteenoor was verkenner ("scouts") manne wat geleer is om inligting oor die vyand se situasie en aktiwiteite te bekom deur te voet of te perd vyandelike gebied binne te gaan en weer aan hoofkwartier te rapporteer.³² Rimington het voor die Royal Commission getuig dat dit sy metode was om sy verkenningspatrollies twee of drie uur voor dagbreek uit te stuur om so na as moontlik aan die vyand te kom. "That is the whole system of scouting – to get into a place at night." Die verkenner het sake dan waargeneem totdat die vyand se brandwagte onttrek is. 'n Groep sou dan agterbly en selfs met die vyand skote verwissel, voor hulle teen skemer terugkeer. "That was the great point, not to come back until after dusk."³³

Hierdie getuienis van Rimington strook egter nie met dié van Amery voor die Royal Commission nie. Amery was nogal krities teenoor die algemene optrede van Britse intelligensie:

Individual Generals [did not] ... run enough risks to get intelligence. To get proper intelligence you ought to be losing a certain number of scouts every week; but, as I often

²⁸ Amery, *Times history*, II, p. 174; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 150; Fransjohan Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War* (Lanham, The Scarecrow Press, 2010), p. 252.

²⁹ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Murray, 17790-17791, p. 327.

³⁰ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van kol. Rimington, 12612, p. 26 en 12633, p. 27; Fergusson, *British Military Intelligence*, pp. 148 en 163.

³¹ Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 149.

³² Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 163n.

³³ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Rimington, 12725-12726, p. 30.

saw myself, the scouts used to go out in the morning, after daylight, and ride till they saw the Boers in the distance or heard from Kaffirs that there were Boers there, and then they came back. That sort of intelligence is not worth much... It was considered dangerous to send a man out to scout the enemy's position if there was a chance of his getting killed, although that was not at all dangerous to the Army, being only one casualty; on the other hand, it was not considered very dangerous, as it ought to have been, to lead a whole division against an unreconnoitred position.³⁴

Die Rimington Guides kry in die verslag van die Military Intelligence Division bloot 'n "rendered satisfactory service" vir sy gids- en vegtersrol in die oorlog.³⁵

'n Suksesverhaal vir die Britse intelligensie rondom die Anglo-Boereoorlog is dié van kol. R.S.S. Baden-Powell te Mafeking, die administratiewe setel van die Betsjoeanalandse Protektoraat. Met 'n dreigende oorlog op hande is Baden-Powell in Julie 1899 na Mafeking gestuur, waar hy in bevel geplaas is van twintig "Special Service Officers" om die verdediging van die grens met die ZAR te organiseer. In geval van oorlog sou dit sy vernaamste taak wees "to draw as large a force of Boers as possible from opposing the British at their southern borders".³⁶

Voor die uitbreek van die oorlog het Baden-Powell van verskeie intelligensie-offisiere en agente aan die wesgrens van die ZAR gebruik gemaak om inligting in te win oor die Boere se getalle en moontlike mobilisasie. Hy het voor die Royal Commission getuig: "We had spies and intelligence agents out across the border, and were thus kept well informed of the Boers' doings."³⁷

Hy het voorts aangedui dat van sy agente Boerekrygsrade bygewoon het: "We heard all that went on at their meetings."³⁸ Dit is nie verbasend nie, aangesien buitelandse vrywilligers by die Boere verstom gestaan het dat krygsrade in die ope ten aanskoue van omstanders plaasgevind het.³⁹ Oor die artillerie van die Boere wat Mafeking beleër het, het Baden-Powell goeie inligting bekom, maar nie oor die doeltreffendheid van hul pom-pom-kanonne nie.⁴⁰

Op die vraag ten slotte of Baden-Powell dus "pretty full information" oor die Boere se situasie voor die uitbreek van die oorlog gehad het, het hy geantwoord: "Yes, we were quite well informed in that way."⁴¹

Baden-Powell het tog gefouteer met sy inligting oor die aantal Boere wat Mafeking beleër het – hy was trouens in sy skik dat hy soveel Boere rondom die dorp kon vaspen, terwyl hul aanwesigheid elders nodiger was. Voor die Royal Commission het hy verklaar dat genl. Piet Cronjé Mafeking in Oktober-November 1899 met 8 000 burgers beleër het, maar ná 'n maand byna 5 000 man na die beleg van Kimberley verskuif het.⁴² In werklikheid het Cronjé die beleg met 5 600 man begin, maar genl. Koos de la Rey het binne vyf dae met 2 500 na die Modderrivier vertrek, terwyl kleiner kommando's na Lobatse en Derdepoort gestuur is. Dit het Cronjé met

³⁴ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Amery, 20448, p. 466.

³⁵ TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, p. 13.

³⁶ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van kol. R.S.S. Baden-Powell, 19820, p. 423.

³⁷ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Baden-Powell, précis, p. 424.

³⁸ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Baden-Powell, 19999, p. 433.

³⁹ Fransjohan Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1991), pp. 274-275.

⁴⁰ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Baden-Powell, 20015-20016, p. 434.

⁴¹ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Baden-Powell, 20019, p. 434.

⁴² Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Baden-Powell, précis, p. 424.

sowat 3 000 man gelaat, maar toe hy op 18 November ook na die Modderrivier gestuur is, het genl. Kootjie Snyman slegs 1 400 man rondom Mafeking tot sy beskikking gehad.⁴³ Die beleërdes het meer as sewe maande uitgehou, en toe Mafeking uiteindelik op 17 Mei 1900 ontset is, is Baden-Powell te midde van vreugdevolle feesvierings as ’n nasionale held toegejuig.

“Black Week”

Die rol wat die Field Intelligence Department (South Africa) in die Britse nederlae van “Black Week” (10 tot 15 Desember 1899) gespeel het – of nie gespeel het nie – moet vervolgens aandag kry. Hiermee word bedoel die nederlae van genl.maj. sir William Gatacre by Stormberg naby Molteno aan die suidelike front op 10 Desember, lord Methuen by Magersfontein suid van Kimberley aan die wesfront op 11 Desember, en Buller by Colenso aan die Tugelafront op 15 Desember.

By Stormberg het Gatacre nagelaat om verkenning te laat doen oor die roete wat sy kolonne in hul nagmars in die rigting van genl. Jan Olivier se Vrystaatse mag moes onderneem. Hy het sy twee intelligensie-offisiere, waarvan een die terrein rondom Stormberg goed geken het, in Molteno agtergelaat, en die gidse wat sy mag moes lei, het klaarblyklik nie sy planne mooi verstaan nie en het verdwaal. Sy uitgeputte mag, wat 24 uur tevore hul opmars begin het, het gevolglik net voor dagbreek langs Kissieberg opgeruk en ’n ideale teiken vir die Boere onder Olivier bo-op die berg geword. Tot oormaat van ramp het meer as 600 man en hul offisiere in die loop van die geveg nie die bevel om te retireer ontvang nie en is hulle krygsgevangene geneem.⁴⁴

Nog meer as Stormberg was Magersfontein ’n noodlottige kombinasie van swak aanvoerdenskap en onbevoegde intelligensie. Methuen was koppig genoeg om met sy frontaanvalsmetode van sy vorige oorwinnings by Belmont, Graspan en Modderrivier vol te hou. Maar hy is veral deur De la Rey uitoorlê, wat die Boere se loopgrawe vóór die heuwels laat grawe het in plaas van bo-op Magersfonteinheuwel, soos Methuen verwag het.

Die vraag is of Methuen van die loopgrawe vóór die heuwels geweet het. Maj. C.E. Benson van Methuen se intelligensie-staf het persoonlik verkenning van die Magersfontein-omgewing gedoen, maar nóg hy nóg die daaglikse patrollies, het die loopgrawe – wat snags gegrawe is – ontdek.⁴⁵ Op 7 Desember het Methuen met sy generaals in die rigting van Magersfontein verken. Kol. J.S. Ewart, wat hulle vergesel het, meld in sy herinneringe: “The fact is we did not know if the Boers held the hill [Magersfontein] at all, and if they did, whether they were entrenched on its slopes, or on the flat ground around its base.” Garth Bennetworth vertel met behulp van Ewart se herinneringe: “... [S]ome of the party declared that they could see shelter trenches and gun pits at Magersfontein, yet others said they could see nothing.” Ewart verskaf die ou probleem van swak verkenning: “We were really not near enough and it was a thousand pities, in the light of the subsequent disaster, that no proper reconnaissance in force was pushed home to clear up the situation and obtain some definite information.”⁴⁶

⁴³ Pretorius, *The A to Z*, p. 252.

⁴⁴ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van L.S. Amery, 20447, p. 466; Maurice, *History of the war*, I, p. 293; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 151; Pretorius, *A to Z*, pp. 434-436. Maurice, *History of the war*, I, p. 309.

⁴⁶ Garth Bennetworth, *The Battle of Magersfontein* (Warwick, Helio & Company, 2023), pp. 141 en 149.

Benneyworth aanvaar Methuen het van die loopgrawe geweet.⁴⁷ Methuen noem trouens die Boere se “trenches” in ’n brief aan sy vrou die middag van 10 Desember.⁴⁸ Dis my vermoede dat hy geweet het van die loopgrawe, maar dat hy soos Ewart nie geweet het of hulle óp die heuwels of vóór die heuwels was nie – daarom sy hewige bombardement van die heuwels die middag van 10 Desember sodat hy die Boere kan “sag maak” en hulle hul stellings verrai.

Teen 04:00 die oggend van 11 Desember het die Highland Brigade van genl.maj. Andy Wauchope hulle vasgeloop in die horisontale geweervuur vanuit die Boere-loopgrawe vóór die Magersfonteinheuwel. Hoewel die geveg die res van die dag voortgewoed het, het Methuen nie herstel van die aanvanklike skok nie en ’n groot nederlaag gely.⁴⁹

Buller se nederlaag by Colenso op 15 Desember was die toppunt van die Britse verleentheid gedurende “Black Week”, en weer eens het Britse intelligensie ’n groot gebrek aan voortreflikheid getoon. Sy hele Intelligensiepersoneel en hul verkenners en gidse (die Natal Field Corps of Guides) is in Ladysmith deur die Boere se beleg vasgekeer en Buller moes gevolglik op ’n nuwe Intelligensiepersoneel onder leiding van T.K. Murray, ’n plaaslike boer, staatmaak. Al wat Buller deur boodskappers, die heliograaf en posduiwe kon wys word, was dat genl. Louis Botha se hoofmag êrens voor Colenso aan die Tugelarivier saamgetrek was.⁵⁰

Buller se gebrek aan behoorlike kaarte wat die topografiese besonderhede van die omgewing aandui en die feit dat hy geen poging aangewend het om hierdie inligting deur intensiewe verkenning en patrolliewerk te bekom nie,⁵¹ het ’n gordyn voor hom getrek.

Soos De la Rey by Magersfontein was Botha by Colenso die Britte se doodsteek. As taktikus van formaat het hy die Boere se stellings nie bo-op die heuwels laat aanbring nie, maar oor ’n afstand van 11 km so ná as moontlik vóór die heuwels aan die Tugelarivier en sy kronkels, en gesorg dat hulle goed versteek is. Met ’n mag van 4 500 man en vier kanonne en een pom-pom-kanon het Botha sy Britse teenstander met sy 19 400 man en 22 kanonne en 18 masjiengewere die hoof gebied.⁵²

Op 13 en 14 Desember het Buller die heuwels hewig gebombardeer in die hoop dat die Boere sou reageer en hul posisies verrai. Maar, soos C.J. Barnard aandui, “oor die groen-grys heuwels het ’n onpeilbare swye geheers en niks kon daar bespeur word nie”.⁵³

Soos kol. C.J. Long hom misgis het deur sy kanonne vlak voor die Boere net oorkant die Tugela op te gestel het en tien 15-ponders te verloor, het genl.maj. Fitzroy Hart as gevolg van ’n foutiewe kaart hom met sy 5de (Ierse) Brigade in ’n bog van die rivier teen die vyand vasgeloop.

Hart se opdrag was om Doringkopspruit van oos na wes oor te steek en die Tugela dan by Voetpaddrif verder wes te kruis. Sy kaart het Doringkopspruit wes van die bog in die Tugela aangedui. Toe hy Doringkopspruit dus oos van die bog aantref en die Zoeloe-gids beduie dat die enigste drif aan die bopunt van die bog was, het Hart aangeneem die kaart is ook ten opsigte van die posisie van die drif foutief. Hy het Doringkopspruit dus oorgesteek en met sy hele brigade die bog binnegegaan – reguit na die wagtende geweervuur van die Boere oorkant die

⁴⁷ E-pos, Garth Benneyworth – Fransjohan Pretorius, 13.1.2023.

⁴⁸ Benneyworth, *Magersfontein*, p. 151.

⁴⁹ Benneyworth, *Magersfontein*, p. 158 e.v.

⁵⁰ Maurice, *History of the war*, II, p. 337.

⁵¹ C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front 1899-1900* (Kaapstad, A.A. Balkema, 1970), p. 51.

⁵² Barnard, *Louis Botha*, p. 51.

⁵³ Barnard, *Louis Botha*, p. 52.

Tugela.⁵⁴ In die katastrofe wat gevolg het, het Hart die heel dag tydens die geveg geen enkele Boer gesien nie.⁵⁵

Die hewige storm van kritiek oor “Black Week” wat in Brittanje losgebars het, het aan die een kant nuwe momentum aan die Britse oorlogspoging gegee, maar aan die ander kant is geweldige veroordeling oor die rol van die Britse Military Intelligence Division en sy Field Intelligence Department (South Africa) uitgespreek.

Ardagh het as direkteur van die Military Intelligence Division onder hewige kritiek van die publiek en sommige politici deurgeloop. Daar is gevra of die diens nie aan “criminal ignorance” skuldig was nie. Fergusson haal genl.-maj. F.S. Russell aan: “There is no branch of our military organisation which, during the present war, has come in for so much criticism and blame as the Intelligence Department.”⁵⁶

Vanweë die vertroulikheid van die werk van die Military Intelligence Division, veral met betrekking tot die militêre voorbereidings van die Boere voor die uitbreek van die oorlog, kon Ardagh egter nie in die openbaar reageer op die kritiek nie. Dié kon hy eers ná die oorlog doen toe hy voor die Royal Commission moes getuig.⁵⁷

Wat was die kritiek?

1. Dat die Militêre Intelligensiediens nie daarin geslaag het om die getal van die Boere-strydmagte korrek te bepaal nie;
2. Dat hulle oningelig was oor die Boere se bewapening, en veral hul artillerie;
3. Dat hulle in gebreke gebly het om die Boere se offensiewe planne in Natal te deurgrond;
4. Dat die regering nie oor hierdie kwessies ingelig is nie;
5. En dat die Britse troepe nie van kaarte voorsien is nie en oor geen topografiese inligting beskik het nie.⁵⁸

Hierdie kritiek op die Military Intelligence Division was onbillik. Gegewe hul gebrek aan fondse en gesag binne die War Office het hulle hul taak uitstekend verrig. Hulle was akkuraat in hul bevindings oor die getal krygspligtige burgers van die republieke, die getal en tipe wapentuig waarvoor hulle beskik het (kanonne, masjiengewere en gewere) en die oogmerke van die Boereleërleiding.⁵⁹

William Robertson het voor die Royal Commission getuig dat hulle uit die dokumente wat hulle met die inname van Bloemfontein op 13 Maart 1900 en Pretoria op 5 Junie 1900 in die kantore van onderskeidelik pres. M.T. Steyn van die Vrystaat en kmdt.genl. Piet Joubert van die ZAR gevind het, vasgestel het dat hul eie bevindinge in die *Military notes* merkwaardig daarmee ooreengestem het.⁶⁰ Belangrik is dat sy getuienis gestrook het met dié van sowel

⁵⁴ Barnard, *Louis Botha*, p. 60.

⁵⁵ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Amery, 20450, p. 466; Barnard, *Louis Botha*, p. 62.

⁵⁶ Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 103.

⁵⁷ Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 104.

⁵⁸ Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 112.

⁵⁹ TNA, WO 108/415, Statement of the Intelligence Division, pp. 5-11; TNA, WO 30/40/16, Arthur Griffiths, “The English Intelligence Department”, *The Forum*, November 1900, p. 351. Vgl. die gegewens soos vervat in J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika*, I (Pretoria, Staatsdrukker, 1969), pp. 31-36 en 77-89.

⁶⁰ Cd 1790, Minutes of evidence, I, getuienis van lt.kol. W.R. Robertson, 700 en 701, p. 28.

Ardagh as Altham (nou luitenant-kolonel) wat aangedui het dat hulle die getalle selfs 'n bietjie oorskakel het.⁶¹

Die kritiek oor die gehalte of afwesigheid van kaarte kan nie op die Military Intelligence Division se brood gesmeer word nie. 'n Ondersoek na die gehalte en beskikbaarheid van kaarte vir die Britse oorlogspoging in Suid-Afrika wys op die probleme wat die Britse leerleiding ervaar het.

Hoe het die Military Intelligence Division se Afdeling F, die kaarte-afdeling in Londen, gevaar met die oog op 'n waarskynlike oorlog in Suid-Afrika? Aan hierdie ontsaglike wye tema kan hier slegs ligtelik geraak word.

Voldoende kartering van die waarskynlike operasionele gebiede was 'n groot probleem. Maj. S.C.N. Grant van die Royal Engineers het in 1896 na aanleiding van die mislukte Jameson-inval 'n militêre sketskaart van 1 duim op 1 myl getrek van die driehoek wat Natal met die ZAR en die Vrystaat maak. Ongelukkig vir die Britte het die kaart nie die Tugela-gebied wat die Boere suid van Ladysmith sou inneem, gedek nie. En hoewel Buller met sy aankoms in Natal einde November 1899 'n intelligensie-afdeling opgerig het (nadat, soos reeds gemeld, die oorspronklike Field Intelligence saam met White in Ladysmith beleër was) met onder meer die opdrag om kaarte te vervaardig, moes hulle van bestaande nuttelose kaarte werk, omdat die Boere die terreine beset het wat opgemeet moes word. Belangrik was dat daar geen topografiese kaarte vir militêre doeleindes was nie, en daar was bitter min inligting vir die landmeters en kartograwe om vanaf te werk. Buller was verplig om van Russell se skoolatlas van een duim op 5 myl van 1893 gebruik te maak.⁶² Dit sou gedeeltelik bydra tot sy mislukkinge aan die Tugelarivier in sy pogings om Ladysmith te ontset.

Lt.genl. W.G. Nicholson se getuienis voor die Royal Commission het hierby aangesluit: "... [I]t was quite impossible for us to prepare maps before the war unless we had spent something like ... a quarter of a million [pounds sterling] in doing so. And even if we had had the money we could not possibly have got into the country in the state of tension that then existed." 'n Redelik goeie kaart sou volgens hom vyf of ses jaar neem om te voltooi.⁶³

Fergusson is korrek in sy oordeel dat die nederlae van "Black Week" in 'n groot mate toegeskryf kan word aan die afwesigheid van doeltreffende intelligensie oor die terrein en die Boere, maar meer spesifiek aan die Britse bevelvoerders self, vir hul gebrek aan waardering vir behoorlike intelligensie deur verkenners en hul ongegronde optimisme oor die vermoëns van hul eie troepe.⁶⁴

Verdoemend het Amery in sy getuienis voor die Royal Commission gewys op die gebrek aan verkenning deur die Britse bevelvoerders. Hy noem Stormberg as voorbeeld en trek dan los teen Buller se optrede (of gebrek daaraan) by Colenso:

I do not think General officers used to let their officers run nearly enough risks to get information. I consider it would have been perfectly easy to have sent a dozen junior

⁶¹ Cd 1790, Minutes of evidence, I, getuienis van genl.maj. J.C. Ardagh, 5104-5106, p. 215 en van lt.kol. E.A. Altham, 498-501, pp. 20-21; TNA, WO 108/402, E. A. Altham, Translation of consular correspondence and other official documents of the late Orange Free State found buried in the Orange River Colony.

⁶² Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War* (Lanham, The Scarecrow Press, 2010), p. 263.

⁶³ Cd 1790, Minutes of evidence, I, getuienis van lt.genl. sir W.G. Nicholson, 132-135.

⁶⁴ Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 151.

officers across the Tugela every night, to crawl about the Boer lines; three or four of them would have got captured, but the rest would have brought back valuable information.⁶⁵

Roberts: taktiese intelligensie verbeter

Met die aankoms van lord Frederick Roberts in Kaapstad op 10 Januarie 1900 om Buller as opperbevelhebber van die Britse troepe in Suid-Afrika te vervang, het taktiese intelligensie dramaties verbeter. Die kundigheid van sy nuwe direkteur van die Field Intelligence Department (South Africa), kol. George Henderson (nie verwant aan David Henderson nie) en sy eie besef van die noodsaaklikheid vir doeltreffende intelligensie en ervare personeel het daarvoor gesorg. Soos Fergusson tereg met voorbeelde oordeel: “Unlike his predecessor Sir Redvers Buller, who on occasion ignored reports of the enemy strength prepared by his field intelligence department and then made his own, Lord Roberts relied heavily on the estimates of his intelligence department from the very first.”⁶⁶

’n Buitengewoon bekwame personeellid was die reeds genoemde William Robertson (in hierdie stadium kaptein maar ’n offisier wat gedurende die Anglo-Boereoorlog deur die range tot luitenant-kolonel sou vorder). In Londen was hy by Afdeling B van die Military Intelligence Department betrokke wat vir die opstel van die *Military notes* van Junie 1899 verantwoordelik was.⁶⁷ As sodanig het hy oor die korrekte agtergrond beskik.

In Februarie 1900 was Robertson besonder aktief aan die Boere se wesfront, waar hy inligting oor die toestand van genl. Piet Cronjé en sy mag bekom het deur van Afrikaners gebruik te maak wat Cronjé se laer gereeld en moeiteloos binnegegaan het. Sodoende kon hy ook die rigting waarheen Cronjé ná die ontset van Kimberley op 15 Februarie vanaf Magersfontein getrek het, te wete kom.⁶⁸

“Black Week” het dit duidelik laat blyk dat berede infanterie en vernuftige verkenners nodig was. Een so ’n verkennerskorps wat daarop opgerig is, was die Lovat’s Scouts van maj. lord Lovat van Skotland. Dit het uit 269 ruiters van hoofsaaklik die Skotse Hoogland bestaan. As spoorsnyers tuis het hulle in Suid-Afrika met hul teleskope waardevolle verkenningwerk op die voorposte gedoen, veral met Roberts se opmars van Bloemfontein na Pretoria in Mei-Junie 1900.⁶⁹ Fergusson oordeel trouens dat Roberts se snelle opmars na Pretoria “could not have been accomplished without the improvements that had been made in the intelligence system”.⁷⁰

Teen April 1900 is George Henderson vanweë siekte verhinder om voort te gaan as direkteur van die Field Intelligence Department (South Africa). Lt.kol. C.V. Hume het sy goeie werk voortgesit.⁷¹

Op 13 Julie 1900 het Hume die werk van die Field Intelligence Department (South Africa) sedert Roberts einde Januarie 1900 by Buller oorgeneem het, in oënskou geneem. As assistent-adjutant-generaal (A.A.G.) het hy vyf onder-assistent-adjutant-generaals (D.A.A.G.’s) onder

⁶⁵ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Amery, 20451, p. 466.

⁶⁶ Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 156.

⁶⁷ Robertson, *From private to field-marshal*, p. 103.

⁶⁸ Robertson, *From private to field-marshal*, p. 109.

⁶⁹ Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Lovat, 20631, p. 474; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 156.

⁷⁰ Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 157. Kyk ook Cd 1791, Minutes of evidence, II, getuienis van Lovat, 20630-20644, pp. 474-475.

⁷¹ Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 157.

hom gehad wat naas hul klerklike werk alle inligting oor die vyand moes ontvang en opteken; 'n daaglikse opsomming van hierdie inligting aan Roberts en sy stafhoof (lord Herbert Kitchener) moes deurgee; die inligting aan die eenhede in die veld deurgee wat op hulle betrekking het; en 'n weeklikse opsomming van gebeure aan die War Office deurstuur.⁷²

Voorts was die D.A.A.G.'s verantwoordelik vir die voorsiening en verspreidig van kaarte, en moes hulle gidse, tolke, verkenners en rapportryers bekom om inligting oor die vyand in te win. Hulle moes ook krygsgevangenes ondervra en enige dokumente wat in hul besit was, konfiskeer om vertaal te word.⁷³

Voortaan moes elke kavallerie-, berede infanterie- en infanterie-divisie oor 'n D.A.A.G. vir intelligensie beskik. Elkeen van hierdie offisiere moes hul eie staf hê met verkenners en tolke.⁷⁴

Hume se verslag het aangedui dat die Field Intelligence Department (South Africa) reeds waardevol gebruik gemaak het van plaaslike inwoners as verkenners, aangesien hulle inligting kon verkry wat die Britse leër andersins nie sou bekom nie. Ook swart mans is as verkenners ingespan: "They are able to travel longer distances than the white man, and act more as spies than scouts," het hy verklaar.⁷⁵

Tussen einde Maart en September 1900 het die Boere 'n nuwe tipe oorlogvoering, nl. 'n guerrillakryg, ingespan. Dit het nuwe eise aan die Britse oorlogspoging gestel. In die Vrystaat het genl. C.R. de Wet begin met hierdie taktiek van toeslaan op geïsoleerde Britse kolonnes gevolg deur die opbreek van die kommando's in kleiner eenhede om paraat te wees vir 'n volgende verrassingsaanval. In die ZAR is De la Rey na die Wes-Transvaal gestuur om die Boere-weerstand met hierdie taktiek op te bou, terwyl kmdt.genl. Louis Botha en genl. Ben Viljoen onderskeidelik suid en noord van die Delagoabaaispoorlyn dieselfde in Oos-Transvaal gedoen het.

Dit het lord Roberts genoop om teen-guerrilla-taktiek toe te pas en sy mag in kleiner mobiele eenhede op te breek.⁷⁶ Wat nou nodig was, was inligting oor die aard van die Boere-aanslae.

Die taak op hande vir Roberts (en sy opvolger, Kitchener, sedert einde November 1900) word duidelik gemaak in die herinnering van Robertson:

The system of guerilla warfare adopted by the Boers... made Intelligence duties much more difficult than before. The enemy's plan now was to act aggressively against different points on our line of communication, and to pick up elsewhere any helpless or unwary detachment which promised to be an easy prey, and as the bodies he employed were widely dispersed, moved swiftly, were subject to variable combinations, and were favoured by the nature of the country, it was impossible to place or number them for more than a few hours at a time.⁷⁷

⁷² TNA, WO 108/270, V.C. Hume, Report on Intelligence Department, 13 Julie 1900, p. 1.

⁷³ TNA, WO 108/270, Hume, Report on Intelligence Department, 13 Julie 1900, p. 2.

⁷⁴ TNA, WO 108/270, Hume, Report on Intelligence Department, 13 Julie 1900, p. 2.

⁷⁵ TNA, WO 108/270, Hume, Report on Intelligence Department, 13 Julie 1900, pp. 4-5.

⁷⁶ M.H. Grant, *History of the war in South Africa 1899-1902*, III (London, Hurst and Blackett, 1908), p. 422.

⁷⁷ Robertson, *From private to field-marshal*, p. 120.

Die Britse intelligensie was tot in hierdie stadium beperk tot bystand aan divisies en brigades. Desentralisasie van die Field Intelligence Department (South Africa) het noodsaaklik geword om inligting oor die verspreide Boerekommando's in te win.⁷⁸

David Henderson as direkteur

In Februarie 1901 het David Henderson Hume vervang as direkteur van die Field Intelligence Department (South Africa). Hy het hierdie pos vanuit sy hoofkwartier in Pretoria tot die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 bekleed en het 'n groot bydrae tot die doeltreffendheid van die intelligensiestelsel gelewer.

Henderson se eerste stap in die rigting van desentralisasie was om die operasionele terrein in vier distrikte te verdeel, naamlik Transvaal, Oranjerivierkolonie (Vrystaat),⁷⁹ die Kaapkolonie suid van die Oranjerivier, en Kimberley. Hierdie vier distrikte is weer onderverdeel in subdistrikte met 'n stafoffisier in bevel van elke subdistrik. Die stafoffisier was verantwoordelik vir die insameling van inligting in sy subdistrik. Hy moes die kolonnes in sy gebied van gidse, verkenner, tolke en kaarte voorsien wat hulle mag benodig, en alle inligting aan die kolonnes deurgee wat hy van sy eie agente en van ander kolonnes in sy gebied ontvang het. Waar moontlik het kolonnes enige beskikbare inligting aan die stafoffisier oorgedra wat dit weer na die hoofkwartier van sy omgewing aangestuurd het. Belangrike inligting is ook aan die hoofkwartier in Pretoria versend. Distrikoffisiere was verplig om elke Sondagand per telegram 'n weeklikse opsomming van die militêre situasie in hulle gebied aan Henderson deur te stuur, met inligting oor die getalle van die vyand en enige ander tersaaklike aspekte. Dit moes gevolg word deur 'n geskrewe verslag van intelligensie vir die voorafgaande week.⁸⁰

Henderson was self van oordeel:

This system was found to work satisfactorily and there was a constant interchange of information between columns and between the fixed points at which Intelligence Stations were placed. The theatre of operations, however, was so extensive that in many cases communication with columns was lost, and in such cases columns had to depend on their own Intelligence Officers, and the information gathered by them. ... As the war progressed, the columns became smaller and much more numerous and considerable difficulty was experienced in providing the right stamp of Officer to work the Intelligence for the mobile forces. The increase in the number of columns, however, made Intelligence work generally easier, owing to the large number of independent reports by which information could be more accurately judged.⁸¹

Hierdie weeklikse verslae bied 'n insig in die merkwaardige inligting wat die Field Intelligence Department (South Africa) in die laaste agtien maande van die oorlog ingewin het. As voorbeeld kan geneem word die "Summary of Intelligence for the Week Ending 22nd December 1901,

⁷⁸ TNA, WO 108/269, Lt.-Col. David Henderson, Report of Field Intelligence from 29th November 1900, until the cessation of hostilities, 13 Junie 1902, p. 1.

⁷⁹ Roberts het die Oranje-Vrystaat op 24 Mei 1900 as die Orange River Colony geannekseer. Hoewel die Boereregerings die anneksasie van die twee republieke verwerp het, word die naam Oranjerivierkolonie hier gebruik, omdat hierdie bydrae oor die Britse intelligensiediens gaan.

⁸⁰ TNA, WO 108/269, Henderson, Report, 13 Junie 1902, p. 1; Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 159.

⁸¹ TNA, WO 108/269, Henderson, Report, 13 Junie 1902, p. 1.

at Army Headquarters from the Reports of Intelligence Officers”, en daarvan spesifiek die inligting oor Ben Viljoen se kommando’s by Pelgrimsrus:⁸²

North of the Delagoa line the men camped at Pilgrims Hills ... are entirely Ben Viljoen’s followers drawn principally from Johannesburg and Krugersdorp. The following is the latest information regarding their numbers and organisation:

Assistant Commandant General Ben Viljoen

Capt. Blignaut (late Johannesburg Police)

H. Malan (Staats Artillery)

Staff: Kaplan (Russian, late Johannesburg detective)

Dr. Neethling

Two despatch riders

Commandant W. Viljoen (brother of Ben Viljoen)

I	Field Cornet Slabbert of Johannesburg	}	
	Asst. Field Cornet Schulz	}	180 men including 8 Germans
II	Field Cornet J. Pienaar of Johannesburg	}	
	Asst. Field Cornet Alberts - do -	}	170 men including 1 Austrian, 6 Germans, 18 Russians, 17 Americans
III	Field Cornet A. Pienaar of Johannesburg	}	about 260 men
	No Asst. F.C.	}	
IV	F.C. Nox Young ⁸³ of Johannesburg	}	120 men including about 40 Americans
	No Asst. F.C.	}	

Waarvandaan die inligting?

Waar het die Field Intelligence Department (South Africa) sy inligting vandaan gekry?

In die eerste plek is dit duidelik dat daar Boere – die aantal sal nooit vasgestel kan word nie – as Britse spioene in die kommando’s opgetree het. Daarvan getuig ’n telegram van Kitchener aan die Britse minister van oorlog in Londen op 11 Maart 1902, slegs vier dae nadat De la Rey Methuen by Tweebosch in Wes-Transvaal verslaan het, waartydens Methuen gewond is: “Lord Methuen was seen by an agent of the Intelligence Department being well cared for in his own wagon.”⁸⁴

’n Belangrike bron van inligting was die private dagboeke en ander dokumente wat tydens ’n suksesvolle aanslag op ’n Boerekommando van krygsgevangenes gekonfiskeer is. Hiervoor

⁸² TNA, WO 108/132, Summary of Intelligence for the Week Ending 22nd December 1901, Compiled at Army Headquarters from the Reports of Intelligence Officers.

⁸³ Na regte vk. Dox Young.

⁸⁴ TNA, WO/96, Confidential Telegrams, Telegram No. 1000, Lord Kitchener – Secretary of State for War, 11 Maart 1902.

het die Field Intelligence Department (South Africa) op intelligensie-verkenner staatgemaak. Hiervan vertel Robertson:

These scouts, working under the direction of Captain G.F. Milne, would track the commandos from place to place, and sometimes lie out watching them for several days and nights in succession, bringing or sending back most valuable intelligence. Most of them were recruited from South Africa, some being white and some coloured, while some of them came from other parts of the world. One of the latter was Mr. F.R. Burnham, the famous American scout. He was a great acquisition, and carried out many hazardous enterprises with skill and success.⁸⁵

Selfs wanneer verkenner waardevolle inligting bekom het, het kommunikasieprobleme soms die pogings laat misluk. Die Britse kolonne het dikwels ver van hul hoofkwartier geopereer, terwyl die verkenner nog verder moes funksioneer. Die gevolg was dat inligting die hoofkwartier in Pretoria dikwels te laat bereik het. Daarbenewens was interkommunikasie tussen Britse kolonne dikwels ook swak vanweë tegniese probleme met die telegrafiese of heliografiese kommunikasie of laksheid deur die bevelvoerende offisiere.⁸⁶ Dit was byvoorbeeld die geval tydens die eerste dryfjag op De Wet in Julie-Augustus 1900, toe sowat 50 000 Britse troepe hom en sy mag van 2 000 man vergeefs agtervolg of voorgelê het. Hoofkwartier in Pretoria het meestal daarin geslaag om sy bewegings te volg, maar Roberts se inligting was dikwels verouderd. Daarbenewens was dit 'n probleem om die kolonne in die veld vinnig daarvan in kennis te stel. Teen die snel bewegende De Wet was dit fataal, en inligting oor sy bewegings was dikwels 24 uur laat.⁸⁷

Kitchener se oprigting van blokhuislynies tussen Januarie en November 1901 in 'n netwerk kruis en dwars oor die operasionele terrein het veel bygedra tot die inligting wat die Britse intelligensie kon inwin. Bykans 8 000 blokhuis is veral langs spoorlyne en hoofweë opgerig.⁸⁸ Benewens die feit dat die blokhuislynies die Boerekommando's se beweging beperk het, het die blokhuis aldus David Henderson sekuriteit aan die intelligensienetwerke in die subdistrikte gebied "and the information so obtained has been very valuable and accurate ... and the enterprise and activity of the scouts resulted in a large number of captures in every district in which the posts were established".⁸⁹

In die laaste agtien maande het die Topografiese Seksie verskeie kaarte uitgereik. Dit was gebaseer op bestaande kaarte, padverslae en verkenning, hoofsaaklik deur intelligensie-offisiere by die onderskeie kolonne. Onder hulle was daar Jackson se kaart van Transvaal in 62 velle (waarvan daar 162 500 velle uitgereik is), Duncan se kaart van die Oranjerivierkolonie in 20 velle (15 000) en Casgrain se kaart van die Kaapkolonie in 38 velle (200 000). Altesaam 541 080 van hierdie kaarte is aan die soldate beskikbaar gestel.⁹⁰

Gedurende die guerrillafase het die getal persone wat vir die Field Intelligence Department (South Africa) gewerk het, dramaties toegeneem, veral aangesien baie onafhanklike eenhede

⁸⁵ Robertson, *From private to field-marshal*, pp. 120-121.

⁸⁶ Robertson, *From private to field-marshal*, p. 125.

⁸⁷ Fransjohan Pretorius, "Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet", *Christiaan de Wet-Annale*, 4 (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Oktober 1976), *passim*.

⁸⁸ Johan Hattingh en André Wessels, "Life in the British blockhouses in the Anglo-Boer War, 1899-1902", *Journal of Cultural History*, 13(2), November 1999, p. 41.

⁸⁹ TNA, WO 108/269, Henderson, Report, 13 Junie 1902, p. 1.

⁹⁰ TNA, WO 108/269, Henderson, Report, 13 Junie 1902, pp. 3-4.

hul eie intelligensie-offisiere nodig het. In November 1900 het die Field Intelligence Department (South Africa) oor ongeveer 30 offisiere en 250 wit ondergeskiktes beskik. Teen die einde van die oorlog was daar 132 offisiere, 2 321 wit burgerlike ondergeskiktes en 'n groot aantal swart mans in diens.⁹¹

Dit is duidelik dat die Field Intelligence Department (South Africa) goeie werk in Suid-Afrika gedoen het. Tog kan ons met Fergusson saamstem wanneer hy besluit:

Despite the many innovations and constant improvements which characterized David Henderson's tenure as DMI in South Africa, the natural advantages of the Boers as guerrillas fighting in their own land with the support of the civilian population were virtually impossible to overcome. Their intelligence system was so effective that they were able to outmanoeuvre British troops in some situations, even when the Field Intelligence Department had accurate intelligence of their strength and disposition.⁹²

Boeredagboeke as bron van inligting

Daar is reeds aangedui dat 'n belangrike bron van inligting vir die Britse intelligensiediens die private dagboeke en ander dokumente was wat tydens 'n suksesvolle aanslag op 'n Boerekommando van krygsgevangenes gekonfiskeer is. Hierdie dokumente is na hoofkwartier geneem waar dit in Engels vertaal is. Die vraag ontstaan: Hoe belangrik was hierdie inligting?

Uiteraard was die bedoeling om inligting oor die Boere se ervaring van die oorlog in te win. Op hierdie wyse kon 'n profiel van die burgers en hul offisiere saamgestel word. Patrone van Boere-optrede en hul toestand en gewoontes kon sodoende vasgestel word wat tot die nederlaag van die Boere kon lei.

Ek het lukraak twee dokumente uit die Nasionale Argief in Kew uit die WO 32-argiefgroep gekies om as gevallestudies te dien. Die eerste is die dagboek van die direkteur van telegrafie van die ZAR van Wolmaransstad in Wes-Transvaal, ene Du Toit. Die Engelse vertaling beslaan 14 getikte bladsye en dek die tydperk tussen Kersdag 1900 en 19 Augustus 1901. Du Toit is op ongeveer 20 Augustus 1901 krygsgevangene geneem. Die tweede dokument is die dagboek van burger J.D. Duveen wat ongeveer 12 Julie 1901 naby Warmbad in Noord-Transvaal krygsgevangene geneem is. Sy dagboek dek die tydperk 11 Junie tot 11 Julie 1901 en beslaan 11 getikte bladsye. Henderson in Pretoria het die vertaalde tekste op 8 November 1901 per telegraaf aan die direkteur-generaal van Militêre Intelligensie in Londen deurgestuur.⁹³

In die eerste plek val die belangrikheid van godsdiens vir die Boere op. Dit het kennelik as rigsnoer vir die burgers gedien en hulle gevolglik versterk om in die stryd te volhard. Wanneer Du Toit op 1 Januarie 1901 nadink oor die wegvoer van sy vrou na 'n konsentrasiekamp, teken hy aan (in vertaling): "But God will send deliverance at His own time." Hy onderstreep vervolgens die woorde: "This I firmly believe."

Die twee Boereregerings het 8 Augustus 1901 as 'n dag van danksegging vir hul bewaring as 'n volk gedurende die geweldige stryd van bykans twee jaar geproklameer.⁹⁴ Du Toit pen

⁹¹ TNA, WO, 108/415, Statement of the Intelligence Division, p. 14; TNA, WO 108/269, Henderson, Report, 13 Junie 1902, p. 3.

⁹² Fergusson, *British Military Intelligence*, p. 162.

⁹³ TNA, WO 32/8046, Diary of Telegraph Director Du Toit of Wolmaransstad; TNA, WO 32/8046, Diary of Adjutant J.D. Duveen.

⁹⁴ Pretorius, *Kommandolewe*, p. 190.

op daardie dag in sy dagboek neer (in vertaling): “Today is a day of great importance for us, for the Great God has protected the great majority of our people, in spite of the efforts of our powerful enemy. He has given us food and shelter every day in spite of the terrible destruction the enemy has inflicted upon us. Yes! Thank God for the many times he has delivered us when the need was high, in which we could see his protecting hand.”

Hierdie geloof in God se verlossing was kenmerkend van baie burgers.⁹⁵ Aan die een kant het dit die rol van die Boereleiers aangedui, aangesien gen. De la Rey die byeenkoms waarby Du Toit aanwesig was met sy gesin en staf bygewoon het. Du Toit het opgeteken dat De la Rey ’n hartlike woord van aanmoediging aan die skare gerig het waarin hy die burgers herinner het aan die vele wonderlike dade van God. Hy (De la Rey) het die burgers tot groter volharding aangespoor en verklaar dat dit sy oortuiging was dat God aan hulle op Sy tyd die gewenste verlossing sal skenk.

Aan die ander kant was die sterk geloof in God se verlossing ’n aanduiding van Du Toit se godsdienstige oortuiging. In die tweede laaste inskrywing voor sy gevangeneneming skryf hy (in vertaling): “May the Lord direct that an end should come to this because it is too terrible to live in such a state...”.

’n Tweede tema van nut uit Du Toit en Duveen se dagboeke vir die Britse intelligensie dek die ondersteuning wat die burgers van vroue gekry het wat met hul kinders in die veld geswerf het of in hul afgebrande wonings gebly het nadat die Britse owerhede ná Desember 1900 nie meer Boerefamilies na die konsentrasiekampe gestuur het nie. Dwarsdeur die bladsye van Du Toit en Duveen se dagboeke neem die leser kennis van die bystand wat die vroue aan die mans gelewer het met gasvryheid, skuiling, voedsel en geestelike onderskraging.

Die beskikbaarheid van voorrade vir die kommando’s is ’n derde tema, of dit nou die Kersmaal van 25 Desember 1900 op Witpoort in Wes-Transvaal is of die algemene voedselsituasie van die Boere. Du Toit skryf dat ’n mev. Badenhorst van Hartbeesfontein nog op Kersdag 1900 vir die burgers bokmelk, brood, vleis en karringmelk gegee het.⁹⁶ Hy meld dat hy op dié dag meer as eenmaal die opmerking gehoor het (in vertaling): “If the English could but see us here today, they would have to admit that we are not in such a pitiful state as they make out.”

Duveen maak ’n hele aantal inskrywings oor die buit van hoenders en eende of ander voedsel deur die burgers op die verlate plase, en van ekspedisies na plase om groente te oes. Voedsel was daar dus nog beskikbaar.

Vierdens kon die Britse intelligensiediens waardevolle inligting uit Du Toit se dagboek verkry oor die Boere se telegrafiese stelsel in Wes-Transvaal. Dit was teen Julie 1901 nog steeds aktief en ’n doring in die Britte se vlees.

’n Minder welkome stukkie inligting vir die Britte – soos verkry uit die dagboek van Du Toit – was die Boere se reaksie op Kitchener se verbanningsproklamasie van 7 Augustus 1901. Volgens dié proklamasie sou alle kommandante, veldkornette, aanvoerders van gewapende bendes en die lede van die regerings van beide republieke wat ná 15 September 1901 steeds weerstand bied, permanent uit Suid-Afrika verban word. Daarbenewens sou daar heffings teen hul roerende en onroerende eiendom ingestel word om vir die onderhoud van die families in die konsentrasiekampe te voorsien. Du Toit teken aan dat die telegrafis wat die proklamasie

⁹⁵ Pretorius, *Kommandolewe*, p. 195.

⁹⁶ Dit was mev. Alie Badenhorst wat in haar gepubliseerde-herinneringe, *Tant Alie van Transvaal*, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1939) pp. 213-218, ook na die gebeure op Kersdag 1900 op Witpoort verwys.

na die laer gebring het, sy toehoorders vertel het hulle moet nog net 'n rukkjie uithou, want "it is all up" met die Britte.

Kitchener se proklamasie het inderdaad geen effek op die Boere gehad nie. Pres. Steyn van die Vrystaat en die generaals Botha, De Wet en De la Rey het almal vurige antwoorde aan die Britse opperbevelvoerder gestuur. In 'n goed beredeneerde brief waarin hy Kitchener se reg om die dreigement van verbanning in te stel, verwerp, het Steyn hom herinner: "Your Excellency's jurisdiction is limited by the range of Your Excellency's guns." Dit het as geen verrassing gekom nie dat daar ná hierdie mislukte proklamasie 'n algemene herlewing van die Boere se oorlogspoging was.⁹⁷

'n Laaste voorbeeld van inligting wat gebuite Boeredokumente geopenbaar het, het betrekking op die teregstelling deur die Boere van swart mans wat as rapportryers vir die Britte opgetree het en met die rapporte in besit betrap is. Dit word op 2 Julie 1901 in Duveen se dagboek vermeld. Reeds in Junie 1900 het Jan Smuts as staatsprokureur instruksies uitgereik dat swart mans wat met Roberts se proklamasies betrap word, vir hoogverraad verhoor moet word. Dit is duidelik dat skuldigbevinding alleen die doodsvonnis kon beteken.⁹⁸

Met die aanbreek van die winter van 1901 het die Boere se teregstellings van ongewapende gekleurde Britse rapportgangers met of sonder verhoor momentum gekry. In Mei is byvoorbeeld twee swart rapportgangers deur burgers van genl. Jan Kemp in Wes-Transvaal doodgeskiet. Die volgende maand het genl. P.H. Kritzinger wat in die Kaapkolonie geopenbaar het, amptelike toestemming aan sy burgers verleen dat naas gewapende ook ongewapende gekleurdies wat aan die Britse oorlogspoging hulp verleen summier doodgeskiet mag word. Hierdie besluite het aan Kitchener die voorwendsel gegee om gekleurdies in diens van die Britse leër te bewapen – 'n optrede wat in elk geval reeds in die laaste maande van Roberts se opperbevelhebberskap 'n voldonge feit was.⁹⁹

Ten slotte

Die aanstelling van genl.maj. sir John Ardagh as Brittanje se direkteur van Militêre Intelligensie in 1896 het beteken dat daar in die laaste drie jaar voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 suksesvolle metodes aangewend is om akkurate inligting oor die militêre vermoëns en die topografie van die Zuid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat te bekom. Die hoogtepunt hiervan was 'n gids getiteld *Military notes on the Dutch republics of South Africa*.

Die kritiek op die Field Intelligence Department (South Africa) oor die rol wat dit in die Britse nederlae van "Black Week" sou gespeel het, was onbillik. Hulle was akkuraat in feitlik al die inligting wat hulle voor die oorlog ingewin het. Die skuldiges was die Britse bevelvoerders self, vanweë hul gebrek aan waardering vir behoorlike intelligensie.

Onder lord Roberts het taktiese intelligensie dramaties verbeter, aangesien hy swaar geleun het op die inligting van sy intelligensie-afdeling. David Henderson se bydrae as direkteur van die Field Intelligence Department (South Africa) onder Kitchener het verder daartoe bygedra. Inligting was veral afkomstig van swart mense en Boere wat in die kommando's teenwoordig was.

⁹⁷ Pretorius, *A to Z*, pp. 27-28.

⁹⁸ Pretorius, *Kommandolewe*, p. 291.

⁹⁹ Pretorius, *Kommandolewe*, pp. 291-292.

Gekonfiskeerde dagboeke van Boerekrygsgevangenes het ongetwyfeld belangrike inligting vir die Field Intelligence Department (South Africa) oor die Boeresituasie verskaf.

Vanweë die omvang van hierdie onderwerp oor die Britse Intelligensiediens en die ontsaglike hoeveelheid dokumente wat verspreid lê oor baie argiewe plaaslik en in die buiteland, is daar met hierdie artikel slegs begin met spitwerk. 'n Dieper en meer omvattende analise is nodig. Temas wat in diepte ondersoek kan word, sluit in die talle Britse verkennerkorps wat in die lewe geroep is naas die genoemde Lovatt's Scouts en Rimington's Guides (wat self verder onder die vergrootglas kan kom); die ondersoek van die Royal Commission on the War in South Africa, spesifiek oor intelligensie; die waarde wat Boere-kollaborateurs ("joiners") vir die Field Intelligence Department (South Africa) toegevoeg het; en verdere voorbeelde van die waarde van gebuite Boere-dokumente vir die Field Intelligence Department (South Africa).

BIBLIOGRAFIE

The National Archives, Kew

- WO 30/40/16, Arthur Griffiths, "The English Intelligence Department", *The Forum*, November 1900.
 WO 32/8046, Diary of Adjutant J.D. Duveen.
 WO 32/8046, Diary of Telegraph Director Du Toit of Wolmaransstad.
 WO 108/96, Confidential Telegram.
 WO 108/132, Summary of Intelligence for the Week Ending 22nd December 1901, Compiled at Army Headquarters from the Reports of Intelligence Officers.
 WO 108/269, Lt.-Col. David Henderson, Report of Field Intelligence from 29th November 1900, until the cessation of hostilities, 13 Junie 1902.
 WO 108/270, Report on Intelligence Department, 13 Julie 1900.
 WO 108/402, E. A. Altham, Translation of consular correspondence and other official documents of the late Orange Free State found buried in the Orange River Colony.
 WO 108/415, Statement of the Intelligence Division.

Blue Books (British Government Official Papers)

- Cd 1790, Minutes of Evidence taken before the Royal Commission on the War in South Africa, I.
 Cd 1791, Minutes of Evidence taken before the Royal Commission on the War in South Africa, II.
 Cd 1792, Appendices to the Minutes of Evidence taken before the Royal Commission on the War in South Africa.

Literatuur

- Amery, LS. (ed.). 1902. *The Times history of the war in South Africa*, II. London: Sampson Low, Marston & Company.
 Badenhorst, Alie. 1939. *Tant Alie van Transvaal*. Kaapstad: Nasionale Pers.
 Barnard, CJ. 1970. *Generaal Louis Botha op die Natalse front 1899–1900*. Kaapstad: A.A. Balkema.
 Benneyworth, Garth. 2023. *The Battle of Magersfontein*. Warwick: Helio & Company.
 Breytenbach, JH. 1969. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika*, I. Pretoria: Staatsdrukker.
 Fergusson, Thomas. 1984. *British Military Intelligence 1870–1914*. London: Arms & Armour Press.
 Grant, MH. 1908. *History of the war in South Africa 1899–1902*, III. London: Hurst & Blackett.
 Hattingh, Johan & André Wessels. 1999. "Life in the British blockhouses in the Anglo-Boer War, 1899–1902". *Journal of Cultural History*, 13(2): November.
 Maurice, Frederick (ed.). 1906. *History of the war in South Africa 1899–1902*, I. London: Hurst & Blackett.

1899. *Military notes on the Dutch Republics of South Africa*. London: Section B, Intelligence Division, War Office, Revised June 1899.
- Parritt, BAH. 1971. *The Intelligencers: The Story of British Military Intelligence up to 1914*. Ashford, Kent: Templar Barracks.
- Pretorius, Fransjohan. 1976. "Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet", *Christiaan de Wet-Annale*, 4. Bloemfontein: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Oktober 1976.
- Pretorius, Fransjohan. 1991. *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899–1902*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Pretorius, Fransjohan. 2010. *The A to Z of the Anglo-Boer War*. Lanham: The Scarecrow Press.
- Robertson, William. 1921. *From private to field-marshal*. London: Constable.
- Twigge, S, Hampshire, E & Macklin, G. 2008. *British Intelligence: Secrets, spies and sources*. London: The National Archives.

E-pos-kommunikasie

Garth Benneyworth – Fransjohan Pretorius, 13.1.2023.

Hede, verlede en toekoms: Verwagting, risiko en gevaar van vernietiging*

Present, past and future: Expectation, risk and danger of destruction

BERT OLIVIER

Departement Filosofie
Universiteit van die Vrystaat
Suid-Afrika
E-pos: OlivierG1@ufs.ac.za



Bert Olivier

BERT OLIVIER is Ereprofessor in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat, Suid-Afrika. Sy werk is interdissiplinêr en sy publikasies omvat artikels en boeke oor 'n breë verskeidenheid van dissiplines soos filosofie, letterkunde, psigoanalise, sosiale teorie, argitektuur- en filmteorie. In 2004 is die Stalsprys vir Filosofie deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Bert toegeken, terwyl die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in 2012 'n Uitsonderlike Professorskap aan hom toegeken het. Hy is ook 'n NRF-gegradeerde navorsers, en sy publikasies in populêre media strek oor 'n uitgebreide gebied wat filosofiese, kulturele en sosio-politieke sake insluit.

BERT OLIVIER'S principal position is that of Honorary Professor of Philosophy at the University of the Free State, South Africa. He has published academic articles and books across a wide variety of disciplines, including philosophy, art theory, architecture, literature, psychoanalytic theory, cinema, communication studies and social theory. Bert received the South African Stals Prize for Philosophy in 2004, and a Distinguished Professorship from Nelson Mandela Metropolitan University in 2012. He is also an NRF-rated researcher, and has written extensively in popular media on philosophical, cultural and sociopolitical issues.

* Die outeur van hierdie artikel gee graag erkenning aan prof. PNJ Duvenage, Redakteur van die *Akademia* Feesbundel waarin 'n vroeëre weergawe daarvan as hoofstuk verskyn het (sien Bibliografie vir besonderhede) vir toestemming om hierdie navorsing aan *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* voor te lê vir herpublikasie. Die artikel is intussen in die lig van nuwe materiaal hersien.

Datums:

Ontvang: 2024-09-15

Goedgekeur: 2024-10-31

Gepubliseer: Desember 2024

ABSTRACT***Present, past and future: expectation, risk and danger of destruction***

Today, risk has been multiplied and exacerbated beyond anything that even Ulrich Beck's work on "risk society" seemed to suggest when first published, although – with hindsight – one can detect traces of the excessive risks of the present, centred on the Covid-19 "pandemic", in his prognostications. This paper concentrates on the work of Beck, with a view to mining it heuristically for a better comprehension of the risks unleashed by the Covid-19 "pandemic" and everything associated with it. Beck's work is situated within the framework of a Heideggerian reflection on human temporality and particularly the future, emphasising that human beings are time-oriented creatures par excellence, and that therefore what happens in the present is inescapably understood in the light of future expectations and projections. The notion of "prejudice" is also discussed in this context, to reveal the relevance of the "hermeneutic circle" for the understanding of events during and after the Covid-19 "pandemic", and to neutralise accusations of bias in the interpretation of these events offered here in relation to Beck's work on "risk society". It is argued that, despite sharing the denominator of "technological", compared to the kinds of risk distinguished by Beck, those introduced by the "pandemic", lockdowns, Covid "vaccines", and in their wake, economic hardship – to mention only some – are of a different, more deleterious order altogether. If, in contrast with the society of wealth-distribution (through goods), the "risk society" was recognisable by the (by)production and distribution of hazards such as toxic contaminants, pollution and climate-changing emissions, today society seems to be facing something far worse, namely the production of potentially, if not actually, lethal substances and conditions. If the hazards of risk society were seen as preventable (compared to "natural" perils) – after all, they were socially produced and exacerbated (or sometimes moderated) by economic and cultural practices – one might expect that it would be the case with those faced today, too. This, it turns out, is highly improbable, largely because growing evidence suggests that most of the "ultra-risks" that have emerged of late have been produced intentionally, or by design, and that it is too late to undo most of them, although others may be prevented. Specifically, it has now been established that most of these risks, if not outright dangers, were produced intentionally, as part of a depopulation agenda, by a relatively small group of hyper-wealthy, neo-fascist, globalist billionaires. What Beck argued, namely that the potential for cataclysm was increasing, has been exacerbated beyond what could have been expected under "normal" risk-conditions. Ironically, under these conditions the uncertainties of science in the face of unpredictable risk, which were highlighted by Beck, have made way for contrary, ideological claims concerning the "certainties" of "the science" in relation to so-called Covid-19 "vaccines". Insofar as these vaunted "certainties" pertained to the supposed "safety and effectiveness" of these injections, recent evidence in the guise of scientific studies suggests that the opposite is the case, and that millions of the recipients of these "jabs" have died globally since they were administered, in this way confirming the qualitative difference between the kind of risk faced in contemporary "pandemic" society and the risks that Beck perceived in the "risk society" which succeeded the society of "wealth-production". Eight of the risks that Beck associates with this kind of society are discussed, and the differences between those risks – which are generated by science and technology, among other things – and what humanity faces today, particularly since the advent of the Covid "pandemic", are identified and clarified. Importantly, the qualitative differences between risks as understood by Beck – which emerged as side-effects of "normal" scientific, technological and industrial practices and processes – and the risks that have emerged recently, at least since 2020, are emphasised. This amounts

to the recognition of not only the risks demonstrably associated with the pseudo-vaccines marketed as “vaccines” against Covid-19, but also, and especially, of the demonstrable dangers that they hold, which could potentially augur the extinction of the human species. These and other aspects of “pandemic” society – such as deliberate economic destruction and geo-engineering – are addressed through the lenses of Beck’s work on risk society, raising the fraught question of the possible extinction of humanity.

KEYWORDS: Covid-19, danger, extinction, future perspective, risk, Ulrich Beck, “vaccines”

TREFWOORDE: Covid-19, gevaar, “inenting”, toekomspektief, risiko, Ulrich Beck, uitsterwing

OPSOMMING

Risiko is hedendaags onberekenbaar vermenigvuldig en vererger in vergelyking met wat Ulrich Beck se werk oor “risikosamelewing” aan die hand gedoen het toe dit aanvanklik gepubliseer is, ofskoon ’n mens terugskouend spore van die buitensporige risiko’s van die huidige tyd, veral soos in die sogenaamde “Covid-pandemie” beliggzaam, in sy verwagtinge kan bespeur. Hierdie artikel konsentreer op Beck se werk, met die doel om dit heuristies te benut ten einde ’n beter begrip ten opsigte van die risiko’s wat deur die Covid-19-“pandemie” ontken is – asook deur verbandhoudende gevolge daarvan – te kan formuleer. Beck se werk word in die raamwerk van ’n Heideggeriaanse refleksie oor menslike temporaliteit en veral die toekoms gesitueer, met die klem daarop dat mense by uitstek tyd-georiënteerde wesens is, en dat wat in die hede gebeur onvermydelik in die lig van toekomsverwagtinge en projeksies verstaan word. Die idee van “vooordeel” word ook in hierdie konteks bespreek, ten einde die relevansie van die “hermeneutiese sirkel” vir die begrip van gebeure tydens en sedert die Covid-19-“pandemie” te kan begryp, en om aanklagte van vooroordeel ten opsigte van die huidige interpretasie van hierdie gebeure aan die hand van Beck se werk die hoof te bied. Daar word aangevoer dat, ofskoon hulle die kategorie van “tegnologies” met die tipe risiko wat Beck identifiseer deel, die soort risiko wat deur die Covid-19-“pandemie”, inperkings, Covid-19-“inenting” en gepaardgaande ekonomiese swaarkry na vore gekom het, van ’n volkome ander aard is. Die “risiko-samelewing” was volgens Beck herkenbaar aan die nuwe-produksie en verspreiding van gevare soos giftige besmetting deur kontaminante, besoedeling en klimaatsveranderende emissies, in teenstelling met die voorafgaande samelewing van welvaartverspreiding. Vandag staan die samelewing egter blykbaar iets veel erger in die gesig, te wete die produksie van potensieel- en selfs aktueel-dodelike stowwe en toestande. In vergelyking met die gevare van die risikosamelewing, wat as voorkombaar beskou is, sou ’n mens moontlik kon verwag dat dit vandag ook die geval sou wees, maar by nadere ondersoek blyk dit nie so te wees nie, grootliks omdat groeiende getuienis aantoon dat meeste van die huidige “ultra-risiko’s” doelbewus geskep is, en dat dit te laat is om die meeste daarvan ongedaan te maak. Hierdie, sowel as andere aspekte van die “pandemie-samelewing” word deur die lens van Beck se “risikosamelewing” onder die loep geneem.

Inleiding: Oor tyd en die toekoms

By die geleentheid van ’n herdenking – veral die tienjarige bestaansherdenking van ’n inrigting vir universiteitsonderrig – is die tema wat ’n mens onweerstaanbaar aanspreek dié van tyd, en daarmee saam van menslike geskiedenis. Sover ons weet, is mense die enigste wesens wat geskiedenis in die ware, temporele sin van die woord het – met ander woorde, wesens wat

gedurig daarvan bewus is dat hulle in die tyd bestaan. Ons kan nie die wêreld soos diere ervaar nie, en deur hul gedrag dop te hou – soos dié van troeteldiere – weet ons dat hulle intelligente, sintuiglik-bewuste wesens is, maar dat hulle geen aanduiding gee van ’n gewaarwording van wat gister gebeur het, of wat hulle van môre verwag nie. Dit is juis wat ons as *Homo* en *Gyna sapiens sapiens* – die dubbeldenkende wese, wat daarvan bewus is dat hy en sy bewus is – uniek maak (sover ons weet; onthou: alle kennisaansprake is hersienbaar in die lig van nuwe kennis). Wat is die implikasies van ’n reeks van ontwrigtende gebeurtenisse op onontkombare menslike tydsgebondenheid, veral wanneer menslike toekomspektief fundamenteel daardeur geraak word? Hierdie vraag is uiters betekenisvol wanneer die huidige tydsgewig – met unieke uitdagings en risiko’s, indien nie aktuele bedreigings nie – met erns gekonfronteer word.

Mense is deur-en-deur wesens wat in die web van temporaliteit gevang is – probeer soos jy wil, jy kan nie daaruit ontsnap nie. Sowel jou genietinge en jou vreugdes as jou pyn en lyding vind binne die perke van hierdie web plaas. Maar dis nie ’n eendimensionele sfeer nie; daarbinne beleef ons drie welbekende dimensies, te wete verlede, hede en toekoms, en soos reeds Augustinus in die vroeë middeleeue skerpsinnig opgemerk het, is die hede ongetwyfeld die mees ontwykende van die drie tydsmodaliteite wat mense beskore is: dit is en tegelykertyd is dit *nie*, omdat dit net so vining verdwyn as wat dit verskyn. Dit is ’n hek waardeur die toekoms onbetuelbaar na die verlede stroom, soos ’n rivier in gedurige vloed.

Martin Heidegger het hierdie wesenlike tydsgeoriënteerdheid van die menseras onverbetelik in sy monumentale *Sein und Zeit* van 1927 (*Being and Time*, 1978:370-378) geartikuleer. Sonder om in Heidegger se idiosinkratiese woordgebruik verstrengel te raak, kan ’n mens dit miskien as volg stel. Voortbouend op Edmund Husserl se fenomenologiese analise van tyd (wat nie eksistensiële georiënteer is soos Heidegger s’n nie, en dus nie hier onder die loep sal kom nie), bevestig Heidegger die driedimensionele aard van tyd, naamlik die bekende verlede, hede en toekoms karakter daarvan, maar op ’n unieke wyse. Hy praat van die drie “ek-stases” van tyd – wat meer sin maak wanneer onthou word dat “ekstase” – of “ek-stase” – letterlik beteken om “uit te staan”. Dus verkeer ’n mens in ekstase wanneer jy by wyse van spreke “buite jouself is” (gewoonlik van genot, of van verwondering). Hierdie drie “ek-stases” is die “gewees-het” (“having-been” of verlede), die “oomblik” (hede) en die “nog-nie” (toekoms), en op die vraag, watter een hiervan die mees fundamentele dimensie verteenwoordig, is sy antwoord dat dit die *toekoms* is, en dat ’n mens dus deur “toekomstigheid” (*Zukünftigkeit*; “futurity”) gekenmerk word. Wat beteken dit om te sê dat ons wesenlik “toekomstige” wesens is? Op die oog af sou ’n mens eerder wou beweer dat ons verlede-gerigte wesens is. Wanneer jy egter daaraan as “toekomsgerigtheid” dink, maak dit meer sin – immers, wat jy ook al van jou eie verlede met jou saamdra in die hede (soos dit in die hede as geheue gepreserveer is), maak jou huidige verstaan en evaluering daarvan (van wat in die verlede met jou gebeur het, hetsy positief of negatief) alleenlik sin in die lig van die wyse waarop jy dit in die toekoms projekteer. Anders gestel: slegs jou toekomspektief of -planne (indien jy gelukkig genoeg is om sodanige perspektief te hê), of inderdaad die gebrek daaraan, stel jou in staat om betekenis of sin in die hede te vind – of om dit *nie* daarin te vind nie, soos in die geval van mense *sonder* toekomspektief (iets waarop ek sal terugkom).

Oor vooroordeel

Wat volg het te make met die omstrede saak van die Covid-19-“pandemie”, en die waarskynlikheid dat ’n mens, ongeag jou standpunt hieroor, deur die een of ander party van “vooroordeel” beskuldig mag word, vereis beknopte aandag aan hierdie saak. Die rede hiervoor

is dat die relevante diskursiewe veld deur 'n Lyotardiaanse *differend* gekenmerk word – met ander woorde 'n botsing van menings wat dermate op uiteenlopende veronderstellings berus dat 'n hermeneuties-interpretatiewe versoening buite die kwessie is (sien Olivier, 2021). Daarom is dit raadsaam om kortliks iets oor “vooroordeel” te sê, ten einde sodanige besware by voorbaat te ontloot. Ek doen dit omdat daar stellig beweer sou kon word dat ek, ten einde my eie argument te ondersteun, eensydig op slegs een kant van die beskikbare inligting- en kommunikasieveld konsentreer (die “alternatiewe media”), ter uitsluiting van enigiets wat my argument sou kon verswak (die “hoofstroommedia”). Dit is onmoontlik om hier volledig aandag te gee aan die uiteenlopendheid van inligting wat alle aspekte van die “pandemie” betref, en waarom ek sekere standpunte ten koste van ander ondersteun – ek het dit reeds uitvoerig by drie vorige geleenthede gedoen, en lesers wat hierin belangstel, kan gerus hierdie publikasies onder die loep neem (Olivier, 2021; 2022; 2022a).

Wat die moontlike beskuldiging van vooroordeel betref, wil ek kortliks na Hans-Georg Gadamer (2004:269-272) se verheldering van drie begrippe in die werk van Martin Heidegger verwys – vertaalbaar as “voor-hê, voor-sig en voor-begrip” (“fore-having, fore-sight, and fore-conception”). Gadamer benut hierdie begrippe om te verduidelik waarom “vooroordeel” (“prejudice”) of “voor-oordeel” (“pre-judgement”), sowel as die struktuur van 'n “hermeneutiese sirkel” onvermydelik is in die proses van verstaan en interpretasie. Hiervolgens het 'n mens die taak om herhaaldelik jou aanvanklike verstaan van iets te verander en te verfyn namate meer aspekte van die fenomeen of “ding” sigbaar word. Laasgenoemde kan 'n wetenskaplike, filosofiese of literêre teks wees, of moontlik 'n gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat rondom jou ontvou (en vir interpretatiewe doeleindes metafories die struktuur van 'n “teks” vertoon). Gadamer brei as volg hierop uit (2004:269; my vertaling):

'n Persoon wat poog om 'n teks te verstaan is altyd besig om te projekteer. Hy projekteer 'n betekenis vir die teks as 'n geheel sodra 'n aanvanklike betekenis in die teks na vore kom. Dog die aanvanklike betekenis verskyn slegs omdat die teks met besondere verwagtinge met betrekking tot 'n bepaalde betekenis gelees word. Die uit-werk van hierdie voor-projeksie, wat gedurig hersien word in terme van wat te voorskyn kom namate die betekenis gepeil word, is om te verstaan wat daar is.

Hierdie beskrywing is natuurlik 'n ruwe verkorting van die geheel. Die proses wat Heidegger beskryf is dat elke hersiening van die voor-projeksie in staat is om vir sigself 'n nuwe projeksie van betekenis te projekteer; kompeterende projekte kan naas mekaar verskyn totdat dit duideliker word wat die eenheid van betekenis is; interpretasie begin met voor-begrippe [“fore-conceptions”] wat met meer geskiktes vervang word. Hierdie konstante proses van nuwe projektering is konstitutief met betrekking tot die beweging van verstaan en interpretasie.

Sodanige herhaalde voor-projeksies geskied gedurig in mense se daaglikse lewens. Die huidige omstandighede, waartydens die wêreld getuie was van die koms van wat 'n “pandemie” genoem word ('n debatteerbare term, gegewe die relatief-lae sterftesyfer wat daarmee geassosieer word; sien World-O-Meter Coronavirus) is geen uitsondering nie. Namate hierdie gebeure ontvou het, is 'n mens gedurig aan meer nuus en inligting blootgestel wat die verspreiding van 'n sogenaamde “nuwe koronavirus” (SARS-Cov-2) betref; sowel as van die siekte waartoe dit aanleiding gegee het, te wete COVID-19, en die interpretasie hiervan het die hermeneutiese patroon gevolg soos uiteengesit deur Gadamer. Pogings om die oorsprong van die virus te begryp, is in nuusmedia gepubliseer, met die aanvanklike (oënskynlike) konsensus, dat dit waarskynlik by 'n dieremark (“wet market”) in Wuhan, China, van 'n dier soos 'n vlermuis,

via 'n intermediêre dier soos 'n ietermagô na mense oorgedra is. Op die spoor van die voor-begrip (“fore-conception”), dat 'n mikro-biotiese entiteit soos 'n virus iewers 'n oorsprong het – moontlik in 'n natuurlike omgewing – en nadat ek verskeie artikels oor hierdie veronderstelde herkoms gelees het, is die *voorlopige* indruk gelaat dat hierdie patogeniese entiteit van natuurlike oorsprong was, en dat dit mense deur “soönotiese” oordrag besmet het. Die voor-projeksie in my vroeë gepubliseerde navorsing hieroor het dus Covid-19 se natuurlike herkoms voorlopig bevestig (byvoorbeeld Olivier, 2020:7-8).

Soos Gadamer aandui, is die interpretatiewe fase van wêreldverstaan 'n voortgaande proses, en om die “pandemie” te verstaan is geen uitsondering nie. My aanvanklike voor-projeksie van die koronavirus se herkoms as natuurlik van aard moes spoedig in die lig van alternatiewe verklarings in verskeie media in heroorweging geneem word. Volgens laasgenoemde was dit inderwaarheid nie natuurlik (of volledig natuurlik) van aard nie; volgens beskikbare getuienis is dit kunsmatig-tegnies in 'n virologie-laboratorium (in Wuhan, China) geskep, vanwaar dit volgens sommige berigte per ongeluk “ontsnap” het, terwyl ander op 'n doelbewuste vrylating van die virus gedui het (sien Mercola, 2022d vir 'n oorsig hiervan). Nodeloos om te beklemtoon, het al hierdie (voor-)projekterings met mekaar gewedwyer wat geloofwaardigheid betref, en my interpretatiewe taak het daaruit bestaan om hulle aan die hand van beskikbare getuienis teen mekaar op te weeg.

Ten opsigte van ander aspekte van die “pandemie” – soos inperkings (“lockdowns”), “sosiale afstand” (“social distancing”) en die dra van maskers – het die verstaansproses dieselfde sikliese patroon van voor-begrip, voor-projeksie, die hersiening van laasgenoemde in die lig van nuwe aansprake en getuienis, ensovoorts, vertoon. Die mees omstrede aspek van hierdie ontwikkelinge was ongetwyfeld die gretig-geantisipeerde “entstowwe” – 'n term wat ek beklemtoon omdat hierdie insputings nog steeds omstrede is sover dit bewerings en teenbewerings omtrent die mediese status en veronderstelde “veiligheid en doeltreffendheid” daarvan betref. 'n Faktor wat vroeg reeds my aanvanklike voor-projeksie gewysig het, dat entstowwe inderdaad die mees begerenswaardige teenmiddel vir Covid-19 sou wees, was die ongekende snelheid waarmee hulle ontwikkel is, in teenstelling met die normale jarelange ontwikkeling van entstowwe teen patogene. Die kontroversie rondom geneesmiddels vir die vroeë behandeling van Covid-19 (Kennedy, 2021:76-145) – soos hidroxychloroquine en Ivermectin – was nog 'n element in die gedurige her-evaluering van 'n mens se voor-projeksies in die lig van nuwe bewerings en veronderstelde getuienis om hulle te staaf. Wat my eie opvatting (Olivier, 2021) oor die mediese status van die Covid-19 “entstowwe” betref, was deurslaggewende getuienis afkomstig van 'n groot aantal mediese dokters van dwarsoor die wêreld, naamlik dat onontkenbare aanduidings van die gevare van hierdie insputings (insluitende sterftes) spoedig begin verskyn het nadat noemenswaardige getalle mense hieraan onderwerp is. Die skokkende mate waartoe hierdie getuienis onderdruk is en nog steeds word, is die onderwerp van toenemende getalle kritiese studies (kyk byvoorbeeld Derisk, 2024; Malone, 2023; en Hänsel, 2022).

Vanselfsprekend onderwerp ek alle nuwe inligting wat onder my aandag kom aan sorgvuldige ondersoek in die lig van ondersteunende sowel as weersprekende getuienis, met die gevolg dat ek tans die interpretatiewe (dog in beginsel hersienbare) standpunt handhaaf wat in die huidige essay geartikuleer is. Daarby moet genoem word dat die verskyning van Robert Kennedy se boek (2021) oor Dr Fauci en Bill Gates – wat van onberispelike navorsing getuig – bevestig dat my eie begrip van al die verbandhoudende sake rondom die “pandemie” inderdaad verdedigbaar is. In plaas daarvan om 'n “samesweringsteoretikus” (“conspiracy theorist”) te wees, was en is dit steeds my vaste voorneme om die ware toedrag van sake

omtrent die vroeë wat hier onder aan die hand van Beck se werk bespreek word, bloot te lê en, gepaardgaande met relevante getuieis, te artikeleer.¹ Bowendien versterk dit die gebalanseerdheid van 'n mens se oordeel indien jy die beskikbare getuieis deur die lens van die teorie van “massapsigose” in oënskou neem, soos ek dit in my artikel, “Therapeutic reflections on the pandemic” (2022), gedoen het. My benadering hier is vergelykbaar met dié van Mattias Desmet in sy boek, *The Psychology of Totalitarianism* (2022), met die verskil dat my eie benadering grootliks Lacaniaans-psigoanalities is – aan die hand van die begrippe van “psigose”, *ausagieren* (“acting out”) en *passage à l'acte* (“passage to the act”) – terwyl Desmet met sy teorie van “massa-formasie” (“mass formation”) sterk by Hannah Arendt aanleun. In beide gevalle funksioneer die teoretisering sodanig dat dit 'n mens in staat stel om jouself van blote spekulatiewe standpunte, asook van die verleidelikheid van “massa-hipnose” te distansieer.

Ulrich Beck se “risikosamelewing”

Heidegger se tydsanalise – waarvan ek slegs 'n bondige weergawe hier bo verstrek het (vir 'n meer uitgebreide uiteensetting, sien Olivier, 2002) – stel 'n mens in staat om die huidige tyd, die tyd waarin ons nou leef, beter te begryp, veral in die lig van die vraag na toekomspektief. Ten einde Heidegger se tydsverwante begrippe te benut, moet die unieke karakter van die huidige tyd verstaan word. 'n Mens kan dit op verskeie maniere benader, maar een van die vrugbaarste invalshoeke word in die werk van Ulrich Beck, die sosioloog en teoretikus van die “risiko-samelewing,” aangetref. Beck (1992:10) merk op dat, net soos modernisering die struktuur van die voor-moderne feodale samelewing laat disintegreer en in die 19de eeu die industriële samelewing laat verskyn het, 'n nuwe vorm van modernisering – “refleksiewe modernisering” – vandag 'n ander soort moderniteit die lig laat sien.

“Refleksiewe modernisering” is nie, soos sy voorganger (industriële modernisering), daarop gemik om industriële prosesse gedurig te verbeter en meer ekonomies produktief te maak nie; soos die term, “refleksief” aandui, is dit 'n modernisering van die beginsels waarop die vroeëre moderniteit gebou is. Anders gestel: ons is tans getuies van 'n breuk wat binne moderniteit self plaasvind, en as gevolg waarvan 'n ander soort “moderne” samelewing te voorskyn tree – een wat die produk van “refleksiewe modernisering” is (Beck, 1992:10). Wat volgens Beck kenmerkend is van hierdie “gevorderde moderniteit” is dat die produksie van *welvaart* met die sosiaal-ekonomiese produksie van *risiko*'s gepaardgaan. In sy woorde (Beck, 1992:19; my vertaling):

In gevorderde moderniteit gaan die sosiale produksie van *welvaart* sistematies gepaard met die sosiale produksie van *risiko*'s. Dienooreenkomstig oorvleuel die probleme en konflikte wat in 'n samelewing van skaarste met verspreiding verband hou, met die probleme en konflikte wat uit die produksie, definisie en verspreiding van tegnologiese geproduseerde risiko's voortvloei.

Hoe funksioneer “refleksiewe modernisering” hier? Indien die produksie van *welvaart* (industriële modernisering) daarop gemik was om die probleem van skaarste aan te spreek deur tegnologiese kragte te benut om ekonomiese middele vir oorlewing uit die natuur voort te bring, dan word 'n ander fokus vereis om die struikelblokke te oorkom wat in die loop van

¹ In my vorige eweknie-beoordeelde publikasies oor hierdie saak was dit dan ook die geval (Olivier, 2021; 2022; 2022a; 2022b; 2023; 2023a; 2023b; 2023c; 2023d; 2024).

die ontwikkeling en gebruik van produksietegnologie opduik. Dit verduidelik Beck (1992:19) se opmerking, dat modernisering “sy eie tema word”; dit word “refleksief”. Dis ook nie moeilik om te verstaan waarom nie: namate potensiële gevare vermenigvuldig – wat soms in aktuele gevalle van industriële ongelukke (soos die bekende industriële ramp in Bhopal, Indië, in die 1980’s) en gevaarvolle vernietiging na vore kom – groei die noodsaaklikheid om die risiko’s wat daarmee gevaarvolle politieke en ekonomiese te bestuur en te beheer. Dit is waarom dit moeilik is om risiko op “objektiewe” wyse te identifiseer; dit neig in die rigting van die subjektiewe, in die transendentiaal-voorwaardelike sin van die waarneming en antisipering van gevaar wat moontlik tot vernietiging of katastrofe kan lei. Beck (2000:212-213; my vertaling; kursief in oorspronklike) stel dit só:

Risiko’s is nie dieselfde as vernietiging nie. Hulle verwys nie na skade wat berokken is nie...Risiko’s bevat egter die potensiaal vir vernietiging. Die diskoers van risiko begin waar vertrouwe in ons sekuriteit en geloof in vooruitgang eindig. Dit is nie meer van toepassing wanneer die potensiële katastrofe inderdaad plaasvind nie. Die begrip van risiko is dus kenmerkend van ’n eienaardige, intermediêre toestand tussen sekuriteit en vernietiging, waar die *waarneming (perception)* van dreigende risiko’s denke en handeling bepaal.

Hierdie eienaardige realiteitstatus van “nie-langer-maar-nog-nie”...is wat die begrip van risiko uitdruk, en wat daarvan ’n publieke verwysingsraamwerk maak. Die sosiologie van risiko is ’n wetenskap van potensialiteite en oordele ten opsigte van waarskynlikhede...Risiko’s “is” dus ’n tipe van *virtuele realiteit*, reële virtualiteit.

Tans is die onderskeid tussen vernietiging en risiko meer relevant as ooit, maar met ’n kinkel wat Beck nooit sou antisipeer het nie, soos ek hier onder sal aantoon; al is dit weliswaar so dat hy (Beck, 1992:20) reeds toentertyd melding gemaak het van die “donker kragte” wat in belangrikheid toeneem namate oortuigende ontwikkeling van produktiewe kragte plaasvind. In ’n latere publikasie (Beck, 2000) vat hy die spesifieke aard van risiko onder die volgende hoofde saam: Die verskil, *eerstens*, tussen risiko en vernietiging (reeds hier bo genoem) hou ook verband met die veral huidige sosiaal-relevante onderskeid tussen “risiko-besluitnemers” en diegene wat uitgelewer is aan die gevolge van ander se besluite (Beck, 2000:214). Dit hang verder saam met die kwessie van die rasionaliteit of irrasionaliteit van risiko, asook van besluite wat op risiko betrekking het.

Tweedens wys Beck daarop dat die begrip van risiko die aanvaarde verhouding tussen verlede en toekoms omkeer: waar die verlede gewoonweg as die kousaal-bepalende faktor vir die toekoms beskou is, word risiko – met ander woorde, iets *virtueels*, wat nie bestaan nie – toenemend gesien as die “oorsaak” van huidige handelinge wat daarop gemik is om die aktualisering daarvan juis te vermy. Na my mening is Beck verkeerd dat hierdie ’n omkering van “tydskousaliteit” behels – Heidegger was fenomenologies korrek in *Sein und Zeit (Being and Time; 1978)*, om menslike “toekomstigheid” met prioriteit te beklee ten opsigte van die verlede en die hede: ’n mens se toekomstgerigtheid bepaal immers watter sin (of on-sin) jy in die verlede en die hede vind. Dus is risiko hoogstens ’n intensivering van hierdie verhouding tussen verlede en toekoms. Beck (2000:214-215) gebruik as voorbeelde hiervan die diskoerse van globalisering en die klimaatkrisis, om te illustreer hoe risiko gedramatiseer kan word om die vooruitsig van bepaalde afgrypslikhede (“horrors”) te aksentueer – sekerlik nie om dowe neutrale nie, maar om magsverhoudinge (van oorheersing) te bevorder. Ek sal later op die relevansie hiervan vir die huidige tyd terugkom.

Beck se derde stelling (2000:215) betref die ontologiese status van risiko: moet ’n mens dit in feitelike terme verstaan, of aksiologies? Volgens hom is risiko nóg ’n uitsluitlik feitelike

aanspraak, nóg 'n suiwer waarde-georiënteerde stelling. Dit is óf albei tegelykertyd, óf 'n soort hibride, “tussen-in” fenomeen. Hy benut die oksimoron van 'n “wiskundige moraliteit” (“mathematicized morality”) – dit wil sê dat die wiskundige berekenbaarheid daarvan met kulturele opvattinge van 'n draaglike, of onverdraagbare soort lewe verband hou. Ons opvatting van risiko word bepaal deur die antwoord op die vraag (Beck, 2000: 215): “Hoe wil ons lewe?” (“How do we want to live?”). Die ambivalente ontologiese status van risiko hou volgens Beck ook verband met politieke “plofbaarheid” (“political explosiveness”) en met die kapasiteit om handeling in die hede te inisieer, wat op hul beurt in die “universele waarde van oorlewing” (“universal value of survival”) en die veronderstelde betroubaarheid (eintlik “vertroubaarheid”) van die “bewakers” (“guardians”) en “beskermers” van die samelewing gewortel is.

Beck (2000:215) herinner 'n mens verder daaraan dat selfs 'n konserwatiewe teoretikus soos Thomas Hobbes reeds die reg van burgers erken het, om weerstand te bied wanneer die staat die lewe of oorlewing van burgers bedreig. En daarby – uiters belangrik vir wat tans in die wêreld gebeur – wys hy op die gevare wat aan diegene (in besigheid, politiek, wet en wetenskap) wat verantwoordelik is vir die instandhouding van sosiale orde toegeskryf kan word. Meer spesifiek noem hy die vermoede, of agterdog, oor die moontlikheid dat diegene wat die openbare welsyn in die gevaar stel, enersyds, en diegene wat verantwoordelik is vir die beskerming daarvan, andersyds, *inderdaad identies mag wees* (“...the suspicion that those who endanger the public well-being and those charged with its protection may well be identical”; 2000:215). Hierdie “*agterdog*” was nog nooit vantevore in die geskiedenis van die samelewing meer toepaslik as vandag nie; ek kan aan geen tydperk, of historiese gebeurtenis dink waartydens regeerders of 'n heerser doelbewus hul eie burgers of onderdane se welsyn, waarvoor hulle verantwoordelik was, met woord en daad ondermyn het nie (selfs die Nazi's het minstens 'n gedeelte van die Duitse bevolking se belange op die hart gedra, naamlik die nie-Joodse, “Ariese” bevolking). Soos ek ten opsigte van die huidige maghebbers in die samelewing sal aantoon, ondermyn diegene met die grootste verantwoordelikheid vir die welsyn van die mensdom terselfdertyd demonstreerbaar hierdie welsyn.

Die vierde stelling wat Beck (2000:215) maak, is dat risiko en die waarneming (“perception”) van risiko's – veral in hul vroeë stadia, wat moeilik is om te bepaal – onbedoelde konsekwensies is van die *logika van beheer* (“control”) wat moderniteit politiek en sosiologies domineer. Die huidige tyd is getuie van 'n besonder perverse geval van sodanige pogings om alle aspekte van die globale samelewing te beheer (meer hieroor later). Vanweë die kompleksiteit van risiko en van die proses om dit te diagnoseer, lei die einste poging om beheer oor alle aspekte van sosiale lewe uit te oefen – ironies genoeg – daartoe dat meer risiko geskep word (Beck, 2000:216). Waar risiko gedurende die eerste fase van moderniteit as die berekening van onvoorspelbare gevolge beskou is, staan 'n mens vandag, met die industrialisering van die natuur, nuwe soorte “geproduseerde” onsekerhede in die gesig, wat bowendien deur die pogings van produsente en analitici om risiko te beheer en te beperk, vererger word (Beck 2000:216).

Die vyfde saak wat Beck bespreek, is dat die mensgemaakte onsekerheid van risiko vandag verband hou met 'n spesifieke “sintese van kennis en onwetendheid” (“*synthesis of knowledge and unawareness*”; 2000:216). Dit beteken dat 'n mens te make het met 'n *mengsel* van empiries-gefundeerde risiko-evaluering (byvoorbeeld van treinrampe) en besluite ten opsigte van onsekerheid en onbepaaldheid (“indeterminacy”). Enersyds hou dit verband met die feit dat “beter kennis”, wat gewoonlik in 'n positiewe lig beskou word, paradoksaal toenemend die basis word van nuwe risiko's. In hierdie verband verwys Beck (2000:216-217) na gevorderde kennis van breinfunksies, wat dit byvoorbeeld moeiliker maak as voorheen om

met sekerheid te verklaar dat 'n persoon “breindood” is. Bowendien, so argumenteer Beck verder, skep die wetenskap (en hy kon tegnologie bygevoeg het) “nuwe soorte risiko” deur die inisiëring van nuwe sfere van kennis en handeling (byvoorbeeld mRNA-tegnologie in die ontwikkeling van “entstowwe”), en hy verwys hier spesifiek na die hoogs-relevante geval van menslike genetica, waar die grens tussen gesonde en siek individue toenemend vervaag vanweë die vermoë om oorerflik siektes in oënskynlik-gesonde mense te diagnoseer. Andersyds is *onwetendheid* eweseer die basis van risiko, ofskoon nie in die sin van *potensiële* kennis nie, maar juis in die konteks van “hoogs-ontwikkelde deskundige rasionaliteit” (“highly developed expert rationality”), waar die berekening van waarskynlikheid nooit 'n spesifieke gebeurtenis kan uitskakel nie (Beck, 2000:217). Beck kom gevolglik tot die slotsom dat toenemende “onwetendheid” in hierdie sin die vraag omtrent *besluitneming* in die konteks van onwetendheid en onsekerheid *radikaliseer*. Vandaar die vraag, gevolg deur 'n konklusie, wat uiters relevant is vir hierdie essay, naamlik (Beck, 2000:217), of die onvermoë om te ken 'n mens die reg tot handeling verleen, of andersyds die basis voorsien om handeling te vertraag, vir moratoria, of selfs vir gebrek aan handeling. Met ander woorde, in die lig van fundamentele *onkunde*, hoe regverdig 'n mens die motiewe vir *handeling*, of die verpligting, om *nie* te handel nie? Hy herinner 'n mens daaraan dat dit langs hierdie weg is dat 'n samelewing wat op kennis en risiko gebaseer is 'n dreigende sfeer van moontlikhede skep.

In die *sesde* plek ondermyn risiko's in die risiko-samelewing die onderskeid tussen die “globale” en die “lokale”, sodat nuwe soorte risiko tegelykertyd globaal en lokaal is, oftewel “glokaal” (“glocal”). Dit is waarom ekologiese probleme “geen grense ken nie”, vir sover hulle globaal versprei deur water, die lug en wind (Beck, 2000:218); en in die lig van die verspreiding van die “nuwe” koronavirus kan 'n mens byvoeg: “deur lugverkeer”. Beck voeg die uiters belangrike opmerking by – aangesien tydgenootlike risiko-samelewings nie meer die opsie het om die “logika van beheer” (van 'n vroeëre moderniteit) uit te oefen nie – dat hulle in “self-kritiese samelewings” behoort te ontwikkel (2000:218).

Die *sewende* stelling wat Beck maak (wat weereens opvallend betrekking het op die huidige onderwerp) handel oor die onderskeid tussen “*kennis*, latente *trekkrag* (“*impact*”) en simptomatiese *effek*”, vanweë die feit dat die plek van *oorsprong* en van *trekkrag* nie *ooglopend* verbind is nie (2000:219). Hiermee bedoel Beck dat die verspreiding en beweging van potensiële gevare dikwels immanent en latent, en daarom onsigbaar en onnaspeurbaar is vir alledaagse waarneming. Dit is waarom sodanige risiko's duidelik *waarneembaar* gemaak moet word; dán eers kan beweer word dat hulle 'n aktuele bedreiging inhou. Kulturele waardes sowel as wetenskaplike argumente is hierby betrokke. Hy herinner 'n mens ook daaraan dat die potensiële *trekkrag* van risiko's groter word namate min mense daarvan weet of daarvan *wil* weet – 'n duidelike verwysing na wat Sigmund Freud die “doodsdrif” genoem het, met ander woorde, die neiging om altyd na 'n “toestand van rus” (jou “gemaksonie”) terug te keer.

Die *agste* punt wat Beck maak, is dat 'n mens in die risiko-samelewing nie langer op klinkklare wyse *tussen natuur en kultuur kan onderskei* nie (2000:221). Inteendeel: vandag woon ons in 'n hibriede-wêreld wat hierdie digotomie oorskry; om vandag van kultuur te praat, is om oor natuur te praat, en omgekeerd. Die denkskeiding tussen natuur en kultuur is 'n modernistiese oorblyfsel wat nie in berekening bring dat ons in 'n “beskawing” woon waarvan die eienskappe daardie onderskeiding te bowe gaan nie. Bowendien word die verdwyning van sodanige grense nie slegs deur die industrialisering van natuur en kultuur teweeggebring nie, maar inderdaad ook deur die risiko-verbonde gevare wat alle lewende wesens bedreig. Of 'n mens nou aan omgewingsbesoedeling of beskadiging van die osoonlaag dink, word die natuur onvermydelik deur menslike aktiwiteite beïnvloed. Sodanige gemeen-

skaplike gevare oorskry ook verskille tussen klasse, nasies en alle lewende wesens. Ofskoon Beck nie oor die inligting beskik het wat op Covid-19 betrekking het nie, sou hy die debat oor die oorsprong van die “nuwe koronavirus” – die vraag, of dit ’n natuurlike, “soönotiese” (“zoonotic”), of ’n kunsmatig-tegnowetenskaplike laboratorium-oorsprong gehad het – as demonstrasie van hierdie onskeibaarheid van natuur en kultuur kon sien.

Implikasies van Beck se analise vir die huidige tyd

Voordat na die vraag oor Beck se belang vir die hede gedraai word, moet ek – waarskynlik tot die skok van die meeste lesers (wat nie deur die massamedia oor die *ware*, lewensontwrigtende en -bepalende gebeure “agter die skerms” ingelig word nie; intendeel, hulle word stelselmatig ’n rat (voorheen rad) voor die oë gedraai – sien Mercola, 2022c) – onmiddellik die stelling maak dat, hoe onwaarskynlik dit ook al mag klink, ons onself tans in die middel van die grootste magsoorname in die geskiedenis bevind. Alle beskikbare inligting dui daarop dat ’n relatief klein groepie mense – wat oor ongekende tegnologiese en finansiële-ekonomiese mag beskik – in die proses is om langs verskillende weë ’n oorgang van een vorm van samelewing (die een waaraan ons gewoon was) tot ’n fundamenteel andersoortige samelewing te bewerkstellig. Covid-19 was slegs die begin daarvan, maar globale ekonomiese ineenstorting, gepaardgaande met hongersnood vanweë die vernietiging van voedselbronne, oorloë, asook nuwe pandemies, maak ook deel daarvan uit. Kernagtig gestel, probeer hierdie groep transhumanistiese tegnokrate die proses van samelewingsoorgang, wat histories gewoonlik tot drie eeue of langer kan duur – dink aan die tyd wat dit geneem het om van die middeleeue tot die moderne era te ontwikkel – binne slegs tien jaar in te forseer. (Raadpleeg die World Economic Forum se webwerf, waar dit duidelik uitgespel word.) Die aard hiervan sal hier onder duideliker word, maar om te beklemtoon dat dit geen hersenskim is nie, moet ek daarop wys dat ’n viermaandelange hofspraak in die Internasionale Gemenereghof van Geregtigheid in Brussels twee jaar gelede geëindig het met die skuldigbevinding van 75 mense op aanklagte wat massamoord insluit (Annett, 2022). Onder hierdie skuldiges tel bekende wêreldfigure soos Albert Bourla en Emma Walmsley van Pfizer en GlaxoSmithKline (onderskeidelik), Justin Trudeau van Kanada, Pous Francis (Jorge Bergoglio), (oorlede) Koningin Elizabeth (Windsor) van Brittanje en Xi Jinping, President van China. Ofskoon die hof nie afdwingbare gesag het nie – die bevindinge is grootliks simbolies – spreek dit boekdele dat die aanklagte te make het met die sogenaamde Covid-19 “entstowwe”, asook ander aspekte van die Covid- “pandemie”.

Weereens, om te beklemtoon: dit het sedert ongeveer die middel van 2020 duidelik geword dat die “pandemie” asook die “entstowwe” slegs maar die begin was van ’n veel verreikender poging, deur ’n relatief klein, maar super-ryk groep biljoenêr-plutokrate en tegnokrate om globale mag oor te neem en die res van die wêreld te verslaaf (Grand Jury, Opening Statements, 2022; Grand Jury, Injections and Psychological Warfare, 2022a; Kennedy, 2021; Mercola & Cummins, 2021; Breggin & Breggin, 2021; Olivier, 2021; 2022a). Daar is tans nog ’n hofspraak hangende by die Internasionale Kriminele Hof in Den Haag, soortgelyk aan die onlangs-afgelope een in Brussels, en indien dit tot ’n vergelykbare bevinding kom, sal die konsekwensies veel verreikender wees as dié van die Gemenereghof (Mercola, 2022b).

Wat die implikasies van Beck se konseptualisering van die “risiko-samelewing” vir die tydsgegewig waarin die mensdom tans verkeer betref, is daar etlike duidelik-identifiseerbare risiko’s wat ons in die gesig staar, maar nie noodwendig in die sin wat Beck risiko verstaan nie. *Eerstens*, wat die kwessie van die verskil tussen *vernietiging* en *risiko* betref, bestaan daar voldoende getuïenis van ’n fundamentele onderskeid tussen die relatief-lae risiko wat die

koronavirus vir die mensdom ingehou het, in die lig van die lae sterftesyfer wat daarmee geassosieer is (sien Coronavirus World-O-Meter: sterftes per miljoen mense), enersyds, en die ontsettende ekonomiese vernietiging wat deur regerings se inperkingsmaatreëls (“lockdowns”) berokken is andersyds. Tydens laasgenoemde het miljoene mense wêreldwyd hul inkomste verloor, en as gevolg daarvan is die kanse vir oorlewing van hul afhanklikes fundamenteel negatief beïnvloed (Chossudovsky, 2022). Wanneer ’n mens die omstrede vraag omtrent die Covid-19-“entstowwe” – wat nie egte entstowwe is nie, omdat laasgenoemde infeksies deur ’n virus of bakterie, asook die sekondêre infeksie van ander mense voorkom, terwyl die Covid-inspuitings vir geeneen hiervan kwalifiseer nie, en bowendien vernietigende gevolge het vir mense wat hulle ontvang (Kennedy, 2021:157-195) – onder die loep neem, is die onderskeid tussen risiko en vernietiging (in die sin van sterfte) enersyds nog duideliker, maar andersyds geldig. Die rede hiervoor is dat die sterftesyfer wat aan die “entstowwe” toegeskryf kan word, buitensporig hoog is, reeds op soveel as ongeveer 31 miljoen wêreldwyd geraam word, en steeds vermeerder (Derisk, 2024; sien ook Malone, 2023; Kennedy, 2021:157-195; 174-176; Mercola, 2022; McGregor, 2022; Breggin & Breggin, 2021; Olivier, 2021; 2022 & 2022a), en andersyds die blote risiko van ander nuwe-effekte (soos byvoorbeeld verlamming) waaraan ’n mens jouself of jou kinders blootstel deur jou (of hulle) aan die inspuiting(s) te onderwerp, ook buitengewoon hoog blyk te wees. Daarvan is die getuienis onweerspreklik, al word dit deur amptelike organisasies soos die WHO en die CDC in die VSA, en SAPHRA hier te lande onderdruk – om die waarheid hieromtrent uit te vind, moet jy jou tot alternatiewe nuusbronne soos Michel Chossudovsky se Global Research, die Epoch Times, Dr Mercola se webwerf, Brownstone Instituut, asook behoorlik gedokumenteerde boekstudies soos dié van Robert Kennedy (2021), Kees van der Pijl (2022), en van die navorsingspan, Peter en Ginger Breggin (2021) wend. Bo en behalwe hierdie studies is daar talryke alternatiewe internetbronne wat ’n mens kan raadpleeg (sien die bronnelys in Olivier, 2021; 2022; en 2022a).

Hierdie (in weerwil van die vervolging waaraan hulle onderwerp word) *dapper* mense se bevindinge bring verder aan die lig dat wat Beck “risiko-besluitnemers” noem, asook diegene wat uitgelewer is aan die gevolge van ander se besluite, in die Covid-19-konteks duidelik waarneembaar en onderskeibaar is. Onder eersgenoemde tel die veronderstelde gesondheidsowerhede hier te lande (SAPHRA, wat Dr Herman Edeling [2021] se ope brief, waarin hy sy kommer oor onder andere die nadelige gevolge van die “entstowwe” uitspreek, gewoon geïgnoreer het), internasionaal (die WHO), asook in die VSA (die FDA en die CDC), in Europa en in ander lande. Weliswaar bestaan daar uitsonderinge in lande soos Indië en Japan (Shukla, 2021; Campbell, 2021), waar owerhede in die loop van hul (negatiewe) ervaring met Covid-19-“entstowwe” die besluit geneem het om hul tot die (suksesvolle) gebruik van alternatiewe middele soos Ivermectin te wend (wat stelselmatig deur Dr Anthony Fauci en Bill Gates in Amerika gedemoniseer is, met rampspoedige gevolge vir pasiënte wat gered kon gewees het; Kennedy, 2021:145). Diegene wat aan die besluite van bogenoemde organisasies uitgelewer is, sluit alle mense wêreldwyd in wat (moontlik verstaanbaar en vergeefbaar) hul nasionale gesondheidsowerhede blindweg vertrou het, met laasgenoemde se versekering, dat die “entstowwe” “veilig en effektief” is. Tot hul nadeel, moet ’n mens byvoeg, in die lig van die hoë sterftesyfer van mense wat twee of drie van hierdie inspuitings ontvang het – volgens ’n openbare bekendmaking is 92% van die mense wat in Brittanje aan Covid-19 oorlede is, ten volle “ingeënt” (The Exposé, 2022; sien ook Kennedy, 2021:174-176).

Wat die “rasionaliteit of irrasionaliteit” van risiko (waarvan Beck praat) betref, kan ’n mens tereg vra of die risiko van lewensverlies met die Covid-19-inspuitings – waarvan die aanvanklike kommerwekkende toetsresultate nie volledig bekendgemaak is nie (Mercola,

2022a; Kennedy, 2021:168; 170-177) – die gevolg van irrasionele risiko was, of eerder op instrumenteel-rasionele gronde vir riskante besluitneming dui (in die lig van getuienis dat Pfizer farmaseutiese firma van die gevare wat hul “entstof” vir mense inhou bewus was, maar dit sorgvuldig verswyg het). Wat intussen hieroor bekend geword het, dui eerder op laasgenoemde (Kennedy, 2021:172). In skrilte kontras hiermee, en klaarblyklik juis om die “entstowwe” te bevorder, is die afgryslikhede van Covid-sterftes internasionaal deur die hoofstroom-media gedramatiseer (sien Kennedy, 2021:53, 661-662, in verband met die oordrewe sterftevoorspellings van Neal Ferguson), wat – soos hier bo uitgewys is – deur die relatief-lae globale doodsyfer van Covid weerspreek word. (Dit beteken nie dat Covid-19 *nie* ’n gevaarlike siekte is nie, maar slegs dat die *lewens*gevaarlikheid daarvan om strategiese redes oordryf is.) Immers, mense sou hulself *nie* geredelik aan “inenting” onderwerp het indien hulle geglo het dat hul lewens in gevaar was nie. ’n Mens het in Julie 2022 dieselfde strategie in die USA gesien ontplooi wat “aap-pokke” (“monkeypox”) betref, waar die Biden-administrasie miljoene dosisse van ’n “entstof” teen hierdie siekte beskikbaar gestel het (RT 2020), en te oordeel aan die aantal dosisse wat deur verskeie state bestel is, het die strategie weereens geslaag, ten spyte daarvan dat die siekte as “matig” beskryf is.

Indien die aanduidings dat farmaseutiese maatskappye van die gevare wat hul “entstowwe” vir die publiek inhou bewus was, ernstig opgeneem word, en gedagtig aan wat Beck as die waarde-oriëntering ten opsigte van risiko en *oorlewing* beskryf, is die vraag wat hy stel meer pertinent as ooit tevore, naamlik: is die bewakers van die *polis* betroubaar? Aansluitend hierby kom die vraag na die “reg op weerstand teen regerings” – wat Beck (2000:215) reeds bevestigend by Thomas Hobbes bespeur – duidelik in die gedrang. Dit hou verder verband met wat hy (hier bo) as “gehare” beskryf wat aan diegene (in besigheid, politiek, wet en wetenskap) wat vir die instandhouding van sosiale orde verantwoordelik is toegeskryf kan word, met die betekenisvolle *caveat*, dat diegene wat die openbare welsyn in gevaar stel, enersyds, en diegene wat verantwoordelik is vir die beskerming daarvan, andersyds, in werklikheid “identies mag wees”. Dit is asof Beck reeds meer as 20 jaar gelede merkwaardige voorkennis gehad het van wat vandag in die wêreld ontvou, gedagtig daaraan dat nasionale en internasionale organisasies wat *veronderstel* is om na mense se gesondheidsbelange om te sien, toenemend blyk om *juis* onder dié te tel wat sodanige belange stelselmatig ondermyn.

Hier bo is aangedui dat Beck melding maak van die *logika van beheer* (“control”) wat moderniteit politiek en sosiologies domineer, en dat die huidige tyd getuie is van ’n besonder perverse geval van sodanige pogings om alle aspekte van die globale samelewing te beheer. Hiermee bedoel ek dat, in kontras met die tipies-moderne *logika van beheer*, wat vanweë die kompleksiteit van die sake waarop dit betrekking het, aanleiding gee tot risiko met onvoorspelbare gevolge, die huidige *logika van beheer* onder “pandemie”-omstandighede van ’n totaal-ander orde is. Die rede hiervoor is dat dit nie hier oor beheer van sake en prosesse gaan wat *bona fide* deel uitmaak van normale, samelewingbevorderlike wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling nie, maar – soos al die beskikbare, maar grootliks deur hoofstroom-media versweë getuienis bevestig – inderdaad *perverse* beheer is wat daarop gemik is om die samelewing te ondermyn en in duie te laat stort, met die doel om “van voor af te begin”. Laasgenoemde “nuwe begin” (“great reset”) het te make met wat die WEF (World Economic Forum), veral by monde van Klaus Schwab (2020), die grondlegger daarvan, “The Great Reset” noem, en wat sedert die begin van die “pandemie” deur die meerderheid van wêreldleiers (o.a. Joe Biden, Justin Trudeau, Boris Johnson en Emmanuel Macron), met die uitsondering van Vladimir Putin, nagepraat word. Dit behels die voorafgaande vernietiging van die huidige globale ekonomie, gevolg deur die heropbou daarvan met behulp van tegnologiese middele

soos kunsmatige intelligensie (KI (AI), met ander woorde robotte), sowel as 'n volkome gedigitaliseerde ekonomie en geldstelsel waardeur mense beheer sou word (GRAND JURY, 2022: Day 1).

Ek besef dat wat ek hier skryf vir die meeste mense wat *nie* die navorsing gedoen het wat ek en vele ander mense reeds gedoen het (sien Olivier, 2021; 2022; 2022a; 2023a; 2023b; 2023c; 2024a; 2024b) sal sin maak nie, maar ek kan lesers verseker dat al die inligting hieroor beskikbaar is wanneer jy daarvoor soek. 'n Kursoriese besoek aan die WEF se webwerf – waar aangekondig word dat 'n mens teen 2030 “...niks sal besit nie, maar gelukkig sal wees” (my vertaling; BO) – behoort die uitwerking op krities-denkende mense te hê van om “wakker te word uit hul dogmatiese slaap” (met erkenning aan Immanuel Kant), wanneer die besef tot hulle deurdring dat ons tans in die middel van 'n globale *coup d'état* verkeer waarvan die gelyke nog nooit in die geskiedenis gesien is nie (Van der Pijl, 2022). Immers: wat impliseer die WEF se verklaring dat 'n mens teen daardie tyd “niks sal besit nie”? 'n Goeie plek om te begin lees, is die versameling artikels en boeke wat gratis op die webwerf van Global Research beskikbaar is, veral die boek deur Michel Chossudovsky (2022). Geen denkende mens kan betwyfel wat 'n mens daar aantref nie. Die tweede, nog meer onmisbare boek wat 'n mens moet lees, is die een van Robert Kennedy (2021), waar hy op uitvoerig-gedokumenteerde wyse die kabaal aan die kaak stel wat agter die sinistêre proses van ontvolking (kolossale mensemoord; kyk ook Malone, 2023; Derisk, 2024) aan die hand van sogenaamde “entstowwe” staan, waarby 'n mens ook ander middele kon voeg, soos 'n sorgvuldig-georkestreerde ekonomiese ineenstorting (Chossudovsky, 2022; Grand Jury, 2022b), gepaardgaande met hongersnood vanweë sistematiese voedselvernietiging (Philipp, 2022a), wat reeds geruime tyd aan die gang is. Wat tans toenemend aan die lig kom, is dat beheer oor die weer (“geo-engineering”) deur middel van onder andere kragtige laserstrale benut word (Adl-Tabatabai, 2024) om gemeenskappe in duie te laat stort wanneer kunsmatig-veroorsaakte orkane hul tref – soos die twee orkane, Helene en Milton in Noord-Karolina en Florida in Amerika in Oktober 2024. Opsommend, dus: die “logika van beheer” wat tans globaal deur diegene wat deel uitmaak van die “Nuwe Wêreldorde” uitgeoefen word, is 'n perverse, dodelike logika wat daarop gemik is om die wêreldbevolking aansienlik uit te dun en die oorlewendes te verslaaf. Enigiemand wat hieraan twyfel, kan maar net na die huidige dokumentêre reeks van Bill Gates op Netflix kyk, waarin hy geen doekies draai om sy voorneme om die wêreldbevolking te verminder nie (FRONTNIEUWS, 2024).

Wat Beck 'n “sintese van kennis en onwetendheid” (“*synthesis of knowledge and unawareness*”; 2000:216) noem, ondergaan eweneens onder die huidige, illegitieme magskonstellasie van state, saamgesnoer onder die leiding van die WEF (in samewerking met die WHO) 'n fundamentele betekenisverandering. Waar Beck hierdie frase – soos hier bo opgemerk – benut om die onwetendheid en kompleksiteit wat in die konteks van huidige gevorderde tegnologiese prosesse figureer, aan te dui, het dit tans onder andere betrekking op die mengsel van *bewuste* onwetendheid oor wat die *presiese* gevolge van veral die *eksperimentele* mRNA-inspuitings op mense sou wees (Kennedy, 2021:54; Nass, 2020), en *kennis* van watter bestanddele die “entstowwe” bevat (Noack, 2021; Ahlawat, 2021), om maar net één aspek van die huidige aanslag teen die mensdom te noem. 'n Mens moet ook nie nalaat om te noem dat die “nuwe wêreldorde”-kabaal en die farmaseutiese maatskappye wat hierdie hele magsoorname beplan het (sien Grand Jury, 2022a) die risiko dat hul plan (in weerwil van die ontsettende mag tot hul beskikking) moontlik *nie* mag slaag nie, in die gesig moet staar. Hulle het immers met mense te doen, en al is dit so dat die oorgrote meerderheid van mense – wat hul regerings en gesondheidsowerhede blindweg vertrou het, in 'n soort massapsigose

(sien Olivier, 2022) verval het en soos gehoorsame skoolkinders maskers gedra, die inspuittings sowel as inperkingsinstruksies (hoe ongrondwetlik ook al) aanvaar en gevolg het – nie ’n onmiddellike gevaar vir hulle inhou nie, is daar tekens dat hulle in toenemende getalle begin “wakker word”, en dat die globaliste moontlik meer teenstand gaan verduur as wat hulle dink. Ironies genoeg, is hierdie toedrag van sake ’n manifestasie van kompleksiteit – *die kompleksiteit van mense*, waarop die *risiko* wat die kabaal neem, berus: ’n mens kan nooit absoluut voorspel hoe wilsvrye mense in die toekoms gaan optree nie, en dus is daar gronde vir hoop dat genoegsame getalle mense die waarheid sal ontdek en noemenswaardig (en *pro-aktief* in plaas van bloot *reaktief*) sal begin weerstand bied.

Die kwessie van “kennis en onwetendheid” het ook hier te make met wat Beck argumenteer omtrent die wetenskap (en dit geld ook vir tegnologie), dat dit “nuwe soorte risiko” skep deur die oopmaak van nuwe kennis- en handelingsfere, wat weereens duidelik op mRNA-tegnologie van toepassing is. Hierdie insig sluit aan by sy vraag (Beck, 2000:217) of die *onvermoë* om met sekerheid te ken ’n mens die *reg* tot handeling verleen, of andersyds die basis voorsien om *nie* te handel nie. Met ander woorde, in die lig van fundamentele *onkunde*, hoe regverdig ’n mens die motiewe vir *handeling*, of die verpligting, om *nie* te handel nie? Die probleem met hierdie aspek van Beck se redenasie omtrent risiko is ongelukkig dat dit op die veronderstelling berus dat ’n mens altyd, en dus tans ook (met die huidige globale magsoorname-poging) met *rasionele* mense te doen het (waarmee veral *etiese, gemeenskapsgeoriënteerde rasionaliteit* bedoel word), terwyl dit geensins vandag die geval is nie (Olivier, 2024c; 2024d; 2024e). Die enigste soort rasionaliteit wat in genoemde konteks funksioneer, is perverse, nekro-instrumentele rasionaliteit, wat selfs vir Adorno en Horkheimer sou geskok het. ’n Voorbeeld hiervan is wat aan die lig gekom het met Dr Andreas Noack (2021) se analise van een van die mRNA- “entstowwe”, waar hy aangetoon het dat dit “graphene hydroxide” (“grafeen-hidroksied”) bevat, die instrumentele uitwerking op die menslike kardiovaskulêre sisteem waarvan niks minder as dodelik is nie. Hy vergelyk dit met “nano-grootte skeermeslemmetjies” wat deur die are, slagare en kleiner bloedvate sny, veral wanneer ’n mens inspannende oefening doen, wat meebring dat die bloed vinniger as gewoonlik deur jou hart en are beweeg. In die lig hiervan skryf hy die buitengewoon-hoë aantal kardiovaskulêr- verwante sterftes (oor ongeveer die afgelope jaar-en-’n-half) van sportmanne en -vroue *tydens hul aktiwiteite op sportvelde* aan die uitwerking van die grafeen-hidroksied in die mRNA-inspuittings toe. Dit is wat ek bedoel met die stelling dat ’n mens tans met perverse, nekro-instrumentele rasionaliteit te make het. Ook die fenomeen van “skielike volwassene dood-sindroom” (Mercola, 2022; 2022a) wat onlangs begin kop uitsteek het, kan myns insiens hieraan toegeskryf word, al is dit so dat dokters blykbaar hieroor kopkrap (Philipp, 2022).

Die toepaslikheid van Beck se opmerkings oor die onderskeid tussen die “globale” en die “lokale” in die risiko-samelewing – dat nuwe soorte risiko’s tegelykertyd globaal en lokaal is, oftewel “glokaal” (“glocal”) – is onteenseglik tans die geval oor ’n breë spektrum van sake, vanaf die verspreiding van die koronavirus van ’n spesifieke plek (lokaliteit), vermoedelik Wuhan, China, dwarsdeur die wêreld, tot die “globalisering” van inperkings (“lockdowns”) en die voorskriftelike “universalisering” van “inentings” aan die hand van “verpligte (“mandatory”) inentingsregulasies”. In die lig van wat reeds hier bo geskryf is, is die risiko (of moontlik eerder gevaar van vernietiging) wat hiermee gepaardgaan van ’n ander orde as wat Beck daaronder verstaan het, meer spesifiek vanuit die perspektief van diegene wat aan hierdie maatreëls en praktyke onderwerp is – weliswaar sonder dat mense noodwendig van die risiko bewus was; intendeel, in die meeste gevalle was hulle salig onbewus daarvan, hoofsaaklik vanweë die effektiewe propaganda, dat al sodanige regulasies noodsaaklik was,

en dat die “entstowwe” kwansuis “veilig en effektief” is (wat *geensins* die geval is nie; kyk FRONTNIEUWS 2024a). Ook die onderskeid tussen “*kennis*, latente *impak* en simptomatiesse *effek*,” vanweë die feit dat die plek van *oorsprong* en van *impak nie ooglopend* verbind is nie (Beck, 2000: 219), kan klaarblyklik aan bogenoemde sake gekoppel word. Daarom is dit gebiedend noodsaaklik dat die risiko’s – indien nie gevaar van vernietiging nie – verbonde aan die “entstowwe”, asook aan dinge soos inperkings, duidelik *waarneembaar* gemaak moet word, sodat die andersins onwetende publiek daarvan bewus gemaak kan word dat hulle ’n daadwerklike bedreiging inhou.

Slot: Watter toekoms?

Teen die agtergrond van bostaande gedagtes rondom die relevansie van Ulrich Beck se werk vir die huidige mondiale krisis, wat die meerderheid van mense nie – vanweë die uiters effektiewe en volgehoue waninligting-veldtog via die massamedia (Mercola, 2022c; Kennedy, 2021: 809; Olivier, 2022a) – as ’n krisis ervaar nie, moet ’n mens dus, gedagtig aan die tema rakende “verlede, hede en toekoms”, vra watter implikasies hulle vir die toekoms-gewortelde hede het. Die toekoms is op sy beurt in die verlede en die hede veranker, maar – soos vroeër aan die hand van Heidegger se denke aangetoon – die hede is vir die sin daarvan afhanklik van die toekoms. Meer spesifiek: die hede is slegs sin-vol in die lig van ’n bevestigende toekomsperspektief. Maar wanneer sodanige perspektief alleenlik maar die karakter van ’n toekomsverduistering in die gewaad van ’n *Menschen-dämmerung* (in plaas van ’n *Götterdämmerung*) vertoon, staar jy onvermydelik en onontwykbaar ’n sin-lose toekoms in die gesig. Die huidige gebeure in die wêreld dui op die reële moontlikheid van totale gebrek aan toekomserspektief in die ware menslike sin, aangesien die gronde daarvoor sistematies deur die tegnokratiese kabaal verwyder word.

Die rede hiervoor is dat, soos hier bo aangedui, *risiko sowel as (gevaar van) vernietiging* vandag ’n ander gedaante aanneem as by Beck, vir wie risiko onafskeibaar was van die risiko-samelewing wat dit as neweproduk van refleksiewe modernisering produseer. Waarmee ’n mens egter vandag te make het, is nie refleksiewe modernisering nie, maar in die lig van beskikbare getuienis doelbewuste “konstruksie” van lewensondermynende *gevaar*, en daarmee saam (in die lig van die onvoorspelbaarheid van die gevolge van tegniese skepping van virusse en dies meer) die *risiko*, dat die menslike geslag in die geheel daarvan uitgewis kan word. Die *heel ernstigste gevaar van vernietiging* (wat onafskeidbaar is van waarneming as sodanig) – in die presiese sin van *die oortuigende persepsie (van die kolossale gevaar) van die moontlikheid dat die mensdom hul politieke en sosiale vryheid, en inderdaad selfs hul voortbestaan as ’n spesie sou kon verloor*, met ander woorde die gevaar van uitsterwing of spesie-vernietiging – is egter die *risiko* dat ’n *onvoldoende* aantal mense hierdie gevaar *as gevaar* sal raaksien, of soos vroeër gestel, daarvan *wil* weet, omdat dit hul “gemaksones” negatief affekteer. Kortweg: die ware *risiko* is dat te veel mense blind is vir die *mega*-gevaar, dat hul menslikheid in meer as een sin op die spel is. Ons moet onself dus gedurig aan FD Roosevelt se bekende woorde herinner: “The only thing we have to fear is fear itself”. Waarom? Omdat vrees jou verlam, en dus die nodige *handeling* voorkom wat noodsaaklik is om ons vryheid en voortbestaan te behou (Olivier, 2023; 2024).

BIBLIOGRAFIE

Adl-Tabatabai, S. 2024. CBS News airs segment admitting “Weather can be controlled with lasers”. The People’s Voice, 11 Oktober: <https://thepeoplesvoice.tv/cbs-news-airs-segment-admitting-weather-can-be-controlled-with-lasers/> (Toegang 12 Oktober 2024).

- Ahlatw, C. 2021. How did Dr Andreas Noack die and what was his cause of death? Age, wife, and more. *Get India News*; 5 December: <https://getindianews.com/who-was-dr-andreas-noack-and-what-was-his-cause-of-death/> (Toegang 17 Desember 2021).
- Annett, K. 2022. Breaking News from the International Common Law Court of Justice, January 15, 2022 (GMT). Big pharma, government, church leaders face arrest as Court convicts them of Genocide, prohibits injections. *Murder by Decree*; 14 January: <http://murderbydecree.com/2022/01/14/breaking-news-from-the-international-common-law-court-of-justice-january-15-2022-gmt-big-pharma-government-church-leaders-face-arrest-as-court-convicts-them-of-genocide-prohibits-injections/#page-content> (Toegang 23 Januarie 2022).
- Beck, U. 1992. *Risk Society. Towards a New Modernity*. Vert, Ritter, M. London: Sage Publications.
- Beck, U. 2000. Risk society revisited: Theory, politics and research programmes. In Adam, B, Beck, U & Van Loon, J. (eds). *The Risk Society and Beyond. Critical issues for Social Theory*. London: Sage Publications, pp. 211-229.
- Breggin, PR & Breggin, GR. 2021. *COVID-19 and the Global Predators – We Are the Prey*. Self-published e-book: Version 6.20.2021.
- Campbell, J. 2021. Ivermectin in Japan. Covid19-vaccine, 23 November: https://www.youtube.com/watch?v=E1GF0H9V_1g (Toegang 7 Januarie 2022).
- Chossudovsky, M. 2022. *The 2020-22 Worldwide Corona Crisis Destroying Civil Society, Engineered Economic Depression, Global Coup d'État and the "Great Reset"*. <https://www.globalresearch.ca/the-2020-worldwide-corona-crisis-destroying-civil-society-engineered-economic-depression-global-coup-detat-and-the-great-reset/5730652?pdf=5730652> Global Research e-book. (Afgelaai 6 Mei 2022).
- Derisk. 2024. 31 Million excess deaths, infant mRNA inoculations and the 5th dimension. <https://www.zerohedge.com/news/2024-09-11/31-million-excess-deaths-infant-mrna-inoculations-and-5th-dimension> (Toegang 25 September 2024).
- Edeling, H. 2021. COVID-19 Pandemic – Health and economic crises. Open letter to President Ramaphosa. EMLCT, 10 August: <https://emlct.com/index.php/covid-19-pandemic-health-and-economic-crises-open-letter-to-president-ramaphosa/> (Toegang 1 September 2021).
- Desmet, M. 2022. *The Psychology of Totalitarianism*. Transl. Vanbrabant, E. London: Chelsea Green Publishing.
- FRONTNIEUWS. 2024. Bill Gates' new Netflix show publicly reveals his "depopulation plan" for billions of people. FRONTNIEUWS, 12 Oktober: <https://www.frontnieuws.com/bill-gates-nieuwe-netflix-show-onthult-publiekelijk-zijn-ontvolkingsplan-voor-miljarden-mensen/> (Toegang 12 Oktober).
- FRONTNIEUWS 2024a. WHO admits monkeypox is "side effect" of Covid "vaccine". FRONTNIEUWS, 12 Oktober: <https://www.frontnieuws.com/who-geeft-toe-dat-apenpokken-bijwerking-is-van-covid-vaccin/> (Toegang 12 Oktober).
- Gadamer, H-G. 2004. *Truth and Method*. 2nd revised version: Weinsheimer, J & Marshall, DG. New York: Continuum.
- GRAND JURY – The Court of Public Opinion. 2022. Day 1 – "Opening Statements": <https://odysee.com/@GrandJury:f/Grand-Jury-1-EN:0> (Toegang 29 Mei 2022)
- GRAND JURY – The Court of Public Opinion. 2022a. Day 4: "Injections and Psychological Warfare": <https://odysee.com/@stpierr:f/Grand-Jury-Day-4--English:3> (Toegang 29 Mei 2022)
- GRAND JURY – The Court of Public Opinion. 2022b. Day 5 – "Financial destruction": https://odysee.com/@GrandJury:f/Grand-Jury-Day-5-online_1:4 (Toegang 29 Mei 2022).
- Hänsel, R. 2022. "Planet Lockdown": Documentation of a global crime. Scientists destroy our trust in science. Global Research, 11 August: <https://www.globalresearch.ca/planet-lockdown-documentation-global-crime-scientists-destroy-our-trust-science/5789626> (Toegang 12 Augustus 2022).
- Heidegger, M. 1978. *Being and Time*. Transl. Macquarrie, J & Robinson, E. Oxford: Basil Blackwell.
- Kennedy, RF. (Jr). 2021. *The Real Anthony Fauci. Bill Gates, Big Pharma and the Global War on Democracy and Public Health*. New York: Skyhorse Publishing.
- Malone, R. 2023. Not 14M lives saved, but over 17M dead. *Brownstone Journal*, 27 November: <https://brownstone.org/articles/not-14m-lives-saved-but-over-17m-dead/> (Toegang 7 Januarie 2024).
- McGregor, M. 2022. 'It's genocide': Family alleges ominous conclusion in seeking answers to their daughter's death. The Epoch Times, 19 June: https://www.theepochtimes.com/its-genocide-family-alleges-ominous-conclusion-in-seeking-answers-to-their-daughters-death_4537638.html?utm_

source=newsnoe&utm_campaign=breaking-2022-06-20-1&utm_medium=email&est=QjemynD4sEEUcLygHuVwK%2B2XDstU1BUjJWft%2FP60HX8%2BNDz5QeTKs2SvMp3ZBDF (Toegang 25 Junie 2022).

- Mercola, J & Cummins, R. 2021. *The Truth about COVID-19: Exposing The Great Reset, Lockdowns, Vaccine Passports, and the New Normal*. Vermont: Chelsea Green Publishing, White River Junction.
- Mercola, J. 2022. The latest tragedy: Sudden adult death syndrome. The Epoch Times, 20 June: https://www.theepochtimes.com/the-latest-tragedy-sudden-adult-death-syndrome_4545014.html?utm_source=top5noe&utm_campaign=top5-2022-06-25&utm_medium=email&est=9jjUMNOMHP90B%2BfPODHcIW0uPrgKtGZjla9hlwAp4ioUd8ohuOHpUYsvtj89fe (Toegang 2 Julie 2022).
- Mercola, J. 2022a. Will Pfizer be charged for mislabeling vaccine side effects? *Dr Mercola*, 5 July: https://articles.mercola.com/sites/articles/archive/2022/07/05/covid-vaccine-adverse-effects.aspx?ui=46d7deddf251820f2ba8bb5a045cc28032a544c99e2de5851ef5f743504baeaf&sd=20201019&cid_source=dnl&cid_medium=email&cid_content=art1HL&cid=20220705&mid=DM1205806&rid=1539901115 (Toegang 5 Julie; artikel sal na 48 uur verwyder word; indien nodig, kan dit van my aangevra word; BO).
- Mercola, J. 2022b. Will these people be charged with genocide? *Dr Mercola*, 22 January. (Toegang 22 Januarie 2022; verwyder 48 uur later; op versoek beskikbaar van myself; BO).
- Mercola, J. 2022c. How the media secretly carries out assignments for the CIA. *Dr Mercola*, 6 July: https://articles.mercola.com/sites/articles/archive/2022/07/06/cia-media-infiltration.aspx?ui=46d7deddf251820f2ba8bb5a045cc28032a544c99e2de5851ef5f743504baeaf&sd=20201019&cid_source=dnl&cid_medium=email&cid_content=art1HL&cid=20220706_HL2&mid=DM1206621&rid=1540612281 (Toegang 6 Julie 2022; artikel sal na 48 uur verwyder word; indien nodig, kan dit van my aangevra word; BO).
- Mercola, J. 2022d. Over 100000 released documents expose COVID origin fraud. *Dr Mercola*, 11 April. (Toegang 11 April 2022; artikel sal na 48 uur verwyder word; indien nodig, kan dit van my aangevra word; BO).
- Nass, M. MD. 2020. *Covid-19 Has Turned Public Health Into a Lethal, Patient-Killing Experimental Endeavor*, ALLIANCE FOR HUMAN RESEARCH PROTECTION, (20 June). <https://ahrp.org/covid-19-has-turned-public-health-into-a-lethal-patient-killing-experimental-endeavor/> (Toegang 7 Januarie 2022).
- Noack, A. 2021. Dr Noack killed four days after posting this vid on how graphene hydroxide nano-razors destroy body. t.me/Die Front News, *BitChute*; 1 December: <https://www.bitchute.com/video/NDED1fZQFHl4/> (Toegang 17 Desember 2021).
- Olivier, B. 2002. Time, technology, cinematic art and critique in *The Terminator* and *Terminator II – Judgement Day*: A philosophical interpretation. In Olivier, B. *Projections – Philosophical Themes on Film*, second, enlarged edition. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth Publications, pp. 95-110.
- Olivier, B. 2020. *Why Nothing Seems to Matter Any More: A Philosophical Study of Our Nihilistic Age*. Baltimore, Maryland: Montagu House.
- Olivier, B. 2021. The ‘pandemic’ and the *differend*. *Phronimon – Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, Vol. 22, 2021, pp. 1-35. DOI: <https://upjournals.co.za/index.php/Phronimon/article/view/9764/5124>.
- Olivier, B. 2022. Therapeutic reflections on the ‘pandemic’. *Psychotherapy and Politics International*, Vol. 20 (1 & 2), 2022, pp. 1-29. DOI: <https://ojs.aut.ac.nz/psychotherapy-politics-international/article/view/21>.
- Olivier, B. 2022a. Massive deception masquerading as information and communication: A (largely) Derridean perspective. *Phronimon – Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, Vol. 23, pp. 1-31. DOI: <https://doi.org/10.25159/2413-3086/10811>
- Olivier, B. 2022b. Beyond Agamben’s ‘*Homo Sacer*’ – The ‘pandemic’ as final reduction of humanity to ‘bare life’. Part 1. *Psychotherapy and Politics International* 20 (3), pp. 1-23. DOI: <https://ojs.aut.ac.nz/psychotherapy-politics-international/article/view/39>
- Olivier, B. 2022c. Hede, verlede en toekoms: verwagting, risiko en gevaar van vernietiging. Hoofstuk in *Akademia* Feesbundel, red. PNJ Duvenage. Centurion: Akademia, pp. 45-59.
- Olivier, B. 2023. How (most) philosophers have failed humanity. *Phronimon, – Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, pp. 1-25. <https://doi.org/10.25159/2413-3086/13440>

- Olivier, B. 2023a. Beyond Agamben's 'Homo Sacer' – The 'pandemic' as final reduction of humanity to 'bare life'. Part 2. *Psychotherapy and Politics International*, Vol. 21, Nos 1 & 2, pp. 1-22. <https://ojs.aut.ac.nz/psychotherapy-politics-international/article/view/27>.
- Olivier, B. 2023b. Van Orwell se 1984 tot die aktualisering daarvan in 2020-2023. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (Journal for the Humanities) 63 (3), 2023, pp. 615-631. doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n3a12.
- Olivier, B. 2023c. *Exposing the Drive to Enslave Humanity – Philosophical Interventions. A closer Look at the Sustained Attempt to Install a Global, AI-Controlled Totalitarian Regime*. Saarbrücken: Lambert Publishing.
- Olivier, B. 2023d. Reading between the Lines: Reflections of the Unconscious in a Philosophical Text. *Alternation Special Edition* 41: pp. 70 – 91. DOI <https://doi.org/10.29086/2519-5476/2023/sp41a05>
- Olivier, B. 2024. *Parrhesia* as therapy in fragile times. *Psychotherapy and Politics International* 22 (1), pp. 1-25. <https://doi.org/10.24135/ppi.v22i1.06>
- Olivier, B. 2024a. Technology and a tyranny worse than prison. *Brownstone Institute*, 27 March 2023: <https://brownstone.org/articles/technology-tyranny-worse-than-prison/>
- Olivier, B. 2024b. The WHO's road to totalitarianism. *Brownstone Institute*, 9 April 2024: <https://brownstone.org/articles/the-whos-road-to-totalitarianism/>
- Olivier, B. 2024c. When "psychopathic" is no exaggeration. *Brownstone Institute*, 22 January 2024: <https://brownstone.org/articles/when-psychopathic-is-no-exaggeration/>
- Olivier, B. 2024d. Dungeons and Dragons archetypes come to life. *Brownstone Journal*, 17 September 2024: <https://brownstone.org/articles/dungeons-and-dragons-archetypes-come-to-life/>
- Olivier, B. 2024e. Confronting the real culprits. *Frontnieuws*, 25 September 2024: <https://www.frontnieuws.com/de-echte-boosdoeners-confronteren/>
- Philipp, J. 2022. Sudden adult death syndrome, mad cow disease, and bizarre blood clots raise questions about vaccines. *Crossroads*, 21 June: https://www.theepochtimes.com/sudden-adult-death-syndrome-mad-cow-disease-and-bizarre-blood-clots-raise-questions-about-vaccines_4546720.html?utm_source=Enews&utm_campaign=etv-2022-06-22&utm_medium=email (Toegang 5 Julie 2022).
- Philipp, J. 2022a. The coming food crisis is manmade; the globalists' agenda against farmers and fertilizers. *Crossroads*, 5 July: https://www.theepochtimes.com/nations-are-manufacturing-food-shortages-with-regulation-globalists-agenda-against-farmers-and-fertilizers_4576539.html?utm_source=Enews&utm_campaign=etv-2022-07-05-2&utm_medium=email&est=KQebfcpJz8ckq6X4HVA06FrX0qYfF4vSWLzdFeGut9wP%2FabyKpfiv5c6NUoj%2FOb8 (Toegang 6 Julie 2022).
- Redacted. 2024. These hurricanes are controlled, we have the proof – Dane Wigington; Redacted with Clayton Morris, 10 Oktober: https://rumble.com/v5i448x-these-hurricanes-are-controlled-we-have-the-proof-dane-wigington-redacted-w.html?e9s=src_v1_ucp (Toegang 12 Oktober).
- RT. 2022. US government to distribute monkeypox vaccines. *RT World News*, 29 June: <https://www.rt.com/news/558036-white-house-monkeypox-vaccines/> (Toegang 29 Junie 2022).
- Shukla, R. 2021. COVID-19: States ignore WHO recommendation on Ivermectin, here's what doctor who wrote white paper on the drug has to say. *Financial Express*, 14 April: <https://www.financialexpress.com/lifestyle/health/covid-19-states-ignore-who-recommendation-on-ivermectin-heres-what-doctor-who-wrote-white-paper-on-the-drug-has-to-say/2231596/> (Toegang 7 Julie 2021).
- Schwab, K. en Malleret, T. 2020. *Covid-19 – The Great Reset*. Deerfield Beach, FL: Forum Publishing.
- The Exposé. 2022. Whilst you were distracted by Boris's trip to Kyiv, the UK Gov quietly published data confirming the fully vaccinated accounted for 92% of all Covid-19 deaths in March. The Exposé, 12 April: <https://expose-news.com/2022/04/12/distracted-boris-kyiv-fully-vaccinated-92-percent-covid-deaths/> (Toegang 7 Mei 2022).
- Van der Pijl, K. 2022. *States of Emergency. Keeping the Global Population in Check*. Atlanta: Clarity Press.
- World-O-Meter Coronavirus. <https://www.worldometers.info/coronavirus/#countries>. (Gereelde toegang sedert April 2020).

'n Koorspenlesing¹ van onsekere tye: Informele dagarbeiders in Johannesburg se subjektiewe welstand tydens COVID-19

A thermometer reading of uncertain times: Informal day labourers' subjective wellbeing amid COVID-19

DERICK BLAAUW

Skool vir Ekonomiese Wetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Derick.Blaauw@nwu.ac.za



Derick Blaauw



Marinda Pretorius

MARINDA PRETORIUS

Skool vir Ekonomie
Universiteit van Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: marindap@uj.ac.za

RINIE SCHENCK

DWI/NNS/WNNR – Leerstoel: Afval en Samelewing
Universiteit van Wes-Kaapland
Suid-Afrika
E-pos: cschenck@uwc.ac.za



Rinie Schenck



Danie Meyer

DANIE MEYER

Skool vir Openbare Bestuur
Regeerkunde en Openbare Beleid
Universiteit van Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: dfmeyer@uj.ac.za

¹ Die term word in die artikel gebruik as 'n metafoer in die konteks van COVID-19 en meet spesifiek die omstandighede van dagloners midde in die pandemie – as 'n gevallestudie van kwesbare groepe in die informele ekonomie se ervaring van die pandemie se gevolge.

Datums:

Ontvang: 2024-05-01

Goedgekeur: 2024-09-16

Gepubliseer: Desember 2024

<p>DERICK BLAAUW is 'n professor in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus). Voor sy huidige pos het hy ekonomie aan die Universiteit van Johannesburg (UJ) gedoseer asook aan die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) en die Soweto- en Bloemfontein-kampusse van Vista Universiteit. Professor Blaauw se navorsing is hoofsaaklik op arbeids- en ontwikkelingseconomie gerig. Sy huidige werk is toegespits op die sosio-ekonomiese dinamika van kwesbare groepe in die informele ekonomie, insluitende motorwagte, dagloners en vullisherwinners. Professor Blaauw het reeds wyd in geakkrediteerde plaaslike en internasionale joernale gepubliseer.</p>	<p>DERICK BLAAUW is a professor in the School of Economic Sciences at the North-West University (Potchefstroom campus). Prior to taking up this position, he lectured economics at the University of Johannesburg (UJ), Rand Afrikaans University (RAU) and at the Soweto and Bloemfontein Campuses of Vista University. Professor Blaauw's research interests are mainly in the field of labour and development economics. His current work focusses on the socio-economic dynamics of vulnerable groups in the informal economy, such as car guards, day labourers and waste pickers. Professor Blaauw has an extensive list of publications in accredited national and international journals.</p>
<p>MARINDA PRETORIUS is 'n mede-professor in die Skool vir Ekonomie aan die Universiteit van Johannesburg. Haar navorsing fokus op verskeie ekonomiese velde en sluit onder meer subjektiewe welstand, soewereine kredietgraderings en vooruitskattingsstegnieke van makroekonomiese veranderlikes in. Haar huidige navorsing is gerig op subjektiewe welstandkwessies van onder andere studente en motorwagte. Sy het reeds in verskeie nasionale en internasionale joernale gepubliseer.</p>	<p>MARINDA PRETORIUS is an associate professor in the School of Economics at the University of Johannesburg. Dr Pretorius focuses in her research on various economic fields including, for example, subjective well-being, sovereign credit ratings and forecasting methods of macro-economic variables. Her current research is centered on subjective well-being issues of, inter alia, students and car guards. She has published in various national and international journals.</p>
<p>RINIE SCHENCK is tans professor en gegradeerde navorsers in die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK). Voordat sy by UWK begin werk het, was sy 25 jaar aan Unisa en 6 jaar aan die Universiteit van Pretoria (UP) verbonde. Haar navorsing is gerig op armoede, werkloosheid en in besonder op die persone wat 'n bestaan probeer maak in die informele ekonomie. Professor Schenck en haar navorsingspan gee veral aandag aan die dagloners en vullisherwinners. Sy het reeds wyd in nasionale en internasionale tydskrifte gepubliseer.</p>	<p>RINIE SCHENCK is professor and rated researcher in the Department of Social Work at the University of the Western Cape (UWC). Prior to UWC she lectured at Unisa for 25 years and 6 years at the University of Pretoria (UP). Her research focus is on poverty, unemployment and in particular on people who are making a living in the informal economy, including day labourers and waste pickers. She has published extensively in national and international journals.</p>
<p>DF (DANIEL) MEYER is 'n professor in Ontwikkelingseconomie aan die Universiteit van Johannesburg (UJ) en 'n NNS-gegradeerde navorsers. Sy navorsing fokus op ontwikkelings- en die formulering van indekse en meetinstrumente vir ontwikkeling. Hy is outeur en mede-outeur van meer as 200 portuur-beoordeelde publikasies, asook verskeie ander bydraes en verslae.</p>	<p>DF (DANIEL) MEYER is a professor of Development Economics at the University of Johannesburg (UJ) and an NRF-rated researcher. His research focuses on Development Economics and formulating indexes and tools to measure development. He has authored and co-authored more than 200 peer-reviewed publications and several other contributions and reports.</p>

ABSTRACT***A thermometer reading of uncertain times: Informal day labourers' subjective wellbeing amid COVID-19***

In South Africa, persistent challenges with unemployment have led many individuals to seek opportunities in the informal sector. The onset of the COVID-19 pandemic prompted governmental lockdown measures, significantly impacting vulnerable workers within this sector. A classic example of an informal wage employment activity is the presence of tens of thousands of men and women who congregate on South Africa's street corners, next to traffic lights, other work-related businesses and in front of hardware stores – hoping to find temporary employment for a day or days from passing motorists or customers frequenting the shops mentioned above.

According to the literature, day labourers in South Africa are among the most marginalised and vulnerable groups in the broader informal economy. This study delved into the subjective wellbeing (SWB) of informal wage labourers during the pandemic, with a specific focus on day labourers in Johannesburg. By analysing a sample comprising 230 individuals, we examined the interplay between employment, income, and SWB, considering their susceptibility to external shocks with specific reference to the COVID-19 pandemic. Notably, this research fills a critical gap, as no prior studies have explored the wellbeing of informal sector labourers in the South African context amid the pandemic.

Following the approach employed by previous international and South African studies, a mainly quantitative design with a survey-based instrument was used. The day labour research population was defined as people congregating at informal hiring sites such as street corners, next to traffic lights, or in front of job-related businesses such as hardware stores in Johannesburg, hoping to find temporary employment for the day or several days. Fieldworkers for the study were recruited from students who had completed their studies in Johannesburg and did not yet have permanent employment at the time of the research. Given the COVID-19 limitations that were in place, training for the fieldwork was carried out during Zoom meetings. The fieldwork to collect the data was carried out over a period of two weeks at the end of October 2021.

The analysis encompassed descriptive statistics and an ordered probit model to explore the determinants of SWB within the sample. In the context of South Africa, the literature on SWB underscores the statistically significant associations between SWB and variables such as gender, education, children, marital status, employment, and income. The empirical model used in this study utilised the above factors for day labourers in Johannesburg. The ordered probit model also considered the ordered nature of the dependent variable.

In terms of the demographic results, all participants were male and the majority of day labourers interviewed (over 41%) fell within the 31-40 age bracket. Regarding relationship status, 59.2% of respondents were involved in some form of partnership (married or cohabiting). The average number of dependents relying on respondents' incomes was four, ranging from zero to 15, inclusive of spouses, children, and parents. On average, respondents had two children, with the number of dependent children ranging from zero to eight.

The regression results show that the SWB of day labourers was influenced by various demographic, employment, and employment-seeking history variables that are also significant in other studies in the field of SWB. The vulnerability of these labourers was emphasised through the model's confirmation that several income variables significantly influenced their SWB.

Day labourers are structurally vulnerable, with nothing to fall back on during exogenous shocks like the COVID-19 pandemic. Although the South African government tried to assist vulnerable parties by providing a COVID-19 grant, the results showed that many did not apply because they were not South African citizens, had already received another social grant, or did not possess the necessary documents to apply for it. Some respondents did not apply because they felt it was not worthwhile for such a minimal amount of money.

It was also shown that the effects of the pandemic are continuing. The majority of day labourers in the sample earned less at the time of data collection (October 2021) than in pre-COVID-19 times. No less than 95% of respondents now earned less than before the pandemic, while only 1% reported earning more than pre-pandemic levels. This underscores the disproportionate and enduring impact of exogenous shocks like the COVID-19 pandemic on vulnerable labour force segments. The findings represent a call to policy makers to prioritise the mitigation of the impact that future exogenous shocks may have on vulnerable groupings such as day labourers.

KEYWORDS: Subjective wellbeing; informal economy; COVID-19 pandemic; Johannesburg; South Africa; day labourers, unemployment, structural vulnerability

TREFWOORDE: Subjektiewe welstand; informele ekonomie; COVID-19-pandemie; Johannesburg; Suid-Afrika; dagloners, werkloosheid, strukturele kwesbaarheid

OPSOMMING

In Suid-Afrika het deurlopende uitdagings met werkloosheid daartoe gelei dat baie individue geleenthede in die informele sektor soek in 'n poging om 'n bestaan te maak. Die aanvang van die COVID-19-pandemie het regeringsinperkingsmaatreëls tot gevolg gehad, wat kwesbare werkers in hierdie sektor wesenlik beïnvloed het. Hierdie studie het die subjektiewe welstand van informele dagarbeiders tydens die pandemie ondersoek, met 'n spesifieke fokus op dagarbeiders in Johannesburg. Deur 'n steekproef wat uit 230 individue bestaan het, te ontleed, het ons die wisselwerking tussen indiensneming, inkomste en welstand ondersoek, met inagneming van hul strukturele kwesbaarheid vir eksterne skokke. Hierdie navorsing vul veral 'n kritieke leemte, aangesien geen vorige studies die welstand van arbeiders in die informele sektor in die Suid-Afrikaanse konteks te midde van die pandemie ondersoek het nie. Die studie het alternatiewe inkomstemoontlikhede ondersoek, en die doeltreffendheid van die regering se maatskaplike bystandprogramme en die toereikendheid van ondersteuning wat aan kwalifiserende ontvangers daarvan verskaf word, geëvalueer. Dit verskaf dus 'n omvattende profiel van dagarbeiders wat daarop gemik is om beleidsinisiatiewe in te lig om sosiale en ekonomiese ondersteuning vir werkers in die informele sektor regoor Suid-Afrika te versterk.

Inleiding en doel van die studie

Op 7 Junie 2022 het Statistieke Suid-Afrika aangekondig dat die Suid-Afrikaanse bruto binne-landse produk (BBP) in die eerste kwartaal van 2022 met 1.9% gestyg het, wat 'n tweede opeenvolgende kwartaal van positiewe groei verteenwoordig (Statistieke Suid-Afrika, 2022:1). Hierdie aankondiging het geïmpliseer dat die grootte van die land se ekonomie weer op pre-pandemie-vlakke was, met reële BBP effens hoër as wat dit voor die COVID-19-pandemie

was (Statistieke Suid-Afrika, 2022:1). Deurlopende hoë vlakke van werkloosheid bly egter 'n beduidende kwessie in Suid-Afrika – met ernstige sosio-ekonomiese gevolge.

Die aanhoudende aard van Suid-Afrika se werkloosheidsprobleem dwing baie persone wat nie werk in die formele sektor kan kry nie om by informele sektoraktiwiteite betrokke te raak (Theodore *et al.*, 2015: 811). 'n Klassieke voorbeeld van 'n informele loonverdienste-aktiwiteit is die teenwoordigheid van tienduise mans en vroue wat op Suid-Afrika se straatwoeke en voor hardewarewinkels saamdrom – in die hoop om vir 'n dag (of miskien langer) tydelike werk te kry by verbygaande motoriste of kliënte wat dié winkels gereeld besoek (Blaauw *et al.*, 2006:1). Die term wat die meeste gebruik word vir hierdie informele werksoekstrategie in die globale noorde en suide is dagarbeid of “day labouring” in Engels (Valenzuela *et al.*, 2006; Theodore *et al.*, 2017; 2018).

Volgens die literatuur is dagarbeiders in Suid-Afrika van die mees gemarginaliseerde en kwesbare groepe in die breër informele ekonomie (Smith, 2020; Magidi, 2022). Dagarbeiders het geen waarborg dat hulle op enige van die ses tot sewe dae per week wat hulle op straatwoeke saamdrom, werk sal kry nie. Onlangse studies skat dat baie weke sonder werksgeleenthede verbygaan (Theodore *et al.*, 2017; 2018). Die gevolglike lae en onsekere vlakke van inkomste laat die meerderheid dagarbeiders in 'n staat van armoede en selfs ontbering (Smith, 2020; Magidi, 2022). Dagarbeiders word dus as struktureel kwesbaar beskou, met niks om op terug te val in die geval van eksogene skokke nie (Blaauw *et al.*, 2021:55).

Die wêreldwye COVID-19-pandemie was beslis een van die dekade se belangrikste ekonomiese en sosiale skokke. Die pandemie het die samelewing in sy totaliteit geraak, insluitende individue se subjektiewe welstand (Schmid *et al.*, 2024: 445). Die koms van die COVID-19-pandemie in 2020 het die dikwels uitdagende toestande wat in Suid-Afrika se informele sektor geheers het, vererger (Rakabe, 2020:1; Ranchhod & Daniels, 2021:44). Tydens die pandemie het die Suid-Afrikaanse regering verskeie stadiums van inperkings geïmplementeer om die verspreiding van die virus te beperk. Hierdie inperkings het nie net ernstige gevolge vir algemene vlakke van welstand gehad nie (Greyling *et al.*, 2021:1), maar dit het reeds kwesbare persone wat in die informele sektor werk buitengewoon nadelig beïnvloed (Rakabe, 2020:1; Ranchhod & Daniels, 2021:44).

Die informele sektor het byna tot stilstand gekom tydens verskeie van die inperkingsfasies van die pandemie. Gevolglik moes persone wat in die informele sektor werk soek, staatmaak op die klein COVID-19 (Social Relief of Distress grant (SRD)) toelae vir maatskaplike noodverligting en inkomste – indien hulle wel daarvoor in aanmerking kon kom en toegang daartoe kon kry (Venter *et al.*, 2024:1049).

Verwante literatuur verskaf belangrike bewyse van die nadelige sosiale gevolge van uitgerekte tydperke van individuele werkloosheid en geen inkomste nie op mense se subjektiewe welstand (Diener & Chan, 2011). Verskeie internasionale studies het bevind dat kwesbare en veral armer gemeenskappe hierdie daling in hul subjektiewe welstand akuit ervaar het tydens die pandemie. Sien byvoorbeeld die studie van Shams en Kadow (2023) in Pakistan as 'n voorbeeld in hierdie verband. Daar word dus veronderstel dat dit die geval kan wees vir dagloners en dat die COVID-19-pandemie hierdie impak kan vererger. Alhoewel daar 'n oplewing was in literatuur wat die ekonomiese impak van COVID-19-ondersoek, veral op makrovlak, bly omvattende navorsing oor subjektiewe welstand in die ontwikkelende wêreld, veral onder verarmde bevolkings, beperk (Cox, 2012:103). Hierdie artikel vul sommige van hierdie leemtes.

Ons navorsing het die subjektiewe welstand van informele loonarbeiders tydens die COVID-19-pandemie in die informele sektor ondersoek, met 'n fokus op dagarbeiders in

Johannesburg, Suid-Afrika. Sover ons kennis strek, het geen vorige studie die subjektiewe welstand van arbeiders in die informele sektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie tydens die COVID-19-pandemie ondersoek nie.² Die daaropvolgende afdelings van die manuskrip is soos volg georganiseer: Die volgende afdeling tref onderskeid tussen subjektiewe- en objektiewe welstand en werp lig op die onderliggende verband tussen die twee begrippe. Dit word gevolg deur die relevante teoretiese raamwerk en hersien dan relevante literatuur oor subjektiewe welstand, met die klem spesifiek op die informele ekonomie en dagarbeiders. Dit word gevolg deur 'n verduideliking van die metodologie wat in ons studie gebruik is en, vervolgens, die aanbieding van resultate, bespreking en gevolgtrekkings.

Subjektiewe welstand, objektiewe welstand en die verband tussen die twee

Subjektiewe welstand

Diener *et al.* (2003:404) beskou subjektiewe welstand as 'n wetenskaplike ontleding van hoe mense hul lewens evalueer – beide vir die huidige en vir 'n langer periode soos 'n jaar. Hierdie evaluering sluit mense se emosionele reaksies m.b.t. gebeure, hul gemoedstoestand, die gevolgtrekkings wat individue maak oor vlakke van hul eie lewensbevreëdiging (“life satisfaction”), vervulling en bevreëdiging m.b.t. aspekte soos werk en die huwelik in (Diener *et al.*, 2003:404). Kortliks gestel het die studieveld van subjektiewe welstand te doen met wat mense geluk (“happiness”) of bevreëdiging (“satisfaction”) sou noem (Diener *et al.*, 2003:404). Subjektiewe welstand is dus 'n komplekse multi-dimensionele konsep wat verweef is met verskeie sosiale, ekonomiese en kulturele kenmerke op individuele en nasionale vlakke (Diener *et al.*, 2009; Posel & Casale, 2011). Uitgebreide oorsigte en opsommings deur Diener *et al.* (1999), Frey en Stutzer (2002), en Dolan *et al.* (2008) ondersoek die magdom faktore wat subjektiewe welstand beïnvloed.

Proctor (2014) verduidelik dat subjektiewe welstand gemeet kan word deur van selfrapportering gebruik te maak. Dit impliseer dat deelnemers hul subjektiewe siening sal gee rakende hoe gelukkig hulle is met hul huidige lewensituasie. Hierdie breë definisie word dus dikwels in 'n selfrapporterende vraag geoperasionaliseer (Proctor, 2014; Veenhoven, 2023:1). Die vraag word dan in die vorm van 'n 10-punt Likert-skaal aan deelnemers gevra, wat soos volg geformuleer word: “Op 'n skaal van 1 tot 10 (met 10 = baie gelukkig en 1 = baie ongelukkig), hoe gelukkig is jy met jou lewe op hierdie oomblik?” Dit stem ook ooreen met hoe hierdie vraag in die Nasionale Inkomstedinamika-studie (NIDS)³ in Suid-Afrika gevra

² Een van die keurders het aangedui dat: “...manuskrip ontbreek 'n sterk regverdiging waarom die resultate drie jaar na die opname aangebied word.” Die data is steeds uiters relevant gegewe die feit dat daar nog geen ander studie oor hierdie aspek gedoen is nie. Verder toon literatuur oor dagloners dat hierdie individue hierdie werksoekaktiwiteit oor 'n lang termyn beoefen en hulle omstandighede nie oornag verander nie (Blaauw, 2010). Ons sien hierdie dus as die eerste rondte navorsing as deel van 'n langtermynstudie.

³ Ons erken soos Mulcahy en Kollamparambil (2016) dat die enkelvraagbenadering nie sonder voorbehoude is nie. As oorsaaklikheid afgelei moet word, moet individuele effekte oorweeg word, aangesien nie almal lewensvreëdenheid op dieselfde skaal rapporteer nie: bv. respondent A se vlak 3 kan die ekwivalent wees van respondent B se vlak 5. Een manier om dit te omseil of te beheer, is deur 'n verskil-in-verskille-tegniek te gebruik. Ons kruissnit-dataset het egter nie daarvoor voorsiening gemaak nie. Oorsaaklikheid word dus nie in die resultate van ons ondersoek beweer nie, maar ons identifiseer moontlike faktore wat verband hou met dagarbeiders se subjektiewe welstand tydens die pandemie – wat die grondslag lê vir verdere longitudinale navorsing.

word. Hierdie longitudinale paneelopname volg die lewens van individue en huishoudings in Suid-Afrika met verloop van tyd.

Volgens Rojas (2013) is daar besliste meriete daarin om op die subjektiewe aspek van die welstand van deelnemers aan die informele ekonomie te fokus, aangesien die meeste van die studies wat op informele indiensneming fokus, hoofsaaklik van objektiewe aanwysers van algemene welstand gebruik maak (Rojas, 2013).

Objektiewe welstand

Om objektiewe welstand in 'n standaarddefinisie te vervat word steeds as 'n uiters uitdagende taak beskou (Voukelatou *et al.*, 2021: 279). Die gevolg is dat die literatuur en die navorsers wat daarvoor verantwoordelik is, dikwels hul fokus op die verskillende dimensies van die konsep plaas – in plaas daarvan om 'n eenvormige definisie daar te stel (Akire, 2002:181; Voukelatou *et al.*, 2021:279). Vanweë die objektiewe aard van Bruto Binnelande Produk (BBP), sou mens kon argumenteer dat BBP objektiewe welstand suksesvol sou kon meet (Voukelatou *et al.*, 2021:279). Dit is egter gebiedend noodsaaklik dat objektiewe welstand beide mense se materiële lewensomstandighede en die kwaliteit van hul lewens in ag moet neem (Voukelatou *et al.*, 2021: 279).

Met dit in ag genome, het die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD), die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram (UNDP), sowel as die Italiaanse Buro vir Statistieke (ISTAT) ses hoofdoelwitte en waarneembare dimensies vir die meting van objektiewe welstand geïdentifiseer. Hierdie elemente is: gesondheid, werksgeleenthede, sosio-ekonomiese ontwikkeling, omgewing, veiligheid en politiek (Voukelatou *et al.*, 2021:279). 'n Samevoeging van al hierdie dimensies verskaf 'n breë aanduiding van die konsep van objektiewe welstand. Dit word beoordeel deur die mate waartoe hierdie “behoefes” bevredig word (Voukelatou *et al.*, 2021:280). Die objektiewe benadering tot welstand ondersoek dus die objektiewe dimensies van 'n goeie lewe. Die subjektiewe benadering tot welstand, aan die ander kant, ondersoek mense se subjektiewe evaluasies van hul eie lewens (Diener *et al.*, 2003: 404; Voukelatou *et al.*, 2021: 280).

Onderlinge verband tussen objektiewe en subjektiewe welstand

Die verskillende dimensies van die twee konsepte impliseer nie dat objektiewe aanwysers soos inkomste nie 'n noodsaaklike verband met subjektiewe welstand het nie; om die waarheid te sê, is die teenoorgestelde waar.

Sommige outeurs beskou die positiewe verband tussen absolute en relatiewe inkomstevlakke en subjektiewe welstand as een van die aanvaarde beginsels in die literatuur (Posel & Casale, 2011; Ebrahim *et al.*, 2013). Daar is nie net goeie teoretiese gronde om te postuleer dat inkomste met subjektiewe welstand geassosieer sal word nie, maar dit kan veral waar wees in die geval van armer mense (Diener *et al.*, 2009). Nielsen *et al.* (2010) het ook bevestig dat persoonlike inkomste van beduidende belang is met betrekking tot die subjektiewe welstand van arm mense. Die evaluering van hierdie en ander moontlike faktore wat die subjektiewe welstand van dagarbeiders kan beïnvloed, geskied teen die agtergrond van die volgende teoretiese raamwerk.

Teoretiese raamwerk vir die studie

Vanuit die breë konseptualisering van subjektiewe welstand identifiseer die literatuur vier groepe teorieë, naamlik vervulling- (“fulfilment”)-en-betrokkenheids (“engagement”)-teorieë; persoonlike oriëntasieteorieë, evaluatiewe teorieë en emosionele teorieë (Das *et al.*, 2020). In hierdie studie het ons gebruik gemaak van die bydrae van Amartya Sen, die bekende ekonoom en filosoof, as teoretiese raamwerk in die konteks van ’n vervulling-en-betrokkenheidsteorie (Sen, 1999). Hierdie kategorie van teorieë fokus op die verduideliking van die invloed van behoeftes, doel en aktiwiteite van die betrokke individu (Sen, 1999). Sen se werk is gepas in hierdie studie omdat hy veral ’n bydrae gemaak het om welstand te begryp in die konteks van armoede en ontwikkeling. Sy werk fokus op die belangrikheid en noodsaaklikheid om vermoëns (“capabilities”) te ontwikkel. Vermoëns verwys na wat die individu kan doen en wees om die tipe lewe te lei wat vir hom hom/haar belangrik of van waarde is (Sen, 1999).

Volgens Sen kan welstand nie net verbeter of gemeet word in objektiewe ekonomiese terme soos BBP nie (Sen, 1999). Die mens moet as ’n holistiese wese gesien word. Toegang tot beter vaardighede, kennis, gesondheid, werk, vriendskappe en verbeterde verhoudings speel alles ’n rol in die persoon se welstand (Sen, 1999). Marta Nussbaum, ’n medewerker van Sen, het in opvolgwerk tien aspekte geïdentifiseer wat ’n rol speel in die subjektiewe welstand van die individu. Dit sluit aspekte in soos gesondheid, emosies, die vaardigheid om te kan dink en redeneer, die integriteit van jou liggaam, en die moontlikheid om sinvolle verhoudings te geniet (Nussbaum, 2011).

Sen het verder ook baie klem gelê op die vryheid van keuse en die vermoë (“agency”) om keuses te kan uitoefen (Sen, 1999). Hy beklemtoon die belangrikheid van die rol van eienaarskap en beheer wat die persoon moet kan neem om sy omstandighede te verbeter (Sen, 1999). Vir die dagloner sou dit dus byvoorbeeld belangrik wees om die keuse te kon hê in die tipe werk wat hy doen en die omstandighede waaronder hy werk asook om deel te kon wees van gepaste ontwikkelingsprogramme. In die konteks van Sen (1999) se teorie m.b.t. gemarginaliseerde groepe soos dagloners, beïnvloed die ongelykheid (“inequalities”) en onregverdigheid (“injustices”) ook die subjektiewe welstandservaring van die betrokke individu.

Met hierdie teoretiese raamwerk as agtergrond kan die klem nou verskuif na die gepaste Suid-Afrikaanse literatuur m.b.t. die subjektiewe welstand, informele sektor en dagloners.

Die Suid-Afrikaanse literatuurkonteks betreffende subjektiewe welstand, die informele sektor en dagloners

In die Suid-Afrikaanse konteks beklemtoon die literatuur oor subjektiewe welstand die belangrikheid en onderlinge verwantskappe van hierdie elemente en faktore – soos hier bo bespreek. Talle studies binne Suid-Afrika het statisties beduidende verbande tussen subjektiewe welstand en veranderlikes soos geslag, opleiding en onderwys, aantal kinders, huwelikstatus, indiensneming en inkomste geïdentifiseer (Blaauw & Pretorius, 2012; Mahadea & Ramroop, 2015). Botha en Booyen (2013) het bevind dat getroude individue in Suid-Afrika aansienlik hoër vlakke van algehele lewenstevredenheid toon as hul ongetroude eweknieë. Verder is bevind dat godsdienst en provinsiale ligging sterk met subjektiewe welstand in Suid-Afrika verband hou (Blaauw & Pretorius, 2012; Botha & Booyen, 2013).

Spesifieke literatuur oor die impak van COVID-inperkings op subjektiewe welstand is besig om te ontwikkel. In een van die min studies tussen lande, het Greyling *et al.* (2020) die effek van inperkings op persone se persepsies van geluk in Suid-Afrika, Nieu-Seeland en

Australië ondersoek. Hulle het 'n konsekwente negatiewe impak van inperkings op mense se vlakke van subjektiewe welstand gevind, ondanks die verskillende sosio-ekonomiese kenmerke van die lande, die tydsduur, en die tipe inperkingsregulasies (Greyling *et al.*, 2020:1). Verder het Suid-Afrika, met die strengste inperkingsregulasies, die belangrikste negatiewe verandering in vlakke van subjektiewe welstand getoon (Greyling *et al.*, 2020:1). Dit bied 'n bykomende aansporing om aandag te vestig op informele loonarbeiders, vir wie hierdie effek baie groter kan wees weens die strukturele kwesbaarheid vir eksogene skokke van diegene wat by hierdie aktiwiteit betrokke is.

Cramm *et al.* (2010) het reeds meer as 'n dekade gelede genoem dat subjektiewe welstand binne gemarginaliseerde groepe in Suid-Afrika se informele sektor min aandag in die literatuur geniet en nie goed verstaan word nie. Hierdie leemte in die literatuur is onder meer die resultaat van *moeilik bereikbare* informele arbeidsmarkaktiwiteite soos dagarbeid en informele herwinning wat navorsing bemoeilik. Byvoorbeeld, informele straatherwinnaars beweeg voortdurend rond in 'n poging om soveel moontlik herwinbare items in te samel. Hulle kan nie bekostig om te stop en tyd af te staan om deel te wees van 'n navorsingsteekproef nie. Daar was egter wel enkele Suid-Afrikaanse studies wat gedurende die afgelope tien jaar op hierdie aspek van die informele ekonomie gefokus het.

Dié betrokke studies fokus op drie groepe informele sektordeelnemers, naamlik dagarbeiders, informele herwinnaars op stortingsterreine, en motorwagte. Die dagarbeidstudies het óf 'n landswye benadering gebruik (bv. Blaauw *et al.*, 2018) óf op 'n vergelyking tussen stede gefokus (bv. Van Wyk *et al.*, 2020). Deur 'n landswye steekproef van meer as 3 000 dagarbeiders te gebruik, het Blaauw *et al.* (2018) die belangrikheid bevestig van indiensneming en inkomste vir die subjektiewe welstand van diegene wat leef in toestande wat aan erge armoede grens.

Van Wyk *et al.* (2020) het die subjektiewe welstand van dagloners in Pretoria (Suid-Afrika) en Windhoek (Namibië) vergelyk. In Windhoek was 'n persoon se status as buitelandse 'n statisties beduidende faktor wat verband hou met die subjektiewe welstand van dagloners (Van Wyk *et al.*, 2020:1). Die hipotese word gestel dat die kwessie van migrasie ook ter sprake kan wees in die subjektiewe welstand van die dagarbeiders wat in hierdie studie ondersoek is. Ander faktore wat 'n rol in die Windhoek-steekproef gespeel het, was onderwysvlakke, totale dae sonder kos, en of die dagloners by hul gesinne gewoon het. In Pretoria was die aantal afhanklikes, lewensomstandighede en of hulle voorheen 'n voltijdse werk gehad het, alles betekenisvol om die subjektiewe welstand van die dagarbeiders in daardie steekproef te verklaar (Van Wyk *et al.*, 2020:1).

Blaauw *et al.* (2020) het bewyse gevind van verbasende hoë vlakke van subjektiewe welstand onder die informele herwinnaars op drie stortingsterreine in die Vrystaat. Die idee van aanpasbare verwagtinge en die informele herwinnaars wat die verwagte uitkomst van hul informele werk aanpas, bied nog 'n moontlike verklaring en is 'n noodsaaklike gebied vir verdere navorsing.

Die onlangse studie van Blaauw en Pretorius (2022), wat die sosio-ekonomiese toestande en subjektiewe welstand van buitelandse motorwagte in Johannesburg se Wes-Rand ondersoek het, het getoon dat motorwagte geheel en al staatmaak op die motoriste se gewilligheid om geld (in die vorm van 'n voetjie) aan hulle te gee. Gevolglik het hulle geen endogene beheer oor hierdie proses nie. Hierdie onsekerheid weeg swaar op die motorwagte se onbewustelike gevoel van verantwoordelikheid om in hul gesinne se behoeftes te voorsien, soos weerspieël in hul lae vlakke van subjektiewe welstand (Blaauw & Pretorius, 2022:133).

Die internasionale en nasionale literatuur oor die algemene faktore wat subjektiewe welstand beïnvloed en die besondere determinante wat in die literatuur oor die subjektiewe welstand in die informele ekonomie geïdentifiseer is, het die grondslag gevorm van die ondersoek na die subjektiewe welstand van dagloners in Johannesburg binne die konteks van die COVID-19-pandemie. Die veranderlikes wat gebruik word, soos in die literatuur voorgestel, word in detail bespreek as deel van die empiriese benadering van hierdie studie ná die bespreking van die navorsingsmetodologie in die volgende afdeling.

Navorsingsmetodologie

Na aanleiding van die benadering wat deur vorige internasionale en Suid-Afrikaanse studies gebruik is oor die informele aktiwiteit van dagarbeid (Valenzuela *et al.*, 2006; Theodore *et al.*, 2017; 2018), is 'n opname-gebaseerde instrument gebruik om die kwantitatiewe data wat nodig is, in te samel. In ooreenstemming met die studies hier bo genoem, het die instrument benewens die kwantitatiewe items, ook enkele oop kwalitatiewe vrae bevat om 'n meer diepgaande begrip van sommige sleutelemente te fasiliteer – om spesifiek te fokus op die impak van COVID-19 op die lewens en subjektiewe welstand van die dagloners. Byvoorbeeld, 'n vraag is ingesluit waar dagloners gevra is om aan te dui hoe hulle finansiële oorleef het in die tyd wat hulle nie kon werk nie; asook 'n vraag waar dagloners hul mening gee oor hoe die werkgewers hulle behandel.

In hierdie studie is 'n soortgelyke definisie van dagarbeiders vir die navorsingspopulasie gebruik as in die studies deur Valenzuela *et al.* (2006), Blaauw *et al.* (2006), Blaauw (2010), en Theodore *et al.* (2017; 2018). Die dagarbeid-navorsingspopulasie is dienooreenkomstig gedefinieer as mense wat by informele bymekaarkomplekke soos straathoeke, langs verkeersligte of voor werkverwante sakeondernemings soos hardewarewinkels in Johannesburg bymekaarkom, in die hoop om tydelike werk vir die dag of aantal dae te kry. Hierdie definisie het dan ook die basis van die insluitingskriteria vir die steekproef gevorm. So byvoorbeeld het mense wat bloot op 'n taxi langs 'n straathoek gewag het nie deel van die moontlike steekproef gevorm nie. Die keuse van Johannesburg was gebaseer op die uitgangspunt dat, aangesien Johannesburg die finansiële en ekonomiese hart van die land is, die impak op dagloners hier skerp gevoel sal word.

Al die bymekaarkomplekke wat as deel van die landwye studie van Blaauw (2010) aange-teken is, is in 'n verkenningsfase besoek om te verseker dat hulle steeds bestaan. Daarbenewens is nuwe bymekaarkomplekke geïdentifiseer. Die doel was om 'n onderhoud met 'n minimum van 10% van die dagloners by elke bymekaarkomplek te voer, volgens dieselfde steekproefprotokolle as dié van Blaauw (2010) in Suid-Afrika.⁴

Veldwerkers vir die studie is gewerf uit studente wat hul studies in Johannesburg voltooi het en tydens die navorsing nog nie voltydse werk gehad het nie. Gegewe die COVID-19-bepenkings wat gegeld het, is opleiding vir die veldwerk tydens Zoom-vergaderings uitgevoer.

⁴ Die ideaal is uiteraard om eers 'n volledige beeld van die grootte van die navorsingspopulasie te kry deur middel van 'n sensus en daarvolgens 'n ewekansige steekproef te neem. Die wisselende aard van die getal dagloners wat daaglik by elke "hiring site" bymekaarkom, bemoeilik ongelukkig die benadering. Gevolglik is die protokol van studies soos Blaauw (2010) gevolg, wat dit dan ook moontlik maak om sekere vergelykings te tref. Derhalwe is 'n teiken van 10% gestel – in ooreenstemming met Blaauw (2010).

Die veldwerk om die data in te samel, is aan die einde van Oktober 2021⁵ oor 'n tydperk van twee weke gedoen. Die veldwerkers het die antwoorde en kommentaar van die deelnemers volledig opgeskryf soos die onderhoud gevorder het. 'n Projektkoördineerder was deurgaans teenwoordig en was op bystand om hulp te verleen met enige probleme wat die veldwerkers teëgekom het. Dit het die gehalte van die veldwerk verbeter.

Onvolledige of onleesbare vraelyste is uitgelaat om die akkuraatheid en integriteit van die data te handhaaf, wat gelei het tot 'n totaal van 230 voltooide opnames, wat die finale steekproef vir ontleding uitgemaak het. Die Statistiese Konsultasiediens aan die Noordwes-Universiteit het die data in Excel ingevoer, gevolg deur empiriese ontleding, in die vorm van 'n ekonometriese model, wat deur die outeurs met EViews uitgevoer is. Die ontleding het beskrywende statistiek en 'n geordende probit-model ingesluit om die maatskappij se determinante van subjektiewe welstand binne die steekproef te verken. Die geordende waarskynlikheidsmodel het die geordende aard van die afhanklike veranderlike in ag geneem.

Die studie het dwarsdeur die uitvoering daarvan streng by gevestigde etiese beginsels en protokolle gehou. Die oorspronklike vraelys en enige daaropvolgende wysigings het goedkeuring van die relevante etiekomitee aan die Universiteit van Wes-Kaapland ontvang. Maatskappij se deelnemers wat aan die insluitingskriteria voldoen, is genader en die veldwerkers het hulself bekend gestel en verneem of die dagloner bereid is om aan die navorsing deel te neem. Indien die dagloner bereidwillig was, is daar volledig aan hom verduidelik dat alle inligting streng anoniem en vertroulik hanteer word; geen name of ander persoonlike inligting gevra word nie en dat die onderhoud enige tyd gestaak kon word. Dit is ook duidelik gemaak dat deelname absoluut vrywillig is en geen vorm van vergoeding ter sprake was nie. Eers dan is die dagloner se ingeligte toestemming bevestig en het die onderhoud 'n aanvang geneem. Die volgende afdeling van hierdie artikel bied die bevindinge en bespreking wat uit die studie voortspuit.

Navorsingsbevindinge en bespreking

Ons begin deur 'n oorsig te verskaf van die demografiese kenmerke en lewensomstandighede van die 230 deelnemers in Johannesburg te midde van die COVID-19-pandemie. Vervolgens word 'n empiriese model wat die maatskappij se determinante van subjektiewe welstand onder dagloners in Johannesburg gedurende hierdie tydperk ondersoek het, voorgelê.

Demografiese profiel van dagarbeiders

Tabel 1 skets die standaard- demografiese kenmerke van die 230 deelnemers. Dit is opmerklik dat alle deelnemers manlik was. Die ouderdomsverspreiding toon dat die meerderheid dagloners met wie onderhoude gevoer is (meer as 41%) binne die ouderdomsgroep 31 tot 40 geval het, wat hul ouderdom in die optimale produktiewe fase van hul werkslewe aandui. Dis voorts opmerklik dat 'n groot persentasie van die steekproef uit Zimbabweërs bestaan. Die waarneming stem ooreen met die gewaarwording in ander studies rakende dagloners in Gauteng. Theodore *et al.* (2017; 2018) het bevind dat die persentasie buitelanders, wat as dagloners probeer om

⁵ Suid-Afrika se COVID-19-bepelings tydens die studie was as volg: Aangepaste waarskuwingsvlak 1 was vanaf 1 Oktober 2021 in plek. Dit het die veldwerkers in staat gestel om te kon beweeg om die veldwerk te doen. Vanaf 13 September 2021 tot 1 Oktober 2021 was die land op aangepaste waarskuwingsvlak 2. Daarom was 'n opleidingsessie m.b.v. Zoom-tegnologie die beste opsie vir opleiding.

tydelike werk in Pretoria te kry, meer as verdubbel het tussen 2004 en 2015. Die moontlikheid bestaan dat baie van hierdie persone ongedokumenteerd is, en daarom geen ander keuse het as om in die informele arbeidsmark 'n heenkome te soek nie. Dit mag ook beteken dat hulle vlakke van subjektiewe welstand selfs laer as die van hulle Suid-Afrikaanse eweknieë kan wees. Dit is uiteraard ook 'n belangrike onderwerp vir verdere sosio-demografiese studies rondom dagloners in Suid-Afrika.

Hoewel die studie in Johannesburg onderneem is, het geblyk dat 'n minderheid van die deelnemers in Gauteng gebore is. Hierdie waarneming stem ooreen met Blaauw (2010) se bevindinge in sy landwyse studie in 2008 onder meer as 3 000 dagloners in Suid-Afrika. Die migrasie na provinsies soos Gauteng en die Wes-Kaap was toe reeds opmerklik. Hierdie migrasie kan uiteraard toegeskryf word aan die geweldige hoë vlakke van werkloosheid in Suid-Afrika – veral in meer plattelandse gebiede (Blaauw, 2010). Stede soos Johannesburg en Kaapstad dien as 'n trekpleister vir mense in die hoop om 'n informele werk te vind in 'n poging om hulle gesinne en families te versorg. Die daglonermark in die stede word dus gekenmerk deur geweldige mededinging as gevolg van beide binnelandse en buitelandse migrasie.

Wat verhoudingstatus betref, was 59.2% van die deelnemers betrokke by die een of ander tipe verhouding (getroud of saamwoon). Hierdie aspek hou potensiële implikasies in vir subjektiewe welstand, aangesien vorige navorsing in Suid-Afrika daarop dui dat getroude individue oor die algemeen hoër vlakke van subjektiewe welstand rapporteer in vergelyking met hul ongetroude eweknieë (Botha & Booysen, 2013). Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat verhoudings moontlik ook groter finansiële verantwoordelikhede tot gevolg kan hê vanweë bykomende afhanklikes wat dikwels daarmee gepaard gaan. In hierdie studie was die gemiddelde aantal afhanklikes wat op deelnemers se inkomste staatmaak vier, wat wissel van nul tot 15 – gades, kinders en ouers ingesluit. Deelnemers het gemiddeld twee kinders gehad, met die aantal afhanklike kinders binne die steekproef wat wissel van nul tot agt.

Tabel 2 bied die onderrig- en opleidingsprofiel van die dagarbeidersteekproef aan. Onder die deelnemers het vyf persone (2.2%) aangedui dat hulle naskoolse kwalifikasies behaal het, wat diplomas en ingenieurskwalifikasies insluit. Dit is opvallend dat ongeveer 40% van die deelnemers aangedui het dat hulle formele of informele beroepsopleiding ontvang het, dikwels deur ervaring by die werk. Die spektrum van beroepsopleiding het gewissel, met 'n beduidende aantal deelnemers wat vaardigheid in verf (27 persone), messelwerk (23 persone) en teëlwerk (17 persone) gerapporteer het. Daarbenewens het van die deelnemers vroeër opleiding in loodgieterswerk (13 persone), elektriese werk, skrynwerk, sweiswerk en sekuriteit ondergaan.

Die daaropvolgende afdeling bespreek die lewensomstandighede van dagarbeiders te midde van die COVID-19-pandemie, met 'n spesifieke fokus op hul indiensnemingstatus en gepaardgaande inkomste.

Lewensomstandighede te midde van die COVID-19-pandemie

Indiensneming as 'n dagarbeider tydens die hoogtepunt van die pandemie

Tabel 3 verskaf insigte vanuit die kwantitatiewe data ten opsigte van die lewensomstandighede van dagarbeiders te midde van die COVID-19-pandemie. Slegs 29% van die deelnemers het aangedui dat hulle tydens die hoogtepunt van die pandemie as dagloners kon werk, met ander woorde, van April tot Junie 2020, toe Suid-Afrika streng grendelmaatreeëls ingestel het. Gevolglik is baie gedwing om alternatiewe maniere te ondersoek om 'n inkomste te verseker

TABEL 1: Demografiese kenmerke van dagloners in Johannesburg, 2021

	n	%		n	%
Land van herkoms			Verhoudingstatus		
Suid-Afrika	114	49.6	Getroud	88	38.3
Zimbabwe	70	30.4	Enkellopend	80	34.8
Malawi	21	9.1	Leef saam met iemand	48	20.9
Lesotho	17	7.4	Geskei	8	3.5
Mosambiek	7	3.0	Weduwee/wewenaar	5	2.2
Ander	1	0.4	Het nie aangedui nie	1	0.4
Totaal	230	100	Totaal	230	100
SA-gebore deelnemers: Provinsie van oorsprong			Huistaal		
Limpopo	69	60.5	Tshivenda	43	18.7
KwaZulu-Natal	12	10.5	Shona	28	12.2
Gauteng	10	8.8	Sesotho	26	11.3
Oos-Kaap	9	7.9	Xitsonga	25	10.9
Vrystaat	4	3.5	IsiZulu	21	9.1
Mpumalanga	3	2.6	IsiNdebele	19	8.3
Noordwes	3	2.6	Chiwa	13	5.7
Het nie aangedui nie	4	3.5	IsiXhosa	11	4.8
Totaal	114	100	Sepedi	11	4.8
			Setswana	5	2.2
Ouderdom			English	4	1.7
Onder 20	4	1.7	Het nie aangedui nie	24	10.4
20 tot 30	48	20.9	Totaal	230	100
31 tot 40	96	41.7			
41 tot 50	60	26.1			
51 tot 60	19	8.3			
Ouer as 60	3	1.3			
Totaal	230	100			

TABEL 2: Onderrig- en opleidingstatistiek van dagarbeiders in Johannesburg, 2021

	n	%
Onderrig		
Gedeeltelike primêre skoolopleiding	20	8.7
Voltooide primêre skoolopleiding	25	10.9
Gedeeltelike sekondêre skoolopleiding	124	53.9
Voltooide sekondêre skoolopleiding	51	22.2
Naskoolse opleiding	5	2.2
Het nie aangedui nie	5	2.2
	230	100.0
Opleiding		
Ontvang beroepsopleiding	89	39

en in hul basiese behoeftes te voorsien. Die kwantitatiewe data vanuit die voltooide vraelyste toon dat die meerderheid deelnemers (74) hulp van familielede, voormalige werkgewers, vriende, en bure ontvang het, hoofsaaklik in die vorm van kos. Boonop het 19 arbeiders kos-pakkies van nieregeringsorganisasies, kerke, of ander liefdadigheidsinstansies ontvang. Dit is opmerklik dat 15 deelnemers spaargeld gehad het waarop hulle kon staatmaak tydens hierdie uitdagende tydperk. Deelnemers het soms ander oorlewingstrategieë aangewend, byvoorbeeld om kos uit vullisdromme te eet, betrokke te raak by alternatiewe pogings om te werk soos tuinmaak, goedere verkoop, afval optel (vir herwinning), by verkeersligte te bedel, en lenings aan te gaan. Tydens die onderhoudproses om die kwantitatiewe data in te samel het baie deelnemers hierdie tydperk as uiters moeilik beskryf, met opmerkings soos: “Dit was moeilik. Ek het geen manier gehad om te oorleef nie,” terwyl ’n ander dit uitgedruk het as om “van hand tot mond” op ’n daaglikse basis te leef.

Tabel 3 beklemtoon ook dat die gemiddelde tydsduur wat ’n dagarbeider gewag het voordat hy oorweeg het om terug te keer huis toe weens ’n gebrek aan werksgeleenthede op ’n gegewe dag, nie minder as 9.5 uur was nie. Verder was die gemiddelde pendeltyd na die bymeekaar-komplekke in die steekproef een uur. Soos blyk uit Schenck *et al.* (2019), het vorige navorsing die hipotese gestel dat verlengde ure wat betrokke is by aktiwiteite in die informele sektor dikwels gesins- en sosiale tyd aantas, wat moontlik bydra tot verminderde subjektiewe welstand onder individue. Dit beklemtoon die belangrikheid van sulke faktore wat die subjektiewe welstand binne hierdie populasie negatief kan beïnvloed.

Inkomste gedurende COVID-19

Ter ondersteuning van Suid-Afrikaners wat tydens die COVID-19-pandemie verminderde of geen inkomstegeleenthede gehad het nie, het die regering die spesiale COVID-19-toelae vir maatskaplike noodverligting, oftewel SRD, geïmplementeer, wat ’n maandelikse betaling van R350 gebied het (Atkins, 2021). Om in aanmerking te kom vir hierdie toelae moes mense aan verskeie voorvereistes voldoen, insluitende Suid-Afrikaanse burgerskap, permanente verblyf, of registrasie as ’n vlugteling by die Departement van Binnelandse Sake. Daarbenewens moes aansoekers werkloos wees en geen ander inkomste, maatskaplike toelae of werkloosheids-versekeringsvoordele ontvang het nie (Suid-Afrikaanse Regering, 2020).

TABEL 3: Dagarbeider-statistiek, Johannesburg-steekproef 2021

Beskikbaarheid om te werk		Inkomste	
In staat om te werk tydens die piek van COVID-19 (April-Junie 2020)	29%	COVID-19-toelae per maand	R350
Gemiddelde aantal dae by bymeekaarkomplek per week	6 dae	Aansoek gedoen vir die COVID-19-toelae	36%
Saterdag by bymeekaarkomplek	77%	Het die COVID-19-toelae ontvang	20%
Sondag by bymeekaarkomplek	58%	Inkomste dieselfde as voor COVID-19	2%
Gemiddelde wagtyd voordat jy huis toe gaan	9.5 uur	Inkomste minder as voor COVID-19	95%
Gemiddelde reistyd tot by bymeekaarkomplek	1 uur	Inkomste meer as voor COVID-19	1%

Ontleding van die opnamedata het aangetoon dat slegs 36% van die steekproef om die SRD-toekenning aansoek gedoen het. Onder diegene wat aansoek gedoen het, was slegs 57% suksesvol om die toelae te ontvang, wat 20% van die totale steekproef uitmaak. By navraag oor redes waarom hulle nie vir die toelae aansoek gedoen het nie, het die meerderheid hul nie-Suid-Afrikaanse burgerskapstatus genoem (sien statistiek in Tabel 1). Daarbenewens het baie deelnemers gerapporteer dat hulle nie die nodige dokumentasie het nie of nie aan die geskikheidskriteria voldoen nie. Dit is opmerklik dat 48% van die steekproef reeds ander maatskaplike toelaes van die regering ontvang het, soos die kinderondersteuningstoelae, gestremdheid- of ouderdomstoelaes.

Verdere ondersoek na die inkomste-dinamika van dagloners voor en na COVID-19 het onthul dat die pandemie nie net die deelnemers se inkomste nadelig beïnvloed het nie, maar dit het ook aan die lig gekom dat dit nie vir hulle moontlik was om terug te keer na voor-pandemiese inkomstevlakke nie. Daar moet in gedagte gehou word dat Suid-Afrika nog nie heeltemal in Oktober 2021 (ten tyde van die navorsing) na normaal teruggekeer het nie. Sekere inperkings (Vlak-1) was nog in werking. Dit is dus nie noodwendig 'n verrassing dat die dagloners se inkomste nog nie na vorige vlakke herstel het nie. Tabel 3 illustreer byvoorbeeld dat 95% van die deelnemers ten tyde van die navorsing minder verdien het as voor die pandemie, terwyl slegs 1% gerapporteer het dat hulle meer as die voor-pandemie-vlakke verdien ten tyde van die navorsing. Dit beklemtoon die omvangryke en blywende impak van eksogene skokke soos die COVID-19-pandemie op kwesbare segmente binne die arbeidsmag – soos wat Rakabe (2020:1) en Ranchhod en Daniels (2021:44) dit ook duidelik stel. Voorts ontstaan die vraag uiteraard wat intussen in die daglonermark gebeur het ná die opheffing van alle beperkinge? Dit is dus belangrik dat die studie herhaal moet word ten einde te bepaal tot watter mate dagloners se situasie verbeter het (of nie) drie jaar ná die bevindinge in hierdie studie.

Die vraelys het inligting oor daaglikse verdienste oor die voorafgaande 12 maande (September 2020 tot Oktober 2021) ingesamel. Deelnemers is uitdruklik gevra oor die laagste en hoogste lone wat gedurende hierdie tydperk per dag verdien is en die minimum loon wat hulle tans bereid was om as dagloners te aanvaar. Die opgesomde resultate word in Tabel 4 aangebied.

Tabel 4 toon beduidende loonvariasies wat dagloners gedurende die gespesifiseerde tydperk verdien het. Die gemiddelde laagste loon wat verdien is, was R194, met die mediaan en modus op R150, wat aandui dat 'n aansienlike deel van die deelnemers lone rondom hierdie waarde verdien het. Daarteenoor is die gemiddelde hoogste loon wat verdien is aansienlik hoër, naamlik R583, wat 'n wyer verspreiding van verdienste onder deelnemers veronderstel, met sommige wat aansienlik meer as ander verdien het. Die mediaan en modus vir die hoogste loon verdien is R400, wat weereens aandui dat 'n aansienlike aantal deelnemers lone rondom hierdie waarde verdien het.

Verder toon die data dat deelnemers bereid was om 'n gemiddelde minimum loon van R287 te aanvaar, met 'n mediaan van R200 en 'n modus van R100. Dit dui daarop dat hoewel

TABEL 4: Daaglikse lone vanaf September 2020 tot Oktober 2021

Lone	Gemiddeld	Mediaan	Modus
Laagste loon verdien	R194	R150	R150
Hoogste loon verdien	R583	R400	R400
Minimum loon bereid om voor te werk	R287	R200	R100


daar 'n mate van variasie was in die minimum loon wat deelnemers bereid was om te aanvaar, 'n beduidende deel bereid was om teen relatief lae lone te werk.

Oor die algemeen beklemtoon die data die ekonomiese uitdagings waarmee dagarbeiders tydens die pandemie te kampe gehad het, met 'n groot verskil in verdienste en 'n gewilligheid om lae lone te aanvaar. Die einde van die pandemie het nie 'n einde aan hierdie inkomste-onsekerheid teweeggebring nie.

Subjektiewe welstand van dagloners tydens COVID-19

Soos vroeër genoem, is 'n Likert-skaal in die vraelys gebruik om 'n aanduiding van die subjektiewe welstand van dagloners tydens die onderhoud (Oktober 2021) te verkry. Subjektiewe welstand dien as die afhanklike veranderlike in die regressiemodel, wat insig verskaf oor die emosionele toestande van dagarbeiders te midde van die uitdagings wat die COVID-19-pandemie aan hulle gestel het. Figuur 1 som die subjektiewe welstandsverspreiding onder dagarbeiders in Oktober 2021 op. Die modale klas vir die subjektiewe welstandsverspreiding is 5, wat 'n vlak van subjektiewe welstand aandui wat geleë is tussen gevoelens van uiterste geluk en ongelukkigheid.

Die ondersoek na die faktore wat deelnemers se subjektiewe welstand tydens die pandemie beïnvloed het, kan moontlik die regering help om sy sosiale en ander vorme van toekomstige ondersteuning vir individue wat in die informele sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie werk, te verbeter. Die veranderlikes wat in die model ingesluit is, is verkry vanuit vorige navorsing oor die onderwerp en die vrae wat in die vraelys gestel is. 'n Opsomming van die veranderlikes wat oorweeg is, word in Tabel 5 verskaf.



Subjektiewe welstand: 10-punt Likert-skaal. (10 is baie gelukkig en 1 baie ongelukkig)

Figuur 1: *Subjektiewe welstandsvlak van dagloners wat deel van die studie se steekproef in Johannesburg gevorm het – Oktober 2021*

TABEL 5: Opsomming van potensiële veranderlikes t.o.v. subjektiewe welstand van dagloners in Johannesburg in Oktober 2021

Veranderlike	Beskrywing
<i>Afhanklike veranderlike</i>	
Subjektiewe welstand	Subjektiewe welstand: 10-punt Likertskaal. Die vraag is soos volg geformuleer: Op 'n skaal van 1-10 (10 is baie gelukkig en 1 baie ongelukkig), hoe gelukkig is jy op hierdie oomblik met jou lewe?
<i>Demografiese en ander veranderlikes</i>	
Geslag	Nie relevant nie omdat alle deelnemers manlik was.
Ras	Nie relevant nie omdat alle deelnemers Afrikane was.
Migrante werker	Fop-veranderlike ⁶ is 1 as respondente nie van SA is nie, andersins 0.
Ouderdom	Ouderdom in jare en ouderdom kwadraat
Verhoudings	Enkel: Fop-veranderlike is 1 as respondente enkelopend is, andersins 0.
	Getroud: Fop-veranderlike is 1 as respondente getroud is, andersins 0.
	Leef saam met 'n lewensmaat: Fop-veranderlike is 1 as jy saam met 'n lewensmaat woon, andersins 0.
	Vorige verhouding: Fop-veranderlike is 1 as respondente geskei of wewenaar is, andersins 0.
Afhanklikes	Aantal mense wat afhanklik is van die inkomste wat die dagloner ontvang
Familie	Fop-veranderlike is 1 as respondente by familie bly, andersins 0.
Lewensomstandighede	Fop-veranderlike is 1 as respondente in 'n hut bly, andersins 0.
Honger dae	Aantal dae wat iemand in respondente se huishouding sonder kos was.
Onderrig	Mate van primêre skoolopleiding voltooi: Fop-veranderlike is 1 as respondente 'n mate van laerskoolopleiding voltooi het, andersins 0.

⁶ 'n Fop-veranderlike is 'n binêre veranderlike wat in statistiese modelle gebruik word om kategorieëse data met twee moontlike uitkomstevore te stel, tipies gekodeer as 0 of 1. Dit maak dit moontlik om kwalitatiewe faktore in regressiemodelle in te sluit deur dit in numeriese vorm om te skakel (Gujarati & Porter, 2009:277). Dit is daarom 'n nuttige strategie in die datastel waarmee ons werk.

TABEL 5: Opsomming van potensiële veranderlikes t.o.v. subjektiewe welstand van dagloners in Johannesburg in Oktober 2021 (*evolg*)

Veranderlike	Beskrywing
	Laerskoolopleiding voltooi: Fop-veranderlike is 1 indien respondent laerskoolopleiding voltooi het, andersins 0.
	Sommige sekondêre onderrig voltooi: Fop-veranderlike is 1 as respondent een of ander vorm van sekondêre skoolopleiding voltooi het, andersins 0.
	Voltooide sekondêre onderrig: Fop-veranderlike is 1 indien respondent sekondêre skoolopleiding voltooi het, andersins 0.
	Naskools: Fop-veranderlike is 1 indien respondent 'n naskoolse kwalifikasie voltooi het, andersins 0.
Beroepsopleiding	Fop-veranderlike is 1 indien respondent beroepsopleiding of kursusse voltooi het, andersins 0.
<i>Werk- en werksoekgeskiedenis</i>	
Dae gestaan	Aantal dae wat respondent gedurende die vorige week vir werk gestaan en wag het.
Saterdag gestaan	Fop-veranderlike is 1 as respondent die vorige Saterdag vir werk gestaan en wag het, andersins 0.
Sondag gestaan	Fop-veranderlike is 1 as respondent die vorige Sondag vir werk gestaan en wag het, andersins 0.
Werk tydens COVID-19	Fop-veranderlike is 1 as respondent tydens die hoogtepunt van die pandemie as 'n dagloner kon werk, andersins 0.
Werk dieselfde	Fop-veranderlike is 1 as respondent dieselfde aantal kere aangestel is ten tye van die onderhoud in vergelyking met die pre-pandemie-tydperk, andersins 0.
Werk minder	Fop-veranderlike is 1 as die respondent 'n kleiner aantal kere tydens die onderhoud aangestel is in vergelyking met die pre-pandemie-tydperk, 0 andersins.
Werk meer	Fop-veranderlike is 1 as die respondent meer kere aangestel is ten tye van die onderhoud in vergelyking met die pre-pandemie-tydperk, andersins 0.
Werktypes	Tuiniers: Fop-veranderlike is 1 as respondent die afgelepe maand tuinwerk gedoen het, andersins 0.
	Verwers: Fop-veranderlike is 1 as respondent die afgelepe maand verfwerk gedoen het, andersins 0.

TABEL 5: Opsomming van potensiële veranderlikes t.o.v. subjektiewe welstand van dagloners in Johannesburg in Oktober 2021 (*vevolg*)

Veranderlike	Beskrywing
	Konstruksiewerker: Fop-veranderlike is 1 as respondent die afgelope maand grawe-/skoffelwerk gedoen het, andersins 0.
	Loodgieters: Fop-veranderlike is 1 as respondent die afgelope maand loodgieterswerk gedoen het, andersins 0.
Voltydse werk	Fop-veranderlike is 1 as respondent voorheen 'n voltydse werk gehad het, andersins 0.
Ervaring	Aantal maande wat respondent as dagarbeider gewerk het.
Reistyd	Aantal ure wat respondent na bymekaarkomplek reis om werk te soek.
Wagtyd	Aantal ure wat respondent by bymekaarkomplek wag vir moontlike werksgeleenthede.
<i>Inkomsteveranderlikes</i>	
Laagste lone	Laagste loon ontvang in rand per dag tydens die hoogtepunt van die pandemie
Beste loon	Beste loon ontvang in rand per dag tydens die hoogtepunt van die pandemie
Laagste loon gewillig	Laagste loon wat bereid is om voor te werk in rand per dag toe die onderhoud plaasgevind het
Huidige inkomste dieselfde	Fop-veranderlike is 1 as die respondent se inkomste dieselfde was ten tyde van die onderhoud in vergelyking met die pre-pandemie-tydperk, andersins 0.
Huidige inkomste minder	Fop-veranderlike is 1 as die respondent se inkomste minder was ten tyde van die onderhoud in vergelyking met die pre-pandemie-tydperk, andersins 0.
Huidige inkomste meer	Fop-veranderlike is 1 as die respondent se inkomste meer was ten tyde van die onderhoud in vergelyking met die pre-pandemie-tydperk, andersins 0.
Toelae	Fop-veranderlike is 1 indien respondent 'n toekenning van die regering ontvang het, andersins 0.
COVID-19-toelae	Fop-veranderlike is 1 indien respondent die R350 COVID-19-toelae van die regering ontvang het, andersins 0.

'n Geordende waarskynlikheidsmodel is gebruik om moontlike betekenisvolle faktore wat die subjektiewe welstand van dagloners kan beïnvloed, te identifiseer. Veelvuldige modelspesifikasies is geëvalueer. Slegs die finale model, wat as die beste bepaal is nadat beide die statistiese en die ekonomiese betekenisvolheid van veranderlikes in ag geneem is, word egter in Tabel 6 vertoon.

TABEL 6: Finale geordende waarskynlikheidsmodel met subjektiewe welstand as die afhanklike veranderlike

	Koëffisiënt		p-waarde
<i>Demografiese en ander veranderlikes</i>			
Ouderdom	-0.0177	*	0.0509
Verhouding: Enkellopend	0.3466	*	0.0999
Verhouding: Getroud	0.7948	***	0.0001
Onderrig: Mate van sekondêre onderrig	0.2686	*	0.0862
<i>Werk- en werksoekgeskiedenis</i>			
Saterdag staan	0.4071	*	0.0819
Sondag staan	-0.3612	*	0.0862
Werk tydens COVID-19	0.3129	*	0.0679
Werktypes: Konstruksiewerkers	-0.6748	**	0.0114
Wagtyd	0.1431	***	0.0005
<i>Inkomsteveranderlikes</i>			
Beste loon	0.0003	*	0.0625
Laagste loon gewillig om voor te werk	0.0005	***	0.0058
Huidige inkomste dieselfde	1.9974	***	0.0006
Toelae	0.4569	***	0.0035
COVID-19-toelae	0.4318	**	0.0252
Pseudo R-kwadraat	0.0904		
LR-statistiek	79.9364	***	0.0000

*, **, *** = 10%, 5%, 1% vlak van statistiese beduidendheid, onderskeidelik

Die aanvanklike ontleding fokus op demografiese en ander veranderlikes. As gevolg van die homogene aard van die steekproef, is verskeie demografiese (kontrole-)veranderlikes uit die finale model uitgesluit. Die model het veral die potensiële kwadratiese effek van ouderdom op die afhanklike veranderlike ondersoek, wat beide die ouderdomsveranderlike en die kwadratiese waarde daarvan insluit. Ouderdom is statisties beduidend gevind met 'n negatiewe koëffisiënt, terwyl die kwadraatwaarde van die veranderlike statisties onbeduidend was. Hierdie negatiewe verhouding sonder 'n keerpunt is verstaanbaar, gegewe dat ouer dagarbeiders dikwels probleme ondervind om werk te kry in 'n arbeidsmark waar dit hoofsaaklik fisieke arbeid is wat in vraag is. Ouderdom dien as aanduiding van verminderde geleentheid soos wat 'n dagloner ouer word, wat gevolglik tot laer inkomste lei. Alhoewel ouderdom alleen nie betekenisvol is nie, dien dit as 'n kanaal wat die dinamika van hierdie spesifieke informele arbeidsmarkaktiwiteit weerspieël.

Twee veranderlikes wat deelnemers se verhoudingstatus verteenwoordig, is in die finale model ingesluit. Die fop-veranderlike vir enkellopendheid is betekenisvol teen die 10%-beteke-

nislak. Die model toon 'n positiewe verband tussen enkellopend wees en subjektiewe welstand. Terselfdertyd toon die model egter ook 'n positiewe verhouding tussen getroud wees en die subjektiewe welstand van dagloners, wat na 'n teenstrydigheid lyk. Botha en Booysen (2013) het aangetoon dat die subjektiewe welstand van getroudes in Suid-Afrika hoër is as diegene wat nie getroud is nie. Ons resultate toon dat die verband tussen subjektiewe welstand en verhoudingsstatus binne die konteks van COVID-19 meer ingewikkeld kan wees as voor die pandemie. 'n Enkellopende respondent sou dalk minder afhanklikes gehad het om voor te sorg, wat sy subjektiewe welstand teoreties positief sou beïnvloed het – gegewe die druk wat dagloners ervaar in hulle verantwoordelikebesef dat hulle vir hulle afhanklikes moet sorg (Magidi, 2022). Volgens Mahadea en Ramroop (2015) het te veel afhanklikes 'n negatiewe uitwerking op subjektiewe welstand.

Die enigste statisties beduidende onderrig-determinant was die fop-veranderlike wat deelnemers verteenwoordig wat 'n mate van sekondêre skoolopleiding voltooi het. Die voltooiing van sekere sekondêre onderwys word geassosieer met 'n verhoogde vlak van subjektiewe welstand, maar is slegs betekenisvol teen 10%.

Die ontleding het ook ondersoek ingestel na veranderlikes met betrekking tot deelnemers se geskiedenis en ervaring in die arbeidsmag – byvoorbeeld hulle indiensneming- en werksoek-geskiedenis. Vir diegene wat tydens die pandemie se hoogtepunt kon werk, het indiensneming en daaropvolgende inkomste subjektiewe welstand positief beïnvloed. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met vorige literatuur (Blaauw *et al.*, 2018).

Tabel 6 toon dat beide Saterdag- en Sondagstaanveranderlikes statisties beduidend was, alhoewel met verskillende verwantskappe met subjektiewe welstand. Deelnemers wat op Saterdag vir werk gestaan en wag het, het subjektiewe welstand positief beïnvloed, terwyl die verhouding negatief was vir deelnemers wat beskikbaar was om op 'n Sondag te werk. In 'n Duitse studie het Akay en Martinsson (2009) 'n sistematiese afname in subjektiewe welstand oor naweke getoon na aanleiding daarvan of 'n persoon voltyds werk, deelyds werk, of werkloos is. Die skrywers het ook bevestig dat “Sondag as die blouste dag ervaar word [vertaal uit die oorspronklike Engels]” (Akay & Martinsson, 2009:22). Ook het 130 van die 135 deelnemers wat aangedui het dat hulle op 'n Sondag vir werk staan, getoon dat hulle sewe dae per week werk. Die negatiewe verhouding met subjektiewe welstand kan die sielkundige prys van absoluut geen tyd vir familie, kerk, gemeenskap of sport weerspieël. Dit is 'n geloofwaardige verduideliking, aangesien Schenck *et al.* (2020:142) bevind het dat dagloners in Mbombela en Emalaheni ook baie min, indien enige, vrye tyd gehad het – met die implikasie dat daardie element van Max-Neef (1991) se fundamentele menslike behoeftes⁷ glad nie bevredig is nie.

Die effek van verskillende werktipes op subjektiewe welstand is ook getoets. 'n Negatiewe verwantskap met subjektiewe welstand is gevind vir deelnemers wat die maand voor die onderhoud met grawe en pikke gewerk het. Dit kan dui op 'n moontlike verband met swaar hande-arbeid wat meer uitputtend is.

Die laaste veranderlike ten opsigte van werk- en werksoek-geskiedenis wat statisties beduidend was, was die wagtydveranderlike. Die verwantskap van hierdie veranderlike met subjektiewe welstand is ietwat verwarrend. Die model toon dat 'n verhoogde wagtyd met hoër subjektiewe welstand geassosieer word. Een moontlike faktor in die verduideliking van hierdie resultaat kan die onverwagse positiewe eksternaliteit van samesyn wees wat voortspruit uit

⁷ 'n Taksonomie van fundamentele menslike behoeftes en die maniere waarop hierdie behoeftes bevredig kan word, is deur Manfred Max-Neef ontwikkel. Sien Max-Neef (1991) vir 'n volledige beskrywing.

langer wag vir moontlike werk – amper vanweë die feit dat jy nie alleen in hierdie haglike situasie is nie en weet dat jy so lank as moontlik bly in die hoop om werk te kry, wat jou toewyding tot die rol van broodwinner en voorsiener vir jou gesin wys, soos gepostuleer deur Malinga (2015). Biswas-Diener en Diener (2001) verleen verdere geloofwaardigheid aan hierdie moontlike verduideliking. Hulle het onverwagte hoë vlakke van selfgerapporteerde welstand gevind in die krotbuurte van Kalkutta, Indië, en die samehörigheid van die mense met gedeelde omstandighede het ’n noodsaaklike rol as ’n verklarende veranderlike gespeel (Biswas-Diener & Diener, 2001). Die positiewe rol van sosiale samehörigheid is ook duidelik in Biswas-Diener *et al.* (2005) se studie van die Masai etniese groep in Kenia en Tanzanië. Hierdie groepe het getuig van relatief hoë subjektiewe welstandsvlakke al het hulle in kleihuise sonder elektrisiteit of lopende water gewoon (Biswas-Diener *et al.*, 2005). ’n Relatief onlangse Suid-Afrikaanse studie deur Mahadea en Ramroop (2015) onder Gauteng se stedelike bevolking het ook voorgestel dat mense met hoër vlakke van sosiale verbondenheid minder geïsoleerd voel, beter ondersteuning geniet, en dus meer gebonde voel as mense wat minder sosiale verbintenisse ervaar. Dit is duidelik nog ’n onderwerp vir verdere navorsing in die dag-arbeidsmark en breër informele sektor in Suid-Afrika.

By die oorweging van die betekenisvolle inkomsteveranderlikes in die finale model, is bevind dat vyf inkomsteverwante veranderlikes statisties beduidend is, wat ’n positiewe verband met subjektiewe welstand toon. Eerstens was die hoogste (beste) loon wat dagloners gedurende September 2020 tot Oktober 2021 ontvang het, statisties beduidend. Daarbenewens was die laagste loon waarvoor deelnemers ten tyde van die onderhoud bereid was om per dag te werk ook statisties beduidend. Dagloners ervaar tipies hoë inkomste-variasie, so albei kante van die inkomstespektrum kan ’n diepgaande impak hê op hul algehele welstand. Die verwagting van wisselende daaglikse verdienste, wat wissel van baie laag tot (weliswaar in uitsonderlike gevalle) hoë bedrae, kan tot hierdie betekenisvolheid bydra. Hierdie bevinding onderskryf voorts die bevindinge deur Blaauw *et al.* (2018), wat die belangrikheid van inkomste op die subjektiewe welstand van dagloners beklemtoon het weens hul strukturele kwesbaarheid vir eksogene skokke (soos die COVID-19-pandemie).

Die belangrikheid van die fop-veranderlike wat aandui dat deelnemers se lone terugkeer het tot pre-COVID-19-vlakke, is baie interessant. Die grootte van hierdie koëffisiënt is ook relatief groot in vergelyking met die koëffisiënte van die ander inkomsteverwante veranderlikes. Dit toon weereens die belangrikheid van inkome in die subjektiewe welstand van dagloners, maar veral ook hoe belangrik dit was vir die deelnemers wie se inkome wel ’n terugkeer kon maak na pre-COVID-19-vlakke – iets wat vir die meerderheid nie beskore was nie.

Laastens is bevind dat die ontvang van COVID-19 en ander maatskaplike toelaes positief geassosieer word met die subjektiewe welstand van dagloners in Johannesburg. Dagarbeiders word beskou as een van die mees kwesbare en gemarginaliseerde groepe in die informele sektor in Suid-Afrika (Theodore *et al.*, 2015). Hierdie arbeiders is blootgestel aan lae en onsekere inkomstevlakke (Smith, 2020). Daarom kan dit moontlik wees dat enige tipe inkomste hul subjektiewe welstand positief beïnvloed. Mens moet egter altyd in gedagte hou dat, in die lig van die feit dat subjektiewe welstand ’n multidimensionele konsep is wat deur verskeie faktore beïnvloed kan word, talle ander faktore benewens “enige tipe inkomste” ook ’n rol kan speel.

Gevolgtrekking

Die COVID-19-pandemie word as een van die wêreld se ernstigste gesondheids- en ekonomiese skokke van die afgelope dekades beskou. Alhoewel sommige van die onlangse makro-ekonomiese statistieke wat deur Statistieke Suid-Afrika vrygestel is, 'n prentjie skets van gedeeltelike herstel, word die gevolge vir die informele sektor steeds daaglik gevoel deur diegene wat in hierdie arena werk – soos getoon deur die bevindinge van hierdie navorsing. Hierdie studie het bevind dat deelnemers in die informele sektor (in hierdie geval dagloners in Johannesburg) buite verhouding deur die COVID-19-pandemie en die gevolglike inperkings geraak is. Hulle was veral kwesbaar vir hierdie tipe eksogene skokke. Vir die werkloos wat geen ander toelaes ontvang het nie, was die COVID-19 SRD-toelaes dikwels die enigste amptelike bystand wat in hierdie moeilike tye ontvang is. Die impak van die pandemie op die subjektiewe welstand van die informele loonarbeiders is dus van kritieke belang vir ons begrip van die voetsoolimpak van hierdie ongekende gebeurtenis. Literatuur oor hierdie kwessie bly skaars aangesien dit vir navorsers van die uitdagendste aktiwiteite is om persone in die informele sektor deur middel van navorsingspogings te bereik.

Hierdie studie het dus wesenlik bygedra tot die beperkte literatuur deur die ondersoek na die subjektiewe welstand van 230 informele dagarbeiders tydens die COVID-19-pandemie in Johannesburg, Suid-Afrika. Die bevindinge toon dat die subjektiewe welstand van dagloners beïnvloed is deur verskeie demografiese, indiensnemings- en werksoekgeskiedenisveranderlikes. Hierdie veranderlikes was ook betekenisvol in ander studies in die studieveld van subjektiewe welstand. Die kwesbaarheid van hierdie dagarbeiders is beklemtoon deur die ekonometriese model se bevestiging dat verskeie inkomsteveranderlikes hul subjektiewe welstand wesenlik beïnvloed het. Enige inkomste het as 'n reddingsboei vir die arbeiders gedien en dit is weerspieël in die positiewe korrelasie met hul vlakke van subjektiewe welstand.

Dagarbeiders is struktureel kwesbaar, met niks om op terug te val tydens eksogene skokke soos die COVID-19-pandemie nie. Sen (1999) het 'n baie sterk standpunt ingeneem dat maatskaplike beleid daar gestel moet word met die nodige veiligheidsnette (“safety nets”) vir werkloos en ander kwesbare mense. Werkloos en mense in armoede moet byvoorbeeld altyd in staat wees om 'n basiese inkomte te hê om hulle dringendste bestaansbehoefes te bevredig (Sen, 1999). Alhoewel die Suid-Afrikaanse regering probeer het om kwesbare dele van die bevolking by te staan deur 'n COVID-19-toelaes te verskaf, het die resultate getoon dat baie dagarbeiders nie aansoek gedoen het nie omdat hulle nie Suid-Afrikaanse burgers was nie, reeds 'n ander maatskaplike toelaes ontvang het, of nie die nodige dokumente besit het om aansoek te doen nie.

Daar is ook getoon dat die uitwerking van die pandemie voortduur. Die meerderheid dagloners in hierdie studie, het in Oktober 2021 (m.a.w. tydens die afloopfase van die pandemie) steeds minder verdien as in voor-COVID-19-tye. Selfs op 'n suiwer objektiewe vlak is daar dus steeds elemente van sistemiese ongelykheid, soos Sen (1999) dit geïdentifiseer het, aanwesig wat dagloners verhoed om hul vryheid van keuses te verbreed m.b.t. wat vir die mense van waarde is. Hierdie is kritieke aspekte in dagloners se subjektiewe welstandervaring. Om dit aan te spreek, is van kritieke belang. Voortgesette navorsing is uiteraard gebiedend noodsaaklik om die langtermyn effek van hierdie aspekte op dagarbeiders en ander aktiwiteite binne die informele sektor te monitor en ons begrip van die kwesbares in ons samelewing verder te verdiep.

BIBLIOGRAFIE

- Akay, A & Martinsson, P. 2009. Sundays are blue: Aren't they? The day-of-the-week effect on subjective well-being and socio-economic status. *IZA Discussion paper no. 4563*. <https://docs.iza.org/dp4563.pdf>. [12 October 2022].
- Alkire, S. 2002. Dimensions of human development. *World Development*, 30(2):181-205.
- Atkins, H. 2021. Covid-19 social relief of distress grants: The case of South Africa. <https://socialprotection.org/discover/blog/covid-19-social-relief-distress-grants-case-south-africa> [3 Oktober 2022].
- Biswas-Diener, R & Diener, E. 2001. Making the best of a bad situation: satisfaction in the slums of Calcutta. *Social Indications Research*, 55:329-352.
- Biswas-Diener, R, Vittersø, J & Diener, E. 2005. Most people are pretty happy, but there is cultural variation: the Inughuit, the Amish, and the Maasai. *Journal of Happiness Studies*, 6(3):205-226.
- Blaauw, PF. 2010. The socio-economic aspects of day labouring in South Africa, Unpublished Doctoral thesis, University of Johannesburg, South Africa.
- Blaauw, PF, Louw, H & Schenck, CJ. 2006. The employment history of day labourers in South Africa and the income they earn – A case study of day labourers in Pretoria. *South African Journal of Economics and Management Sciences*, 9(4):1-14. <https://doi.org/10.4102/sajems.v9i4.1034>.
- Blaauw, PF & Pretorius, AM. 2012. The determinants of subjective well-being in South Africa – An exploratory enquiry. *Journal of Economic and Financial Sciences*, 6(1):179-194. <https://doi.org/10.4102/jef.v6i1.283>.
- Blaauw, PF, Botha, I & Schenck, C. 2018. The subjective well-being of day labourers in South Africa: The role of income and geographical location. *South African Journal of Economic and Management Sciences*, 21(1):a2087. <https://doi.org/10.4102/sajems.v21i1.2087>.
- Blaauw, PF, Pretorius, AM, Viljoen, K & Schenck, CJ. 2020. Adaptive expectations and subjective well-being of landfill waste pickers in South Africa's Free State province. *Urban Forum*, 31(1):135-155. <https://doi.org/10.1007/s12132-019-09381-5>.
- Blaauw, D, Yu, D & Schenck, R. 2021. Inequality among the informally wage-employed in South Africa – implications for the impact of exogenous shocks on lives and livelihoods. *Journal of Social Development in Africa*, 36(1):55-92.
- Blaauw, PF & Pretorius, M. 2022. "I am 30 and I have nothing": the context of reception and the lived experiences of foreign migrants working as car guards in Johannesburg's West Rand. *GeoJournal*, 88(1):121-135. <https://doi.org/10.1007/s10708-022-10594-8>.
- Botha, F & Booysen, F. 2013. The gold of one's ring is not far more precious than the gold of one's heart: reported life satisfaction among married and cohabitating South African adults. *Journal of Happiness Studies*, 14(2):433-456.
- Cox, K. 2012. Happiness and unhappiness in the developing world: life satisfaction among sex workers, dump-dwellers, urban poor, and rural peasants in Nicaragua. *Journal of Happiness Studies*, 13:103-128.
- Cramm, JM, Møller, V & Nieboer, AP. 2010. Improving subjective well-being of the poor in the Eastern Cape. *Journal of Health Psychology*, 15(9):1012–1019. <https://doi.org/10.1177/1359105310367833>.
- Das, KV, Jones-Harrell, C, Fan, Y, Ramaswami, A, Orlove, B & Botchwey, N. 2020. Understanding subjective well-being: perspectives from psychology and public health. *Public Health Reviews*, 41, a25 (2020). <https://doi.org/10.1186/s40985-020-00142-5>.
- Diener, E & Chan, MY. 2011. Happy people live longer: Subjective well-being contributes to health and longevity. *Applied Psychology: Health and Well-being*, 3(1):1–43. <https://doi.org/10.1111/j.1758-0854.2010.01045>.
- Diener, E, Diener, M & Diener, C. 2009. Factors predicting subjective well-being of Nations. *Social Indicators Research Series*, 38:43-70.
- Diener, E, Suh, EM, Lucas, RE & Smith, HL. 1999. Subjective well-being: Three decades of progress. *Psychological Bulletin*, 125:276-302.
- Diener, E, Oishi, S & Lucas, RE. 2003. Personality, culture, and subjective well-being: Emotional and cognitive evaluations of life. *Annual Review of Psychology*, 54(1):403-425. <https://doi.org/10.1146/annurev.psych.54.101601.145056>.

- Diener, E, Diener, M & Diener, C. 2009. Factors predicting subjective well-being of Nations. *Social Indicators Research Series*, 38:43-70.
- Dolan, P, Peasgood, T & White, M. 2008. Do we really know what makes us happy? A review of the economic literature on the factors associated with subjective well-being. *Journal of Economic Psychology*, 29:94-122.
- Ebrahim, A, Botha, F & Snowball, J. 2013. Determinants of life satisfaction among race groups in South Africa. *Development Southern Africa*, 30(2):168–185. <https://doi.org/10.1080/0376835X.2013.797227>.
- Frey, B & Stutzer, A. 2002. What can economists learn from happiness research? *Journal of Economic Literature*, 40:402-435.
- Greyling, T, Rossouw, S & Adhikari, T. 2020. A tale of three countries: How did Covid-19 lockdown impact happiness? *GLO Discussion Paper; 2020*.
- Greyling, T, Rossouw, S & Adhikari, T. 2021. The good, the bad and the ugly of lockdowns during Covid-19. *PLoS One*, 16(1):e0245546.
- Gujarati, DN & Porter, DC. 2009. *Basic Econometrics*. New York: McGraw Hill Education.
- Magidi, MD. 2022. The family life and well-being of migrant day labourers in Cape Town. Unpublished doctoral thesis, University of the Western Cape, South Africa.
- Mahadea, D & Ramroop, S. 2015. Influences on happiness and subjective well-being of entrepreneurs and labour: KwaZulu-Natal case study. *South African Journal of Economic and Management Sciences*, 18(2):245-259.
- Malinga, MV. 2015. Precarious employment and fathering practices among African men. Unpublished doctoral thesis, University of South Africa, South Africa.
- Max-Neef, MA. 1991. *Human Scale Development: Conception, application and further reflections*. New York & London: The Apex Press.
- Mulcahy, K & Kollamparambil, U. 2016. The impact of rural-urban migration on subjective well-being in South Africa, *The Journal of Development Studies*, 52(9):1357-1371.
- Nielsen, I, Paritski, O & Smyth, R. 2010. Subjective well-being of Beijing taxi drivers. *Journal of Happiness Studies*, 11:721-733.
- Nussbaum, M. 2011. *Creating Capabilities: The Human Development Approach*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.
- Posel, D & Casale, D. 2011. Relative standing and subjective well-being in South Africa: The role of perceptions expectations and income mobility. *Social Indicators Research*, 104:195-223.
- Proctor, CL. 2014. Subjective well-being, in Michalos (ed.). *Encyclopedia of quality of life and well-being research*. Amsterdam: Springer, pp. 6437-6441.
- Rakabe, E. 2020. *Eddie Rakabe: Informal business relief isn't hitting the mark*. <https://www.fin24.com/Opinion/eddie-rakabe-informal-business-relief-isnt-hitting-the-mark-20200416-2> [20 April 2020].
- Ranchhod, V & Daniels, RC. 2021. Labour market dynamics in South Africa at the onset of the COVID-19 pandemic. *South African Journal of Economics*, 89(1): 44-62. <https://doi.org/10.1111/saje.12283>.
- Rojas, M. 2013. The subjective well-being of people in informal employment: Empirical evidence from Mexico. *Evidence-based HRM: A global forum for empirical scholarship*, 1(2):169-186. <https://doi.org/10.1108/EBHRM-04-2013-0006>.
- Schenck, R, Blaauw, D & Matthee, M. 2020. Max-Neef en die strukturele kwesbaarheid van dagloners in Mbombela en Emalahleni, Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(1):142-163. <https://doi.org/10.17159/2224-7912/2020/v60n1a11>.
- Schenck, CJ, Blaauw, PF, Swart, EC, Viljoen, JMM & Mudavanhu, N. 2019. The management of South Africa's landfills and waste pickers on them: Impacting lives and livelihoods. *Development Southern Africa*, 36(1):80-98. <https://DOI:10.1080/0376835X.2018.1483822>.
- Schmid, L, Christmann, P, Ohrlein, AS, Stein, A & Thönnissen, C. 2024. Life Satisfaction during the Second Lockdown of the COVID-19 Pandemic in Germany: The Effects of Local Restrictions and Respondents' Perceptions about the Pandemic. *Applied Research in Quality of Life*, 19:445-467. <https://doi.org/10.1007/s11482-023-10249-x>.
- Sen, A. 1999. *Development as Freedom*. Oxford: Oxford University Press.

- Shams, K & Kadow, A. 2023. COVID-19 and Subjective well-being in Urban Pakistan in the Beginning of the Pandemic: A Socio-Economic Analysis. *Applied Research in Quality of Life*, 18:93-113. <https://doi.org/10.1007/s11482-022-10114-3>.
- Smith, ME. 2020. Social justice vulnerabilities and marginalised communities: A case study of day labourers In Mbekweni. Unpublished Masters dissertation, University of the Western Cape, South Africa.
- Statistieke Suid-Afrika. 2022. After two years, GDP returns to pre-pandemic levels. <https://www.statssa.gov.za/?p=15440> [28 Oktober 2022].
- Suid-Afrikaanse Regering. 2020. Social grants – Coronavirus COVID-19. [https://www.gov.za/covid-19/individuals-and-households/social-grants-coronavirus-covid-19#:~:text=Social%20Relief%20of%20Distress%20\(SRD\)%20grants&text=The%20Special%20COVID%2D19%20Social%20Relief%20of%20Distress%20amount%20is,there%20will%20be%20no%20backpay](https://www.gov.za/covid-19/individuals-and-households/social-grants-coronavirus-covid-19#:~:text=Social%20Relief%20of%20Distress%20(SRD)%20grants&text=The%20Special%20COVID%2D19%20Social%20Relief%20of%20Distress%20amount%20is,there%20will%20be%20no%20backpay) [3 Oktober 2022].
- Theodore, N, Blaauw, D, Schenck, C, Valenzuela Jr, A, Schoeman, C & Meléndez, E. 2015. Day labor, informality and vulnerability in South Africa and the United States. *International Journal of Manpower*, 36(6):807-823.
- Theodore, N, Blaauw, D, Pretorius, A & Schenck, C. 2017. The socio-economic incorporation of immigrant and native-born day labourers in Tshwane, South Africa. *International Migration*, 55(1):142–156. <https://doi.org/10.1111/imig.12311>.
- Theodore, N, Pretorius, A, Blaauw, D & Schenck, C. 2018. Informality and the context of reception in South Africa’s new immigrant destinations. *Population, Space and Place*, 24(3):e2119. <https://doi.org/10.1002/psp.2119>.
- Valenzuela Jr, A, Theodore, N, Meléndez, E & Gonzalez, AL. 2006. *On the corner: Day labor in the United States*. UCLA, Los Angeles, CA.
- Van Wyk, AM, Blaauw, PF, Pretorius, A, Schenck, R & Freeman, R. 2020. Investigating the subjective well-being of the informally employed: A case study of day labourers in Windhoek and Pretoria. *Acta Commercii*, 20(1):a825. <https://doi.org/10.4102/ac.v20i1.825>.
- Veenhoven, R. 2023. *Happiness Research: Past and Future*. Voordrag gelewer by die 21ste jaarlikse konferensie van die International Society for Quality-of-Life Studies (ISQOLS), Rotterdam, Nederland, 21-25 Augustus 2023.
- Venter, L, Blaauw, D & Claassen, C. 2024. “It was Better Before COVID”: The Impact of the Social Relief of Distress Grant on the Lives and Livelihoods of South African Day Labourers in Tshwane. *International Social Science Journal*, 74:1049-68. <https://doi.org/10.1111/issj.12497>.
- Voukelatou, V, Gabrielli, L, Miliou, I, Cresci, S, Sharma, R, Tesconi, M & Pappalardo, L. 2021. Measuring objective and subjective well-being: dimensions and data sources. *International Journal of Data Science and Analytics*, 11:279-309. <https://doi.org/10.1007/s41060-020-00224-2>.

Oorlog, geostrategiese spanning en nuwe wêreldordes: Krygskundige navorsing in Suid-Afrika sedert 1994¹

War, geostrategic tensions and new world orders: Military research in South Africa since 1994

ABEL ESTERHUYSE

Departement Strategiese Studies

Universiteit Stellenbosch

Suid-Afrika

E-pos: abel@sun.ac.za



Abel Esterhuysen

ABEL ESTERHUYSE is verbonde aan die Departement Strategiese Studies in die Fakulteit Krygskunde, Universiteit Stellenbosch, by die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie te Saldanha. Afgesien van 'n PhD van die Universiteit van Stellenbosch, is hy ook 'n gegradueerde van die leierskapsprogram van die Amerikaanse Sentrum vir Strategiese Studies in Washington DC; die somerprogram in Krygsgeskiedenis van die Amerikaanse Militêre Akademie, "West Point"; en die program oor die analise van Militêre Operasies en Strategie (SWAMOS) van die Colombia Universiteit se Saltzman Instituut vir Oorlogs- en Vredesstudies in New York. Voordat hy die akademiese wêreld betree het, het hy as offisier in die Suid-Afrikaanse Weermag gedien. As 'n gegradueerde wetenskaplike van die Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting, spesialiseer hy in Suid-Afrikaanse veiligheid en verdediging, militêre en strategiese teorie en kontemporêre konflik. Sy mees onlangse publikasie is 'n boekhoofstuk getiteld *The Evolution of South African Operational Art: From an African Way of War to Doctrine*.

ABEL ESTERHUYSE lectures in the Department of Strategic Studies, Faculty of Military Science, University of Stellenbosch, at the South-African Military Academy, Saldanha Bay. In addition to a PhD obtained from the University of Stellenbosch, prof. Esterhuysen is also a graduate of the programme in leadership from the American Centre of Strategic Studies in Washington DC; the summer programme in History of Military Science of the American Military Academy at "West Point"; and the programme on the analysis of Military Operations and Strategy (SWAMOS) of the Colombia University's Saltzman Institute of War and Peace Studies in New York. Before joining the world of academia, he was an officer in the South African Army. A graded scientist of the South African Research Foundation, he specialises in South-African security and defence, military and strategic theory and contemporary conflict. His most recent publication is a chapter on *The Evolution of South African Operational Art: From an African Way of War to Doctrine*.

¹ Referaat wat gelewer is by die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se jaarlikse algemene simposium, Van isolasie na internasionalisering: *Tendense in Suid-Afrikaanse navorsing die afgelope 30 jaar*, Pretoria, 19 September 2024.

Datums:

Ontvang: 2024-09-27

Goedgekeur: 2024-10-28

Gepubliseer: Desember 2024

ABSTRACT***War, geostrategic tensions and new world orders: Military research in South Africa since 1994***

The article explores the nature and development of military research in South Africa since 1994. Military research always unfolds within the idea and the broader context of security. Similar to the end of the First and Second World Wars, the end of the Cold War introduced a period of relative peace that translated into a liberal outlook on peace and security in the 1990s. Internationally, the so-called Copenhagen school of security studies suggests a deepening and broadening of the debate on security. Increasingly, strategic studies were replaced by security studies; with the debate on security in the 1990s becoming progressively normative and utopian in nature. By the end of the 1990s, especially after the 9/11 attacks, it was quite clear, however, that security still requires a careful attention of conflict, violence, and war; and that the state and the security institutions remain at the core of the idea of security. At the same time, defining security too widely, and including potentially everything that might negatively affect human affairs, the idea of security runs the risk of being too broad to be of any practical value. By the early 2000s, on an international scale, the focus on military force returned to its rightful place in International Relations (IR) as an area of research and study.

South Africa in the 1990s embraced the idea of the deepening and broadening of the debate on security; and the notion of human security, in particular. As was the case under the apartheid regime before 1994, the 1996 White Paper on Defence was used to translate the idea of human security into policy. Unlike the era before 1994, however, the policy directive on human security was never really operationalised by means of an explicit national security strategy document. At face value, there was a declaratory focus by government on human security; in reality, however, the focus shifted to an emphasis on African security under President Thabo Mbeki, regime security under the Jacob Zuma Administration, and the reality of national security under President Cyril Ramaphosa respectively. In the scholarly domain, however, the focus in research and teaching remained almost exclusively on the non-military and non-state dimensions of the idea of human security. Given this state of affairs, questions ought to be asked about the alignment between research on security in South Africa and the realities of insecurity facing the society at large; as well as to what extent the academic fraternity in South Africa is addressing the nuances of the security realities facing society in their research.

As far as military research is concerned, the period after 1994 can be viewed as a period of growth and development for the Faculty of Military Science of the University of Stellenbosch at the Military Academy, Saldanha Bay. Whereas prior to 1994 the Faculty was primarily responsible for the undergraduate teaching of military officers, the focus of the institution shifted towards post-graduate teaching and research in the post-1994 era. This was predominantly due to the process of democratisation and developments in the sphere of global communications. It allowed the Faculty of Military Science to escape from its geographical and institutional isolation and to become integrated into the broader academic fraternity both in South Africa and abroad. The Faculty's research unfolded predominantly in the domain of the art of war rather than military science; with an emphasis on military history, strategic studies and international relations (IR).

KEYWORDS: Security, military, human security, defence, defence force, security institutions, research, publications, military science, conflict, war, world-order

TREFWOORDE: Veiligheid, militêr, mensveiligheid, verdediging, weermag, veiligheidsinstellings, navorsing, publikasies, krygskunde, konflik, oorlog, wêreldorde

OPSOMMING

Die artikel plaas die aard van krygskundige navorsing in Suid-Afrika sedert demokratisering in 1994 onder die soeklig. Dit word gedoen binne die breë konteks van die idee van veiligheid; insluitende sowel die internasionale as die Suid-Afrikaanse veiligheidsproblematiek. Die argument, vanuit 'n internasionale veiligheidsperspektief is dat die 1990's tiperend was van die aard van veiligheidsdenke in ná-oorlogsperiodes. Net soos in die 1920's en die laat 1940's was dit 'n periode van idealistiese denke oor veiligheid. Teen die laat 1990's was daar egter 'n terugkeer na groter *realpolitik* en 'n meer tradisionele benadering met die klem op die rol van die staat en die veiligheidsinstellings in die nastreef van veiligheid. In Suid-Afrika het die verklaarde klem op 'n algemene mensveiligheid egter voortgeduur; ook wat die fokus en aard van navorsing betref. Dit lei tot vrae oor die mate waartoe akademiese navorsing oor veiligheid bely is met die veiligheidswerklikhede in Suid-Afrika. Wat krygskundige navorsing betref, was die periode ná 1994 vir die Fakulteit Krygskunde van die Universiteit van Stellenbosch 'n periode van groei en ontwikkeling. Die navorsing ontvou veral in die krygskuns eerder as in die krygswetenskaplike omgewing met 'n fokus op krygsgeskiedenis, strategiese studies en internasionale politiek.

1. Inleiding

Die doel van die artikel is om krygskundige navorsing in Suid-Afrika onder die soeklig te plaas met verwysing na globale konflik, geostrategiese realiteite, en ontvouende wêreldordes. Krygskundige navorsing in Suid-Afrika is primêr, maar nie uitsluitlik nie, die verantwoordelikheid van die Fakulteit Krygskunde van die Universiteit Stellenbosch. Tot in 1994, was dit 'n verantwoordelikheid wat tot 'n groot mate na binne gerig was; en in isolasie ten opsigte van die breër akademiese samelewing in Suid-Afrika en die wêreld gestaan het. Uit die aard van Suid-Afrika se isolasie en binnelandse strategiese realiteite, het dit die geleentheid geskep vir universiteite in Suid-Afrika in die 1980's om die terrein van veiligheidsnavorsing te betree; dikwels vanuit 'n protes- en teen-regeringsperspektief. Globale konflik, geostrategiese realiteite en nuwe wêreldordes, tesame met binnelandse politieke tendense, het egter nuwe en bevrydende geleenthede geskep vir krygskundige navorsing.

Die vraag is hoe die aard van die navorsing en opvoeding wat onderneem word in die akademiese omgewing sedert 1994 bely is met die veiligheidswerklikhede in Suid-Afrika. Krygskundige navorsing is nou verweef met die aard en konseptualisering van veiligheid; beide internasionaal en plaaslik. Die bespreking kontekstualiseer die vraag na krygskundige navorsing deur dit eerstens te belig met verwysing na die aard en wese van internasionale veiligheidsrealiteite en denke. Tweedens poog die bespreking om die aard van veiligheidsdenke en navorsing in Suid-Afrika onder die soeklig te plaas, met spesifieke verwysing na die wyse waarop mensveiligheid as konsep deur beide die regering en veiligheidsburokrasie, sowel as akademici en die akademiese wêreld, omarm is. Die bespreking plaas laastens die klem op die rol van die Fakulteit Krygskunde aan die Universiteit van Stellenbosch in opvoeding en navorsing van 'n krygskundige aard.

2. Van ná-Koue Oorlog-veiligheid tot grootmoondheid-spanning en oorlog

Die vraag na 'n sogenaamde nuwe wêreldorde is gereeld aan die orde; meestal vanuit 'n eskatologiese perspektief en, waarna die Nederlanders verwys as 'n komplotteorie. Die waarheid is dat daar dikwels 'n nuwe geostrategiese dinamika ontvou in internasionale politiek en ekonomie wat as 'n nuwe wêreldorde getipeer kan word (Brands & Edel, 2019). Sodanige nuwe wêreldorde ontvou dikwels, volgens Colin S Gray (2007:9) aan die hand van sewe strategiese kontekste: politiek, ekonomies, sosiaal-kultureel, geografies, tegnologies, histories, en militêr. Oorlog is daarom dikwels 'n belangrike kataliserende faktor en die deurslaggewende dinamika waarteen so 'n sogenaamde nuwe wêreldorde ontvou.

Die Koue Oorlog het as nuwe wêreldorde ontvou in die nasleep van die Tweede Wêreldoorlog en daar was weereens 'n nuwe wêreldorde ná afloop en aan die einde van die Koue Oorlog. Elkeen van hierdie nuwe tydsraamwerke bring 'n unieke dinamika na vore in soverre dit die aard van vrede en veiligheid behels; met daarby inbegrepe ook die bestudering van vrede en veiligheid. Prof. Colin S. Gray (2007: 240) ontleed byvoorbeeld in sy boek, *War, Peace and International Relations – An Introduction to Strategic History*, op interessante wyse die sogenaamde groot strategiese narratief, naamlik dat die 1990's, net soos die 1920's en die laat 1940's, 'n periode was waarin daar oorweldigend idealisties of utopies oor vrede en veiligheid gedink is. Tewens, in 1992 is die Amerikaanse politieke wetenskaplike Francis Fukuyama (1992) se boek, *The End of History and the Last Man*, met wye steun in die akademiese wêreld begroet. Die kern van Fukuyama se argument was dat die toekoms van die wêreld deur demokrasie en die vrye mark gevorm gaan word; en dat die wêreld die vlak van ontwikkeling bereik het waar oorlog om geskille tussen strategiese entiteite te beslis, oorbodig geraak het.

Uit 'n akademiese perspektief is die fokus in die bestudering van vrede en veiligheid ná die Koue Oorlog verskuif vanaf verdedigings- en strategiese studies na 'n verbredende beskouing van die dissipline onder die hoër orde van veiligheidstudies. Strategiese studies is tradisioneel 'n interdisziplinêre vakgebied² wat fokus op die wyse waarop die militêre en ander magsinstrumente van die staat gebruik kan word om politieke doelwitte te bereik deur middel van 'n dinamiese interaksie tussen strategiese akteurs in die politieke domein (Duyvesteyn & Worrall, 2017: 347). Die idee van die veiligheid van individue en groepe is uiteraard so oud soos die mensdom self. Maar, as 'n onderwerp van professionele akademiese ondersoek, is die idee van veiligheidstudies 'n relatief onlangse en grotendeels Europees-Amerikaanse konsep wat vanuit die Tweede Wêreldoorlog na aanleiding van die idees van groot of nasionale strategie (“grand or national strategy”), beslag gekry het. Vanuit hierdie perspektief word veiligheidstudies verstaan as synde van 'n hoër orde te wees as strategiese studies; en daarenboven ook 'n belangrike komponent van politieke wetenskap in die bestudering van internasionale verhoudinge uit te maak. Ook het dit grotendeels gelei tot die uitsluiting van sommige sleutelareas van studie, veral binnelandse polisiëring en kwessies met betrekking tot die welsyn van bevolkings (Williams & McDonald, 1998:3).

In die meer tegniese taal van sosiale wetenskap is veiligheid, volgens Williams en McDonald (1998:1), egter ietwat van 'n omstrede konsep aangesien daar geen konsensus oor die betekenis van die idee van veiligheid is nie. Veiligheid het verskillende betekenis vir verskillende mense. Op 'n abstrakte of teoretiese vlak werk die vakkundiges binne interna-

² Strategiese insig vereis 'n kundige oorweging van die sewe strategiese kontekste waarna Colin S. Gray verwys: politiek, sosio-kultureel, ekonomies, geografies, tegnologies, histories en militêr.

sionale verhoudinge gewoonlik met 'n definisie van veiligheid wat fokus op die beskerming van sleutelwaardes teen eksterne bedreigings (Williams & McDonald, 1998:1); alhoewel Buzan (1983:37) dit ook koppel aan die idee van interne kwesbaarhede. Veiligheid, en die bestudering daarvan, is daarom, per definisie politieke van aard. Die politieke aard spruit voort uit vroeë rakende wye se veiligheid en hulpbronne ter sprake is; hoe veiligheid bereik moet word; en wat die impak, geografies en andersins, daarvan gaan wees.

Benewens die ineenstorting van die Sowjet-ryk, het globalisering in sy vele manifestasies mense se aandag weggedraai van staatsveiligheid en van militêre bedreigings en verdediging, na 'n meer kosmopolitiese mensgesentreerde perspektief, gerugsteun deur die VN. Dit het gevolg op 'n soeke in die laat tagtigs in die onverbonde lande van Europa na alternatiewe om die Koue Oorlog-spanning in Europa te ontloot (Lautensach & Lautensach, 2023:1.1.1). Die publikasie van die hersiene uitgawe van Barry Buzan se boek, *People, States & Fear: The National Security Problem in International Relations* (1982), het die grondslag gevorm van denke oor vrede en veiligheid in die 1990's. Die kern van die *Copenhagen Peace Research Institute* se argument oor vrede en veiligheid, byvoorbeeld, was dat daar verbredend omgegaan moes word met die idee van veiligheid en dat dit ook 'n politieke, ekonomiese, sosiale-kulturele en omgewingsdimensie het wat ontgin moes word. Insgelyks het die verdieping van vrede en veiligheid beteken dat die staat nie die alleeneienaar van veiligheid is nie; maar dat dit ook die verantwoordelikheid van internasionale en sub-staatlike entiteite en strukture is.

Die debat oor die verbreding en verdieping van veiligheid het hernude stukrag en legitimititeit gekry met die VN se 1994-verslag oor menslike ontwikkeling (UNDP,1994) wat die idee of konsep van mensveiligheid gepropageer het en wat veiligheid gedefinieer het as 'n mens-gedrewe eerder as 'n geografies-gedrewe konsep. Die idee van mensveiligheid is binne die konteks van ontwikkeling gekonseptualiseer; eerder as 'n politieke of strategiese fenomeen. Mensveiligheid word daarom deur twee denkrigtings onderlê: vryheid van gebrek en vryheid van vrees.³ Vryheid van vrees poog om menslike veiligheid te beperk tot die beskerming van die individu teen geweld, terwyl erken word dat geweld sterk geassosieer word met armoede en swak state (Lautensach & Lautensach, 2023:5.1.1). Veiligheid was daarom deel van 'n nuwe paradigma van volhoubare menslike ontwikkeling. As sodanig het dit gepoog om die potensiele Koue Oorlog-vredesdividend te kanaliseer na 'n nuwe vorm van ontwikkelingsamewerking en die herstrukturering van globale instellings.

Uit 'n filosofiese oogpunt het die verskuiwing vanaf verdedigings- en strategiese studies na veiligheidstudies en mensveiligheid die fokus in die bestudering van konflik, geweld, en oorlog verskuif vanaf 'n klem op realisme na meer idealistiese raamwerke. In die proses is toenemend klem geplaas op utopiese idees met betrekking tot ontwapening en samewerkende vrede en veiligheid. Die tradisionele klem op die militêre en staatsgedrewe benaderings tot veiligheid is bevraagteken, gepaardgaande met 'n groeiende idealistiese klem op internasionale politieke samewerking, wat politieke, ekonomiese, maatskaplike en omgewingsaspekte van veiligheid geprioritiseer het. Uit 'n navorsingsoogpunt was daar 'n sterk normatiewe fokus op 'n utopiese omskrywing van die aard van veiligheid en hoe dit op individuele, samelewings- en globale vlakke nagestreef moet word. Veiligheid is ook toenemend vanuit 'n wyer reeks teoretiese perspektiewe benader, met post-positivistiese tendense en *feminisme* wat sterk na vore gekom het (Williams & McDonald, 1998:2-3).

Internasionaal was dit reeds voor die 9/11-aanvalle in Amerika duidelik dat daar waarskynlik meer waarheid was in Samuel P Huntington se 1996-boek, *The Clash of*

³ "Freedom from fear and freedom from want".

Civilizations and the Remaking of World Order as wat sy kritici hom voor erkenning wou gee. Huntington argumenteer in hierdie boek dat konflik in die 21ste eeu tussen kulture, in plaas van ideologieë, sal ontvou en dat oorlog te wate kan wees in die fout- of breeklyne tussen kulture. Dit was veral godsdiens as kulturele realiteit, wat toenemend na vore gekom het, in die VSA en elders, as instrument van mobilisering. Hierdie sogenaamde eskatologiese verstaan van konflik, geweld, en oorlog het sterk as oorsaaklike realiteit in die 9/11-aanvalle en die daaropvolgende sogenaamde Globale Oorlog teen Terreur gefigureer.

Reeds in die 1990's was dit egter duidelik dat die wêreld nog nie die einde van oorlog aanskou het nie; en dat die normatiewe en utopiese idees rakende veiligheid deur bepaalde tekortkominge onderlê word. Eerstens, en aan die positiewe kant, is die nutswaarde van veiligheid opgesluit in die konseptualisering van vrede en veiligheid in die samelewing en wêreld. Die vraag wat nie sterk figureer in veiligheidstudies nie, is hoe sodanige veiligheids-ideale bereik moet word. Anders gestel: wat sou die strategie wees wat gevolg moet word om die gekonseptualiseerde en dikwels idealistiese idees van veiligheid in 'n werklikheid te omskep. Veiligheidstudies is daarom waardevol as instrument van konseptualisering, maar ontbreek dikwels rakende die implementering daarvan.

Tweedens, ongeag hoe utopies en idealisties daar met veiligheid omgegaan word, bly die rol van die staat en die weermag die absolute kern van die idee van veiligheid. Indien die veiligheidsinstellings van die staat, spesifiek die weermagte, faal in hul taak om die geografiese gebied van die staat te beskerm, verloor alle ander vorme van veiligheid hul waarde (Betts, 1997:9). In die ontwikkelde wêreld is die rol van die polisie en binnelandse veiligheidsdienste ook van kritieke belang om die veiligheid van die staat en sy inwoners te verseker. In aansluiting hierby, indien die staat se veiligheidsinstellings sodanig uitgehol word dat die staat sy monopolie oor die aanwending van mag verloor, is die veiligheid en voortbestaan van die staat as strategiese akteur ook in gedrang.

Derdens, indien die idee van veiligheid te breed en idealisties gedefinieer word, ontwikkel die debat oor veiligheid in 'n gesprek oor die welstand van die staat en verloor die idee van veiligheid sy konseptuele waarde. Dit sou moontlik wees om te redeneer dat die argumente oor die verbreding van veiligheid die konsep tot 'n mate uitrafel en dat dit absoluut onthoem is van enige grense (Betts, 1997:9). In 'n grenslose debat oor veiligheid verloor die konsep sy waarde en raak dit bloot 'n goed-voel-gesprek oor die aard van die samelewing.

In retrospeksie, en in oorweging van hierdie realiteite, het die debat oor die verdieping van veiligheid en vroeë rakende die verantwoordelike agentskap van veiligheid anders as die staat, die veiligheidsinstellings van die staat in die 1990's tot 'n groot mate ontnem van hul rol as primêre akteurs in die daarstelling van veiligheid. Anders gestel: die idealisme wat die veiligheidsdebat en die daarstelling van veiligheid in die onmiddellike ná-Koue Oorlog-era onderlê het, het die rol van die veiligheidsinstellings van die staat na die periferie verskuif. Die veiligheidsinstellings is gemarginaliseer, in baie gevalle selfs uitgesluit uit die debat oor veiligheid en die daarstelling van veiligheid in die 1990's. Op 'n metateoretiese vlak, argumenteer Craig A Snyder in sy boek getitel *Contemporary Security and Strategy* (1999) ook dat veiligheidstudies en die idee van veiligheid politieke legitimiteit aan die gesprek oor vrede en veiligheid verleen het; die debat oor die verbreding en verdieping van veiligheid geniet beide politieke en samelewingsaanvaarbaarheid en legitimiteit. In die proses het dit egter die intellektuele samehang wat die studieveld van strategiese studies geniet het op die altaar van politieke legitimiteit geoffer. Veiligheidstudies het die intellektuele koherensie van strategiese studies, met die gepaardgaande fokus op die staat en sy veiligheidsinstellings, nodig om idees koherent te konkretiseer en tot uitvoer te bring (Snyder, 1999:3). Dusdanig histories

beskou, het die tragiese ontvouing van wêreldgebeure grootliks die optimisme van die post-1990 era weerlê.

Die onlangse en voortslepende oorloë in die Oekraïne, Gaza, die Soedan en elders, het die realiteit dat militêre mag 'n beduidende kenmerk van wêreldpolitiek is, beklemtoon. In die proses het dit ook die kritieke waarde en historiese belang van strategiese studies as vakgebied bevestig om die verdediging van die staat en die rol van militêre mag in die interaksie en verhoudinge tussen state onder die akademiese soeklig te plaas. Strategiese studies as vak is veral in vredestryd van kritieke belang; nie net om militêre en strategiese kennis te bewaar vir wanneer dit nodig mag wees nie, maar veral om vredestrydse debatte oor verdediging en die rol van weermagte in vredestryd in strategiese konteks te plaas. In vredestryd is strategiese kennis fundamenteel vir gesprekke oor burgerlik-militêre verhoudings binne state en vir die legitimisering van die verdedigingsbegroting. Dit is 'n kritieke realiteit, ook vir Suid-Afrika (Betts, 1999:7-8).

3. Van totale aanslag en totale strategie tot mensveiligheid en irrelevansie in Suid-Afrika

Apartheid-veiligheidsdenke is grootliks gevorm en geskoei op André Beaufre (1965) se idees van totale aanslag as bedreiging en totale strategie in reaksie op sodanige bedreiging. Suid-Afrika se strategiese denke in die 1970's en 1980's was daarom verrassend omvattend en verbredend van aard. Uiteraard het dit die staat en die veiligheidsinstellings sentraal geplaas in die konkretisering van daardie veiligheidsideaal en bygedra tot die militarisering van die totale samelewing. Ná 1994 het Suid-Afrika, onder die leiding van Nelson Mandela, die idee van vrede voorop gestel; en die idees oor die verbreding en verdieping van veiligheid het in Suid-Afrika op vrugbare grond geval, samelopend met die proses van demokratisering. Dit was veral die VN se 1994 Menslike Ontwikkelingsverslag wat regeringsdenke oor veiligheid in Suid-Afrika fundamenteel omvorm het. Artikel 198(a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996) beklemtoon: "Nasionale veiligheid moet die vasberadenheid weerspieël van Suid-Afrikaners, as individue en as nasie, om as gelykes te leef, in vrede en harmonie te leef, vry te wees van vrees en gebrek, en 'n beter bestaan na te streef." Net soos in die geval met die verdedigingswitskrifte voor 1994, was die 1996 Nasionale Witskrif op Verdediging die voertuig waarmee mensveiligheid as regeringsbeleid omskryf en aanvaar is; ironies genoeg, sonder dat die woord mensveiligheid ooit in die dokument genoem word. Die Witskrif is egter eksplisiet daaroor dat nasionale veiligheid nie meer as 'n oorwegend militêre en polisieprobleem beskou word nie; en dat politieke, ekonomiese, sosiale, omgewingsake en "... 'n uiterste besorgdheid oor die veiligheid van mense" ingesluit word in die konseptualisering van nasionale veiligheid (National Defence White Paper 1996: Chapter 2, Paragraph 1).

Dit het Suid-Afrika se regeringsbeleid belyn met die heersende akademiese denke oor veiligheid waarin die fokus in die bestudering van vrede en veiligheid verskuif is vanaf die Koue Oorlog-klem op verdedigings- en strategiese aangeleenthede na die idee van veiligheidstudies. Alhoewel mensveiligheid daarom beslag gekry het as beleid in Suid-Afrika, is dit nooit deur middel van 'n nasionale of veiligheidstrategie gevoer tot op die vlak waar daar 'n duidelike uiteensetting was in terme van hoe die idee in die praktyk beslag moes kry nie (Paris, 2001). Dit was veral die veiligheidsinstellings van die staat wat in gebreke gebly het in terme van hoe mensveiligheid geoperasionaliseer moes word. Die brug is nooit gebou tussen mensveiligheid as konsep en die uitvoering daarvan deur middel van 'n bekostigbare strategie en strukture binne beide die staat en die privaat sektor in Suid-Afrika nie. As verklaarde

regeringsbeleid was mensveiligheid van groot waarde om regeringsbeleid te konseptualiseer en legitimeer. Die probleem was die konkretisering en uitvoering daarvan (Jordaan, 2023: 214).

Ook in die akademiese omgewing in Suid-Afrika het die idee van veiligheid, en mensveiligheid in die besonder, 'n vrugbare teelaarde gevind. In 1996 is die Instituut van Verdedigingsbeleid ("Annual Review") omvorm tot die Instituut vir Veiligheidstudies, met 'n baie duidelike fokus om mensveiligheid op die kontinent te bevorder. Waar konflik, vrede en veiligheid by Suid-Afrikaanse Universiteite binne die dampkring van strategiese studies bestudeer is, het die fokus mettertyd verskuif na internasionale politiek in die algemeen en veiligheidstudies in die besonder. Prof. Mike Hough se Instituut van Strategiese Studies by die Universiteit van Pretoria is omvorm tot die Instituut vir Strategiese en Politieke Aangeleenthede met 'n eksplisiete fokus op "... kritiese strategiese studies" (Universiteit van Pretoria), binnelandse politiek en samelewing, en Afrika-ontwikkeling en globale aangeleenthede. Alhoewel daar 'n eksplisiete fokus is op internasionale veiligheid, is daar geen vermeldings van konflik, geweld of oorlog; of van die veiligheidsagentskappe van die staat op die webblad van die Instituut nie. Akademici by die Universiteit van Pretoria het in die era ná 1994 egter waardevolle bydraes gelewer tot denke rakende veiligheid in Suid-Afrika en Afrika, terwyl strategiese en veiligheidstudies in kurrikulums op voor- en nagraadse vlak geïnkorporeer is.

Ook die Departement Strategiese Studies by die Universiteit van Suid-Afrika, waar Prof. Deon Fourie baanbrekerswerk gedoen het in die ontwikkeling van strategiese studies as vakgebied, is geïntegreer of geamalgameer met die Departement van Politieke Wetenskappe. Studente kan, as deel van die honneursgrade in politieke wetenskap en internasionale politiek 'n module kies genaamd Konflik, Vrede, en Veiligheidstudies (University of South Africa). Die Universiteit van die Witwatersrand se Skool vir Regeerkunde bied 'n nagraadse bestuursdiploma aan in veiligheid wat ten doel het om die kennis en vaardighede van sekuriteitsektoradministrateurs en praktisyns te verbeter (Wits School of Governance). By die Universiteit van Kaapstad, 'n universiteit waar tradisioneel 'n meer liberale uitkyk op internasionale en plaaslike veiligheid aan die orde was, word twee nagraadse modules aangebied wat direk betrekking het op geweld, konflik en oorlog; naamlik, vredesoperasies in wêreldpolitiek en konflik in Afrika (University of Cape Town).

Die idee van veiligheid of veiligheidsverwante navorsing blyk ook nie aan die orde te wees by die Mapungubwe Instituut vir Strategiese Besinning (Mapungubwe Institute for Strategic Reflection, MISTRA) wat in 2010 tot stand gekom het nie. MISTRA fokus op navorsing, beleidsdebate, sameroepingsmag en kundigheid oor scenario-beplanning om blywende en doeltreffende oplossings te vind vir die uitdagings wat die land in die gesig staar. Die fokus bly eksplisiet te wees op sosio-ekonomiese kwessies wat beide 'n plaaslike impak en 'n globale resonansie het. MISTRA stel dit ten doel om Suid-Afrika se ontwikkeling te bevorder deur die komplekse uitdagings aan te pak wat kwessies van nasievorming, ekonomiese groei, maatskaplike gelykheid, wetenskap en tegnologie, en die land se posisionering in 'n geglobaliseerde wêreld omvat.

Die Oppenheimer befondsde Brenthurst Stigting blyk die uitsondering op die reël te wees wat die aard en fokus van hul navorsing betref. Aan die een kant poog die Brenthurst Stigting om deur nuwe idees en innoverende aksies Afrika se ekonomiese prestasie te versterk deur die klem te plaas op drie fokusareas: die aanmoediging van sleutelbesluitnemers en kundiges om ervarings en insigte by private vergaderings en seminare te deel; die lewering van relevante en praktiese beleidsadvies aan regerings; en die generering van nuwe denke en denkleierskap om Afrika se ontwikkelingsuitdagings die hoof te bied. Aan die ander kant blyk die navorsing

van die Brenthurst Stigting om ook internasionaal relevant te wees met 'n duidelike navorsingsfokus op konflik, geweld en oorlog; veral wat probleemareas van internasionale konflik betref in gebiede soos Irak, Afghanistan, Oekraïne, en Gaza (The Brenthurst Foundation). Die publikasies van die Brenthurst Stigting oor konflik, geweld, en oorlog blyk nie net internasionaal gefokus te wees nie; dit is ook baie duidelik gegrond in die realisme en steun vir Westerse beleidsrigtings in die algemeen. Perspektiewe oor die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag blyk ook baie sterk te steun op Britse uitgangspunte oor die aard en wese van militêre mag. David Kilcullen en Greg Mills (2024) se boek *The art of peace and war – Understanding our choices in a world at war* wat vroeër vanjaar verskyn het, is 'n voorbeeld van die uitstekende navorsing en werk wat deur die Brenthurst Stigting gedoen word.

Die Universiteit van die Vrystaat het sterk na vore getree in hul fokus op veiligheid en krygskunde-verwante navorsing in beide die Departement Geskiedenis en Politieke Studie en Regeerkunde. In die Geskiedenis Departement was daar tradisioneel 'n sterk fokus op die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog. 'n Akademikus soos prof. André Wessels het egter ook verskeie artikels met 'n fokus op kontemporêre geskiedenis die lig laat sien; veral met betrekking tot die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Vloot. Prof. Theo Neethling, wat voorheen verbonde was aan die Fakulteit Krygskunde en lank as voorsitter van die Departement Politieke Studie en Regeerkunde by die Universiteit van die Vrystaat gedien het, het ook 'n baie duidelike fokus op veiligheid en dit wat krygskundig in Suid-Afrika aan die orde is. Prof. Hussein Solomon is waarskynlik die voorste kenner van terreur in Afrika, terwyl doktors Eben Coetzee en Alta Grobbelaar ook navorsing oor kernwapens, terreur en veiligheid onderneem het (E-pos, Neethling).

'n Oorsig van die aard en inhoud van akademiese joernale reflekteer die verskuiwende klem rondom mensveiligheid sedert 1994. Die joernaal van die Instituut vir Veiligheidstudies is omvorm vanaf *The South African Defence Review* na die *African Security Review* ("About the Journal"). Die joernaal van die Instituut van Strategiese Studies, *Strategiese Oorsig van Suider Afrika* ("Strategic Review for Southern Africa"), was vir baie jare 'n belangrike instrument vir die debattering van militêre en strategiese aangeleenthede. Op die webblad van die joernaal word dit eksplisiet aangedui dat die joernaal se fokus binne die konteks van die "... groot maatskaplike en politieke veranderinge in Suider-Afrika, die breër kontinent van Afrika en die wêreld" aangepas word "... in terme van beide inhoud en formaat". Terselfdertyd sal dit voortgaan om betrokke te raak by strategiese en politieke ontleding "... van sosio-politieke ontwikkelings wat Suider-Afrika beïnvloed" ("About the Journal"). Die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* by die Universiteit van die Vrystaat het oor jare ook 'n belangrike bydrae gelewer tot die publikasie van krygskundige navorsing. Die verandering van die naam van die joernaal na *Southern Journal of Contemporary History* het egter ook gepaard gegaan met 'n fokusverandering in die aard van publikasies in die joernaal. In die geheel beskou sal dit nie verkeerd wees om te argumenteer dat daar 'n duidelike klem is op die niemilitêre dimensies van veiligheid; die sosio-ekonomiese realiteite van veiligheid; en Afrika-veiligheid. Wat die publikasie van boeke betref, was daar 'n toenemende fokus op die niemilitêre dimensies en sosio-ekonomiese realiteite van Afrika. Terselfdertyd was daar 'n geweldige groei en toename in krygshistoriese literatuur, sowel as in algemene militêre gewildheidsliteratuur (E-pos, Olivier).

In die geheel beskou, sal dit nie verkeerd wees om te argumenteer dat die meer idealistiese idees oor veiligheid, en veral mensveiligheid, deur Suid-Afrikaanse akademiese instellings sedert die middel en laat 1990's omarm is nie. Strategiese studies is toenemend vervang met 'n verbredende en verdiepende fokus op veiligheid in beide navorsing en akademiese

programme. Die woord “oorlog” is ingevree onder die dekmantel konflik en het in onbruik verval. Navorsing oor konflik word meestal onderneem met ’n klem op vrede, vredeskepping en vredesoperasies; asook sogenaamde veiligheidsektorhervorming (United Nations, SSR).

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag se Verdedigingskollege is in baie opsigte ’n teksboekvoorbeeld van die impak van ’n fokus op veiligheid in die bestudering van konflik, geweld en oorlog. Sedert die vroeë 1970’s was die program van die verdedigingskollege spesifiek daarop ingestel om die strategiese verstaan van konflik, geweld, en oorlog binne ’n breër samelewing te bevorder onder senior offisiere van die weermag wat oorweeg is vir bevordering na generaal. Voor hul toelating tot die sogenaamde senior stafkursus by die verdedigingskollege was offisiere se loopbane en opleiding gefokus op oorlogvoering. Die program van die Verdedigingskollege was spesifiek daarop ingestel om offisiere ’n holistiese begrip te gee van oorlog as fenomeen; en die manifestering daarvan in gereelde en ongereelde vorm binne ’n samelewing. Oorlog is daarom bestudeer binne historiese, sosiale, ekonomiese, politieke, en tegnologiese konteks. Die kursus by die verdedigingskollege het altyd lede van al die veiligheidsagentskappe en die verdedigingsindustrie ingesluit.

In die 2000’s is die gesamentlike stafkursus by die verdedigingskollege vervang met die sogenaamde Uitvoerende Nasionale Veiligheidsprogram (Executive National Security Programme, oftewel ENSP). Alhoewel die program dit ten doel gestel het om veiligheid op die nasionaal strategiese vlak aan te spreek, was die fokus van die program primêr op die idee van mensveiligheid. Baie tyd is afgestaan om offisiere van die weermag en ander veiligheidsinstellings te skool in die verstaan van veiligheid in die algemeen en in die oorweging van die idees van die verbreding en verdieping van veiligheid en mensveiligheid in die besonder. Die finale oefening van die verdedigingskollege was spesifiek daarop ingestel om aan die bevelskader van die weermag die tekortkominge aan mensveiligheid in Suid-Afrika bekend te stel en idealisties uit te wys hoe dit daar behoort uit te sien. Nêrens en op geen stadium is noodwendig oorweging geskenk aan wat die rol van die weermag behoort te wees in die daarstelling van mensveiligheid nie. Die strategie van die weermag om mensveiligheid daar te stel, is nie in oorweging gebring nie; alternatiewelik is die aard van die weermag as doel van mensveiligheid nooit belig nie. Tot op hede is daar daarom geen duidelikheid of die weermag as instelling mensveiligheid moet reflekteer en die idee van mensveiligheid ’n inset vir die institusionele aard van die weermag moet wees nie; en of mensveiligheid ’n uitset en daarom ’n instrument van mensveiligheid behoort te wees in die uitvoer van operasies nie. Die ENSP is aan die einde van 2014 beëindig en vervang met die Program in Veiligheid en Verdedigingsstudies (Security and Defence Studies Programme, oftewel SDSP) wat deur die Fakulteit Krygskunde van die Universiteit Stellenbosch aangebied word ten einde hierdie leemtes aan te spreek. (Esterhuysen & Mokoena, 2018:1-17).

Die ironie is dat daar ’n duidelike onderskeid in die regering se konseptualisering van veiligheid was sedert die 1990’s; ten spyte van die onwrikbare, verklaarde, en bykans ideologiese vashou aan die idee van mensveiligheid. Ook is dit belangrik om daarop te let dat Suid-Afrika, en die regering in die 1990’s in die besonder, die vryheid gehad het tydens die presidentskap van Nelson Mandela om hul benadering tot veiligheid vanuit ’n posisie van handelingsvryheid en keuse te kon benader. Tydens die presidentskap van Thabo Mbeki is die regering se veiligheidsuitkyk tot ’n groot mate gevorm deur ’n klem op Afrikaveiligheid. Dit is gedoen deur konsepte soos *NEPAD* (New Partnership for Africa) en *Africa Renaissance*. Onderliggend was daar druk dat die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag aktief betrokke moes raak in die bevordering van veiligheid in Afrika; wat gelei het tot die betrokkenheid van die weermag by vredesoperasies in Afrika. Met verloop van tyd het die Suid-Afrikaanse

betrokkenheid by vredesmissies in Afrika groot druk op die kapasiteit van die weermag geplaas (Esterhuyse, 2022).

Tydens die presidentskap van Jacob Zuma was dit duidelik dat die weermag toenemend met kapasiteitsprobleme gekonfronteer is. Die Zuma-administrasie se konseptualisering van veiligheid het ook grootliks gesentreer rondom die idee van regeringsveiligheid en die politieke oorlewing van die ANC/Zuma-bewind. Die onlustesituasie in KwaZulu-Natal in 2021 het nie net die idee van nasionale veiligheid weer afgestof nie; dit het toenemend vrae laat ontstaan oor die kapasiteit van die regering en sy veiligheidsagentskappe – die weermag, polisie, en inligtingsdienste – om die veiligheid van gemeenskappe op voetsoolvlak in Suid-Afrika te verseker. Die verslag van die kundighedspaneel wat deur die president aangestel is om die onlustesituasie in KwaZulu-Natal te ondersoek, het dit baie duidelik uitgespel dat die regering met tekorte gekonfronteer word betreffende toegang tot inligting, die kapasiteit van die veiligheidsinstellings van die staat, en die wyse waarop die Suid-Afrikaanse bevolking toenemend eienaarskap neem van hul eie veiligheid op gemeenskapsvlak (The Presidency, Report of the Expert Panel). In die proses, en in skrilte kontras met die Mandela-era, het die regering sy handelingsvryheid versak in die keuse van die konseptualisering en handeling in soverre dit veiligheid betref.

Die vraag is toenemend wat gedoen moet word om die polisie, weermag en inligtingsdienste in ere te herstel en hul kapasiteit te verbeter ten einde nasionale veiligheid te verseker. In samehang met hierdie vraag is die uitdaging aan die akademiese wêreld en die mate waartoe dit die uitdaging gaan aanvaar in die soeke na 'n werkswyse om die veiligheidsinstellings te bemagtig om hul regmatige plek en rol in die samelewing in te neem in die daarstelling van veiligheid. Soos in die 1990's, sal dit vereis dat fundamentele aanpassings gemaak sal moet word in die skuif vanaf 'n klem op veiligheid as doel tot strategie as middel om die doel te bereik; vanaf veiligheidstudies na strategiese studies. Dit is 'n realiteit wat reeds in die res van die wêreld aan die orde is sedert die 9/11-aanvalle, die Globale Konflik teen Terreur en die groeiende interstaatlike konflikte waarmee die wêreld tans gekonfronteer word.

4. 'n Bloeytydperk vir krygskundige navorsing in Suid-Afrika

In teenstelling met die klem op mensveiligheid en veiligheidstudies in die algemeen by universiteite in Suid-Afrika in die era ná demokratisering in 1994, was die klem in die navorsing en dosering binne die Fakulteit Krygskunde aan die Universiteit van Stellenbosch by die Militêre Akademie in Saldanha feitlik uitsluitlik op militêre wetenskap en krygskunde gerig. Die Militêre Akademie het in die vroeë 1950's beslag gekry; aanvanklik by die Leërkollege in Pretoria onder voogdyskap van die Universiteit van Pretoria. In die laat 1950's het dit egter verhuis na die Universiteit Stellenbosch, waar die Fakulteit Krygskunde tot stand gekom het, en 'n nuwe kampus in Saldanha opgerig is. Die redes vir die verskuiwing na Stellenbosch en die plasing in Saldanha het tot groot spekulasie aanleiding gegee. Was dit, byvoorbeeld, blote toeval dat Saldanha binne die kiesafdeling van die Minister van Verdediging, mnr. FC Erasmus, geval het? Tog het die Militêre Akademie, en by implikasie die Fakulteit Krygskunde, nooit werklik tot akademiese wasdom gegroei as leier op die terrein van krygskundige navorsing in die bykans eerste dertig jaar van sy bestaan nie. Dit was ten beste 'n Kollege-agtige instelling met voorgraadse opleiding as primêre oogmerk. Die Fakulteit Krygskunde was geografies geïsoleer, met baie min nagraadse studente, en feitlik geen navorsing nie. Die dosentekorps was ook nie geïntegreer en in voeling met die breër akademiese gemeenskap in Suid-Afrika en die res van die wêreld nie. Sedert die middel van die 1990's het die aard van die instelling

egter radikaal verander tot 'n volwaardige akademiese instelling waar navorsing geprioritiseer en nagraadse studente, beide militêr en burgerlik, Suid-Afrikaans en buitelandse, 'n strategiese ontwikkelingsfokus is. Wat het die fundamentele verandering in die aard van die instelling tot gevolg gehad? (Visser, 2000).

Die eerste belangrike stap in die ontwikkeling van 'n baie duidelike krygskundige fokus in onderrig en navorsing het waarskynlik gespruit uit Genl. Jannie Geldenhuys, voormalige hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, se aandrang in die laat 1980's dat Strategiese Studies as vakrigting by die Militêre Akademie beslag moet kry. Geldenhuys het na aanleiding van die weermag se ervaring in die oorloë in Namibië en Angola die gebrek aan krygskundige kennis binne die weermag geïdentifiseer (Visser, 2000). Tot in die laat 1980's is Krygsgeskiedenis primêr gebruik as voertuig om krygskunde aan die Militêre Akademie te doseer met 'n klem wat primêr gefokus was op 'n breë liberale opvoeding (Seegers, 1996:141). Strategiese studies is in 1991 as verpligte vak vir studente in die Fakulteit Krygskunde ingestel. Dit sou later beslag kry as die Departement Strategiese Studies en saam met die Departemente van Krygsgeskiedenis en Politieke Wetenskap omvorm word in die Skool vir Veiligheid en Afrika Studies. Van der Waag wys in haar analise van navorsing in die Fakulteit Krygskunde daarop dat hierdie drie departemente as die Skool van Veiligheid en Afrika Studie teen 2010 vir die grootste deel van navorsing binne die Fakulteit Krygskunde verantwoordelik was (Van der Waag, 2013:96).

Uiteraard het die proses van demokratisering, en die vryheid van uitdrukking en spraak in die nuwe Grondwet, 'n belangrike bydrae gemaak om die sekerheidshouvas van die weermag op krygskundige navorsing aan die Fakulteit Krygskunde te temper. Akademici kon hul ná 1994 op die Grondwet beroep in die publikasie van navorsing waarin daar geen ooglopende aangeleenthede van 'n direkte operasionele belang vir die weermag is nie. Toenemend het akademici net geweier om hul publikasies aan die weermag voor te lê vir goedkeuring vir publikasie. Die proses van demokratisering het ook die weg gebaan vir internasionalisering. Die proses van internasionalisering was wederkerig tot die mate dat buitelandse krygskundige instellings ná 1994 geïnteresseerd was in wat krygskundig in Suid-Afrika sedert die 1960's aan die orde was. Daarteenoor het die akademici van die Fakulteit Krygskunde groot belangstelling getoon in die kurrikulums en pedagogie van buitelandse instellings (Van der Waag, 2013:96).

Die tegnologiese ontwikkelings van die 1990's, die koms van die internet, en die globalisering van kommunikasie het geweldig bygedra tot die integrasie van die Fakulteit Krygskunde by die groter akademiese gemeenskap in Suid-Afrika en elders. Nie net het dit interaksie moontlik gemaak nie, maar dit het ook groter bewuswording geskep in terme van wat in die breë krygskundige navorsingsterrein aan die orde is; veral wat navorsing en internasionale akademiese joernale en konferensies betref. In die laat 1990's het die Fakulteit eienaarskap geneem van *Scientia Militaria*, *Die Suid-Afrikaanse Joernaal van Militêre Studies*, wat sedert die laat 1960's as akademiese platform vir artikels van 'n militêre en akademiese aard deur die Militêre Argief in Pretoria bestuur is. Binne vyf jaar kon die Fakulteit Krygskunde die akademiese aard van die joernaal omvorm tot die mate dat dit as geakkrediteerde akademiese vakjoernaal 'n saakmakende bydrae kon lewer tot die aard van krygskundige navorsing in Suid-Afrika. Vandag is dit 'n joernaal wat nie net internasionaal geakkrediteer is nie, maar wat 'n gesaghebbende bydrae maak tot die krygskundige kennisliggaam in Suid-Afrika en Afrika; met bydraes van gerekende internasionale akademici (Visser, 2012: 61).

Die groei en ontwikkeling van die akademiese gravitas van die Fakulteit Krygskunde het egter ook 'n institusionele en burokratiese dimensie. Die kwyning van die verdedigingsbe-

groting, tesame met die institusionele transformasie van die weermag, het 'n kwynende effek op die weermag se burokratiese dominerende bestuur van die Militêre Akademie tot gevolg gehad. Die kwyning van die weermag se burokratiese voetspoor het egter 'n geleentheid geskep vir akademië van die Fakulteit Krygskunde om deur middel van die burokratiese prosesse van die Universiteit geleentheid vir befondsing van navorsing, nasionaal en internasionaal, te ontgin. Die gevolg was dat die burokratiese voetspoor van die Universiteit by die Saldanha-kampus eksponensieel gegroei en uitgebrei het. Uiteraard het die toenemende burokratiese van universiteite ook 'n belangrike rol in dié verband gespeel. Waar die Universiteit van Stellenbosch teen die laat 1980's egter net in naam teenwoordig was by die Militêre Akademie, is die voetspoor van die Universiteit se Fakulteit Krygskunde nou 'n duidelike en waarneembare werklikheid vir iemand wat die instelling sou besoek. Dit word veral weerspieël in die teenwoordigheid en rol van die fakulteitsbestuurder en sy personeel op die Saldanha-kampus en die mate waartoe die Fakulteit Krygskunde deel uitmaak van en toegang het tot die Universiteit se elektroniese platforms soos SUNfin, SUNlearn, SUN-e-HR, en SUNstudent (E-pos, Fokkens).

Die universalisering van die Fakulteit Krygskunde by die Militêre Akademie het egter ook 'n positiewe militarisering en professionaliseringseffek gehad op die militêre opleidingskomponent van die Militêre Akademie. Dit sal, teweens, moontlik wees om te argumenteer dat beide die militêre en die akademiese komponente van die "militêre akademie" vir die eerste keer sedert die totstandkoming van die instelling in die 1950's, toegelaat is om volgens hul aard op te tree; met die Afdeling Militêre Opleiding wat gemilitariseer is en die Fakulteit Krygskunde wat ge-universaliseer is. Dit het 'n samehang van wedersydse respek en professionalisering tot gevolg gehad wat kenmerkend is van soortgelyke instellings in die wêreld; tot voorbeeld, vorming en bekwaamheid van die studentekorps in sy geheel. Die gegradueerde produkte van die Militêre Akademie is in baie opsigte daarom beter toegerus vir hul militêre loopbane as die graduandi van dertig jaar gelede (E-pos, Booyjens).

'n Beter arbeidsbedeling vir akademië van die Fakulteit Krygskunde het dit ook moontlik gemaak om die kwaliteit van aanstellings by die fakulteit oor 'n periode van tyd te verbeter. Waar die meeste dosente dertig jaar gelede dikwels net oor 'n MA-graad beskik het, is die aanstelling van vakkundiges by die Fakulteit nou gekoppel aan 'n PhD+; met dit wat saam met die PhD as 'n "plus" aangebied word, met inbegrip van 'n bewese rekord van navorsing en publikasie, wat dikwels as deurslaggewende faktor dien. Die omvorming van die programme van die Fakulteit Krygskunde in die vroeë 2000's het ook 'n organisatoriese verandering in die Fakulteit tot gevolg gehad deurdat die verskillende akademiese departemente in skole saamgevoeg is. So is die Departemente Politieke Wetenskap, Strategiese Studies, en Krygsgeskiedenis saamgevoeg in 'n Skool vir Veiligheid en Afrikastudies. 'n Departement van Inligtingstudies is as vierde departement in die Skool vir Veiligheid en Afrikastudies in wording. Veral in die geval van die Skool vir Veiligheid en Afrikastudies het dit 'n nuwe dinamika van kollegialiteit, interaksie en samewerking, en dikwels ook 'n bietjie kompetisie en jaloesie, daargestel wat positief op die navorsingsuitsette van die Skool en Fakulteit ingespeel het. Die Skool kon 'n unieke gaping in die breë samelewing rondom krygsgeskiedenis en krygskunde ontgin wat in baie opsigte braak gelê het; ook in die sosiale domein deur middel van mediarefleksie oor wat in die militêre en krygskundige omgewing aan die orde is in die wêreld in sy geheel.

5. Samevatting

Die era in die naloop van die Koue Oorlog het, net soos in die geval van die eras na die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, gelei tot 'n soeke na blywende vrede en veiligheid. Die klem in die bestudering van konflik, geweld en oorlog het verskuif na 'n vraag oor hoe veiligheid daargestel en bereik kan word, sonder die rol van die staat en die magsinstrumente van die staat. In die algemeen het dit neergekom op 'n verbreding en 'n verdieping van die akademiese debat oor veiligheid. Die verdieping het die rol van die staat in die daarstelling van veiligheid bevraagteken en ander agente as die staat bepleit; beide sub-staatlik en internasionaal. Die verbreding het die daarstelling van veiligheid buite die dampkring van die veiligheidsinstrumente van die staat en die weermag bepleit met 'n klem op politieke, ekonomiese, sosiaal-kulturele, en omgewingsveiligheid. Teen die middel van die 1990's was die hoofstroom van denke oor veiligheid gewortel in die meer narratief-gedrewe en idealistiese omskrywing van wat veiligheid behoort te wees; eerder as hoe dit bereik moet word. Ook op akademiese terrein, internasionaal, is die meer utopiese fokus op veiligheidstudies eerder as strategiese studies omarm, met die Kopenhagen-denkskool wat as basis vir die liberalisering van veiligheidsdenke gedien het. Teen die 2000's, en spesifiek met die aanvalle van 9/11 en daaropvolgende sogenaamde Globale Oorlog teen Terreur, was dit duidelik dat die baie idealistiese benadering en klem op veiligheidstudies internasionaal as uitgedien beskou is; en dat die staat en die weermag hul tradisionele posisie as primêre agente vir veiligheid weer volwaardig ingeneem het. Hierdie benadering is toenemend bevestig met wat op die terrein van konflik en oorlog ontvou het in die laaste aantal jare; veral die meer onlangse oorloë in die Oekraïne, Gaza en die Soedan.

Suid-Afrika was 'n goeie teelaarde vir die idees rakende veiligheid en mensveiligheid wat internasionaal aan die orde was in die vroeë 1990's. Aan die een kant is mensveiligheid as konsep deur die regerende party en veiligheidsburokrasie omarm deur die aanvaarding daarvan as beleid in die 1996 Witskrif op Verdediging. Tog het dit nooit beslag gekry as 'n uitvoerbare nasionale strategie nie en mensveiligheid is nooit werklik op doelbewuste wyse geoperasionaliseer nie. Die gevolg was dat die veiligheidstrukture in Suid-Afrika, die weermag in die besonder, die idee van mensveiligheid op 'n amper ideologiese wyse abstrak aangehang het. Daar was egter geen diepgaande omgang met mensveiligheid op die verdedigings- en militêre-strategiese vlak waar dit geoperasionaliseer, gekonkretiseer en tot uitvoering gebring moes word nie. Tot op hede weet die weermag steeds nie of dit 'n insetkonsep is wat die aard van die weermag as organisasie moet vorm; en of dit 'n uitvoeringskonsep is wat die aard van militêre operasies moet bepaal nie. Wat wel waar is, is dat die idee van mensveiligheid die veiligheidsinstellings gemarginaliseer het; beide in terme van hul rol en funksie in die samelewing en in terme van die begroting en spandering deur die regering. Die gevolg is dat die veiligheidsfunksies en strukture in Suid-Afrika uitgehol is en tot 'n groot mate van hul kapasiteit ontnem is.

Aan die ander kant het beide die akademiese instellings sowel as die akademici die idee van mensveiligheid struktureel en konseptueel ontgin. Die waarde van die idees van veiligheid en mensveiligheid is die konseptuele reikwydte in diepte, wydte en konteks. Vanuit daardie perspektief is mensveiligheid 'n baie waardevolle en legitieme konsep. Die probleem met mensveiligheid, wat inderdaad binne akademiese kringe in Suid-Afrika ontvou het, is dat die idee van veiligheid in wese onbegrens is en daarom van koherensie ontnem word. Die koherensie van die idee van veiligheid berus op die koppeling daarvan met die staat as die primêre akteur van veiligheid; en die veiligheidsinstellings as die primêre agente van veiligheid. Die gevolg was dat die idealistiese en soms utopiese akademiese omgang met die idee van mensveiligheid toenemend verwyderd staan van die werklikhede van veiligheid in Suid-Afrika.

Die vraag is hoe die akademiese gemeenskap in Suid-Afrika hul weer gaan belym met die veiligheidswerklikhede en uitdagings wat die Suid-Afrikaanse samelewing in die gesig staar. Dit is 'n groeiende gaping wat tot 'n groot mate slegs deur strategiese studies as vakgebied oorbrug kan word; 'n vakgebied wat tot 'n groot mate sedert 1994 deur universiteite in Suid-Afrika gemarginaliseer is. Strategiese studies, krygskunde as vakgebied en krygskundige navorsing was sedert die middel van die 1990's van groot waarde vir die Fakulteit Krygskunde se legitimititeit en rol binne die samelewing. Op 'n belangrike en strategiese wyse is die Fakulteit Krygskunde goed geposisioneer om deur navorsing en onderrig van groot waarde te wees.

BIBLIOGRAFIE

- African Security Review*. About this Journal. <https://www.tandfonline.com/journals/rasr20> [27 Augustus 2024].
- Beaufre, A. 1965. *Introduction to Strategy*. New York: Praeger.
- Betts, RK. 1997. Should Strategic Studies Survive? *World Politics*, 50(1):7-33.
- Brands, H & Edel, C. 2019. *The Lessons of Tragedy: Statecraft and World Order*. New Haven: Yale University Press.
- Buzan, B. 1983. *People, States, and Fear: The National Security Problem in International Relations*. London: Wheatsheaf.
- Duyvesteyn, I & Worrall, JE. Global strategic studies: a manifesto. *Journal of Strategic Studies*, 40(3):347-357.
- E-pos-korrespondensie: Annie Olivier. Publikasiedirekteur. Jonathan Ball Publishers. 6 Augustus 2024.
- E-pos-korrespondensie: Lt Kol Morné Booijens. Hoofinstrukteur. Afdeling Militêre Opleiding. Militêre Akademie. 16 September 2024.
- E-pos-korrespondensie: Mnr. Andries Fokkens. Fakulteitsbestuurder. Fakulteit Krygskunde. Universiteit van Stellenbosch. 19 Sep 2024.
- E-pos-korrespondensie: Prof. Theo Neethling. Universiteit van die Vrystaat. 16 September 2023.
- Esterhuysen, A & Mokoena, B. 2018. The Need for Progress in an Era of Transformation: South African Professional Military Education and Military Effectiveness. *Stability: International Journal of Security & Development*, 7(1):1-17. <https://stabilityjournal.org/articles/10.5334/sta.610> [16 September 2024].
- Esterhuysen, AJ. 10 March 2022. Overview: Security Situation in Africa and South Africa. Briefing to a visiting group of students from the the US Air War College. Saldanha: Military Academy.
- Fukuyama, F. 1992. *The End of History and the Last Man*. New York: Free Press.
- Gray, CS. 2007. *War, Peace and International Relations – An Introduction to Strategic History*. London: Routledge.
- Huntington, SP. 1996. *The Clash of Civilizations and the Remaking of World Order*. New York: Simon & Schuster.
- Institute for Security Studies, Annual Review, <https://issafrica.org/about-us/annual-review> [27 Aug 2024].
- Jordaan, E. 2023. South African Defence Policy-Making, 1994–2015. PhD Dissertation. Stellenbosch University. <https://scholar.sun.ac.za/items/522b46ee-9e46-45a1-ba58-aad88f2eb995> [28 Augustus 2024].
- Kilculle, D & Mills, G. 2024. *The Art of Peace and War - Understanding our Choices in a World at War*. Johannesburg: Penguin Books.
- Lautensach, A & Lautensach, S. 2023. Human Security in World Affairs: Problems and Opportunities. Online: LibreTexts.
- Mapungubwe Institute for Strategic Reflection. About Us. <https://mistra.org.za/about-us/> [27 Aug 2024].
- Paris, R. 2001. Human Security: Paradigm Shift or Hot Air? *International Security*, 26(2):87-102.
- Seegers, A. 1996. *The Military in the Making of South Africa*. London: Tauris.
- Snyder, CA. 1999. *Contemporary Security and Strategy*. London: MacMillan.
- South African Government. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. https://www.concourt.org.za/images/GRONDWET_VAN_DIE_REPUBLIEK_VAN_SUID-AFRIKA_1996.pdf

- South African Government. 1996. National Defence White Paper. <https://www.gov.za/documents/white-papers/national-defence-white-paper-01-may-1996> [27 Aug 2024].
- Strategic Review for South Africa*. About the Journal. https://upjournals.up.ac.za/index.php/strategic_review/about [16 Sep 2024].
- The Brenthurst Foundation, About Us. <https://www.thebrenthurstfoundation.org/about/> [27 Aug 2024].
- The Presidency. 29 November 2024. Report of the Expert Panel into the July 2021 Civil Unrest. <https://www.thepresidency.gov.za/sites/default/files/2022-05/Report%20of%20the%20Expert%20Panel%20into%20the%20July%202021%20Civil%20Unrest.pdf> [16 Sep 2024].
- UNDP (United Nations Development Programme). 1994. Human Development Report 1994: New Dimensions of Human Security, New York. <https://hdr.undp.org/content/human-development-report-1994>.
- United Nations. Security Sector Reform. What is Security Sector Reform, Security Sector Reform (SSR) at the United Nations. <https://www.un.org/ssr/en#:~:text=Security%20sector%20reform%20is%20the,lives%20and%20livelihoods%20for%20all> [27 August 2024].
- Universiteit van Pretoria. Instituut vir Politieke en Strategiese Aangeleenthede. <https://www.up.ac.za/institute-for-strategic-and-political-affairs> [27 Aug 2024].
- University of Cape Town. Faculty of Humanities. Political Studies. International Relations Postgraduate Studies. <https://humanities.uct.ac.za/department-politics/postgraduate-coursework-degrees/international-relations-postgraduate-studies> [27 Aug 2024].
- University of South Africa. 2024. Undergraduate & honours qualifications. https://www.unisa.ac.za/sites/corporate/default/Register-to-study-through-Unisa/Undergraduate-&-honours-qualifications/Find-your-qualification-&-choose-your-modules/All-qualifications?cw_college=HUMAN%20SCIENCES [16 September 2024].
- Van der Waag-Cowling, N. 2023. A Study of Research in the Faculty of Military Science, Stellenbosch University 1990–2009. MA Thesis. <https://scholar.sun.ac.za/server/api/core/bitstreams/db8b19d9-446b-48db-aac1-50e749c3d8f7/content> [16 September 2024].
- Visser, D. 2012. The South African Military Academy's Educational Offerings and the National Threat Perception. *Scientia Militaria - South African Journal of Military Studies*, 32(2): 61-88. <https://scientiamilitaria.journals.ac.za/?journal=pub&page=article&op=view&path%5B%5D=128&path%5B%5D=162> [16 September 2024].
- Visser, G. 2000. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie, 1950-1990. *Supplementa adScientia Militaria* I. <https://scientiamilitaria.journals.ac.za/?journal=pub&page=article&op=view&path%5B%5D=143&path%5B%5D=186> [16 September 2024].
- Williams, PD & McDonald, M. 1998. In Williams, PD & McDonald, M, (eds). *Security Studies: An Introduction*. London: Routledge, pp. 1-14.
- Wits School of Governance. University of the Witwatersrand. Johannesburg. Postgraduate Diploma in Management (Security). <https://www.wsg.ac.za/academic-programmes/postgraduate-diploma/postgraduate-diploma-management-security> [16 September 2024].

Goed en kwaad en die bestiering van God met verwysing na *Die wêreld van Charlie Oeng* deur Etienne van Heerden

Good and evil and God's rule with reference to Die wêreld van Charlie Oeng (The world of Charlie Oeng) by Etienne van Heerden

PIETER VERSTER

Navorsingsgenoot, Departement Praktiese en Missionale Teologie
Fakulteit Teologie en Religie
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos: Versterp@ufs.ac.za



Pieter Verster

PIETER VERSTER studeer aan die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Pretoria, waar hy BA (cl UV. 1975), BA Honn Grieks (cl UP. 1978) BD (cl UP. 1978), MA-Grieks (UV. 1999), en MA- kreatiewe skryfwerk in Afrikaans (UV. 2022), DD (Sending- en Godsdienkunde UP. 1984) en DD (Dogmatiek en Etiek (UP. 1989) behaal. Verder is hy lidmaat en geordende leraar van die NG Kerk. As leraar bedien hy die NG Gemeente Bloemfontein-Noord van 1983 tot 1991. Hy is tans afgetrede professor in Sendingwetenskap van die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van die Vrystaat en Navorsingsgenoot aan die UV. Hy beskik oor 'n C2-gradering by die NNS (NRF).

PIETER VERSTER studied at the University of the Free State and the University of Pretoria. He obtained BA (cl UFS. 1975), BA Honn Greek (cl UP. 1978) BD (cl UP. 1978), MA-Greek (UFS. 1999), and MA creative writing Afrikaans (UFS. 2022), DD (Missiology and Science of Religion UP. 1984) and DD (Dogmatics and Ethics (UP. 1989). He is a member and ordained minister of the Dutch Reformed Church. As minister of religion, he served in the Bloemfontein North Dutch Reformed Church from 1983 to 1991. At present he is a retired professor of Missiology and also Research Associate in the Faculty of Theology and Religion at the University of the Free State. He received a C2-grading from the NRF.

Datums:

Ontvang: 2024-04-23

Goedgekeur: 2024-08-20

Gepubliseer: Desember 2024

ABSTRACT***Good and evil and God's rule with reference to Die wêreld van Charlie Oeng (The world of Charlie Oeng) by Etienne van Heerden***

The question of good and evil and human responsibility is a central theme in the novel Die wêreld van Charlie Oeng (The World of Charlie Oeng) by Etienne van Heerden (2017). The eponymous protagonist in the novel commits various murders, ostensibly due to his circumstances. The author confronts the reader with the question: could Charlie Oeng have done anything to avoid his crimes? To address this question, I firstly engage the genre of the novel itself. The novel is regarded as a magical-realistic novel, a genre within which the line between reality and the magical is often blurred. Many challenging aspects of life in this magical reality are discussed in this novel. Charlie Oeng remains a challenging character who embodies evil. He can be described as a human being who struggles to come to grips with his humanity and is often misled to commit murders. As Charlie Oeng is increasingly led astray and drawn into a life of evil, the theme of being misled becomes more prevalent. As such, the author's question becomes more urgent: could Oeng have rejected this life of his own accord or was he preconditioned to accept it? Are his deeds a result of the eternal struggle between good and evil or his own (lack of) responsibility? Linked to the theme of being misled and choice vs. predestination is the character of Ouma Ogies, the blind woman, who enters into dialogue with God. Due to her unfortunate fate and God's rule, she challenges God during this dialogue and also wants to challenge God in court because of her unfortunate circumstances. She was also, in her opinion, misled by God. Various challenging questions are raised by this character as well as several other characters. The novel recounts the overarching question of God's rule and how humans react to it by investigating the issue through the experiences and narrations of various characters. Tian, the character through whose eyes the story is told, grapples with understanding how evil is possible when his parents are murdered. Cor van Gogh, who carries with him a painting of Vincent van Gogh, is a red-headed Dutchman ill-suited to life in South Africa. His anger leads to murder. This novel speaks to commonalities in Van Heerden's oeuvre and his earlier works. Aspects of good and evil and the rule of God play an important role in, for example, his novels Toorberg (1986), Die swye van Mario Salviati (2000), 30 nagte in Amsterdam (2008), and the recent Gebeente (2023). The author also engages Etienne Leroux's novels, such as Sewe dae by die Silbersteins (1964). In this regard, the deep psychological aspects of violence are revisited. An analysis of novels such as these allows one access to general views on good and evil while also enabling an investigation of the significance of the interaction/intersection between theology and literature. Such interactions/intersections are often significant and can lead to deeper insights into literature and theology. The question of good and evil in reality has been discussed in theology and philosophy. Augustine, Calvin, Paul, and other theologians and philosophers such as Aristotle, Derrida, Hegel, and Kant have written extensively on this matter. The classical Christian view is that God's creation of the world was good, but that human beings fell into sin and needed redemption through Christ. Evil is then the result of sin and human beings should be held accountable in this regard. There are, however, many other views, such as that evil is part of this reality and that it was part and parcel of evolutionary development. The question of human responsibility is crucial and it is clear that the different characters in this particular novel by Etienne van Heerden under consideration struggle with the question of good and evil and human responsibility. Ultimately, this narrative also symbolises a struggle with God. The novel leaves one with many questions regarding good and evil and human

responsibility, as well as the theological implications thereof. Although no clear solution is given at the end of the novel, the questions posed by the author remain salient.

KEYWORDS: good, evil, election, murder, theological tradition, God's rule, the cross, Jesus Christ, literature, literary evaluations, theological evaluation, characters, deception

TREFWOORDE: goed, kwaad, verkiesing, moord, teologiese tradisie, God se bestiering, die kruis, Jesus Christus, literatuur, literêre evaluering, teologiese evaluering, karakters, misleiding

OPSOMMING

In Etienne van Heerden se roman *Die wêreld van Charlie Oeng* (2017) beeld die outeur verskillende karakters se worsteling met God asook met goed en kwaad uit. Met behulp van Van Heerden se karakterisering van byvoorbeeld Charlie Oeng, die moordpligtige Sjinese man, en die blinde vrou, Ouma Ogies, asook ander karakters, word die vraag na menslike verantwoordelikheid en God se bestiering in die goeie en die kwade op die voorgrond gestel. Hierdie vraagstuk word in dié artikel vanuit 'n teologiese beoordeling benader omdat religieuse elemente en die vraag na goed en kwaad 'n beslissende rol in Van Heerden se roman speel. Die metodologie wat gevolg word is om bepaalde aspekte te oorweeg en met aspekte van goed en kwaad asook God se bestiering in dié roman in gesprek te tree. As 'n magies-realistiese roman, eie aan Van Heerden se oeuvre, word die grense tussen realiteit en die eteriese in hierdie verhaal dikwels vaag; soos in sy ander werke bied Van Heerden die geleentheid om die diep psigologiese aspekte van geweld te herbesoek. Om só 'n roman te analiseer lê nie slegs algemene persepsies rakende goed en kwaad bloot nie, maar stel 'n mens ook in staat om die interaksie/kruising tussen literatuur en teologie, en die belang daarvan, te ondersoek. Alhoewel die roman nie 'n klinkklare oplossing bied nie is die vraagstukke rakende die mens se worsteling met God, met goed en kwaad, met hul eie verantwoordelikheid, en die rol van God se bestiering, altyd relevant.

1. Inleiding

Die vraag na goed en kwaad en God se rol daarin word duidelik vooropgestel in Etienne van Heerden se roman *Die wêreld van Charlie Oeng* (2017). Van Heerden skep karakters wat deurgaans met dié vroe worstel. Die wyse waarop hy hierdie interne struweling voorstel, bied stof tot nadenke rakende goed en kwaad en die bestiering van God, juis omdat die skrywer dit as wesenlike deel van die mens se bestaan voordra. Veral die karakters Charlie Oeng en Ouma Ogies plaas die vraag na goed en kwaad in die middelpunt; Charlie Oeng deur die onafwendbare moorde wat hy pleeg en Ouma Ogies deurdat sy God bevraagteken weens die onreg wat haar aangedoen is. Die leser word gekonfronteer met vroe wat interaksie met teologiese en filosofiese implikasies oproep. Dit is dus moontlik dat daar ook teologiese en filosofiese antwoorde daarop moet wees. Verskeie teoloë, soos Paulus (Romeine 9), Augustinus (2021:108 e.v), en later Calvyn (sj Inst 2, 1, 4-10) en Barth (1961:116-118, 1972:348-361-), het inderdaad hierdie sake bespreek. Die vraag wat teologies aan die orde gestel word is of daar enige ander teologiese antwoord op die probleem van goed en kwaad en die bestiering van God kan wees as om dit in die lig van die dood aan die kruis van Jesus Christus te sien. Die teologiese interaksie met die karakters se vroe in die roman word uitgelig, maar dit is

duidelik dat die skrywer en die karakters wat hy geskep het unieke, eie interpretasies oor die vraagstuk moontlik maak.

2. Sinopsis

Om die analise van *Die wêreld van Charlie Oeng* beter te verstaan, is dit nodig om eerstens 'n bondige oorsig van hierdie narratief te voorsien. Die storie word vertel deur Tian Kilian wie se ouers in 1964 vermoor word tydens 'n vuurwerkvertoning op hul plaas. Hierdie vertoning is deur die Sjinese man, Charlie Oeng (Ng), aangebied. Tian dra ná afloop van dié gebeure die skuld van sy ouers se dood met hom saam omdat hy die vertoning aangevra het. Die storie volg die lewensloop van Tian, Charlie Oeng en verskeie ander karakters, soos Ouma Ogies en Cor van Gogh. Charlie Oeng se lewe word tragies uitgebeeld met verwysing na die verskeie moorde wat hy noodgedwonge moet pleeg. Die storie neem die leser na verskeie plekke plaaslik maar ook oorsee en stede soos Amsterdam en Hong Kong. Die skrywer beskryf ook die plaaslike lewe op die karoodorp en omgewing met die lewe van Ouma Ogies as sleutel tot die verwildering wat daar voorkom. Op verrassende wyse ontknoop die storie met die aanduiding dat Cor van Gogh, en nie Charlie Oeng nie, die moord op Tian se ouers gepleeg het.

Voorts word die metodologiese onderbou verduidelik asook die teoretiese raamwerke wat die analise van hierdie teks gerig het.

3. Metodologie: 'n narratiewe ondersoek

Die wêreld van Charlie Oeng deur Etienne van Heerden is 'n indrukwekkende roman (Van Coller, 2017; Botha, 2017). Nie net stel hierdie roman die leser aan verskeie karakters bloot nie, maar raak dit ook verskeie aspekte van die lewe ten diepste aan. Dit stel ernstige vrae, nie alleen oor die bestaan van die mens nie, maar ook oor teologiese en religieuse kwessies. Die roman spreek tot die mens in sy volle bestaan op aarde. Om al hierdie aspekte en die breedte van die mens se bestaan soos dit in dié roman uitgebeeld word te verstaan, maak ek in hierdie artikel van 'n narratiewe ondersoek-metodologie gebruik.

Narratiewe ondersoeke word gebruik om unieke ervarings en begrippe rakende spesifieke situasies onder 'n klein groep karakters te verstaan, skryf Chung en Clandinin (2023). Die teksontleder maak dus die bewuste keuse om met die karakters in dialoog te tree en om, in 'n verhoudingsruimte, hul lewe in tandem met die karakters s'n te leef. In hierdie verhoudingsruimte, skryf Clandinin (2013:45), vind 'n mens "possible starting points for narrative inquiry; listening to individuals tell their stories [or] living alongside participants as they live and tell their stories". Clandinin en Rosiek (2007:235) voer verder aan dat 'n narratiewe ondersoek die teksontleder in staat stel om die "borders and borderlands" binne die werk wat ontleed word te ondersoek sodat die beliggaming van die persoon wat in die wêreld van die werk leef erken en ondersoek kan word. Dus word nie slegs die individu se ervaringe nie, maar ook hoe hul ervaringe uitgevoer, uitgeleef, saamgestel, en gevorm word binne 'n groter korpus van institusionele narratiewe ondersoek. In die geval van Van Heerden se roman verwys so 'n korpus na sy oeuvre, die werke van Etienne Leroux, en ook filosofiese en teologiese werke wat handel oor goed en die kwaad en die bestiering van God. 'n Tekstuele analise en interpretasie van die karakter se ervarings – verdiep in beide die belewenis en vertelling daarvan – word dus deur 'n narratiewe ondersoek bemoontlik (Clandinin & Rosiek, 2007:235).

4. Teoretiese raamwerke

4.1 *Goed en kwaad en die bestiering van God: teologiese, filosofiese en literêre lense*

Die vraag *unde malum?* – vanwaar die kwaad? – is steeds relevant. Teologies bied die Bybelse verhaal wat aandui dat Eva deur die slang verlei is om van die verbode vrug te eet en dat Adam daarna ook eet van die verbode vrug 'n verduideliking van hoe die sonde en die kwaad in die wêreld gekom het. Verskeie en verskillende teologiese interpretasies daarvan bestaan, maar ook dit word bevraagteken. God se eie wese kom ter sprake.

Die vraag is dus of God self goed kan wees as daar soveel kwaad in die wêreld is en Hy Adam en Eva voor sodanige toets gestel het. Is God dan per definisie self boos, of bestaan daar 'n bose god naas God? Is die Satan dan so 'n god? Daar is ook die gedagte dat daar 'n bose demiurg (skyngod en skepper naas God) bestaan wat vir die kwaad verantwoordelik is.

Teologies word in navolging van gereformeerde teologie dikwels soos volg geredeneer. As voorbeeld hiervan kan na Heyns (1988:172-189; 249-259) verwys word.

- God is die Skepper, die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is, wat goed skep en ná die skepping verklaar dat alles goed is.
- Mense is nie as robotte geskape nie en het daarom die vryheid om vir of teen God te kies.
- Dit was die enigste moontlikheid om vrye mense te skep.
- Die mens kies teen God en verloor sy/haar vrye keuse.
- Die diepte van die sonde is allerverskrikliks en lei tot absolute ellende.
- God stuur Christus, sy Seun wat aan die kruis sterf, om die mens van die sonde en kwaad te bevry. Die dood word oorwin in die opstanding van die Seun. In die eskatologiese voleinding word die kwaad vir goed vernietig.

Vrae word steeds hieroor gevra. Tomberlin (1977:455) bevraagteken daarnaas of daar wel 'n vrye wil by die mens is. Hy verwys na twee uitgangspunte, naamlik

- dat God bestaan en almagtig, alwetend en volkome goed is; en
- dat dit wel logies aangedui kan word dat daar morele kwaad in die bestaande wêreld voorkom.

Die vrye mens misbruik egter sy/haar vryheid. Die vraag is egter of God nie self ook die kwaad beskik nie omdat God dit sou kon keer. Die etiese vraag na menslike verantwoordelikheid kom ook na vore.

By Aristoteles was die vraag na die goeie burger en mens oorwegend. Irrera (2012:127) skryf daarom:

Nevertheless, to speak of the good citizen might not be equivalent to speaking of the good man. Evidence of this can be found in the third Book of the Politics, where Aristotle draws a significant distinction between the two notions. Unlike the good citizen (*ho spoudaios polites*), whose excellence consists in an unquestioning allegiance to the prescriptions issued by the rulers (even when such prescriptions fail to achieve the common good of the polis), the good man (*ho agathos ancr*) distinguishes himself as an individual in possession of practical wisdom (*phronêsis*), i.e. an intellectual excellence employed by ethically virtuous people in their deliberative activity.

Dit is veral Kant wat die vraag na goed en kwaad en moraliteit vra. Insole (2023:5) skryf:

Kant finds that we can, indeed, must rationally believe that the entire and whole world is undergirded by freedom, and not mechanism, and so, that it is a world with value. Kant's 'transcendental idealism' arises from Kant's ability to affirm such a world undergirded by freedom. Putting it briskly, the idea is this: if space and time are features of the world in itself, and directly created by God, they go 'all the way down' into reality, and we are contained within them.

Maar steeds bly die vraag of die bestaan van die goeie God met die voorkoms van die kwaad vereenselwig kan word. Beaty (2023:16) meen dit is nie 'n onlogiese veronderstelling nie. God bly goed ten spyte van die kwaad. Miller (2021:448) wys op die voorstel van "maltheism" as oplossing van die probleem deurdat beweer word dat die kwaad vanuit 'n bose god na vore kom. Miller (2021:463) skryf egter dat teïsme daarop 'n voldoende antwoord bied: "the mixture of positive and negative properties that an evil-god would have to have, the various problems of practical irrationality that evil-god would have, and the fact that theism fits better with our basic intuitions and evidence of God through revealed theology".

Die vraag na God se goeie natuur word deur verskeie ander navorsers aangespreek. Rhoda (2022:1) toon aan dat God deurgaans by die skepping betrokke is en dat God nie afwesig is nie. Reichenbach (2022:1) stel dan die vraag hoe God kwaad en lyding oorkom as God nie logies konsekwent optree nie, maar Schneider (2020:135) wys daarop dat die mens self teenpole ontwikkel: "Deprived of their transcendent telos, human desire and imagination cannot but generate counterfeit doubles of God." Noble en Fischer (2020:4) antwoord dat die keuse tussen goed en kwaad by Ricoeur tot selfkennis lei en 'n belangrike rol speel wat weer tot verdere keuses lei, "regarding what leads to life and what leads to death, between God and the nothingness of idols". Voortdurend moet die keuse gemaak word. Die oortuiging van erfsonde wat bepalend inwerk, lei volgens Maes (2020:164) by Ricoeur tot intense nadenke. Dat God die kwaad aanwend om tot die groter heil te laat lei, word deur Mooney (2019:215) afgewys.

In die benadering van 'n literêre teks vanuit 'n teologiese en filosofiese hoek is dit belangrik om nie oortuigings op die teks af te druk nie. Die teks self kan egter juis sake aan die orde stel wat teologiese en filosofiese implikasies het. Daarom moet hierdie sake aan die orde gestel, ontleed en hanteer word. In die onderhawige roman van Van Heerden word besliste teologiese en filosofiese sake ten opsigte van goed en kwaad en God se bestier aan die orde gestel. Daar is inderdaad 'n bepaalde verhouding tussen letterkunde en die teologie. Hart (2024) lewer 'n belangrike bydrae in hierdie verband.

Sanders (1998:204) hanteer die vraag of dekonstruksie geheel verwerp word deur Christenteolë en of daar wel ruimte is vir 'n verhouding tussen dekonstruksie en sogenaamde negatiewe teologie. Volgens Sanders (1998:204) beskou Hart dekonstruksie nie as 'n vorm van negatiewe teologie nie, maar wel negatiewe teologie as 'n vorm van dekonstruksie. In hierdie proses word die begrip van negatiewe teologie gemunt. Negatiewe teologie wil aandui wat God nie is nie, in stede daarvan om aan te dui wat God wel is. Positiewe teologie praat van God as Goed en Liefde en die Skepper, terwyl negatiewe teologie van God praat as nie-boos nie, nie-haat nie, en nie-geskape nie. Hart (1989:104) wys ook daarop dat negatiewe teologie die dekonstruksie van positiewe teologie is.

Gleeson (1992:65) identifiseer twee soorte negatiewe teologie, naamlik "restricted" en "general" negatiewe teologie. Deur na Hart se werk te verwys voer Gleeson (1992:60) aan dat die Westerse teologie metafisies is en dat onto-teologie God as hoogste grond beskou. Daarteenoor staan "restricted" negatiewe teologie in verhouding tot positiewe teologie as 'n

reaksie op laasgenoemde, maar reageer dit as byvoegings om die teologie reeds te bevestig. Hier koppel Gleeson (1992:65) negatiewe teologie aan dekonstruksie deur weer eens na Derrida te verwys wanneer hy skryf: “Derrida believes all negative theologies are of this restricted type: their negative cautions are (merely) supplements, which are always overcome by the claims of positive theology”. Hart (2017:134) self dui die verband met die teologiese soos volg aan:

When phenomenology turns to examine the Christian faith, it fastens as much on what I call the supernatural attitude as it does on the natural attitude. The supernatural attitude is the thetic position that the divine has the same or similar modes of being as things in the mundane world.

Hart (2016:373) is verder van mening dat die koninkryk wat Jesus verkondig het juis meer as ’n filosofiese idee was. Hy stel die Vader, wat geken kan word en wat Liefde is, bekend. Daar is gronde om God ook lief te hê:

Jesus tells us that God is like a father to us, which implies that he is also unlike any earthly father we might have had. It is in this back and forth of ‘like’ and ‘unlike’ that God comes into focus for us, not in terms of being but by way of a relationship that can be pursued.

Die uitgangspunt is dus om die vroeë oor goed en kwaad en God se bestiering wat in *Die wêreld van Charlie Oeng* voorkom, te benader in die teologiese en filosofiese hantering van die vroeë oor goed en kwaad en God se bestiering. Daar is twee aspekte wat na vore kom. Die eerste is die wyse waarop die karakters in die roman hierdie saak na vore bring. Ten tweede is die kwessie van hoe elemente van die magiese realisme aangewend word om die vraag na God se bestiering goed en kwaad aan die orde te stel belangrik. Magiese realisme beteken dat daar bande is met ’n bosinlike bestaan (Van der Elst, 1992:282). Plato se ideëleer is ook van belang sowel as die Jungiaanse begrip van die persoonlike en die kollektiewe onbewuste. Erkenning van hierdie sake oorskry tyd en ruimte (Van der Elst, 1992:282). Van Heerden druk dit uit deur verskeie karakters in die verhaal na goed en kwaad te laat verwys. God se bestiering goed en kwaad is daarmee ook binne die bosinlike raam aangedui. Van Heerden dui dit in verskeie tonele aan.

4.2 *Die invloed van Etienne Leroux*

Die teologiese en religieuse speel ’n beslissende rol in hierdie verhaal deur Van Heerden; hierdeur word ’n duidelike skakel met vroeëre werke deur Etienne Leroux bewerkstellig. Malan (1977; 1978) verduidelik dat Leroux in sy literêre werke diepgaande religieuse vrae stel. Van Jaarsveld (2023:215) toon aan dat verskeie van Van Heerden se vroeë romans deur Leroux beïnvloed is. Van Coller (2023:32) verwys op sy beurt na Leroux se drang na die mitologiese en soeke na die plaasvervanger. Leroux stel ook die vraag na goed en kwaad aan die orde in *Sewe dae by die Silbersteins* (1962). By Leroux word dit die oervraag na mens voor God in die sewe dae van die skepping en dan die kwaad wat dit besmet.

Sewe dae by die Silbersteins deur Etienne Leroux raak ook die saak van goed en kwaad en God se bestiering aan. Die religieuse element speel ’n belangrike rol: dié roman konfronteer die leser met die vraag of die mens ’n vrye wil het en of die mens eers die kwaad ook in God moet leer ken om die goeie te vind. Van Coller (2023:39) is van mening dat verskeie religieuse kwelvrae soos die “dualiteit van die godshoof”, vrye wil en gesigsloosheid van die syn voorkom. Etlieke besware teen Leroux se hantering van goed en kwaad het ingesluit dat daar nie ’n

duidelike verskil tussen die twee aangedui word nie en dat die goeie nie die kwade duidelik oorwin nie (Botha, 2008:587). Botha (2008:588) antwoord dat ondersteuners van Leroux aandui dat die samehangende lees van die roman die moralisties-didaktiese lees daarvan moontlik maak, ook deur die ironie raak te lees. Botha skryf (2008:593) dat, in aansluiting by die plaasroman, maar ook geheel anders, die boereparadys geteken word as vervalle in 'n tuin van bose luste. Ten spyte van die feit dat die roman geen moralistiese roman is nie, ontbloom Leroux wel die onsekere morele keuses. Van Coller (1980:39) wys daarop dat verskeie literatore in die debat oor *Sewe dae* die morele strekking van die roman bevestig het, soms té oordadig. Malan (1978:60-61) toon aan dat die diepgaande religieuse ondertone wel in *Sewe dae* voorkom. Die hoofkarakter, Henry, word 'n Adam-figuur wat ingelyf moet word tot volledige menswees. In aansluiting by die misterie-simboliek is daar egter “ambivalensie, parodie en selfs travestie”. Malan (65) skryf:

Telkens verbrokkel die patroon en degenereer die misteriewerksaamheid tot sekulêre absurditeit. Op voortreflike wyse word die geheimenisse van die wynmakersbedryf byvoorbeeld benut om die én godsdienstontluistering én die reste van misterie in die moderne wêreld te benut.

Daar is dus 'n besliste religieuse substratum by Leroux. Op die sewende dag triomfeer die goeie egter wel (Botha, 2008:594). By Henry is daar dus groei tot geloof. Dit word egter in Leroux se roman *Een vir Azazel* (1964) bevraagteken. Van Coller (1980:146) toon aan dat die bose steeds as teenpool van die goeie in die slot van *Sewe dae* figureer. Hy skryf (1980:146): “[d]ie slot van *Sewe dae* dui slegs 'n manier aan om oor die bose te seëvier; 'n opdrag word verwoord wat eers in vervulling moet tree voordat die goeie finaal kan oorwin”. Hierdie hantering van goed en kwaad en die religieuse implikasies daarvan lê die grondslag vir Van Heerden wat met die magiese realisme en die karakterisering in *Die wêreld van Charlie Oeng* die vraag na goed en kwaad en God se bestier daarvan die vraagstuk aan die orde stel. Erasmus (2006:688) wys ook daarop dat Van Heerden (soos Leroux) reeds in *Toorberg* die mites van die land konfronteer, omkeer en ook daarvoor vrae stel wat steeds ontwykend is.

Dit is duidelik dat die debat oor goed en kwaad en God se rol daarin beide in die literatuur en die teologie na vore kom. Daar bestaan verskeie moontlikhede. Die skuld vir die kwaad kan voor die deur van God gelê word. Volgens daardie beskouing het God dit in die werklikheid ingegiet (Heyns, 1978:152). Daarteenoor kan die skuld by die mens gevind word (Heyns, 1988:177). Die mens het God verwerp en so die kwaad in die werklikheid ingebring. Evolusionêre beskouings beteken dat die kwaad 'n noodwendige ontwikkeling in die werklikheid is. In die literatuur, soos in Van Heerden se roman, word die vraag na goed en kwaad en hoe God daarvoor oordeel ook gestel. Die verskillende karakters se reaksie op daardie vrae kan beoordeel word. Dié vrae word deur Van Heerden in *Die wêreld van Charlie Oeng* na vore gebring.

4.3 *Postmodernisme en magiese realisme*

Van Coller (2017) meen dat Van Heerden se roman 'n grootse postmoderne verhaal is wat magies-realistiese elemente bevat waarbinne die vraag na goed en kwaad belangrik is. Dit is daarom dat hierdie roman nie net fundamentele aspekte van 'n narratief problematiseer nie, maar ook boordens toe vol is van uitsprake van ontologiese én epistemologiese kwessies. Oorsprong is immers nie agterhaalbaar nie – ook nie dié van mense nie. Lewens is moeilik herkonstrueerbaar, die waarheid is onvindbaar en skuld onbepaalbaar. Hierdie opvattinge,

saam met bepaalde narratiewe tegnieke soos deurstreping, vermenging van die fantastiese en realistiese (die drakies wat vuur spoeg!), waarheid en verdigsel, wetenskap en mite laat duidelik blyk dat hierdie roman postmodernisties is tot en met, hoewel die aanslag wegstrem van teoretiese vernaamdoenery.

Viljoen (2017) wys op die belang van die magies-realistiese elemente. Burger (2017) verwys na die raaisel van die moorde in Van Heerden se roman wat uiteengesit word in terme van hoe, hoekom en deur wie die moorde gepleeg is. Die roman is vol dwaalspore, elemente van misleiding en verskillende verhaallyne. Verder kom die kwessie van skuld ook sterk na vore, soos die geval is in Van Heerden se vroeëre werke soos *Toorberg* (1986). Botha (2017) beklemtoon ook die magiese wat, soos in ander romans deur Van Heerden, 'n groot rol speel. Hy noem drie aspekte, naamlik ouma Ogies se droombeelde met haar waarneming van die "Skreeu", die drakies wat in die skuur voorkom, en die toorwiel van Charlie Oeng. Die terapie vir die verskrikking van bestaan lê in die skryf van die roman en dit word die wyse waarop na die waarheid gestreef word.

Van Collier (2017) beskryf die magiese realisme soos volg:

Tipies van Van Heerden se oeuvre is ook die vermenging van realistiese en fantastiese elemente, sy eie inkleding van die magiese realisme. Dit is weer eens ruimskoots aanwesig, veral in die figuur Ouma Ogies, die blinde siener, sy wat nie spore laat nie en dit wat gaan gebeur reeds vooraf sien. Maar ook die uitbeelding van Charlie Oeng, wat boer met drakies wat vuur spoeg, en tekeninge maak wat lewe kry, streef die realisme verby.

4.4 *Migranteliteratuur*

'n Ander perspektief waaruit *Die wêreld van Charlie Oeng* benader word is dié van migranteliteratuur (Lambrechts, 2019:103 e.v.), wat inderdaad as 'n belangrike aspek in die roman voorkom. Sy gaan daartoe oor om die verskillende probleme wat met migrante-literatuur saamhang te hanteer, soos byvoorbeeld aspekte van kollektiewe identiteit en die wyse waarop hierdie identiteit in sekere kontekste hanteer word, asook persoonlike identiteit en die wyse waarop dit na vore kom. Migranteliteratuur handel dan oor hierdie verskille (Lambrechts, 2019:105-8). Die temas in migranteliteratuur (Lambrechts, 2019:103 e.v.) en die toepassing daarvan in Van Heerden se roman is van belang, soos byvoorbeeld die reis- en verlies-temas. Sake soos die optekening van die geskiedenis, die liefde asook aspekte van magiese realisme en drome kom ook in migranteliteratuur voor.

Verder wys Lambrechts (2017) daarop dat, in dié roman, vernaam die verskillende vlakke van skuld uiters belangrik is. Die vraag na die skuld van God self is dus van belang, maar so ook die vraag of aandadigheid aan skuld ontken kan word. Lambrechts (2017 s.p.) skryf: "Teen hierdie warboel van reg en geregtigheid, kennis en onkunde, oorsaak en gevolg, skuld en aanspreeklikheid, neem die religieuse weliswaar 'n onderbeklemtoonde, maar daarom nie 'n minder belangrike posisie in die verhaal in nie." Vir hierdie ondersoek is dit van belang om te vra hoe daar oor goed en kwaad gedink word en hoe die teologiese en religieuse aspekte na vore kom en hanteer word. Hierdie aspekte van migranteliteratuur moet egter nie oorbeklemtoon word nie.

5. 'n Ondersoek na *Die Wêreld van Charlie Oeng*

Die wêreld van Charlie Oeng kan teen die agtergrond van Van Heerden se oeuvre geplaas word omdat dié outeur reeds in sy vroeë werke bepaalde sake wat die religieuse, teologiese

en etiese raak na vore bring. Só kan 'n mens byvoorbeeld noem dat die vraag van skuld en, daarmee saam die vraag na goed en kwaad, reeds sterk vooropgestel word in *Toorberg* (Van Heerden, 1986), temas wat ook in die *Die Swye van Mario Salviati* (Van Heerden, 2000) hanteer word. Die roman *30 nagte in Amsterdam* (Van Heerden, 2008) dui op die aspek van die hantering van eie en kollektiewe skuld. Ook in die onlangse *Gebeente* (Van Heerden, 2023) word koloniale skuld as die kern van die verhaal gestel.

Die karakterisering en die betekenis van goed en kwaad word op doeltreffende manier in Van Heerden se roman ontgin. Die vraag is egter of hierdie groot vraagstuk van goed en kwaad, soos wat dit na vore kom in die *unde malum*-vraag (vanwaar die kwaad), in die vraag na menslike verantwoordelikheid en in die vraag oor die bestiering van God, uiteindelik ten diepste genoegsaam ontwikkel word.

Die vraag na goed en kwaad en die bestiering van God in die roman, soos die karakters daarop reageer, is dus van belang.

Hierdie aspek word met verwysing na verskillende karakters hanteer. Alhoewel die verhaal primêr afspeel soos deur Tian se oë gesien, is daar verskeie ander karakters wat ook hiermee worstel. Juis deur dié worsteling vanuit verskillende karakters se oogpunte te beskou word die vraag na goed en kwaad uitgebou. Tian self ontkom nooit aan die swaelreuk wat aan hom kleef nie omdat hy self ook skuld aanvoel. So word die skuld verplaas. Alhoewel hy nie self aandadig aan die moord op sy ouers is nie, voel hy tog verantwoordelik vir die wyse waarop die gebeure plaasgevind het. Omdat Tian die las van sy ouers se dood op sy skouers neem, word die skuldvas van die moordenaar na Tian verplaas. Charlie Oeng dien as karakter wat toenemend die skuldvraag na vore bring. Die interessante wyse waarop Jenny May en Sy as vroulike karakters weer die vraag van goed en kwaad realiseer, is van belang.

Brink (1987:70) skryf oor die betekenis van die opbou van 'n karakter wat ook hier van belang is:

“Eienskappe”, “kenmerke”: dié twee benaminge moet so letterlik as moontlik gelees word: eien-skappe, ken-merke. Hulle dui op dit wat 'n karakter individualiseer, wat hom/haar anders maak as ander (die teenoorgestelde proses, dus, as dié waarvolgens Greimas wil bepaal waar die gemene delers lê); die attribute wat “eie” is aan hom/haar (eie aan sy/haar “landskap” of “binneskap”); dit gaan om die merke of tekens waaraan 'n karakter geken kan word. En “ken” is 'n aksie wat direk op die leser betrekking het.

Verder skryf Abbott (2002:130) oor karakterisering wat die optrede van die karakters in *Die wêreld van Charlie Oeng* ook kan aandui soos volg:

It may be that characterization and thinking in types are part of our mental equipment, and it may also be that the rich complexity and constantly changing nature of human beings can never be adequately captured by this narrative equipment. But this is not the same thing as saying that character is inevitably deceptive and that narrative can only deal in illusions because of this. It is true that character in purportedly non-fiction narrative can be false, misleading, unfair and slanderous. But is it invariably false, misleading, unfair and slanderous? Are there not degrees of accuracy and inaccuracy in characterization?

Juis daarom moet die verskillende karakters se interaksie met die vraag na goed en kwaad en God se bestier in die roman geëvalueer word.

5.1 *Charlie Oeng*

Die eerste belangrike karakter is Charlie Ng (Oeng) self. Vanuit 'n migranteliteratuurbenadering is dit duidelik dat hy die tipiese buitestander-figuur is. Verder word hy uitgebeeld as 'n swerwer wat nêrens tuis voel nie. Nóg belangriker is sy tipering as wrede moordenaar, alhoewel hy deur omstandighede in daardie rol ingesuij word. In dié roman dien die moorde wat gepleeg word as simbool vir die verskrikking van die mens se bestaan. Dit skep 'n bepaalde deurlopende tema waar Charlie Oeng, as Sjinees, by verskeie moorde betrek word en aan die einde ook by die dood van Tian se ouers geïmpliseer word. Reeds aan die begin van die verhaal sê Oeng dan ook dat die vuurwerk die boste sal wegjaag, dat daar deur die vuurwerk vir Charlie Oeng bevryding sal kom. Siende dat die vuurwerkvertoning juis dié gebeurtenis is wat hom by die moord van Tian se ouers impliseer, word dit duidelik dat misleiding reeds van vroeg in die teks 'n belangrike rol speel. Oeng se lewe word ook deur hierdie misleiding gekenmerk.

Intussen speel die verhaal af rondom die kwaad en die boste wat in Charlie Oeng se lewe voorkom. Sy lewe in Amsterdam beeld reeds die boste kant uit. Daar is die verskrikking van Charlie Oeng se optrede waar daar sprake is van die wyse waarop hy diere doodmaak en hoe varke geslag word (116). Charlie Oeng is instrumenteel in die dood van Lize, 'n Nederlandse vrou met wie hy 'n bepaalde verhouding het (124). In Hong Kong word hy by die moord op 'n man in 'n steeg betrek, op bevel van die Triade (167): "Hy wou dit nie doen nie, hy wou nie. Hy kon dit nie doen nie, hy hét. Hy het."

Die vraag na Oeng se skuld word duidelik deur Van Heerden aangetoon. Die verhaal neem 'n nuwe wending met die ontrouheid van die vrou wat slegs as "Sy" (234) aangedui word. Die oënskynlike rus en vrede wat Charlie Oeng by hierdie vrou, vir wie hy baie lief was, ervaar het is nie blywend nie, omdat sy hom later verlaat. Hierdie verlating lei uiteindelik tot die wrede moord op die winkelier wat haar weggeenem het. Die winkelier en sy vrou word saam met Witkant, 'n medeloper, wreed vermoor (472-3). Charlie Oeng neem ook wraak met die moord op George Dunn wat hom weer by die kwaad betrek (265). Saam met die kwessie van Oeng se skuld verwys Van Heerden dus ook na die aspek van wraak.

'n Verdere aspek wat in die karakterisering van Charlie Oeng na vore kom, is dat dié karakter dikwels 'n wiel rondom hom trek en daarbinne gaan sit. Dít word die versinnebeelding van sy ongelooflike bestaan op soek na die rus wat hy nie kan vind nie. Omdat vals inligting versprei word, naamlik dat Tian se pa, Kilian, die prokureur, met Sy 'n verhouding gehad het, besluit Charlie om ook vir Kilian te vermoor. Hy werk 'n plan uit om vuurwerke op laasgenoemde se plaas af te skiet en dan die moord te pleeg. In 'n verrassende wending is dit egter Cor van Gogh wat hulle vermoor omdat hy Tian se ma verdink van die diefstal van die Vincent van Gogh-skildery wat in Cor se besit was.

Daar is ook elders in die roman sprake van die betekenis van die dood, en Koekepan of Charlie Oeng, vra wat van 'n mens word wanneer hy sterf (380). Die vraag word dan verder uitgebou deur die aspekte wat na vore gebring word wanneer hy en ouma Ogies hierdie sake met mekaar bespreek. Dit is 'n belangrike gedeelte waar die gedagte van die dood beklemtoon word:

Waarheen gaan jy as jy sterf, vra hy weer.

Jy word die stringe eier van die padda, jy word die windjie wat die skrif in die sand saggies platwaai, jy word die naald in die hooimied.

Waarheen gaan jy as jy doodgaan? Jy gaan verby die vraagteken. Hopelik gaan jy regop en met asem in jou maag. Jy gaan sonder 'n laaste dankie op jou lippe. En jou tong, jou tong raak dik in jou mond. En jou oog, jou oog raak soos die kil maan.

Die laaste stuip trekking bloed in jou is sterk soos 'n rooi slang wat deur jou lyf kronkel. Dis jou groot aar daai, hy's nou dik, gestol, hy's nou niks, so moet jy laat gaan, jy moet uit en gedaan. Jy moet weggee. Behalwe die bloed, ook die lewe. (380)

Deur die loop van sy lewe word Charlie Oeng by verskeie moorde betrek. As tiener pleeg hy sy eerste moord weens 'n ongeluk wat gebeur. Hy pleeg die moord in Hong Kong omdat hy die matriarg, ouma Voetjies, moet beskerm, maar later word die moorde deel van sy lewe en wil hy uit woede moord pleeg (475). Hierdie progressie dui op die ontwikkeling van Oeng se karakter as slagoffer wat moord pleeg uit noodsaaklikheid na wraaksugtige wat moor uit eie keuse. Die hoeveelheid moorde waarby Oeng betrokke was, is dan wat hierdie tema – die betekenis van die dood – so relevant maak. Die dood is alomteenwoordig en die vraag na goed en kwaad in sy lewe is meteens uiters relevant.

Opnuut ontstaan daar dus 'n verantwoordelikheid waaraan ons nie kan ontkom nie. Die karakter van Charlie Oeng is in baie opsigte 'n karakter wat relevant is. Sy karakter word uitgebeeld aan die hand van wat in sy vroeëre lewe met hom gebeur het. Wat uiters belangrik in hierdie verhaal is, is die gewelddadigheid wat deel word van die immigrant Charlie Oeng se aard wanneer hy orals verneder word en dan uiteindelik daartoe oorgaan om wrede moorde te pleeg. Hy word as't ware ingesuij in die moordwêreld van die eerste insident wanneer Sy die Nederlandse vriendin vermoor, later wanneer hy in Hong Kong opdrag kry om iemand te vermoor, wanneer hy en Witkant die winkelier vermoor en dan uiteindelik tydens die vraag na wie verantwoordelik vir die moord op Tian se ouers is. Is Charlie Oeng dan tog verantwoordelik vir sy eie optrede, alhoewel hy volgens die getuienis wat gelewer word nie self die moord gepleeg het nie, maar Cor van Gogh?

Rondom die vraag van goed en kwaad is Charlie Oeng die voorbeeld van die een wat deel word van die kwaad, dikwels sonder dat hy self daarvoor verantwoordelik wil wees. Hy word betrek by 'n wêreld van kwaad omdat hy óók in 'n sekere sin reg aan andere wil doen; daardie kwaad word egter oorheersend en die karakter Charlie Oeng uiteindelik 'n karakter van gruwel. Daar is geen twyfel daaraan dat Van Heerden hier 'n besondere karakter geskep het nie. Hierdie karakter beeld inderdaad die probleem van die ontstrengeling van goed en kwaad uit.

5.2 *Ouma Ogies*

Ouma Ogies, die blinde vrou, sien baie, alhoewel sy blind is (104). Ouma Ogies is die belangrikste karakter ten opsigte van die religieuse element of motief in die roman. Deur haar karakter te skets word 'n diepgaande aspek van die bestaan van die mens na vore gebring. Ouma Ogies het 'n tragiese lewe deurloop wat uiteindelik daartoe lei dat sy geweldige angste en nood ervaar. Sy was onbewus van die wyse waarop sy deur ander in haar bestaan mislei is. Haar ellende word uitgedruk in die feit dat haar kind tragies sterf by geboorte, wat haar diep raak, selfs al is sy onseker wie die kind se vader was (74). Wanneer sy daarvan bewus word dat sy as blinde mislei is by die verwekking van die kind gaan sy na die landdros om 'n klag teen God self by hom te lê (76). Sy verwys dan ook daarna dat God sy eie Seun se dood bestier het (77). Sy wil God aankla weens dít wat met haar gebeur het en omdat Hy, volgens haar, wreed is.

Elemente van magiese realisme kan in Ouma Ogies se narratief waargeneem word. Wat reeds aan die begin na vore kom, is die verwysing na die sogenaamde “Skreeu”. Dit lyk of hy woon in die sloot naby die plaas en daar is onsekerheid hoe om teen daardie “Skreeu” op te tree en hoe om dit of hom te verstaan.

Ouma Ogies maak die vere van voëls bymekaar. Die swart veer wat sy uiteindelik by Bobby Greenblat in sy papegaaihokke gaan haal het, wys eintlik heel aan die begin bloedstollend vooruit na die dood van Tian se ouers.

Magiese realisme word verder gevoer deur die magiese aspekte van twee sake: ouma Ogies wat nie op die skaal weeg nie (253) en die drakies van die Chinees (254). Verder word dit duidelik dat die “Skreeu” hom nie laat vang nie.

Van Heerden vertel verder hoe ouma Ogies begin lont ruik vanweë die leuen wat oor Tian se pa (Kilian) versprei word. Sy sien alreeds vooruit wat gaan gebeur (342). Dit speel ’n belangrike rol wanneer Tian en ouma Ogies in ’n bepaalde verhouding tot mekaar te staan kom (392). Daar is ’n geheim wat ouma Ogies dan aan hom deurgee ten opsigte van wat gebeur het en die feit dat sy met Koekepan (of Charlie dan) ook in ’n bepaalde verhouding tree. Die intensiewe vraag na die betekenis van die een ter wille van die ander, soos Jesus wat sy lewe gee vir andere, word gevra (399). Ouma Ogies is daar weer aan die woord en beleef dat die duiwel teen haar aandruk, waarop sy vra dat sy behoed mag word en Jesus se bloed haar mag bewaar, maar dat sy nie ten volle verstaan waaroor dit gaan nie (407). Ouma Ogies wil vir Kilian gaan waarsku dat daar ’n valse berig oor hom versprei word (408). Dit het gebeur dat die veiligheidstak vir Witkant opstook om ’n valse berig te versprei dat Sy, die vrou wat saam met Charlie Oeng gekom het, en Kilian ’n verhouding aangeknop het. Ouma Ogies besef dat dit ’n valse bespreking is, en sy wil daarom hierdie leuen aan die kaak stel.

’n Belangrike vraag kom aan die orde wanneer ouma Ogies vir God wil dagvaar. Hierdie belangrike narratiewe gebeurtenis behels ’n gesprek met ’n prokureur waarin sy hom vertel dat sy God wil dagvaar vanweë die leuen wat haar raak (407). Misleiding is dus onaanvaarbaar en moet deur haar openbaar word. Sy kom by die prokureur, Tian se pa, Kilian, en sê dat sy daardie saak verder wil voer. Dit word ’n gesprek tussen Kilian en ouma Ogies wat ’n saak wil maak en daardie saak wil voer oor die swaarkry en die ellende. Sy wil dan ’n verslag skryf oor hoe sy as ouma Ogies in angs en nood geleef het en hoe sy verraai is.

Ouma Ogies vra dan of God nie al hierdie dinge bestier het nie. Daarom moet daar ’n saak gemaak geword teen God wat hierdie dinge bestier het (414). Sy skryf (414): “Dit is ek, Maria Ogies, se kontensie dat God die groot bestierder is. Ek het deur God se oë gekyk en my tweede betoogshoof is dat God wreed bestier, ek kla God se planmatigheid en sy raadsplan aan, ek kla dit aan...”. Haar kontensie is dat God nie liefde is nie, maar toorn, weens die feit dat die prokureur beskuldig word van ontrou met Sy. Daarom wil sy ook hê dat die prokureur, wat onskuldig is, moet weet van die onreg wat beplan word.

Die Bybel kom ter sprake wanneer sy ’n swart veer, wat sy tussen haar borste uithaal, op die preekstoel gaan neersit terwyl die gemeente die lof van God besing. Die Mtuzes, wie se seun vir onrusstokery gevange geneem is, help haar wanneer sy in die kerk flou word en sy nie meer die verantwoordelikheid vir haar drome kan dra nie (428). Ouma Ogies is altyd in staat om die onsienlike te sien. Sy kan die ongelooflikste dinge beleef en uiteindelik wil sy die geding wat sy met God het tot die uiterste voer (447). Sy sê dat daar nou nie meer ’n saak teen God is nie, maar dat dit teen die “Skreeu” is, en dat God sy eie Seun veroordeel het (448). Dit word alles tot ’n punt gebring wanneer die “Skreeu” nie gevang kan word nie. Weer word die vraag gestel: is dit nie God wat die sake bestier nie? “Het God nie, man soos wat Hy is, sy eie Seun geslag nie?” vra ouma Ogies (448).

Ouma Ogies is ’n karakter wat sterk na vore tree. Van Heerden slaag daarin om die blinde vrou die fokuspunt te maak van die vraag na goed en kwaad, en daarmee saam God se bestiering van die wêreld. Die tema van misleiding speel deurgaans ’n belangrike rol. Hoe het ouma

Ogies opgetree? Wat doen sy? Hoe beleef sy die wêreld? Dit alles is vrae wat beoordeel kan word. Ouma Ogies is 'n interessante karakter wat besondere betekenis aan die verhaal gee.

5.3 *Tian*

Tian is self die verteller en word as't ware 'n speurder op die spoor van Charlie Oeng. Hy beleef die gebeure van sy vader en moeder se dood intens. Hy voel hy dra skuld vir hulle dood omdat hy die vuurwerkvertoning aangevra het wat op die aand van hul dood plaasgevind het. Die karakter Tian speel dus 'n noodsaaklike rol in die verhaal. Vanuit sy perspektief word al die vrae na vore gebring. Daar kleef 'n reuk van swael aan hom wat hy aan Jenny May, die vriendin met wie hy 'n verhouding aanknoop, probeer verduidelik. Sy help hom om die lewe van die Sjinese in Amsterdam te verstaan, terwyl hy die soektog na die lewe van Charlie Oeng voortsit. Die vraag na goed en kwaad en skuld is dus belangrik in die hantering van hierdie soektog. Tian vat sy skryfproses soos volg saam:

Ek moet dink aan die ses-en-dertig krygstaktieke en hoedat mens ook in die skryf van jou verhaal 'n geraas maak in die ooste maar aanval uit die weste. Hoedat jy tekstueel tweedrag saai en jou leser die dak op neem en dan die leer verwyder. Miskien is dit die grootste les van my lewe (542).

Tian se ontwikkeling is ook van belang. Dit is asof Tian self nie met die goed en kwaad van die wêreld raad het nie. Hy worstel deurgaans met sy eie skuld. Wanneer hy ook Charlie Oeng se verhaal vertel, is daar steeds by hom die vraag na sy eie skuld. Antwoorde ontglip hom. Aan die einde kan hy as karakter nie voluit daarop reageer nie. Dit is dus in meer as een opsig belangrik om aan te dui dat die karakters Tian en Charlie Oeng in *Die wêreld van Charlie Oeng* die aspek van goed en kwaad na vore bring.

5.4 *Cor van Gogh*

Cor van Gogh word beskryf as 'n rooikop-Hollander wat sukkel om aan te pas by Suid-Afrika se uiterste weersomstandighede. Hy word gekenmerk deur die feit dat hy pal 'n Vincent van Gogh-skildery, wat hy besit, met hom saamdra. Dit is die diefstal van hierdie skildery en Cor se woede daaroor wat uiteindelik lei tot die moord op Tian se ouers, omdat Cor glo dat Tian se ma by die diefstal van die skildery betrokke was. Die deurlopende tema van misleiding in dié roman kom ook by Cor van Gogh voor. Die skildery word 'n aspek van verwerping. Die agtergrond van Vincent van Gogh wat tragies aan sy eie hand gesterf het, word opgeroep. Die verband met Vincent se broer Cor wat in Suid-Afrika gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog (Anglo-Boereoorlog) gesterf het, is voor die hand liggend, naamlik dat 'n Van Gogh met dieselfde naam wel in Suid-Afrika opgetree het en ook tragies gesterf het. Dit roep onmiddellik die hele wêreld van die kunstenaar op. Cor, die karakter in die roman, word dan die een wat die werklikheid van skuld volledig openbaar in die moord wat hy pleeg.

5.5 *Samevattend*

Van Heerden slaag daarin om besondere karakters in sy roman te teken. Hulle is buitengewone persone. Die leser word op verskeie vlakke deur hulle gekonfronteer. Die groot vraagstuk is dus hoe hulle reageer op die teenwoordigheid van goed en kwaad in die werklikheid. Elke karakter het 'n eie blik daarop. Die leser word gedwing om self te antwoord op die vraag na goed en kwaad. Sentraal is ook die saak hoe God self teenoor goed en kwaad staan. Verskeie

gebeure, van ouma Ogies se eie weerstand teen God se optrede tot Charlie Oeng en Tian se hantering van goed en kwaad en skuld, konfronteer die leser deurgaans met diepgaande vrae.

6. Slotevaluering

Teologies is dit van groot belang om die vraag na goed en kwaad te vra. Menslike verantwoordelikheid moet oorweeg word. Terwyl daar dikwels beweer word dat God deterministies optree, is tog aangetoon dat die genade van God beslissend is in Sy optrede. Alhoewel Hy die mens radikaal verantwoordelik hou vir hul lewe in al die verbande neem God wel die inisiatief om die verlossing te bewerkstellig. Goed en kwaad is dus nooit bloot 'n spel nie en God se hantering daarvan is nie lukraak nie. Hierdie bevinding moet in ag geneem word by die beoordeling van die roman.

Goed en kwaad word egter sterk uitgebeeld deur Charlie Oeng se optrede. Charlie Oeng word ingesuij in die geweld en tree al hoe meer gewelddadig op. Sy moorddadigheid kenmerk uiteindelik die verhaal as 'n gru-verhaal vanweë die grusame moorde wat plaasvind. Charlie Oeng se lewe word dan teenoor Tian s'n uitgespeel. Tian beleef dit wat die aand by sy vader en moeder se moord gebeur het as 'n swaelreuk wat aan hom kleef. 'n Belangrike vraag is hoe Van Heerden goed en kwaad deur middel van die karakters aanbied. Natuurlik mag daar nie aan die skrywer voorgeskryf word hoe hy die groot vraagstuk van goed en kwaad mag hanteer nie, maar die vraag is tóg of goed en kwaad soms gelyk gestel kan word. Verder noop dit ons om te vra of die hantering van dié dilemma toelaat dat die grense tussen goed en kwaad oorskry word, sodat goed uiteindelik kwaad word en kwaad, goed. Tian word die voorbeeld van die persoon wat self die kwaad moet aantoon en wat die moordenaar moet openbaar, maar deur die aankleef van die swaelreuk aan hom gekenmerk word. Van Heerden slaag daarin om met die verhaal aan te dui dat die onderskeid tussen goed en kwaad nie altyd so maklik getref kan word nie. Alhoewel hierdie bevinding belangrik is, word daar tóg groter nuansering in die kragveld van die aanbied van goed en kwaad en die vrae aan die teologie verwag.

Sou 'n mens dan teologies en nie literêr-krities na pertinent ouma Ogies se beswaar gaan kyk, veral na die aanklag teen God en dat sy bestiering onregverdig is, kan dit alleen in die kruis van Jesus opgevang word. Aan die kruis in Jesus openbaar God sy liefde vir die mens en word die verlossing dan ook volledig beklemtoon (Romeine 3:23-26 en 2 Korintiërs 5:11-21). Dit is veral die teoloog Abraham van de Beek (2018) wat aantoon dat die vraag na God se bestiering van goed en kwaad in die openbaring van Jesus aan die kruis verstaan kan word. Aan die kruis neem God die ellende van die mens op Hom. Daarmee saam hang die trou van Jesus wat verlossing en heil moontlik maak. Van de Beek toon aan dat Jesus die skuld van die wêreld aan die kruis dra (2018:17). Die opstanding bring egter die heil van die oorwinning oor die dood na vore. In dialoog met Van Heerden se karakters kan die elemente waarna hy verwys teologies oorweeg word sonder om 'n waarde-oordeel oor sy roman uit te spreek. Karakters se standpunte is ook nie noodwendig die standpunt van die skrywer nie, maar die saak word wel deur die outeur aan die orde gestel. Ouma Ogies se vrae is dus relevant en die skrywer kan nie gekritiseer word omdat hy dit stel nie. Die vraag is egter hoeveel skuld ouma Ogies self kan hê aan dit wat haar oorgekom het. Die mens se eie optrede is meteens ook ter sake. Kan dit egter die onreg wat Ouma Ogies beleef enigsins teologies verklaar? Die wyse waarop Ouma Ogies mislei is, beklemtoon dat misleiding 'n tema in die roman is.

Van Heerden maak ook van magiese realisme gebruik om die religieuse uit te druk. Die aangrypende verwysing na die dood word dus 'n spesifieke tema in die verhaal. Goed en kwaad kry religieuse betekenis deurdat die karakters in diepte daarop reageer deur na God te verwys.

Ouma Ogies se optrede moet dus in die lig hiervan gesien word. Die problematiek van goed en kwaad en die wyse waarop God se bestiering daarvan verstaan moet word, behoort veel meer kompleks as wat in die roman voorgestel word, aangetoon te word. Daarmee word nie bedoel dat Van Heerden die bepaalde beskouing wat aangetoon is, moet navolg nie. Daar is immers in die teologie verskeie en verskillende beskouings: in die Middeleeue reeds het Anselmus aangevoer dat die oordeel van God op Christus as die Een in die plek van die ander voor God neerkom, en Abelardus het die navolging van Christus verwoord. Daar is egter betekenis in die feit dat die roman wel aandui dat die karakter Charlie Oeng nie net boos is nie, maar ingetrek is in die boosheid van moord. Die wyse waarop hierdie aspek van boosheid deur die skrywer Dostojefski in *Die Kamarazof-broers* hanteer word, is 'n aanduiding van hoe dit literêr op hoë vlak deurgegee kan word, omdat God daar self tot getuie geroep word. Leroux se vraagstelling in *Sewe dae by die Silbersteins* verskaf eweneens 'n beter aanduiding van die vraagstuk van goed en kwaad voor God, omdat die hoofkarakter self in sy inisiasie deur die Bose gekonfronteer word.

Die verhaal loop snel, en dit neem die leser op 'n tog rondom die vraag na goed en kwaad. Van Heerden slaag dus wel daarin om die leser gevange te hou in die wêreld van goed en kwaad en die problematiek daarvan. Die volle konteks van die lewe van Tian, Charlie Oeng, Ouma Ogies, Cor van Gogh en die ouers van Tian word egter nie genoegsaam uitgebeeld nie. Die spanningsvolle problematiek van die mens in daardie Oos-Kaapse situasie met die "Skreeu" wat so negatief beklemtoon word, kom egter sterk na vore.

Die roman laat die leser met diepe nadenke oor die mens in sy/haar bestaan wat inderdaad essensiële vrae oproep. Dit is juis die wonder van die teologie dat sodanige vrae soos in die roman gestel juis ook nuwe teologiese insigte na vore laat kom. Die roman se gehalte word dus nie misken omdat sekere vrae gestel word nie. Die vrae lok juis gesprek en dialoog in die oorweging van die literatuur uit.

BIBLIOGRAFIE

- Abbott, HP. 2002. *The Cambridge Introduction to Narrative*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Almond, I. 2003. Derrida and the secret of the non-secret: on respiritualising the profane. *Literature and Theology*, 17(4):457-471. <https://doi.org/10.1093/litthe/17.4.457> [16 September 2024].
- Aristoteles. 2012. *The Art of Rhetoric*. Collins Classics. London: Collins.
- Augustinus. 2021. *Confessions*. Collins Classics. London: Collins.
- Barth, K. 1972. *The Epistle to the Romans*. Translated by EC Hoskyns. Oxford: Oxford University Press.
- Barth, K. 1961. *Church Dogmatics Volume IV: The Doctrine of Reconciliation Part One*. Edinburgh: T&T Clark.
- Beaty, MD. 2023. A compensatory response to the problem of evil: revisited. *Religions*, 14(1):1-17. <https://www.mdpi.com/2077-1444/14/1/35> [2 January 2024].
- Botha, E. 2008. Etienne Leroux (1922–1989). In Van Coller (red.). *Perspektief en Profiel: 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik, pp. 586-603.
- Botha, FJ. 2017. In stories lê groot deel van waarheid. *Rapport*, 9 Julie. <https://www.netwerk24.com/Netwerk24/in-stories-le-groot-deel-van-waarheid-20170708> [Januarie 2024].
- Brink, AP. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die Lees van Verhalende Tekste*. Pretoria: Academica.
- Burbidge, JW. 2018. Absolute evil: Reflections on Hegel's philosophy. *Science et Esprit*, 70(3):317-324. <https://udominicaine.ca/wp-content/uploads/2021/04/SE-70-3-corr.pdf> [16 September 2024].
- Burger, W. 2017. Van Heerden se verset teen die finale woord. *Netwerk24*, 10 Julie. <https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/van-heerden-se-verset-teen-die-finale-woord-20170710> [2 Januarie 2024].
- Calvyn, J. s.j. *Institutie of onderwysing in de Christelike godsdienst. Deel 1*. Vertaal deur A. Sizoo. 3^{de} druk. Delft: WD Meinema.

- Calvyn, J. s.j. *Instituut van onderwysing in de Christelike godsdiens. Deel 2*. Vertaal deur A. Sizoo. 3^{de} druk. Delft: WD Meinema.
- Chung, S & Clandinin, DJ. 2023. S.v. "Narrative inquiry". *International Encyclopedia of Education*. 4^{de} druk. Amsterdam: Elsevier.
- Clandinin, DJ. 2013. *Engaging in narrative inquiry*. California: Left Coast Press.
- Clandinin, DJ & Rosiek, J. 2007. Mapping a landscape of narrative inquiry: borderland spaces and tensions. In Clandinin (ed.). *Handbook of Narrative Inquiry: Mapping a Methodology*. California: Sage, pp. 35–75.
- Die Bybel. 2 Korintiërs 5:11-21. Nuwe Afrikaanse Vertaling. 2020. Roggebaai: Die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap.
- Die Bybel. Romeine 3:23-26. Nuwe Afrikaanse Vertaling. 2020. Roggebaai: Die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap.
- Die Bybel. Romeine 9. Nuwe Afrikaanse Vertaling. 2020. Roggebaai: Die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap.
- Erasmus, M. 2006. Etienne van Heerden (1954–). In Van Coller (red.). *Perspektief en Profiel: 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis Deel 2*. Pretoria: J.L. van Schaik, pp. 679-699.
- Gleeson, GP. 1992. Deconstructing the concept of God. *Pacifica*, 5(1):59-66. <https://doi.org/10.1177/1030570X9200500106> [16 September 2024].
- Hanson, JM. 2012. A neo-ontological solution to the problem of evil. *Theology Today*, 68(4):478-489. <https://doi.org/10.1177/0040573611424644> [16 September 2024].
- Hart, K. 1989. *The Trespass of the Sign: Deconstruction, Theology and Philosophy*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Hart, K. 2017. How the sacred appears: poetry and the dark one. *Literature and Theology*, 31(2):130-148. <https://doi.org/10.1093/litthe/frx010> [16 September 2024].
- Hart, K. 2024. Theology and literature. In Muers, Cocksworth & Ford (eds). *Ford's The Modern Theologians: An introduction to Christian Theology Since 1918*. 4th impression. Hoboken, New Jersey: Wiley Blackwell, pp. 464-475.
- Heyns, JA. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Heyns, JA. 1988. *Inleiding tot die Dogmatiek*. Halfway House: NG Kerkboekhandel.
- Insole, CJ. 2023. A Kantian response to the problem of evil: living in the moral world. *Religions*, 14(2):1-15. <https://doi.org/10.3390/rel14020227> [2 Januarie 2024].
- Irrera, E. 2012. Can a good citizen be a good ruler? An answer from Aristotle's *Politics*. *Acta Philosophica*, 21(1):127-148. <https://www.actaphilosophica.it/article/view/3890> [2 Januarie 2024].
- Lambrechts, M. 2017. Kunstenaar van die lem: Etienne van Heerden se *Die wêreld van Charlie Oeng*. *LitNet*, 31 Julie. <https://www.litnet.co.za/kunstenaar-van-die-lem-etienne-vanheerden-se-die-wereld-van-charlie-oeng/> [9 September 2020].
- Lambrechts, M. 2019. Migranteliteratuurtemas in *Die wêreld van Charlie Oeng* deur Etienne van Heerden. *LitNet Akademies*, 16(1). https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/06/LitNet_Akademies_16-1_Lambrechts_103-144.pdf [2 Januarie 2024].
- Leroux, E. 1962. *Sewe dae by die Silbersteins*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Maes, M. 2020. Paul Ricoeur: Symbols of good and evil in history, the Bible and in our time. *European Journal for Philosophy of Religion*, 12(4):161-174. <https://doi.org/10.24204/ejpr.v12i4.3522> [2 Januarie 2024].
- Malan, CW. 1977. Die numeuse in die moderne prosa, met besondere aandag aan die oeuvre van Etienne Leroux. Ongepubliseerde DLitt-proefskrif: UOVS.
- Malan, CW. 1978. *Misterie van die Alchemis: 'n Inleiding tot Etienne Leroux se Negedelige Romansiklus*. Pretoria: Academica.
- Miller, C. 2021. Why God is probably good: A response to the evil-god challenge. *Religious Studies*, 57(3):448-465. <https://doi.org/10.1017/S0034412519000465> [2 Januarie 2024].
- Mooney, J. 2019. Divine intentions and the problem of evil. *Religious Studies*, 55(2):215-234. <https://doi.org/10.1017/S0034412518000550> [2 Januarie 2024].
- Noble, I & Fischer, O. 2020. How discernment between good and evil shapes the dynamics of the human journey. *European Journal for Philosophy of Religion*, 12(4):1-7. <https://doi.org/10.24204/ejpr.v12i4.3516> [2 Januarie 2024].

- Rakocy, W. 2010. "Election" as a salvific category according to Romans 9: study of a biblical concept. *Roczniki Biblijne*, 2:27-46. <http://www.waldemarrakocy.pl/pdf/election%20pdf.pdf> [2 Januarie 2024].
- Reichenbach, BR. 2022. God, evil, and meticulous providence. *Religions*, 13(10):1-13. <https://doi.org/10.3390/rel13100899> [2 Januarie 2024].
- Rhoda, AR. 2022. Divine providence and the problem of evil. *Encounter*, 82(2):1-37. <https://search-ebscohost-com.ufs.idm.oclc.org/login.aspx?direct=true&db=lsdar&AN=ATLAIACO231103000185&site=ehost-live&scope=site> [2 Januarie 2024].
- Sanders, T. 1998. Remarking the silence: prayer after the death of God. *Horizons*, 25(2): 203–216. <https://search-ebscohost-com.ufs.idm.oclc.org/login.aspx?direct=true&db=lsdar&AN=ATLA0001260103&site=ehost-live&scope=site> [16 September 2024].
- Schneider, C. 2020. Discernment of good and evil in Dostoevsky's novels: the madman and the saint. *European Journal for Philosophy of Religion*, 12(4):117-137. <https://doi.org/10.24204/ejpr.v12i4.3519>.
- Tomberlin, JE. 1977. Good, evil, and the free will defence. *Religious Studies*, 13(4):455-475. <https://search-ebscohost-com.ufs.idm.oclc.org/login.aspx?direct=true&db=lsdar&AN=ATLA0000763277&site=ehost-live&scope=site> [2 Januarie 2024].
- Van Coller, HP. 1980. Etienne Leroux as Siklusbouer. [D Litt et Phil]. Johannesburg: RAU.
- Van Coller, HP. 2017. *Die wêreld van Charlie Oeng: 'n Resensie*. *Litnet*, 18 Julie. <https://www.litnet.co.za/die-wereld-van-charlie-oeng-n-resensie/> [2 Januarie 2024].
- Van Coller, HP. 2024. Leroux herbekyk. In Van Coller (red.). *'n Huldiging: Etienne Leroux, die Rumoerige Swart Nar*. Pretoria: SAAWK/Naledi, pp. 21-54.
- Van de Beek, A. 2018. *Altijd dat kruis*. Utrecht: Kok Boekencentrum.
- Van der Elst, J. 1992. Magiese realisme. In Cloete (red.). *Literêre Terme en Teorieë*. Pretoria: Haum-literêr, p. 282.
- Van Heerden, E. 1986. *Toorberg*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Heerden, E. 2000. *Die swye van Mario Salviati*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Heerden, E. 2008. *30 nagte in Amsterdam*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Heerden, E. 2017. *Die wêreld van Charlie Oeng*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Heerden, E. 2023. *Gebeente*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Jaarsveld, A. 2023. Intermedialiteit: *Sewe dae by die Silbersteins*, deur Etienne Leroux – enkele mediasies. In Van Coller (red.). *'n Huldiging: Etienne Leroux, die Rumoerige Swart Nar*. Pretoria: SAAWK/Naledi, pp. 213-274.
- Van Luxemburg, J, Bal, M & Weststeijn, WG. 2002. *Over literatuur*. Bussum: Coutinho.

Poiëse en poiëtiese denke in Die swye van Mario Salviati: 'n Gereedmaak vir simpoiëse

Poiesis and poetic thinking in The long silence of Mario Salviati: Making ready for sympoiesis

HENDRIK AURET

Departement Argitektuur
Universiteit van die Vrystaat
Suid-Afrika
E-pos: auretha@ufs.ac.za



Hendrik Auret

HENDRIK AURET is 'n senior lektor by die Departement Argitektuur aan die Universiteit van die Vrystaat, en is geregistreer as 'n professionele argitek. Sy navorsing fokus op die argitektoniese oomblikke waarin die sorg(e)vuldige verhoudings tussen inwoners en hul plek-spesifieke bestaan rugbaar word as gebeurtenisse van sorg(e), waardeur hy die saak stel vir aandagtige en gepaste vorme van ontwerp en bouwerk om hierdie deurliefde geheel op seldsame wyse weer te gee. Sy magister-ontwerpprojek het die 2006 Nasionale Corobrik Argitektoniese Student van die Jaar Toekening gewen. In 2015 verwerf hy sy PhD in argitektuur aan die Universiteit van die Vrystaat. Sy eerste boek, *Christian Norberg-Schulz's interpretation of Heidegger's philosophy: Care, place and architecture*, word in 2019 uitgegee deur Routledge. In 2020 verwerf hy 'n Kategorie Y2-navorsingsgradering van die Nasionale Navorsingstigting. Sedert Februarie 2020 dien hy as voorsitter van die Permitkomitee van die Vrystaatse Provinsiale Erfenishulpbronnowerheid.

HENDRIK AURET is a senior lecturer in the Department of Architecture at the University of the Free State and is registered as a professional architect. His research interests revolve around architectural moments that reveal the concerned relationships between dwellers and their emplaced existence as instances of care, thereby making the case for attentive, appropriate ways of designing and building able to dignify this lived totality. His master's design dissertation won the 2006 National Corobrik Architectural Student of the Year Award. In 2015 he obtained his PhD (with specialisation in architecture) from the University of the Free State. His first book, *Christian Norberg-Schulz's interpretation of Heidegger's philosophy: Care, place and architecture*, was published by Routledge in 2019. In 2020 he was awarded a Y2 rating from the National Research Foundation. Since February 2020 he has served as chairperson of the Permit Committee of the Free State Provincial Heritage Resources Authority.

Datums:

Ontvang: 2024-05-28

Goedgekeur: 2024-10-11

Gepubliseer: Desember 2024

ABSTRACT**Poiesis and poietic thinking in *The long silence of Mario Salviati: Making ready for sympoiesis***

People have always been makers, creatures of poiesis. However, in a time where many are growing sceptical about the desirability of Homo Faber's gifts due to the ecological destruction they so often cause, this article investigates the emergent possibilities offered by co-creation or sympoiesis. In order to understand the implications of this shift from poiesis to sympoiesis, the article offers a hermeneutic attempt to come to grips with the essence and nature of the human making-event (poiesis), and the kind of thinking that lets this creative process unfold in a particularly revealing way. The article relies on the influential writings of the German philosopher Martin Heidegger (1889–1976) to plumb the depths of mortal making. For Heidegger, all making stands under the sway of the ancient Greek notion of poiesis. Despite sounding like the word used for poetry, poets merely practice one form of poiesis. This article attempts a more encompassing approach to mortal making by appreciating the ontological associations of poiesis as it relates to Heidegger's understanding of people as beings of care (Sorge). In order to elaborate on the richness and depth of mortal poiesis, and to show how a heroic understanding of poiesis may undermine the potential for sympoiesis, the article will study various making-narratives posited in the novel by Etienne van Heerden, *The long silence of Mario Salviati*, originally published as *Die swye van Mario Salviati* (2000). Drawing on the circular (hermeneutic) tendencies Heidegger identifies in mortal existence, and the role played by angels in the novel (and in the *Duino Elegies* of Rainer Maria Rilke), the article presents four spiralling flights dipping into aspects of poiesis as developed in Van Heerden's novel.

The article is structured in three sections. The first section sketches an overarching interpretation of Heidegger's understanding of mortal poiesis and his formulation of inceptual thinking (das anfängliche Denken) as alternative for the shortcomings of representational thinking (das vorstellende Denken). In the second section, the Heideggerian interpretation of mortal making is elaborated by interpreting various making-events in Van Heerden's novel. It is shown that the characters in *The long silence of Mario Salviati* carry an unnecessarily heavy burden when they attempt creative endeavours, because they misunderstand (and are not able to endure) the silent openness imbuing mortal poiesis. In an attempt at challenging their understanding of making, it is argued that Heideggerian Gelassenheit implies an additional move from poiesis to sympoiesis (making-with). The third section serves as conclusion and speculates briefly on the implications of this sympoietic augmentation of poiesis. As such, the article considers the way poietic thinking and poiesis are interwoven in the moment of creation, augments this interpretation by studying several making-narratives in Van Heerden's novel, and uses the resulting understanding to reappraise the way people think about making in terms of sympoiesis. Consequently, the article can be seen as a retrospective reflection on human making amid the harbingers of sympoiesis. The article is both an attempt at making-sense (of poiesis) and making-ready (for sympoiesis).

Ultimately, drawing on the latent implications of Heidegger's notion of Gelassenheit, it is proposed that people need to abdicate their claim of being the sole authors of poiesis. To shift from poiesis to sympoiesis is to acknowledge that making is an open yet entwined endeavour: iterative, contingent, impure, awaiting yet guilty, dense, ecstatic-leaping, and fundamentally, care-full. In the same way that Heidegger challenged Cartesian dualism by proposing that people are intimately entangled in the world, making is also shaped by entanglements steeped in mortal care. Sympoiesis, by granting creative agency to these

entanglements, is even more open and entangled than poiesis. Therefore, it could be argued that sympoiesis is more in tune with the way people live as beings of care than poiesis, since it engages more kinds of mattering. The article concludes that sympoiesis is the more venturesome form of making that Being seems to be calling us towards.

KEYWORDS: *poiesis, Martin Heidegger, The long silence of Mario Salviati, sympoiesis, making, act of creation, making-with, co-creation, Gelassenheit, thinking, inceptual thinking, representational thinking, Sorge, care*

TREFWOORDE: *poiëse, Martin Heidegger, Die swye van Mario Salviati, simpoiëse, maak, skeppingsoomblik, saamskep, ko-kreatief, Gelassenheit, denke, aanvangsdenke, voorstellingsdenke, Sorge, sorg*

OPSOMMING

Die mens was nog altyd 'n maker, 'n skepsel van *poiëse*. Maar in 'n tyd waar ekologiese verwoesting sommige skepties laat oor die verdienstelikheid van *Homo Faber* se vermoëns, ondersoek hierdie artikel die ontluikende moontlikheid van saamskepping of *simpoiëse*. Om die implikasies van die verskuiwing van *poiëse* na *simpoiëse* te verstaan, bied hierdie artikel 'n hermeneutiese poging om die wese en aard van die menslike maak-gebeurtenis (*poiëse*) onder woorde te bring, asook die tipe denke wat die kreatiewe proses op 'n besonder ontblotende manier laat ontvou. Die diepte van sterflike *poiëse* word benader deur die Duitse filosoof Martin Heidegger (1889–1976) te raadpleeg, en deur verskeie maak-narratiewe in Etienne van Heerden se roman *Die swye van Mario Salviati* (2000) te ondersoek. Die eerste afdeling skets 'n oorkoepelende interpretasie van Heidegger se verstaan van sterflike skepping en sy formulering van aanvangsdenke as alternatief vir die tekortkominge van voorstellingsdenke. Die vertakkings van *poiëse* word in die tweede afdeling verder verruim deur Van Heerden se roman te ontleed aan die hand van vier hermeneutiese sirkelvlugte. Daar word aangevoer dat die idee van saamskepping (*simpoiëse*) latent is in Heidegger se konsep van *Gelassenheit* en dat dit aannames rakende die eksklusiwiteit van menslike *poiëse* ondermyn. Die derde afdeling dien as slot en spekuleer kortliks oor die wyse waarop Heidegger se verstaan van *poiëse*, as manier om die skeppingsoomblik te benader, sterflikes gereedmaak vir *simpoiëse*.

1. Inleiding

Daar is 'n gelate waagmoed omtrent die maak of skep van enigiets. Vir die Duitse filosoof Martin Heidegger (1889–1976) kan alle maak-aktiwiteite herlei word na die Griekse oerstam *poiëse* (Heidegger, 1953:338-340).¹ Die woord herinner aan die woord *poësie*,² waaraan dit morfologies verwant is, maar het, soos die Engelse term *poetics* (wat verwys na literatuurteorie en -opvattinge), 'n betekenis wat veel breër is as bloot die digkuns:

¹ Die jaartal in teksverwysings na Heidegger se werk verwys na die oorspronklike publikasiedatum in Duits om die ontwikkeling van sy gedagtegoed te illustreer. Die besonderhede van die vertaalde publikasies wat deurentyd gebruik is, verskyn in die bibliografie. Bladsyverwysings is na die vertaalde werk tensy anders aangedui.

² Om te onderskei tussen die begrip “poësie” en die breër strekking van *poiesis* sal die Griekse variant deurgaans gebruik word vir maak-verwante aktiwiteite, byvoorbeeld “poiëtiese” en “simpoiëtiese”.

Poetizing here means not the art of poetry but that in which all forms of art find their essence. It is due to the arts' poetic essence that in the midst of all that is, art is able to break open an open space, in whose openness everything is suddenly other than usual ... Poetizing is the illuminating projection which lets the open happen, so that now, in the midst of beings, the open can bring the beings to shine or to ring out. (Kockelmans, 1984:196)

Poiëse laat dalk die oopheid in alle maak-aktiwiteite weerklink, maar wat is die aard van *poiëse*? Wanneer Rainer Maria Rilke in sy *Duino-elegieë* vra hoe mense engele kan beïndruk, blyk dit dat die mens dit kan bewerkstellig deur op verganklike wyse te máák: om ons eie sterflikheid en die nietigheid van dinge te laat versmelt tot iets wat stilweg beur teen die tyd. Die engel weet meer as die mens, en kan gevoelens “inniger” ervaar, maar die engel leef ewig, en het nie deel aan dié tydgebonde verhouding nie. Daarom lyk dit of sterflike *poiëse* die engel “verwonderder” (Rilke, soos vertaal deur Pieterse 2007:81) laat. Binne hierdie heroïese³ beskouing van sterflike *poiëse* is dit slegs die mens wat toegang het tot *poiëse* aangesien slegs die mens sy sterflikheid besef, en aanhou skep ten aanskoue daarvan.

Poiëse skyn iets wonderbaarliks te wees, en tog is daar al hoe meer stemme wat aandring dat sulke heroïese opvattinge van sterflike *poiëse* onhoudbaar geword het weens die ekologiese verwoesting wat menslike maaksels voortbring. Die Amerikaanse ekofeminis, Donna Haraway (2016:30-35), voer aan dat hierdie verwoestende uitwerking spruit uit ons onvermoë om te aanvaar dat die mens bloot nóg een van die verskeie “critters becoming-with each other” is. Volgens hierdie beskouing is daar verskeie ander wesens, natuurlike prosesse, selfs plekke en situasies, wat ook maak en saakmaak in die wêreld. Die mens is so vindingryk verweef in die wêreld dat alle maakwerk eintlik benader moet word as 'n vorm van saamskepping of *simpoiëse* (Haraway, 2016:58-60) – waarmee sy bedoel *poiëse* saam met niemenslike agente. Dit is 'n beweging vanaf die mens as heroïese planmaker wat realiteit aan sy of haar vereistes en vooroordele onderwerp, tot 'n meer betrokke verstaan van die mens as luisterende deelnemer in omvangryke maak-prosesse.

In die geskiedenis van argitektuur, as een voorbeeld van *poiëse*, sou mens kon terugdink aan die vroeë 20ste eeu waar heroïese modernisme en die internasionale styl ontwikkel het. Hierdie globaliserende, abstrakte vorm van argitektuur het uiteindelik ons wêreld verower en tog, al reeds in 1944, het die Switserse argitektuurhistorikus, Sigfried Giedion (1958:32) opgemerk dat iets ontbreek in daardie plekke waar moderne argitekthe geva is om menslike omgewings te skep. Een van Giedion se studente, die Noorweegse argitektuurteoretikus, Christian Norberg-Schulz (1980:22-23) het later aangevoer dat die tekortkominge van heroïese modernisme oorkom kan word deur plek-geïnspireerde argitektuur te ontwerp. Die argitek moet die *stem* van die plek, die “*genius loci*”, raadpleeg om argitektuur te maak wat ooreenstem met die plek. In teenstelling met die abstrakte, isolerende en individualistiese aard van heroïese *poiëse*, bring sulke geboue die plek naby aan die mens (1980:9;23;76). En tog moet daar erken word dat baie plek-geboude argitektuur gevorm word deur terug te val op die tradisies van

³ Wanneer daar in hierdie artikel na 'n heroïese benadering verwys word, sinspeel dit op die Engelse argitekthe Alison en Peter Smithson se klassifisering van die werke (voltooi tussen 1910 en 1937) van die pioniers van moderne argitektuur, as heroïese modernisme (Smithson & Smithson, 1965). Hierdie periode word as baanbrekend gesien, maar was ook individualisties, idealisties, egoïsties, en isolerend. Die tipe maakwerk wat gedryf word deur die wilsbesluit van die kreatiewe individu ten spyte van die plek, sy geskiedenis, en die sorg van die mense wat daar bly. Hierdie tipe benadering staan lynreg teenoor die tipe *poiesis* wat oop is vir *sympoiesis*.

menslike *poiëse* wat reeds in die plek gevestig is, en dat dié tradisies gewoonlik deurspek is van heroïese voorveronderstellings. Voorts, selfs al probeer argitekte om plek-sensitief te ontwerp, is hul metodes twyfelagtig. Die meeste argitekte (en argitektuurstudente) probeer steeds om plekke te benader deur middel van 'n terrein-*analyse*, 'n proses wat gewoonlik nabyheid ondermyn deur die plek as passiewe objek, en die mens as rasionele, analiserende subjek voor te hou.⁴

Besiel deur Haraway, en as iemand wat self 'n argitek is, wonder ek hoe om geboue te maak op 'n manier wat oop is vir *simpoiëse*. Kan geboue saam met plekke ontwerp (*simpoiëse*) word, eerder as om bloot geboue te ontwerp wat pas by plekke weens suksesvolle analise? Om voor te berei vir *simpoiëse* is dit belangrik om die manier waarop sterflikes skep, *poiëse*, dieper te verstaan. Was Rilke se engel werklik beïndruk deur die mens as alleen-outeur van *poiëse*? Daar is dalk ander maniere om die engel se reaksie op menslike *poiëse* te interpreteer?

Om die vraag te oordink, besin hierdie artikel oor die vervlegtheid van poiëtiese denke en die manier waarop *poiëse* uiting vind in Heidegger se verstaan van die skeppingsoomblik. Hierdie filosofiese formulering sal dan aangewend word om maak-gebeurtenisse in Etienne van Heerden se roman *Die swye van Mario Salviati* (2000) te ontleed. Dus kan die artikel gesien word as 'n terugskouende besinning oor sterflike *poiëse* te midde van die voortekens van *simpoiëse*. Die artikel is sowel 'n vorm van *sinmaak* as van *gereedmaak*. Net soos met Heidegger se begrip van *poiëse* (en sy beskouing van sterflike bestaan in die geheel), word *simpoiëtiese* skepping gekenmerk deur 'n sirkelgang waarin dit wat aanleiding gee tot die kreatiewe oomblik, en dit wat die oorsprong van hierdie oomblik in stand hou, bevraagteken word deur skepsels wat deurentyd alreeds onder die stille invloed van hierdie sirkelgang staan. Sentraal tot hierdie bespreking is konsepte soos Heidegger se “oord van die oomblik” (*Augenblicksstätte*) waar skeppingsmoontlikhede ontsluit word in 'n “gebeurtenis van eiening” (*Ereignis*) vanuit 'n geheimsinnige stil oopte (*Lichtung*).

In Van Heerden se roman is hierdie interaktiewe spel ook teenwoordig by die engel-karakter wat, alhoewel meer aards as die engele van Rilke se gedagte-wêreld, steeds byna onaangetas wentel bo die diepste geheime van die fiksionele ruimte, Tallejare. Op metodologiese vlak poog hierdie artikel om te funksioneer as 'n eenvlerk-engel⁵ wat via verskeie sirkelvlugte inswenk om maak-gebeurtenisse in Van Heerden se roman te ondersoek. As sodanig is die artikel dus ook 'n poging tot ontsluiting van bepaalde skeppingsmomente in die roman, eerder as 'n studie van inhoud, en is daar 'n sirkelagtigheid omtrent die aspekte wat belig word. So word daar gepoog om die sirkelgang van sterflike skepping te laat resoneer met die fundamentele, hermeneutiese sirkelagtigheid (Heidegger, 1927:315)⁶ van die mens se bestaan.⁷ Om die strekking van *poiëse* vir “wesens van sorg(e)” (soos Heidegger die mens in *Being and time* beskryf) te omskryf, poog die artikel om die toutologiese aard van die insigte te ontgin.

⁴ Die tekortkominge van hierdie tipe metode kan afgelei word deur te verwys na afdeling 2.3 se bespreking van berekenende denke.

⁵ In *Die swye van Mario Salviati* sien Jonty Jack ook vir Ingi Friedlander, die kunsversamelaar, as 'n engel “met een goue vlerk” (Van Heerden, 2000:37).

⁶ Bronverwysings na *Being and time* is gebaseer op die bladsynommers wat gebruik is in die oorspronklike Duitse uitgawe getiteld *Sein und Zeit* (1927), wat ingesluit is in latere vertalings. In alle ander gevalle verwys ek na die bladsynommer in die vertaalde bronne.

⁷ Die aard en uitdagings van Heidegger se formulering van hierdie sirkelgang word in afdeling 2 bespreek op verskeie vlakke. Dit is interessant om daarop te let dat die Franse filosoof Gaston Bachelard se invloedryke boek *The Poetics of Space* 'n hoogtepunt bereik in die laaste hoofstuk getiteld “The phenomenology of roundness” (1958:232-241).

Uiteindelik word daar aangevoer dat die karakters in *Swye* telkens struikel in hul kreatiewe pogings omdat hulle vasklou aan 'n heroïese verstaan van *poiëse*.

Volgens Heidegger (1938:63) is daar 'n soort denke wat die stilte wat heers voor die skeppingsoomblik op 'n besonder kreatiewe manier kan verduur. Hy noem hierdie tipe denke “*das anfängliche Denken*” (Kockelmans, 1984:199). Aanvangsdenke kan gesien word as 'n vorm van oopbeurende besinning wat gerig is op die aanvang van die maak-gebeurtenis (en enige ander gebeurtenis), en op so 'n manier dat dit nie bloot die oorsprong in tyd laat verstaan nie, maar ook dat dit besin oor dit wat die oorsprong in stand hou. Terselfdertyd is hierdie denke ontvanklik, in die sin dat dit 'n afwagende terughoudendheid (*Verhaltenheit*) vertoon om dinge te laat-wees (*Gelassenheit*). Teenoor die heroïese verstaan van die maak-proses wat in *Die swye van Mario Salviati* nagejaag word, bied Heidegger se denke 'n alternatiewe verstaan van die wyse waarop Rilke se engel reageer op sterflike *poiëse*. Daar sal aangevoer word dat Heidegger se verstaan van *poiëse* geleenthede oopbeur vir *simpoiëse*, en so die mens vrystel om op 'n meer gelate en meer waagmoedige wyse te skep.

2. Heidegger se *poiëse* en *poiëtiese* denke

Hierdie afdeling bied 'n oorkoepelende rekonstruksie van Heidegger se denke oor sterflike *poiëse*. In afdeling 2.1 word Heidegger se verstaan van die mens se tyd- en plekgebonde bestaan as kreatiewe wese van sorg(e) bespreek. In afdeling 2.2 word besin oor die verband tussen waarheid en *poiëtiese* waagmoed, terwyl afdeling 2.3 die tipe denke beskryf wat volgens Heidegger besonder skeppende uitkomst bied vir makers.

Deurlopend sal dit vir die leser duidelik wees dat Heidegger ook *poiëties* met taal omgaan. Hy maak moontlikhede oop binne woorde. Volgens Heidegger (1950b:206-207) moet taal spreek, en kan mense bloot praat tot die mate waarin hulle taal luisterend toelaat om die woord te voer. Dit lei natuurlik tot vreemde verbuigings, maar ook die oopbeur van onverwagte (latente) insigte.⁸

2.1 Daar(bewus)syn en daarstelling: *Dasein* se sorg(e)-deurweekte toegang tot *poiëse*

Mense is bewus van hul sterflike daarwees en is besorg daarvoor om op 'n betekenisvolle manier teenwoordig te wees. Daarom noem Heidegger die mens in Duits *Dasein*, wat meestal vertaal word as “daarwees”, maar wat dalk beter verstaan kan word as “daar(bewus)syn”.⁹ Daar(bewus)-

⁸ Hierdie tipe benadering moet natuurlik waak teen die moontlikheid van “valse vriende”, waar oënskynlike verbintenisse meer versluier as wat hulle ontbloot. Om hierdie risiko die hoof te bied sal Heidegger se Duitse kernbegrippe deurgaans voorsien word. Aangesien ek tot redelik onlangs net op Engelse vertalings van Heidegger se Duits gesteun het, het ek gedink dit sou moeilik wees om in Afrikaans oor Heidegger se idees te skryf. Tog kan ek saam met Holm en Schoeman (1989:165) beaam dat Heidegger in Afrikaans baie van sy Duitse impak en “weerklang” herwin. Ek vermoed die rede is dat baie van Heidegger se Duitse woordspelings, verbuigings en nuut-skeppings nageboots kan word in Afrikaans (wat meestal nie die geval is in Engels nie). Daar is natuurlik ook teenkating vanuit filosofiese geleedere oor die manier waarop Heidegger, in terme van sy denke oor taal, toelaat dat syn “die transformerende kapasiteit van sosiale akteurs oorheers” (Duvenage, 2022:700). Ek dink egter die tendens is minder dreigend as die “gevaar van vergetelheid [in] ‘normale’ taalgebruik” (Holm & Schoeman, 1989:167).

⁹ In hierdie artikel sal “daar(bewus)syn” gebruik word om die vreemdheid, eiesoortigheid en seldsaamheid van die mens se kreatiewe bestaan te beklemtoon.

syn maak vir die mens saak, want die mens weet wat beteken dit om *nie* daar te wees nie. Die mens is dus reeds deurentyd onties-ontologies besorg oor sy/haar sterflikheid (Heidegger, 1927:12) en, ten diepste, deurentyd reeds 'n wese van sorg(e) (Heidegger, 1927:57).¹⁰

Heidegger gebruik die Duitse begrip *Sorge* om te verwys na meer as bloot die kapasiteit om iets te versorg. Hy dink ook (onder andere) daaraan dat mens kan “sorg dat iets gebeur”, “besorg wees”, of die “kwellinge (sorge) van die lewe die hoof bied”. Sorg(e)¹¹ sluit al hierdie vorme en betekenis in, maar vir Heidegger beskryf sorg(e) bowenal die manier waarop mense deurentyd reeds in verhouding staan met wees of syn (*Sein*).¹² Sorg(e) staan dus nie vir 'n etiese aanname nie. Dit is nie dat mense hulself moet ooreed om te begin sorg nie; eerder dat dit vir die mens, op ontologiese vlak, onafwendbaar is om “sorg(e)vuldig” te bestaan.

Filosofies gesproke is Heidegger besig om die Cartesiese skeiding tussen subjek en objek op sy kop te draai. In die plek van die denkende subjek (die mens) geplaas in 'n wêreld vol waarneembare objekte, is die wese van sorg(e) intiem deel van 'n wêreld. As wese van sorg(e) is die mens uit die staanspoor gewerp binne 'n web van verhoudings en verbintenisse. Die mens se manier van maak, en die potensiaal vir *poiëse* om betekenisvol te wees, spruit uit die manier hoe mense *is*. Dit is waarom Heidegger byvoorbeeld daarop aandring dat ons nie primêr huise bou sodat ons kan woon nie. Inteendeel, “*net as ons in staat is om te woon, kan ons bou*” (Heidegger, 1951a:177).¹³ Dit is vanuit ons sorg(e)same inwonende web van verhoudings, waarbinne die mens met geboorte gewerp is, dat individue as kreatiewe wesens ook ander moontlikhede betekenisvol die toekoms in kan werp. Mense is sorg(e)same gewerpte ontwerpers.

Daar(bewus)syn leef as sorg(e) tussen geboorte en afsterwe, hemel en aarde. Gevolglik word die tussen-in situasie van gewerpte ontwerpers (in ruimte en tyd) waardeerbaar as 'n *omgee*-wing; 'n oord wat deur ons omgee (*Sorge*) omskryf word. Deur te maak, gee ons poëtiese uiting aan ons sorg(e)-deurdrenkte bestaan deur die omvang (die “maat”)¹⁴ van ons tussen-in-wees daar te stel (Hofstadter, 2001:xiv).

¹⁰ Selfs wanneer mense skynbaar sorgeloos optree, of afwesig voorkom, voer Heidegger (1927:191-193) aan dat mense, in ontologiese terme, deurentyd reeds gebore is, betrokke is by die lewens van ander wesens, en afstuur op 'n onvermydelike sterwensooomblik. Vir hom is sorg(e) nie 'n spesiale moontlikheid tussen ander moontlikhede nie, maar 'n totaliteit wat die mens se geskiedlike (sien afdeling 2.3) bestaan beskryf. Sy tyd-verweefde ontologiese definisie van sorg(e) is as volg: “being-ahead-of-oneself-already-in (the world) as being-together-with (innerworldly beings encountered)”.

¹¹ Om die manier waarop Heidegger die assosiasies van “sorg” en “sorge” in sy begrip van *Sorge* saamsmelt, uit te lig, en om te waak teen die vervlakking van “sorg” tot iets wat mens behoort te doen (eerder as dit wat die mens reeds deurentyd is), sal *Sorge* vertaal word as “sorg(e)”. Die vorm sal ook in verbuigings en afleidings gehandhaaf word.

¹² In hierdie artikel sal “syn” gebruik word as vertaling vir die manier waarop Heidegger *Sein* gebruik het. In algemene gebruik sal die woord “wees” steeds gebruik word (en “laat-wees” vir *Gelassenheit*), maar dit val telkens vreemd op die oor om te praat van die mens se verhouding met wees.

¹³ Die Afrikaanse vertaling van Heidegger se *Bauen, Wohnen, Denken* (oorspronklik voltooi in 1951) deur Holm en Schoeman is in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gepubliseer in 1989 saam met kommentaar deur die vertalers. Weereens, om die ontwikkeling van Heidegger se gedagtegoed sistematies te illustreer, word verwysings na die artikel geskei in verwysings na die kommentaar afdeling (onder die name van die vertalers) en die vertaalde artikel deur Heidegger.

¹⁴ Deur te verwys na die “maat” (*Maß*) van 'n situasie probeer Heidegger (1951b:219) sinspeel op die poëtiese begrip van *metrum*, die poëtiese idee dat daar 'n luerende agtergrondritme of kapasiteit vir weerklanking teenwoordig is in plekke.

Poiëse is dus 'n daarstellende gebeurtenis wat op sorg(e)vuldige wyse 'n sekere maat-omskrywende oopheid oopbeur. Heidegger (1964:442-445) het hierdie oopgebeurde oord die *Lichtung* genoem: 'n plek van stilte wat deurentyd die moontlikheid oophou vir kreatiewe oomblikke waar syn en sorg(e) mekaar op seldsame maniere mag vind, verskans en laat weerklink.

Die maaksel skakel op unieke wyse met die werklikheid deur die manier waarop dit die situasie (in ruimte en tyd) laat weerklink (Heidegger, 1950a:178). In argitektoniese terme sou dit byvoorbeeld beteken dat 'n gebou beskik oor die vermoë om die maat van 'n plek en 'n spesifieke manier van leef op sorg(e)vuldige wyse te verdig, en te laat weerklink tot dit weerklank vind in die breër gemeenskap. As 'n werk resoneer, kan dit selfs sterflikes saamsnoer in 'n tyd-verwylende vorm van sogenaamde gemeenskaplike bekoring (Polt, 1999:136). So verwerf 'n dig-bymekaargemaakte werk die roerendheid van ware kreatiewe skok (Heidegger, 1938:38). Daarom is alle maaksels verwant aan die ruimte-verdigende naderbring van bymekaarmaak (*Versammlung*) en skep dit geleenthede vir seldsame tyd-verdigende verwyling (*Verweilen*) (Heidegger, 1950a:171).

Wanneer ons skep of maak, vind *poiëse* plaas as 'n "gebeurtenis van eiening" wat Heidegger beskryf het met die woord *Ereignis*. In *Ereignis* heers daar 'n seldsame manifestering van eienaarskap en toe-eiening (*seltsames Vereignen und Zueignen*) (Heidegger, 1957b:36). In hierdie kreatiewe gebeurtenis oorrumpel syn die mens as ontbergende oorkoming (*entbergende Überkommnis*) te midde van die mens se verbergende aankoming (*bergende Ankunft*) (Heidegger, 1957a:65). In die sirkelgang van toe-eienende aankoming en eienende oorkoming heers 'n gevoel van samehorigheid (*Zusammengehörten*) (Heidegger, 1957b:36); 'n verhouding van berging en ontberging wat verstaan kan word as 'n sirkeldans van toe-eiening (*Reigen des Ereignens*) (Heidegger, 1950a:178). Die totstandkoming van hierdie sirkeldans veronderstel benewens verdigting (om oorkom te word in jou aankoms) ook dat die onafwendbaarheid van verdigsel (om te verberg te midde van ontberging) aanvaar word. Alle vorme van maak is onderhewig aan hierdie twee strominge van verdigkuns. Dit is hier waar die wederkerigheid van Heidegger se verstaan van waarheid as *aletheia* ter sprake kom.

2.2 *Poiëse, waarheid en waagmoed*

Volgens Heidegger (1935:78) word die antieke Griekse woord *aletheia* onnadenkend vertaal as "waarheid". Soos Westerse metafisiese denke ontwikkel het, het dit daartoe gelei dat waarheid uiteindelik as korrektheid (*Richtigkeit*) van uitsprake (*Aussage*) verstaan is (Heidegger, 1935:199). Waarheid word sodoende vervlak tot die berekenbare ooreenstemming tussen die voorstelling (*Vorstellen*) en die idee (as ideaal). Vir Heidegger (1935:203) was dit belangrik om verby die verstaan van waarheid as "korrektheid" te gaan en om die aanvanklike oorspronklikheid (*anfängliche Ursprünglichkeit*) van waarheid as onverborgenheid (*Unverborgenheit*) ('n woord wat reeds "verborgenheid" insluit) te herwin. Sy alternatief was om die waarheid te benader as die laat-wees (*Gelassenheit*) van die samespel tussen versluiering-verdigsel (*lethe*) en ontsluiting-verdigting (*aletheia*) (Heidegger, 1936:49-54; 1964:448). In die oomblik van *poiëse* – as *Ereignis* – word die waarheid self 'n gebeurtenis (Heidegger, 1938:271). Heidegger (1936:69) definieer kuns dan as die inwerkingstelling (*Ins-Werk-Setzen*), gebeurtenis (*Geschehen*), en skeppende bewaring (*schaffende Bewahrung*) van waarheid. Kuns laat die waarheid ontspring midde-in die kunstenaar se kreatiewe stigtingsprong (*stiftender Sprung*) wat weer kuns voortbring (Heidegger, 1936:75).

Hierdie tipe spiraalagtige wederkerigheid van *poiëse* geskied ook binne die kunswerk self. Eerder as 'n oomblik wat korrek voorgestel word, sien Heidegger (1936:43-47) die kunswerk as 'n oomblik van stryd tussen wat hy die wêreld (*Welt*) en die aarde (*Erde*) noem. Dié terme is vaag omskryf, maar kan gesien word as 'n poging om die verklarings van kultuur (die wêreld) in kreatiewe wisselwerking met die meer misterieuse versluierings van die natuur (die aarde) te plaas (Polt, 1999:137-140). In die kunswerk word die menslike betekenisstelsels van die wêreld dus teenoor iets gestel wat nie onder menslike beheer, manipulasies en interpretasies staan nie, naamlik 'n misterieuse aarde wat ons pogings tot sinmaak self-sluitend (*sich verschließende*) teenstaan (Heidegger, 1936:46). Die skynsekerheid van sogenaamde grondige vastighede word so ondermyn tot 'n afgrond (*Abgrund*) (Heidegger, 1946:90).

Tog moet die wankelrigheid van hierdie afgrond reg verstaan word. Hier verteenwoordig die misterie nie dit wat onverklaarbaar is nie, maar kan misterie verstaan word (soos in die mistieke tradisie) as dit wat eindeloos kenbaar is, selfs te midde van versluiering (Rohr, 2011). Uit die maaksel self herrys die oord van die oomblik as 'n bymekaarmaakplek van verdigting en verdigsel waar die oopbeurendheid van daar(bewus)syn in 'n sirkelgang verkeer met die onnaspeurlikhede van die aarde. Die enigste manier om hierdie afgrond kreatief te verduur, is deur die digterlike waagmoed van laat-wees (*letting-be* of *Gelassenheit*).

Heidegger (1946) het digterlike waagmoed as inspirasie vir alle makers gesien. Die aard van die digter se waagmoed wat hier ter sprake is, is egter anders as wat mens sou verwag. Te maklik word hierdie waagmoedige vorm van uitdrukking gesien as die produk van menslike wil (*Wollen*) (Heidegger, 1946:116). Volgens Heidegger (1946:118) is hierdie tipe waagmoed meer waaghalsig as 'n heroïese wilsbesluit – dit is gesetel in 'n ontvanklike waagmoedige verwyling digby die bron van skepping. Om iets te maak, is 'n gebeurtenis, maar die maaksel self is as oopbeuring ook 'n gebeurtenis. Die bron van die gebeurtenis is egter nie daar(bewus)syn nie, maar *Ereignis* (Heidegger, 1962:19). In lyn met die verweefdheid van sorg(e), is sterflike maak afhanklik van 'n eienende verhouding tussen syn en daar(bewus)syn. Die oopheid moet dus oopgebeur word, maar te midde van hierdie oopheid heers daar stille afwagting. Daarstelling behels nie die oplossing of uitbeelding van hierdie misterieuse midde-in-wees nie, maar om die strydigheid (tussen aarde en wêreld) talmend te bewaar (Heidegger, 1938:29) en met gelatenheid te aanvaar. Dit is om saam met die gang van 'n idee (of situasie) te skep of maak, dit makend te volg waarheen dit lei, eerder as om die idee via *poiëse* te probeer illustreer.

Die kreatiewe potensiaal van Heidegger se *Gelassenheit* hang af van beide die onverskrokke on(af)geslotenheid (*Entschlossenheit*)¹⁵ om oop te beur en die afwagtende terughoudendheid (*Verhaltenheit*) om te laat-wees. Daarom beskryf Heidegger (1938:16) daar(bewus)syn as die bewaker (*Wächter*) van syn. Ons maak ons sorg(e) beide as bewaker/bewaarder en in die sin dat ons moet wag. Dit is die vermoë om te laat-wees, wat maak dat die digtheid van die ding uiteindelik gering word (Heidegger, 1950a:180) – onmiskenbaar daar, tog dawerend vlietend. Die ding weerklink met 'n unieke geringheid wat getuig van die seldsame maat wat sterflike *poiëse* op waagmoedige wyse laat-wees.

¹⁵ Heidegger se begrip *Entschlossenheit* kan letterlik vertaal word as “ongesluitheid”, maar in *Being and time* gebruik hy ook die woord om te reageer op die *Unabgeschlossenheit* (1927:236) van *Dasein* se onvoltooidede lewe. Dus word *Entschlossenheit* gewoonlik vertaal as “resoluteness” (1927:297-301) om die afwagtende, vasberade en fundamenteel oop wyse waarop *Dasein* lewe (te midde van die aanvaarding van sterflikheid) uit te beeld. Om hierdie assosiasies vas te vang word die vertaling “onverskrokke on(af)geslotenheid” hier gebruik.

2.3 *Poiëtiese denke en die aanvang: om gereed te wees vir die stilte van die sprong*

Heidegger (1935:123) was daarvan oortuig dat die Westerse metafisiese denke vervlak het tot iets wat in kontras staan met wat dit beteken om te wees. Binne die metafisiese denkraamwerk word denke tot objek gemaak en die denkende tot subjek (Heidegger, 1935:144). As vervulling van die Cartesiese skeiding tussen objek en subjek, word syn bloot 'n idee, en denke oor die idee word geformuleer as uitsprake (*Aussage*) (Heidegger, 1935:197). Die waarheid van sulke uitsprake kan bereken word deur die korrektheid van voorstellings te evalueer en te kategoriseer (Heidegger, 1935:200). Hierdie vorm van voorstellingsdenke (*vorstellendes Denken*) (Heidegger, 1950a:179) is 'n uitvloeisel van die berekenende denke (*rechnendes Denken*) wat ons tyd oorheers (Heidegger, 1959:420). In terme van *poiëse* sou sulke denke die maaksel (as namaaksel) kan evalueer deur die korrektheid (of vlak van ooreenstemming) waarmee dit as voorstelling uitdrukking gee aan die idee (of ideaal) te bereken en dan te beoordeel. Hierdie tipe voorstellingsdenke kan ons egter niks vertel van hoe om die kreatiewe sprong te neem nie. Voorstellingsdenke maak uitsprake oor hoe dinge behoort (*Sollen*) (1935:211) te wees, eerder as om die sirkelgang te laat ontspring.

Heidegger was op soek na 'n *betrokke* (1952:127) manier van dink wat oopheid (teenoor syn) aanmoedig eerder as om die korrektheid (van voorstellings van syn) te beoordeel (Heidegger, 1938:261). Heidegger se denke poog om te antwoord op 'n meer oorspronklike roepstem (Hofstadter, 2001:xvii) wat uit syn self ontspring. Tog, op dieselfde wyse wat syn en daar(bewus)syn in 'n sirkelende verhouding van eienaarskap teenoor toe-eiening staan (Heidegger, 1957b:36), is hierdie roepstem ook gewortel in die seldsame (konteks-spesifieke) manier waarop daar(bewus)syn gereed is om die roepstem te hoor. Die roepstem ontspring uit daar(bewus)syn, maar oorval die wese op 'n seldsame manier: "The call comes *from* me, and yet *over* me" (Heidegger, 1927:275).

Wat is die aard van so 'n tipe "geroepe denke"? Eerder as om iets te probeer begryp, is hierdie denke luisterend en ontvanklik (Gray, 2004:xiv); 'n seldsame gang wat gekenmerk word deur aandening (beide die idee om te onthou en om te herdenk), toewyding en dankbaarheid (Heidegger, 1952:163). Ook denke moet herken word as 'n gebeurtenis, as 'n wederkerigheid, of selfs 'n swye. Hierdie tipe denke is 'n *gang* wat *aan die gang* is: "a course of thought, taking this word 'course' in its two senses at once: a proceeding and the path on which the proceeding takes place, thus a path that itself proceeds" (Heidegger, 1938:66). Ook kreatiewe denke ontspring as 'n sirkel wat deurentyd reeds met moontlikhede resoneer.

Hoe kry die maker toegang tot die sirkelgange van denke, eiening en *poiëse*? Eerder as om hierdie sirkelgang te probeer oorkom, of om dit rasioneel te begryp, moet die maker hierdie sirkelgang aanvaar as onoplosbaar, as 'n uitvloeisel van die sorg(e)-deurdrenkte sirkelagtige wese van daar(bewus)syn self. Hierdie diepliggende sirkeldans kan nie ontken, weggewens of vermy word nie. Heidegger (1927:315-316) was van mening dat die ware uitdaging, die strekking van ons kreatiewe waagmoed, berus op die wyse waarop ons in die sirkelgang inspring deur 'n stigtingsprong – die oorsprong as 'n oersprong (Heidegger, 1936:75). Wagterend op die uitkoms van hierdie sprong word die maker gekonfronteer met die swye van die aanvang. Om te besin oor hierdie aanvang, is om deel te neem aan aanvangsdenke.

Aanvangsdenke is inherent kreatief en oorspronklik. Dit benader immers die aanvang (dit wat die oorsprong in stand hou) op so 'n manier dat hierdie oord sy eie kreatiewe wegspringplek word. Deur te let op wat die oorsprong oophou, "kleur" aanvangsdenke die sprong deur die manier waarop dit die oorsprong laat wees. Om in die oord van hierdie oorsprong te wag, hou in om jouself luisterend op te stel vir die moontlikheid van kreatiewe skok: "The leap, that

most daring venture in the course of inceptual thinking, jettisons and leaves behind everything conventional” (Heidegger, 1938:179). Vir Heidegger is die aanvang die mees vreemde en vrugbare plek om as wagger te wag: “The inception is what is most uncanny and mightiest” (Heidegger, 1935:165). Eerder as om uitsprake te maak oor gebeurtenisse, vang aanvangsdenke iets vas van die betrokkenheid van wees. In plek van die sekerhede van stelsels, berekening en gevolgtrekking, ver wag hierdie tipe denke ’n vorm van geskiedlike bereidwilligheid (*geschichtliche Bereitschaft*) (Heidegger, 1938:191).¹⁶

Aanvangsdenke is ’n manier van dink wat die aanvang van *poiëse* oophou deurdat dit die bereidwilligheid van die eienende sprong laat eggo. In die 1943-nawoord van *Was ist Metaphysik?* skryf Heidegger (1943:310): “Aanvangsdenke is die eggo van die guns van wees, waarin die unieke [*das Einzige*] toegelaat word om aan die lig [*lichtet*] te kom en geëien [*ereignen*] te word” (eie vertaling). Deur op hierdie manier te dink, ruk ons weg van die generiese, van veralgemening, en van die behoefte om in beheer te wees. Voor enige uitspraak of voorstelling besinning kan vertroebel, ver wag aanvangsdenke die kreatiewe waagmoed van maak. En tog blyk dit dat aanvangsdenke ook afhanklik is; deurentyd reeds ’n weerklinkende eggo van dit wat denke in die eerste plek geroep het. Die sorg(e)vuldige kreatiwiteit wat uit hierdie eggoënde bereidwilligheid ontspring, beur ’n maat-omskrywende oord van die oomblik oop waarbinne daar(bewus)syn op ’n gelate, tog onverskrokke manier oor die grondende afgrond reik, en as daarstelling verwykend bymekaarmaak wat daar ontvang word.

3. *Poiëse in Die swye van Mario Salviati (2000)*

Die dorp Tallejare in die roman *Die swye van Mario Salviati* is ’n tyd-verdigte plek waar spoke, mites, stories, vetes en ’n engel die teenwoordiges vasgevang laat lewe midde-in die verdigsels van ou sondes en toekomstige vergrype. Gesien in die lig van die interpretasie van Heidegger se geskiedlike verstaan van *poiëse*, poog hierdie afdeling om verskeie kreatiewe gange in Van Heerden se roman as maak-gebeurtenisse te bespreek via ’n reeks spiraalagtige eenvlerk-engelvlugte. Al kan die boek gesien word as “huldiging aan [Tallejare] se kunstenaars” (164) sal in hierdie afdeling geargumenteer word dat die maak-gebeurtenisse in die boek op verskeie maniere afwyk van Heidegger se formulering van *poiëse* en so die gang na *simpoiëse* versluier.¹⁷

¹⁶ In *Being and time* (1927) bevraagteken Heidegger die waarde van geskiedenis (*Geschichte*, vertaal as *history*) en historiografie (*Historie*, vertaal as *historiography*), soos dit tradisioneel verstaan word, deur die woord “geskiedlikheid” (*Geschichtlichkeit*, in Engels vertaal as *historicity*) te skep. In teenstelling met die manier waarop geskiedenis dikwels gesien word as die weergee van ’n reeks gebeure uit die verlede, of die manier waarop historiografie volgens Heidegger (1938:387-388) die verlede probeer orden en bemeester, wou Heidegger geskiedenis ontologies verstaan in terme van die mens se manier van wees. Geskiedlikheid dui dan op die wyse waarop die mens oop is vir iets soos geskiedenis (1927:376). Ons is sorg(e)vuldige wesens vir wie iets soos geskiedenis saakmaak. Geskiedlikheid is nader aan die gebeurtenis, aan die roerendheid van iets wat geskied, en beweeg dus vanaf die tydlyn van waardering van geskiedenis tot die deurleefde digtheid van sorg(e)-deurweekte bestaan wat ekstaties geskied. *Geschichtlichkeit* kan vertaal word as “historisiteit”, maar die byvoeglike naamwoord word dan weer “historiese”, met die gevolg dat Heidegger se vreemde term makgemaak word. Met “geskiedlikheid” kan die mens steeds op ’n uitdagende manier as geskiedlike wese beskryf word.

¹⁷ In die hieropvolgende bespreking word telkens slegs verwys na die bladsynommers in die genoemde uitgawe van Van Heerden se roman *Die swye van Mario Salviati* (Van Heerden, 2000).

3.1 *Sirkelvlug 1: Kaptein William Gird en die tekortkominge van voorstellingsdenke*

Kaptein William Gird is 'n ontdekkingsreisiger wat Tallejare op kunshistoriese wyse *stig* deur 'n kameelperd eers te skilder, en dan te skiet, op die plek waar die dorp later sou staan. Hy vel, met “vingers nog klam en geel van verf” die bron van sy werk “dooierus” “koelbloedig” neer (24-25). Die aard van hierdie eerste skeppingswerk eggo deur die geskiedenis van die dorp. Gird se manier van maak, al lyk dit sistematies en dokumenterend, versluier meer as wat dit ontbloot. Wanneer hy besig is met sy voorstelling van die kameelperd, dan “verdring die geur van nat verf die reuk van die aarde” (24). Die misterieuse band tussen wêreld en aarde word eensydig wêrelds.

Hierdie tipe maak word deur voorstellingsdenke gedryf, en deur die skyn van berekenende dokumentering gegerverdig. Hier het die tekenpenne “skerp punte”, die tekenwerk bestaan uit “noukeurige hale” en die “presiese kleur” word gevind. Die meetwerk word beaam deur “dubbele kontrolering” (24-25), sonder om ooit die maat te benader.

Nader aan die einde van die verhaal begin selfs Gird besef dat hy nie daarin slaag om die diepte van sy geleefde ervaring met voorstellings vas te vang nie: “Hoe sal hy ooit die landskap kan vasvat en die grootheid, die drama daarvan, kan tuisbring aan die mense in Engeland?” (361). Gird verstaan uiteindelik dat voorstelling as aanvang nooit die roerendheid van syn kan ewenaar nie. Dit is dan ook juis die manier waarop Gird sommige tekeninge “laai” met verdigsels (in teenstelling met sy gelaaide geweer) wat maak dat hy dit regkry om “vir [Ingi] 'n plek in dié landskap [te kan] oopskilder” (267).

3.2 *Sirkelvlug 2: Voorstelling, noukeurigheid en afwyking*

Die presisie van kaptein Gird se voorstellings kan gekontrasteer word met die noukeurigheid van die blitswaterkanaal. Die kanaal klink dalk soos 'n produk van berekenende denke, waar die maaksel presiese ooreenstemming met die voorstelling vereis, maar dié maaksel het méér fasette. Aanvanklik kom dit voor asof dit 'n maaksel is wat “die natuur self uitdaag” (44), maar later blyk dit dat die kanaal eerder oppervlakkige aannames oor die natuur aan die kaak stel. Die kanaal lê dieper waarhede bloot wanneer die stryd tussen die wêreld van wette (soos die Wet van Bernoulli) deur Salviati se maakwerk verenig word met die aardse stilte van klip en water. In die blitswaterkanaal word die formules verweef met die landskap en die kanaal is “plek-plek 'n pylreguit streep, dan weer 'n kronkelslang wat met lui hale oor die landskap seil” (76). Wanneer die sluise die eerste keer oopgedraai word, word “berekenbaarheid” (126) oorkom, en dan sing die water.

In die roman word daar genoem dat die bouwerk wat die “akoestiese wonder” van die singende water voortbring, bloot “toevallig” (87) so gebou is, maar dit is soms juis die presiese manier waarmee iets ontwerp word wat die mees uiteenlopende afwykings lostorring (Zumthor, 2010:30). Die orde en noukeurigheid van die klipsnyer is nie roerend omdat dit die berekening van ooreenstemming en korrektheid vergemaklik nie. Inteendeel, presiese maakwerk en noukeurigheid kan juis nuwe moontlikhede oopbeur aangesien hulle resoneer met die sorg(e)-vuldigheid wat daar(bewus)syn reeds deurentyd *is*. Vir die dinge wat reeds daar was, word nuwe geleenthede vir afwyking geskep. Dit is byvoorbeeld juis weens die noukeurigheid van die kanaal dat die slaankrag van stof duidelik word wanneer die water weier, maar dit suggereer ook dat, indien die situasie reg verstaan word, dit moontlik is om stoflikheid te oorstyg (98-99). Die gevolg is dat die blitswaterkanaal op ontologiese vlak ook meer moontlikhede vir die wese van water verdig; water kan sing, weier en “geoeffend” (98) deur die kanaal gly. Maar

dieselfde kapasiteit lei ook tot verdigsel wanneer ou sondes wat deur die water oopgespoel is, weer toegewerk moet word (339).

Die kreatiewe noukeurigheid van die kanaal word teengewerk deur die “kleindorpse presisie” van die derdegeslag Prokureur (Sproet) Pistorius “wat nie anders kan as om die formules en konvensies van [Tallejare] slaafs te gehoorsaam nie” (208). Hier word die seldsaamheid van die kanaal afgewater tot ’n kwessie van *instandhouding*. In teenstelling is Salviati se noukeurige maakwerk nie net “stil” en “verbete” (76) nie, maar sy kothuis ruik asof dit “diep uit die maag van die aarde” (27) kom. Omdat die maak van die kanaal vrae stel rakende die essensiële moontlikhede en innerlike werking van materie, gee dit uiting op aanvangsvlak, eerder as dat dit gedryf word deur die verwatering van voorstelling.

Die gevare van die spel tussen noukeurigheid en afwyking kom ook na vore in die “swierige inkhale” en “sierlike pennekurle” (263) van die veerateljee. Teenoor die watervoor se presisie is die klere wat in die veerateljee gemaak word liggaam-verstrengel; onderhewig aan die seldsaamhede en afwykings van die menslike liggaam. Dit is dan ook in die veerateljee waar Meerlust die opwinding en onafwendbaarheid van die “enkele, gewaagde afwyking” (276) ontdek. Tog waardeer hy nie die afwyking self nie, maar net hoe dit aanliggende perfeksie kan beklemtoon. Hy kan byvoorbeeld nie sy dogter se liggaamlike “afwykings” aanvaar nie. Sy onvermoë om die innerlike werking (die maat) van die onfatsoenlike te waardeer, bewys dat voorstellingsdenke hier die botoon voer. In die veerateljee is die spieël, die oer-namaker, steeds die “groot maatstaf” (340).

Beide noukeurigheid en afwyking het hul eie bekoring. Dit is nie bloot deur teenstelling (van noukeurige werk en afwykings) dat *poiëse* roerend word nie. Teenstelling floreer immers op vergelyking, en vergelyking is ’n voorloper van die geneigdheid tot berekenende denke om aanspraak te maak op die ooreenstemming tussen beeld en afbeelding. *Poiëse* verlang eerder ambivalensie, ’n seldsame soort presiese teenstrydigheid wat vaaghede oproep (Zumthor, 2010:30), soos water wat sing in dit wat oënskyklik infrastruktuur is. Eerder as teenstelling, vra roerende *poiëse* die samespel van wêreld en aarde midde-in hul kreatiewe twis. Dit is waar Jonty se onwaarskynlike beeld na vore tree.

3.3 Sirkelvlug 3: Die vaaghede van Visman Steier

Jonty se beeld, Visman Steier, blyk ’n direkte uitdaging van uitbeelding (*Vorstellen*) te wees. Uit die staanspoor roep die beeld ’n gelyktydigheid van waarnemings en ’n reeks teenstrydighede op. Aan die een kant is die beeld “vaartbelyn en beweeglik” (189). Dit lyk “soos ’n swaan wat uit die water opflap” (13), maar “die gladheid loop egter oor in uitgekerfde spiere” met “’n vlerk wat styf teen die rug lê” (189). Ook die kleur van die beeld is ambivalent, en verander soos mens daaromheen loop, asof die beeld uit ’n helder en ’n donker boom gemaak is. Verder lyk dit of die beeld nie hierdie “energie aan sy helder kant vertrou nie” (189-190), en dit kom voor “asof die beeld in sy opstyg reeds sy eie ondergang aankondig” (13). Vir Jonty is dit ’n beeld wat “steier ... terug die verlede in” (14), maar vir Ingi lyk dit of die beeld “strek na die uitkoms” (190). Terwyl alles rondom die beeld “opvallend aards” (38) is, is die beeld “netjies afgewerk” (14). Terselfdertyd vang die beeld ook die twee kante van Jonty se ouerhuis vas: tussen die “uitbundigheid” van GrootKarel Berg en “volslae verdrietigheid” van Lettie Pistorius (13); ’n beeld wat wegdraai en “vlug”, maar ook spreek “van ’n lyf wat geborgenheid soek” (161-162); die “kontoere van ’n haai” (13), maar ook ’n “sagte, seer lyn” (162).

Visman Steier is 'n meesterstuk wat daarin slaag om uiterstes te versoen op 'n manier wat beide uiterstes ten volle waardeer. Hoekom ontken Jonty dan dat hy die beeld gemaak het? Burger (2003:73) voer aan dat Jonty nie waardig voel om deel te hê aan hierdie heilige maakproses nie. Volgens Burger (2003:73) besef Jonty dat 'n beeld soos hierdie “ten spyte van die kunstenaar” ontstaan, maar hoekom sukkel hy dan met 'n opvolgbeeld?

Jonty is reg om te verklaar dat Visman Steier aan hom “gegee” is (275), maar wanneer hy opvolgbeelde probeer maak, vat dit nie lank nie of die hout word “al dooier onder sy hande” (78). Dan lê die werk “stug” (91). Jonty weet nie hoe om hierdie stilte kreatief te waardeer nie. Sulke beelde is vir hom “gebreklike kalwers” waarvan ontslae geraak word. En wat is die “voorbode” vir hierdie kreatiewe sterfgeval? Wanneer Jonty vir Ingi probeer vasvang in die hout, dan kom die angs wanneer “hy haar gesig nie meer onthou nie” (92). Hoekom is dit so 'n steurende oomblik? Benewens sy sielkundige letsels rondom die manier waarop geliefdes so baie maal uit sy lewe verdwyn het, kan dit wees dat selfs Jonty *poiëse* benader onder die swye van voorstellingsdenke. As jy die ideaal nie meer kan onthou nie, dan kan jy nie meer die ooreenkoms tussen die maaksel en die ideaal bereken nie. Dan word die belofte van hierdie tipe denke, naamlik “om die geliefde te bestendig” (92), as verdigsel ontbloot. In Jonty se opvolgbeelde word die *stryd* tussen aarde en wêreld afgewater tot die “nastrewe” (164) van 'n seldsame oomblik.

Verder lyk dit nie of Jonty werklik aanvaar dat die beeld “ten spyte van [hom]” (Burger, 2003:73) ontstaan het nie. Hy bly dinge doen wat hy glo 'n kunstenaar behoort (*Sollen*) te doen: sy “kompromisloosheid” (165), sy selfopgelegde afsondering “ver van kunstdskrifte en modieuse teorieë” (164), sy onttrekking “aan die daaglikse lewe van Tallejare” (182), sy neersien op “vertroostende kuns” (344), en sy edele wens om die “meer durende dinge [te] eer” (117). Jonty doen al hierdie dinge, maar kan hy die huiwerende stilte verduur tussen die noukeurigheid van die blitswaterkanaal en die vaagheid van Visman Steier? Hierdie stilte is roerend, want dit herroep die verwagte-afwagte stilte wat heers voor die sprong. As wesens van sorg(e) is daar(bewus)syn ook die bewaker/wagter (*Wächter*) van die stilte (*Stille*) (Heidegger, 1938:232). Dit is hier waar die swye van Salvati 'n dieptepunt bereik, nie omdat hy stilbly nie, maar omdat hy as gelate-waagmoedige maker die oorweldigende stilte wat waghou oor die aanvang van die kreatiewe sprong so deeglik ken. Dit is 'n stilte wat Jonty nie verstaan nie. Wanneer sy beelde “stug” word, maak hy hulle tot niet (91-92). Indien Heidegger reg is, is hierdie juis die mees vrugbare tyd om meer verbete te wag, want dit wat hier ontvang word, word gegee vanuit die misterieuse bron. Omdat Jonty hierdie stilte misverstaan, het hy 'n wanpersepsie van sy rol binne die oord van die oomblik.

Jonty sien die beeld byvoorbeeld as 'n tipe “boodskap oor wat gemaak kán word” (14). Skielik is Visman 'n uiteinde eerder as net nog 'n limiet wat uitgedaag en oorgesteek kan word. Gevolglik, al sê hy die beeld het hom “bevry van die strewe om die volmaakte beeld te maak” (274), raak hierdie “kán”, vir Jonty nog 'n verlamme “behóórt”; die vervlakkende uiteinde van metafisiese denke volgens Heidegger (1935:211).

Jonty neem uiteindelik Visman Steier na sy beeldetuin. Is dit werklik waar die beeld “hoort” (391-392), of is dit wat Jonty dink hy behoort te doen? By tye wil dit voorkom asof hy uiteindelik die dreigende veruitwendiging van die beeld in die burokraties-politiese museumwêreld oorkom het: “Visman Steier laat nie met sy kop smokkel nie ...” (398). En tog is Jonty nie vry nie, miskien juis omdat hy probeer woon sonder bande. Jonty dink hy word vasgevang in die “verknoptheid” van die dorp se mense wat in sy beeldetuin verbeeld word, maar omdat hy probeer leef asof hierdie verknoptheid nie bestaan nie, raak hy soveel

te meer 'n gevangene (236-237). Vir die wese van sorg(e) is die oopheid van toe-eiening deurentyd alreeds verknop. Om sterflik-kreatief te woon, is om verweefd-metend *midde-in* te wees:

This “between” overflows its own banks and from this overflowing first allows the banks to rise up as banks, ones that always belong to the stream of the appropriating event (Heidegger, 1938:375)

As wesens van sorg(e) maak ons selfopgelede walle sodat dit oorstroom kan word. Slegs dan kan die maat van die walle in verdigting *en* verdigsel waardeer word. Ons dink as 'n gaande gang wat ekstaties verder uitkring. In hierdie oord is dankbaarheid meer gepas as ontkenning of onwaardigheid. Vir Salviati laat die geheim van die goud hom voel asof sy stomheid 'n “stugge wal sonder sluis” (91) is, maar die “geduldige”, “tydsame” Salviati (388) kan wag te midde van die stilte. Jonty laat nie eers toe dat die stiltes van sy stugge werke 'n wal word nie, en 'n wal wat nie daar is nie, word 'n onoorspoelbare wal. Daarom, in die beeldetuin, word die *geskiedlike* meesterstuk bloot nog 'n poging om “die geskiedenis van sy mense uit te kerf” (236). In die afgesonderde beeldetuin word Visman bloot voorstelling.

3.4 Sirkelvlug 4: Die sprong en die afgrond

Ingi is aanvanklik vasgevang in die berekenende denke van die burokraties-politiese kunstwêreld; 'n *wêreld* van “binnegevegte” en “geknoei” (67), “kosteberekenings” en “korrespondensie” (15-17). Maar Tallejare maak die “skilderlus” in haar wakker (104) en wanneer Ingi dan probeer begin, besluit sy om klippe te skilder: iets *aards* wat “verdra en verduur” en “altyd dieselfde” is (295).

Kuns kort egter nie net sekerheid nie, maar ook die verbergende afgrond. Goud neem hier die rol oor van Heidegger se misterieuse “aarde” wat die “wêreld” van orde en berekenings bly ontglip. Dit is die engel – 'n aardse, verbergende teenwoordigheid – wat waghoe oor die goud (82). Die mees treffende voorbeeld van hierdie versluierende werking in die maakgebeurtenis is sekerlik die swart doeke waarmee die oë van dié wat tereggestel is tydens die goudwa se finale tog geblinddoek word. Hierdie doeke is “haastig uit 'n stuk roulap geskeur” (216), maar as maaksels is selfs hulle onthullend. Dit is aan die blinddoeke dat GrootKarel die oopgespoelde geraamtes eien (387). Dit laat mens wonder of die engel nie ook soms ontsluitend te werk gaan nie? Indien die engel help maak het aan Visman Steier, dan beteken dit dat hy die beeld maak wat Ingi na die dorp lok. Wil die engel uitkoms bied? Dit is immers Ingi se geloof in die toekoms wat as 'n katalisator vir die dorp se inwoners dien (363), en uiteindelik die faksies in die dorp sover kry om die grot met die koets in te verken. Maar dit is uiteindelik ook die wagtende goud wat uitroep na die mens (129): “Goud kry net waarde wanneer 'n mensehand daaraan vat of 'n oog dit gierig sien. Goud het begeer nodig” (130). Om die “goud” te vind, moet daar(bewus)syn die swye van *lethe* kreatief verduur.

Nes Jonty misverstaan Ingi die aard van hierdie swye. Wanneer sy probeer verf, verwar sy die stil moontlikhede van kreatiewe afwagting met “onvermoë” (286). Ingi sukkel om die sprong te neem. Die rede is dat sy ook aan die werk dink as “hierdie ding in my wat moet uit” (270). Dalk is die werk nie *in* die kunstenaar nie, maar *met* die kunstenaar? Waarom identifiseer Ingi so met die vrou sonder gesig (227), die vrou wat Jonty later beaam sy ma, Lettie Pistorius, is (398)? Miskien omdat Lettie, wanneer Irene Lampak haar as ontwerper oplei, ook die stilte van die aanvang leer ken het.

Sy [Lettie] leer die ang vir die wit papier ken – die oomblikke voor jou potloodpunt begin beweeg, die oomblik waarin moontlikhede verbydwarrel en jy een moet gryp asof dit ’n skoenlapper is, en daarby moet hou, omdat dit die een is wat vir jou gegee is. (116)

Die wit papier is gesigloos stil. Dit wag op die sprong. Wanneer Jonty spring, misken hy sy verknoptheid binne hierdie stilte, maar Ingi begin skaars. Sy dink miskien ook dat daar bloot “een” moontlikheid is, en dat jy “daarby moet hou”. Dat mens dit “moet gryp” voor dit vir ewig weg is. Om so te dink oor *poiëse* is onuithoudbaar, want dit vra volkome onskuld. Daarom is Ingi se enkele kwashaal in die verhaal alreeds vir haar ’n onoorspoelbare wal. Daarom is sy verlig as haar kwashaal magies-ongesiens wegfladder (286). As die kreatiewe sprong nooit geneem word nie, lê “al die moontlikhede” steeds oop (289). Dit is eers as mens begin maak dat jy poeties *skuldig* is, want sekere moontlikhede word deur die seldsaamheid van die begin geëlimineer en selfs meer word versuim (Heidegger, 1927:283-288). Maar die maker hoef nie *daarby te hou* nie, en maak is nie onderhewig aan ’n vervoerband-proses waar een korrekte reaksie die volgende een moontlik maak nie. Op dieselfde manier waarop die mens (as geskiedlike wese) volgens Heidegger (1927) nie werklik lewe van een oomblik na die volgende nie, maar ekstasies as wese van sorg(e) tussen moontlikhede in die toekoms, hede en verlede kan uitreik, is *poiëse* iteratief, kontingent, onsuiver, wagtend tog skuldig, oop tog verknop, verdigsel-verdigend, ekstasies-springend, afrond-grondend, en ten diepste, sorg(e)-vuldig.

Uiteindelik neem Ingi nooit werklik die sprong nie – onskuldig, maar ook onbeproof. In die laaste oomblikke van die roman kyk sy selfs hoe springbokke “balletspronge” maak (403), maar vir Ingi bly die tipe denke wat *aanleiding* gee tot die stigtingsprong ontwykend. Maak bly bloot uitgestelde voorneme.

4. Die engel en die meer gelate waagmoed van *simpoiëse*

Aan die einde van *Die swye van Mario Salviati* staan mens eintlik verstom oor die manier waarop die impuls om te maak dikwels ondermyn word deur karakters se verdigselfs rondom die maak-proses. Vanuit ’n simpoiëtiese perspektief grens hul beskouing van maak meestal aan die eng modernistiese idee van die heroïese maker wat ten spyte van alle weerstand uitvoering wil gee aan sy of haar skeppingsdrang. Op ’n sekere vlak is dit seker nie vreemd nie. Argitektuur se mees bekende literêre skepsel is immers Howard Roark, die hoofkarakter in Ayn Rand se *The Fountainhead* van 1943, wie se asketies-heroïese individualisme steeds so baie argitektoniese denke rig. Die sterflike maker bly die onbetwiste outeur. Hierdie tipe denke is nie gereed vir *simpoiëse* nie, en miskien weet Rilke se engel dit nog altyd.

Deur te fokus op die onderstrominge in Heidegger se verstaan van *poiëse* en *Gelassenheit*, kan ’n alternatiewe rede oopgebeur word vir die “verwonderder” (Rilke, soos vertaal deur Pieterse, 2007:81) wyse waarop Rilke se engel die sterflike maker gadeslaan. Kan dit wees dat die engel nooit werklik in die ban staan van sterflikes se kapasiteit vir *poiëse* nie? Miskien staan die engel verstom oor die maker se onvermoë om die oord van die oomblik te sien soos dit is. Dit is moontlik dat die engel verbyster word deur die manier waarop die maker glo dat hy of sy in beheer van die maakproses is, en dat die maakproses uit sigself kom. In daardie geval is die engel se verwondering amper skouerophalend, en word dit eintlik ’n wewroep tot herbesinning oor *poiëse*.

Heidegger se formulering van *poiëse* skep ’n oopheid waarbinne die moontlikhede van *simpoiëse* as verdigting en verdigselfs verrys. Die bespreking van maak-gebeurtenisse in *Die swye van Mario Salviati* wys hoe sekere tipiese beskouings oor kunstenaarskap – as doku-

mentering (Gird), as teenstelling van tegniese noukeurigheid en swierige afwyking (Salviati en Meerlust), as afgesonderde kompromisloosheid (Jonty), en as uitgestelde versugting (Ingi) – die vooruitsigte van *simpoiëse* inperk. Die sirkelvlugte wat hier bo bespreek is, wys dat die karakters uiteindelik swaar dra aan hul aannames oor *poiëse*. Dit is net Salviati wat Heidegger se *Gelassenheit* ten volle internaliseer, maar ook hy kan nie die implikasies van laat-wees enduit voer nie.

Aan die een kant vra Heidegger se *Gelassenheit* vir 'n seldsame wisselwerking tussen die kapasiteit om dinge se wese – in verdigting en as verdigsel – te laat-wees, en aan die ander kant die onverskrokke on(af)geslotenheid om die stryd tussen wêreld en aarde op 'n oop en nuwe manier te betree. Maar *Gelassenheit* vra uiteindelik ook die verskuiwing vanaf die *poiëse* van die alleen-outeur, tot die saamskepproses van *simpoiëse*. Salviati kan die stilte voor die sprong verduur, maar bly alleen-outeur. Jonty, al reik Visman verby voorstellingsdenke, faal met sy opvolgbeelde want hy kan nie die verknoopte stiltes van *Gelassenheit* verduur nie. Hy aanvaar later dat Visman aan hom “gegee” is (391), maar weier om in sy opvolgbeelde die moontlikheid van *simpoiëse* te vertrou. Hy stoei met die nuwe werke asof *poiëse* weer heeltemal van hom (en sy afsondering) afhang. Veronderstel die engel hét Jonty se beeld klaargemaak, en selfs met die opvolgbeelde gehelp, sou saamskepping die beelde minder boeiend maak? Gird mag dalk skuldig wees aan voorstellingsdenke, maar Ingi bewaar haar onskuld deur nooit werklik te spring nie.

Om saam met plekke en ander niemenslike wesens te skep of maak, vra 'n oorgang van *poiëse* na *simpoiëse*. Die skuif impliseer nuwe vorme en aspekte van *saakmaak*. Al het dit eens gelyk asof die mens se alleenreg tot *poiëse* so seker is dat dit in klip geëts kan word, kan klippe opsetlik in die veld verloor word. Ingi gooi aan die einde van die roman die klipkaart weg, want dit lyk of sy besef dat daar geen kaarte is wat die weg aandui na dit wat werklik vir haar *saakmaak* nie. Sy neem dalk nooit die kreatiewe sprong nie, maar die einde van die roman is eintlik hoopvol, omdat haar weking in die tyd-verdigte oomblikke van Tallejare se stories haar gereedgemaak het om die berekenende denke van die museum te verruil vir 'n meer betrokke bestaan. Mag die era wat daar(bewus)syn nou betree die heroïese versugting na alleen-outeurskap uiteindelik ontbloom as 'n verpoeierende skatkaart.

In die lig van Heidegger se formulering van die maat-omsrywende, wal-oorspoelende, en gelate verknooptheid van *poiëse*, en die gepaardgaande betrokkenheid van aanvangsdenke, bied *simpoiëse* dalk juis die omvangryke vorm van geskiedlike bereidwilligheid wat nou van daar(bewus)syn gevra word: om die alleenreg tot die oord van die oomblik te abdikeer. In daardie sin is *simpoiëse* méér oop. Dit voel asof hierdie manier van maak ook meer in pas is met die mens se aard as wese van sorg(e). Miskien kom die volle deurleefde digtheid van *poiëse* juis tot sy reg in *simpoiëse* as dieptepunt van sorg(e)vuldigheid? Dit wil voorkom asof *simpoiëse* die waagmoediger en meer gelate vorm van *poiëse* is waarheen syn ons nou roep.

ERKENNING

Die skrywer bedank graag dr. Marni Bonthuys vir haar kundige insette en kommentaar op vroeëre weergawes van hierdie artikel.

BIBLIOGRAFIE

- Bachelard, G. 1958. *The poetics of space*. Transl. M. Jolas. 1994. Boston: Beacon Press.
- Burger, W. 2003. "Die ware historie": Die verband tussen kuns en die verlede na aanleiding van *Die swye van Mario Salviati*. *Stilet*, 15(2):68-83.
- Duvenage, P. 2022. Taal as wêreldontsluiting: 'n Krities-waarderende interpretasie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 62(4):692-705.
- Giedion, S. 1958. *Architecture, you and me: the diary of a development*. Cambridge: Harvard University Press.
- Gray, J.G. 2004. Introduction. In Heidegger, M. 1952. *What is called thinking?* Transl. J.G. Gray. New York: Harper Perennial.
- Haraway, D.J. 2016. *Staying with the trouble: Making kin in the Chthulucene*. Durham & London: Duke University Press.
- Heidegger, M. 1927. *Being and time*. Rev. transl. J. Stambaugh, 2010. Albany: State University of New York Press.
- Heidegger, M. 1935. *Introduction to metaphysics*. Transl. G. Fried & R. Polt, 2000. New Haven & London: Yale University Press.
- Heidegger, M. 1936. The origin of the work of art. Transl. A. Hofstadter. In Hofstadter, A. (ed.). 2001. *Poetry, language, thought*. New York: Harper Perennial, pp. 15-86.
- Heidegger, M. 1938. *Contributions to philosophy (of the event)*. Transl. R. Rojcewicz. & D. Vallega-Neu, 2012. Bloomington: Indiana University Press.
- Heidegger, M. 1943. Nachwort zu "Was ist Metaphysik?". In Heidegger, M. 1976. *Wegmarken* (GA9). Frankfurt am Main: Vittorio Klostermann, pp. 303-312.
- Heidegger, M. 1945. *Country path conversations*. Transl. B.W. Davis, 2010. Bloomington: Indiana University Press.
- Heidegger, M. 1946. What are poets for? Transl. A. Hofstadter. In Hofstadter, A. (ed.). 2001. *Poetry, language, thought*. New York: Harper Perennial, pp. 89-139.
- Heidegger, M. 1950a. The thing. Transl. A. Hofstadter. In Hofstadter, A. (ed.). 2001. *Poetry, language, thought*. New York: Harper Perennial, pp. 163-184.
- Heidegger, M. 1950b. Language. Transl. A. Hofstadter. In Hofstadter, A. (ed.). 2001. *Poetry, language, thought*. New York: Harper Perennial, pp. 187-208.
- Heidegger, M. 1951a. Bou, woon, dink. Transl. D. Holm & M.J. Schoeman. In: Holm, D. & Schoeman, M.J. 1989. "Bou, woon, dink" van Martin Heidegger: vertaling met kommentaar. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 29(1):170-179.
- Heidegger, M. 1951b. "... Poetically man dwells ...". Transl. A. Hofstadter. In Hofstadter, A. (ed.). 2001. *Poetry, language, thought*. New York: Harper Perennial, pp. 211-227.
- Heidegger, M. 1952. *What is called thinking?* Transl. J.G. Gray, 2004. New York: Harper Perennial.
- Heidegger, M. 1953. The question concerning technology. Transl. W. Lovitt. In Krell, D.F. (ed.). 2008. *Martin Heidegger: Basic writings from Being and time (1927) to The task of thinking (1967)*. New York: Harper Perennial, pp. 311-341.
- Heidegger, M. 1957a. The onto-theo-logical constitution of metaphysics. Transl. J. Stambaugh. In Stambaugh, J. 2002. *Identity and difference*. Chicago: University of Chicago Press, pp. 42-74.
- Heidegger, M. 1957b. The principle of identity. Transl. J. Stambaugh. In Stambaugh, J. 2002. *Identity and difference*. Chicago: University of Chicago Press, pp. 23-41.
- Heidegger, M. 1959. The way to language. Transl. D.F. Krell. In Krell, D.F. (ed.). 2008. *Martin Heidegger: Basic writings from Being and time (1927) to The task of thinking (1967)*. New York: Harper Perennial, pp. 397-426.
- Heidegger, M. 1962. Time and being. Transl. J. Stambaugh. In Stambaugh, J. (ed.). 1972. *On time and being*. New York: Harper & Row, pp. 1-24.
- Heidegger, M. 1964. The end of philosophy and the task of thinking. Vertaal deur Stambaugh, J. In: Krell, D.F. (ed.). 2008. *Martin Heidegger: Basic writings from Being and time (1927) to The task of thinking (1964)*. New York: Harper Perennial, pp. 431-449.
- Holm, D. & Schoeman, M.J. 1989. "Bou, woon, dink" van Martin Heidegger: 'n Vertaling met kommentaar. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 29(1):165-170.
- Hofstadter, A. (ed.). 2001. *Poetry, language, thought*. New York: Harper Perennial.
- Kockelmans, J.J. 1984. *On the truth of being: Reflections on Heidegger's later philosophy*. Bloomington:

Indiana University Press.

- Norberg-Schulz, C. 1980. *Genius loci: towards a phenomenology of architecture*. New York: Rizzoli.
- Polt, R. 1999. *Heidegger: An introduction*. Ithaca: Cornell University Press.
- Rand, A. 1994. *The fountainhead*. London: Harper Collins.
- Rilke, RM. 1912/1922. *Duino-elegieë*. Vertaal deur H.J. Pieterse, 2007. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Rohr, R. 2011. Video of interview with Richard Rohr by Judy Valente. *Religion & Ethics Newsweekly*, 11 November. <https://www.pbs.org/wnet/religionandethics/2011/11/11/november-11-2011-richard-rohr/9902/> [8 Februarie 2023].
- Smithson, A & Smithson, P. 1965. The heroic period of Modern Architecture. *Architectural Design*, 35(12), Desember.
- Van Heerden, E. 2000. *Die swye van Mario Salviati*. Kaapstad: Tafelberg.
- Zumthor, P. 2010. *Thinking architecture*. Basel: Birkhäuser.

'n Morfologies-sistematiese analise van die komposisiesstrukture in “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing” in *Mede-wete* (2014) deur Antjie Krog

A morphological-systematic analysis of the compositional structures in “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing” (“four efforts in linguistic synapse tracing”) in Mede-wete (Synapse) (2014) by Antjie Krog

CORNÉ RICHTER

Departement Afrikaans en Nederlands,
Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein, Suid-Afrika
E-pos: RichterCM@ufs.ac.za



Corné Richter



Henning Pieterse

HENNING PIETERSE

Departement Afrikaans en Nederlands,
Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein, Suid-Afrika
E-pos: pietersehj@ufs.ac.za

CORNÉ RICHTER voltooi haar BA-graad in 1994 aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en keer ná jare terug na die akademie. Sy verwerf in 2017 haar honneurs- en in 2020 haar MA-graad in Letterkunde by dieselfde universiteit met die titel “'n Morfologies-sistematiese analise van die komposisiesstrukture in ‘vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing’ in *Mede-wete* (2014) deur Antjie Krog”. Sy is tans 'n junior navorsers by die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat en was as projekassistent betrokke by die publikasie *Van toeka af die toekoms in. Die geskiedenis van Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat 1918–2023* wat in 2023 verskyn het.

CORNÉ RICHTER completed her BA degree in 1994 at the University of the Orange Free State and, after many years, returned to academia. She obtained her honours degree in 2017 and her MA degree in Literature in 2020 at the same university with the title “A morphological-systematic analysis of the compositional structures in ‘vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing’ (‘four efforts in linguistic synapse tracing’) in *Mede-wete (Synapse)* (2014) by Antjie Krog”. She is currently a junior researcher at the Department of Afrikaans and Dutch, German and French at the University of the Free State and was involved as a project assistant in the publication of *Van toeka af die toekoms in. Die geskiedenis van Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat 1918–2023* that was published in 2023.

Datums:

Ontvang: 2024-04-19

Goedgekeur: 2024-11-06

Gepubliseer: Desember 2024

HENNING PIETERSE behaal die graad DLitt et Phil in Afrikaanse taalkunde (1995). Hy is mederedakteur (saam met PH Swanepoel) van *Perspektiewe op taalbeplanning vir Suid-Afrika* (1993). In 1989 verskyn sy digdebuut, *Alruin*, wat bekroon word met die Eugène Maraisprys (1990) en die Ingrid Jonkerprys (1991). In dieselfde jaar is hy eindredakteur van John Boje se 'n *Keur uit die Pelgrimsverhale van Geoffrey Chaucer*, wat bekroon word met die Akademieprys vir Vertaling (1990). Hy is Hoofredakteur van *Tydskrif vir Letterkunde* tussen 1992 en 2002. In 1998 publiseer hy 'n bundel kortverhale, *Omdat ons alles is* en in 2000 'n tweede digbundel, *Die burg van hertog Bloubaard*, wat bekroon word met die Hertzogprys in 2002. Sy vertaling van Rilke se *Duineser Elegien* (2007) word in 2008 bekroon met die Nedbank-Akademieprys vir Vertaalde Werk. In 2018 verskyn *Tussen die abjekte en die eteriese. 'n Keur uit die poësie van Michel Houellebecq*. Sy vrye, berymde vertaling van *Van den vos Reynaerde* verskyn in 2023 as *Reinaard die vos*. Hy is ook in 2023 mederedakteur (saam met Angelique van Niekerk en Jaap Steyn) van *Van toeka af die toekoms in. Die geskiedenis van Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat 1918–2023*. Pieterse is 'n professor in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat.

HENNING PIETERSE obtained the degree DLitt et Phil in Afrikaans linguistics (1995). He is co-editor (with PH Swanepoel) of *Perspektiewe op taalbeplanning vir Suid-Afrika* (1993). In 1989, his poetry debut, *Alruin*, appeared, and he was awarded the Eugène Marais Prize (1990) and the Ingrid Jonker Prize (1991). In the same year, he was the final editor of John Boje's 'n *Keur uit die Pelgrimsverhale van Geoffrey Chaucer*, which was awarded the Academy Award for Translation (1990). He was Editor-in-Chief of *Tydskrif vir Letterkunde* from 1992 to 2002. In 1998, he published a collection of short stories, *Omdat ons alles is*, and in 2000, a second collection of poems, *Die burg van hertog Bloubaard*, which was awarded the Hertzog Prize in 2002. His translation of Rilke's *Duineser Elegien* (2007) was awarded the Nedbank Academy Prize for Translated Work in 2008. In 2018 appears *Tussen die abjekte en die eteriese. 'n Keur uit die poësie van Michel Houellebecq*. His free, rhyming translation of *Van den vos Reynaerde* appears in 2023 as *Reinaard die vos*. He is also a co-author in 2023 (along with Angelique van Niekerk and Jaap Steyn) from *Van toeka af die toekoms in. Die geskiedenis van Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat 1918–2023*. Pieterse is a professor in the Department of Afrikaans and Dutch, German and French at the University of the Free State.

ABSTRACT

A morphological-systematic analysis of the compositional structures in “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing” (“four efforts in linguistic synapse tracing”) in Mede-wete (Synapse) (2014) by Antjie Krog

In reading Antjie Krog's volume of poetry, Mede-wete (2014), as well as review articles written by Helize van Vuuren (2014), Marlies Taljard (2014), Louis Esterhuizen (2014), Jacomien van Niekerk (2014), Louise Viljoen (2014 and 2016), Andries Visagie (2015), Ihethe Jacobs (2015) and Susan Smith (2016), it strikes the reader that Krog shows particular interest in the work of the Romanian-born German writer and translator Paul Celan (1920–1970). Paul Celan is a poet and Holocaust survivor from a Jewish family. Although he could speak several languages at a young age, he spoke and wrote German at his mother's insistence. Due to a dislike for this language (the language of his mother's killers) but also a love for it (in memory of his parents), he creates a “new language” (actually a distortion of this language) by using certain techniques to break up words and get something “humane” out of it. Krog became acquainted with these techniques during her stay in Germany in 2008 and made them her own after receiving private instruction about the work of Celan and translating some of his poems with Michael Fried (art historian and poet). According to Krog, these techniques include innovative neologisms and morphological deviations. These techniques impress the reader of

Mede-wete, especially how Krog changes and revitalises words through word-formation processes.

These word formation processes and techniques have also been used by other Afrikaans poets, as seen in the work of inter alia Peter Blum (“Rooinekke op Hermanus” (Blum, 1955:9) and “Man wat mal word” (Brink, 2008:432); Breyten Breytenbach (“5”, “oorlewingskuns”, “Koong Byten 1” (Breytenbach, 2007: 47, 147, 152), “5.5.2”, “9.1 Bedroomde woordetail dinkdinge en uithoud (Die soetpoesiegedig)” and “9.4 die nagselfie 1” (Breytenbach, 2019:94, 202, 205–206)); and Marlene van Niekerk (“Oggend van ’n waterfiskaal”, “limerence 1” and “limerence 2” (Van Niekerk, 2013:9, 24, 25). Krog’s latest collection of poems, plunder (pillage) (2022), also contains poems such as “dit kom nie meer op my af nie”, “3. Aria vir die universum”, and “6. Sanctus”, in which neologistic word formation processes occur (Krog, 2022:11, 110, 113).

Where Krog uses techniques that deviate morphologically from the usual forms, Van Niekerk, in her poetry collection *Kaar* (2013), uses different varieties of Afrikaans to distort the language. In an article in which Pieterse (2017:375) examines the variation and varieties of Van Niekerk’s use of language in *Kaar*, he refers to Deleuze and Guattari’s views about a dominant major language (which is spoken by the oppressor and also by an oppressed minority) and a minor language. The minor language arises when the major language is “deterritorialised” by grammatical errors and the change of accents, alienating the language while also “renewing” it. Stander (2012:30) also refers to a major and minor language in a study on *Die sneeuslaper* (2010) by Van Niekerk. Stander refers to Deleuze and Guattari’s publication *Kafka: Toward a Minor Literature* (1975) and comments that a minor language uses the same consonants, vowels, and vocabulary as the major language, but uses it differently. Stander says this technique involves a “strategic letting go of the old”. Van Niekerk uses different varieties of Afrikaans in *Kaar* (Pieterse, 2017:372), and Krog creates new words in *Mede-wete* or deforms and distorts existing words to deterritorialise Afrikaans as a dominant language. In her study of Van Niekerk’s *Die sneeuslaper*, in which the author creates the same minor language as in *Kaar*, Stander (2012:112) concludes that the stuttering (“stottering”) of Afrikaans may be the result of a language experiencing political pressure. By creating a new language, Van Niekerk prevents the language from stagnating and ensures that it lives on dynamically. Stander’s (2012:112) conclusion, namely the “stuttering of Afrikaans” as a result of political pressure, is similar to Krog’s last four poems in *Mede-wete* in which she (Krog) experiences the result of political pressure on Afrikaans. Krog then creates new words to renew the language.

In Krog’s case, more specifically, it is the deviation from Standard Afrikaans that she uses in the last section, entitled “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing” (“four efforts in linguistic synapse tracing”). Until now, no research on this process has been undertaken. This article tries to describe and analyse a possible morphological systematics of the last section in *Mede-wete* based on the morphological analysis and word-formation rules of JGH Combrink (1990:53–58), which include REDUCTIONS (Acronyms, Clippings, Back-formations or Abbreviations), COMBINATION-FORMS (Derivations and Compounds) and other combination-forms such as Reduction derivations, Techno derivations as well as Fusions. A corpus of 196 lexical items, as a representative sample, is analysed from a morphological-systematical perspective. Furthermore, these lexical items are evaluated on a semantic level, together with existing themes in the rest of the volume, to determine whether specific processes led Krog to the formation of these neologisms, and to determine the extent to which she dealt with such processes creatively – themes such as the relationship between the self and the A/

other (Taljard, 2014); man's relationship to the land in the South African political context (Van Vuuren, 2014); postcolonial differences between place and space (Taljard, 2014); violence and disorder in our land; the burden of collective guilt borne by white South Africans (Van Vuuren, 2014); the connection between land and identity (Jacobs, 2015); connections on a cosmic level (a quest for greater unity with nature and the universe) (Visagie, 2015), and, in an autobiographical manner, Krog's position in a larger picture within the South African setting with regard to kindness towards different cultures, and gender groups (Taljard, 2014).

KEYWORDS: *Mede-wete (Synapse); Antjie Krog; Paul Celan; compositional structures; innovative neologisms; morphological deviations; morphological-systematical analysis; word-formation processes*

TREFWOORDE: *Mede-wete; Antjie Krog; Paul Celan; innoverende neologiesmes; komposisiesstrukture; morfologiese afwykinge; morfologies-sistematiese analise; woordvormingsprosesse*

OPSOMMING

Met die lees van Antjie Krog se bundel *Mede-wete* (2014) asook resensie-artikels wat daarvoor geskryf is, val dit die leser op dat Krog veral belangstelling toon in die werk van die Roemeens-gebore Duitse skrywer en vertaler Paul Celan (1920–1970), ’n Holocaust-oorlewende uit ’n Joodse familie. Celan se werk behels die gebruik van sekere tegnieke wat innoverende neologiesmes en morfologiese afwykinge insluit om woorde op te breek en iets “medemensliks” daaruit te kry en só deur verwringing ’n “nuwe taal” te skep. Krog maak kennis met dié tegnieke in 2008 tydens haar verblyf in Duitsland en maak dit haar eie nadat sy privaat onderrig oor die werk van Celan ontvang en van sy gedigte vertaal. Dié tegnieke beïndruk die leser van *Mede-wete* deur die wyse waarop Krog die taal en spesifiek woorde verander en nuut maak deur verskillende woordvormingsprosesse. Meer spesifiek is dit die wending weg van Standaardafrikaans wat Krog in die laaste afdeling, getiteld “vier pogings in linguïstiese sinaps-opsporing”, neem. In hierdie artikel word aandag gegee aan ’n morfologies-sistematiese analise van die laaste afdeling (’n korpus van 196 leksikale items) in *Mede-wete*. Aan die hand van die morfologiese ontledings en woordvormingsreëls van JGH Combrink (1990:53–58) word daar na die verskillende woordvormingsprosesse in Afrikaans gekyk. Die leksikale items word ook op ’n semantiese vlak in konteks met die bestaande temas in die res van die bundel geëvalueer.

1. Inleiding

Met die lees van Antjie Krog se bundel *Mede-wete* (2014) asook artikels en resensie-artikels wat daarvoor geskryf is deur onder andere Helize van Vuuren (2014), Marlies Taljard (2014), Louis Esterhuizen (2014), Jacomien van Niekerk (2014), Louise Viljoen (2014 en 2016), Andries Visagie (2015), Ihethe Jacobs (2015) en Susan Smith (2016), val dit die leser op dat Krog veral belangstelling toon in die werk van die Roemeens-gebore Duitse skrywer en vertaler Paul Celan (1920–1970). Krog maak kennis met die tegnieke wat Celan gebruik om woorde op te breek en dan nuwe woorde te vorm tydens haar verblyf in Duitsland in 2008 waartydens sy privaat onderrig oor die werk van Celan ontvang en van sy gedigte vertaal (Esterhuizen, 2014). Dit is ook dié tegnieke wat die leser van *Mede-wete* beïndruk deur die wyse waarop Krog die taal, en spesifiek woorde, verander en nuut maak deur verskillende woordvormingsprosesse.

Hierdie woordvormingsprosesse en tegnieke is ook op plaaslike vlak in die poësie deur ander Afrikaanse digters op die proef gestel soos gesien kan word in onder meer Peter Blum se gedig “Rooinekke op Hermanus” uit *Steenbok tot poolsee* (Blum, 1955:9) en “Man wat mal word” (Brink, 2008:432) uit *Enklaves van die lig* (1958); verskeie gedigte van Breyten Breytenbach soos onder andere “5”, “oorlewingskuns” en “Koong Byten 1” in *Die windvanger* (Breytenbach, 2007:47, 147, 152) asook “5.5.2”, “9.1 Bedroomde woordetal dinkdinge en uithoud (Die soetpoesiegedig)” en “9.4 die nagselfie 1” in *op weg na kû* (Breytenbach, 2019:94, 202, 205–206); gedigte van Marlene van Niekerk soos onder andere “Oggend van ’n waterfiskaal”, “limerence 1” en “limerence 2” in *Kaar* (Van Niekerk, 2013:9, 24, 25). Krog se nuutste digbundel, *plunder* (2022), bevat ook gedigte soos onder andere “dit kom nie meer op my afnie”, “3. Aria vir die universum” en “6. Sanctus” waarin nuwe woordvormingsprosesse voorkom (Krog, 2022:11, 110, 113).

Reeds vroeg in die bundel *Mede-wete* verskyn daar nuutskappings deur die digter-spreker en verwys sy na Celan, maar dit is egter in die laaste afdeling, getiteld “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing”, dat Krog (in ’n korpus van 196 leksikale items) deur woordvormingsprosesse ’n kreatiewe variasie op en ’n wending weg van Standaardafrikaans neem.

Waar Krog tegnieke gebruik wat morfologies afwyk van die gewone vorme, maak Marlene van Niekerk in haar bundel *Kaar* (2013) op ’n soortgelyke wyse van verskillende variëteite van Afrikaans gebruik om die taal te vervorm.

In ’n artikel waarin Pieterse (2017:375) die variasie en variëteite van Marlene van Niekerk se taalgebruik in haar bundel *Kaar* ondersoek, verwys hy na Deleuze en Guattari se sienings omtrent ’n *dominante majeuretaal* (wat deur die onderdrukker en ook deur ’n onderdrukte minderheid gepraat word) en ’n *mineurtaal*. Die mineurtaal ontstaan wanneer die majeuretaal “gedeterritorialiseer” word deurdat grammatikale foute en verandering van aksente die taal vervreem, maar tog ook “vernuwe”. Stander (2012:30) verwys ook na ’n majeure- en mineurtaal in ’n studie oor *Die sneeuslaper* (2010) van Marlene van Niekerk. Stander noem Deleuze en Guattari se publikasie *Kafka: Toward a Minor Literature* (1975) en maak die opmerking dat ’n mineurtaal dieselfde “konsonante, klinkers en woordeskat” as die majeuretaal gebruik, maar dat dit verskillend aangewend word. Volgens Stander behels hierdie tegniek ’n “strategiese losmaak van die oue”, “the fracturing of and freeing from repressive fixations and despotic arrangements of a certain milieu, be it conceptual, social, affective or linguistic” (Houtum, 2010).

Van Niekerk wend verskillende variëteite van Afrikaans in *Kaar* aan (Pieterse, 2017:372) en Krog skep in *Mede-wete* nuwe woorde of vervorm en verwring bestaande woorde om Afrikaans as dominante taal te deterritorialiseer. Stander (2012:112) kom in haar studie oor Van Niekerk se *Die sneeuslaper*, waarin die skrywer dieselfde mineurtaal as in *Kaar* skep, tot die slotsom dat die “stottering van Afrikaans” die gevolg kan wees van ’n taal wat politieke druk ervaar. Deur ’n nuwe taal te skep, voorkom Van Niekerk dat die taal stagneer, maar wel eerder dinamies voortleef. Dit stem ooreen met wat Helize van Vuuren (2014) oor die laaste afdeling van *Mede-wete* sê:

Die taal as poëtikale voertuig van hierdie bewussynsveranderende, etiese en revolusionêre doel sien Krog as ’n nuwe begin met ’n ‘vuurvarende sinaps’, met opheffing van die skeiding ‘julle/ons’ in ’n eenwordende neologistiese ‘ons’le’ (‘silbabe-sinaps in die noord/suid-kompas’, bl. 114).

Stander (2012:112) se gevolgtrekking, naamlik dat “die stottering van Afrikaans” die gevolg is van politieke druk, toon ’n ooreenkoms met Krog se laaste vier gedigte waarin sy, net soos Van Niekerk se “stottering”, die gevolg van politieke druk op die status van Afrikaans ervaar en dan deur die skep van nuwe woorde die taal vernuwe.

Tot dusver is daar nog nie navorsing oor hierdie woordvormingsprosesse in die laaste afdeling van *Mede-wete* beskikbaar nie. Voges (2017:73) dui in haar studie “Die hantering van die begrip ‘interverbondenheid’ in Antjie Krog se bundel *Mede-wete* (2014)” in ’n slotparagraaf aan dat die moontlikheid vir verdere navorsing juis hierdie laaste afdeling sou kon insluit:

Dit sou ook sinvol wees om die tweede afdeling te betrek, deur na te gaan hoe Krog se poging om interverbondenheid tussen Afrikaans en die groter literêre gemeenskap te bewerkstellig [sic]. Krog se behoefte aan ’n nuwe soort Afrikaanse taal met ’n nuwe klank sou ook in verband met haar vorige werk gebring kon word.

Die kern van só ’n studie is om aan die hand van JGH Combrink (1990:53-58) se woordvormingsreëls te bepaal:

- Watter prosesse het die digter-spreker gelei na die vorming van 196 nuwe leksikale items in slegs vier gedigte?
- Watter komposisiestrukture kom voor?
- Hoe is dié strukture gevorm? Is dit as gevolg van:
 - Reduksie (akronieme, knipsels, truvorme of inkortings),
 - Kombinasie (afleidings, samestellings, samestellende afleidings, samestellende samestellings of vloekwoordinlywing),
 - Reduksie-plus-kombinasie (reduksieafleidings, reduksiesamestellings, tegnoafleidings of tegnosamestellings)?
 - Watter morfologiese en semantiese afleidings kan hieruit gemaak word?
 - Is daar ’n onderliggende morfologiese sistematiek met die vorming van hierdie woorde te bespeur?
 - Tot watter mate kan ons in hierdie korpus praat van ’n morfologiese sistematiek vanuit die perspektief van kreatiewe digkuns?

Die laaste afdeling in die bundel *Mede-wete*, naamlik “vier pogings in linguistiese sinapsopsporing” (voortaan ook afwisselend die *digterlike korpus* genoem), sal vanuit ’n morfologiese perspektief belig word; dus ’n taalkundige ondersoek (’n morfologies-sistematiese analise) na ’n digterlik-gebaseerde onderwerp. Uit die lys van 196 leksikale items uit die digterlike korpus word daar slegs ’n verteenwoordigende keur aangebied van voorbeelde wat morfologies geanaliseer word (volgens ’n siftingsproses gelei deur Combrink se woordvormingsreëls). Daar is gesoek na die mees toepaslike voorbeelde van woordvormingsprosesse. Daar word ook slegs na die tegnieke van Paul Celan (soos deur Krog beskryf) verwys omdat die omvang van sy werk ’n studie van sy eie behels.

2. Die studie van morfologiese sistematiek

Die sleutel tot die toepassing van hierdie morfologiese ondersoek van die laaste vier gedigte in *Mede-wete* is die morfologiese ontledings en woordvormingsreëls van JGH Combrink (1990:53-58). Aan die hand van hierdie analyses word die verskillende woordvormingsprosesse in Afrikaans ontleed. Volgens Combrink is daar verskillende komposisiestrukture, afhange

van die wyse waarop hierdie strukture gevorm is en word daar onderskei tussen drie hoofwoordvormingsprosesse, naamlik:

- Reduksie (akronieme, knipsels, truvorme of inkortings),
- Kombinasie (afleidings, samestellings, samestellende afleidings, samestellende samestellings of vloekwoordinlywing) en
- Reduksie-plus-kombinasie (reduksieafleidings, reduksiesamestellings, tegnoafleidings of tegnosamestellings) asook ander prosesse, soos versmeltings.

Combrink (1990:81) skryf:

Skepping sonder meer is 'n woordvormingswyse wat baie infrekwent deur die sprekers van Afrikaans benut word. Anders gestel: dis selde dat 'n nuwe woord in Afrikaans nie gemaak word op basis van, of minstens met behulp van, een of meer bestaande morfeme nie ... Vir die morfologie word skepping pas ter sake wanneer dit gepaard gaan met sistematiek.

Verder is dit ook van waarde dat hierdie leksikale items op 'n semantiese vlak tesame met bestaande temas in die res van die bundel geëvalueer word om vas te stel of sekere prosesse die digter-spreker gelei het tot die vorming van die nuwe woorde, in hoe 'n mate sy kreatief daarmee omgegaan het en hoe hierdie afdeling met die tematiek van die bundel skakel.

3. Temas in die bundel

Mede-wete stel nie teleur ten opsigte van die bekende Krog-temas nie. Die titel van die bundel dui reeds op die verhouding tussen die self en die A/ander deurdat die woorde *mede* en *wete* deur 'n koppelteken van mekaar geskei word: die woord *mede-wete* kan as geheel gesien word, maar ook as twee aparte woorde betekenis hê. Die *HAT* (2015:776) verklaar *medewete* as “kennis wat 'n mens van iets het saam met ('n) ander”, maar volgens Visagie (2015:225) dwing die invoeging van die koppelteken die leser om aan die samestellende dele *mede* en *wete* (afsonderlik) aandag te skenk. (In die digter se eie woorde is daar nie in, byvoorbeeld Engels, 'n ekwivalent vir die konsep *mede* nie: “Engels het nie iets woordvormend soos medemens, mede-deelsaam, mede-doë ens. nie” (Krog in Esterhuizen, 2014). Taljard (2014) belig ook die tema van die verhouding van die self met die A/ander in hierdie bundel en wys dat *medewete* op “medeverantwoordelikheid” dui; die “saam- of medebestaan”. Die woord *wete* dui op bewussyn of kennis en is volgens haar “kennis van die self, die A/ander en die aard en geskiedenis van ons saambestaan” (Taljard, 2014).

In Engels heet die bundeltitel *Synapse* wat op rou senupunte dui en Van Vuuren (2014) bring “grond” en “(on)mededeelsaamheid” hiermee in verband en beklemtoon hoe die digter-spreker dié twee brandpunte in die Suid-Afrikaanse politieke konteks benadruk, terwyl Viljoen op die “gekonnekteerdheid” fokus: “Die sinaps is 'n struktuur waardeur die boodskappe in die menslike senuweestelsel van die een sel na die ander gestuur word en speel 'n sentrale rol in die vorming van geheue wat in talle gedigte 'n tema is” (Viljoen, 2014a). Sy verwys na konneksies met ouers, kinders, kleinkinders, vriende, bediendes, politieke leiers en ander digters. Visagie (2015:226) ontleed die betekenis van die Griekse woord *synapsis* vanuit die *Online Etymology Dictionary* as “konjunksie” en saam met die werkwoord *synaptein* wat “omvat, saamvoeg, saambind of verbind beteken” is dit volgens hom relevant deurdat Krog 'n etiese verantwoordelikheid teenoor die A/ander in haar gedigte blootlê.

Die mens se relasie tot grond kom sterk na vore in *Mede-wete*. Die liefde vir, gekonnekteerdheid met en eienaarskap van grond (Viljoen, 2014a en Taljard, 2014), asook

postkoloniale verskille tussen plek en ruimte (Taljard, 2014) is sentrale begrippe in die bundel. Die digter-spreker beskryf die geweld en wantoestande in Suid-Afrika asook die las van kollektiewe skuld wat wit Afrikaners dra (Van Vuuren, 2014) en, soos Jacobs (2015:236) dit stel: “altyd die besinning oor ... die verband tussen grond en identiteit”. Van Niekerk (2014) maak melding van Krog se “interaksie tussen uiterstes”, naamlik haar geskiedenis as plaaskind van ’n Afrikanergesin met ’n liefde vir grond teenoor die geskiedenis van ’n “veranderde Suid-Afrika waarin lank nie alles verander het nie”.

’n Nuwe tema in Krog se oeuvre is gedigte in *Mede-wete* waarin daar konneksies op ’n kosmiese vlak verwoord word. Volgens Visagie (2015:229) is daar ’n strewe na groter eenheid met die natuur en die heelal:

Die gewaarwording van die spreker dat die informatika inhou dat sy nie meer ’n ‘noodwendigheid’ vir haar familie is nie, laat haar smag na andersoortige verbintenisse soos met die niemenslike dier wat potensieel bindings en sinapse op ’n kosmiese skaal kan fasiliteer. Die vermoede is dat daar deur die mede-wetes van ander vorme van lewe op aarde uiteindelik fundamenteel groter ontdekkings mag wag as deur die blote illusie van ’n ‘bo-aardse gloed’ wat van ’n rekenaarskerm afkomstig is. Vir ’n oomblik is dit in ‘om te ver-jy’ (bl. 46–51) denkbaar om die gesig van die geliefde te sien ‘sterrefiseer’, ‘bomefiseer’ en te ‘leueufiseer’ en daardeur iets van die ‘bo-sinnelike’ op te tel.

Die bundel, soos al haar vorige bundels, het ’n sterk outobiografiese inslag – die digter ondersoek haar eie posisie in ’n groter prentjie binne die Suid-Afrikaanse opset: hoe sy in naasteliefde teenoor verskillende kulturele, politieke en gendergroepe leef (Taljard, 2014). Buiten vir die gedigte met ’n anti-patriargale aanslag, skets sy ook die rol van sterk vroue uit haar voorgeslagte. ’n Gedig vir haar ma (“Ontwei”, bl. 103), herinner aan die gedig, “Ma”, wat sy as tiener in 1970 (*Dogter van Jefsa*) geskryf het. In “Ontwei” is die “Ma” nou ’n bejaarde siek moeder wie se verweerde liggaam weens ouderdom as weerloos en verganklik beskryf word.

4. Paul Celan (1920–1970) se tegnieke

Paul Celan (gebore in 1920 as Paul Antschel in Czernovitz in Roemenië) is ’n digter en Holocaust-oorlewende uit ’n Joodse familie. Beide sy ouers het as Jode in Nazi-kampe gesterf. Celan het aanvanklik medies in Parys studeer, maar weens die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het hy teruggekeer na Roemenië waar hy later as vertaler by ’n uitgewersmaatskappy gewerk en nog later skrywer geword het. Vanaf 1959 tot met sy afsterwe in 1970 het Celan as lektor in die Duitse Taal en Literatuur by L’École Normal Supérieure aan die Universiteit van Parys gewerk (Poetry Foundation, 2017).

Alhoewel Celan reeds op ’n jong ouderdom verskeie tale kon praat, het hy op aandrang van sy ma Duits gepraat en ook in Duits geskryf. Aan die een kant het hy ’n weersin gehad in dié taal omdat dit die taal van sy ma se moordenaars was, maar aan die ander kant was daar ook ’n liefde vir Duits omdat dit sy moedertaal was. Hy skryf veral vanaf 1959 korter gedigte wat meer gefragmenteerd is en skep as’t ware ’n vreemde taal deur sekere tegnieke te gebruik om woorde op te breek en nuwe woorde te vorm om iets “medemensliks” daaruit te kry. Dit het tot gevolg dat sy poësie meer kripties en monosillabies geraak het (Poetry Foundation, 2017).

Antjie Krog maak kennis met dié einste tegnieke tydens haar verblyf in Duitsland en maak dit haar eie nadat sy saam met Michael Fried (kunshistorikus en digter) privaat onderrig

oor die werk van Celan ontvang en van sy gedigte vertaal. In ’n onderhoud met Louis Esterhuizen (2014) noem sy hierdie tegnieke (voorbeeld uit die bundel *Selected Poems* (1996) deur Paul Celan):

- Innoverende neologismes
- Ongewone samestellings, soos *weltblind*, *mondspiegel*, *seelenhell*, *gebetscharfen*, *silben-mole*, *Herzhammersilber*, *strahlenwind*, (Celan, 1996:122, 178, 186, 202, 212, 238).
- Om ou woorde nuut te maak, byvoorbeeld die woord *ichten* (reël 8) in die gedig “Einmal” (Celan, 1996:278) wat dui op ’n werkwoord in die verlede tyd, gevorm uit die persoonlike voornaamwoord *ich* (“ek”). (Kyk addendum.)
- Morfologiese afwykinge
- Die verandering van een letter wat ’n hele woord verander, byvoorbeeld “‘Mach den Ort aus, machs Wort aus’. Deur middel van die enkele letter ‘w’ word ‘plek/oord’ ‘woord’; ‘Gedicht word Genicht’” (Krog in Esterhuizen, 2014).
- Die gebruik van foutiewe voor- en agtervoegsels.
- Grammatikafoute, die verandering van verbuigings en deur oorbekende of “besmette” woorde oop te breek en te destabiliseer.

Krog noem ’n ander voorbeeld waar Celan die woord “Menschen” in die gedig “Rauscht der Brunnen” (Celan, 1996:186) hanteer: “mit den Men, mit den Schen, mit den Menschen, ja das / mit dem Gestrüpp und mit / dem Augenpaar” en volgens haar sluit Celan aan by Levinas waarin “die oë van die ander die mensheid van die self na vore roep: ‘Ich suchte dein Aug, als du’s aufschlugst und niemand dich ansah’” (Celan, 1996:76); ook in “‘Du schlugst die Augen auf – ich sehe mein Dunkel leben.’” (Celan, 1996:80). Die digter-spreker dui aan dat die navorsing in Afrika-filosofie die verskil tussen Afrika en Europese denke uitwys, byvoorbeeld dat die “jy” veelvuldig is, soos ook die “ek” (Krog in Esterhuizen, 2014).

Ander tegnieke wat Celan gebruik, is

- Spel met kontinuïteit: die bywoord *eng-* in die eerste lettergreep van die gedig met die titel, “Engführung” (Celan, 1996:140) wat in Engels “narrow, cramped” beteken en in ’n vroeëre gedig, “Todesfuge” (Celan, 1996:62) in reël 4 voorkom: *da liegt man nicht eng* (“there you don’t lie cramped”) (George, 1997).
- Spel met sillabes en klanke: “Tiefim Schnee, / Iefimnee, / I-i-e.” (Celan, 1996:240). George (1997) beskryf die spel: “The breaking up of thought and word into their component syllables and sounds, on the surface a whimsical gesture, hides deep and unspoken resistance to the accepted ways of communication.”

Krog gebruik soortgelyke tegnieke in die laaste afdeling van *Mede-wete* in ’n gedigreëks, getiteld “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing”. Opmerklik is ’n ooreenkoms tussen die twee digters se taal: albei is deur geweld aangetas en gestigmatiseer – Krog s’n deur die apartheidsregime en Celan s’n deur die Holocaust. Krog is ook op soek na iets medemensliks en wil soos Celan haar taal transformeer om, soos sy dit stel: “’n moontlike bestaan van Afrikaans-wees van een-in-veelheid met die ander” te bewerkstellig (Van Vuuren, 2014).

5. Morfologiese sistematiek in “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing”

Soos reeds genoem, is die digterlike korpus in *Mede-wete* ’n gedigreëks wat uit vier gedigte bestaan waarvan die titel, “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing”, impliseer dat Krog

vier pogings (gedigte) aanwend om deur die taal 'n konneksie met die A/ander te vind. ('n Wordelys met 'n totaal van 196 neologiesmes uit die laaste afdeling word as addendum ingevoeg.)

Krog skep en herskep haar eie “nuwe” woorde (neologiesmes) in die bundel en enkele van hierdie skeppings is reeds in voorafgaande gedigte, soos onder meer “verlies” (bl.27), “moniaal” (bl. 41), “om te ver-jy” (bl. 46) en nog ander te bespeur. Maar dit is juis in die wending van die laaste gedigreëks waarin sy 'n “geveg” met Afrikaans aanknoop met haar “vier pogings in linguïstiese sinaps-opsporing”.

Die doel, soos reeds genoem, is om vas te stel hoe Krog in dié digterlike korpus van die bundel te werk gaan met hierdie skeppings. Hierdie navorsing maak nie aanspraak op 'n diep morfologiese of semantiese ontleding wat byvoorbeeld die metaforiek verskaf nie, maar daar word slegs op 'n basiese vlak gekyk waarmee die digter-spreker “speel” en of daar 'n morfologiese sistematiek met die vorming van hierdie woorde te bespeur is.

Vervolgens word 'n morfologiese analise aan die hand van Combrink (1990:53-85) aangebied met slegs twee verteenwoordigende voorbeelde by elke woordvormingsproses. Telkens word die gedig se titel en bladsynommer, die bladsynommer waarop die leksikale titel voorkom, die versreël en die leksikale item se nommer in die woordelys (kyk addendum) verskaf.

5.1 Afleidings

“2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas” (bl. 114)

(Bl. 115, reël 32, no. 40)

apoorte	a-	+	-poort-	+	-e
	prefiks	+	stam	+	suffiks

Morfologies bekyk, is die stam in bogenoemde nuutskepping *poort* wat volgens die *HAT* (2015:997) 'n “groot, aansienlike deurgang in 'n muur of ander soort omheining” of 'n “deurgang tussen berge” is. Die oppervlakmorfologie lei in hierdie geval egter nie net tot een lesing nie en daarom moet die betekenis ook binne die konteks van die gedig betrek word. Indien die leser *apo-* as 'n woorddeel lees wat “(tegnies) los van mekaar, apart, weg van” (*HAT*, 2015:59) beteken, ontstaan die visuele beeld van 'n deurgang tussen twee dele (berge) wat los van mekaar of apart staan. (“Apoorte” is ook 'n klankverwringing van “aparte”). Dit vorm 'n verband met die sinapsbeeld waar *sinaps* verwys na die “senselbrug” of “die aansluitingspunt **tussen** senselle” (*Pharos Afrikaans-Engels Woordeboek*, 2005:1416). Krog noem dit in hierdie tweede gedig in reël 23: “*wreedmoedige afstompings*: laat sein oor die spleet”. Van Vuuren (2014) verduidelik *apoorte* so:

Om ‘apartwees dood’ te ‘begin sê’ word in die tweede vers in dié afdeling neologiesies (deur verwringing van die kernwoord ‘apartheid’) geformuleer as ‘spoel die swoegtels van *apoorte* aardes los’. [...] Die taal as poëtikale voertuig van hierdie bewussynsveranderende, etiese en revolusionêre doel sien Krog as 'n nuwe begin met 'n ‘vuurvarende sinaps’, met opheffing van die skeiding ‘julle/ons’ in 'n eenwordende neologiesiese ‘ons’le’ (‘sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas’, bl. 114).

Alhoewel die poort in 'n omheining is of begrens word (die “ou” taal wat inklusief is), of tussen twee dele lê (swart en wit?), is dit 'n deurgang, 'n verbintenis en 'n konneksie (die nuutgeskepte taal) met iets anders (ek en die A/ander), soos wat die sinaps die verbintenis tussen senselle is: “Die sinaps is 'n struktuur waardeur die boodskappe in die menslike

senuweestelsel van die een sel na die ander gestuur word en speel ’n sentrale rol in die vorming van geheue wat in talle gedigte ’n tema is” (Viljoen, 2014a). Visagie (2015:226) sien dit as Krog se strewe in ’n etiese verantwoordelikheid teenoor die A/ander: om ’n konneksie te maak.

“4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid” (bl. 118)

(Bl. 120, reël 62, no. 187)

onvervu(a)lde	on-	+	-ver-	+	-vu(a)-	+	-de
	prefiks		prefiks		stam		suffiks

Krog maak hier doelbewus gebruik van klankomwisseling om ’n wyer betekenismoontlikheid aan die woord “onvervulde” te gee. Die leser kan ’n moontlike afleiding maak dat “onvervuldheid” ook “onvervaldheid” tot gevolg het: wanneer ’n ideaal nie vervul is nie laat dit ’n persoon met ’n blywende teleurstelling wat nie “’n vervaldatum” het nie. Hierdie betekenis stem ooreen met die teleurstelling wat die digter-spreker in die slotgedeelte van die laaste gedig ervaar wanneer die realiteit van die mens se behepthed met homself by haar opkom: “...deur botmakende self-/ omhalsings en die waan dat elkeen se onvervu(a)lde/ verhemelte *net* vir die self glief” (reël 61-63).

5.2 Samestellings

“2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas” (bl. 114)

(Bl. 115, reël 29, no. 34)

woordeskat	woord[e]-	+	-skot
	stam	+	stam

Die leser kan bogenoemde samestelling herken as *woordeskat* waarin die digter-skrywer die woord “skat” na “skot” verander met ’n nuutskepping. Die verskil tussen die betekenis van “skat” en “skot” verklaar die digter-spreker se manipulerings van dié woord. Volgens die *HAT* (2015:781) beteken *skat* ’n “groot hoeveelheid; oorvloed van (interessante, kosbare, nuwe) dinge” terwyl die verouderde woord *skot* na ’n “afskeiding” of “afskorting” verwys. In die samestelling is *woordeskat* ’n oorvloed van woorde terwyl *woordeskot* ’n “afskorting” van hierdie woorde is. Die afleiding is dat die digter-skrywer *woordeskat* funksioneel gevorm het om (net soos in “wreedmoedige afstompings”, reël 23) aan te dui dat daar nog nie ’n konneksie met die A/ander plaasgevind het nie; die sein het, soos in die sinaps, nog nie die spleet oorbrug nie – vandaar die “afskorting”. Indien die konneksie gebeur, kan die *woordeskat* ’n *woordeskat* word: ’n oorvloed van interessante, nuwe, kosbare woorde. Dit is ook wat die digter-skrywer in die laaste afdeling van hierdie bundel prakties toepas. ’n Ander afleiding is dat die woord *oorskot* in *woordeskat* verskuil is, met ander woorde ’n “oorskot van woorde”; te veel woorde wat nie meer kan doen wat die digter-spreker wil kommunikeer nie, daarom moes sy nuwes maak. *Skot* kan ook in die sin van “skoot” dui op iets wat afgevuur word (*HAT*, 2005:1024).

“4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid” (bl. 118).

(Bl. 118, reël 11, no. 130)

droomster(k)	droom-	+	-ster(k)
	stam	+	stam

In hierdie voorbeeld is daar ’n sillabeerversteuring waar ’n ekstra (opsionele) letter aan ’n bestaande nuutgeskepte samestelling gevoeg word. Die afsonderlike woorde “droom” en “ster” het volgens die *HAT* baie betekenis, maar ten opsigte van die digter-skrywer se strewe na

konneksies ook op kosmiese vlak (paragraaf 3), met ander woorde groter eenheid met die natuur en die heeal, verwys die ondersoek na die volgende betekenis wat die kosmiese tema sowel as die uitreiking na die A/ander in verband bring:

Droom: “ideaal; (mooi) gedagtes oor wat jy graag sou wou hê/doen” (*HAT*, 2015:227, 228).

Ster: “hemelligaam wat lig uitstraal” (*HAT*, 2015:1256).

Die “(k)” **versterk** inderdaad beide hierdie twee temas in “droomster(k)” en boonop geskied dit deur die taal in die nuutskepping van bogenoemde samestelling. Dit is ’n briljante wyse waarop daar slegs in een woord op drie verskillende vlakke betekenis toegevoeg word: die digter-spreker se strewende (droom) na konneksie op kosmiese vlak (ster) deur middel van ’n nuwe taal (droomster(k)). ’n Ander interpretasie is die verwysing na ’n vroulike vorm van dromer, naamlik “droomster” wat kan dui op die digter-spreker se eie drome.

5.3 Samestellende afleidings

In die volgende samestellende afleidings neem Krog woorde wat nie in bestaande samestellende afleidings voorkom nie, voeg dit bymekaar en skep nuwe samestellende afleidings wat vreemd is, maar ook nuwe betekenis tot gevolg het. Vervolgens ’n paar voorbeelde met ’n verklaring uit die *HAT* oor die betekenis daarvan:

“2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas” (bl. 114)

(Bl. 114, reël 7, no. 20)

intalige	in-	+	-ta[a]l-	+	-ig-	+	-e
	stam	+	(stam	+	suffiks	+	suffiks)

Daar word in die tweede gedig van die gedigreëks (waarin bogenoemde samestellende afleiding voorkom) gepoog om met “geforseerde” taal ’n konneksie met die A/ander te maak. In hierdie konteks praat die digter van “ons intalige kontinente” en wanneer ’n mens bogenoemde voorbeeld morfologies ontleed kan die stam *in* volgens die *HAT* (2015:499) as verskillende woordsoorte baie betekenis dra waarvan die volgende vir dié voorbeeld van toepassing is: As voorsetsel: “‘ingesluit in ...’, ‘onderhewig/onderworpe aan ...’, ‘lid/deel van ...’, ‘wat betref’ wat in die bepaling genoem word” (*HAT*, 2015:499); in hierdie geval dus kontinente wat “ingesluit” is by die taal, “onderhewig” is aan die taal, wat “lid/deel” is van die taal, of kontinente “wat die taal betref”.

As bywoord, byvoeglike naamwoord, werkwoord en woorddeel met min of meer dieselfde betekenis: “na binne toe” (*HAT*, 2015:499); ’n taal wat na binne (hart) toe gaan of wat na binne (grense) gerig is.

Taal dui op “’n spesifieke vorm van taal wat deur ’n bepaalde groep of individu gebruik word” en is die “manier waarop taalelemente gerangskik word” waardeur “kommunikasie bewerkstellig word” (*HAT*, 2015:1312). Deur die afleiding “intalige” te skep, doen die digter-spreker presies dít: sy rangskik taalelemente en skep ’n nuwe vorm van taal wat almal op die kontinent insluit (die hart sowel as grense) as ’n vernuwende vorm van kommunikasie vir almal.

“3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*” (bl.116)

(Bl. 116, reël 28, no. 84)

magnoliameelawend

magnolia-	+	-mee-	+	-la[af]-	+	-end
stam	+	(stam	+	stam	+	suffiks)

Die dubbelklank “ee” in die woord “meeleef” word deur Krog verander na “meelaaf”. Waar *meeleef* se betekenis “saamvoel met ander” (*HAT*, 2015:778) is, dui *laaf* op die aksie “om iemand beter te laat voel” (*HAT*, 2015:708). Die woord *magnolia* is afgelei van die Franse botanis Pierre Magnol se van – hy het bygedra tot die wetenskaplike kennis oor die magnolia wat nie net in spesifieke spesies nie, maar ook in “families” voorkom. Die magnolia-blom is simbool van die Yin, oftewel van die vroulike kant van die lewe (The Magnolia Flower: Its meanings and symbolism, s.j.). Dit blyk dat die digter-spreker met die “**Sleutelwoord[e]**” *magnoliameelawend* (reël 28) spesifiek verwys na die meelewing van vroue wat ’n teenpool is van die ouer mans wat sy in “**ABSTRAK 5**” beskryf as “sjarmant selfversekerd”, “bedaard roekeloos” wat “niemand tot verantwoording roep” (reëls 24–29). Die afleiding kan hier gemaak word dat vroue die geroepe spesie bo mans is om die taak van meelewing uit te voer. “Meelawend” roep ook *verslawend* op wat pas in die konteks van die ouer mans se verslawing aan mag (“tot slaaf maak; jou lewe/dade beheer”, *HAT*, 2015:1474).

5.4 Samestellende samestellings

“3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*” (bl.116)

(Bl. 116, reël 2, no. 42)

fluweeltoon-geweerskote

fluweel	+	toon	+	geweer	+	sko[o]te
(stam	+	stam)	+	(stam	+	stam)

Die eerste samestelling dui op ’n sagte klank (toon), want volgens die *HAT* (2015:286) word die woord *fluweel* figuurlik gebruik vir “iets wat weens die sagtheid of glans daarvan aan fluweel laat dink”. Dié samestelling staan in kontras met die tweede deel van die samestellende samestelling: geweeskote wat die “knal” van “die afskiet van ’n patroon met ’n vuurwapen” (*HAT*, 2015:1162) suggereer. Dit is ’n voorbeeld hoe Krog vreemde woorde met verskillende assosiasies saamvoeg in nuutgeskepte samestellings wat nuwe betekenis tot gevolg het.

(Bl. 116, reël 17, no. 69)

medekaarsbloedbewaring

mede-	+	-kaar-	+	-s-	+	-bloed-	+	bewaring
stam	+	stam	+	voegsel	+	stam	+	stam

In hierdie samestellende samestelling kan *bloed* in die tweede samestelling figuurlik na die bewaring van die “familie” of “afkoms” (*HAT*, 2015:126) van ’n persoon verwys. In die eerste nuutgeskepte samestelling *medekaars* gebruik die liriese subjek die woord *medekaar* in plaas van *mekaar* en beklemtoon sy die samehorigheidsgevoel deur *mede* in te voeg, want *mede* beteken “ook; saam”. *Medekaarsbloedbewaring* bepaal dat ons *mekaar* se afkoms moet bewaar.

5.5 Vloekwoordinlywing

’n Voorbeeld waar die digter-spreker twee woorde bewustelik reduseer en dan kombineer (reduksiesamestelling) is die woord “fokkals” in die laaste gedig op bl. 120, reël 68, no. 196:

fokkals	fokken	+	jakkals
óf			
fokkals	fokkol	+	alles

6. Enkele semantiese ontledings

Soos vroeër vermeld, word die leksikale items nie op 'n metaforiese vlak ontleed nie. Uit voorafgaande voorbeelde is dit reeds duidelik dat Krog se manipulasie of spel met woorde op só 'n wyse geskied dat dit by temas in die bundel as geheel aansluit. Dit laat selfs die suggestie dat die digter-spreker met dié temas in die agtergrond bewustelik gelei is om kreatief te werk te gaan in die woordvormingsprosesse van hierdie items.

Soos reeds genoem, kom verskeie van Krog se bekende temas van haar oeuvre weer in die bundel *Mede-wete* aan bod. Die tema wat die sterkste op die voorgrond tree, is die verhouding tussen die ek (self) en die A/ander (kulturele ander).

In 'n studie oor die begrip “interverbondenheid-tot-heelheid” in *Mede-wete* ('n neologisme deur Krog geskep wat afgewissel word met “ubuntu” en op die rol van vergifnis en versoening dui), brei Voges (2017:71) uit oor die digter-spreker se “behoefte aan interverbondenheid met die kulturele ander (tussen swart en wit mense van Suid-Afrika)”. Verskillende persone se sienings oor die begrip “ubuntu” word van nader bekyk en sy verwys onder andere na Gyekye se siening: “Personhood may reach its full realization in community, but it is not acquired or yet to be achieved as one goes along in society ... One is a person because of what one is, not because of what one has acquired” (Gyekye in Voges, 2017:8). In *Mede-wete* is Gyekye een van die “**Sleutelwoorde**” in die derde gedig van die laaste gedigreëks (bl. 116, reël 6). Interverbondenheid word op verskillende vlakke gereflekteer en in *Mede-wete* is die begrip *sinaps* in die laaste afdeling, “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing”, deurgaans 'n tema wat die konneksie belig asook die tema van interverbondenheid tussen die taal (Afrikaans) en die groter literêre gemeenskap en tussen die ek (self) en die “nie-menslike ander (in die vorm van die natuur en die kosmos)” (Voges, 2017:71).

Nog 'n bundeltema wat aansluit by die vorming van nuutgeskepte leksikale items in die digterlike korpus, is onder meer die geweld en wantoestande in Suid-Afrika wat gepaard gaan met verlies van menslikheid en die kollektiewe skuld wat dit tot gevolg het.

Vervolgens 'n paar voorbeelde uit die laaste vier gedigte wat op betekenisvlak verband hou met die belangrikste temas in die bundel, naamlik ek en die A/ander, konneksie/sinaps, konneksies deur taal en op natuur- en kosmiese vlak asook die geweld en wantoestande in Suid-Afrika. Hierdie voorbeelde belig die morfosemantiese aard van die woordkeuse se skakel met die tematiek van die bundel en die laaste afdeling.

6.1 Ek en die A/ander

“2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas” (bl. 114)

(Bl. 114, reël 5, no. 18)

gerasse	ge-	+	-ras-	+	-(s)e
	prefiks	+	stam	+	suffiks

Die stam (*ras*) in bostaande woord verwys volgens die *HAT* (2015:1034) op 'n kwetsende wyse na 'n “groep mense verbind deur 'n gemeenskaplike afkoms en gekenmerk deur min of meer vaste erflike eienskappe en ooreenkoms, veral wat voorkoms betref”. Met betrekking tot die tema in die bundel wat die meeste na vore kom, verteenwoordig Ek die groep mense met 'n wit vel en die A/ander dié met 'n nie-blanke vel, byvoorbeeld swart en bruin.

(Bl. 114, reël 16, no. 26)

sniks	snik	+		niks
-------	------	---	--	------

In hierdie voorbeeld kan twee woorde gelees word, naamlik *snik* (“hikkende geluid wat met huil gepaard gaan”, *HAT*, 2015:1196) en *niks* (“nie iets nie” of “glad nie”, *HAT*, 2015:843). Die neologisme *sniks* in die reël “sniks aan jou laat my onberoerd nie” kan op twee maniere betekenis oordra: dat *niks* aan die jou die “my” onberoerd laat nie, maar dat die *niks* terselfdertyd die “my” laat huil of *snik*.

6.2 Konneksie – Sinaps

“3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*” (bl.116)

(Bl. 116, reël 11, no. 59)

eerknopend	eer-	+	-knoop-	+	-end
	stam	+	stam	+	suffiks

Ten opsigte van die wyse waarop die liriese subjek bostaande nuutskepping aanwend, is die volgende twee betekenis van *knoop* van belang:

- ’n voorwerp aan ’n kledingstuk wat “twee pante van die kledingstuk aan mekaar” heg wanneer jy die knoop deur ’n gaatjie steek, of
- die “deel waar een of meer stukke tou ... in ’n knop vasgetrek is om ’n las/verbinding te verkry” (*HAT*, 2015:646).

In die konteks van die gedig moet die hegting of verbinding (konneksie) op ’n manier geskied waarop “agting bewys” of “eer betuig” word (*HAT*, 2015:242).

“4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid” (bl. 118)

(Bl. 119, reël 44, no. 166)

getweë	ge-	+		-tweë
	prefiks	+		stam

Tweë is ’n meervoud van die telwoord *twee* (*HAT*, 2015:1377) en in reël 44 en 45 (“die begin van getweë / asem”) dra *tweë* die boodskap oor dat die mens in groepe (meer as een) sal saamleef. *Getweë* laat dink ’n mens aan *gedweë* wat “stil en altyd gewillig om iemand te gehoorsaam; inskiklik” beteken (*HAT*, 2015:313). Deur laasgenoemde woord by te trek, kan die leser spekuleer dat die mens nie net in groepe sal saamleef nie, maar ook *gedweë* (insiklik) sal saamleef omdat hul moeg is van die *tweestryd*.

6.3 Konneksie deur taal

“3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*” (bl.116)

(Bl. 116, reëls 7 en 8, no. 53)

morfeem-oopborend

morfeem-	+	-oop-	+	-boor-	+	-end
stam	+	stam	+	stam	+	suffiks

Reeds in die motto-gedig (bl. 111) van die laaste gedigreëskryf die digter-spreker oor “die oopboor van verstopte sillabes”. Sy span werkwoorde in wat ooreenstem met die werksaamhede in ’n werkwinkel wanneer sy “sillabes” wat “verstop” is wil “oopboor”, ’n “uitgebrande tweeklank” wil “verstel” en “medeklinkers” wil “afsaag” sodat daar “lug” kan “instroom” op die “erbarmlose verstokte ou woorde”. Sy wil ’n “nuwe taal” skep met “’n nuwe geluid” en hierdie taal sal “omgee omgewend apartwees dood begin sê”. In hierdie gedig spesifiseer sy dat daar tot in die “kleinste strukturele deeltjie van ’n woord wat betekenis het en nie in kleiner deeltjies met betekenis opgebreek kan word nie” (*HAT*, 2015:812) deurgedring sal word.

(Bl. 116, reël 10, no. 56)

etiserende	eti[e]s-	+	-e[e]r-	+	-end-	+	-e
	stam	+	stam	+	suffiks	+	suffiks

Visagie (2015:226) skryf dat Krog die rol van vertaling in die oorbrugging van kulture belangrik ag: “Die verkenning van onderlinge verbondenheid sluit aan by die hoë premie wat Krog in haar werk heg aan die etiese verantwoordelikheid teenoor die ander.” Die *eti[e]s* in die voorbeeld van “die etiserende tong” het twee moontlike betekenis:

a) ’n Tong wat die *etiese* (“wat betref die etiek/sedewette; sedekundig; sedelik”, *HAT*, 2015:268) *e[e]r*.

b) *Eti-* kan dui op *etimologie* wat die “geskiedenis van ’n woord met aanduiding van sy oorsprong en ontwikkeling in vorm en betekenis” of “woordafleiding” is (*HAT*, 2015:268) en sluit aan by temas soos herkoms, eer en etiek in die laaste afdeling. Elkeen van bogenoemde voorbeelde hou verband met die taal.

6.4 Konneksies op natuur- en kosmiese vlak

“2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas” (bl. 114)

(Bl. 115, reël 30, no. 36)

aar-eerde	aar-	+	-eer-	+	-de
	stam	+	stam	+	suffiks

In bogenoemde afleiding blyk dit dat die stam *eer* in die woord *aarde* gevoeg word en die leser lei om die afleiding te maak dat die aarde geëer moet word, of dat dit ’n geëerde aarde is. Op nog ’n vlak kan die betekenis van *aar*, naamlik “deel van ’n plant ... waarop die saad/korrels verskyn” asook “buis waardeur bloed van die weefsels en organe na die hart teruggevoer word” (*HAT*, 2015:14) impliseer dat die aarde hoog gegag moet word vir dié eienskappe wat ooreenstem met ’n *aar*, naamlik die draer van (nuwe) lewe.

“4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid” (bl. 118)

(Bl. 118, reël 23, no. 147)

bloedbeeks	bloed-	+	-beek-	+	-s
stam	+	(stam	+		suffiks)

Bloedbeeks word in gedig 4 as ’n byvoeglike naamwoord gebruik in “en iets wat voorlopig bloedbeeks splint”. Waar *splint* na die gebreekte hout (boom) verwys, beskryf *bloedbeeks* die splint soos ’n “stroompie” (*HAT*, 2015:86) bloed. *Bloed* kan op ’n figuurlike vlak ook beteken dat die digter-spreker en die boom “familie” of van dieselfde “afkoms” is (*HAT*, 2015:126). Volgens Smith (2016:1221) is dit die “bloedgreep” wat tussen die boom se wortels lê waarmee Krog haarself as “oplosbaar/vervangbaar” sien.

6.5 Geweld en wantoestande in Suid-Afrika

“1. in gebreke bly binne-aars” (bl. 112)

(Bl. 113, reël 34, no. 16)

vierkamervuis	vier-	+	-kamer-	+	-vuis
	stam	+	stam	+	stam

Bostaande neologisme roep die woord “vierkamerhuis” in die geheue op, maar waar *huis* ’n plek is waar jy jou toevlug vind en geborge voel, verander *vuis* die emosionele verbintenis na

iets gewelddadig. Die *vier kamers* kan ook na die hart se vier kamers verwys, maar in hierdie konteks is die hart dan 'n vuus. Is dit dié vuus wat met geweld die ek en die A/ander skei om in aparte kamers te bly, byna soos die driekamerparlement in die apartheids-era?

“2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas” (bl. 114)

(Bl. 114, reël 5, no. 19)

stroomkrenng	stroom-	+	-krenng
	stam	+	stam

In hierdie tweede gedig van die laaste afdeling skryf die liriese subjek in reël 3–5: “hoor jy my grabbel / in hegge in omhagte heinings in papiere / gerasse en die stroomkrenng van harsings”. Die stam *stroom* verwys op 'n figuurlike wyse na 'n “voortbewegende menigte” of letterlik na 'n “rivier; spruit” (*HAT*, 2015:1281) terwyl *krenng* 'n “kadawer” (Coetzee, 2009:160) of “dooie dier in 'n staat van ontbinding” (*HAT*, 2015:686) impliseer. Dus 'n stroom mense wat voortbeweeg, maar eintlik reeds dood is – dié stroom mense se harsings is reeds in 'n staat van ontbinding. 'n Ander betekenisopsie van *krenng* is wanneer 'n mens 'n skip “laat oorhel op een kant vir herstel” wat impliseer dat beskadiging plaasgevind het. Selfs die woord *krenk* se betekenis van “geestelike pyn aandoen; beledig; grief; seermaak” (*HAT*, 2015:686) sluit aan by die proses van aftakeling, hetsy fisies of geestelik. In Nederlands is daar nog 'n betekenis van *krenng*, naamlik “gemene vrou” of “teef” (Martin, 2011:932).

7. Slot

Uit die morfologiese analise van verteenwoordigende voorbeelde uit die laaste gedigreeks in *Mede-wete* kan die leser aflei dat Krog op 'n bepaalde wyse te werk gaan ten opsigte van leksikale vernuwing deurdat sy bestaande woorde “verwring” en “omvorm” of nuwes skep om betekenis oor te dra. Dié patroonmatige tegnieke wat sy gebruik, stem ooreen met dié van Celan (waarmee sy kennis gemaak het en waarin sy tydens haar verblyf in 2008 in Duitsland privaat onderrig ontvang het). Krog gebruik ook (soos Van Niekerk in *Kaar*) soortgelyke tegnieke om die taal te vervorm en 'n mineurtaal te skep wat aan haar 'n platform bied om opinies oor politiek-georiënteerde onderwerpe te lug en 'n hele groep mense te kan verteenwoordig (Stander, 2012:41). Pieterse is van mening dat “net soos die doel van die mineur in musiek is om die refrein – die konstante in musiek – te deterritorialiseer, is die doel van mineurliteratuur om die konstante in taal te laat varieer” (Pieterse, 2017:377).

Uit die navorsing van hierdie artikel is die volgende bevindings afgelei ten opsigte van die morfologiese vernuwing wat Krog toepas:

- Die toevoeging van 'n suffiks of bloot 'n ekstra letter of klank aan die einde van 'n bestaande woord wat die oorspronklike woord se betekenis verander, byvoorbeeld *verdorb*, *droomster(k)*, *vervoerd*, *gewor(d)p*.
- Vokaalverandering binne-in die woord wat tot 'n nuwe betekenis lei, maar ook die oorspronklike betekenis van die woord (voor vokaalverandering) suggereer, byvoorbeeld *medemanslik*, *kwats*, *aanvellende*, *w(a)onde*, *enkelha(o)ltes*, *selfomhalsings*, *onvervu(a)lde*, *ontkannend*.
- Die invoeging van 'n medeklinker (tussen hakies) binne-in 'n woord wat die leser met twee opsionele keuses met twee verskillende woordbetekenisse laat, byvoorbeeld *elk(h)aar-wees*, *medel(j)y*, *heelhei(l)dswordende*, *op(p)erlug*, *verb(l)ind*.

- Die samevoeging van bekende woorde tot nuwe kombinasies. Dit gaan hier om die opheffing van die arbitrêre en konvensionele aard van woorde/stamme sodat 'n nuwe kombinasie 'n nuwe en dus nie-konvensionele betekenis kan skep vir slegs die konteks van die gedig, byvoorbeeld *woordeskot*, *laafhê*, *oorlag*, *boomwees*, *skepstort*.
- Die samevoeging van vreemde woorde met verskillende assosiasies in nuutgeskepte samestellings wat nuwe betekenis tot gevolg het, byvoorbeeld *fluweeltoon-geweerskote*, *medekaarsbloedbewaring*, *leegsmoedvendetta*.
- Die gebruik van 'n woord in sy morfologiese vorm waarin daar 'n ander woord skuil wat nie in die morfologiese analise voorkom nie, byvoorbeeld *-rooi-* in *dagga-prooiogend*.
- Die gebruik van deelwoorde en adjektiewe met *-end*-uitgange, byvoorbeeld *nuutwoordend*, *middelurgvlietend*, *magnoliameelawend*, *sorgasemend*.
- Die skep van ongewone werkwoord-nuutskappings deur die werkwoordvormende afleidingsmorfeem *ver-* te gebruik, byvoorbeeld *vergras*, *vermier*, *verwolk*, *ver-swatwitpens*.
- Die gebruik van reduksiesamestelling deur een of albei woorde te reduseer en dan te kombineer wat 'n nuutskapping tot gevolg het, byvoorbeeld *ons 'le* (*ons* + *julle*), *honger 'le* (*honger* + *hulle*) en *nywerig* (*nydig* + *ywerig*).

Na aanleiding van die bevindings oor die prosesse wat Krog gebruik het asook Combrink (1990:81) se siening dat “skepping pas ter sake [word] wanneer dit gepaard gaan met sistematiek”, toon die artikel aan dat daar beslis 'n morfologiese sistematiek in die vorming van Krog se morfologiese vernuwing is. Die afleiding is dat daar soms wel gryns areas is waar die leser nie met sekerheid kan bepaal of die digter-skrywer net intuïtief te werk gegaan het en of sy 'n sistematiek gevolg het nie. Dit is duidelik dat Krog deur woordspel leksikale items spesifiek so manipuleer dat die nuutskappings se betekenis inpas by die tema van elke gedig en ook by die temas van die bundel as geheel. Hierdie leksikale vernuwing is die resultaat van 'n tussenspel tussen morfologiese geleidingspatrone en semantiese taalspel (betekenismanipulasie weens morfologiese ingreep) en maak dit moontlik om 'n nuwe taal te skep wat, binne die tematiek van die gedigte en die bundel, alles en almal in die nuwe Suid-Afrikaanse bedeling insluit.

BIBLIOGRAFIE

- Blum, P. 1955. *Steenbok tot poolsee*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel Beperk.
- Breytenbach, B. 2007. *Die windvanger*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, B. 2019. *op weg na kû*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brink, AP. 2008. *Groot verseboek. Deel 2*. Eerste uitgawe in drie dele. Kaapstad: Tafelberg.
- Celan, P. 1996. *Paul Celan. Selected poems. Translated with an introduction by Michael Hamburger*. London, New York, Victoria, Ontario, Auckland: Penguin Books.
- Combrink, JGH. 1990. *Afrikaanse morfologie – Capita Exemplaria*. Pretoria: Academica.
- Coetzee, A. 2009. Die vlugtige taal van vergeet: Die metafoor by Breyten Breytenbach. *Tydskrif vir letterkunde*, 46(2):150-168.
- Esterhuizen, L. 2014. “Die verweerde liggaam vertaal haar ontologie”. [Intyds]. Beskikbaar: <http://versindaba.co.za/tag/mede-wete/> [2018, November 25].
- George, EE. 1997. Language and the Holocaust: reflections on the poetry of Paul Celan. *Michigan Quarterly Review*, 36(3). [Intyds]. Beskikbaar: <http://hdl.handle.net/2027/spo.act2080.0036.318> [2021, Februarie 26].

- Gouws, RH & Odendal, FF. (reds.). 2005. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde uitgawe. Kaapstad: Pearson Education South Africa.
- Gouws, RH, Luther, J & Pheiffer, F. (reds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson Holdings (Edms.) Bpk.
- Houtum, HJ. 2010. *Deterritorialization*. [Intyds]. Beskikbaar: <https://repository.ubn.ru.nl> [2021, Januarie 15].
- Jacobs, Ihethe. 2015. Resensie. *Mede-wete* (Antjie Krog). *Tydskrif vir letterkunde*, 52(2):235-236.
- Krog, A. 2014. *Mede-wete*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Krog, A. 2022. *plunder*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Martin, Willy. (red.). 2011. *Groot Woordeboek – Afrikaans en Nederlands (deur Pharos Woordeboeke)*. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Pharos Afrikaans-Engels / English-Afrikaans Woordeboek Dictionary*. 2005. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Pieterse, HJ. 2017. Variasie en variëteit: 'n Voorlopige verkenning van die voorkoms en funksie van taalvariëteite in *Kaar* (Marlene van Niekerk). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1):369-386.
- Poetry Foundation – Paul Celan. 2017. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.poetryfoundation.org/poets/paul-celan> [2018, Februarie 12].
- Smith, Susan. 2016. “Landskapverinniging” as sentrale motief in die gedig “tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid” in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-2):1213-1226.
- Stander, AS. 2012. Taal wat stamel, stotter en struikel: Marlene van Niekerk se *Die sneeuslaper* (2010) as mineurletterkunde. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. [Intyds]. Beskikbaar: <http://hdl.handle.net/10019.1/20061> [2018, April 2].
- Taljard, M. 2014. *Resensie: “Mede-wete” (Antjie Krog)*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://versindaba.co.za/2014/12/08/resensie-mede-wete-antjie-krog/#more-55426> [2018, Desember 08].
- The Magnolia flower: its meanings and symbolism*. s.j. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.flowermeaning.com/magnolia-flower-meaning/> [2018, Desember 14].
- Van Niekerk, J. 2014. Lewe sonder wete van ander – Resensie van *Mede-wete* deur Antjie Krog. *Rapport*. 7 Desember. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.netwerk24.com/vermaak/2014-12-07-lewe-sonder-wete-van-ander> [2020, September 5].
- Van Niekerk, Marlene. 2013. *Kaar*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van Vuuren, Helize. 2014. *LitNet Akademies-resensie-essay: Mede-wete deur Antjie Krog*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-mede-wete-deur-antjie-krog/> [2018, Desember 3].
- Viljoen, Louise. 2014a. Resensie: Antjie Krog – *Mede-wete*. *Die Burger*. 13 Desember.
- Viljoen, Louise. 2014b. *Die mond vol vuur. Beskouings oor die werk van Breyten Breytenbach*. Stellenbosch: Sun Media.
- Viljoen, Louise. 2016. Antjie Krog’s *Mede-wete / Synapse* as a challenge to new ways of comparative reading. *Literator*; 37(1). [Intyds]. Beskikbaar: <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v37i1.1271> [2018, Julie 21].
- Visagie, A. 2015. Sinaps-opsporing tussen self en ander in Antjie Krog se *Mede-wete* (2014). *Tydskrif vir letterkunde*, 52(2):225-234.
- Voges, R. 2017. Die hantering van die begrip ‘interverbondenheid’ in Antjie Krog se bundel *Mede-wete* (2014). Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. [Intyds]. Beskikbaar: <https://scholar.sun.ac.za> [2020, Oktober, 26].

ADDENDUM**Einmal**

- 1 EINMAL,
 2 da h orte ich ihn,
 3 da wusch er die Welt,
 4 ungesehn, nachklang,
 5 wirklich.
- 6 Eins und Unendlich,
 7 vernichtet,
 8 ichten.
- 9 Licht war. Rettung.

1.**in gebreke bly binne-aars**

(In strange yourself, /deeper: Paul Celan)

- 1 wanneer ontbinding soos refreine onhoudbaar binne-aars tap
 2 skroei heimwee brandstroke om dit wat kon wees:
 3 orberende hart van die heuninglyf eens en maanhaar
 4 o  heilhappend uit die slankheid van witstinkhouthalse
- 5 tong gevolmag
 6 die son sniert
 7 die nagberg nerts
- 8 haelwitogig die ek in die vlamstippekleem van die groot luister
 9 om knalbenig te leef op die volle omgee af hosanna en here
- 10 die aarde het ek in my mond geneem. ’n verhewigde land
 11 probeer begryp. daarvan herstel ek nie weer nie
- 12 nog van die gebral
 13 van oorhoofse manlikheid
 14 nog van die raafgier
 15 van geldgrabbelary
- 16 nog van mense versug tot bestuurde verhongering
 17 die waarheid wou ek bestek die ondiep oopkap
- 18 die onmededeelsames vergruis die ineengeklaagdes
 19 tot integrasie bevry ’n klipkapper wees
- 20 ’n priesteres van stof
 21 ’n vorm-eter

- 22 'n regentes van
 23 aardkorsbemming in
 24 universums van omgee
- 25 maar my eie verrotting huigel nie, is nie skroomvallig nie
 26 dit kyk mens al hoe omvattender aan – hou
- 27 die hibriede moree-arm hart die lamhangende slagtersarm
 28 die keelvel van as al hoe hitsiger dop
- 29 in traë sterrewaas
 30 gryp sterflikheid
 31 hinnikend
 32 deur my heen
- 33 ek hang met my hand aan my enigste téénwees:
 34 die hortende donker dahlia-ge vulde vierkamervuis

2.

sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas

- 1 hoor jy my
 2 jy wat julle/ons is
- 3 hoor jy my grabbel
 4 in hegge in omhagte heinings in papiere
 5 gerasse en die stroomkrenge van harsings
- 6 jy laaf op die uitroffelende ente
 7 van ons intalige kontinente –
 8 daar waar ons losgeskaar is
 9 eens toe ons retinas mekaars was
 10 eens voor ons andersheem begin bloei het
 11 eens toe ons elk(h)aar-wees moontlik was
- 12 hoor jy my?
 13 jy wat julle/ons is
- 14 my bannendste buig in my my binneste
 15 moet bagger in buigtes onnegeerbare bogte want
 16 sniks aan jou laat my onberoerd nie
- 17 kom ons begin weer as vuurvarende sinaps
 18 jou'le wolkheid en ons'le stof
 19 sandklip sling fyn traseer mier'le ons'le wange
- 20 hoor jou'le my?
 21 jy wat ons'le is

- 22 as weggeskrote sompige lewers leef ons
 23 wreedmoedige afstompings: laat sein oor die spleet
 24 alle jou'le ons'le alle aard'le arm'le honger'le
 25 asmekaar waks ons'le almals voete voer mekaars monde
 26 vervullings van meesalwing
 27 voort in erbarmde armadaskes sterre
- 28 dit wat anders ek'le gryp die ons'le
 29 in 'n nuwe woordeskot van etaak
 30 ons knal gans die aar-earde tot kielblou-klank
- 31 (hoor jy die nuwe-nuwe die safte hoe verlosbluffend
 32 spoel die swoegtels van apoorte aardes los?)

3.

ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*

Nur die Hoffnung kauert erblindet im Licht.
 Ingeborg Bachmann

- 1 **ABSTRAK 1:** die keelafgesnyde woord die onskuldige land die sintaksis met
 2 ou bloed aan gammele fluweeltoon-geweerskote en die gevilde baard oprillend
 3 roofsguskitterend tydens slordige gebede o plekke van stilstand en besweke
 4 ingewande? Doodsbringdommende wange skrielpuisterig daggaprooiogend
 5 tankwiegend
 6 **Sleutelwoorde:** loodklotend medemanslik kamoefleertierend Gyekye
- 7 **ABSTRAK 2:** verse in hul eie universums van verminkte sintaksis morfeem-
 8 oopborend nuutwoordend binne ou vokaalgerasde asemes vertaling word
 9 ekstensie en radikale voorwaarde vir begrip lees is om te vertaal? dit rus nooit
 10 maklik op die etiserende tong
 11 **Sleutelwoorde:** taalheiningknotting Celan etiesentrifugaal eerknopend
 12 versterrend
- 13 **ABSTRAK 3:** vuur wat nie uitbrand haar hare gregoriaans gegrint digstruikend
 14 as takkies verdorb ontluisterd kwats die berk gragontgogelde warhede die af-
 15 gemete gang van wanhoop vat net vát aan my asof blindvingerpuntend on-
 16 ontkinde berou 'n stuk sterwing
 17 **Sleutelwoorde:** medekaarsbloedbewaring middelmurgvlietend laafhê
 18 grondifiseer
- 19 **ABSTRAK 4:** nooit verlaat sy oë haar mond nie sy's bewus van te veel bloed
 20 in haar lippe 'n mondholtelessness sy's woord-artikulerende asof in gesprek
 21 met sy oë as sy nou haar tong? wegdraaiend 'n glas pynvaart
 22 **Sleutelwoorde:** medel(j)yde loefagtervolgde weerskynsbedier aanvellende
 23 een-in-vele

24 **ABSTRAK 5:** daar's iets aan ouer mans 'n sjarmante selfversekerdheid? 'n
 25 bedaarde roekeloosheid? hul weerlose wangteerheid ont-engende ooglede
 26 eis niks breek niks roep niemand tot verantwoording hy bemin met byna
 27 treurende wenkbroue wat onverwags voor hom staan
 28 **Sleutelwoorde:** heilspreekgelommerd magnoliameelawend oorlag
 29 medemenses

30 **ABSTRAK 6:** mensdeurwraakte gewrig van die wêreld ademloospêrelend tou
 31 woordwrakke gedigte skeur oor die blaaï waaruit dialoë wel voltydsvallende
 32 blare? die gebou oorkant sigbaarder iemand maak 'n venster oop eensaamheid
 33 hang altyd vernullend aan die elmboë
 34 **Sleutelwoorde:** leegsmoedvendetta oewer- en eweningloos Carson
 35 meegevoelfalend

36 **ABSTRAK 7:** die afrikaanse letterkunde sinkshackend almal hurk op die
 37 grondvloer druk mekaar vir ekstra beenspasie nou en dan pluk iemand die
 38 blikdeur oop is julle wragtig nog hier? iemand sing yoohotohoo iemand molm
 39 'n ander kakkerlakend
 40 **Sleutelwoord:** medeklinkermedepligtigheid bobeenversitters-in-
 41 krimpemde-taal oud-ontogend

42 **ABSTRAK 8:** méér is nodig in dié kakebeen van haat as vlerkskarnierende
 43 hiernamaalse mense droom nie meer geregtigheid nie maar rykdom? ag
 44 om droesemtoe deurspriet te voel deur elke menselied en hoe jou huid
 45 sorgasemend afgronde dek
 46 **Sleutelwoorde:** evangaliesmedesleurend wanhoopsepifanie Hinsey
 47 rullieswart sneeubrei plantliks

48 **ABSTRAK 9:** die gesig onthuts my die inval van jou oë: onderbreek my
 49 wees hou my in kruisverhoor spreek geregtigheid gaan my begrip vooraf
 50 is die voorportaal van my verwildering die oog-issigheid 'n kleed van bevel:
 51 voldoen!
 52 **Sleutelwoorde:** ontLevinas binêrevermyding ademdeurwaks mededoog

53 **ABSTRAK 10:** ek hu 'n onnamaakbare boom my egbindelik benaamde?
 54 haar bedagse asemblissing op my skouers ek's jags op haar aflaaf haar tong
 55 in my oor pluk 'n brandende lont deur my harskings vryvuurwirrkaatsend
 56 vlamtasbaarste my. goddin
 57 **Sleutelwoorde:** vergras vermier verwolek verswartwitpens //Kabbo
 58 landskapverinniging enkelmensvel-opgee-end

4.

tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid

1 *(die onkwantifiseerbare)*
 2 my liggaam leer geleidelik die ontologie van ansigbaarheid
 3 lees om sodoende met heelhei(l)dswordende vibrasies

- 4 as permanente onsekerheid op asem te kom van ons
 5 op(p)erlug en allenighede wil my oë slegs: die wees
- 6 en die radelose gryp van mortaliteit
 7 begin sysnap as 'n soort onfinaliteit
- 8 (*die kritieke vraag*)
 9 :die berg strik die kleur van gestoofde pienkgeprikte kweper
 10 in ons midde-syn is die skielik onkodeerbare pyn
 11 wat ek voel bloot 'n droomster(k) self wat stramlighouend wrik?
 12 of dalk tiperend van 'n elektromagnetiese hart?
- 13 is dit onmoontlik om uit te reik as 'n word-
 14 deurwarde maar waastulpende
 15 oneindigheidsverbondte mens gebenig
 16 bevlesig en vervoerd tot in die nano-ste nanonietjie-gebed?
- 17 want wat de fok anders bedoel die inhomse filosowe?
 18 is dit dit?
- 19 (*definiërings van onderlinge verbinding*)
 20 jirre my takkerasie my boomlinggeliefdeste –
 21 hoe sjarmantogig waak jou allesherstellende begrip
 22 van boomwees molmneutig mosbassig
- 23 en iets wat voorlopig bloedbeeks splint
 24 ek is daar in
- 25 én jy jy's opgeraap tot die radiogolwe van wesenheid
 26 ook besig om veelwees te huidig om heelsaamheid
 27 van al ons wesende gewordendes van klip
 28 tot tjiip te bedadig van reënstrekking tot ribsterglip
- 29 (*vraag oor metodologie*)
 30 ek moet julle bly pla my verbonde verbande
 31 soos ek probeer ontsnap uit die enkele mond van w(a)onde
- 32 (*'n verontrustende postulaat*)
 33 want dit is natuurlik die hoop: die vrymaakende kantelduik
 34 die salige sillabe opstygend vanuit die enkelha(o)ltes die banier
 35 van iets méer as invoelende verbeelding méer as erbarming as
 36 met. goedgeefs soos eiers 'n deursinggewende klier bytsoda-
- 37 oop die ooreep die skepstort die snikstase
 38 van die vrymaak-verslinding na veelvoud [] []
 39 die mirakelmakendheid daarvan dat dit die hoop is
 40 die onder oë sien die verb(l)ind word

- 41 *(teorie anderkant die sogenaamde aard van denke)*
 42 tot in-sig wees: ek is [] die bedelaar ek *praat* leeu [] ek
 43 sneeu ek [] hoor die boom teen die saag skreeu – onverleë
- 44 die einde van liedletsels en die begin van getweë
 45 asem klein jasmynjort nywerig en windversnik
 46 soveel meer as mensestemme val ons voddies binne
 47 ons móét God ry tot hy mak is en ons weggee
- 48 as ademloos lig-wigtiges aan die tampende skyn
 49 van wimpelvlerknaguile skil wat ver-een
 50 verru jou hare in die skokmat-sig van groen
 51 om die geskiedenis van soomloses te vernu
- 52 *(uiteindelike kwalitatiewe diskoers)*
 53 so word die weerloosheid van alles onverduurbaar en dis
 54 goed – jy voel die dun danheid van eweningspunt en newel-aar
- 55 aflosbaar is ons gewor(d)p: die koedoe tgrrrt ons voor
 56 'n aarbewing hort die klip radar mis die boom
 57 whsspp die bloedgreep wat tussen sy wortels begrawe
 58 lê die ster maak gereed om met ons harte te stip
- 59 *(voorspraakmakende interpretasie)*
 60 ons hoor dit nie ons probeer van mekaar wegstammel
 61 deur handgooiende hatery deur botmakende self-
 62 omhalsings en die waan dat elkeen se onvervu(a)lde
 63 verhemelte *net* vir die self glief
- 64 ons bly in die graan-roggelende kore van duiwe in-tuur
 65 stiks ontkannend dat ons slymlywende lewe heelalwyend
 66 van hartkleur *wil* wees – (ons behoort uitgeroei te word lief
 67 as sintuiglose haatdorwende gierskytende bokse
 68 goedskikse fokkals)

WOORDELYS“1. in gebreke bly binne-aars”

(Bladsy 112)

1. orberende
2. heilhappend
3. witstinkhouthalse
4. sniert
5. nagberg nerts
6. haelwitogig
7. vlamstippekleem
8. knalbenig
9. raafgier
10. geldgrabbelary
11. ineengeklaagdes
12. vorm-eter
13. aardkorsbeminning

(Bladsy 113)

14. hibriede moreel-arm hart
15. lamhangende slagtersarm
16. vierkamervuis

“2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas”

(Bladsy 114)

17. omhagte
18. gerasse
19. stroomkreng
20. intalige
21. losgeskaar
22. mekaars
23. andersheem
24. elk(h)aar-wees
25. bannendste
26. sniks
27. jou’le, ons’le, aard’le, arm’le, honger’le, ek’le, mier’le
28. sompige
29. almals
30. asmekaar
31. mekaars
32. meesalwing
33. armadaskes

(Bladsy 115)

34. woordeskot
35. etaak
36. aar-eerde
37. nuwe-newe
38. verlosbluffend
39. swoegtels
40. apoorte

“3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*”

(Bladsy 116)

41. gammele
42. fluweeltoon-geweerskote
43. oprillend
44. roofsugskitterend
45. besweke
46. doodbringdommende
47. skrielpuisterig
48. daggaprooiogend
49. tankwiegend
50. loodklootend
51. medemanslik
52. kamoefleertierend
53. morfeem-oopborend
54. nuutwoordend
55. vokaalgerasde
56. etiserende
57. taalheiningknotting
58. etiesentrifugaal
59. eerknopend
60. versterrend
61. digstruikend
62. verdorb
63. ontluisterd
64. kwats
65. gragontgogelde
66. warhede
67. blindvingerpuntend
68. on-ontkinde
69. medekaarsbloedbewaring
70. middelmurgvlietend
71. laafhê
72. grondifiseer
73. mondholtelossigheid
74. woord-artikulerende
75. pynvaart
76. medel(j)y
77. loefagtervolgde
78. weerskynsbedier
79. aanvellende
80. een-in-vele
81. wangteerheid
82. ont-engende
83. heilspreekgelommerd
84. magnoliameelawend
85. oorlag
86. medemenses

(Bladsy 117)

87. mensdeurwraakte
88. ademloospêrelend
89. woordwrakke
90. voltydsvallende
91. vernullend
92. leegsmoedvendetta
93. oewer- en eweningloos
94. sinkshackend
95. yoohotohoo
96. kakkerlakend
97. medeklinkermedepligtigheid
98. bobeenversitters-in-krimpemde-taal
99. oud-ontongend
100. vlerkskarnierende
101. droesemtoe
102. deurspriet
103. sorgasemend
104. evangaliesmedesleurend
105. wanhoopsepifanie
106. rulleswart
107. sneeubrei
108. plantliks
109. oog-issigheid
110. ontLevinas
111. binêrevermyding
112. ademdeurwaks
113. mededoog
114. egbindelik
115. asem Blossing
116. harskings
117. vryvuurwirrkaatsend
118. vlamtasbaarste
119. goddin
120. vergras, vermier, verwoek, verswartwitpens
121. landskapverinniging
122. enkelmensvel-opgee-end

“4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid”

(Bladsy 118)

123. ansigbaarheid
124. heelhei(l)dswordende
125. op(p)erlug
126. sysnap
127. pienkgeprikte
128. midde-syn
129. onkodeerbare

130. droomster(k)
131. stramlighouend
132. word-deurwarde
133. waarstulpende
134. oneindigheidsverbondte
135. gebenig
136. bevlesig
137. vervoerd
138. nano-ste nanonietjie-gebod
139. inhomse
140. takkerasie
141. boomlinggeliefdeste
142. sjarmantogig
143. allesherstellende
144. boomwees
145. molmneutig
146. mosbassig
147. bloedbeeks
148. wesenheid
149. veelwees te huidig
150. wesende gewordendes
151. tot tjilp te bedadig
152. van reënstrekking tot ribsterglip
(Bladsy 119)
153. w(a)onde
154. enkelha(o)ltes
155. invoelende
156. deursinggewende
157. bytsoda-oop
158. opreep
159. skepstort
160. snikstase
161. vrymaak-verslinding
162. mirakelmakendheid
163. verb(l)ind
164. in-sig wees
165. liedletsels
166. getweë
167. jasmynjort
168. nywerig
169. windversnik
170. lig-wigtiges
171. tampende
172. ver-een
173. verru
174. skokmat-sig
175. danheid

176. eweningspunt
177. newel-aar
178. gewor(d)p
179. tgrrt, whsspp
180. aarbewing
181. hort
182. bloedgreep
(Bladsy 120)
183. wegstammel
184. handgooiende
185. botmakende
186. selfomhalsings
187. onvervu(a)lde
188. graan-roggelende
189. in-tuur
190. stiks
191. ontkannend
192. slymlywende
193. heelalwyend
194. haatdorwende
195. gierskytende
196. fokkals

'n Vergelyking tussen verwante tale, insluitende Bildts en Afrikaans

A comparison between related languages, including Bildts and Afrikaans

MARIËTTA ALBERTS

Voormalige Direkteur: Terminologie en Standaardisering

Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad

Suid-Afrika

E-pos: albertsmarietta@gmail.com



Mariëtta Alberts

Die't syn aigen taal fersmyt, raakt syn diepste wezen kwyt.

MARIËTTA ALBERTS begin haar loopbaan in 1971 as terminoloog by die Taaldiensburo in die destydse Departement van Nasionale Opvoeding. Sy dien onder meer as sekretaris van die Koördinerende Vaktaalraad en as lid van die taal-taakgroep LANGTAG. In 1982 aanvaar sy 'n pos by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en doen as hoofnavorser navorsing oor leksikografie, terminologie en rekenaarlinguistiek. Sy keer in 1995 terug na die Nasionale Terminologiediens en stel o.m. die konsepwetgewing vir die instelling van die nasionale leksikografiese eenhede op. In 2000–2001 neem sy vir bykans twee jaar as kantoorhoof waar. In 2001 word sy by die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad aangestel as bestuurder van die nuutgestigte nasionale leksikografiese eenhede. Sy gee by verskeie staats- en tersiêre instansies opleiding in terminologie en terminografie. By haar aftrede was sy Direkteur: Terminologie en Standaardisering. Sy was 'n stigters- en bestuurslid van Afrilex, dien in ISO/TC 37 en SABS/TC 37, en was vise-president van Infoterm. Sy ontvang erelidmaatskap van Infoterm, Afrilex en Prolingua. As Taalkommissielid ontvang sy die CJ Langenhovenprys (2003), 'n ATKV-Woordwystoekening (Woordveertjie) (2006) en die CL Engelbrechtprys (2009). As lid van vakwoordeboekspanne ontvang sy die Stalsprys (2011), ATKV-Woordwystoekennings (Woordveertjies) (2008;

MARIËTTA ALBERTS started her career as terminologist in 1971 at the Language Services Bureau in the then Department of National Education. She served as secretary of the Coordinating Terminology Board (COTERM) and as a member of LANGTAG (Language Task Group). In 1982 she accepted a position at the Human Sciences Research Council as chief researcher of lexicography, terminology, and computational linguistics. In 1995 she returned to the National Terminology Service and was instrumental in drafting the draft Bill dealing with the establishment of the national lexicography units. For almost two years in 2000 and 2001, she acted as manager of the terminology office, and in 2001 she was appointed manager at the Pan South African Language Board of the newly established National Lexicography Units. She conducted training in terminology principles and practice at various tertiary and government institutions. Upon retirement from PanSALB, she was the Director: Terminology and Standardisation. She is a founder member of Afrilex and served on its Board. She also served on ISO/TC 37 and SABS/TC 37 and was Vice-President of Infoterm. She received honorary membership of Infoterm, Afrilex and Prolingua. During her career she was the recipient of the CJ Langenhoven Award (2003), an ATKV Wordwise trophy (2006) and the CL Engelbrecht Award (2009) as a member

Datums:

Ontvang: 2024-10-10

Goedgekeur: 2024-10-31

Gepubliseer: Desember 2024

2017; 2019; 2020) en die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut se woordeboekprys (2017), en in 2024 word die SAAWK se Erepenning vir Geesteswetenskappe aan haar toegeken. Sy is die outeur van twee boeke oor terminologie en terminografie (2017, 2019).

of the Taalkommissie (language commission). As a member of terminology teams, she received the Stals Award (2011), ATKV Wordwise trophies (2008, 2017, 2019, 2020) and the Dictionary Award of the South Africa Translators' Institute (2017). In 2024 she received the SAAWK Medal of Honour for Human Sciences. She is the author of two books on terminology and terminography (2017, 2019).

ABSTRACT

A comparison between related languages, including Bildts and Afrikaans

This article focuses on similarities between isolated but related language varieties, especially Bildts and Afrikaans, both of which developed spontaneously and managed to survive. They share a similar lexical heritage and show similarities in certain terminological areas, especially in agriculture. The terminologies of these and similar language varieties, such as Low German, Friesian and Dutch, will receive attention. Historically, these language varieties were mutually comprehensible. The different language families and their genealogical relationships are discussed in this article, with special emphasis on Low German, Friesian, Bildts and Afrikaans. In the case of Afrikaans, the development of Afrikaans from Cape Dutch to Standard Afrikaans is discussed in broad terms. All of these language varieties were initially only spoken languages that were eventually reduced to writing, which required that their word-formation principles and spelling and orthographic rules be recorded. This process, as well as the documentation of the written form of languages or language varieties, lead to the development of lexicographical and terminographical products. Certain similarities between Bildts, Afrikaans and the official African languages (i.e. the Sintu languages) of South Africa are also discussed.

It is interesting to note that related languages can share terms even though they are used on different continents. In addition, it is noteworthy that non-related languages used on the same continent or on different continents can share terms, for instance through the processes of transliteration and borrowing. A language, dialect or language variety has a better chance of developing (and surviving) if it is standardised and the standard form is recognised and accepted, because the standard variety facilitates word and term creation. Language development stimulates the practice of lexicography and terminography. The attitude of language users, establishments dedicated to the promotion of the language concerned and governments also determines whether a language will develop and be used and standardised. In Friesland, the Fryske Akademy and in Het Bildt, the Bildtse Akademie, or Stichting Ons Bildt, are concerned with the furtherance of the languages for which they were founded, namely Friesian and Bildts, respectively. These bodies regulate the spelling and orthographic rules and dictionary compilation in their respective languages. In South Africa, the former dispensation of two official languages favoured the development of Afrikaans. Numerous general and technical bilingual dictionaries were compiled between 1925 and 1995. The Woordeboek van die Afrikaanse Taal (“Dictionary of the Afrikaans Language”) is a comprehensive monolingual Afrikaans dictionary – an ongoing project since 1925. The current multilingual dispensation was introduced by the Constitution of the Republic of South Africa, 1993, section 3(9) of which provided for, among other things, the equal treatment of the eleven South African languages recognised as official languages. This was incorporated in the

Constitution, 1996, as well. In 2023, South African Sign Language was included in section 6(1) of the Constitution, 1996, as an official language.

Eleven National Lexicography Units were established to develop monolingual dictionaries for each of the official languages. The National Lexicography Unit for South African Sign Language is in the process of being established. South African terminology practice is coordinated by the Terminology Coordination Section, a directorate within the National Language Service of the Department of Sport, Arts and Culture. A national term bank serves as a national repository for the dissemination of multilingual polythematic terminology in South Africa. Several institutions develop terminology in their respective fields, but these activities are not properly coordinated, which leads to duplication of projects and results in a proliferation of terms for the same concept in the same subject field and/or language. In order to survive, a language should be developed and used and should enable communication in all spheres of human activity. If a language loses its ability so to function, its value diminishes and its linguistic community moves to another, more suitable language. The users of Afrikaans (and the other official South African languages) could learn much from the small number of users of the Bildts language as far as language maintenance and determination is concerned.

KEYWORDS: dialect, heritage, lexicography, lexicon, non-related language, regional speech, related language, similarity, terminology, variety

TREFWOORDE: dialek, leksikografie, leksikon, nieverwante taal, ontstaansgeskiedenis, ooreenkoms, streektaal, terminologie, variëteit, verwante taal

OPSOMMING

Die artikel fokus op ooreenkomste tussen verwante tale, onder andere Bildts en Afrikaans. Hierdie twee tale het 'n gemeenskaplike oorsprong en toon ooreenkomste op bepaalde terminologiese gebiede, veral die landbou. Die terminologieë van hierdie tale en ander soortgelyke tale, soos Nederduits, Fries en Nederlands, kom onder die loep. Bepaalde ooreenkomste tussen Bildts, Afrikaans en die Suid-Afrikaanse amptelike Sintutale word ook bespreek. Dit is interessant dat verwante tale terme deur die prosesse van transliterasie en ontlening kan deel, hoewel die kontinente waarop hulle gebruik word, van mekaar verwyder is. 'n Taal, dialek of 'n taalvariëteit staan 'n beter kans om deur leksikografiese prosesse en terminologieskepping te ontwikkel (en te oorleef) as daardie taal of taalvariëteit gestandaardiseer is en as sodanig erken word. Dit is dus van die uiterste belang om die woordvormingsbeginsels en skryf- en spelreëls van tale of taalvariëteite vas te lê. Hierdie proses, sowel as die opteken van die skriftelike vorm van 'n taal of taalvariëteit lei tot die ontwikkeling van leksikografiese en terminografiese produkte in daardie taal of taalvariëteit.

1. Inleiding

Hierdie artikel word vanuit 'n terminologiese oogpunt benader, en geen aansprake word gemaak op kennis van historiese, taalkundige of sosiolinguïstiese perspektiewe ten opsigte van taalvariasie of taalverandering nie. In die terminologiebedryf is dit interessant om te sien in welke mate verwante en selfs nieverwante tale ooreenkom, en gevolglik soortgelyke terme as deel van hulle terminologie (vakwoordeskat) het. Die pad wat Afrikaanse terminologie en verwante tale geloop het, word ondersoek.

In vervloë dae kon groot dele van die sprekers van die Lae Lande mekaar se tale verstaan – vergelyk byvoorbeeld die wye voorkoms van Nederduits (Engels: Low German) destyds. Veral seelui en handelaars van die Lae Lande het waarskynlik deur middel van die streektaal

Nederduits gekommunikeer. Teen die agtergrond van beskikbare inligting oor Nederduits, Nederlands, Fries, Bildts en Afrikaans word bepaalde vergelykings getref. Daar word naamlik aangevoer dat dit in vervloë dae moontlik was om oor landsgrense heen te kommunikeer danksy ooreenkomste in die leksikons van verskillende streke in (nabygeleë) lande en dat hierdie leksikons mekaar beïnvloed het – veral op terminologiese gebied, naamlik in die woordeskatontwikkeling van vakgebiede en domeine (dit wil sê terminologieontwikkeling).

In hierdie artikel word daar veral geïllustreer na die ontwikkeling en behoud van twee bepaalde taalvariëteite, naamlik Bildts en Afrikaans vergeleke met Nederlands, maar ook na invloede van Fries, Nederlands en selfs Nederduits op daardie twee taalvariëteite. Ook die invloed van Afrikaanse terminologie (veral op die terrein van die landbou) op dié van die Sintutale wat amptelike tale in Suid-Afrika is, word beskou.

Enkele terme uit die taalgroepering Fries, Bildts, Nederduits en Nederlands word met Afrikaanse terme vergelyk. 'n Vergelykende studie is voorts gedoen oor veral Bildts, Afrikaans en die amptelike Sintutale in Suid-Afrika ten opsigte van sake soos taalontwikkeling en -erkenning, standaardisering, en leksikografie- en terminologieontwikkeling. Die artikel bevat verskeie tabelle met terme uit die landbou wat ooreenkomste en/of verskille in die betrokke tale toon.

Dit is interessant dat verwante tale of taalvariëteite en selfs ook nieverwante tale wat in dieselfde omgewing gebruik word, mekaar beïnvloed, en dit is eweneens interessant dat tale wat op verskillende kontinente gebruik word, mekaar steeds kan beïnvloed, spesifiek deur die terminologiese beginsels van transliterasie en ontlening.

2. Agtergrond

Volgens Ponelis (1989a:9-37; 1989b:38-59) is 'n taalfamilie 'n versameling tale wat uit dieselfde grondtaal ontwikkel het. Sulke tale staan in genealogiese verband met mekaar en heet dogtertale van die grondtaal en sustertale van mekaar. Gemeengermaans is die grondtaal waarvan onder meer Nederlands, Duits en Engels dogtertale is, terwyl Nederlands, Duits en Engels sustertale van mekaar is. Die grondtale van die meeste bekende taalfamilies is egter slegs uit wetenskaplike rekonstruksies daarvan bekend en word as prototale aangedui. Proto-Germaans (of bloot Germaans of Gemeengermaans) is dus die grondtaal van die Germaanse taalfamilie en Proto-Indo-Europees die grondtaal van die Indo-Europese taalfamilie. “Indo-Europees” dui op die uiteindes van die taalfamilie se verspreidingsgebied: van Indië tot Europa. Gemeengermaans is in die eerste plek 'n Indo-Europese taal en Duits, Nederlands en Afrikaans is Germaanse tale wat tot die Indo-Europese taalfamilie behoort. Volgens Paardekooper (1996) is Afrikaans “een soort Nederlands met een groot aantal vooral Noord-Hollandse dialectvormen. ... Tegenover ons Euro-Nederlands staat dus Afro-Nederlands oftewel Afrikaans. Het zijn twee kinderen van dezelfde ouders: het Beschaafde 17e-eeuwse Hollands en de schrijftaal van die tijd”.

Die Germaanse tale kan ingedeel word in Noord-Germaans (met Deens, Sweeds, Noors, Yslands en Faroëes as hedendaagse voortsettings van die Oud-Noorse taal wat oorspronklik deur die Vikings gebruik is (vgl. <http://en.m.wikipedia.org>), Wes-Germaans, wat insluit Nederlands (waaruit Afrikaans ontwikkel het), Engels, Fries, Duits, Jiddisj, en Saksies (waaruit die noordelike niestandaard-Duits, Nederduits, voortgekom het), en Oos-Germaans, wat uitgesterf het en waarvan slegs Goties 'n opgetekende taal is (Ponelis, 1989b:45-52).

2.1 Nederduits

Nederduits (Engels: Low German) is 'n versamelnaam vir 'n groep taalvariëteite wat in Noordwes-Duitsland (waar dit “Wes-Duits” genoem word) en in Noordoos-Nederland gepraat

word (waar dit Nedersaksies genoem word) (vgl. http://en.wikipedia.org/wiki/Low_German). Wes-Duits word tradisioneel in drie takke verdeel:

- Ingvaeoonse tale (Noordsee-Germaans), wat Engels, Saksies (noordelike Duits), die Laagduitse tale, westelike Nederlands (of Kusnederlands) en die Friese tale insluit, het reeds vroeg 'n taamlieke hegte eenheid gevorm. Engels en Fries toon veral 'n noue verbintenis binne die Noordsee-Germaanse taalgroep (Ponelis, 1989b:46–48);
- Istvaeoonse tale (Noordwestelike Wes-Germaans), wat Nederlands en sy naaste verwante tale insluit; en
- Irminoonse of Herminoonse tale (Elbe-Germaans) wat Duits en sy naaste verwante tale en variëteite insluit (vgl. http://en.wikipedia.org/wiki/Low_German; https://en.wikipedia.org/wiki/elbe_german).

Nederduits of Platduits het voortgespruit uit Saksies, wat 'n Noordsee-Germaanse taalvorm van noordelike Duitsland was (Ponelis, 1989b:50). Nedersaksies is die Laagsaksiese dialekte wat in Noordoos-Nederland gepraat word en in plaaslike ongestandaardiseerde ortografieë geskryf word wat op die Standaardnederlandse ortografie berus (vgl. <http://en.wikipedia.org/wiki/dutch>).

Dit wil voorkom of Nederduits vroeër 'n gemeenskaplike taal was wat in die vroeë sestiende eeu deur veral handelslui en skeepslui gebruik is. Daar sal dus steeds woorde of terme in Nederduits wees wat ooreenkom met Duits en Nederlands en selfs met Afrikaans.

Die uitgebreide gebied waar Nederduits tans gepraat word, is nie 'n eenheid nie. Die taal bestaan eerder uit verskillende dialekte wat almal deel uitmaak van die Nederduitse dialekkontinuum, want gewoonlik praat elke dorp of stad sy eie variëteit van Nederduits wat dikwels ten opsigte van woordeskat en fonetiek duidelik van mekaar verskil. Daar is tans dus eintlik talle dialekte van Nederduits of Nedersaksies. Duitsland en Nederland erken Nedersaksies amptelik as 'n streektaal en gee beperkte steun daaraan, soos geformuleer in hoofstuk 2 van die Europese handves vir streek- en minderheidstale. Die ISO 639-2-taalkode van Nedersaksies is *nds*.

2.2 Fries

Nederland is aldus Scholtz (1996:7) “een land van vele dialecten, maar (als je het Fries even buiten rekening laat) met slechts één taal”. Fries is die amptelike taal wat hoofsaaklik in die Nederlandse provinsies Friesland en Groningen gepraat word. Dit vorm saam met Nederlands die amptelike taal van Friesland (Fryslân). Die ISO 639-taalkodes is *fy* en *fry*. Fries is 'n Wes-Germaanse taal en dit volg die Wes-Friesiese alfabet. Die naaste verwante tale is Engels en Skots, wat saam met die Friese tale (Wes-Fries, Noord-Fries en Oos-Fries (tans Saterland-Fries) die Anglo-Friese tale vorm. Fries is 'n inheemse minderheidstaal wat deur die Europese Unie beskerm word. Friesland is sedert 1815 deel van sowel Nederland as Duitsland en die gebied lê langs die Nederlands-Duitse Noordseekus (https://en.wikipedia.org/wiki/Frisian_languages; <http://af.m.wikipedia.org/wiki/Fries>).

As Afrikaanssprekendes was ek en my man bevoorreg om tydens besoeke aan België, Noord-Holland en Friesland met verskillende variëteite/dialekte van die Nederlandse taal te doen te kry. In België was dit uiteraard Vlaams, en in Nederland het die meeste mense met ons Algemeen Beskaafde Nederlands (ABN) oftewel Standaardnederlands gepraat, hoewel daar uiteraard verskillende uitsprake is as gevolg van al die dialekte van Nederlands (vgl. Daniëls & Van de Laar, 1996). In Friesland het ons weer met Fries en Bildts te doen gekry. Dit was baie moeilik om Fries te verstaan, maar die Bildtse taal klink amper soos Afrikaans.

Die rede hiervoor is waarskynlik dat dit in sommige opsigte ’n soortgelyke ontstaansgeskiedenis as dié van Afrikaans het (vgl. 2.3 en 2.4; Ponelis, 1989b:63).

Ek het ’n besondere verwantskap met Friesland. As agtergrond moet genoem word dat my nooiensvan Balt is. Ek is naamlik van die vierde geslag van die stamvader Jan Jurgens Balt (1837–1908), wat in Ternaard in Friesland gebore is en hom in 1853 in Suid-Afrika gevestig het. Hy het as skeepsjonge in die apteek van die destydse VOC-skepe gewerk en het in Simonsbaai aan die Kaapse Skiereiland skipbreuk gely. Dit was die derde keer dat hy skipbreuk gely het, en aangesien dit volgens die Hollanders dan “skeepsreg” is, het hy besluit om hom permanent in Suid-Afrika te vestig. Sy kennis van Hollandse medisyne het hom die persoonlike volmag van president Paul Kruger van die destydse ZAR besorg om siekes te behandel. Hy het homeopatiese medisyne direk van die firma Schwabbe in Duitsland gekry.

Balt is nie ’n tipiese Friese van nie. Die Friese Balt-stamvader was ’n Hessiese huursoldaat, oorspronklik afkomstig van die Baltiese lande (Oossee-lande). Die Hessiese soldate het gedien in die Duitse regimente wat in diens van die Britse Ryk gestaan het. Die Balt-stamvader het hom ná sy soldatedienstyd in Ternaard, Friesland, gaan vestig.

Tipiese Friese vanne eindig gewoonlik op “-a”, byvoorbeeld -inga, -ma, -sma, -stra. Die uitgange dui “seun van” (Alkema = seun van Alke; Aukema = seun van Auke) of “plek van herkoms/van die see/van die Suide” aan (Anjema = van die dorpie Anjum; Dijkstra of Dykstra = woon naby ’n dyk; Hoekstra = woon op ’n hoek; Offringa = van die dorpie Offrinwier).

Daar is steeds heelwat tipiese Friese vanne in Suid-Afrika bv. Boersma, Boerstra, Feenstra of Veenstra, Jansma, Postma, Terpstra, Thynsma, Scheltema, Spoelstra, Zijlstra of Zylstra, en so meer, wat die indruk wek dat die Friese immigrante ook ’n beduidende invloed op die Suid-Afrikaanse bevolking en Afrikaanse taal gehad het of steeds het.

Daar was ook klaarblyklik etlike leerkragte wat uit Friesland na Suid-Afrika geïmmigreer het. Trouens, die einste Jan Jurgens Balt was ook die eerste onderwyser van Gideon Retief von Wielligh, die ZAR se landmeter-generaal en lid van die Genootskap van Regte Afrikaners (Kleijn, 2024).

Die Friese onderwysers se invloed is ook te bespeur in onder meer die studentetaal van die Universiteit van Pretoria, waar ’n eerstejaarstudent ’n “ienk” (Fries: jongeling) genoem is/word en die ienks dikwels as “dom Urke” bestempel is/word. (Urk was ’n Friese eiland wat later ingepolder is. Weens hul aanvanklike afgesonderdheid het die eilandbewoners ondertrou, wat tot “dom” afstammeling gelei het).

Die Friese het ’n interessante benoemingswyse: ’n seun sal byvoorbeeld die eerste naam van sy pa of oupa aan vaderskant as tweede naam kry, byvoorbeeld Jan Jurgens (Jan die seun of Jan die kleinseun van Jurgen + -s) of Thijs Coens (Thijs die seun of Thijs die kleinseun van Coen + -s of Coenraad + -s).

Fries het ’n ryk leksikografiese geskiedenis en beskik oor verskeie woordeboeke (vgl. o.m. Pebesma en Zantema, 1994; Boersma, 2002; <http://mijnwoordenboek.nl>). ’n Omvattende tweetalige Fries-Nederlandse woordeboek wat deur die Fryske Akademie saamgestel is, bestaan uit 25 dele wat die Friese taal sedert 1800 beskryf en aanteken. Die aanlyn weergawe daarvan is sedert 2010 beskikbaar (vgl. Fryske Akademie, 2010).

Die Fryske Akademie verskaf ook spel- en skryfhulp deur middel van die publikasie *Friese spelling en taalhulp* (vgl. Fryske Akademie, 2015).

2.3 Bildts – agtergrond

Soms gebeur iets ingrypends toevallig in ’n mens se lewe wat ’n noemenswaardige uitwerking het. So ’n toevalligheid was my kennismaking met die taal Bildts. Ek en my man het naamlik

in 2000 die Algemene Jaarvergadering van die Bildtse Akademie, Stichting Ons Bildt, in Het Bildt (sien 2.3.1 hier onder) bygewoon as gaste van 'n Friese familielid, drs. Thijs Balt, wat in Het Bildt gebore is en daar groot geword het en ook lid van die Stichting is. Dit was 'n besonder interessante geleentheid, want dit blyk toe dat ons as Afrikaanssprekendes die Bildtse taal beter kon verstaan as selfs Nederlands of Vlaams.

Tydens die Algemene Jaarvergadering is diplomas aan verskeie lede van die spraakgemeenskap uitgedeel wat kursusse in Bildts deurloop het om hul kennis van die Bildtse taal te verbreed en te verbeter. Dit het ook tydens die vergadering geblyk dat die spraakgemeenskap nie tevrede was met die bestaande Bildtse woordeboek nie. Die Bildtse woordeboek is naamlik deur linguïste verbonde aan die Rijksuniversiteit Groningen saamgestel. Een van die probleme wat daaruit gespruit het, was dat moedertaalsprekers nie by die saamstel van die woordeboek betrek is nie. Bildts word gepraat in die westelike gedeelte van Friesland, een van die provinsies van Nederland, en nie in Groningen nie, wat 'n ander Nederlandse provinsie is.

Ek het die aanwesiges op die ingewing van die oomblik in Afrikaans toegesprek en vanuit 'n Afrikaanse en leksikografiese perspektief raad gegee oor hoe om die Bildtse woordeboek te hersien sodat dit aan die moedertaalbehoefes en -vereistes kon voldoen. Hierdie raad is met ope arms ontvang en ek is versoek om my aanbevelings ook op skrif te stel (vgl. Alberts, 2000).

Dit was 'n gulde geleentheid om kennis en perspektiewe wat in een taal verwerf is, aan 'n verwante taal oor te dra en so tersaaklike leksikografiese insigte te deel en hulp aan 'n ander (verwante) taal te verleen. Die gewraakte Bildtse woordeboek is intussen hersien en bygewerk (vgl. Buwalda *et al.*, 1996; Buwalda *et al.*, 2013). Die samestellers, HS Buwalda, SH Buwalda en ACB van der Burg, is moedertaalsprekers en is bygestaan deur 'n leksikograaf, H Sijens, verbonde aan die Fryske Akademie.

2.3.1 *Het Bildt en Bildts*

Het Bildt is 'n munisipaliteit en streek (waarvan Sint Annaparochie die hoofdorp is) in die provinsie Friesland. Daar is ongeveer 11 000 inwoners. Die gebied lê aan die Waddesee en het 'n kuslyn van 15,4 km.

Die naam “Het Bildt” kom van “opgebild”, wat *aangeslik* beteken, vanweë die feit dat die grondgebied ingepolder is. Die grond, wat eintlik seekleie is, is aanvanklik met riete beplant om van die seesout ontslae te raak. Die grond is baie vrugbaar, en gevolglik is Het Bildt 'n landbougebied wat hoofsaaklik groente, soos uie en aartappels, en vrugte, veral appels, produseer (Buwalda, 1979).

Die streek Het Bildt lê in die westelike deel van Friesland en die inwoners beskou hulself dan ook as Friese. Fries word egter slegs in Minnertsgea gepraat, wat in die kern van die gebied geleë is, en nie in die poldergebied nie. Die gebied het in 2018 met die munisipaliteite Franekerndeel, Menameradiel en gedeeltes van Littensradiel saamgesmelt en 'n nuwe munisipale gebied, Waadhoeke, het daardeur tot stand gekom.

Die streektaal wat in Het Bildt ontstaan het, word Bildts genoem. Dit is 'n Hollandse dialek wat by Suid-Hollands ingedeel word. Daar is na raming ongeveer 6 000 mense wat Bildts magtig is. Die Bildtse spraakgemeenskap is baie trots op hulle taal. Die taal het te midde van invloede van Fries en Nederlands behoue gebly vanweë hierdie taaltrots en waarskynlik ook omdat die gebied in 'n mate geïsoleerd is.

Bildts is 'n dialek wat in die sestende eeu in die westelike gedeelte van Friesland ontstaan het. Die Friese bevolking het in daardie stadium oor die algemeen uit boere bestaan. Hulle

wou graag 'n gedeelte van die Noordsee inpolder, maar het nie die nodige kennis gehad om grond uit die see te herwin en droog te lê nie. Die nodige kennis is verkry deur kundiges en werkers uit Rotterdam, Suid-Holland, Brabant, Zeeland en Amsterdam in te bring om hulle met die inpoldering van die gebied te help.

Volgens bronne (vgl. <http://nl.wikipedia.org/wiki/Bildts>) het die taal Bildts omstreeks die jaar 1505 ontstaan, nadat die noordelike Middelseegebied in opdrag van Georg, Hertog van Sakse, ingepolder is deur Hollandse edellui, die here Davelaar en Bontmantel, en hul werknemers uit die hedendaagse provinsie Suid-Holland. Die inpolderaars het in die streek aangebly en die eerste inwoners van Het Bildt geword. Daar word algemeen aanvaar dat die dialek Bildts tydens die inpoldering van die gebied ontstaan het deurdat die sestiende-eeuse Suid-Hollandse dialekte van die edellui en hul werknemers vermeng geraak het met die Fries van die polderbewoners van die omliggende gebied. Dit wil voorkom of die Rotterdamse, Amsterdamse en Zeelandse dialekte van Nederlands 'n invloed gehad het op die uitspraak en skryfwyse van Bildtse woorde.

Teen die sewentiende eeu het die Hollandse noorde die middelpunt geword van die Nederlandse taalgemeenskap as gevolg van die opgang van Amsterdam, die belangrikste stad van die destydse Wes-Europa. Die noordelik-sentrale dialekte van Nederlands omvat Hollands (van Amsterdam, Haarlem, Leiden, Den Haag en Delft) en Utrechts, wat die grondslag vorm van sowel Afrikaans as Algemene Nederlands (Standaardnederlands of die sogenaamde Algemeen Beskaafde Nederlands). Nederland het in daardie tydperk sy Goue Eeu van ongekende welvaart en kulturele opbloei beleef (Ponelis, 1989b:63; 67–68).

Daar bestaan steeds teenstrydige idees oor die presiese afkoms van die eerste inwoners van Het Bildt en oor die mate waarin Bildts deur die Friese taal beïnvloed is. Die Bildtse dialek bevat invloede van Ingvaeoons en word gereken as behorende tot Fries-Frankiese dialekte, soos Wes-Fries en Stadsfries. Bildts word soms 'n kreoolse taal genoem, maar die dialek word interessant genoeg soms wel in sekere bronne as taal aangedui.

Vir Afrikaanssprekendes is Bildts baie meer verstaanbaar as Standaardnederlands, Vlaams of Fries. Bildts gebruik byvoorbeeld, soos Afrikaans, die onbepaalde lidwoord “n” en nie “een” soos Nederlands en Fries nie. Die gebruik van die onbepaalde lidwoord “n”, amper net soos in Afrikaans, is in die volgende paragraaf sigbaar, waarin die werksaamhede van belangrike amptenare in 'n verkiesingslokaal in Het Bildt beskryf word:

De ferantwoordlikhyd fan syn funksy als foorsitter drukte nou al sichtber swaar op him. Bij ferkiezens in 't stimburo motte je de kop d'r wel goed bij houwe, want âns klopt avens de telling niet en dan is de ellinde niet te oversien. ... Deur de bank reedlik gewoane minsens, maar soadra't se met 'n pin in 'e hand en 'n register of 'n kaartebak foor de neus 'n wat offisjele funksy hewwe, binne se niet meer te beskieten ... (Tilma, 1989: 41)

Bildts beskik oor uitgebreide spel- en skryfreëls (Buwalda & Buwalda, 1980), en sake soos vokaalgebruik (lang en kort vokale), die weglating van oorbodige letters, die fonetiese stelsel, werkwoorde, verkleinwoorde en meervoudsvorme kry veral aandag in daardie spel- en skryfreëls. “t Is de meest loochise saak fan 'e wereld, dat men de taal der't men in dinkt en die't men praat, ok leert te skriwen; en dat leste is dan ok de bedoeling van dut werky. 't Is dus allereerst foor de Bilkerts bedoeld, maar wij hope, dat ok niet-Bilkerts hur nut d'r met doen kinne” (Buwalda, 1980).

2.4 Afrikaans

Daar is merkbare ooreenkomste tussen die ontstaanswyse van Bildts en Afrikaans. Afrikaans het naamlik ook uit die Nederlandse dialekte van die sestiende en sewentiende eeu ontstaan (vgl. 2.1, 2.2 en 2.3).

Die Nederlandse taal is vóór die stigting van die verversingspos aan die Kaap in 1652 self ook deur vreemde tale beïnvloed (vgl. Boshoff, 1921; De Villiers, 1978:73-76; Raidt, 1982:8-10; 17-20; 1991:14-16; 40-41, 81-84). Afrikaans het volgens Carstens (2003:131) grotendeels uit die sewentiende-eeuse Hollandse volkstaal ontwikkel. Alle woorde wat voor 1652 in Nederlands bestaan het, kan dus beskou word as deel van die erfenis van Afrikaans. Selfs woorde wat Nederlands voor hierdie tyd aan byvoorbeeld Frans of Latyn ontleen het, is deel van die Afrikaanse erfoed. Daar word soms gereken dat sowat 90–95% van die Afrikaanse woordeskat tot die Nederlandse erfbron teruggevoer kan word. Die aanvanklike setlaars wat na Suid-Afrika gekom het, het uit dieselfde gebied (Suid-Nederland) gekom en dus dieselfde spraakgewoontes gehad. Net soos Bildts, het Afrikaans ook in 'n afgesonderde gebied ontstaan en ontwikkel.

2.4.1. Kaaps-Afrikaans

Die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC), die Nederland-gebaseerde multinasionale maatskappy van die 17de eeu, het vanaf 1652 'n halfwegstasie aan die voet van Tafelberg tot stand gebring om sy skepe wat na die Ooste gevaar het, of daarvandaan op pad terug na Europa was, van proviand te voorsien. Die Nederlanders was uiteraard nie die eerste Europeërs wat die Kaap aangedoen het nie. Gedurende die 15de eeu het die Portugese, wat voor die Nederlanders 'n magtige seevaartnasie was en toe reeds hulle eie internasionale ryk tot stand gebring het, met hulle skepe om die kus van Afrika gevaar en die Kaap aangedoen (vgl. Kotzé, 2014:1; Alberts, 2019:10-11).

Die VOC het sommige van sy amptenare vroeg reeds toestemming gegee om grond vir landbouoelendes te bekom en boere te word om te voorsien in die vraag na voedsel van sowel die setlaarsgemeenskap as die verbyvarende skepe.

Die bevolking aan die Kaap het mettertyd gegroei tot 'n nedersetting wat bestaan het uit maatskappyamptenare, handelaars en vakmanne van wyduiteenlopende taalagtergronde. Nederlands, wat gebruik is deur Nederlandssprekendes van verskillende dialekagtergronde, was uiteraard in groot mate die omgangstaal, maar die taalgemeenskap het sprekers van Duits (Nederduits en Hoogduits) ingesluit (vgl. woorde soos *liederlik*, *oorwaks*, *skoenwaks*, *swaap*, *swernoot*, *werskaf*), asook van Portugees (vgl. woorde soos *aia*, *atjar*, *bredie*, *sambreel*, *karba*, *komers*, *kraal*, *mielie*, *tamaai*, *tjalie*, *tronk*), Frans (vgl. woorde soos *avontuur*, *balans*, *blond*, *dosyn*, *jaloers*, *kolom*, *kontrei*, *moeras*, *papier*, *toets*) en ander Europese tale soos Sweeds, Deens, Hongaars, Russies, Spaans en later veral Engels (vgl. Carstens, 2003:132). Boonop het die inheemse bevolking tot die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans bygedra, byvoorbeeld die Khoi-Khoi (vgl. woorde soos *abba*, *boegoe*, *geitjie*, *graatjie* [meerkat], *karos*) en die San en later ook Xhosasprekers en Maleise slawe (woorde soos onder meer *baie*, *baadjie*, *blatjang*, *bobotie*, *piering*, *rissie*, *sambok*, *soebat*, *sambal* en *tamaai* en reduplikasies soos *een-een*, *bietjies-bietjies*, *byna-byna*, *half-half*, *lui-lui* en *plek-plek* (vgl. Ponelis, 1989a:11; Raidt, 1959; Raidt, 1983:18-20; 48-76; 169; Carstens, 2014; Kotzé, 2014:1; Alberts, 2019:10-12).

Omdat die VOC in beheer van die gemeenskapstrukture was, het die vorm van Nederlands wat die amptenary onder mekaar gebruik het, die basis gevorm van 'n algemene omgangstaal. Boonop was daar destyds nog geen standaardvorm van Nederlands nie, en het daar deur 'n proses van gee en neem 'n soort Nederlandse koine, of dialekversmelting, ontstaan wat almal kon verstaan. Dit het ook die Khoi-Khoin en San, wat van 'n totaal ander taalagtergrond was, ingesluit, waardeur die taal weer op ander maniere beïnvloed en aangepas is. So 'n situasie sou dus aanleiding kon gee tot 'n vereenvoudiging van die onreëlmatige kenmerke van die Nederlands wat in Europa gepraat is, waardeur die grondslag van 'n vroeë Kaaps-Afrikaans gelê is (vgl. Kotzé, 2014:1, 2).

Omdat daar 'n behoefte was aan handarbeid om die grond te bewerk en veeteelt te beoefen, en die inheemse Khoi-Khoin en San meestal te selfstandig (en soms opstandig) was om hulle arbeid beskikbaar te stel, is toestemming verleen om 'n toenemende aantal slawe na die Kaap in te voer. Hierdie slawe het uiteraard ook tot die taleverskeidenheid bygedra (vgl. Kotzé, 2014:3).

Die VOC het die slawe nie net in Suidoos-Asië gekry nie. Slawe is na die Kaap gebring uit ander gekoloniseerde areas in Afrika, soos Angola, Guinee aan die weskus, Madagaskar en Mosambiek, en ook uit areas in Suidoos-Asië wat deur die Portugese en Nederlanders gekoloniseer is en waar hulle handelsposte gehad het, soos Bengale (tans Bangladesj), Ceylon (tans Sri Lanka), Indië, Maleisië en die Indonesiese argipel met sy duisende eilande, soos Sumatra, Java, Celebes, Ambon, Bali, Timor en andere – tussen 1652 en 1805 is altesaam ongeveer 63 000 slawe na die Kaap gebring (vgl. Kotzé, 2014:3-5).

Die tale wat hierdie slawe gepraat het, het gewissel van Laagportugees ('n vorm van Portugees wat drasties vereenvoudig is deur taalkontak met inwoners van die gekoloniseerde gebiede), tot die Austronesiese tale wat in Suidoos-Asië gepraat word, soos Maleis, Boeginees, Javaans, Makassar, en andere. Wat egter 'n belangrike feit is wat dikwels deur geskiedskrywers geïgnoreer word, is dat daar ook 'n vorm van Nederlands was wat, soos Laagportugees, deur taalkontak drasties vereenvoudig is. Gedurende die jarelange verblyf van VOC-amptenare het hulle hierdie vorm van Nederlands, Austronederlands, as 'n kommunikasiemiddel gebruik – 'n vorm van Nederlands wat die amptenare en die inwoners van die eilande onder mekaar as *lingua franca* gebruik het (vgl. Kotzé, 2014:3-5). Volgens Ponelis (1989a:32) was dit egter nie net die onderlinge beïnvloeding deur taalkontak wat een van die deurslaggewende faktore in die ontstaan van Afrikaans was nie, maar ook taalverstoring deur gebrekkige verwerking van Nederlands deur vreemdtaliges.

Daar is waarskynlik twee redes daarvoor dat die Oos-Indiese tale, soos Maleis en die ander Austronesiese tale, eerder as die tale van Oos- en Wes-Afrika, en Bengaals of Tamil, 'n belangriker rol gespeel het as die tale van Afrika en Indië:

1. Die slawe uit Oos-Indiese gebiede was meestal geskoolde vakmanne, en kon die Arabiese alfabet lees en skryf. Dikwels, byvoorbeeld in die geval van sjeg Yusuf, was dit politieke gevangenes wat in hulle vaderland probleme vir die owerhede veroorsaak het, soos in Makassar. Hulle taal was vir hulle belangrik – in so 'n mate dat die imams by die moskees met verloop van tyd Kaaps-Afrikaans in Arabiese skrif geskryf het as lesboeke vir die jongspan.
2. Die gemeenskaplike vorm van Nederlands waarmee baie van hulle reeds op hulle eilande van herkoms kennis gemaak het, en wat ook baie kenmerke van hulle taal bevat het, was veel nader aan die taal wat in die Kaap gepraat is as enige van die tale wat die ander slawe as moedertale geken het (vgl. Kotzé, 2014:3-5).

Talle van die kenmerke wat Afrikaans van Europese Nederlands onderskei, kan in Austronederlands teruggevind word. Verder het 'n groot kontingent amptenare op weg terug na Nederland (soms tot 1 500 op 'n keer) vir lang tydperke, tot ses weke op 'n slag, aan die Kaap oorgebly en hulle stempel geplaas op die taal waarin hulle met die plaaslike bevolking gekommunikeer het. Daar het na raming sowat 330 000 sogenaamde tuisvaarders op dié wyse die Kaap aangedoen (vgl. Kotzé, 2014:3-5).

Tale soos Maleis, Javaans en Laagportugees het gevolglik 'n indirekte invloed gehad op die vorming van Afrikaans in die monde van die Kaapse sprekers (vgl. Kotzé, 2014:3-5).

Die slawe se kennis van Arabies het hoofsaaklik net behels dat hulle die Koer'aan in die oorspronklike taal kon lees, amper soos Latyn wêreldwyd in die Katolieke Kerk gebruik is. Tot vandag toe maak Arabiese woorde 'n beduidende deel van die Afrikaanse woordeskat van die Kaapse Moesliems uit. In die liedereskat van die Kaapse Moesliems is steeds heelwat Maleise woorde en uitdrukkings, soos *minta maaf* (vra ekskuus), *ghoema*, en so meer (vgl. Kotzé, 2014:4-5).

Soos die Oos-Indiese tale het Arabies ook 'n indirekte invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gehad:

1. 'n Skryfsisteem vir Kaaps-Afrikaans is in die Arabiese alfabet ontwerp meer as 'n eeu voordat die spelling van Afrikaans vasgelê is en 'n standaardvorm vir die taal ontstaan het. Toe hierdie vorm van Afrikaans, genaamd Arabiese Afrikaans, mettertyd geromaniseer is, dus in die Romeinse alfabet geskryf is, is daar ook 'n formele woordeskat vir religieuse gebruik vasgelê wat in verskeie opsigte van die Nederlandse ekwivalente verskil het. Hoewel dit nie op die hele Afrikaanse taalgemeenskap betrekking het nie, het Arabies vandag nog via die rol van die taal van Islam en die besoeke van duisende pelgrims gedurende die jaarlikse gadj, of pelgrimstog na Mekka, 'n direkte invloed op die leefwêreld van 'n belangrike komponent van die Afrikaanse taalgemeenskap.
2. Die Oosterse tale het 'n beduidende invloed op die Afrikaanse woordeskat gehad en Afrikaans wyk dus dikwels van Nederlands af, nie net wat alledaagse woorde betref nie – daaronder tel woorde soos *baie*, *baadjie*, *baklei*, *piesang*, *pondok* (wat in Maleis 'n gewone huis is), *piering*, die name van baie kossoorte, soos *atjar*, *bobotie* en *brijani* (vgl. Kotzé, 2014:4, 5).

Aan die ander kant het tale soos Indonesies ook talle Nederlandse leenwoorde oorgeneem, wat vir Afrikaanssprekendes baie bekend voorkom (hoewel anders gespél), byvoorbeeld *polisi*, *oranye*, *kalkun*, *apel*, *pir*, *wortel*, *mantel*, *mebel* en *bioskop* (vgl. Kotzé, 2014:4, 5).

Wat die uitspraak van veral Kaaps-Afrikaans betref, het affrikate soos tj en dj in woorde wat deur sprekers van ander variëteite anders uitgespreek word, interessante verbande met sowel Nederlands as die Oosterse tale:

1. In die tale van Suidoos-Asië word die j altyd as dj uitgespreek, soos in *jelek* (lelik), *jawab* (vra), *jumpa* (ontmoet), *Jakarta*, ens. Dit kom, veral in informele taal, gereeld in Kaaps-Afrikaans voor.
2. Kenmerke van Nederlands in Kaaps-Afrikaans: *-tsjie* stem ooreen met die verkleiningsuitgang in Nederlands by woorde wat op -t of -d eindig (*hondje*, *vaatje*, *bootje*).
3. Kenmerke van Portugees: die uitspraak van genasaleerde vokale soos *mens* (vgl. Portugees *homens*), en die gebruik van *vir* by direkte voorwerpe (“ek sien vir jou”) stem ooreen met die voorsetsels *a* en *para*, wat in soortgelyke konstruksies in

Portugees voorkom (soos in *a quem tu abençoaes será abençoado*; Afrikaans: *Hy vir wie jy seën, sal geseën wees*) (vgl. Kotzé, 2014:4, 5).

Afrikaans sou beslis nie die Afrikaans wat ons ken, gewees het sonder die invloed van die slawe nie; dit sou waarskynlik nader aan 'n taalvorm soos Surinaamse Nederlands gewees het. Saam met die invloed wat die Afrika-leefwêreld en dié van die eilande van Suidoos-Asië op die woordeskat en vorm van Afrikaans uitgeoefen het, het die moedertale van almal wat hulle aan mekaar verstaanbaar probeer maak het, 'n bepalende stempel afgedruk op die vorm wat die Afrikaanse taal uiteindelik aangeneem het (vgl. Kotzé, 2007:107-119; Kotzé, 2014:5).

Taalversteuring (die vinnige en deurdringende verandering wat toegeskryf word aan gebrekkige taalverwerwing) het op die sewentiende- en agtiende-eeuse Hollands (Nederlands) aan die Kaap ingewerk en daarvan Afrikaans-Hollands, later Kaaps-Hollands en uiteindelik Afrikaans gemaak. Die verandering van Hollands na Afrikaans het op alle maatskaplike terreine en by bevolkingsgroepe in verskillende streke van die land, stedelik sowel as landelik, min of meer gelyktydig plaasgevind. Die verandering het vinnig plaasgevind, in die sin dat die veranderinge teen 1750, 'n skrale eeu ná die nedersetting, reeds afgeleef of ver gevorderd was (Ponelis, 1989a:11; Raidt, 1989:96–99).

2.4.2 *Standaardafrikaans*

Afrikaans is die jongste en enigste Germaanse taal wat in Afrika ontstaan het (vgl. Raidt, 1989:96). Afrikaans het onder meer uit die sewentiende-eeuse Nederlands ontwikkel (vgl. 2.4.1) en die woordeskat en die sinsbou stem grootliks met dié van Nederlands ooreen. Daar bestaan egter opvallende verskille in die uitspraak van woorde en in die werkwoordelike en naamwoordelike vorme, wat in Afrikaans deur drastiese vereenvoudiging gekenmerk word (Raidt, 1989:97).

Afrikaans se ontstaansgeskiedenis word gekenmerk deur invloede van die dialektiese en maatskaplik geskakeerde sewentiende-eeuse Nederlands van amptenare, matrose, soldate en koloniste. Daar is dus invloede van die stedelike burgertaal, seemans- en handelstaal (vgl. Nederduits) en plattelandse Nederlandse streektaal. Soos in die vorige afdeling uiteengesit, het die gebrekkige Nederlands van Europese immigrante (Duits, Deens, Frans, Portugees), Khoi-Khoin, San en Maleise slawe 'n beduidende invloed uitgeoefen, ook op die gesproke Nederlands aan die Kaap (vgl. Scholtz, 1963:251; Raidt, 1989:97, 100).

Volgens Raidt (1989:97–98) was die foute en afwykings aanvanklik onpatroonmatig, maar reeds kort ná 1700 het duidelike vereenvoudigingstendense sigbaar geword. Tussen 1740 en 1775 was die omgangstaal van die Kapenaars nie meer gelyk aan Europese Nederlands nie, maar dit was ook nog nie Afrikaans nie. Ten spyte van talle wisselvorme het die omgangstaal in die laaste kwart van die 18de eeu alreeds tipiese kenmerke van die Afrikaanse grammatikale struktuur gehad, sodat die taal wat omstreeks 1775 gepraat is, tereg Afrikaans genoem kan word. Die benaming “Afrikaans” is egter van relatief resente datum; dit het eers ná 1875 gebruiklik geword.

Verskillende faktore en prosesse was dus vir die geleidelike verandering van Nederlands na Afrikaans verantwoordelik, naamlik “normale” taalverandering, taalkontak en -beïnvloeding en taalversteuring (Raidt, 1989:98, 99).

Dit is nie maklik om Afrikaans as taal te klassifiseer nie. Kotzé (2018) stel dit so:

'n Kwessie van norm. In die geval van 'n geografiese vertrekpunt is Afrikaans 'n Afrikataal wat hier ontstaan en ontwikkel het en die naam van die vasteland weerspieël (die enigste

taal in Afrika waarby dié kenmerk voorkom). In die geval van 'n genealogiese benadering is dit 'n Indo-Germaanse taal (verlangs selfs verwant aan Hindi), en meer spesifiek Wes-Germaans, wat onderlinge verstaanbaarheid met tale soos Nederlands (en in 'n mindere mate) Duits moontlik maak. Vanuit 'n kreoliseringsbenadering het Afrikaans voortgekom uit 'n kontaksituasie waarin sprekers van sowel verwante as onverwante tale hulle stempel gelaat het op dit wat uiteindelik deur hulle nageslag as moedertaal oorgedra is. Die variasie wat Afrikaans weerspieël, is in 'n groot mate ook die gevolg daarvan. Geopolities is Afrikaans 'n inheemse taal van Suid-Afrika, met al sy variëteite, en deel hy die leefruimte met tale wat genealogies as Sintutale beskryf kan word.

Afrikaans was in sy vroeë stadium hoegenaamd nie gestandaardiseer nie. As 'n mens die ontwikkeling van gesproke en skriftelike Afrikaans en die invloed van vreemde tale en sprekers daarop bestudeer, is die volgende uiteensetting sinvol (vgl. Raidt, 1989:98):




DIAGRAM 1: Die ontwikkeling van Afrikaans as spreek- en skryftaal (Raidt, 1989:98)

In die koloniale tydperk in Suid-Afrika (1652–1961) was daar aanvanklik ’n gedurige toutrekkery tussen die tale Nederlands en Engels, afhange van watter land aan bewind was, en sowel Nederland as Brittanje het natuurlik sy eie nasionale taal as die amptelike taal vir die kolonie aan die suidpunt van Afrika gebruik (Carstens & Raidt, 2019; Dyers, 2022:268). Afrikaans het uiteindelik in 1925 naas Engels en Nederlands die status van amptelike taal van die Unie van Suid-Afrika verkry, het algaande toenemend gestandaardiseerd geraak en het sedertdien die hoër taalfunksies van wetenskaplike en tegnologiese diskoers begin oorneem (vgl. Steyn, 1980:18).

Volgens Kotzé (2018) word Standaardafrikaans hoofsaaklik gekenmerk daardeur –

1. dat daar vaste reëls vir die spelling van woorde bestaan;
2. dat die leksikon ’n voorkeur vertoon vir woorde van Germaanse herkoms waarvoor daar Romaanse ekwivalente bestaan (waarvan heelparty soms verkeerdelik as leenwoorde uit Engels, en dus as anglisisties, beskou word), asook vir woorde uit Oos-Indiese en inheemse tale,
3. dat dit bepaalde reëls vir die grammatika vertoon, en
4. dat leenwoorde uit ander tale óf in die oorspronklike vorm behou word óf volgens bepaalde reëls getransliterer word.

2.5 Sintutale

Hoewel die Sintutale ’n lang bestaansgeskiedenis het, is hulle hoofsaaklik deur sendelinge van verskeie sendinggenootskappe tot skryftale ontwikkel. Die Europese sendelinge het die tale neergeskryf soos hulle dit teen hul eie taalagtergrond kon interpreteer – byvoorbeeld Duits, Frans of Engels. Hierdie taleverskeidenheid is dan ook die hoofrede vir die verskille tussen die spel- en skryfreëls van verwante Sintutale.

Ná 1948 het die instelling van die taalrade vir die inheemse Sintutale in hulle samestelling en funksie ’n fundamenteel politieke kleur gekry. Hierdie taalrade is mettertyd aan die onafhanklike en selfregerende tuislande en soortgelyke politieke entiteite (bv. die voormalige Departemente van Bantoesake en van Bantoeonderwys) gekoppel. Hulle politieke rol was om die prentjie van afsonderlike ontwikkeling in die tuislandstrukture voor te hou. Sommige van die taalrade het aan die hoofministers en hulle kabinette verslag gedoen, terwyl ander onder die Departement van Onderwys en Opleiding, soos dit later sou heet, geressorteer het; sommige het selfs aan albei strukture verslag gedoen. Hierdie taalrade is hoofsaaklik deur die tuislandregerings befonds en verteenwoordigers van daardie regerings was lede van die taalrade. Daar was vir elke Sintutaal ’n taalraad, hoewel sommige weens politieke oorwegings gedupliseer is, byvoorbeeld in die geval van Xhosa in die Transkei en die Ciskei en Tswana in Bophuthatswana en Suid-Afrika (Ntshangasi, 1996). Die taalrade se hoofsaaklike taak was om na die spelreëls en skryfwyse van die verskillende Sintutale om te sien. Elke taalraad het dan ook ’n woordelys saamgestel waarin die spelling en ortografie van die betrokke taal weerspieël is. Hierdie woordelys is “termlyste” genoem, wat ongelukkig die idee laat posvat dat ’n gewone woordelys wat bedoel is om spel- en skryfwyse te illustreer, ’n werklike termlyste is. Nie een van hierdie lyste het egter die terminologie (vakwoordeskat) van ’n bepaalde vakgebied bevat nie. Die woordelys het wel die spel- en skryfprobleme in die woordeskat geïllustreer en spel- en skryfwyse in die verskillende tale gestandaardiseer (Alberts, 2019:14).

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) se Nasionale Taalliggame (NTL’e) het in 2004 begin om hierdie reëls te hersien. Die hersiene reëls is in 2008 gepubliseer, en PanSAT het onderneem om onmiddellik met die verdere hersiening daarvan te begin. Die NTL’e sal

verantwoordelik bly vir die bywerking en hersiening van die reëls, en die hersiene en bygewerkte reëls behoort ná afloop van die ampstermyn van die NTL'e gepubliseer te word, dus verkieslik elke vyf jaar (Alberts, 2017:143-148).

3. Taalontwikkeling, taalerkenning en standaardisering

Bildts en Afrikaans het albei 'n proses van ontwikkeling en standaardisering deurloop. Daar het met verdrag bepaalde taalreëls ontwikkel en spel- en skryftradisies het ontstaan. Later is die grammatika-, spel- en skryfreëls verfyn en aangeteken. Woordeboeke is mettertyd in beide tale saamgestel en gepubliseer. Verder het die terminologieë van verskillende vakgebiede en -terreine ontwikkel, wat aangeteken en gepubliseer is.

Die ontwikkelingsproses waardeur Bildts en Afrikaans gegaan het, is soortgelyk aan dié waardeur die Suid-Afrikaanse Sintutale – veral die minderheidstale Tsonga, Venda, Swati en Ndebele – tans gaan, asook Khoi, San en die Suid-Afrikaanse Gebaretaal (vgl. afd. 5).

Vir Bildts is sy grammatika en sy spel- en skryfreëls deur die Bildtse Akademie, die Stichting Ons Bildt, hanteer (Buwalda & Buwalda, 1980). Afrikaanse grammatika is aanvanklik deur akademici uit die taal soos dit gebruik is, geabstraheer. Standaardafrikaans se spelling en skryfwyse word deur die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) bereël en gereeld hersien, bygewerk en in die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) gepubliseer. Die eerste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* is reeds in 1917 gepubliseer.

4. Leksikografie- en terminologieontwikkeling

Daar is verskeie taalkundige en leksikografiese publikasies in Bildts. Die belangrikste daarvan vir die doel van hierdie artikel is die *Woordeboek fan 't Bildts*. Die woordeboek bestaan uit drie dele:

- die woordelysgedeelte (459 bladsye), waarin die Bildtse lemmas en artikels behandel word;
- 'n indeks (226 bladsye) wat woordeboekgebruikers help om die Bildtse lemma (en artikel) met gemak volgens die Nederlandse inskrywing te vind; en
- 'n oorsig van Bildtse toponieme (57 bladsye), wat name bevat van landsgedeeltes, boerderye, brûe, buurte, dyke, vaartuie, herberge, huise, meulens, paaie, opritte, slote, stegies, strate en streke (vgl. <http://www.argyf.fryske-akademy.eu/fa/.../view>).

Die uitgebreide inleiding bevat inligting oor die geskiedenis van die woordeboek, die bronne wat geraadpleeg is, en 'n oorsig oor die klanke, die spraakkuns en die spelling.

Tydens die AJV van die Stichting Ons Bildt in 2000 (vgl. afd. 2.3) het dit geblyk dat die moedertaalsprekers nie baie tevrede was met die oorspronklike Bildtse woordeboek nie (vgl. Alberts, 2000:14).

Die terminologielyste wat in Bildts beskikbaar is, handel merendeels oor terreine van die landbou.

Die Afrikaanse taal beskik daarenteen oor 'n ryk woordeboektradisie. Bo en behalwe die omvattende eentalige verklarende *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)* wat sedert 1925 deur die nasionale leksikografiese eenheid vir Afrikaans, die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, saamgestel word, is daar verskeie handwoordeboeke, aanleerderswoordeboeke en skoolwoordeboeke van formaat. Daar is ook verskeie gespesialiseerde woordeboeke in Afrikaans, soos onder meer sinoniem-, rym- en etimologiewoordeboeke en tesourusse (vgl. afd. 7).

'n Terugblik op die Suid-Afrikaanse vaktasituasie toon dat Suid-Afrika gedurende die vyftiger- tot negentigerjare 'n bloeityd beleef het in die skepping van veral Afrikaanse terminologie (vgl. afd. 8). Die eerste tweetalige vakwoordeboek (Chemioterme) met Afrikaans as een van die behandelde tale is reeds in 1918 deur DF Du Toit Malherbe saamgestel. Die uitgebreide en intensiewe vaktaalontwikkeling het bygedra tot die leksikale verryking en standaardisering van Afrikaans. Die terminologieontwikkeling in Afrikaans was sodanig dat terme tans in feitlik enige vakgebied of domein beskikbaar is – van grondkunde tot kernenergie. Afrikaanse terminologie is deur verskeie taalkantore, taalpraktisyns, vakkundiges en private instansies geskep, aangeteken en versprei (vgl. Alberts, 2003:127-161). Daar is na raming bykans 450 verskillende termlyste en vakwoordeboeke vir 'n verskeidenheid vakgebiede met Afrikaans as een van die behandelde tale (vgl. Alberts, 2015b).

5. Vergelykende studie

Dit is van belang om enkele vergelykings te tref tussen die verskillende tale wat in hierdie artikel bespreek word.

As enkele woorde uit Nederduits, Wes-Fries, Nederlands en Afrikaans met mekaar vergelyk word (vgl. Tabel 1), blyk dit dat daar ten spyte van die skryfvorm (skryf- en spelwyses), minimale verskille tussen Nederduits, Wes-Fries en Afrikaans is, terwyl die Nederlandse termekwivalente dikwels na aanleiding van Engelse bronterme geskep word (*acceptasie*, *attack*) en selfs direk aan Frans ontleen word (*cognac*). Die Nederlands gebruik *cognac* (ouer vorm: *konjack*) na aanleiding van die naam van die Franse stad Cognac waar dié tipe brandewyn blykbaar vir die eerste keer uit wyn gestook is (Boshoff & Nienaber, 1967:364).

TABEL 1: Vergelyking tussen Nederduits, Wes-Fries, Nederlands en Afrikaans

Nederduits	Wes-Fries	Nederlands	Afrikaans
aanbeveling	aanfurdigjen	aanbeveling, acceptasie	aanbeveling
aanval	oanfjal	aanval, attack	aanval
aartsvader	aartsfader	patriarch	aartsvader, patriarg
konjak	konjak	cognac	konjak

Dit is interessant om die term *kombuis* se etimologie na te gaan. Die term *kombuis* (“kookkamer”) kom van die Middelnederlandse term *cabuse*, wat 'n voorraadkamer of kookruimte op 'n skip was. Die Engelse term *caboose* is ook “a small kitchen on the deck of a ship”. In Nederduits was *kombuis* aanvanklik die benaming vir *kajuit*. In Fries is *kajút* en *kombof* sinonieme van onderskeidelik *kajuit* en *kombuis* in Nederlands – dus tipiese seemansterme. In Nederlands word die term *kombuis* slegs in skeepverband gebruik. Die Nederlandse *keuken* is sinoniem met *kombuis* in Bildts en Afrikaans (Boshoff & Nienaber, 1967:362-363; Van Wyk *et al.*, 2003:206).

Aangesien die meeste termlyste in Bildts oor aspekte van die landbou handel, bevat die volgende lys slegs landbouverwante terminologie in Bildts, Fries, Nederlands en Afrikaans (vgl. Tabel 2). Dit is opmerklik hoeveel die skrifbeeld van Bildtse terme ooreenkomste met

Afrikaans toon. Die Bildts en Afrikaans is ook dikwels nader aan mekaar as aan Nederlands (vgl. Oosterbaan, 1989:140-157).

TABEL 2: Vergelyking tussen Bildts, Fries, Nederlands en Afrikaans

Bildts	Frysk/Fries	Nederlands	Afrikaans
angebore	oanberne	aangeboren	aangebore
ansteke	oanstekke	aansteken	aansteek
boeresundeg (vrijdeg)	boeresnein (freed)	boerenzondag (vrijdag)	Vrydag
bôl	bôle	brood	brood
broad	brea	roggebrood	rogbrood
broeihok	broeihok	broeihok	broeihok
dissel	tiksel	dissel	dissel
driepoat	trijepoat	driepoot	driepoot
gebit	beetling	gebit	gebit
heit	heit	vader	vader, pa
hooiwagen	heawein	hooiwagen	hooiwa
kafhok	tsjefhok	kafhok	kafhok
koalsaad	koalsied	koolzaad	koolsaad
koemelker	kommelker	koemelker	koeimelker
krêbe	krêbe	krib	krip
lândbrúkkers	lânbrúkers	landgebruikers	landgebruikers
lândheer	lânhearre	landheer	landheer
maaidorser	meantersker	combine	dorsmasjien
mim	mem	moeder	moeder, ma
mis	rûchskerne	mesthoop	mis, mishoop
môlefanger	mollefanger	mollenvanger	molvanger
pikys	pykjes	kuikentjes	kuikentjies
plaats	pleats	boerderij	plaas, boerdery
ploeg	ploech	ploeg	ploeg
ploegdriver	ploechdriuwer	ploegdrijver	ploegdrywer
skapemelke	skiepmelke	schaapmelk	skaapmelk
wagenhok	weinhús	wagenshuur	waenhuis
weglêge	weilizze	op een andere plaats leggen dan in de legbakken	weglê
wify knyn	wyfke knyn	vrouwelijk konijn	konynwifie of wyfiekonyn

Wanneer terme in Nederlands, Bildts en Afrikaans vergelyk word, sien mens egter dikwels dat 'n Afrikaanse term soms aan Nederlands ontleen is en soms aan Bildts (vgl. Tabel 3):

TABEL 3: Vergelyking tussen Nederlands, Bildts en Afrikaans

Nederlands	Bildts	Afrikaans
aardappel	eerpel, irpel	aartappel, ertappel
drinken	súppe	drink, suip
eten	frette	eet, vreet
fabriek	febryk	fabriek
gans	gâns	gans
geluid	geluud	geluid
hark	tunklauw	hark, tuinhark
hersenen	harens	harsings
kluis	klús	kluis
modder	drek	modder, drek
paard	peerd	perd
schoenendoos	skoennedoos	schoendoos
sigaar	segaar	sigaar
speelgoed	speulgoed	speelgoed
trein	train	trein
trui	troi	trui
ui	sipel	ui
veilig	failig	veilig
wortel	wuttel	wortel

6. Amptelike Suid-Afrikaanse tale

Die rol en funksie van Afrikaans en die Sintutale het sedert 1994 aansienlik verander as gevolg van politieke en maatskaplike veranderinge. Die Suid-Afrikaanse regering is regtens verplig om meertaligheid in Suid-Afrika te bevorder. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, het 'n heeltemal nuwe talebestel vir Suid-Afrika ingevoer. Taalregte word in verskillende artikels van die Grondwet, 1996, genoem. In artikel 6 word daar voorsiening gemaak vir elf amptelike tale vir Suid-Afrika en vir die ontwikkeling van dié tale wat voorheen beperkte amptelike status geniet het. Die taalopdrag soos vervat in die Grondwet veronderstel verder –

- die daarstelling van infrastruktuur deur die staat vir die ontwikkeling en bestuur van al die tale wat in die Grondwet genoem word, en
- die instelling van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (art. 6(5)) Die Grondwet, 1993, vereis reeds in art 3(10) dat PanSAT by Parlements wet ingestel moet word. Dit word in artikel 6(5) van die Grondwet, 1996, herhaal (Alberts, 2003:132, 133; Alberts, 2017:149-163).

Suid-Afrika beskik oor voortrefflike wetgewing wat die talebestel behoort te beskerm en taalontwikkeling te fasiliteer. Die agtiende Wysigingswet op die Grondwet 3 van 2023 wysig artikel 6(5)(a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en maak voorsiening vir die ontwikkeling van twaalf amptelike tale deur Suid-Afrikaanse Gebaretaal by te voeg. Suid-Afrikaanse Gebaretaal geniet gevolglik sedert 2023 ook die status van amptelike taal. Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk van Maart 2003 gee uiting aan die grondwetlike vereistes vir taalgebruik en -ontwikkeling. Verder gee die wet oor die gebruik van die amptelike tale (“Use of Official Languages Act” 12 van 2012) en die voorgestelde regulasies (2013) riglyne vir taalgebruik deur die owerhede op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak. Die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad (Beukes, 2014) maak onder meer daarvoor voorsiening dat taalpraktisyns oor die nodige vaardighede moet beskik om in die taalpraktyk werksaam te wees. Die tersaaklike wetgewing vereis dat daar ook aan meertalige terminologieontwikkeling aandag gegee moet word (Alberts, 2017:150–162; Alberts, 2019:12-29).

Die LANGTAG-verslag (DACST, 1996) is deur die Nasionale Taaldiens (NTD) van die Departement van Kuns en Kultuur (DKK) verder gevoer, en ’n nasionale taalbeleidsraamwerk (vgl. DAC, 2002; DAC, 2003a) is gedurende 2002 gepubliseer. ’n Implementeringsplan vir die nasionale taalbeleidsraamwerk, wat ’n algemene strategie vir die ontwikkeling van die Sintutale aanbied, is in 2003 bekendgestel (DAC, 2003b).

7. Leksikografieontwikkeling in Afrikaans en die Sintutale

Die Sintutale beskik oor verskeie woordeboeke – hoewel nie so talryk as Afrikaans nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die taalbeleid van ’n land ’n invloed op die woordeboekproduksie uitoefen. In die vorige regeringsbestel was daar ’n beleid van twee amptelike tale, en gevolglik is hoofsaaklik tweetalige (Engels en Afrikaans) algemene en vakwoordeboeke saamgestel en gepubliseer. Sedert 1994 word daar egter weens die meertaligheidsbeleid waar moontlik algemene en vakwoordeboeke in die elf amptelike skriftale saamgestel en gepubliseer. As twaalfde amptelike taal word die gebare van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as videogrepe aangeteken en gestandaardiseer.

Waar daar aanvanklik slegs twee amptelike woordeboekkantore bestaan het, naamlik die Buro van die Afrikaanse Taal (WAT) in Stellenbosch en die Dictionary of South African English (DSAE) by die Rhodesuniversiteit in Makhanda (voorheen Grahamstad), is daar sedert 1998 elf nasionale woordeboekeenhede, naamlik die nasionale leksikografiese eenhede (NLE’s), een vir elke amptelike taal, ingestel (vgl. PanSAT, 1999). PanSAT is tans (2024) besig om ’n NLE vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal in te stel.

Die NLE’s is maatskappye sonder winsoogmerk (MSW) en elkeen is verbonde aan ’n plaaslike universiteit wat binne die geolinguistiese gebied geleë is waar die meeste moedertaalsprekers van die betrokke taal woon. Die idee is dat taalkundiges verbonde aan die universiteit kan meewerk aan die betrokke woordeboek deur taalprobleme te help uitstryk en dat moedertaalgebruikers vir insette geraadpleeg kan word. Die verskillende NLE’s is soos volg:

- Afrikaans: Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT), Stellenbosch
- Engels: Dictionary of South African English (DSAE), Makhanda
- Ndebele/isiNdebele, Pretoria
- Noord-Sotho/Sesotho sa Leboa/Sepedi, Polokwane
- Suid-Sotho/Sesotho, Bloemfontein
- Swati/Siswati, Mbombela

- Tsonga/Xitsonga, Tzaneen
- Tswana/Setswana, Mmabatho
- Venda/Tshivenda, Thohoyandou
- Xhosa/isiXhosa, Alice
- Zulu/isiZulu, Durban
- Suid-Afrikaanse Gebaretaal (tans [2024] in stigtingsproses).

Elke NLE teken die algemene woordeskat op van die taal waarvoor hy ingestel is en die data word as algemene (een-, twee- of meertalige) woordeboeke gepubliseer. Satellietprodukte soos skoolwoordeboeke word moontlik gemaak deur die manipulerings van die data. Die data word rekenaarmatig in die TshwaneLex-program opgeteken, wat verskeie produkte moontlik maak, soos publikasies en aanlyn weergawes.

Daar bestaan reeds algemene en vakwoordeboeke vir gebaretaal (vgl. Nieder-Heitmann, 1980; NID, 2022). Tans word gebare deur verskeie instansies as videogrepe gedokumenteer en die te stigte NLE vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal sal waarskynlik kan meewerk om die gebare te dokumenteer en te standaardiseer. Verskeie woordeboeke is ook vir die Khoi- en Santale saamgestel (vgl. Haacke *et al.*, 2002; 2010).

8. Terminologieontwikkeling in Afrikaans en die Sintutale

Hoewel Afrikaanse terminologie gedurende die vyftiger- tot negentigerjare 'n bloeityd beleef het, is slegs enkele vakwoordeboeke, wat almal private inisiatiewe was, in hierdie tyd in die Sintutale gepubliseer (Alberts, 2003:137; Alberts, 2015b).

Die Terminologiekoördineringsafdeling (in die praktyk word slegs die Engelse benaming Terminology Coordination Section en die afkorting TCS gebruik) en sy voorgangers het in die verlede as nasionale terminologiesdiens en as staatsinstelling amptelik vertalende tweerigtingvakwoordeboeke saamgestel, maar voor 1994 is daar reeds besef dat daar 'n dringende behoefte aan terminologie in die verskillende Sintutale was. Kontak is gemaak met die taalrade wat daardie tale amptelik hanteer het, en daar is begin met navorsing oor woordvormingsbeginsels in dié tale. In 1995 stel die Nasionale Terminologiesdiens (NTD; voorganger van die TCS) moedertaalsprekers van die inheemse tale as terminoloë aan om die optekening van terminologie in die verskillende Sintutale te behartig (Alberts, 2003:138; Alberts, 2015b).

Die TCS werk ten opsigte van Afrikaanse termskepping nou saam met die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) en die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA) van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, en ten opsigte van Engels word die English Academy of Southern Africa en die Nasionale Taalliggaam vir Engels van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad geraadpleeg. Die lede van die nasionale taalliggame vir die Sintutale word gebruik om die terminologie van die Sintutale te beoordeel en goed te keur. Die nasionale taalliggame kan terme slegs beoordeel op grond van woordvormingsbeginsels en spel- en skryfreëls, aangesien die lede taalkundiges is en nie vakkundiges nie.

Wat vaktaalbestuur betref, word daar nie in die regering se taalimplementeringsplan 'n spesifieke strategie vir die bestuur van terminologiesdata uiteengesit nie. Sowel die LANGTAG-verslag as die taalbeleidsraamwerkdokument plaas egter vaktaalbestuur binne die opdrag van die TCS (Ferreira, 2002).

In Suid-Afrika geskied terminologieontwikkeling in alle Suid-Afrikaanse amptelike tale, ook dus in die amptelike tale wat voorheen as minderheidstale beskou is. Hoewel die Khoi- en Santale nie amptelike taalstatus geniet nie, word dié tale se terme deur die betrokke Tegiese Komitees van die onderskeie nasionale taalliggame opgeteken. Gebaretaalsterme word deur

die NTL vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal deur middel van videogrepe vasgelê en aan belanghebbendes versprei. PanSAT is ook reeds besig om 'n NLE vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal tot stand te bring. Terminologieontwikkeling het ten doel om die gebruik van al die Suid-Afrikaanse tale op elke moontlike terrein van menslike kundigheid, werksaamheid en kommunikasie moontlik te maak. Dit kan lei tot die ontwikkeling van die tale tot funksionele tale op alle terreine van menslike aktiwiteit.

Hoewel daar talryke inisiatiewe bestaan vir die skep en optekening van terminologie in die Sintutale, word terminologieontwikkeling tans gereguleer en gekoördineer deur die TCS. Dié kantoor beskik oor 'n nasionale register waar alle terminologieprojekte geregistreer moet word ten einde duplikasie van werksaamhede op vakterreine uit te skakel. Meertalige, veeltematiese terme word deur die TCS aangeteken en aanlyn beskikbaar gestel.

Daar is ook verskeie private inisiatiewe wat konsepte in Engels (as brontaal) definieer en dan vertaalekwivalente in Afrikaans en die Sintutale (as doeltale) voorsien. Voorbeelde hiervan is die strafreg-, strafprosesreg- en bewysregterminologie wat deur die Sentrum vir Registerterminologie in Afrikatale (SRTAT) aangeteken word. Die Sentrum het aanvanklik slegs Noord-Sotho-termekwivalente voorsien, maar die ander Sintutale word ook reeds toegevoeg. 'n Tweetalige regswoordeboek is in 2015 gepubliseer, en die drietalige regswoordeboek (Engels-Xhosa-Afrikaans) in 2019. Die Tsonga-weergawe is reeds op die pers. Die Sentrum vir Politieke en Verwante Terminologie (CEPTSA) het aanvanklik slegs vertalende Engels-Afrikaanse vakwoordeboeke gepubliseer, maar het later begin om kernterme van definisies te voorsien en vier Sintutale (Zulu, Xhosa, Tswana, Noord-Sotho) is as doeltale bygevoeg (vgl. Alberts, 2015a). Terminologie oor 'n wye verskeidenheid vakgebiede word ook deur die vakvereniging Prolingua aangeteken.

Verskeie staatsinstansies het taalafdelings wat vertaal- en tolkdienste lewer. Die terminologie van die betrokke instansie moet egter beskikbaar wees, want daarsonder kan geen vertaal- en tolkdienste gelewer word nie. Hieronder tel onder meer die Nasionale Parlement, die Kantoor van die Staatsregsadviseur in die Departement van Justisie, Statistieke Suid-Afrika, Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, en so meer. Daar is ook verskeie owerhede op provinsiale en plaaslike vlak soos munisipaliteite wat terminologie versamel, aanteken en versprei.

Daar is verskeie nasionale en internasionale navorsingsaktiwiteite aan die gang om leksikografiese en terminografiese produkte elektronies aan te teken, sodat hulle in toepassings van mensliketaaltegnologie (MTT) (Human Language Technologies (HLT)) gebruik kan word (vgl. speltoetsers, taalkoppelvlakke, spraaksintese en -herkenning).

Die meeste tersiêre instellings is aktief besig met vaktiaalprojekte. Sommige het reeds begin om terminologiekursusse aan te bied. Dit blyk uit 'n oudit wat by die tersiêre instellings gedoen is, dat daar steeds talle projekoorvleuelings is wat 'n proliferasie van terme vir dieselfde konsep in dieselfde vakgebied of taal tot gevolg het, en die penetrasie en standaardisering van termekwivalente nadelig beïnvloed (Alberts, 2015b; Alberts, 2019:28-29; Goosen, 2024).

9. Vergelyking tussen Bildts, Afrikaans en die Sintutale

Soos uit voorafgaande besprekings blyk, het Suid-Afrika volgens wetgewing 'n meertalige beleid waar al die amptelike tale gelyke status geniet. “Deze theoretische situasie (gelijk-gesteldheid) is echter niet de werkelijkheid. In de praktijk wordt er steeds meer gediscrimineerd, zowel tegen het zwarte talen als tegen het Afrikaans. Het beleid van het ANC, dat de dienst uitmaakt in de regering, is dat alle elf talen moeten worden erkend, maar dat alleen Engels *the language of record* zal zijn” (Scholtz, 1996:7).

Hoewel Engels deesdae as die *lingua franca* van Suid-Afrika beskou kan word, is daar tog 'n besliste beweging na meertaligheid, en meertalige terme word op veral tersiêre vlak beskikbaar gestel. Die kontak tussen die verskillende taalgroepe sal die behoefte aan meertalige termlyste en vakwoordeboeke algaande versterk. Dit is interessant om in die terminologiepraktyk daarop te let dat die beskikbare Afrikaanse terminologie dikwels as bron dien vir die skep van Sintutaal-termekwivalente. Die Afrikaanse terme is in baie gevalle baie beskrywend en dit help die termskeppers in Sintutale om ekwivalente in hul eie tale te skep.

Hoewel daar geen verwantskap tussen Bildts en Afrikaans met die Sintutale bestaan nie, is dit tog interessant om 'n vergelyking tussen hierdie tale te tref. Aangesien die beskikbare Bildtse bronne oorwegend uit die gebied van die landbou kom, is slegs landbousterme as voorbeeldmateriaal gebruik, vgl. Tabel 4.

TABEL 4: Vergelyking tussen Fries, Bildts, Afrikaans en sommige Sintutale (Bronne: Oosterbaan, 1989: 140-157; Reynierse, 1991)

Fries	Bildts	Afrikaans	N-Sotho	S-Sotho	Tswana	Xhosa
plaats	plaas	plaas	polase	polasi	polase	ifama
aardappel	aardappel	aartappel	letapola	tapole	lekwele	itapile
dam	dam	dam	(le)tamo	tamo	idamu	idama
kammenet	kammenet	kabinet	kabinete	kabinete	kabinete	ikhabhinethi
molke	melk	melk	maswi	lebese	mašwi	ubisi

Die Sintutale ontleen dikwels landbousterme aan Afrikaans, waarskynlik omdat Afrikaanssprekende landbouers en plaaswerkers dikwels in Afrikaans kommunikeer. Die Ngunitale, waarvan Xhosa 'n voorbeeld is, ontleen dikwels eerder aan Engels. Dit is duidelik uit al die bygaande tabelle dat genoemde terme in verwante (en selfs nieverwante) tale deur transliterasieprosesse gevorm is; meermale is die terme aan slegs een brontaal ontleen (Alberts, 2017:94-96; Alberts, 2019:90-93).

10. Slotsom

Aangeleenthede soos taalontwikkeling en -standaardisering is moontlik indien tale amptelike erkenning kry. Afrikaans het ontwikkel omdat dit naas Engels tot amptelike taal verhef is, waardeur ook terminologieontwikkeling moontlik en nodig gemaak is en grootskaalse taalontwikkeling kon plaasvind. Die Sintutale word tans doelbewus ontwikkel, omdat die tale sedert 1994 amptelike status geniet. Suid-Afrikaanse Gebaretaal is sedert 2023 'n amptelike taal en word dus ook amptelik ontwikkel.

Bildts bestaan naas Nederlands en Fries, omdat dit as dialek of streektaal deur regeringslui erken word en omdat die nagenoeg 6 000 mense wat die taal magtig is, doelbewus besluit het om die taal waar moontlik te gebruik, te bevorder, te bewaar en te ontwikkel, onder meer deur die aktiewe optekens daarvan en die samestelling van woordeboeke.

Taalgebruikers se volgehoue gebruik van 'n taal kan 'n taal laat voortbestaan. Die teenoorgestelde is egter ook waar. Indien die taalgebruikers nie doelbewus hul taal gebruik, bevorder, bewaar, ontwikkel en op gestandaardiseerde wyse (t.o.v. grammatika, skryf- en spelreëls) gebruik nie, sal die taal (watter taal ook al) stelselmatig verdwyn.

'n Minderheidstaal (soos Bildts en Suid-Afrikaanse Gebaretaal) kan tot amptelike taal verhef word indien die gebruikers daarvan hulle dit ten doel stel om besluitnemers van die gebruikswaarde daarvan te oortuig, deur byvoorbeeld drukgroep te vorm wat daardie doelwit nastreef.

Die voortbestaan van 'n taal hang grootliks van sy taalgebruikers af. Indien taalpraktisyns goeie taalgebruik handhaaf en die standaardvorm van die taal beheers en gebruik, sal algemene taalgebruikers hopelik hulle voorbeeld volg.

Vakkundiges kan ook tot taalhandhawing en taalontwikkeling bydra indien hulle terme konsekwent gebruik en so tot die standaardisering van konsep en term bydra volgens die beginsel van een begrip, een term. Terminologieontwikkeling en -standaardisering is 'n waarborg vir taalontwikkeling.

Moedertaalonderrig bly steeds die gewenste medium van onderrig. Ouers, leerkragte en leerders moet egter bewus gemaak word van die voordele wat dit inhou om die begrippe deur middel van die moedertaal te internaliseer voordat daar na die gebruik van tweede of derde tale oorgeskakel word.

Politici het ook 'n belangrike rol om te vervul. Taal het 'n emosionele waarde en is die draer van kultuurgoedere. Wanneer politici deur taalgebruik 'n voorbeeld stel, sal gemeenskappe besef dat hul tale funksionele waarde het.

'n Taal kan slegs erken word en ontwikkel indien die gebruikers hul deel daartoe bydra. "Hoe meer funksies 'n taal verloor, hoe vinniger gaan die taal se gebruikswaarde agteruit, hoe kleiner krimp sy taalwêreld, en hoe makliker verskuif sy taalgemeenskap na 'n ander, meer bruikbare taal" (Buys, 2014:4). Hierdie stelling geld vir enige taal. Tale moet nie net ter wille van selfbehoud ontwikkel en bewaar word nie, maar veral omdat hy aan kommunikasiebehoeftes moet kan voldoen. Die gebruikers van Afrikaans kan baie oor taalhandhawing en -behoud by die handjievul gebruikers van Bildts leer.

BIBLIOGRAFIE

- Alberts, M. 2000. Die hersiening van die Bildtse woordeboek. In: *AFRILEX Newsletter 5*, Dec. 2000:13-14. <http://afrilex.africanlanguages.com/newsletterdec00.htm>.
- Alberts, M. 2003. Vaktaalontwikkeling en -opleiding in Suid-Afrika. In: *'n Man wat beur: Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk*. Stellenbosch: Buro van die WAT, pp.127-161.
- Alberts, M. 2015a. Centre for Political and Related Terminology in Southern African Languages (CEPTSA) – translating and explanatory dictionaries. *Lexikos*, 25. Afrilex Series 25:1-34.
- Alberts, M. 2015b. 'n Oorsig van vaktaalontwikkeling en -opleiding in Suid-Afrika met spesiale verwysing na Afrikaans. Ongepubliseerde verslag opgestel in opdrag van Die Dagbreek Trust en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, November 2015.
- Alberts, M. 2017. *Terminology and Terminography Principles and Practice. A South African Perspective*. Milnerton: McGillivray Linnegar Associates.
- Alberts, M. 2019. *Terminologie en Terminografie: 'n Handleiding*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Beukes, SM. 2014. Language Practitioners' Council Bill. Referaat gelewer by die Prolinguawerksvergadering, 13 Mei 2014, Florida-kampus, Unisa, Roodepoort.
- Boersma, PYJ. 2002. *Wurdboek fan de Fryske taal/Woordenboek der Friese taal*. Ljouwert/Leeuwaren: Fryske Akademy.
- Boshoff, SPE. 1921. *Volk en taal van Suid-Afrika*. Pretoria: De Bussy.
- Boshoff, SPE & Nienaber, GS. 1967. *Afrikaanse Etimologieë*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Botha, TJR, Ponelis, FA, Combrink, JGH & Odendal, FF. (reds.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica.

- Buwalda, HS. 1979. *Fan de Bildtse grond*. Luwt: Algemeine Fryske Underrjocht Kommissje.
- Buwalda, HS, Buwalda, SH. 1980. *Hoe skrive wy 't in 't Bildts?* Luwt/ Ljouwert: Fryske Akademy.
- Buwalda, HS, Buwalda, SH, Van der Burg, ACB *et al.* 1996. *Woordeboek fan 't Bildts en liyf fan toponimen*. Leeuwarden-Ljouwert/Amsterdam: Elsevier.
- Buwalda, HS, Buwalda SH, Van der Burg, ACB & Sijens, H. (reds.). 2013. *Woordeboek van 't Bildts*. Tweede verbeterde weergawe van *Het Woordeboek fan 't Bildts* (1996) waarby ingesluit is die spellingboekje: *Hoe skrive wy 't in 't Bildts?* St Anne: Fryske Akademy/HDU.
- Buys, F. 2014. Afrikaanse Universiteit bekendgestel. *Pretoria East Rekord*, November 2014:4.
- Carstens, WAM. 2014. Die storie van Afrikaans: Uit Europa en van Afrika. 'n Biografie van Afrikaans. Referaat gelewer by die Prolingua-werksvergadering, 8 Oktober 2014, Tshwane Munisipaliteit, Centurion.
- Carstens, WAM & Raidt, EH. 2019. *Die storie van Afrikaans: Uit Europa en van Afrika – biografie van 'n taal*. Deel 2. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Carstens, WAM & Van Dyk, TJ. 2022. *Toegepaste taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Daniëls, W & Van de Laar, F. 1996. *Spellingchaos. Een buitenparlementair onderzoek naar de nieuwe spelling*. Utrecht: Uitgeverij Scheffers.
- Department of Arts and Culture (DAC). 2002. *National language policy framework. Final draft (NLPF).13 November 2002*. Pretoria: Department of Arts and Culture.
- Department of Arts and Culture (DAC). 2003a. *National Language Policy Framework (NLPF) and Implementation Plan*. Pretoria: Department of Arts and Culture.
- Department of Arts and Culture (DAC). 2003b. *Implementation plan: Framework for the National Language Policy. Final draft. 10 April 2003*. Pretoria: Department of Arts and Culture.
- Department of Arts, Culture, Science and Technology (DACST). 1996. *Towards a national language plan for South Africa. The Final LANGTAG Report*. Pretoria: DACST.
- De Villiers, M. 1978. *Nederlands en Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Dyers, C. 2022. Taal, identiteit en nasievorming. In Carstens, WAM & Van Dyk, TJ. 2022. *Toegepaste taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp. 264-278.
- Ferreira, DM. 2002. Terminologiebestuur in Suid-Afrika: 'n Beoordeling van drie werkmodes. *Lexikos*, 17 (Afrilex-reeks 17):56-76.
- Fryske Akademy. 2010. *Woordenboek der Friese Taal. Fries-Nederlands. 1800-1975*. 25 dele. Instituut voor Nederlandse Taal. Aanlyn sedert 2010. Ljouwert: Fryske Akademy.
- Fryske Akademy. 2015. *Friese spelling en taalhelp*. Aanlyn sedert 2015. Ljouwert: Fryske Akademy.
- Goosen, M. 2024. 'n Kritiese analise van terminologiebestuur binne die Suid-Afrikaanse konteks. Ongepublisierde PhD-tesis. Pretoria: UP.
- Haacke, WHG & Eiseb, E. 2002. *Khoekhoegowaab Dictionary with English- Khoekhoegowaab Index*. Windhoek: Gamsberg Macmillan.
- Haacke, WHG, Eiseb, E & Gericke, C. 2010. *Khoekhoegowaab-Afrikaans Glossarium*. Windhoek: Macmillan Education.
- <http://af.m.wikipedia.org/wiki/Fries>
- <http://en.m.wikipedia.org>
- https://en.wikipedia.org/wiki/Frisian_languages
- <http://fryske-akademy.nl/nl/kennis-en-sameleving/fries-spelling-en-taalhelp>
- <http://nl.wikipedia.org/wiki/Bildts>
- http://en.wikipedia.org/wiki/Low_German
- <http://argyf.fryske-akademy.eu/fa/.../view>
- <http://mijnwoordenboek.nl>
- <https://nid.org/za/news/nid-online>
- Kleijn, A. 2024. Terugslae, tragedies en teleurstellings van Villeria se taalpionierstigter. https://bronberger.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=6647:Terugslae%20tragedies%20en%20teleurstellings%20van%20Villieria%20se%20taalpionierstigter&catid=50:toeka-se-dae&Itemid=76
- Kotzé, EF. 2007. Die betroubare woord: 'n Beskouing van Arabiese-Afrikaanse Maleierafrikaans en Kaaps-Afrikaanse tekste as fonologiese bloudruk vir hedendaagse Praatafrikaans. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, II(2):107-119.

- Kotzé, EF. 2014. Slawe en Kaapse Afrikaans. Gesprek met Ina Strydom in Tale wat ons Praat (tans Taaldinge), RSG, 15 Junie 2014.
- Kotzé, EF. 2018. Kaaps en (her)standaardisering. Gesprek met Ménan van Heerden, *LitNet*, 14 Maart 2018.
- Nasionale Instituut vir Dowes (NID). 2022. <https://nid.org/za/news/nid-online>.
- Nieder-Heitmann, N. 1980. *Praat met die Dowes*. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes. Pretoria: Staatsdrukker.
- Ntshangasi, D. 1996. Working document: Future of the present language boards. LANGTAG subcommittee on the Development of (South) African Languages, 20 February 1996. Unpublished document, DAC, Pretoria.
- Oosterbaan, DK. 1989. *Van Afsluitdijk tot Lauwers: Het boerenleven in Friesland van 1900 tot 1950*. St. Anne: Stichting Ons Bildt.
- Paardekooper, PC. 1996. Skyfie in de rekenaar. Afro-Nederlands houdt niet van Engels. *Wetenschap & Onderwijs*. Zaterdag 28 September 1996:2.
- Pebesma, H & Zantema, A. 1994. *Van Goor's klein Fries woordenboek: Nederlands-Fries en Fries-Nederlands*. Amsterdam/Ljouwert: Elsevier.
- Ponelis, FA. 1989a. Die aard en bestudering van die Afrikaanse Taal. In: Botha, TJR, Ponelis, FA, Combrink, JGH, Odendal, FF. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica, pp. 9-37.
- Ponelis, FA. 1989b. Nederlands-Afrikaans: die Europese agtergrond van Afrikaans. In: Botha, TJR, Ponelis, FA, Combrink, JGH & Odendal, FF. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica, pp. 38-71.
- Raidt, EH. 1959. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Raidt, EH. 1982. *Historiese perspektief op die normering van Afrikaans*. journals.co.za/doi/pdf/10.10520/AJA0000016-233.
- Raidt, EH. 1983. *Einführung in Geschichte und Struktur des Afrikaans*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Raidt, EH. 1989. Ontwikkeling van Vroeë Afrikaans. In Botha, TJR., Ponelis, FA., Combrink, JGH. & Odendal, FF. (reds.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica, pp. 96-126.
- Raidt, EH. 1991. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Reynierse, C. 1991. *South African Multi-Language Dictionary and Phrase Book*. Cape Town: Reader's Digest Association South African (Pty) Ltd.
- Scholtz, J du P. 1963. *Taalhistoriese Opstelle*. Pretoria: JL van Schaik.
- Scholtz, L. 1996. Beatrix moet het Afrikaans beskerm. *NRC Handelsblad*. Maandag 9 September 1996:7.
- Steyn, JC. 1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
- Suid-Afrika. 1999. Wysigingswet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad. Wet 10 van 1999.
- Tilma, A. 1989. *Beste Bildstar en andere ferhalen*. St. Anne: Stichting Onse Bildt.
- Van Wyk, GJ, Cloete, AE, Jordaan, A, Liebenberg, HC, Lubbe, HJ. 2003. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Stellenbosch: Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT).

Moedertaalonderwys en onderwys vir veeltaligheid in Suid-Afrika: 'n Ontleding van die 2023-matriekeksamenresultate

Mother tongue education and education for multilingualism in South Africa: Assessment of the 2023 Matric examination results

PROF. C.C. WOLHUTER

Navorsingseenheid EDU-HRight

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: Charl.Wolhuter@nwu.ac.za



Charl Wolhuter

CHARL WOLHUTER het aan die Universiteite van Johannesburg, Pretoria, Unisa, en Stellenbosch studeer. Hy het sy doktorsgraad in Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy is 'n voormalige junior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n voormalige senior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Zoeloeland. Tans is hy professor in Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde aan Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika. Hy is die outeur van verskeie artikels oor Geskiedenis van die Opvoedkunde, asook Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde. Hy was besoekende professor aan onder meer Brock Universiteit, Kanada; Mount Union Universiteit, Ohio, Verenigde State van Amerika; die Universiteit van Kreta, Griekeland; die Universiteit van Queensland, Australië; die Universiteit van Modena en Reggio Emilia, Italië; die Opvoedkunde Universiteit van Hong Kong; en Eberhardt Karls Universiteit, Duitsland.

CHARL WOLHUTER was educated at the Universities of Johannesburg, Pretoria, Unisa and Stellenbosch. His doctorate in Comparative Education was awarded to him by the University of Stellenbosch. He is a former junior lecturer in the Department History of Education and Comparative Education at the University of Pretoria, and a former senior lecturer in the Department of History of Education and Comparative Education at the University of Zululand. Currently he is professor of Comparative and International Education at North-West University, Potchefstroom Campus, South Africa. He is the author of several articles in the fields of History of Education and Comparative and International Education. He has been visiting professor at, inter alia, Brock University, Ontario, Canada; Mount Union University, Ohio, United States of America; University of Crete, Greece; University of Queensland, Australia; the University of Modena and Reggio Emilia, Italy; the Education University of Hong Kong; and Eberhardt Karls University, Germany.

Datums:

Ontvang: 2024-06-03

Goedgekeur: 2024-11-16

Gepubliseer: Desember 2024

ABSTRACT***Mother tongue education and education for multilingualism in South Africa: Assessment of the 2023 Matric examination results***

Hitherto the scholarly as well as the public discourse on the issue of language in education has largely evolved around the use of Afrikaans as language of learning and teaching. This article is an attempt to expand the discourse into three directions. The first is to include the other official languages as well in the discourse, secondly to consider not only the issue of language of learning and teaching, but also the study of the languages as subjects, and thirdly to take a system-wide view of the education system, assessing the extent to which the entire system is conducive to mother tongue education and to the promotion of multilingualism. The attempt is offered out of the belief that firstly, one of the preconditions for the empowerment and elevation of the official languages in South Africa to languages of learning and teaching, is the study of these languages as school subjects; and secondly out of the belief that the education sector in South Africa has a pivotal role to play in the promotion and realisation of multilingualism in South Africa. The study analyses the 2023 matric examination results, as these present a valuable perspective on these topics.

The article commences with an overview of the societal-contextual and education system-contextual framework of languages in the education system of South Africa.

While the desirability of education through the medium of the mother tongue has been indisputably argued, the choice or availability of language(s) of learning in teaching in any education system depends on a number of factors, including the official language of the national jurisdiction of the particular education system, and historical inertia. The teaching and learning of languages throughout history have occupied an important place in school curricula. Typically 25 percent of curricula time of national education systems is allocated to the study of the official language or mother tongue, and eight percent to the study of additional or foreign languages. With regard to which languages are selected for school curricula, the image of a set of concentric circles can be used. From the inside outwardly these circles denote the following: home language(s), official language(s), regional languages, world languages, and other indigenous languages.

To commence with mother tongue as language of learning and teaching, despite the most congenial of constitutional guarantees and the most lofty policy statements, after thirty years since the dawn of the current socio-political dispensation, there is little evidence of the empowerment of the indigenous official languages as language of learning and teaching in education institutions. To aggravate matters, in the case of Afrikaans a trend to downscale the language as language of learning and teaching is evident, and it is difficult not to suspect animosity from government to phase out Afrikaans as language of learning and teaching.

For the study of languages as subjects, it is heartening that copious space has been made available in prescribed school curricula, right up to matric level. For the National Senior Certificate (matriculation examination) at the end of Grade 12, learners are required to offer seven subjects, of which four are compulsory. The four compulsory subjects are two of the official languages (one Home Language and one First Additional Language), Mathematics or Mathematics Literacy, and Life Orientation. Furthermore, learners are required to offer three subjects, out of a list of 25 approved subjects. A maximum of two additional languages may be included in these three subjects. The 2023 matric examinations were taken in 28 languages, at all three levels namely Home Language, First Additional Language, and Second Additional Language.

In the 2023 matric examination 48 385 learners completed the examination for the subject Afrikaans Home Language. This number has been growing the past five years. In the same year, 127 623 learners completed the examination for the subject English Home Language. It seems as if substantial numbers of Afrikaans first language speakers as well as first language speakers from the other indigenous language groups, completed the English Home Language examination. The number of matric examination candidates who took the language in Afrikaans as First Additional Language too is encouraging, and furthermore, the past five years this number has increased from 83 889 in 2018 to 97 654 in 2023. It appears that the picture of Afrikaans Home Language and Afrikaans Additional Language, English Home Language and English First Additional Language, and the other official languages as Home Languages, encompasses to a large extent the total image of the teaching and learning of the official languages in the South African education system. The study of the indigenous languages other than Afrikaans has not gained noteworthy traction in the South African education system the past thirty years.

While the numbers of candidates who sat for the 2023 matric examination in the subjects Afrikaans Home Language and Afrikaans First and Second Additional Language, are heartening, it is for those having the interest of the Afrikaans language at heart still no reason to resign to unqualified self-complacency.

In conclusion some recommendations for the improvement of practice are made.

KEYWORDS: Afrikaans, curricula, education for multilingualism, language of learning and teaching, mother tongue education

TREFWOORDE: Afrikaans, kurrikula, onderwys vir veeltaligheid, voertaal in die onderwys, moedertaalonderwys

OPSOMMING

Die doel van hierdie artikel is om die 2023-matriekeksamenresultate te gebruik ter beligting van die situasie betreffende moedertaalonderwys en onderwys vir veeltaligheid in Suid-Afrika. Die artikel begin met 'n beskrywing van die maatskaplik-kontekstuele en onderwysstelsel-kontekstuele raamwerk van tale in die onderwysstelsel in Suid-Afrika. Terwyl dit bemoedigend is dat die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel ruim voorsiening maak vir die bestudering van tale, is die rekord van die onderwysstelsel die afgelope dekades, wat betref die bemagtiging van die amptelike tale as voertale in die onderwys, nie goed nie.

In 2023 het 48 385 kandidate die matriekeksamen in die vak Afrikaans Huistaal afgelê. Hierdie getal het die afgelope vyf jaar gegroei. Terselfdertyd blyk dit dat 'n substansiële getal Afrikaans Eerstetaal-leerders asook eerstetaalsprekers van die ander inheemse tale, eksamen ook in die vak Engels Huistaal afgelê het. Die getal matriekeksamenkandidate wat die eksamen in die vak Afrikaans Eerste Addisionele Taal afgelê het, is eweneens bemoedigend, en het die afgelope vyf jaar beduidend toegeneem, vanaf 83 889 in 2018 tot 97 654 in 2023. Dit blyk dat slegs Engels en Afrikaans, as vakke by wyse van Afrikaans Huistaal, Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Engels Huistaal, en Engels Eerste Addisionele Taal, die totale beeld van die onderrig van die amptelike tale (en alle tale) in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vervat, en geen van die ander amptelike tale as vakke nie. Die bestudering van die *inheemse* amptelike tale anders as Afrikaans, blyk dus nog nie pos te gevat het in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel nie.

Ten slotte word enkele aanbevelings ten opsigte van onderwyspraktykverbetering ten aansien van die aanbod van die ander inheemse amptelike tale gemaak.

1. Inleiding

Die reg en die wenslikheid van moedertaal as voertaal van onderwys word wyd erken, van UNESCO (1953) tot by die Wêreldbank (2021), en vir grondige, onaanvegbare redes. In Suid-Afrika het die openbare sowel as die akademiese gesprek oor die vraagstuk van taal van onderwys tot dusver grootliks by Afrikaans vasgesteek, en verder op Afrikaans as voertaal gefokus (sien Wolhuter & Van der Walt, 2022). Die doel van hierdie artikel is 'n poging tot gespreksverruiming van moedertaalonderrig in Suid-Afrika in drie rigtings. Dit is naamlik eerstens om ook die ander amptelike tale in te sluit in die gesprek, tweedens om nie net op voertaal te fokus nie, maar ook die bestudering van moedertale as skoolvakke, en derdens om die rol van die onderwysstelsel betreffende die bevordering van meertaligheid te ondersoek. 'n Ontleding van die jaarlikse matriekeksamenuitslae bied 'n besondere blik op die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel betreffende hierdie drie sake. Hierdie artikel gebruik die jongste (2023) matriekeksamenuitslae as bronbasis.

Die navorsing word aangebied uit die oortuiging dat eerstens, een van die voorwaardes vir die ontwikkeling of bemagtiging van die hoeveelheid van amptelike tale in Suid-Afrika tot volwaardige voertale in onderwys, die bestudering van hierdie tale as vakke is. Tweedens het die onderwyssektor insgelyks 'n besondere rol in die bevordering van meertaligheid in Suid-Afrika.

Die artikel begin met die maatskaplik-kontekstuele en onderwysstelsel-kontekstuele raamwerk van moedertaalonderrig in Suid-Afrika. Die 2023-matriekeksamenresultate word dan aangebied en ontleed. Daaruit word dan afleidings oor die situasie betreffende onderrig van meer inheemse moedertale as voertale in Suid-Afrika en aanbevelings vir die toekoms gemaak.

2. Konteks van die studie

Hierdie navorsing is vanuit die studieveld Vergelykende Opvoedkunde onderneem. 'n Grondreël van Vergelykende Opvoedkunde is dat onderwysstelsels in samehang met hulle maatskaplike konteks bestaan (Wolhuter, 2022). Dit beteken dat die samelewing onderwysstelsels skep en instandhou, ten einde in bepaalde samelewingsbehoefte te voorsien. Daarom kan onderwysstelsels slegs verstaan en geëvalueer word binne hulle maatskaplike konteks, as die vormgewende of skeppende kragte van onderwysstelsels. Om hierdie rede word die samelewingskontekstuele en onderwysstelselraamwerk van taalonderrig in Suid-Afrika bespreek voordat oorgegaan word tot 'n ontleding van die 2023-matriekeksamenresultate.

3. Die plek en belangrikheid van tale in onderwysstelsels

Wanneer besin word oor tale in onderwysstelsels, is daar twee (onderling verbandhoudende) aangeleenthede ter sake, naamlik voertaal, en die onderrig en leer van tale as vakke binne skoolkurrikula.

3.1 Voertaal

Wat as voertaal in 'n onderwysstelsel gebruik word, hang af van vele kontekstuele faktore. Hierdie faktore sluit in die eerste taal/tale van leerders in die onderwysstelsel, die amptelike taal/tale van die land, en 'n historiese traagheid om tale as voertale aan te bied.

Die wêreldlikheid van moedertaal of eerste taal as taal van onderrig en leer in onderwys is al sterk geargumenteer (sien Wolhuter & Van der Walt, 2022). Hierdie argumente berus op menseregte-oorewegings, die plek en rol van die onderwysmedium as deel van die taalontwikkelingsprojek in 'n samelewing, onderwyskundige oorewegings, en laastens – vanaf 2021 – beskouinge oor die funksie van onderwys in die ontwikkeling van menslike kapitaal. Onderwyskundige oorewegings sluit in eerste taal as medium van onderrig en leer, as determinant van 'n leerder se prestasie of uitkoms oor die hele linie van skoolvakke; die ontwikkeling van kognitiewe vaardighede; die bevordering van leerder-gesentreerde onderrig; die bemeestering van die moedertaal; selfs die bemeestering van die tweede of vreemde tale; die interne effektiwiteit van die skoolstelsel; en gelyke onderwys (Wêreldbank, 2021). Die Wêreldbank (2021) het in 'n onlangse verslag sy stem bygevoeg ten gunste van onderwys deur medium van moedertaal, en wel vanuit ekonomies-finansiële oorewegings. Hierdie oorewegings sluit nie net in dat eerste taal as voertaal van onderwys meer effektiwiteit in die onderwys teweegbring nie, maar ook dat eerste taal as voertaal van onderwys meer bydra tot menslike kapitaalskepping as enige ander taal as voertaal (Wêreldbank, 2021).

Hoe oortuigend hierdie argumente ook al is, in die onderwysstelsels van die wêreld is daar 'n veelheid van kragte wat werk teen die gebruik van eerste tale as voertaal. Die eerste is gewoon historiese traagheid: as daar histories, om watter rede ook al, 'n voertaal anders as die huistaal van leerders gevestig is in die onderwysstelsel, is dit moeilik en duur om die voertaal te verander, en word leerders dan bloot ingedompel in die voertaal al is dit nie hul eerste taal/moedertaal/huistaal nie. 'n Onderwysstelsel is 'n komplekse struktuur met baie ineengeskakelde komponente en elemente. Veranderinge in die een komponent of element impliseer of noodsaak ooreenstemmende veranderinge in ander. 'n Verandering in voertaal impliseer byvoorbeeld 'n verandering in handboeke, in onderwysvoorsiening, en in onderwysersopleiding – almal met hoë koste-implikasies, en waarvoor daar nie noodwendig vooraf begroot was nie.

Verder is moderne openbare skoolstelsels vir die eerste keer geskep in Wes-Europa en Noord-Amerika gedurende die negentiende eeu. Hierdie totstandbrenging van openbare skoolstelsels het saamgeval met die vorming van nasie-state in Wes-Europa en Noord-Amerika. Een van die primêre funksies van hierdie skoolstelsels was die smee van nasionale eenheid en die kweek van 'n lojaliteit aan en identifikasie met die nasie-staat. Daarom is die amptelike taal as enigste voertaal gebruik, en was omstandighede nie gunstig vir die gebruik van minderheidstale as voertale in die onderwysstelsels nie.

Die skool as instelling het in sy huidige vorm in Wes-Europa beslag gekry oor 'n lang tydperk en is vandaar, hoofsaaklik as deel van die koloniale of imperiale projek, na die res van die wêreld verplant. In die meeste lande het die gewese koloniale taal ná die verkryging van onafhanklikheid as amptelike taal bly voortbestaan. Ook is na-koloniale onderwysstelsels ingespan om die hegemonie van die amptelike (en gewese koloniale) taal te laat voortbestaan. Die veelheid van inheemse tale binne die grense van elkeen van die neo-onafhanklike lande, die swak ekonomiese toestande van hierdie lande en die hoë koste verbonde aan die bemagtiging van die inheemse tale, het gelei tot die oorlewing van die koloniale tale as voertaal in die onderwyssektor.

Dan is daar laastens die feit dat die groot tale van die wêreld beskou word as die tale van die markplein en die arbeidswêreld, wat ook die ontwikkeling van kleiner tale as voertale van onderwysinstellings teenstaan. Hierdie faktor is kragtig in veral die lande van die Globale Suide. Dan is daar nog die krag van Engels as internasionale lingua franca, wat nie slegs die ontwikkeling van plaaslike tale as amptelike tale verhoed nie, maar selfs ander groot koloniale

tale as voertale in die onderwyssektor verdring (voorbeeld hiervan is die vervanging van Frans met Engels as voertaal in die onderwysinstellings van Rwanda).

3.2 Die plek van tale in skoolkurrikula

Tale het nog altyd 'n belangrike, substansiële plek in onderwysstelsels beklee (Bouabré, 2019). Die mees omvattende ondersoek na skoolkurrikula was die Verenigde Nasies (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation, UNESCO) se ondersoek na skoolkurrikula gedurende die eerste agt skooljare (Benavot, 2004). Die uitslag van dié ondersoek is in 2004 gepubliseer. Ofskoon nou al verouderd, is dit steeds die mees omvattende internasionaal-vergelykende opname van skoolkurrikula. Hierdie opname het meer as 100 lande betrek. Die meeste tyd en aandag in skole word aan tale en letterkunde bestee. Die hoeveelheid tyd hieraan bestee was 40.9% van kurrikulumtyd in die eerste skooljaar, waarna dit geleidelik afneem maar nog steeds 'n substansiële plek in die kurrikulum in beslag neem, tot by 29.4% in die agste skooljaar. Gemiddeld word sowat 'n derde van die tyd in die basiese onderwys siklus (eerste agt jaar) aan tale bestee, ongeveer 25% aan die nasionale of amptelike taal, en 8% aan vreemde/buitelandse tale (plaaslike minderheidstale word nie dikwels onderrig nie).

Oor die algemeen word tale as van kritieke belang in skoolkurrikula beskou, op grond van 'n verskeidenheid redes.

Watter tale in skoolkurrikula van onderwysstelsels ingesluit word, kan binne 'n stel konsentriese sirkels voorgestel word. Van binne na buite dui die sirkels die volgende aan: moedertale, amptelike landstaal/tale, streekstale, wêreldtale, en ander inheemse tale.

Ofskoon, soos hier bo verduidelik is, die missie van openbare onderwysstelsels om nasionale eenheid te bevorder en die hegemonie van die amptelike taal af te dwing, die posisie van minderheidsmoedertale as voertale in onderwys baie benadeel het en nog steeds benadeel, is die posisie van huistaal as vak in skoolkurrikula sterker. In Suid-Afrika byvoorbeeld, word die ander amptelike tale buiten Afrikaans en Engels nie verder as die derde skooljaar as voertaal gebruik nie, maar word al die amptelike tale, op al drie die vlakke van Huistaal, Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal, as skoolvakke tot by Graad 12 en as vakke vir die matrikulasiëksamen aangebied. Hierdie reëling is nie uit pas met wat in die res van Engelssprekend-Sub-Sahara-Afrika die geval is nie (In Franssprekend en Portugeessprekend Sub-Sahara-Afrika is die algemene situasie nog meer problematies, in soverre Frans en Portugees onderskeidelik sedert die eerste dag van die eerste skooljaar as voertaal gebruik word). In onlangse tye is noemenswaardige pogings aangewend in die Westelike Halfrond om Eerste Nasie-tale te versterk as vakke. Dit is veral Quechua, die grootste Eerste Nasie-taal in Suid-Amerika, wat in hierdie verband vermeld moet word (Hornberger & Limerick, 2019). Sodanige pogings behels nie net die versterking van moedertaalonderrig (dit is moedertaal as vak) in skole nie, maar behels ook die verwerping van die minderheidstaal onder die meerderheidstaalsprekers in die land. Dit gaan selfs verder en, in die vorm van tweetalige onderwys, bemagtig dit die minderheidstaal as voertaal (ofskoon in 'n ondergeskikte posisie in vergelyking met die meerderheidstaal) in die onderwysstelsel.

Amptelike tale beklee oral 'n ononderhandelbare sterk, sentrale plek in skoolkurrikula. Hier kan die voorbeeld van China, die grootste nasionale onderwysstelsel in die wêreld, aangehaal word. Aan die een kant erken die Chinese Grondwet 55 etniese minderheidsgroepe (tipies het elkeen sy eie taal) en bestaan daar sewentien universiteite van nasionale minderhede in China. Die minderheidstale is so ver bemagtig dat dit moontlik is om in ses verskillende tale die *Gaokao*, of die Chinese sekondêre afsluitingseksamen af te lê. Feng en Adamson

(reds.) (2015) onderskei tussen 'n verskeidenheid modelle van veeltalige onderwys in China, afhange van die kontekstuele ekologie (demografie, geografie, ens.) van die minderheidstale. Tog is dit opvallend dat in elke model die sentrale plek van Mandaryns-Chinees as verpligte vak onveranderd bly.

Die volgende kategorie is streekstale. Hier kan gedink word aan die plek van Spaans as 'n streekstaal in die kurrikula van Brasilië. Sedert 2005 is alle staatskole en selfs privaatskole in Brasilië verplig om Spaans as vak aan te bied in Grade 5 tot 8 (Merco Press, 2005). Nog 'n voorbeeld van streektaal is die Europese Unie. In skoolkurrikula van die lande van die Europese Unie is moderne Europese tale opnuut beklemtoon sedert die vorming van die Europese Unie, sodat skoolstelsels in Europa kan inpas by die beleid en visie van die Europese Unie dat elke Europese burger vaardig word in drie (moedertaal en nog twee ander) van die 24 amptelike tale van die Europese Unie (Tsakaloudi & Palaiologou, 2022). As verdere voorbeeld van streekstale in skoolkurrikula kan Australië gemeld word. Die afgelope 50 jaar is toenemend plek verleen aan Oosterse tale (Mandaryns, Kantonees, Indonesies, Hindi, Viënamees, Koreaans en Japanees) in skoolkurrikula in Australië. Hierdie tale het moderne Europese tale vervang as vreemde tale in skoolkurrikula, en val saam met die herdefiniëring van Australië van sigself as deel van die Asies-Pasifiese wêreldstreek, eerder as 'n buitepos van Europa (Welch, 1996).

Laastens is daar die oorweging van die wêreldtaal, of internasionale lingua franca, vir insluiting as skoolvak in kurrikula; hedendaags is dit Engels. Selfs in 'n land so ver verwyder van die Engelssprekende eerstetaalwêreld soos China, is Engels al sedert 2007 'n verpligte vak vanaf die derde skooljaar (Wang, 2007), en is dit een van sewe verpligte vakke vir die *Gaokao* of sekondêre skool-afluitingseksamen.

Dit moet laastens vermeld word, dat met die opkoms van menseregte, die stroom wetenskaplike getuienis ten gunste van moedertaal as voertaal van onderwys, en die opkoms van opeenvolgende strominge soos multikulturele onderwys, interkulturele onderwys, 'n nuwe waardering vir inheemse kennisstelsels, en die oproep vir die dekolonisasie van onderwys, almal momentum verleen het aan 'n tendens vir die ontwikkeling van inheemse tale tot vakke in skoolkurrikula. In onlangse tye is noemenswaardige pogings aangewend in die Westelike Halfrond om Eerste Nasie-tale te versterk as vakke. Dit is veral Quechua, die grootste Eerste Nasie-taal in Suid-Amerika, wat in hierdie verband vermeld moet word (sien Hornberger & Limerick, 2021). Sodanige pogings behels nie net die versterking van moedertaalonderrig (dit is moedertaal as vak) in skole nie, maar omvat ook die verwerping van die minderheidstaal onder die meerderheidstaalsprekers in die land.

Terwyl bostaande die algemene patroon wêreldwyd verteenwoordig betreffende taal in die onderwys, word die spesifieke situasie in elke land se onderwys deur die kontekstuele kontoere van daardie land gevorm. So is dit ook in Suid-Afrika. Daarom word vervolgens die fokus op Suid-Afrika geplaas, eers op die samelewingskonteks van taal in Suid-Afrika as agtergrond van onderwys in Suid-Afrika, en daarna op die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel.

4. Onderwys in Suid-Afrika

4.1. Samelewingskonteks van taal

Suid-Afrika is 'n taaldiverse land. Kragtens die Grondwet word twaalf tale as amptelike tale erken. Die persentasie van die bevolking wat hierdie tale as huistaal praat, word deur die 2022-sensus soos volg aangegee: Afrikaans: 10.6%, Engels: 8.7%, Gebaretaal: 0.02%, IsiNdebele: 1.7%, IsiXhosa: 16.3%, IsiZoeloe: 24.4%, Sepedi: 10.0%, Sesotho: 7.8%,

Setswana: 8.3%, SiSwati: 2.8%, Tshivenda: 2.5%, en Xitsonga: 4.7% (Statistics South Africa, 2023). Verder is die huistaal van 2.1% van die bevolking 'n taal anders as een van die twaalf amptelike tale (*Ibid.*). Navorsing oor veeltaligheid onder Suid-Afrikaners is uiters skaars, en omvattende statistiek daarvoor bestaan nie. Volgens USAID (2020:4) is dit net Afrikaans en Engels wat as nasionale tale beskou kan word (omdat net dié twee tale oor die hele geografiese reikwydte van die land deur 'n beduidende persentasie van die bevolking gepraat en verstaan word). Volgens Eberhard, Simons en Fennig (2020) is daar 17.16 miljoen sprekers van Afrikaans in Suid-Afrika (6.86 miljoen Eerste Taalsprekers en 10.3 miljoen Tweede Taalsprekers) en 15.89 miljoen sprekers van Engels (4.89 Eerste Taalsprekers en 11 miljoen Tweede Taalsprekers).

'n Ander taalfaktor is die geskiedenis van ongelyke ontwikkeling van hierdie tale. Terwyl Afrikaans, indien sy stamtaal Nederlands ingereken word, 'n geskiedenis van 'n geskrewe taal het wat nege eeue terug reik, en Engels nog sewe eeue langer, het die eerste geskrewe vorm van die ander tale maar eers in die negentiende eeu verskyn. Wat Engels betref, was die taal reeds met die Britse bewindsoorname van die Kaap in 1806 'n taal wat reeds ontwikkel was vir die hoogste funksies (regering, regspraak, ekonomie, handel, en onderwys, ten minste volledig op primêre en sekondêre onderwysvlak as voertale). Afrikaans het oor twee eeue vanaf Nederlands tot onafhanklike en onderskeibare taal ontwikkel – weliswaar 'n omstrede geskiedenis – en is gedurende die eerste dekades van die twintigste eeu gestandaardiseer en gedurende die middel dekades van die twintigste eeu volledig bemagtig vir alle hoër funksies (staatsdiens, regspraak, hoër onderwys, ekonomie, ensovoorts) (Wolhuter, 2024). Maar daarna het die taal in die politieke arena in onguns verval: ná 1976 en nog meer so ná 1994 (Wolhuter, 2024).

Die Afrikatale was van die middel tot laat negentiende eeu nog nie geskrewe tale nie. Tot vandag toe het hierdie tale nie self ontwikkel of is bemagtig vir hoër orde funksies nie – in die onderwyssektor byvoorbeeld nie eens as voertaal verder as die eerste drie jaar van die primêre skoolsiklus nie. Desnieteenstaande skep die waardes in die Grondwet die verwagting vir die bevordering van veeltaligheid. Artikel 29 van die Grondwet lui:

Almal het die reg om onderwys in die amptelike taal van hul keuse te ontvang in openbare onderwysinrigtings soos wat dit prakties van toepassing is. Om dié reg toe te pas moet die staat alle redelike alternatiewe oorweeg, insluitende enkelmedium onderwysinrigtings. (RSA, 1996a).

Artikel 6 van die Grondwet verklaar die volgende oor die tale van die land:

Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder. (RSA, 1996a)

Hierdie bepalinge van die Grondwet het die afgelope dekades ook weerklank gevind in onderwysbeleid ten opsigte van moedertaal as voertaal van onderwys. Artikel 4 van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996*, bepaal:

...die reg ...van elke persoon om, waar dit uitvoerbaar is, onderwysinrigtings gegrond op 'n gemeenskaplike taal, kultuur of geloof in te stel, mits daar geen diskriminasie op grond van ras is nie; (viii) van elke persoon om die taal van sy of haar keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van sy of haar keuse binne 'n onderwysinrigting deel te neem. (RSA, 1996b)

Ook is daar, in lyn met grondwetlike waardes, gereeld vanaf regeringskant af hoog opgegee oor veeltaligheid en die wenslikheid en voorneme om moedertaalmediumonderwys te bevorder, soos onlangs weer in 'n voorverkiesingsuitspraak van die Minister van Basiese Onderwys (Heyns, 2024). Die afgelope dekade het daar van die Departement van Basiese Onderwys twee uitvoerige verslae oor die stand van moedertaal as medium van onderwys in Suid-Afrika verskyn (RSA, 2010, 2023c).

Die probleem is dat hierdie grondwetlike bepalings en beleidsvoorskrifte nie neerslag vind in die praktyk nie, veral wat voertaal van onderwys betref. Die gaping tussen beleid en praktyk is al telkens uitgewys as 'n tekortkoming van die Suid-Afrikaanse regering, ook in die onderwyssektor in die besonder, en die voortdurende afskaling van die hoë funksies van Afrikaans in die openbare domein die afgelope dertig jaar, maak dit moeilik om te bepaal wat die huidige regering se doel met Afrikaans is. Die afskaling en in baie gevalle algehele uitfasering van Afrikaans aan elk van die historiese Afrikaansmedium en tweetalige universiteite van die land is goed gedokumenteer (Giliomee, 2019:317-322).

4.2 *Onderwysstelsel*

Soos hier bo verduidelik, is teen 1994, met die aanbreek van die nuwe sosio-politieke bedeling, net Afrikaans en Engels bemagtig as voertale in die onderwyssektor ná die eerste drie jaar van die primêre skoolsiklus. In 'n politiek-gelaaide omgewing soos Suid-Afrika, het Afrikaans (en die bemagtiging of selfs handhawing van die bestaande posisie daarvan) in baie kringe in onguns verval.

Die huidige kurrikulumvoorskrifte in Suid-Afrikaanse onderwys bepaal dat leerders in Graad R (pre-primêre vlak) een amptelike taal, wiskunde en lewensvaardighede moet bestudeer. Gedurende die Grondslagfase (Grade 1-3) moet leerders een amptelike taal as huistaal, een addisionele landstaal, wiskunde en lewensoriëntering bestudeer. Gedurende die Intermediêre Fase (Grade 4-6) bestaan die voorgeskrewe kurrikulum uit twee tale, wiskunde, natuurwetenskap en -tegnologie, lewensvaardighede en sosiale studies. Die voorgeskrewe kurrikulum vir die Senior Fase (Grade 7-9) is twee tale, wiskunde, natuurwetenskappe, lewensoriëntering, sosiale studies, tegnologie, kuns en kultuur, en ekonomiese bestuur. Gedurende die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase (Grade 10-12) moet leerders sewe vakke bestudeer: twee tale, wiskunde of wiskundige geletterdheid, lewensoriëntering, en drie vakke van 'n lys wat naas vakke soos Geskiedenis, Geografie, Lewenswetenskappe, Rekenaarwetenskap en Musiek, ook nog addisionele tale mag insluit. In praktyk beteken die eerste addisionele taal in al die fases meestal Engels, behalwe waar leerders Engels as Huistaal aanbied.

Vir die Nasionale Senior Sertifikaat (matrikulasie-eksamen) aan die einde van Graad 12, moet leerders sewe vakke aanbied, waarvan vier verpligtend is. Die vier verpligte vakke is twee van die amptelike landstale (een Huistaal en een Eerste Addisionele Taal), Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid, en Lewensoriëntering. Leerders moet verder drie opsionele vakke kies, uit 'n lys van 25 goedgekeurde vakke. 'n Maksimum van twee addisionele tale mag vir hierdie drie vakke ingesluit word (Republiek van Suid-Afrika, Departement van Basiese Onderwys, 2023b).

In die 2023-matriekeksamen is eksamens in die volgende 28 taalvakke afgelê, die meeste op al drie die vlakke, te wete Huistaal, Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal (RSA, Departement van Basiese Onderwys, 2023a):

Afrikaans Huistaal
Afrikaans Eerste Addisionele Taal
Afrikaans Tweede Addisionele Taal
Arabies Tweede Addisionele Taal
Duits Huistaal
Duits Tweede Addisionele Taal
Engels Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Engels Tweede Addisionele Taal
Frans Tweede Addisionele Taal
Gujarati Huistaal
Gujarati Eerste Addisionele Taal
Gujarati Tweede Addisionele Taal
Hebreeus Tweede Addisionele Taal
Hindi Huistaal
Hindi Eerste Addisionele Taal
Hindi Tweede Addisionele Taal
IsiNdebeleHuistaal
IsiNdebele Eerste Addisionele Taal
IsiNdebele Tweede Addisionele Taal
IsiXhosa Huistaal
IsiXhosa Eerste Addisionele Taal
IsiXhosa Tweede Addisionele Taal
IsiZoeloe Huistaal
IsiZoeloe Eerste Addisionele Taal
IsiZoeloe Tweede Addisionele Taal
IsiZoeloe Huistaal
IsiZoeloe Eerste Addisionele Taal
IsiZoeloe Tweede Addisionele Taal
Italiaans Tweede Addisionele Taal
Latin Tweede Addisionele Taal
Mandaryns Tweede Addisionele Taal
Moderne Grieks Tweede Addisionele Taal
Portugees Huistaal
Portugees Eerste Addisionele Taal
Portugees Tweede Addisionele Taal
Sepedi Huistaal
Sepedi Eerste Addisionele Taal
Sepedi Tweede Addisionele Taal
Sepedi Huistaal
Serwies Tweede Addisionele Taal
Setswana Huistaal
Setswana Eerste Addisionele Taal
Setswana Tweede Addisionele Taal
Sisotho Huistaal
Sisotho Eerste Addisionele Taal
Sisotho Tweede Addisionele Taal

Siswati Huistaal
 Siswati Eerste Addisionele Taal
 Siswati Tweede Addisionele Taal
 Spaans Tweede Addisionele Taal
 Suid-Afrikaanse Gebaretaal Huistaal
 Tamil Huistaal
 Tamil Eerste Addisionele Taal
 Tamil Tweede Addisionele Taal
 Telegu Huistaal
 Telegu Eerste Addisionele Taal
 Telegu Tweede Addisionele Taal
 Tshivenda Huistaal
 Tshivenda Eerste Addisionele Taal
 Tshivenda Tweede Addisionele Taal
 Urdu Huistaal
 Urdu Eerste Addisionele Taal
 Urdu Tweede Addisionele Taal
 Xitsonga Huistaal
 Xitsonga Eerste Addisionele Taal
 Xitsonga Tweede Addisionele Taal

Betreffende moedertaal as medium van onderwys, is hier bo reeds gewys op die gaping tussen grondwetlike waarborge en amptelike beleid aan die een kant, en praktyk aan die ander kant. Die versaking van die amptelike tale in Suid-Afrikaanse onderwys is ook sigbaar in die posisie van die ander inheemse tale (anders as Afrikaans) aan universiteite. Die onderrig van Afrikatale aan universiteite is geensins prominent in die opvoedkundenaavorsingsagenda in Suid-Afrika nie, en statistiek is eweneens ook nie beskikbaar nie; daar is geen bewys dat Afrikatale aan universiteite gedy nie. Trouens, daar is groot kommer oor die kreeftegang of ten minste gebrek aan vordering wat betref Afrikatale as vak aan Suid-Afrikaanse universiteite (Green, 2022). Aan die Universiteit van Suid-Afrika, byvoorbeeld, was daar in 1997 nog 25 000 studente vir Afrikatale geregistreer; teen 2008 het hierdie getal afgeneem tot 3 000 (Shiraya, 2008:18). Die gebrek aan ontwikkeling van Afrikatale aan Suid-Afrikaanse universiteite is so ernstig dat die Minister van Hoër Onderwys onlangs (2023) 'n ministeriële paneel aangestel het om die aangeleentheid te ondersoek (Anon., 2023).

Die moeiliker wordende situasie vir Afrikaans (ten minste wat die handhawing van Afrikaans as voertaal betref) blyk ook duidelik uit die afname van die getal Afrikaans-enkelmedium skole sedert 1994. Binne die eerste tien jaar ná 1994 het sowat 40% van Afrikaanse skole wat in 1990 enkelmedium was, parallel- of dubbelmedium geword (Giliomee, Mbenge & Nasson, 2022: 587). Van die 22 501 openbare skole in Suid-Afrika tans, is slegs 5% enkelmedium Afrikaanse skole (Deacon, 2023). Hierdie 5% beslaan 1 303 enkelmedium Afrikaanse openbare skole in Suid-Afrika.

Die ontwikkeling van huistaal as medium van onderwys het duidelik die afgelope dertig jaar nie gevorder nie, trouens, in die geval van Afrikaans is die ongunstige situasie betreffende huistaal as voertaal van onderwys goed gedokumenteerd.

Die 2023-matriekeksamenresultate bied 'n perspektief op die onderrig van tale en die ontwikkeling van veeltaligheid in Suid-Afrika.

5. Die 2023-matriekeksamenresultate

5.1 Afrikaans Huistaal

Die getal Afrikaans Huistaal-kandidate vir die matriekeksamen het oor die afgelope vyf jaar geleidelik toegeneem, met 737 meer kandidate in 2023 as in 2022 (RSA, Departement van Basiese Onderwys, 2024:54). Die slaagsyfer van 40% (vlak 3) in Afrikaans Huistaal was oor die algemeen hoog en het van 94.5% in 2022 nog verder tot 96.1% in 2023 gestyg, dus 'n toename van 1,6%. Die getal onderskeidings (kandidate met 80%/Vlak 7 en meer) het vermeerder van 3,9% in 2022 tot 5,3% in 2023, met 706 kandidate meer wat onderskeidings vir Afrikaans Huistaal in 2023 verwerf het.

In Tabel 1 word die tendense die afgelope vyf jaar betreffende getal kandidate en slaagsyfers vertoon.

TABEL 1: Tendense die afgelope vyf jaar betreffende getal kandidate en slaagsyfers vir Afrikaans Huistaal in matriekeksamen

Jaar	Getal kandidate	Slaagsyfer (persentasie)
2019	46 646	95.2
2020	44 909	95.4
2021	47 337	95.2
2022	47 648	94.5
2023	48 385	96.1

(Bron: RSA, Departement van Basiese Onderwys, 2024: 54).

Die afgelope vyf jaar vertoon die getal kandidate 'n standhoudende stygende lyn, terwyl die slaagpersentasie standhoudend merkwaardig hoog gebly het.

Terselfdertyd moet dit aangestip word dat die 48 385 leerders wat Afrikaans Huistaal-eksamen afgelê het, maar 5.4% van die totale getal matriekeksamenkandidate van 897 775 uitmaak – dit is uit pas met die 12.2% wat Afrikaans eerste taalsprekers van die totale bevolking vorm (ofskoon differensiële fertilitetsyfers en ouderdomspiramides natuurlik beteken dat nie sonder meer aangeneem kan word 12.2% van matriekeksamenkandidate se eerste taal is Afrikaans nie).

Ter vergelyking moet enkele opmerkings oor die uitslae van die Engels Huistaal-eksamen gemaak word. In hierdie vak het 127 623 die eksamen afgelê (RSA, Departement van Basiese Onderwys, 2024:34). Dit is meer as dubbel die getal kandidate wat die eksamen in Afrikaans Huistaal afgelê het, en is persentasiegewys meer as die 8.1% van die bevolking van die land (61 miljoen) waarvan Engels die huistaal is. Weereens terwyl differensiële fertilitetsyfers en ouderdomspiramides so 'n vergelyking van inskrywingsgetalle in verhouding met bevolkingstotale onakkuraat maak, blyk dit dat ruweg 40 000 Afrikaans huistaalleerders eerder die matriekeindeksamen in Engels huistaal afgelê het, en verder dat ongeveer 30 000 leerders van wie die huistaal een van die Afrikatale is, die matriekeindeksamen in Engels huistaal afgelê het.

Die getal kandidate wat die 2023-matriekeksamen in Huistaal anders as Afrikaans en Engels afgelê het, word in Tabel 2 vertoon.

TABEL 2: Getal Kandidate wat die 2023-matriekeksamen in Tale anders as Afrikaans en Engels Huistaal afgelê het

Taal	Getal kandidate
IsiNdebele	5 911
IsiXhosa	110 021
IsiZoele	177 564
Sepedi	76 183
Sesotho	38 851
Setswana	56 264
Siswati	20 325
Tshivenda	18 240
Xitsonga	29 062
Suid-Afrikaanse Gebaretaal	128

Bron van data: RSA, Departement van Basiese Onderwys, 2024).

Hierdie tale is meer in ooreenstemming met die bevolkingsprofiel van die land as wat die geval met Afrikaans Huistaal is, ofskoon, soos hier bo verduidelik, daar waarskynlik tien-duisende leerders is van wie die huistaal een van die inheemse tale is, wat die matriekeksamen lief in Engels Huistaal aflê.

5.2 Afrikaans Eerste en Tweede Addisionele Taal

Die getal matriekeksamenkandidate wat die eksamen in Afrikaans as Eerste Addisionele Taal afgelê het, het die afgelope vyf jaar beduidend toegeneem, vanaf 83 889 in 2018 tot 97 654 in 2023 (RSA, Departement van Basiese Onderwys, 2024:287). Die persentasie onderskeidings was 4.3%, die persentasie kandidate wat 30% en meer behaal het 94.4%, en die persentasie kandidate wat 40% en meer behaal het 77.6% (*Ibid.*). Terwyl hierdie syfers nie buite proporsie is met die algehele matriekslaagsyfer van 82.9% nie, beteken dit nogtans dat 21 828 kandidate nie eens 30% kon behaal in die eksamen nie.

In sy verslag oor die Afrikaans Eerste Addisionele Taal eksamen, rapporteer die Departement van Basiese Onderwys (2024:289), dat kandidate se gebrekkige taal- en uitdrukkingsvermoë, sowel as hulle taalkennis, 'n groot bron van kommer bly en dat dit kandidate se prestasie nadelig beïnvloed.

Ter vergelyking moet vermeld word dat 574 968 kandidate die 2023-matriekeksamen in Engels as Eerste Addisionele Taal afgelê het (RSA, Departement van Basiese Onderwys, 2024:14). Dit beteken dat 64% van die totale poel matriekeksamenkandidate die Engels Eerste Addisionele Taal-eksamen afgelê het. As die getal kandidate wat die eksamen in Engels Huistaal

afgelê het, buite rekening gelaat word, het 75% van kandidate die eksamen in Engels Eerste Addisionele Taal afgelê.

Pogings om statistiek van die Department van Basiese Onderwys ten opsigte van die getal kandidate wat die eksamen in ander tale as Eerste of Tweede Addisionele Taal afgelê het, te bekom, was nie suksesvol nie. Van der Berg, Van Wyk, Gustafson, Meyer, Charl, Van Biljon, Lienstein, Selkirk en McCallum (2023:17-18) verskaf egter 'n lys van alle vakke wat gedurende die 2021-matriekeksamen meer as 10 000 kandidate gehad het. Hieronder tel twee tale, buiten Afrikaans en Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal, en die ander inheemse tale as Huistaal. Hierdie twee tale is IsiZulu Eerste Addisionele Taal: 17 704 en Afrikaans Tweede Addisionele Taal: 15 940. Dit blyk dus dat die beeld van Afrikaans Huistaal, Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Engels Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal, en elkeen van die ander amptelike Huistaal-tale in 'n groot mate die totale beeld van die onderrig van die amptelike tale (en alle tale) in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vervat.

6. Gevolgtrekking en aanbevelings

Die doel van hierdie artikel was 'n poging tot gespreksverruiming oor taal in die Suid-Afrikaanse onderwys. Die artikel benut die 2023-matriekeksamenresultate om hierdie gesprek in drie rigtings te verruim. Dit is naamlik eerstens om ook die ander amptelike tale buiten Afrikaans by die gesprek in te sluit. Tweedens is die doel om nie net op voertaal te fokus nie, maar ook op die bestudering van die inheemse amptelike moedertale as vakke, en derdens om die rol van die onderwysstelsel in die bevordering van meertaligheid te ondersoek.

Die Grondwetlike raamwerk van Suid-Afrika blyk onberispelik te wees vir die bevordering van al die amptelike tale as voertale in die onderwys. Dieselfde kan gesê word van die wetlike en beleidsraamwerk van onderwys. Die probleem lê by die realisering van die waarborge vervat in die Grondwet en van verwagtinge wat beleidsdokumente skep. Ná dertig jaar sedert die aanvang van die huidige sosio-politieke bedeling, kan baie min gewys word ten opsigte van die bemagtiging van inheemse tale as voertale in die onderwys. Wat die situasie vererger, veral vanuit die oogpunt van die Afrikaanssprekende gemeenskap, is dat in die geval van Afrikaans, die taal as voertaal in die onderwyssektor afgeskaal is, en dit moeilik is om nie te vermoed dat daar doelbewuste pogings bestaan om Afrikaans uit te faseer uit die onderwyssektor nie. Vir tale as vakke is dit bemoedigend dat daar ruim plek geserveer is in die kurrikula tot op matriekvlak.

Terwyl 'n substansiële hoeveelheid leerders in die 2023-matriekeksamen die Afrikaans Huistaal-eksamen afgelê het, en hierdie getal die afgelope vyf jaar gegroei het, blyk dit dat daar eweneens 'n groot getal Afrikaans eerstetaalspreker-leerders is wat nie die Afrikaans Huistaal-eksamen afgelê het nie. Verder het 'n bemoedigende hoeveelheid leerders die Afrikaans Eerste Addisionele Taal-eksamen afgelê, en nog te meer, hierdie getal het die afgelope vyf jaar gestyg. Dit blyk dat die beeld van Afrikaans Huistaal, Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Engels Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal, en elkeen van die ander amptelike Huistaal-tale in 'n groot mate die totale beeld van die onderrig van die amptelike tale (en alle tale) in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vervat. Die bestudering van die inheemse amptelike tale anders as Afrikaans, blyk dus nog nie wydverspreid pos te gevat het in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel nie.

Terwyl die getalle leerders wat die eksamen in Afrikaans Huistaal en in Afrikaans Eerste en Tweede Addisionele Taal afgelê het in 2023 verblydend is, is dit nog geen rede tot ongekwalifiseerde selftevreedenheid nie. Hierdie getalle is nie proporsioneel tot die getalle

Afrikaanse eerstetaalsprekers in Suid-Afrika nie, en ook nie tot die totale bevolking wat Afrikaans as tweede taal magtig is nie. Verder het die Afrikaanssprekende gemeenskap te kampe met druk van regeringskant af wat niks goeds voorspel vir Afrikaans in die onderwyssektor nie. Dit beteken dat om Afrikaans in die onderwyssektor te verskans en selfs verder uit te bou, die Afrikaanssprekende gemeenskap sy kragte en hulpbronne sal moet mobiliseer en op die uitkyk moet wees vir geleenthede om Afrikaans in die onderwyssektor te bevorder, en waar sulke geleenthede geïdentifiseer word, dit vindingryk en visionêr aan te gryp. In hierdie verband kan gedink word aan die aangryp van geleenthede van voorskoolse onderwys wat kragtens die pas gepromulgeerde BELA-Wet deel van die verpligte skoolsiklus gaan word, soos byvoorbeeld die noodsaak aan voorskoolse onderwysinstellings en privatiseringsgeleenthede in hierdie verband, die opleiding van onderwysers, en die bevordering van veeltaligheid in die spesifieke onderwysmilieu van voorskoolse onderwys.

Vanuit die metafoor dat 'n inkomende gety en stygende watervlak alle bote lig, moet probeer word om ander inheemse taalgemeenskappe ook te oortuig van die belang dat hulle ook pogings moet aanwend om al die amptelike tale as voertale in die onderwyssektor gevestig te kry en so veeltaligheid te bevorder. Hierdie versugting, en gebrek aan sukses daarmee in die verlede, is al uitgewys deur taalkundiges soos Carstens en Raidt (2019: 484, 486). In plaas daarvan dat Afrikaans die skyf van kritiek moet wees, sal dit beter wees as na Afrikaans as aanskouingsles in die bemagtiging van inheemse tale opgesien kan word, en as die Afrikaanssprekende gemeenskap in die proses as vennote in die proses van die ontwikkeling van veeltaligheid in Suid-Afrika omarm kan word.

Die versterking van die Afrikaanse taal in die onderwyssektor moet ook altyd deur navorsing gesteun en gelei word. In die huidige tydgewrig is daar vele positiewe ontwikkelinge in baie wêrelddele ten opsigte van die ontwikkeling van tale in die onderwyssektor. As voorbeelde kan vermeld word die tale van onlangse immigrasiegroepe in New York-stad (Wêreldbank, 2021:47), of die bemagtiging van inheemse tale in die onderwyssektor in Latyns-Amerikaanse lande, en die bemagtiging van minderheidstale in die onderwysstelsel van China, albei hierbo bespreek. Dit is uit vergelykende studies met sulke modelle wat baie geleer kan word vir die verskansing en versterking van nie net Afrikaans nie maar al die amptelike Suid-Afrikaanse tale in die onderwyssektor in Suid-Afrika.

BIBLIOGRAFIE

- Anon. 2023. Slow Development of African Languages at South African Universities a Concern. <https://www.ru.ac.za/schooloflanguagesandliteratures/latestnews/slowdevelopmentofafricanlanguageatsouthafricanuniversitiesaconcern.html> Datum van Toegang: 26 Mei 2024.
- Benavot, A. 2004. *A global study of intended instructional time and official school curricula, 1980-2000*. Parys: UNESCO.
- Bouabré, CK. 2019. Current State of Foreign Language Instruction in US K-12 Christian Schools. *Journal of Research on Christian Education*, 28(3):239-259.
- Carstens, WAM & Raidt, EH. 2019. *Die Storie van Afrikaans uit Europa en van Afrika – 'n Biografie van 'n taal, Deel 2*. Pretoria: Protea.
- Deacon, J. 2023. Mondelinge Mededeling op Vergadering van Belanghebbendes in Afrikaanse Onderwys, SAOU Sentrum, Pretoria, 10 November 2023.
- Eberhard, DM, Simons, GF & Fennig, CD. (reds.). 2020. *Ethnologue: Languages of the World*. Twenty-third edition. Dallas, Texas: SIL International. <http://www.ethnologue.com>. Datum van Toegang: 19 Mei 2024.
- Feng, A & Adamson, A. (reds.). 2015. *Trilingualism in education in China: Models and challenges*. Dordrecht: Springer.
- Giliomee, H. 2019. *The Rise and Demise of the Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.

- Giliomee, H, Mbenge, B & Nasson, B. 2022. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Green, M. 2022. Challenges Confronting the Teaching of African Languages at South African Universities require dedicated Attention. <https://usaf.ac.za/challenges-confronting-the-teaching-of-african-languages-at-south-africas-universities-require-dedicated-attention/> Datum van Toegang: 26 Mei 2026.
- Heyns, T. 2024. Motshekga oor Afrikaans: “Dit werk, ons gaan dit nie vernietig”. *Maroela Media* 22 Mei 2024. <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/motshekga-oor-afrikaans-dit-werk-ons-gaan-dit-nie-vernietig/> Datum van Toegang: 23 Mei 2024.
- Limerick, N & Hornberger, NH. 2021. Teachers, textbooks, and orthographic choices in Quechua: comparing bilingual intercultural education in Peru and Ecuador across decades. *Compare: A Journal of Comparative and International Education*, 51(3):319-336.
- Merco Press. 2005. Spanish becomes second language in Brazil. *Merco Press*, 8 Julie 2005 <https://en.mercopress.com/2005/07/08/spanish-becomes-second-language-in-brazil> Datum van Toegang: 14 Mei 2024.
- Republiek van Suid-Afrika, RSA. 1996a. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika, RSA, Departement van Basiese Onderwys. 2010. *The Status of Language of Learning and Teaching (LOLT) in Schools: A quantitative overview: 1998–2007*. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.
- Republiek van Suid-Afrika, Departement van Basiese Onderwys. 2023a. National Senior Certificate (NSC) October/November Examinations Timetable 2024 Draft 1 (03 August 2023). Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.
- Republiek van Suid-Afrika, Departement van Basiese Onderwys. 2023b. Subject Choice and Career Pathing. <https://www.education.gov.za/Informationfor/Learners/SubjectChoiceandCareerPathing/tabid/980/Default.aspx> Datum van Toegang: 9 Mei 2024.
- Republiek van Suid-Afrika, Departement van Basiese Onderwys. 2023c. The Status of the Language of Learning and Teaching (LOLT) in Schools: A quantitative overview 2008–2016. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.
- Republiek van Suid-Afrika, Departement van Basiese Onderwys. 2024. *2023 Diagnostic Report*. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.
- Republiek van Suid-Afrika, RSA. 1996b. *Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Ryan, J. 2019. *Education in China*. Cambridge: Polity.
- Shiraya, J. 2008. ‘Knowledge of English is essential for kids’ success’, Cape Argus, 16 Oktober, p. 18.
- Statistics South Africa. 2023. *Census 2022*. Pretoria: Department of Statistics.
- Tsakaloudi, A & Palaiologou, N. 2022. Languages and multilingualism on the European agenda: European Schools as a case study. *Multicultural Education Review*, 14(4):243-257, DOI: 10.1080/2005615X.2023.2164975.
- UNESCO. 1953. The use of vernacular languages in education. <http://unesdoc.unesco.org/images/0000/000028/002897EB.pdf> [Datum van Toegang: 31 Maart 2018].
- USAID (United States Agency for International Development). 2020. Language of Instruction Country Profile: South Africa. Washington, DC: USAID.
- Wang, Q. 2007. The national curriculum changes and their effects on English language teaching in the People’s Republic of China, *International Handbook of English Language Teaching* 15(1):87-105.
- Welch, A.Q. 1996. *Australian Education: Reform or crisis*. Londen: Allen & Unwin.
- Wêreldbank. 2021. *Loud and Clear: Effective Language of Instruction Policies For Learning*. A World Bank Policy Paper. Washington DC: Wêreldbank.
- Wolhuter, CC. 2022. Fathoming the Unexplored “Education” in Comparative and International Education. In: F.D. Salajan & t.d. Jules (eds). *Comparative and International Education (Re)Assembled*. London: Bloomsbury, pp. 41-56.
- Wolhuter, CC. 2024. Afrikaans as Onderwystaal na 100 Jaar: Prestasies, tekortkominge, uitdagings en toekoms. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. Ter Perse.
- Wolhuter, CC & Van der Walt, JL. 2022. Strominge en teenstrominge in die vraag na die onderwystaalmedium: ’n internasionale en ’n Suid-Afrikaanse perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 62(4):715-742.

Redakteursnota: Spesiale Ontlaering-uitgawe van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 2024

Op 8 Mei 2025 sal Afrikaans se honderdjarige status as amptelike taal van Suid-Afrika in Paarl by die Taalmonument gevier word. Om hierdie mylpaal te vier, is die Afrikaans Amptelik 100-veldtog op 8 Mei 2024 afgeskop. Deur vennootskappe aan te gaan met 'n aantal Afrikaanse organisasies en instansies, het hierdie veldtog ten doel om die ontwikkeling en welvaart van Afrikaans oor die afgelope 100 jaar te vier. Die organiseerders beskryf die veldtog as 'n viering van Afrikaans “in al haar variëteite, geure en kleure” (AFRIKAANS100, 2024). Ondanks hierdie edele bedoelings het een van die doelstellings van die veldtog én die naam van die veldtog skerp kritiek ontlok. Luidens die Afrikaans Amptelik 100-veldtog se webwerf is hulle verbind tot die groei van Afrikaans en wil hulle erkenning verleen aan die bydrae wat Afrikaans tot die breër Suid-Afrikaanse samelewing gemaak het, maar die organiseerders wil nie betrokke raak in die politiek (rondom Afrikaans) nie. Om 'n apolitiese standpunt in te neem, is egter aanduidend van 'n politieke standpunt. Daarom het paneel- en gehoorlede tydens 'n paneel-gesprek getiteld “Afrikaans 100: Vier ons of verdeel ons?” by die 2024 Suidoosterfees die veldtog gekritiseer omdat dit na hulle oordeel nie voldoende omgaan met die politiek van Afrikaans nie (Terblanche, 2024). Meer onlangs het die digter Pieter Odendaal in sy aanvaardingstoespraak van die Eugène Marais-prys vir sy bundel *Ontaard* (2024) die benaming van die veldtog soos volg gekritiseer (Opperman, 2024):

Om op 100 jaar te fokus, is om aan te hou om die Afrikaanskeppers van veral die 18de en 19de eeue te sideline – die generasies wat ons taal gevorm het... Die pleister van Afrikaans100 kan nie die harde werk vervang wat nodig is om witheid in Afrikaans te desentreer nie. Slegs dan kan ons geboorte gee aan 'n nuwe tong wat in almal se monde welkom voel.

Kritiek soos hierdie teen die Afrikaans Amptelik 100-veldtog omvat as't ware van die kernkwessies waarmee sedert die aanvang van die Ontlaeringinisiatief geworstel word.

In 2018 het 'n paar jong akademiëci wat spesialiseer in Afrikaanse letterkunde byeengekom om hul uitdagings rondom die onderrig van Afrikaanse letterkunde in veranderende en veranderde tersiëre kontekste te bespreek. Die gesprekke het gewentel rondom watter Afrikaanse literêre tekste nog vir watter tipe studente relevant is, en hoe om relevante tekste dan op sinvolle maniere aan hierdie nuwe generasie te doseer. Verskillende uitdagings en geleenthede soos 'n verouderde kanon, veranderende studentedemografie, ideologiese omwentelinge en ingrypende tegnologiese ontwikkelinge is geopper. Die gevolg van hierdie gesprek was die konseptualisering van die Ontlaeringinisiatief – sien Smit, Burger en Linde (2022) vir 'n bespreking oor die keuse van die woord “ontlaering” as titel van die projek, sowel as die uitgangspunte van die inisiatief – waarvan die eerste byeenkomste aan die einde van 2018 by die Noordwes-Universiteit en die Universiteit van Pretoria gehou is. Die fokus van hierdie geleentheid was op die raakpunte tussen Afrikaanse letterkunde, pedagogiek en burgerskap. 'n Aantal van die interessante en uiteenlopende bydraes wat tydens hierdie eerste

geleentheid gelewer is, is in 'n spesiale uitgawe van die akademiese joernaal, *Stilet* (Basson & Strydom, 2019) gepubliseer.

Die plan was om vir drie jaar lank elke jaar 'n Ontlaeringbyeenkoms te hou, en in Januarie 2020 vind die tweede geleentheid op die QwaQwa-kampus van die Universiteit van die Vrystaat plaas. Tydens hierdie byeenkoms was die fokus die pedagogiek van die Afrikaanse letterkunde in 'n transnasionale konteks. In April 2021 vind die laaste Ontlaeringgeleentheid plaas, met 'n fokus op die geworteldheid van Afrikaans in spesifieke (letterlike en figuurlike) ruimtes, en hoe die onderrig van die Afrikaanse letterkunde hierdie spesifieke ruimtes in ag kan/moet neem en benut. Ten spyte van die plekgefokusde onderwerp moes die geleentheid as gevolg van die Covid19-pandemie ongelukkig aanlyn plaasvind. Dit het egter nie die omvang en kwaliteit van die bydraes negatief beïnvloed nie, en die geleentheid is gekenmerk deur stimulerende en vurige gesprekke oor Afrikaans, pedagogiek en geworteldheid. In 2022 verskyn 'n spesiale Ontlaeringuitgawe van die *Tydskrif vir Letterkunde* (Smit, Burger, & Linde, 2022) waarin bydraes rondom die QwaQwa-byeenkoms gepubliseer is.

Hierdie afdeling in die uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* bevat bydraes wat op uiteenlopende maniere met die onderwerp van die laaste Ontlaeringgeleentheid in gesprek tree.

Dié afdeling bestaan uit twee uiteenlopende artikels wat elk op 'n ander manier by die Ontlaeringprojek aansluit: 'n metanalitiese “wetenskap-van-wetenskap” beskouing van die ontlaeringprojek en 'n letterkundige artikel waarin 'n welbekende teks in die Afrikaanse kanon vanuit 'n vernuwendende raamwerk ondersoek word. Dit word opgevolg deur twee boeiende onderhoude met die jong digters, Lynthia Julius en Pieter Odendaal. 'n Bondige maar verrykende afdeling, dus.

Burgert Senekal is welbekend vir sy navorsing waarin hy onder meer die funksionering van die Afrikaanse letterkunde as 'n netwerk bestudeer, sowel as die werking van netwerke binne die Afrikaanse letterkunde. Gegewe dat 'n laer beskou kan word as 'n spesifieke soort netwerk, en pogings tot die ontlaering van Afrikaanse letter- en taalkunde op tersiêre vlak beskou kan word as 'n proses waarin daar krities gedink word oor netwerke, is Senekal se benadering uiters gepas vir die analise van ontlaering en die netwerke wat deur die verloop van die projek gevorm is. In die eerste artikel in die Ontlaeringafdeling, “'n Netwerkwetenskaplike oorsig en verkenning van netwerke rondom die Ontlaeringprojek”, gebruik hy netwerkmaatstawwe om vier netwerke te analiseer: “die kollokwiumnetwerk (wat bestaan uit rolspelers en die kollokwiums waarby hulle betrokke was), die mede-outeurskapnetwerk (wat bestaan uit mense wat bydraes tot die twee spesiale vaktydskrifuitgawes gelewer het), die verwysingsnetwerk (wat bestaan uit outeurs en die bronne waarna hulle verwys het) en die woordkovoorkomsnetwerk (wat bestaan uit woorde wat gereeld saam in opsommings van artikels in die twee spesiale vaktydskrifuitgawes voorkom)”.

Senekal kom tot die gevolgtrekking dat die kollokwiumnetwerk heterogeen is en 'n lae digtheid het, met die kollokwiumorganiseerders (Earl Basson, Bibi Burger, Janien Linde en Mathilda Smit) as nodusse omdat hulle elkeen aan meer as een van die kollokwiums deelgeneem het. Daar is egter 'n groot verskeidenheid in die res van die sprekers, met deelnemers van diverse universiteite asook nie-akademiese instellings. Omdat die meeste artikels in die twee temanommers van vaktydskrifte (soos algemeen in die geesteswetenskappe) net deur een outeur geskryf is, toon die mede-outeurskapnetwerk “minimale betekenisvolle netwerkvorming”. Die verwysingsnetwerk wys dat die artikels in die twee temanommers op 'n wye verskeidenheid bronne steun, met verwysings na sekere outeurs soos Walter Benjamin, Fritz Ponelis, Hein Willemsse, André P Brink, Louise Viljoen, Willem Anker, Michael Chapman,

Willie Burger, Edward Said en Ato Quayson wat meermale voorkom. Soos Senekal aanvoer, suggereer die verwysings na hierdie spesifieke outeurs “’n klem op postkoloniale studies (Said en Quayson), ’n insluiting van Suid-Afrikaanse eerder as slegs Afrikaanse letterkunde (Chapman en Brink), en ’n oorkoepelende fokus op temas wat verband hou met linguistiek en die rol van die letterkunde in die samelewing.” Hierdie gevolgtrekking word ondersteun deur die woordkovoorkomsnetwerk, wat daarop dui dat woorde wat verband hou met die (Suid-)Afrikaanse taal- en letterkunde dikwels voorkom, asook woorde wat verband hou met postkolonialisme, identiteit en historiese narratiewe. Op gronde van die kollokwium-, verwysings- en woordkovoorkomsnetwerk kom Senekal tot die gevolgtrekking dat die netwerke gevorm deur die verskillende Ontlaeringsamekoms- en -publikasies strook met die oogmerke van die Ontlaeringprojek, naamlik om vernuwende en kritiese benaderings tot die Afrikaanse taal- en letterkunde aan te wakker en om die netwerke wat daarmee verband hou, te verruim.

Die artikel wat op Senekal s’n volg, sit die Ontlaeringprojek se poging tot vernuwing voort deurdat dit ’n opwindende nuwe interpretasie van ouer Afrikaanse literatuur behels.

In “Waar spoke nog speel: ’n Queer verkenning van die affektiewe rol van die spookagtige plaasruimte in CJ Langenhoven se ‘Die bouval op Wilgerdal’” analiseer **Chan Croeser** Langenhoven se kortverhaal uit 1924 deur middel van ’n queerlesing en met ’n fokus op die affektiewe. Croeser stel dat om iets vanuit ’n queer perspektief te lees, is om die “verborge betekenis” in ’n teks te onthul, veral betekenis wat in stryd is met samelewingsnorme en normatiewe interpretasies van die teks. Croeser bring die metode van queerlees in verband met Avery Gordon se herformulering van Derrida se “hauntology” – ’n navorsingsmetode wat ondersoek instel na wie of wat weggelaat word uit ’n spesifieke kunswerk, kultuurprodukt of gemeenskap. Gordon se hauntologie¹ bou dus ook voort op Freud se konsep van die *unheimliche*, sy woord vir verontrustende ervarings waarin aspekte wat die individu psigies onderdruk het na die oppervlak terugkeer. Terwyl die *unheimliche* verwys na ’n individuele ervaring en hauntologie na sosiale verskynsels, hou albei verband met die sogenaamde “return of the repressed”, die onthutsende besef dat die normatiewe (individuele en gemeenskaplike) bestaan, berus op uitsluiting. Die onthutsendheid van hierdie ervaring verklaar Croeser se gebruik van affekteorie, wat probeer om die mens se emosies en ander subjektiewe ervarings te teoretiseer. Die affekte waaraan daar hier veral aandag gegee word, is dié wat verband hou met spookagtige ervarings.

Croeser kom tot die gevolgtrekking dat die maniere waarop die uitbeelding van die plaasruimte in “Die bouval op Wilgerdal” ’n unheimliche atmosfeer skep, kontrasteer met hoe die plaasruimte tradisioneel in die Afrikaanse literatuur, vernaamlik in die plaasroman, uitgebeeld word. Croeser argumenteer dat die verhaal in hierdie opsig beskou kan word as ’n verqueering van die tradisionele plaasroman se ideologiese onderbou, veral in soverre as wat die genre ’n spesiale verhouding tussen wit Afrikaanssprekendes en die plaas veronderstel, en die voortbestaan van hierdie verhouding deur middel van die heteroseksuele huwelik en die oordrag van die plaas aan geslag na geslag romantiseer. Waar die plaas in die tradisionele plaasroman bedreig word deur (ekonomiese, natuurlike of menslike) magte van buite, kom die bedreiging in Langenhoven se verhaal as’t ware van binne af, en is dit gesetel in die heteronormatiewe en patriargale waardes van die plaasruimte.

In die twee onderhoude met onderskeidelik Lynthia Julius en Pieter Odendaal gesels die digters met Mathilda Smit oor hul eie geleefde ervarings rondom ontlaering, Afrikaans, onderrig

¹ Deon Johannes du Toit (2016:94) vertaal die Franse term “hantologie” as “spookologie”. Hierdie vertaling vervat egter nie die oorspronklike se woordspel met “ontologie” nie.

en geworteldheid. Odendaal se insigte oor sy eie gevoelens van ontheemding op verskillende maniere, die helende potensiaal van poësie, spesifiek spoken word poetry, en interverbondenheid met die meer-as-menslike wêreld bied interessante perspektiewe op die idees rondom ontlatering. Julius se antwoorde oor identiteit, taalvariëteite, tussengangerskap, sinkhuisbou in die Afrikaanse literêre establishment, en vroue wat nie 'n wag voor die mond het nie, is eerlik en beeldryk. Uit die twee digters se antwoorde is dit duidelik dat ontlatering op verskillende maniere uiters relevant is vir die akademiese en literêre kontekste waarin Afrikaans funksioneer.

Die ontlatering van akademiese en literêre ruimtes oor die algemeen, en spesifiek in die Afrikaanse konteks, is waarskynlik iets wat nooit as 'n afgehandelde projek beskou sal kan word nie. Die Ontlaeringspan se groetboodskap (veral aan jong en opkomende akademiëci en kreatiewe skrywers) is dus: ontlajer met ywer voort!

EARL BASSON, BIBI BURGER, JANIE LINDE EN TILDIE SMIT

Gasredakteurs

November 2024

BRONNELYS

AFRIKAANS100. 2024. Meer oor Afrikaans100. <https://afrikaans100.org/meer-oor-ons/>. Datum van gebruik: 8 November 2024.

Basson, E & Strydom, W. 2019. "Redakteursnota." *Stilet*, 31(1 & 2):i-vi.

Du Toit, DJ. 2016. Virtualiteit in Dietrich Bonhoeffer se Sanctorum Communio. Ongepubliseerde PhD-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Opperman, AJ. 2024. Viering van Afrikaans 'skep verwronge beeld', sê digter Pieter Odendaal. *Netwerk24*, 24 September. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/aktueel/viering-van-afrikaans-skep-verwronge-beeld-se-digter-pieter-odendaal-20240924>. Datum van gebruik: 8 November 2024.

Smit, M, Burger, B & Linde, J. 2022. Transnasionale ontlatering / Transnational unlaagering. *Tydskrif vir Letterkunde*, 59(1):1-6.

Terblanche, S. 2024. 'Afrikaans 'n huis, maar baie kinders staan steeds buite'. *Netwerk24*, 3 Mei 2024. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/aktueel/afrikaans-n-huis-maar-baie-kindere-staan-steeds-buite-20240503>. Datum van gebruik: 8 November 2024.

'n Netwerkwetenskaplike oorsig en verkenning van netwerke rakende die ontlaeringprojek

A network science overview and exploration of networks concerning the ontlaering project

BURGERT SENEKAL

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

Suid-Afrika

E-pos: burgertsenekal@yahoo.co.uk



Burgert Senekal

BURGERT SENEKAL is sedert 2008 aan die Universiteit van die Vrystaat verbonde. Nadat hy in 2013 sy PhD aan dieselfde universiteit verwerf het, ondersoek hy inligtingstechnologie, grootdata en die netwerkwetenskap met spesifieke toepassings binne die Afrikaanse leefwêreld, met die klem veral op Afrikaanse literatuurstudie. As NNS-gegradeerde navorser het hy reeds meer as 90 artikels en vier boeke gepubliseer.

BURGERT SENEKAL has been associated with the University of the Free State since 2008. After obtaining his PhD at the same university in 2013, he investigates information technology, big data and network science with specific applications within the Afrikaanse environment, with particular emphasis on the study of Afrikaans literature. As an NRF rated researcher, he has already published more than 90 articles and four books.

ABSTRACT

A network science overview and exploration of networks concerning the ontlaering project

The Ontlaering Project was launched in 2018 in an attempt to facilitate discussions regarding the expansion of Afrikaans contexts. Three colloquiums, held in 2018, 2020 and 2021 respectively, resulting in two special journal editions (in Stilet and Tydskrif vir Letterkunde) followed, as well as polemic discussions on LitNet. The current article provides an overview and exploration of networks concerning the Ontlaering Project.

The study employs network science methodology to analyse various networks related to the project, including the colloquium network (comprised of stakeholders and the colloquiums they were involved in), the co-authorship network (consisting of individuals contributing to the two special journal editions), the citation network (comprising authors and the sources they refer to), and the word co-occurrence network (consisting of words that are frequently grouped together in article summaries in the two special journal editions). Network measures used include density, connected components, modularity, k-cores, and eccentricity, as well as network visualisations.

Datums:

Ontvang: 2024-07-09

Goedgekeur: 2024-11-16

Gepubliseer: Desember 2024

The study reveals that the colloquium network exhibited diversity in affiliations, with a very low density indicating a heterogeneous collaboration network. Key figures such as Mathilda Smit, Bibi Burger, Janien Linde and Earl Basson were identified as central nodes in this network that facilitated the collaboration of role players. The co-authorship network showed minimal meaningful network formation, with most publications being single-authored, but it also showed that while the largest segment of contributors were affiliated with former Afrikaans universities, a significant number of researchers affiliated with other universities and institutions beyond formal universities also contributed. In the citation network, a large, connected component with extremely low density indicated a wide variety of sources being utilised, with a few key sources connecting multiple publications. Walter Benjamin, Fritz Ponelis, Hein Willemse, André P Brink, Louise Viljoen, Willem Anker, Michael Chapman, Willie Burger, Edward Said and Ato Quayson were identified as central sources. The co-occurrence network of words highlighted themes related to South African literature, post-colonial studies, identity, and historical narratives. Key themes included Afrikaans language, apartheid, South African history and the intersection of literature with social, political, and cultural issues.

In summary, it is demonstrated that all these networks are highly heterogeneous, and key nodes – key participants in colloquiums, key sources, and key themes – are highlighted. In conclusion, it is found that the diversity of networks and the nature of key nodes reflect the objectives of the Ontlaering Project.

KEYWORDS: Afrikaans, citation network, colloquiums, co-authorship, diversity, key nodes, network science, Ontlaeringprojek, South African literature, co-occurrence of words

TREFWOORDE: Afrikaans, diversiteit, eksentrisiteit, kollokwiums, mede-outeurskap-netwerke, netwerkwetenskap, onderwerpmodellering, Ontlaeringprojek, Suid-Afrikaanse letterkunde, verwysingsnetwerk, woordkovoorkomsnetwerke

OPSOMMING

Die Ontlaeringprojek is in 2018 geloods in 'n poging om gesprekke rondom die uitbreiding van Afrikaans se kontekste te bemiddel. Drie kollokwiums en twee spesiale vaktydskrifuitgawes het gevolg, sowel as 'n polemieë op LitNet. In die huidige studie word netwerke rakende die Ontlaeringprojek ontleed: die kollokwiumnetwerk (wat bestaan uit rolspelers en die kollokwiums waarby hulle betrokke was), die mede-outeurskapnetwerk (wat bestaan uit mense wat bydraes tot die twee spesiale vaktydskrifuitgawes gelewer het), die verwysingsnetwerk (wat bestaan uit outeurs en die bronne waarna hulle verwys het) en die woordkovoorkomsnetwerk (wat bestaan uit woorde wat gereeld saam in opsommings van artikels in die twee spesiale vaktydskrifuitgawes voorkom). Netwerkmaatstawwe wat gebruik word, sluit in digtheid, verbinde komponente, modulariteit, k -kerne en eksentrisiteit, tesame met netwerkvisualiserings. Daar word aangetoon dat al hierdie netwerke baie heterogeen is, en sleutelnodusse – betrokkenes by kollokwiums, sleutelbronne en sleuteltemas – word uitgelig. In die geheel word daar bevind dat die diversiteit van netwerke en die aard van sleutelnodusse die Ontlaeringprojek se oogmerke weerspieël.

Inleiding

Sedert 2018 het drie kollokwiums onder die vaandel van die Ontlaeringprojek plaasgevind, naamlik by die Universiteit van Pretoria/Noordwes-Universiteit (2018), Universiteit van die Vrystaat (Qwaqwa-kampus) (2020) en aanlyn (2021). Onder leiding van Mathilda Smit, Bibi Burger, Janien Linde, Earl Basson en Wemar Strydom het hierdie kollokwiums gefokus op verskeie temas, insluitende Afrikaanse letterkunde, pedagogiek, burgerskap, transnasionale, geworteldheid en die gebruik van Afrikaans in verskeie kontekste. In die algemeen is die Ontlaeringprojek daarop gemik om bestaande denke oor die onderrig van Afrikaans te bevraagteken en uit te brei, “om platforms te skep wat dit moontlik maak om die pedagogiek van Afrikaans te herverbeel” (Smit, Burger & Linde, 2022:1; sien ook Basson & Strydom, 2019:i; Burger, 2018). Twee spesiale vaktydskrifuitgawes – een in *Stilet* en een in *Tydskrif vir Letterkunde* – het intussen hieroor verskyn.

In ’n polemiekie oor die Ontlaeringprojek op LitNet in 2023 is daar telkens verwys na netwerke (Cicero, 2023; Roux, 2023; Staphorst, 2023a, 2023b). Staphorst (2023a:290) kritiseer byvoorbeeld wat hy sien as die Ontlaeringprojek se “behoudende netwerkvorming” en voer aan:

In die konteks van die Ontlaering-Sitkamer-groepering sien ons ’n padafhanklikheid in die vorm van sowel hegemoniese roetes, soos na Nederlands, as van sentralisering van netwerke om die self, soos om Bibi Burger – wat die wit, manlike Afrikaner-’laer’ wat gekritiseer word, eggo. In wese is daar geen progressiewe wegbreek van of ontwikkeling relatief tot die verlede nie, alleenlik ’n herbevestiging daarvan.

Staphorst (2023a) is heftig gekritiseer deur Cicero (2023), wat onder andere aanvoer dat daar etiese probleme met Staphorst se publikasie is, wat Staphorst (2023b) in ’n volgende publikasie ontken het. Nietemin is een van die sleutelbegrippe waaromheen beide Staphorst (2023a) se kritiek van die Ontlaeringprojek én Cicero (2023) se kritiek op Staphorst wentel, netwerke.

Die benadering wat in die huidige studie gevolg word, is dié van die netwerkwetenskap. Die netwerkwetenskap is besonder geskik vir wetenskap-van-wetenskapstudies (“science-of-science”) waar die struktuur, gedrag en impak van wetenskaplike navorsing en kennisproduksie bestudeer word, soos Wang en Barabási (2021) aantoon. Ten opsigte van die Afrikaanse literatuurstudie is verwysingsnetwerke (“citation networks”) reeds vanuit hierdie perspektief bestudeer (Senekal, 2014; 2016), maar die huidige studie verruim toepassings van die netwerkwetenskap in die bestudering van die Ontlaeringprojek deur ook affiliasienetwerke, mede-outeurskappe en woordkovoorkomsnetwerke benewens verwysingsnetwerke te ontleed. Die oogmerk is om te bepaal tot watter mate die Ontlaeringprojek diverse netwerkvorming verteenwoordig, die klem lê op die verbreking van grense, en watter bronne binne hierdie diskoers betrek is. Die huidige artikel is egter nie ’n bespreking van die Ontlaeringprojek in die algemeen nie, omdat dit reeds gedoen is (Burger, 2018; Basson & Strydom, 2019; Smit *et al.*, 2022).

Metodes

Netwerkmaatstawwe

Daar bestaan ’n groot aantal maatstawwe om netwerke binne die netwerkwetenskap mee te ontleed, soos byvoorbeeld bespreek in Newman (2018). Ek fokus op maatstawwe wat van belang is vir die ontleding in die huidige studie.

Enkelledige en tweeledige netwerke

In die netwerkwetenskap bestaan daar 'n onderskeid tussen enkelledige en tweeledige netwerke, ook genoem grafieke. 'n Enkelledige netwerk bestaan uit net een soort nodus, met skakels wat enige paar nodusse verbind. 'n Tweeledige netwerk bestaan uit twee afsonderlike stelle nodusse waar verbindings slegs tussen nodusse van verskillende stelle voorkom, nie binne dieselfde stel nie (Newman, 2018:115). Tweeledige netwerke word dikwels na enkelledige netwerke geprojekteer om ontleding te vereenvoudig deur 'n netwerk te skep waar nodusse van een stel verbind word as hulle 'n buurman in die ander stel deel (Newman, 2018:116), soos prakties verduidelik in Senekal (2019:140-142; 2022:657). Hierdie projeksie na enkelledige netwerke kan lei tot 'n verlies van inligting, terwyl die ontleding van tweeledige netwerke *as tweeledige netwerke* die volle struktuur en konteks van verhoudings behou, wat meer gedetailleerde interaksies en afhanklikhede vaslê (Newman, 2018:117). In die netwerkvoorstellings hier onder word die tweeledige voorstelling van 'n netwerk behou indien die projeksie na 'n enkelledige netwerk tot 'n beduidende verlies van inligting sou lei, naamlik vir die kollokwiumnetwerk en die verwysingsnetwerk, terwyl 'n projeksie, wanneer nodig, na 'n enkelledige netwerk gedoen word en wanneer daar nie 'n noemenswaardige verlies aan inligting sal plaasvind nie, naamlik vir die mede-outeurskapnetwerk. Die woordkovoorkomsnetwerk is van meet af aan 'n enkelledige netwerk, omdat dit hier gaan om woorde wat saam in 'n teks voorkom en daar daarom slegs een soort nodus (woorde) teenwoordig is.

Digtheid

In die netwerkwetenskap verwys digtheid¹ (ρ) na die verhouding van werklike verbindings of skakels tot die totale moontlike verbindings in 'n netwerk (Newman, 2018:128; Senekal, 2019:143). 'n Digtheid van 1 dui op 'n volledig verbinde netwerk, waar elke nodus aan elke ander nodus verbind is, terwyl 'n digtheid naby aan 0 'n yl verbinde netwerk aandui. Hoë digtheid stel sterk interkonnektiwiteit en potensiaal vir vinnige inligtingverspreiding voor, terwyl lae digtheid swak of gefragmenteerde verbindings binne die netwerk aandui. Digtheid word in die huidige studie vir die kollokwiumnetwerk, die verwysingsnetwerk en die mede-outeurskapnetwerk bereken ten einde te bepaal hoe heg verbind hierdie netwerke is.

Die kern

'n Laer kan in verband gebring word met die kern van 'n netwerk, omdat 'n laer gesien word as 'n harde kern wat weerstandig teen verandering is – soos die kern van 'n netwerk. Die laer is die konsep waaromheen die naam en doelwitte van die Ontlaeringprojek sentreer. Smit *et al.* (2022:1) skryf:

Die woord 'ontlaering' is bedink na aanleiding van die historiese konsep van die ossewalaer, en die metaforiese gebruik van hierdie konsep wanneer daar (in die sogenaamde 'volksmond') gepraat word van 'Afrikaners' wat neig om laer te trek – wit Afrikaanssprekendes wat saam skaar en buitelanders vermy. Wanneer ons praat van die 'ontlaering'

¹ Aangesien die huidige artikel vir lesers in die Geesteswetenskappe geskryf word, word wiskundige formules nie weergegee nie. Lesers wat belangstel in die presiese berekenings word na Newman (2018) verwys.

van die Afrikaanse akademie, is die voorveronderstelling dat daar (soos in baie ander vakgebiede) ’n geneigdheid tot uitsluiting en verkalking is. Een manier om die term te interpreteer, is dat dit impliseer dat die literêre hekwagters die laer-formasie behou om dit wat binne is te beskerm teen dit wat buite is.

Die Ontlaeringprojek veronderstel dan ’n uitbreek vanuit ’n laer en ’n afbreek van grense rondom die kern. Smit *et al.* (2022:2) verwys na die projek se “ideals of moving away from the central and the centralised”.

In die netwerkwetenskap bestaan ’n kern-periferie-struktuur waar ’n digverbinde kern van nodusse deur ’n yler periferie omring word (Newman, 2018:555). Die kern bestaan uit hoogs onderling verbinde nodusse, wat robuuste kommunikasie en vinnige inligtingvloei binne hierdie subnetwerk bemiddel, terwyl die periferie nodusse met minder verbindings bevat, dikwels verbind aan die kern eerder as aan mekaar. Die kern bevat ook gewoonlik meer gevestigde nodusse, is meer staties, en bevorder netwerkrobuustheid, terwyl die periferie gekenmerk word deur dinamika, verandering en onstabieleit (Csermely *et al.*, 2013:40).

Die kern van ’n netwerk kan geïdentifiseer word met behulp van die k -kern-maatstaf, waar ’n k -kern ’n maksimum subgrafiek is waarin elke nodus ten minste k -verbindings binne daardie subgrafiek het (Newman, 2018:179). Nodusse wat aan hoër k -kerne behoort, word as deel van die netwerk se kern beskou (Newman, 2018:180). Prakties beteken dit dat die maksimum k -kern die hoogste waarde van k is waar ’n subgrafiek steeds onderling verbind is, en dat hierdie groep nodusse die nodusse is wat die hegte verbind is. Die k -kern kan met behulp van Seidman (1983) se algoritme geïdentifiseer word.

Die k -kern lig die nodusse uit wat die hegte verbind is, maar spreek nie tot nodusse se verbindings met ander nodusse wat nie tot die kern behoort nie. Benewens die k -kern kan die konsep van eksentrisiteit (ϵ), wat die langste kortpad van ’n nodus na enige ander nodus in die netwerk meet, help om kernnodusse te onderskei (Takes & Kosters, 2013:102). In die netwerkwetenskap is ’n pad ’n reeks skakels en nodusse wat ’n beginnodus met ’n eindnodus verbind, waar elke skakel slegs een keer deurkruis word, en die kortste pad – ook genoem die geodetiese afstand – is dan die minimum skakels en nodusse wat deurkruis moet word om twee nodusse te verbind (Newman, 2018:132). Nodusse met lae eksentrisiteit is tipies in die kern, aangesien hulle nader aan alle ander nodusse is, terwyl nodusse met hoë eksentrisiteit oor die algemeen op die periferie is, meer verwyderd en minder sentraal tot die netwerk se algehele konektiwiteit. Nodusse met ’n eksentrisiteit gelykstaande aan die radius van die netwerk ($\Gamma(G)$) het die laagste eksentrisiteit en word dus binne die absolute kern aangetref, terwyl nodusse met eksentrisiteit gelykstaande aan die deursnee van die netwerk ($\Delta(G)$) die hoogste eksentrisiteit het en die absolute periferie verteenwoordig (Takes & Kosters, 2013:102). Eksentrisiteit is in die huidige studie bepaal deur gebruik te maak van die algoritme soos ontwikkel deur Takes en Kosters (2013), wat soos die ander algoritmes in die huidige studie in Gephi (Bastian, Heymann & Jacomy, 2009) geïmplementeer is.

Eksentrisiteit word in die huidige studie gebruik om sentrale nodusse in die kollokwiumnetwerk, die verwysingsnetwerk en in die woordkovoorkomsnetwerk, mee te identifiseer, terwyl die k -kern ook in die ontleding van die kollokwiumnetwerk en die woordkovoorkomsnetwerk gebruik word.

Verbinde komponente

Verbinde komponente is subgrafieke waarin enige twee nodusse deur paaie aan mekaar verbind is, en wat aan geen bykomende nodusse in die res van die netwerk verbind is nie (Newman,

2018:134). In wese is 'n verbindende komponent 'n subnetwerk van 'n netwerk waar daar 'n pad bestaan tussen enige paar nodusse binne daardie subnetwerk, en geen nodus in die subnetwerk is gekoppel aan enige nodus daarbuite nie. Verbindende komponente is as 't ware 'n harder afbakening van groepe as die gemeenskappe wat in die volgende onderafdeling bespreek word, omdat daar wel skakels tussen gemeenskappe bestaan, maar daar bestaan geen skakels tussen komponente nie. Verbindende komponente word later in die huidige studie gebruik tydens die ontleding van die verwysingsnetwerk, soos geïdentifiseer deur gebruik te maak van die algoritme deur Tarjan (1972).

Gemeenskappe

Die meeste netwerke vertoon 'n gemeenskapstruktuur waar nodusse in gemeenskappe saamgroepeer, eerder as dat skakelvorming lukraak plaasvind (Senekal, 2022:658). Gemeenskappe kan in netwerke met behulp van tegnieke soos blokmodellering (Peixoto, 2019), statistiese afleiding (Zhang & Peixoto, 2020) of modulariteit geïdentifiseer word (Blondel *et al.*, 2008).

Modulariteit, wat dikwels ook die Louvain-metode genoem word, word gewoonlik met behulp van Blondel *et al.* (2008) se algoritme bereken en is 'n maatstaf wat gebruik word om hierdie gemeenskapstruktuur binne 'n netwerk te identifiseer deur die sterkte van die verdeling van 'n netwerk in modules of gemeenskappe te kwantifiseer (Newman, 2018:132). Modulariteit word bereken deur die digtheid van skakels tussen nodusse te vergelyk met die skakels wat aangetref sou word indien skakelvorming lukraak plaasgevind het (Senekal, 2022:658). Die Louvain-metode optimaliseer hierdie maatstaf iteratief deur eers elke nodus aan sy eie gemeenskap toe te ken en dan herhaaldelik nodusse en gemeenskappe saam te voeg om modulariteit te verbeter (Newman, 2018:512). Die doel van hierdie iteratiewe proses is om die natuurlike verdelings van 'n netwerk in groepe of gemeenskappe nodusse te vind waar daar 'n groot aantal skakels binne gemeenskappe en 'n klein aantal skakels tussen gemeenskappe is (Newman, 2018:498).

Modulariteit word in die huidige studie met behulp van Blondel *et al.* (2008) se algoritme gebruik om temas in die woordkovoorkomsnetwerk te identifiseer, soos in die volgende afdeling bespreek word.

Dataversameling

Soos in die inleiding genoem, het daar drie kollokwiums onder die vaandel van die Ontlaeringprojek plaasgevind, naamlik by die Universiteit van Pretoria/Noordwes-Universiteit (2018), Universiteit van die Vrystaat (Qwaqwa-kampus) (2020) en aanlyn (2021). Data is vir die huidige studie eerstens vanuit die programme van die drie Ontlaeringskollokwiums saamgestel ten einde 'n netwerk van betrokkenheid te kan ontleed, hier genoem die *kollokwiumnetwerk*. Die kongresreferate van die eerste kollokwium is in *Stilet*, 2019:31(1) gepubliseer, en dié van die tweede in *Tydskrif vir Letterkunde*, 2022:59(1). Alle publikasies wat in die twee spesiale vaktydskrifuitgawes ingesluit is, is in die huidige studie ingesluit. Hierdie stel publikasies leen hulself tot drie soorte netwerkstudies wat gereeld gebruik word in wetenskap-van-wetenskapstudies ten einde 'n oorsig oor 'n veld te bekom: 'n *mede-outeurskapnetwerk*, 'n *verwysingsnetwerk* en onderwerpmodellering met behulp van 'n *woordkovoorkomsnetwerk* (vergeelyk Wang & Barabási, 2021; of die funksies van Van Eck & Waltman, 2010 se VOSViewer). Die samestelling van hierdie vier netwerke word in die huidige afdeling bespreek. *Sitkamer*, wat bestaan uit agt podsending-episodes, word deur Staphorst

(2023a) by die Ontlaeringprojek betrek, maar Roux (2023) skryf dat daar geen verband bestaan tussen die Ontlaeringprojek en die Sitkamer-inisiatief nie. Om hierdie rede is die Sitkamerprojek nie hier onder by die ontleding betrek nie.

Die kollokwiumnetwerk

Die drie kollokwiums se programme is eerstens gebruik om 'n netwerk saam te stel waar deelnemers en kollokwiums as nodusse voorgestel word, en 'n skakel word aangedui tussen 'n deelnemer en die kollokwium indien 'n deelnemer in die program vermeld word, ongeag watter rol daardie deelnemer gespeel het. Die idee is dat die kollokwiums mense bymekaarbring, en watter bydraes mense gelewer het, is in hierdie opsig minder belangrik as die feit dat hulle 'n bydrae gelewer het. Die kollokwium is as kontakpunt wat persone met mekaar verbind, gebruik, omdat mense by 'n kollokwium in dieselfde ruimte byeengebring word (ook virtueel), wat fisiese of virtuele kontak tussen mense beteken. Omdat daar twee soorte nodusse in hierdie netwerk teenwoordig is, naamlik persone en kollokwiums, is hierdie 'n tweekledige netwerk. Hierdie soort netwerk staan algemeen as 'n *affiliasienetwerk* bekend, wat 'n soort netwerk is waar individue verbind word op grond van hul deelname aan verskeie groepe (Newman, 2018:60). Ek verkies in hierdie artikel om eerder na die *kollokwiumnetwerk* as 'n *affiliasienetwerk* te verwys om verwarring met universiteitsaffiliasies te voorkom.

Alhoewel ek saamstem met Roux (2023) se opmerking dat die oorvleueling van kollegas nie 'n oorvleueling van ideologie veronderstel nie, is dit nogtans sinvol om ook mense se affiliasies te ondersoek ten einde te kan bepaal hoe divers al dan nie die netwerk is. Name en affiliasies is gebruik soos dit in die programme aangedui is, en aangevul uit persone se aanlyn profiele (universiteitswebwerwe en onlangse publikasies) waar programme nie volledige inligting bevat het nie. Die oogmerk van die ontleding van die kollokwiumnetwerk is om te bepaal hoe divers die netwerk ten opsigte van universiteitsaffiliasies is en in hoe 'n mate die kollokwiums nuwe mense bymekaarbring het. Alhoewel die kwessie van ras 'n groot rol speel in die diskoers rondom die Ontlaeringprojek (Burger, 2018; Basson & Strydom, 2019; Smit *et al.*, 2022; Staphorst, 2023a), is ras 'n problematiese begrip en word dit om etiese redes nie in die ontleding betrek nie.

Die mede-outeurskapnetwerk

Mede-outeurskapnetwerke staan ook bekend as 'n soort affiliasienetwerk (Newman, 2018:61), met twee soorte nodusse teenwoordig, naamlik outeurs en publikasies. Vir die mede-outeurskapnetwerk in die huidige studie is die publikasie as kontakpunt gebruik omdat mense wat saam publiseer, veronderstel is om ook in direkte kontak te wees. Dit sou nie sinvol wees om die vaktydskrif as 'n kontakpunt te gebruik nie, omdat outeurs wat in dieselfde vaktydskrif gepubliseer het, nie noodwendig enige kontak met mekaar het nie. Die mede-outeurskapnetwerk van alle publikasies in *Stilet*, 2019: 31(1) en *Tydskrif vir Letterkunde*, 2022: 59(1) is saamgestel deur 'n skakel tussen 'n outeur en die titel van sy/haar publikasie aan te dui, en dan die netwerk na 'n enkelledige netwerk te projekteer waar 'n skakel tussen outeurs bestaan indien hulle as mede-outeurs op 'n publikasie aangedui is. Die omskakeling beteken dat enkelouteurpublikasies tot onverbinde nodusse sal lei. Mede-outeurskapnetwerke is uiters yl verbind in die Geesteswetenskappe, omdat die meerderheid publikasies enkelouteurpublikasies is (Wang & Barabási, 2021:125). Daarom het dit beperkte waarde vir die bestudering van die Afrikaanse literatuurstudie, maar volledigheidshalwe word die mede-outeurskapnetwerk ook in die huidige studie ingesluit.

Die verwysingsnetwerk

Die bestudering van verwysings dra heelwat meer by tot 'n mens se begrip van 'n veld in die Geesteswetenskappe as 'n mede-outeurskapnetwerk. Wanneer een publikasie na 'n ander verwys, dui dit tipies daarop dat die inhoud van die vorige publikasie relevant is vir die latere een, en daarom verteenwoordig verwysingsnetwerke die verbande tussen verwante publikasies (Newman, 2018:37). Verwysingsontledings in die netwerkwetenskap behels dan 'n ondersoek na die patrone en frekwensie van verwysings tussen vakkundige werke om die struktuur en dinamika van akademiese navorsing te verstaan. Deur verwysings te karteer, kan invloedryke publikasies, skrywers en joernale geïdentifiseer word, sowel as ooreenstemming tussen navorsers se invloede op grond van ooreenstemming in hul verwysings aangedui word, soos in die Afrikaanse literatuurstudie onderneem is in Senekal (2014; 2016).

Vir die verwysingsnetwerk met betrekking tot al die publikasies in *Stilet*, 2019: 31(1) en *Tydskrif vir Letterkunde*, 2022:59(1) is 'n skakel aangedui tussen die skrywer van die publikasie en die naam van die skrywer na wie verwys word. Mense se name is as kontakpunt gebruik, omdat een outeur na publikasie X van skrywer A kan verwys, terwyl 'n ander outeur na publikasie Y van skrywer A kan verwys. Indien die titel van die publikasie as kontakpunt gebruik word, sal so 'n ooreenkoms misgekyk word. Mense se rolle as outeurs wat na bronne verwys of outeurs na wie verwys word, is ook behou, omdat hierdie onderskeid dit moontlik maak om sentrale bronne te identifiseer, eerder as dat sentrale persone (in beide rolle) geïdentifiseer word. Daar is met ander woorde ook twee soorte nodusse in hierdie netwerk: outeurs wat verwys en outeurs na wie verwys word. Hierdie tweeledige netwerk is as 'n tweeledige netwerk ontleed ten einde sentrale bronne te kan identifiseer.

Die woordkovoorkomsnetwerk

'n Woordkovoorkomsnetwerk is 'n netwerkvoorstelling waar nodusse woorde verteenwoordig, en skakels die verwantskappe tussen woorde verteenwoordig wat gereeld binne 'n bepaalde konteks saam voorkom, soos 'n sin, 'n dokument of 'n stel dokumente. Hierdie soort netwerk word gebruik om die patrone van woordgebruik binne 'n tekscorpus te ontleed en te visualiseer, soos in Afrikaans in Senekal (2018:192-193) verduidelik word.


Benabelkrim *et al.* (2020) stel 'n metode voor waarvolgens woordkovoorkomsnetwerke met Blondel *et al.* (2008) se modulariteitsalgoritme gekombineer kan word ten einde temas in 'n teks of stel tekste te identifiseer. Aanvanklik word teksvoorverwerking gedoen, wat insluit om leestekens te verwyder, alle hoofletters na kleinletters om te skakel, terme te lemmatiseer en stopwoorde te verwyder. Vervolgens word skakels aangedui tussen woorde wat gereeld saam in dieselfde teks voorkom. Hierna word Blondel *et al.* (2008) se algoritme toegepas om groepe woorde te identifiseer wat gereeld saam voorkom, en uiteindelik word verskeie sleutelwoorde gebruik om verskillende onderwerpe voor te stel.

Hierdie stappe is op artikelopsommings van publikasies in *Stilet*, 2019:31(1) en *Tydskrif vir Letterkunde*, 2022:59(1) toegepas, aangesien opsommings meer gedetailleerde inligting as titels bied en dus meer geskik geag is vir onderwerpmodellering. Aangesien Benabelkrim *et al.* (2020) Engelse tekste as invoer benodig (of in sommige ander tale, maar nie in Afrikaans nie), en aangesien 'n groot aantal artikels reeds 'n Engelse opsomming het, is besluit om Engelse opsommings as invoertekste te gebruik. Artikels wat slegs 'n Afrikaanse opsomming gehad het, se opsommings is self na Engels vertaal.

Resultate


Die kollokwiumnetwerk

Figuur 1 dui die affiliasies aan van mense wat bydraes tot die drie kollokwiums gelewer het, met kleure wat met die betrokke universiteite se amptelike kleure ooreenstem. Hier kan gesien word dat die meeste deelnemers ten tye van die kollokwiums verbonde was aan voormalige Afrikaanse universiteite. 'n Totaal van 76% van rolspeleers is tussen Noordwes-Universiteit, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die Vrystaat en Stellenbosch Universiteit verdeel, met 51% tussen Noordwes-Universiteit en die Universiteit van Pretoria. Dit is te wagte van enige Afrikaanse akademiese samekoms dat die meeste deelnemers aan voormalige Afrikaanse universiteite verbonde sal wees, aangesien hulle ook ingebed is in omgewings met groot Afrikaanssprekende bevolkings. Nietemin was daar ook 'n klein aantal deelnemers van ander universiteite, soos die Universiteit van Limpopo en die Queensland University of Technology, met 'n totaal van 13 universiteite wat by hierdie kollokwiums verteenwoordig is. Neem egter in ag dat hierdie figuur 'n geheeloorsig oor al drie kollokwiums verskaf. Meer besonderhede oor individuele bydraes word hier onder in Figuur 2 verskaf.



Figuur 1: *Affiliasies van bydraers tot kollokwiums*

Figuur 2 dui die tweeledige netwerk van rolspelers en die kollokwiums waartoe hulle bygedra het aan, met 60 nodusse (n) (57 persone en drie kollokwiums) en 68 skakels (m). Affiliasies is met verskillende kleure aangedui wat ooreenstem met die kleure in Figuur 1 en met die amptelike kleure van die betrokke universiteite. Hierdie netwerk het 'n digtheid van 0,038, wat besonder laag is, en slegs sewe persone het tot meer as een kollokwium bygedra. Met so 'n lae digtheid en so min rolspelers wat by meer as een kollokwium betrokke was, en met inagneming van die vele verskillende affiliasies, is hierdie 'n baie diverse samewerkingsnetwerk met slegs 'n klein aantal rolspelers wat die kontak tussen ander rolspelers bemiddel. Die netwerk van rolspelers wat rondom die kollokwiums ontstaan het, is met ander woorde baie heterogeen.




Figuur 2: Rolspelers wat bydraes tot Ontlaeringskollokwiums gelewer het. Verskillende affiliasies is met verskillende kleure aangedui. Die netwerk bestaan uit $n = 60$ en $m = 68$.

Janien Linde, Earl Basson, Mathilda Smit en Bibi Burger is almal uitgewys as behorend tot die absolute kern van hierdie netwerk met eksentrisiteitswaardes gelykstaande aan die netwerk se radius (2 stappe). Met $k = 3$ verteenwoordig hierdie vier persone ook die k -kern van hierdie netwerk. Dit is te wagte, aangesien al vier opgetree het as sameroepers van die Ontlaeringprojek. Gelees teen die agtergrond van die mede-outeurskapnetwerk (sien volgende afdeling) en Staphorst (2023a:290) se reeds genoemde bewering dat hier sprake is van “sentralisering van netwerke om die self, soos om Bibi Burger – wat die wit, manlike Afrikaner-‘laer’ wat gekritiseer word eggo”, moet egter genoem word dat hierdie kerngroep slegs sleutelrolspelers

in die Ontlaeringprojek verteenwoordig en nie 'n nuwe “laer” nie. Hierdie sleutelrolspelers skep verbindings deur die Ontlaeringsgeleenthede te reël; sonder hierdie kern is die ander rolspelers in Figuur 2 nie verbind nie.


Die mede-outeurskapnetwerk

Figuur 3 dui die affiliasies van outeurs aan wat bygedra het tot die spesiale Ontlaeringsuitgawes van *Stilet* en *Tydskrif vir Letterkunde*, met net die 15 affiliasies aangedui wat die meeste voorkom. Hier kan gesien word dat die grootste segment outeurs (24%) nie verbonde is aan 'n universiteit nie, wat daarop dui dat die Ontlaeringsuitgawes 'n groot aantal persone buite die akademie betrek het. Burger (2018) noem juis dat die openbare forum in 2018 by die African Beer Emporium in Pretoria se middestad plaasgevind het, “sodat die gesprek ook gevoer is buite die akademiese grense ('n laer in sigself!)”. Skrywers se affiliasies in die spesiale uitgawes reflekteer dan ook hierdie poging om buite die grense van die akademie te funksioneer. Die universiteite waarvan die personeel tot die meeste Ontlaeringsuitgawes bygedra het, is weereens voormalige Afrikaanse universiteite: Die Universiteit van Pretoria, Stellenbosch Universiteit, Universiteit van die Vrystaat en Noordwes-Universiteit. Soos die geval was met die kollokwiums, is dit te wagte dat 'n groot aantal outeurs verbonde sal wees aan voormalige Afrikaanse universiteite, aangesien die onderwerpe rondom die Ontlaeringprojek trouens rondom Afrikaans wentel. Nietemin maak persone verbonde aan hierdie universiteite 'n kleiner segment van die totale netwerk uit as met die kollokwiums, met 38% van outeurs verbonde aan hierdie vier universiteite. Daar is ook 'n groot aantal ander universiteite wat bydraes tot die spesiale uitgawes gelewer het, met 'n totaal van 31 affiliasies – ook buite die akademie soos die DAK Netwerk. Die beeld wat 'n mens van Figuur 3 kry, is dat die mede-outeurskapnetwerk nie tot dieselfde mate deur voormalige Afrikaanse universiteite oorheers word as wat die geval was met die kollokwiumnetwerk nie, en dat rolspelers buite die akademie tot 'n groot mate betrek is.



Figuur 3: *Affiliasies van bydraers tot spesiale uitgawes van Stilet en Tydskrif vir Letterkunde*


Figuur 4 dui die enkelledige projeksie van die mede-outeurskapnetwerk aan, met 110 nodusse (n) en 28 skakels (m). Nodusse is weereens gekleur volgens die amptelike kleure van universiteite of ander instellings, maar instellings wat slegs deur 'n enkele rolspeler verteenwoordig is, is grys gekleur. Etiketette is slegs verskaf vir nodusse met meer as een skakel. Hierdie netwerk toon dat die meeste publikasies enkelouteurpublikasies is – soos verwag – en dat daar slegs drie komponente bestaan met drie of meer outeurs. Die grootste komponent, met ses nodusse, bevat die sameroepers van die Ontlaeringprojek, wat saam redakteursnotas geskryf het en ook as mede-outeurs by ander publikasies opgetree het. Hierdie komponent sluit ook Francine Maessen in weens haar publikasie saam met Bibi Burger en Mathilda Smit. Die tweedegrootste komponent, met vier nodusse, bestaan uit navorsers verbonde aan Adam Mickiewicz Universiteit in Pole. Die derdegrootste komponent, met drie nodusse, bring navorsers van die Universiteit van Pretoria en Noordwes-Universiteit bymekaar. Die res van die netwerk bestaan uit pare en onverbinde nodusse. Met 'n totale digtheid van 0,005 is hierdie netwerk uiters yl verbind. Ten opsigte van die mede-outeurskapnetwerk is daar met ander woorde nie veel sprake van betekenisvolle netwerkvorming nie, soos verwag is.



Figuur 4: Die mede-outeurskapnetwerk in die twee spesiale Ontlaeringsuitgawes, met $n = 110$ en $m = 28$

Die verwysingsnetwerk

Figuur 5 dui die verwysingsnetwerk van publikasies in die twee spesiale Ontlaeringsuitgawes aan, met 1 001 nodusse (n) en 1 069 skakels (m). Verskillende verbinde komponente is met verskillende kleure aangedui, en slegs die nodusse binne die absolute kern – met eksentrisiteit gelykstaande aan die radius van die netwerk – se etikette is vertoon. Hierdie nodusse is ook vergroot. Die netwerk het 'n digtheid van 0,002, wat uitsonderlik laag is, maar 'n lae digtheid kan verwag word waar mense bronne uit so 'n groot verskeidenheid potensiele bronne kies. Die aanduiding van verbinde komponente is egter verrassend, aangesien 90% van nodusse (901 nodusse) in die grootste komponent verbind is (in pers aangedui), en daar is net 'n totaal van tien komponente. Die lae digtheid, maar groot verbinde komponent beteken saam dat publikasies 'n groot verskeidenheid van bronne benut waaarna nie ook deur ander publikasies verwys word nie, maar ook dat 'n klein aantal bronne hierdie publikasies verbind. Nodusse binne die kern is Walter Benjamin, Fritz Ponelis, Hein Willemse, André P. Brink, Louise Viljoen, Willem Anker, Michael Chapman, Willie Burger, Edward Said en Ato Quayson. Hierdie bronne suggereer 'n klem op postkoloniale studies (Said en Quayson), 'n insluiting van Suid-Afrikaanse eerder as slegs Afrikaanse letterkunde (Chapman en Brink), en oor die




Figuur 5: Die verwysingsnetwerk in die twee spesiale Ontlaeringsuitgawes, met $n = 1\,001$ en $m = 1\,069$. Nodusse met eksentrisiteit = radius se etikette is vertoon

algemeen 'n fokus op temas wat verband hou met linguistiek en die rol van die letterkunde in die samelewing.


Die woordkovoorkomsnetwerk

Figuur 6 toon die woordkovoorkomsnetwerk van opsommings van artikels wat in die twee spesiale Ontlaeringsuitgawes verskyn het. Woorde is in agt groepe ingedeel met behulp van Blondel *et al.* (2008), en hierdie groepe word met verskillende kleure aangedui. Ter wille van leesbaarheid is slegs die etikette van die vyf woorde met die hoogste gebruiksfrekwensies in Figuur 6 aangedui, maar wanneer skrywers genoem word, word hulle name ook aangedui. Twee van die groepe bestaan slegs uit twee sleutelwoorde elk en dit word daarom nie hier bespreek nie. Grafieke van die grootste twee groepe word hier onder vergroot aangebied wanneer die verhouding tussen sleutelwoorde bespreek word.



Figuur 6: Die woordkovoorkomsnetwerk van opsommings van publikasies in die twee Ontlaeringsuitgawes, $n = 181$, $m = 634$

Die tweede grootste groep sleutelwoorde is die groep wat bo in Figuur 6 in groen aangedui is, en word hier onder in Figuur 8 alleen aangebied, met alle etikette aangedui. Hierdie groep wentel rondom die verkenning van 'n Suid-Afrikaanse identiteit deur sy geskiedenis, kultuur en die uitwerking van postkolonialisme. Die proses van geskiedskrywing word betrek en sluit mondelinge verhale en biografieë in, en historiese stiltes wat deur Westerse koloniale narratiewe opgelê word, word aangespreek. Hierdie introspeksie funksioneer met verwysing na mediums soos literatuur, drama en die filmbedryf.



Figuur 8: 'n Vergroting van die tweedegrootste groep sleutelwoorde in die woordkovoorkomsnetwerk, $n = 44$, $m = 91$

Ter wille van ruimtebesparing word kleiner groepe sleutelwoorde nie hier visueel vertoon nie. Die groep in swart onder aangedui in Figuur 6 wentel rondom die verkenning van identiteit en erfenis binne die konteks van postkoloniale Afrika-samelewings, spesifiek met die fokus op die Suid-Afrikaanse ervaring. Hierdie sleutelwoorde sluit die impak van kolonialisme en die blywende uitwerking daarvan op samelewingstrukture, individuele identiteite en kulturele narratiewe in. Die sleutelwoorde “afrikaans”, “south african”, “indigenous” en “european” beklemtoon die wisselwerking tussen inheemse en koloniale invloede. Sleutelwoorde soos “mother”, “lost”, “exclusion”, “violence” en “slave” weerspieël die persoonlike en gemeenskaplike traumas wat voortspruit uit historiese ongeregtighede, soos slawerny en apartheid. Die sleutelwoorde “narrator” en “genre” dui op die vertelaspek, waar literatuur as medium dien om hierdie komplekse werklikhede uit te druk en te konfronteer. Sleutelwoorde soos


“ontological”, “evident” en “heritage” dui op die dieper eksistensiële vrae en die ooglopende behoefte om ’n mens se erfenis te herwin en te verstaan. Saam skets hierdie sleutelwoorde ’n prentjie van ’n versameling publikasies wat daarna streef om hul veelvlakkige verlede en hede te versoen deur verskeie vorms van narratiewe en wetenskaplike ondersoek.

Die groep wat in ligblou aangedui is in Figuur 6, handel oor temas van identiteit, ras, politiek en persoonlike narratief, veral deur die betrekking van Azille Coetzee se outobiografiese en literêre werk. Sleutelwoorde wat hiermee saamhang, sluit ook in “white”, “political”, “reflection”, “feminist”, “whiteness” en “travelogue”.

Die oranje groep links in Figuur 6 draai om die veelvlakkige aard van poësie en die verhouding daarvan tot die menslike toestand, veral met verwysing na Jerzy Koch. Die sleutelwoorde suggereer ook ’n in gesprek tree met temas van dood en geregtigheid.

Die pienk groep sleutelwoorde regs onder in Figuur 6 wentel om die temas van kolonialisme, verset en die soeke na identiteit en stem in die konteks van Suid-Afrikaanse letterkunde, veral in Afrikaanse fiksie. André P. Brink word spesifiek by hierdie publikasies betrek.

Figuur 9 dui die k -kern van die hele woordkovoorkomsnetwerk aan, met $k = 11$ en kleure soos in Figuur 6. Die terme wat deel uitmaak van die absolute kern van die hele woord-



Figuur 9: Die k -kern van die woordkovoorkomsnetwerk,
 $n = 20$, $m = 144$, $k = 11$

kovoorkomsnetwerk, met eksentrisiteit gelykstaande aan die radius, is “literary” “african”, “history”, “identity”, “afrikaans”, “apartheid”, “south african”, “south africa” en “language”. Die tema wat hierdie sleutelwoorde verbind, is die verkenning van Suid-Afrikaanse kulturele en historiese identiteite deur literatuur. Die Suid-Afrikaanse letterkunde word in hierdie publikasies as ’n lens gebruik waardeur die land se komplekse geskiedenis ondersoek word, veral die impak van apartheid op sy diverse bevolkings, die verweefdheid van Afrika- en Afrikaanse tale binne literêre werke, die land se linguïstiese diversiteit en die maniere waarop taal en identiteit in ’n interaksie verkeer. Historiese narratiewe, beide tydens en post-apartheid, word ook betrek.

In geheel beskou is die temas wat deur hierdie sleutelwoorde voorgestel word, die verkenning van identiteit, taal en magsdinamika binne die konteks van Suid-Afrikaanse letterkunde en geskiedenis. Dit behels die toeëiening en betwisting van grond en ruimte, die rol van Afrikaans as taal en die literêre tradisie daarvan, en die narratiewe wat deur apartheid, kolonialisme en postkolonialisme gevorm is. Kwessies van ras, geslag en politiek word uitgelig deur die werke van skrywers soos Antjie Krog, Azille Coetzee en André P. Brink, wat besin oor die kulturele en historiese ervarings van Suid-Afrikaners van alle rasse. As sodanig strook die sleutelwoorde grotendeels met die oogmerke wat deur die sameroepers van die Ontlaeringprojek gestel is, naamlik om buite die grense van ’n laer te beweeg en Afrikaans se rol te herverbeel.

Bespreking

Die voorafgaande studie dui op diverse netwerke wat rondom die Ontlaeringprojek gevorm is, met die klem op temas van identiteit, taal en magsdinamika binne die konteks van die Suid-Afrikaanse letterkunde en geskiedenis.

In die kollokwiumnetwerk is ’n lae digtheid waargeneem, wat dui op ’n heterogene samewerkingsnetwerk met diverse affiliasies. Sleutelfigure soos Mathilda Smit, Bibi Burger, Janien Linde en Earl Basson is geïdentifiseer as sentrale nodusse in hierdie netwerk, wat hul deurslaggewende rolle in die Ontlaeringprojek ten toon stel. Die teenwoordigheid van individue van verskeie universiteite en instellings beklemtoon die poging tot diversiteit binne die projek.

Die mede-outeurskapnetwerk het minimale betekenisvolle netwerkvorming getoon, met die meeste publikasies wat enkelouteurpublikasies is. Enkelouteurpublikasies is die norm in die Geesteswetenskappe, maar hierdie netwerk wys op die behoefte aan die bevordering van meer samewerkende pogings onder navorsers en akademici wat aan soortgelyke onderwerpe werk.

In die verwysingsnetwerk het ’n groot verbinde komponent en besondere lae digtheid aangedui dat ’n wye verskeidenheid bronne gebruik word, met ’n paar sleutelbronne wat verskeie publikasies verbind. Bekende figure soos Walter Benjamin, Edward Said en Hein Willemse is as sentrale bronne geïdentifiseer, wat hul beduidende invloed op die akademiese diskoers rondom die projek aandui. Die gebruik van uiteenlopende bronne weerspieël die uiteenlopende benadering wat deur navorsers gevolg is in die verkenning van die temas wat met die (Suid-)Afrikaanse literatuur en geskiedenis verband hou.

Die woordkovoorkomsnetwerk het sleuteltemas soos Suid-Afrikaanse letterkunde, postkoloniale studies, identiteit en historiese narratiewe uitgelig. Die identifisering van temas soos Afrikaanse taal, apartheid, Suid-Afrikaanse geskiedenis en die kruising van letterkunde met sosiale, politieke en kulturele kwessies het die breedte van besprekings binne die Ontlaeringprojek beklemtoon. Die temas wat in die woordkovoorkomsnetwerk weerspieël word,

onderstreep die projek se fokus op die uitdaging van bestaande paradigmas en die herverbeelding van die pedagogie van Afrikaans.

Die huidige studie se data het nie toegelaat dat die Ontlaeringprojek binne die konteks van die Afrikaanse of Suid-Afrikaanse literatuurstudie geplaas word nie. Data oor alle literêre kongresse, simposiums en kollokwiums sal nodig wees om te bepaal of die kollokwiumnetwerk wat hier bespreek is, totaal nuwe of bestaande netwerke verteenwoordig, net soos 'n verwysingsnetwerk van die hele Afrikaanse of Suid-Afrikaanse literatuurstudie nodig sal wees om te bepaal tot watter mate nuwe bronne betrek is, en 'n woordkovoorkomsnetwerk van alle publikasies oor die Afrikaanse of Suid-Afrikaanse literatuurstudie nodig sal wees om te bepaal of nuwe temas aangeraak is. Die indruk wat 'n mens kry uit die netwerke wat in die huidige studie ontleed is, is dat daar 'n klem op vernuwing geplaas is, wat by implikasie die oogmerk van ontlairing is – die wegbreek uit 'n verskanste posisie. Dit beteken nie dat soortgelyke onderwerpe nie voorheen aangeraak is nie, en of daardie laer in die eerste plek bestaan het, kan nie met die huidige data aangetoon word nie, maar JH Senekal (1987:169) se opmerking in 1987 verdien in hierdie opsig vermelding:

Selfs Afrikaanse literêre handelinge bestaan nie in isolasie nie, maar is ten nouste verweef met die internasionale wêreld en sy denke – waarmee dit inderdaad selfs elektronies verbind is. Dit is vandag baie duideliker só as in vorige dekades en toe reeds, van die begin van die Afrikaanse literatuur af, was daar baie sterk import van ander literature na Afrikaans, uit sowel Westerse as uit Afrika-tradisies.

Nietemin beteken vernuwing in die verlede nie dat vernuwing in die hede sal plaasvind nie, en in hierdie opsig toon die netwerke wat in die huidige studie ontleed is dat die Ontlaeringprojek vernuwing vooropgestel het, en dalk nuwe entoesiasme vir vernuwing sou kon skep. Basson en Strydom (2019:i) erken vorige pogings om alle rolspelers en denkrigtings by die Afrikaanse literatuurstudie te betrek, en verwys daarna dat: “ontlairing noodgedwonge 'n elke-generasie-*event* kan – en moet – wees”. In die sin daarvan dat die Ontlaeringprojek die klem op die verruiming van die Afrikaanse literatuur en die vernuwing van netwerke geplaas het, kan aangevoer word dat bostaande netwerkvoorstellings daarop dui dat die poging geslaagd was.

Slot

Die huidige studie het 'n omvattende ontleding verskaf van netwerke rondom die Ontlaeringprojek, wat lig werp op die diverse samewerking, affiliasies en temas binne die konteks van die (Suid-)Afrikaanse letterkunde en geskiedenis. Die ontleding van die kollokwiumnetwerk het 'n heterogene samewerkingsnetwerk met 'n lae digtheid aan die lig gebring, wat die uiteenlopende affiliasies en rolle van sleutelfigure soos Mathilda Smit, Bibi Burger, Janien Linde en Earl Basson beklemtoon. Die verwysingsnetwerk het 'n wye verskeidenheid bronne getoon wat gebruik is, met 'n klein aantal sleutelbronne wat verskeie publikasies verbind. Die woordkovoorkomsnetwerk het temas uitgelig wat verband hou met Suid-Afrikaanse letterkunde, postkoloniale studies, identiteit en historiese narratiewe, wat die projek se fokus op die uitdaging van bestaande paradigmas en die herverbeelding van die pedagogie van Afrikaans onderstreep. Hierdie netwerke dui op diverse netwerkvorming, wat strook met die oogmerke van die Ontlaeringprojek.

BIBLIOGRAFIE

- Basson, E & Strydom, W. 2019. Redakteursnota. *Stilet*, 31(1):i-vi.
- Bastian, M, Heymann, S & Jacomy, M. 2009. Gephi: An open source software for exploring and manipulating networks. *Proceedings of the International AAAI Conference on Web and Social Media*, 3(1):361-362.
- Benabdelkrim, M, Levallois, C, Savinien, J & Robardet, C. 2020. Opening fields: A methodological contribution to the identification of heterogeneous actors in unbounded relational orders. *M@n@gement*, pp. 4-18. doi:10.37725/mgmt.v23.4245.
- Blondel, VD, Guillaume, J.-L, Lambiotte, R & Lefebvre, E. 2008. Fast unfolding of communities in large networks. *Journal of Statistical Mechanics: Theory and Experiment*, 2008(10):P10008. doi: 10.1088/1742-5468/2008/10/P10008.
- Burger, B. 2018. Ontlaering: 'n Herverbeel van die pedagogiek van Afrikaanse letterkunde. <https://www.litnet.co.za/ontlaering-n-herverbeel-van-die-pedagogiek-van-afrikaanse-letterkunde> [27 Junie 2024].
- Cicero. 2023. 'n Ope brief aan Luan Staphorst. <https://www.litnet.co.za/n-ope-brief-aan-luan-staphorst/> [24 Junie 2024].
- Csermely, P, London, A, Wu, LY & Uzzi, B. 2013. Structure and dynamics of core/periphery networks. *Journal of Complex Networks*, 1(2):93-123. doi: 10.1093/comnet/cnt016.
- Newman, M. 2018 *Networks*. Oxford: Oxford University Press. doi:10.1093/oso/9780198805090.001.0001.
- Peixoto, TP. 2019. Bayesian Stochastic Blockmodeling. In Doreian, Batagelj & Ferligoj, (eds). *Advances in network clustering and blockmodeling*. Wiley, pp. 289-332. doi: 10.1002/9781119483298.ch11.
- Roux, A. 2023. 'n Repliek op Luan Staphorst se mistastings oor Samespraak. <https://www.litnet.co.za/n-repliek-op-luan-staphorst-se-mistastings-oor-samespraak/> [24 Junie 2024].
- Seidman, SB. 1983. Network structure and minimum degree. *Social Networks*, 5(3):269-287. doi: 10.1016/0378-8733(83)90028-X.
- Senekal, BA. 2014. Die intellektuele struktuur van die Afrikaanse letterkunde: 'n Verwysingsontleding van artikels in die Afrikaanse letterkunde met behulp van netwerkanalise. *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 11(2):597-619.
- Senekal, BA. 2016. 'n Kwantitatiewe bestekopname van die Afrikaanse literatuurstudie met spesifieke verwysing na *Stilet* (2010–2014). *Stilet*, 28(2):70-94.
- Senekal, BA. 2018. Die woordkovoorkomsnetwerk in Joan Hambidge se 'Die dubbele nie'. *Stilet : Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 30(1-2):188-206.
- Senekal, BA. 2019. 'n Netwerkontleding van karakterinteraksies in N.P. van Wyk Louw se Germanicus. *Stilet*, 31(1):137-155.
- Senekal, BA. 2022. Wat eet Afrikaners? 'n Verkenning van die bestanddeel-resep-netwerk in Afrikaanse resepte. *LitNet Akademies (Natuurwetenskappe)*, 19(3):648-670.
- Senekal, JH. 1987. *Literaturopvattinge: "wese" en "waarhede" van 'n nuwe literêre teorie*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Smit, M, Burger, B & Linde, J. 2022. Transnasionale ontlaering/Transnasionale unlaagering. *Tydskrif vir letterkunde*, 59(1):1-6. doi: 10.17159/tl.v59i1.13416.
- Staphorst, L. 2023a. "Iets hieroor het ons ongemaklik gestem": die verband tussen "ontlaering" en die kolonialeske in onlangse Afrikaanse taal- en letterkundige diskoerse. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 20(3):271-203.
- Staphorst, L. 2023b. Kleinboet Staphorst antwoord Cicero. <https://www.litnet.co.za/kleinboet-staphorst-antwoord-cicero/> [24 Junie 2024].
- Takes, F & Kusters, W. 2013. Computing the eccentricity distribution of large graphs. *Algorithms*, 6(1):100-118. doi: 10.3390/a6010100.
- Tarjan, R. 1972. Depth-first search and linear graph algorithms. *SIAM Journal on Computing*, 1(2):146-160. doi: 10.1137/0201010.
- Van Eck, NJ & Waltman, L. 2010. Software survey: VOSviewer, a computer program for bibliometric mapping. *Scientometrics*, 84(2):523-538. doi: 10.1007/s11192-009-0146-3.
- Wang, D & Barabási, A.-L. 2021. *The science of science*. Cambridge: Cambridge University Press. doi: 10.1017/9781108610834.
- Zhang, L & Peixoto, TP. 2020. Statistical inference of assortative community structures. *Physical Review Research*, 2(4):043271. doi:10.1103/PhysRevResearch.2.043271.

Waar spoke nog speel: 'n Queer verkenning van die affektiewe rol van die spookagtige plaasruimte in CJ Langenhoven se “Die bouval op Wilgerdal”

Where Ghosts Still Play: A Queer exploration of the affective role of the haunted farm in CJ Langenhoven's “Die bouval op Wilgerdal”

CHAN CROESER

Departement Afrikaans en Nederlands en Moderne Vreemde Tale

Universiteit Stellenbosch

Suid-Afrika

E-pos: chantelle.croeser@gmail.com



Chan Croeser

CHAN CROESER is 'n nie-binêre skrywer en letterkundige verbonde aan die Universiteit Stellenbosch. Hul PhD-navorsing in vergelykende letterkunde handel oor die produktiewe moontlikhede om vroeë twintigste-eeuse Afrikaanse spook- en grieselverhale, en die affektiewe omgewings waarbinne die verhale beweeg, vanuit 'n queer hoek te lees met die doel om ondersoek in te stel na die queer impulse wat dit kan onthul. Hul navorsingsbelangstellings is onder meer queerheid, gender, affek, spektraliteit, volksoorleweringe, spook- en grieselverhale, transgenderstudies, en orale letterkunde. Hul mees onlangse werk oor die Suid-Afrikaanse volkskarakter, Antjie Somers, is te sien in die Engaged Queerness in African Speculative Fiction-uitgawe van *scrutiny2*, en op LitNet. Verder dink hul na oor queer woordeskat in die Afrikaanse taal in *Turksvy*, oor transgender Afrikaanse letterkunde in *Klyntji*, en hul kortverhale verskyn in joernale soos *New Contrast* en *Five Points*. In hul huidige kuns-gebaseerde navorsingsprojek dink hul na oor hoe transgenderidentiteit die Afrikaanse taal asook die Afrikaner kernfamilie-eenheid in Afrikaanse letterkunde vertroebel.

CHAN CROESER is a non-binary writer and literary scholar affiliated with Stellenbosch University. Their PhD research in Comparative Literature deals with the productive possibilities of reading early twentieth-century Afrikaans ghost and horror stories and their affective environments from a deviant angle and the queer impulses this can reveal. Their research interests include queerness, gender, affect, spectrality, folklore, ghost and horror stories, and oral literature. Their most recent work on the South African folklore figure, Antjie Somers, can be seen in the Engaged Queerness in African Speculative Fiction edition of *scrutiny2*, and on LitNet. Furthermore, they think about queer and transgender vocabulary in the Afrikaans language in *Turksvy*, transgender Afrikaans literature in *Klyntji*, and their short stories appear in journals such as *New Contrast* and *Five Points*. Their current art-based research project reflects on how transgender identity troubles the Afrikaans language as well as the Afrikaner nuclear family unit in Afrikaans literature.

Datums:

Ontvang: 2023-06-01

Goedgekeur: 2024-06-05

Gepubliseer: Desember 2024

ABSTRACT***Where Ghosts Still Play: A Queer exploration of the affective role of the haunted farm in CJ Langenhoven's "Die bouval op Wilgerdal"***

This article analyses an early twentieth-century Afrikaans ghost story, "Die bouval op Wilgerdal" by CJ Langenhoven (1972, originally published in 1924) by means of a queer reading and it places specific focus on the affective role of space in the story. It is a story within a story that is presented as a first-person retelling of a tale about the haunted, ruined farm of the Van Graan family. Affect theory and Gordonian hauntology are used as tools to underpin the queer reading of the story that, it is argued, contribute to its queering. The article approaches queerness as a radical politics that disrupts social norms and reaches beyond queerness as an umbrella term for the LGBTQIAP+ community. The article illustrates how queer reading is an approach to text analysis that focuses on hegemonic literary history to queer the literary canon and undermine the hegemony of (hetero)normativity. Queer reading specifically pays attention to the tension between the visible and the invisible in texts in order to bring out hidden meanings that run counter to normative readings of the text. Productive links between queer reading, Gordonian hauntology and the uncanny are illuminated by illustrating how the relationship between the visible and the invisible is explored. For Gordon, ghosts and haunting inform how systemic structures that are invisible or seemingly no longer there, make their impact felt. The analysis of haunting can therefore lead to a more complex understanding of the moving parts and generative structures of historically embedded social formations. A key part of Gordon's theory is how the uncanny is a haunting experience where the familiar, which has been suppressed, returns in the form of a disturbing phantom. Importantly, this article highlights the parallels between queerness and the uncanny. Because of the links between queer reading and affect as well as Gordon's emphasis on the affective, a discussion on affect theory is presented to direct attention to how emotions circulate between bodies, objects, and spaces in the text. The discussion of the text sheds light on the affective role of the farm in the Afrikaans literary tradition. The argument is made that the space of the farm does not figure as a mere backdrop against which Afrikaans stories play out, but that it can be considered a palimpsest through which the various layers of history, identity and affect can be read. To illustrate this, a brief overview of the context from which the farm novel emerged is given to highlight how it responded to widespread urbanisation by glorifying the rural values of the past. The article describes how ownership of the land, and the farmer's ties to the land through his labour and bloodline were regarded as key parts of Afrikaner identity by the Afrikaner nuclear family depicted in early twentieth-century Afrikaans farm narratives. It is suggested that one of the ways in which CJ Langenhoven's "Die bouval op Wilgerdal" queers the characteristic features of the farm in Afrikaans literature is by making the space of the story, the farm, an uncanny space. In this way, the story undermines and criticises the values that are often associated with the farm and questions its centrality in the formation of an Afrikaner identity. To elucidate this subversion and questioning the affective landscape of the narrator in "Die bouval op Wilgerdal" is analysed to show how CJ Langenhoven uses the setting to evoke an uncanny affective environment by drawing the narrator affectively into the anticipation of threat through the sights and sounds of the farm. The haunting of the farm is located in its setting, rather than from the outside suggesting that the story regards the threat that haunts the farm as internal and supernatural. This is particularly evident from how Langenhoven represents the haunting of the Wilgerdal farm in the ruined Afrikaner home and reveals that the true haunting is located in the ruin of the Van Graan family lineage and the subsequent loss of their bloodline's ties to the land. This is

especially evident from how Langenhoven makes the Afrikaner house a haunted house and thus reveals that the ghostliness of Wilgerdal originates in the heart of the Afrikaner family. This disruption occurs due to Frans Rysselaar's occupation of Petrus's body, leaving Petrus disembodied and searching for justice on the farm. The conventional patterns of Afrikaans literature about the farm, where the benevolent patriarch rules over the farm and ensures the succession of his bloodline, are therefore queered. Following from this, the article suggests that by depicting the threat to the farm as a supernatural threat linked closely to the setting of the story, the farm and the Afrikaner family home, Langenhoven's text may have been attempting to queer the familial values of Afrikaner society that were valorised in Afrikaans literature about farms at the time. Finally, it is argued that through this queering the text uncovers and/or reflects the uncanny nature of the farm and the Afrikaner's tenuous relationship with it. A queer reading of "Die bouval op Wilgerdal" implores the Afrikaner to live with and provide a hospitable memory for the ghosts that populate Afrikaner homes. The article concludes by suggesting that this story may have been speaking to that which haunted Langenhoven and Afrikaner society at the time and that these same fears around the survival of the Afrikaner family and the Afrikaner's ownership of the land still persist.

KEYWORDS: queer, queerness, queer reading, ghost stories, uncanny, CJ Langenhoven, hauntology, affect theory, spectrality theory, Gordonian hauntology, affect, farm, Afrikaans literature, land ownership, Afrikaner identity, family abolition, heteronormativity, heteroreproductive futurity

TREFWOORDE: queer, queerheid, queerlesing, spookverhale, *unheimliche*, CJ Langenhoven, hauntologie, affekteorie, spektraliteitsteorie, Gordoniaanse hauntologie, affek, plaas, Afrikaanse literatuur, grondbesit, Afrikaneridentiteit, gesinsafskaffing, heteronormatiwiteit, heteroreproduktiewe toekomstigheid

OPSOMMING

In hierdie artikel word queerlesing gebruik om die vroeë twintigste-eeuse Afrikaanse spookverhaal "Die bouval op Wilgerdal" deur CJ Langenhoven te ontleed. Die studie benader queerness as 'n ontwrigtende politiek wat samelewingsnorme uitdaag, veral in die konteks van literatuur. Queerlesing word gebruik as 'n metode wat verborge betekenis in tekste onthul, veral dié wat in stryd is met normatiewe interpretasies. Queerlesing word met Gordoniaanse hauntologie, die *unheimliche* en affekteorie in verband gebring. Die artikel illustreer die affektiewe rol van die plaas in die Afrikaanse letterkunde en demonstreer hoe die plaasruimte historiese lae, identiteit en affek verteenwoordig. Daar word aangevoer dat Langenhoven se verhaal die konvensionele uitbeelding van die plaas ondermyn deur dit 'n *unheimliche* ruimte te maak, wat sodoende kritiek lewer op die sentraliteit van die plaas in prosesse van Afrikaneridentiteitsvorming. Aan die hand van die queerlesing van die verhaal word aangevoer dat die ware spokery van die Wilgerdalplaas die ontwrigting van die Van Graanfamiliebloedlyn en die verlies van hul verbintenis met die grond is. Sodoende destabiliseer die verhaal die konvensionele patrone van Afrikaanse literatuur oor plase. Uiteindelik ontbloom die verhaal die *unheimliche* aard van die plaasruimte oor die algemeen en die Afrikaner se onbestendige verhouding daarmee deur middel van die skakel tussen bonatuurlike bedreiging en die plaasruimte sowel as die verqueering van familiale waardes in die besonder. Die narratiewe spoor die Afrikanerleser aan om van aangesig tot aangesig te kom met die spoke wat

Afrikanerhuise bewoon, en spreek moontlik tot die Afrikaner se vrese oor die voortbestaan van die Afrikanerfamilie en grondbesit, vrese wat tot vandag toe voortduur.

1. Inleiding

Deur middel van 'n queerlesing neem ek in hierdie artikel 'n vroeë twintigste-eeuse Afrikaanse spookverhaal, naamlik CJ Langenhoven (1972) se “Die bouval op Wilgerdal,” onder die loep en rig my aandag spesifiek op die affektiewe rol van ruimte daarin. “Die bouval op Wilgerdal” is oorspronklik in 1924 gepubliseer as deel van Langenhoven se kortverhaalbundel *Geeste op Aarde: Merkwaardige verhale uit die versameling van Gideon H H Koertzen*. Die verhaal is 'n raamnarratief wat bestaan uit 'n oorvertelling van 'n spookagtige storie oor 'n plaas deur 'n ek-verteller met die naam Hendrik Duiwenal, 'n Volksraadslid in die parlement van die voormalige Unie van Suid-Afrika. Hendrik is op reis wanneer hy 'n mislukte en vervalde dog verbasend oorvloedige plaas sien. Daardie aand oornag hy op 'n naburige plaas by die Van Zyls wat hom vertel dat die plaas, genaamd Wilgerdal, behoort het aan ene Petrus van Graan wat dit by sy oorlede vader geërf het. Petrus was verloof aan Emmie Damberg, 'n Menigte tragedies tref die paartjie tydens hul verlowing en huwelik. Net voor die troue probeer Frans Rysselaar, wat ook met Emmie wou trou, uit wraak vir Petrus vermoor. Hy misluk egter en skiet homself per ongeluk dood. Kort ná Emmie en Petrus se troue kry Petrus griep. Toe hy wonderbaarlik by die dood omdraai, neem die spook van Frans sy liggaam oor. Toe Emmie agterkom “Petrus” is skielik anders, trek sy na haar ouerhuis terug. Haar geestesgesondheid begin agteruitgaan en die dorp bestempel haar as gek. “Petrus” (Frans in Petrus se liggaam) verlaat daarna die plaas en laat die eiendomsregte van die plaas by Freek van Zyl agter om te verkoop, terwyl die spook van die ware Petrus op die plaas agterbly.

Nadat Hendrik Duiwenal dié storie hoor, gaan besoek hy die Wilgerdalplaas in die nag. Ná 'n vreesaanjaende rit na die hart van die plaas ontmoet hy die spook van Petrus van Graan wat onthul dat hy vir ewig op die plaas vasgevang is. Hy vra vir Hendrik om die plaas te koop, na Emmie toe te gaan en vir haar te vertel dat haar geliefde vir haar wag. Die storie eindig met Petrus en Emmie wat herenig word. Emmie knap die vervalde plaas en plaashuis op sodat dit weer in werkende orde is, en woon alleen saam met haar spookgeliefde in die groot huis.

Affekteorie en Gordonianse hauntologie word as gereedskap ingespan om die queerlesing van die verhaal te steun. In die artikel word queerheid nie verstaan en gebruik as sambreelterm vir die LGBTQIAP+ gemeenskap nie, maar die term se oorspronklike gebruik word eerder opgeneem. Ek is geïnteresseerd in queerheid as 'n radikale politieke uitgangspunt, 'n ondervraging en ontwrigting van sosiale norme wat verder strek as die betekenis daarvan as 'n sambreelterm om 'n groepering van mense te probeer definieer (Kapoor, 2015:1611). Ek stel belang in hoe queer se oorspronklike betekenis dui op afwyking van die norm, en hoe dit verwys na diegene wat nie in staat is nie, of weier om, sosiale norme te vergestalt en weer te gee. Ek stem saam met Ilan Kapoor (2015:1612) wat aanvoer dat die maniere waarop queerheid afwyk van sosiale norme, nie beperk is tot kwessies van seksualiteit nie, maar dat dit ook van toepassing kan wees op kategorieë van ras, ekonomie, nasie en/of gender en meer. Hierdie verstaan van queerheid belig die manier waarop ek in hierdie artikel 'n queerlesing van “Die bouval op Wilgerdal” uitvoer.

2. Queerheid, Gordoniaanse hauntologie en die *unheimliche*

'n Queerlesing kan beskryf word as 'n benadering tot teksanalise wat daarop gemik is om die ondermynende queer konnotasie in 'n teks te onthul en so (hetero)normatiewiteit uit te daag (Björklund & Lonngren, 2020:196). Jenny Björklund (2018) wys daarop dat queerlesing gereeld fokus op hegemoniese literêre geskiedenis om die literêre kanon te verkeer. Deur strukture, figure, relasies, temas, kontekste, en konnotasies wat dalk nie onmiddellik sigbaar is nie, uit te lig en te beklemtoon, onthul queerlesing moontlike versteekte of alternatiewe lesings of insigte van skynbaar normatiewe tekste (Björklund & Lonngren, 2020:197). Queerlesing speel dus in op die spanning tussen denotasie en konnotasie, dit wat sigbaar is en dit wat onsigbaar is, of verhul word (Björklund & Lonngren, 2020:197).

Queerlesing toon, na my mening, produktiewe skakels met Gordoniaanse hauntologie en die *unheimliche*, veral omdat die fokus in al drie gevalle op die spanning tussen die sigbare en die onsigbare val. Die Gordoniaanse hauntologie is afkomstig van Avery Gordon (2008) se *Ghostly Matters* waarin sy fiksie, teorie, en feite laat saampraat met die volgende doel: “to acknowledge and foreground as real and operative just those twists and turns, forgettings and rememberings, just those ghostly haunts that a normal social scientific account routinely attempts to minimize”. Sy moedig ons dus aan om spoke en die spookagtige as legitiem te beskou. Vir Gordon (2008:8) is die spook nie bloot 'n dooie of 'n vermiste persoon nie, maar 'n sosiale figuur. Om 'n spook te ondersoek, kan die ondersoeker lei na daardie digte terrein waar geskiedenis en subjektiewiteit byeenkom om die sosiale lewe te verteenwoordig. Die spook of die gees is een vorm waardeur iets wat verlore, of skaars sigbaar, of skynbaar nie daar is vir ons sogenaamd goedgeoefende oë nie, sigself aan ons bekend of sigbaar maak. Deur spookagtigheid kan ons die impak van georganiseerde magte en sistemiese strukture wat van ons verwyderd lyk, in die alledaagse lewe ervaar. Gordon (2008:20) voer verder aan dat die ontleding van spookagtigheid kan lei tot 'n meer genuanseerde begrip van die generatiewe strukture en bewegende dele van histories ingebedde sosiale formasies. Gordon se metode dien as goeie gereedskap waarmee ek my queerlesing kan bewerkstellig.

Een van die boublokke en vertrekpunte van Gordon se teorie is Freud se uiteensetting van die *unheimliche*. Die *unheimliche* verwys na ervarings waarin die bekende, wat in die psige onderdruk is, vreesaanjaend word wanneer dit weer na vore kom, omskep in 'n verontrustende fantoom. Dit verwys ook na die twyfel dat iets wat lewendig lyk, werklik lewendig is, die vermoede dat iets leweloos in werklikheid lewendig is. Die vergliping van persepsie wanneer die onderskeid tussen dit wat werklik en verbeeld is, uitgewis word. Gordon (2008:50) beskryf dit soos volg: “Uncanny experiences are haunting experiences. There is something there and you ‘feel’ it strongly. It has a shape, an electric empiricity, but the evidence is barely visible”. Die *unheimliche* speel dus ook in op die spanning tussen die sigbare en die onsigbare, en dra deur gevoel die bewys van iets onsigbaar oor. Maria Tatar (1981:169) brei hierop uit deur te verwys na Freud en sy uiteensetting van die Duitse oorsprong en betekenis van die woord *heimlich*. *Heim*, wat die kern van die woord is, beteken “huis”. *Heimlich* verwys na beide dit wat bekend, simpatiek en geesverwant is, én dit wat verborge of uit die oog gehou word, en dus moontlik sinister van aard kan wees. Sy verduidelik dat 'n huis byvoorbeeld die bekende en aangename bevat, maar terselfdertyd dit wat bekend en aangenaam is verhul en 'n raaisel daarvan maak (Tatar, 1981:169).

Olu Jenzen (2007) en Vincent Bourseul (2010) ondersoek die verband tussen die *unheimliche* en queerheid. Jenzen meen (2007:3): “the cultural and epistemological placing of the queer ‘on the edge of’, ‘at the back of’, ‘in opposition to’, and even ‘underneath’

heterosexuality resembles the relation of the *unheimlich* to the *Heimlich*". Bourseul (2010:64) ondersoek die term "queer" se neerhalende gebruik. Hy illustreer dat dit 'n belediging is wat spruit uit innerlike konflik wat ontstaan wanneer die bekende aanduiders van gender en seksualiteit vir die subjek omvergewerp word. Die woord queer as belediging spruit dus uit 'n ervaring van die "uncanny", of die *unheimliche*.

Ek is veral geïnteresseerd in al die kinkels en draaie, die vergeet en die onthou, en al die spookagtige boerplekke wat deur middel van tyd en ruimte op affektiewe wyse 'n *unheimliche* atmosfeer skep in my gekose verhaal. In hierdie artikel wil ek nader kom aan die ensemble van kulturele verbeeldings, affektiewe ervarings, geanimeerde voorwerpe, marginale stemme, narratiewe digthede en die spore van mag soos dit in dié verhaal te voorskyn kom (Gordon, 2008:25). Ek wil my oë en ore só rig dat ek kan verstaan hoe Langenhoven se teks moontlik die plaasruimte verqueer en wat daardeur bereik word.

Gordon (2008) se klem op affek spoor my aan om affekteorie te gebruik om my queerlesing van die tekste verder te verdiep. In *Queer Phenomonology* voer affekteoretikus Sara Ahmed (2006:19) aan dat emosies die effek skep van oppervlaktes en grense wat die subjek in staat stel om tussen 'n binne- en 'n buitekant te onderskei. Daarvolgens kan ruimte in verhale slegs as betekenisvol gelees word in soverre dit in wisselwerking is met die karakters in die verhaal. Binne hierdie wisselwerking, wat in verskeie rigtings oor en weer plaasvind, kom karakters, ruimte en voorwerpe voortdurend in aanraking met mekaar, ook wat elk se geskiedenis betref. Die objekte waaraan emosies kleef ("objects of emotion") neem vorm aan deur sirkulasie, en die liggame van die karakters word in ruimte en tyd georiënteer in die rigting van of weg vanaf voorwerpe waaraan sekere emosies toegeskryf is (Ahmed, 2006:20-21). Vir my queer beskouing van die affektiewe rol van ruimte in CJ Langenhoven (1972) se "Die bouval op Wilgerdal" is my uitgangspunt noodwendig die liggaam. Dit wil sê die liggame van die karakters, sowel as my eie queer liggaam, en hoe emosies tussen liggame beweeg wanneer hulle in aanraking met voorwerpe kom. Ek stel dus ook belang in wat gebeur as ek die queer oriëntasie van my liggaam betrek by my lees van die verhaal.

Aangesien die verhaal in 'n plaasruimte afspeel, begin ek my bespreking met 'n kort oorsig van die plaasruimte soos dit binne die Afrikaanse letterkunde bestudeer word om sodoende 'n prentjie te skets oor die affektiewe rol van die plaas. Ek beoog om in die volgende bespreking te illustreer hoe "Die bouval op Wilgerdal" die plaasruimte, soos dit in Afrikaanse plaasnarratiewe uitgebeeld word, verqueer deurdat 'n *unheimliche* affektiewe atmosfeer geskep word deur die beskrywing van die plaas en die proses wanneer die verteller in aanraking daarmee kom. So onthul die verhaal moontlik wat Malvern van Wyk Smith (2001:24) beskryf as: "the conflicting signals of both eden and demon, fetish and menace, encoded in the reality of the South African farm". In die bespreking wat volg, voer ek dus aan dat 'n queerlesing van Langenhoven se plaasruimte die waardes wat geassosieer word met die plaas in Afrikaanse letterkunde ondermyn en kritiseer, en sodoende die sentraliteit daarvan in die vorming van 'n Afrikaneridentiteit bevraagteken.

3. Die plaasruimte in die plaasroman

Die teenwoordigheid van 'n plaasruimte is diep gegrond in die Afrikaanse letterkunde, en kan met die vorming en ontwikkeling van 'n Afrikaneridentiteit in verband gebring word. In *Ons ongehoorde soorte* beklemtoon Louise Viljoen (2009:78) dat 'n spesifieke verstaan van ruimte, ondersteun deur konsepte soos plek, landskap, land en plaas, van besondere belang is in die tradisionele konstruksie van Afrikaneridentiteit, en ook nou verweef is met die Afrikaanse

literêre tradisie. Die plaasruimte is 'n tipe landskap. Oor die verband tussen landskap en affek skryf WJT Mitchell (1994:14) die volgende: “landscape is itself a physical and multisensory medium (earth, stone, vegetation, water, sky, sound and silence, light and darkness, etc.) in which cultural meanings and values are encoded”. Landskap en affek verwickel en vermeng dus, en soos Ben Highmore (2010:119) onderstreep, staan dié vervlegting van substansie en gevoel, van materie en affek sentraal tot die mens se kontak met die wêreld. Die landskap van die plaas is dus nie slegs die pastorale doek waarop Afrikaanse plaasverhale geveer is nie, maar kan beskou word as 'n palimpseps waardeur verskeie lae van geskiedenis, identiteit, en affek gelees kan word (Viljoen, 1998:4).

Die affektiewe waarde waarmee die plaas gelaai is en die sentraliteit daarvan tot Afrikaneridentiteit, is veral vergestalt deur die plaasroman, 'n soort roman wat te voorskyn gekom het in die vroeë twintigste eeu en byna uitsluitlik gemoeid is met die plaas, die platteland en die Afrikaner se moeisame oorgang van boer na dorpenaar (Coetzee, 1988:63). In haar artikel “The Pastoral Promise and the Political Imperative: The ‘plaasroman’ tradition in an era of land reform” wys Jennifer Wenzel (2000) op die historiese veranderinge wat plaasgevind het rondom die eeuwisseling, en hoe dit uiteindelik aanleiding gegee het tot die temas wat in die plaasroman ingewee is. Met die toename in belangstelling in Suid-Afrika se minerale rykdom teen die einde van die negentiende en vroeë twintigste eeu, het dorpe naby myne begin ontwikkel. Dit het, saam met ander ekonomiese faktore soos die impak van die Suid-Afrikaanse oorlog, 'n proses van grootskaalse verstedeliking aan die gang gesit (Wenzel, 2000:93).

Die plaasroman het op hierdie verskynsel van verstedeliking gereageer deur 'n pastorale visie voor te hou van wat JM Coetzee (1988:79) beskryf as “a renewal of the peasant order based on the myth of the return to the earth”. DF Malherbe se *Die Meulenaar* (1926) en CM van den Heever se *Groei* (1933), *Somer* (1935) en *Laat Vrugte* (1939) is voorbeelde hiervan. Sulke romans verheerlik die landelike waardes van die verlede, soos die voortsetting van die gesinseenheid deur erfopvolging en die gepaardgaande bewaring van die familiegrond. Die mite waarvan Coetzee (1988:78) praat, stel die boer voor as die goedaardige patriarg wat oor 'n piramide van tevrede en ywerige kinders, kleinkinders, vrouens, bywoners en slawe heers. Sy posisie as die regerende patriarg word onderstreep deur sy vasberadenheid en die vermoë om die uitdagings wat hy op die plaas in die gesig staar, te oorkom. Die prototipiese plaasroman beeld naamlik uit hoe die boer 'n verskeidenheid bedreigings vir die welvaart van die plaas, soos natuurrampe en bedrieglike mense, die hoof moet bied (Coetzee, 1986:15; Van Coller, 2006:98). Ten spyte van die konflik wat hulle ervaar, volhard die boere in plaasromans en word hulle uitgebeeld as heldhaftige figure wat in staat is om tragedie te oorkom. Deur harde arbeid en die bloed, sweet en tranes van die boer en sy voorgeslagte, verkry hy eienaarskap van die land en graveer hy sy stamboom en bloedlyn diep in die grond.

Omdat die boer hom daaraan toewy om die voedingsbehoefte van sy gemeenskap te bevredig, verkry die plaaslandskap 'n hoogs simboliese en emotiewe surpluswaarde (Van Wyk Smith, 2001:18). Dit word verder versterk deur die geestelike loutering en innerlike groei wat die boer ervaar as gevolg van die uitdagings wat hy oorkom (Van Coller, 2003:54). Deur te fokus op die boer se eksistensiële ervaring van die plaas, word die plaas in die plaasroman deurdrenk van geestelike betekenis en die plaas word op sy beurt die hoeksteen van die boer se identiteit. Dit word ook deur Malvern van Wyk Smith (2001:17) onderstreep: “the plaasroman thematised the nexus of the ‘boer’ and his ‘plaas’ as a timeless icon of national and numinous identity, not only validating an unquestioned right to the land but expressing also the very soul of the Afrikaner being”. Dit wil sê dat die plaas in die plaasroman uitgebeeld word as die kern van Afrikaneridentiteit, en dat die twee as onderling afhanklik verweef word. Die plaas word

dus wat Sara Ahmed (2004:12), soos vroeër bespreek, 'n "object of love" noem, en konkretiseer as 'n soort lewende wese – in so 'n mate dat die ondergang daarvan as 'n soort lewende dood ervaar word.

In die Afrikaanse letterkunde word die plaas 'n objek waaraan spesifieke idees rondom liefde kleef juis vanweë die mag van die patriarg wat kan besluit wie in die binneruimte toegelaat word, en wie nie. Wenzel (2000:94) toon byvoorbeeld aan dat swart arbeid op die plaas 'n wesenlike uitdaging vir die voortbestaan van die mite van die idilliese Afrikanerplaas bied. Vir hierdie mitologie om in plek te bly moet swart arbeid na die kantlyn van die narratief geskuif of soms selfs heeltelmal ontken word. Verder word die waardes van die heteroseksuele familie-eenheid en die sogenaamde goedhartige patriarg wat oor hulle heers, in die plaasroman gevier.

Dit is in die lig van die bostaande bespreking oor die affektiewe rol van die plaas in die Afrikaanse literatuur wat die lesing van "Die bouval op Wilgerdal" vervolgens benader word. In ag genome die konteks waarin die verhaal geskryf is, is die metaforiese spoke wat affektief deur hierdie verhaal praat, deels gebore uit die terreur van die Afrikanernasionalistiese vestiging en uitbreiding van Afrikaneridentiteit. Wat grawe hierdie spoke op deur hul stilte(s) en deur hul gekerm? Is dit moontlik dat hulle die vrese opgrawe rondom die waardes, norme en oortuigings wat gebruik is om hierdie identiteit te smee? Of kan dit wees dat hulle die einste vrese waarop hierdie waardes, norme en oortuigings gebaseer is, oopvlek? Moontlik spreek hulle tot dit wat by die skrywer, en heel waarskynlik destyds die Afrikaner-samelewing, kon spook – die Afrikaner se onbestendige verhouding met die grond (veral in die vorm van die plaas) en die affekte (liefde, vrees, haat) wat vorm gee daaraan, betrokke is daarby en daardeur werk.

4. Die verqueering van die plaasruimte in "Die bouval op Wilgerdal"

Ek het vir die eerste keer as kind met "Die bouval op Wilgerdal" kennis gemaak en keer nou na die kortverhaal terug om te vra: "what does the ghost say as it speaks, barely, in the interstices of the visible and the invisible?" (Gordon, 2008:49). Hierdie storie gaan duidelik oor meer as net 'n eensame spook vasgevang in sy vervalle huis op sy mislukte plaas. Iets groter spook op en by Wilgerdal, die Van Graans, Langenhoven, en Afrikaners. Iets groter spook by my. Ek trek dus my veldskoene aan sodat ek nader kan kom aan die affektiwiteit van die landskap en die karakters, dit wat sigbaar is en dit wat skuil onder die oppervlak van die teks. Ek wil my queerheid, my posisie op die grense van binne en buite, inspan om skynbare afwesighede van nader te bekyk en my weg deur die teks te voel sodat ek met teerheid kan verstaan wat die *unheimliche* in die teks verrig. Ek begin waar Hendrik begin het: by die plaas.

Soortgelyk aan die plaas in die tipiese plaasroman, dien die plaas in "Die bouval op Wilgerdal" nie slegs as agtergrond vir die storie nie, maar ook as 'n neksus vir die identiteitsvorming van die meeste van die hoofkarakters. Die plaas as affektiewe omgewing reflekteer naamlik die karakters se affektiewe toestand. Die omgekeerde is ook waar. Wilgerdal verskil tog in sekere opsigte van die tipiese plaas van die plaasroman. In die verhaal is die plaas immers 'n prototipiese spookruimte (Van Graan, 2007:7). Die spookgegewe, en die *unheimliche* affektiewe uitwerking daarvan, het verder tot gevolg dat die Wilgerdalplaas verqueer word, soos in die onderstaande onderafdelings geargumenteer sal word. So ontwig die verhaal ook die logika van 'n feodale patriargie en die gepaardgaande tradisie van erfplating wat gereeld in Afrikaanse plaasromans ingeskryf is.

Die verteller, Hendrik Duiwenal, se eerste beskrywing van Wilgerdal en hoe dit skakel met affek verkeer die ideale visie van die plaas deur die idille en die verrottende oordadigheid van die plaas naas mekaar te stel. Met die eerste oogopslag lyk alles goed op die plaas. Hendrik beskryf dit as “die allerfraaiste plasie wat ’n mens se oog ooit kon begeer” (Langenhoven, 1972:20), en dit wil voorkom asof daar volop lewe op die plaas is:

’n Boord van reusagtige okkerneutbome langes die donkerder groen van ’n lemoengard; ander vrugtebome, perskes, amandels, appels, pere, appelkose, ’n paar kastanjes; ’n wingerd omhein met ’n kweperlaning aan twee kante en ’n vvelaning aan die oorkantse twee. Verder af strek landerye, afgekamp met mure en draadheininge. Deur ’n populierbos [...] raas ’n riviertjie niteenstaande die jaargety en die droogte. ’n Vaste voorraad water dus; en die lande lê gelyk en die grond is geil. Nog so ’n heerlike plasie sal jy ver deur die wêreld na soek en nie kry nie. (Langenhoven, 1972:20-21)

Die bostaande paragraaf roep die soort beskrywing van die natuur se oorfloed op wat dikwels in die Afrikaanse plaasnarratief voorkom. Hierdie idilliese beeld word egter kort daarna omvergewerp en, volgens die argument wat in hierdie artikel gevoer word, verkeer:

Alles lê verwaarloos en verlate asof daar in geen jare ’n mensehand aan die boerdery gesit was nie. Heininge en mure lê stukkend en omgeval; die wingerd groei met lang lote wild nes ’n rietbos; die vrugte val vrot-ryp van die bome af en die blare hang verlep van die droogte. Alles is van gras en onkruid ingeneem – ’n skone woesteny. [...] Tussen die bome deur sien ek die opstal en daaragter steek buitegeboue uit. Hulle lê merendeels in puin. Die woonhuis staan nog, maar vensters en deure is uit of hang stukkend. Hier en daar deur die rietdak kan jy binne die solder in sien. Die stoep is oorgroei met allerlei bosgasie. (Langenhoven, 1972:20-21)

Die manier waarop Langenhoven die plaas se landskap beskryf, is belangrik omdat dit die leser bewus maak van die onthutsende gevoelens wat Wilgerdal ontlok. Daar kan geargumenteer word dat Langenhoven uit die staanspoor gebruik maak van die queer tegniek wat José Esteban Muñoz (1999:47) “disidentification” noem: elemente van hoe die plaas gewoonlik in Afrikaanse literatuur figureer, word hergebruik en omvorm. In die prototipiese plaasroman, byvoorbeeld, word die plaas met simboliese spirituele betekenis gelaai. Deur gebruik te maak van affektiewe woorde in die beskrywing van die plaasruimte, omskep die verteller die landskap in ’n soort lewende wese wat kan voel (Van Coller, 2003:51; Koch, 2003:11). Hendrik verklap egter baie min oor sy eie affektiewe toestand buiten sy verbasing dat so ’n plaas in onbruik verval het. Hy noem geen emosies waarmee hy die landskap interpreteer nie. Hy plaas eerder die idilliese plaas, en die plaas in ’n verwoeste en verlate toestand, naas mekaar. Beelde van lewe en oorfloed word vervang met oorfloed wat verrot as gevolg van die afwesigheid van menslike lewe. Die teks skilder eers ’n idilliese landskap, maar verkeer dit dan met oordadige beskrywings van die verwoeste en verrotte toestand daarvan.

In *Tendencias* is Eve Kosofsky Sedgwick (1994) op soek na die verskeie betekenisse wat die woord “queer” kan hê. Vir haar verwys queer na “the open mesh of possibilities, gaps, overlaps, dissonances and resonances, lapses and excesses of meaning” (Sedgwick, 1994:7). Dit wil sê dat queerheid ook oomblikke in ’n teks kan aandui wanneer iets *unheimlich*, oordadig, en/of afwykend voorkom. Die doelbewuste oordadigheid van die beskrywing van die agteruitgang van Wilgerdal maak ’n queerlesing van die teks moontlik, aangesien dit afwyk

van die konvensionele betekenisse wat in Afrikaanse plaasnarratiewe aan die plaasruimte geheg word. In hierdie verband kan die verwoeste plaashuis byvoorbeeld gekoppel word aan en dien as 'n *unheimliche* weerspieëling van die ondergang van Petrus en Emmie se huwelik, die kern van wat hul Afrikanergesin sou wees, die daaropvolgende agteruitgang in Emmie se geestesgesondheid, en die verwoesting van die Van Graanbloedlyn. Dus, ten spyte daarvan dat daar geen affektiefgelaaide woorde is om dit te interpreteer nie, dra en weerspieël die landskap steeds die herinnering van alles wat daarmee en daarop gebeur het. As sodanig maak Langenhoven se verqueering van die landskap dit affektief “sticky” (Ahmed, 2004:11): die jukstaposisie tussen die idille en die verrottende oordad van die plaas ontlok beslis 'n affektiewe reaksie, maar die affekte wat vassteek (of “plak”) hang af van die leser se emosionele interpretasie. Hierdie oormaat laat ruimte vir die leser om die landskap affektief te interpreteer aan die hand van hul eie historiese assosiasies met die idilliese plaas wat nou in puin en oormatige verrotting lê. Op hierdie manier betrek Langenhoven die leser affektief en laat ons toe om as't ware met ons liggame deur die landskap te beweeg. So word ons ook betrokke by die *unheimliche* aard van die verhaal.

Afwesigheid en die unheimliche: die boer en Afrikanergesin se geestelike bedreiging

Hendrik se beskrywing van die plaas verkeer ook die ideale visie van die plaasruimte deurdat die plaas nie meer vir die boer en sy gesin 'n ruimte van geestelike loutering is nie, maar eerder geestelike bedreiging. Dit word vermag deur die fokus wat Hendrik se vertelling plaas op hoe die natuur die ruimte van die woonplek oorgeneem het. Die leser se aandag word gevestig op die afwesigheid van 'n boer en sy familie wat veronderstel is om die wildheid van die natuur deur hul arbeid te tem. Ongesteurd deur die hande van die boer hou die natuur steeds aan om vrugte en groente op te lewer. Die klem op die wildheid van die gewasse en die vervalde huis maak ons attent op die afwesigheid van iets wat eens daar was en nou weg is, wat bloot spore van teenwoordigheid agtergelaat het. Deurdat afwesigheid en teenwoordigheid, oorvloed en agteruitgang, lewe en dood byeenkom in die spookagtige spore van dit wat eens aanwesig was, word die setel van die Afrikanerfamilie-eenheid (die plaas en die tuiste) omvorm van 'n bekende ruimte na 'n spookagtige, *unheimliche* ruimte. In plaas van 'n ruimte waar die boer, soos in ander vroeë twintigste-eeuse Afrikaanse plaasnarratiewe beskryf, die natuur beheer en fisieke bedreigings trotseer en oorkom, is die Wilgerdalplaasruimte wat Hendrik beskryf 'n liminale ruimte van metafisiese bedreiging waar die boer en sy gesin deur die natuur en die bonatuurlike verdryf is. Hier is gevoelens van liefde vir die plaas as 'n ruimte van geestelike loutering vervleg met die onrus en versteuring wat die *unheimliche* teweegbring. Op Wilgerdal vind ons nie 'n Afrikanerhuis van 'n Afrikanergesin wat deur 'n goedaardige patriarg regeer word nie, maar eerder 'n verlate huis waarvan die gebreke vensters en deure enigiemand kan inlaat en wat die spookagtige en onheilspellende spore van 'n gebroke Afrikanerherkoms dra. Só gelees, gebruik Langenhoven se teks dus dié ruimte om die leser saam met die karakters affektief bewus te maak van en te betrek by dit wat blykbaar nie daar is nie, maar wat bly innemig met die kenmerke van die plaasruimte wat as vanselfsprekend aanvaar word.

Die immateriële en unheimliche hart van die plaas

Die wyse waarop Langenhoven se teks ruimte in die verhaal gebruik om die leser en Hendrik affektief dieper in die *unheimliche* aard van die verhaal in te trek, raak veral duidelik wanneer Hendrik Wilgerdal in die donkerste deel van die nag besoek om na die spook te luister en die

spookagtige in die gesig te staar. Die beskrywing van Hendrik se reis na en ervarings op die plaas word besonder affektief (sintuiglik en emosioneel) verwoord. Alhoewel die ruimte van die verhaal aanvanklik nie met emotiewe woorde beskryf word nie, ontlok dit op hierdie punt verskeie affekte by Hendrik. Tog neem die affektiewe reis nie soos in ander Afrikaanse narratiewe oor die plaas 'n geestelike betekenis aan nie, en die karakters ondergaan ook nie geestelike suiwering nie. Deur die leser en Hendrik se sintuie te betrek roep die plaas egter 'n *unheimliche*, bonatuurlike affektiewe omgewing op.

Hendrik se reis begin by die periferie van die plaas en soos hy dieper inwaarts na die hart van die plaas beweeg, gee hy al hoe meer beskrywings van die geluide en beelde wat hy ervaar. Byvoorbeeld: “En ek stap aan. Al agter my aan kom die voetstappe; nou en dan hoor ek iets teen die bossies skuur, een slag kraak 'n droë stokkie kort agter my op die grond” (Langenhoven, 1972:26). Tevore het hy nie die landskap affektief geïnterpreteer nie, maar nou het die beskrywings van die bosse, bome en maanlig wat hom omring 'n emotiewe lading:

Ek had mos gister die trekke van die plaas noukeurig waargeneem. 'n Drie-vierhonderd tree voor my kon ek die eikebome sien. Onder hulle donker skaduwees deur lê die opstal *helder* sigbaar in die maanskyn. [...] Agter my aan het ek 'n ander voetstap gehoor. Maar daar is niks te sien nie.

Rondom my staan die bossies *skoon* in die maanlig. Ek stap weer aan; dis weer so.

“Ek moet my regruk,” dog ek, “daardie storie van ou Freek het my senuwees aangetas”. (Langenhoven, 1972:26) (eie beklemtoning).

Om homself gerus te stel en sy vrees te tem, soek hy in sy omgewing na dinge wat vir hom herkenbaar is, sigbare bewyse van dit wat hy hoor, maar vind net helderheid en skoon bosse. Sy gebruik van die woorde “helder” en “skoon” is veral interessant omdat dit gewoonlik positiewe emosies soos klaarheid suggereer. Deur sulke beskrywings naas donkerte en bedreigende agtervolging te plaas, word eerder 'n *unheimliche* gevoel gesuggereer wat iets verkap van sy vrees. Die omgewing neem dus 'n affektiewe kwaliteit aan. Hendrik probeer homself kalmeer deur met homself te praat: “Ek moet my regruk, [...] daardie storie van Freek het my senuwees aangetas” (Langenhoven, 1972:26). Namate die geluide rondom hom toeneem, word sy woordkeuses meer en meer emotief.

Avery Gordon (2008:8) meen dat die ervaring van spokery kan dien as 'n manier waarop liggaamlik kennis gemaak kan word met wat in die verlede gebeur het en wat dalk steeds gebeur: “being haunted draws us affectively, sometimes against our will and always a bit magically, into the structure of feeling of a reality we come to experience, not as cold knowledge, but as a transformative recognition”. Na aanleiding hiervan meen ek dat die fantoomgeluide wat by Hendrik spook, daartoe aanleiding gee dat Hendrik en die leser op soortgelyke wyse affektief ingetrek word. Die verandering in Hendrik se emosies laat dit veral duidelik blyk: hy beskryf dat hy woedend is vir die “onsigbare en stemmelose ding wat [hom] vir die gek hou” (Langenhoven, 1972:27). Waar hy Wilgerdal tevore nie op affektiewe wyse ervaar of geïnterpreteer het nie, word dié ruimte nou *unheimlich* weens die beelde en klanke wat hy as bedreigend ervaar.

Wanneer hy sy geweer uithaal om die onsigbare, stemlose wese te skiet, lei die spook sy hand en geweer terug in sy sak in. Dit is sy eerste konkrete aanraking met die spook. Tot dusver is sy emosies veroorsaak deur sy interaksie met die omgewing, nie met die spook nie. Hierdie is ook die oomblik wanneer Hendrik se emosies verander van irritasie, senuweeagtigheid, en woede, na liggaamlike en diepgesette vrees: “En toe word ek bang, so bang dat ek koud en

lam word” (Langenhoven, 1972:27). Al probeer hy ontsnap, versper die spook sy pad. Voorheen het Hendrik woede, frustrasie en senuweeagtigheid ervaar omdat hy weens sy kontak met die omgewing gevoel het asof iemand hom agtervolg en bedreig. Hy het dus gevaar ver wag. Nou voel hy vrees. Hy ervaar die onsigbare wese as vreesaanjaend omdat hy weet dat die wese sy liggaam kan beïnvloed en van hom besit kan neem. Sara Ahmed (2004:64, haar kursivering) verduidelik die werking van vrees só: “fear works by establishing others as fearsome insofar as they *threaten to take the self in*.” Dit word duidelik dat Hendrik die wese as vreesaanjaend ervaar omdat die wese nou ’n bedreiging vir sy bestaan as ’n aparte entiteit kan inhou. Die oomblik wanneer Hendrik deur vrees verswelg word, kan die onsigbare teenwoordigheid sy liggaam beheer en “onder die dwang van ’n onweersaanbare krag” (Langenhoven, 1972:27) sy bewegings na die plaashuis rig. Hy word skynbaar beheer deur iets bonatuurliks en immaterieel wat in staat is om die materiële wêreld te beïnvloed. Hierdie bonatuurlike entiteit is verder ten nouste verweef met die ruimte van die verhaal: die plaas.

Hierdie immateriële en *unheimliche* aard van die bedreiging en die noue vervlegting daarvan met die plaasruimte is van deurslaggewende belang vir die wyse waarop Langenhoven se teks die plaasruimte verkeer. Soos ek reeds aangedui het, beeld Afrikaanse letterkunde gewoonlik die boer se belaaide en veelvlakkige verhouding met die plaas uit. Hy beskou dit terselfdertyd as sy huis wat hy moet bewaar en onderhou, en as ’n ruimte waarin hy voortdurend bedreig word, veral deur die moontlikheid van die verlies daarvan. Tog is dit wat hom bedreig gewoonlik sigbaar, materieel en ekstern. Hy word byvoorbeeld gekonfronteer met uiterste weersomstandighede of slinkse mense. In die geval van die Wilgerdalplaas is die bedreiging vir die plaas, daarenteen, nóg natuurlik nóg ekstern; dit is bonatuurlik, *unheimlich* en kom van binne die plaas. Dit blyk veral uit Hendrik se emosies in verband met die ruimte waarin die verhaal afspeel. Aangesien die wese sigself eers in die plaashuis onthul, word Hendrik se senuweeagtigheid, woede, en vrees duidelik nie gerig op ’n objek of ander bekende bedreigings nie. Sy gemoedstemming is eerder juis gevorm deur sy kontak met Wilgerdal, die ruimte van die verhaal, en die klanke van iets onbekend wat nader kom, die klank van iets wat in óf die tydelike óf ruimtelike sin (nie) in die hede, (nie) in die hier en nou is (nie). Dit wil sê dit is nie ’n spook wat die Wilgerdal plaas bedreig nie. Die spook is eerder ’n teken van ’n meer onheilspellende bedreiging, iets bonatuurlik wat uit die hart van die plaas voortvloei.

Die verqueering van die Afrikanerfamilieplaas en -huis: familiewaardes en gasvryheid

Die spookagtige teenwoordigheid, die krioelende afwesigheid, die luidrugtige stilte van Wilgerdal word inderdaad nie tussen die verwoeste en verrotte gewasse onthul nie, maar in die hart van die plaas: die Afrikanerfamiliehuis. Hierdie lesing van Langenhoven se kortverhaal verkeer die konvensionele patrone van ander vroeë twintigste eeuse Afrikaanse literêre tekste oor plase deur uit te wys dat die setel van die spookagtige in hierdie verhaal die Afrikanergesin se tuiste is. Die afleiding kan gemaak word dat Langenhoven moontlik gepoog het om die Afrikanergemeenskap van daardie tyd se familiewaardes te bevraagteken, en volgens die argumente in hierdie artikel, te verkeer. In hierdie huis onthul Langenhoven dat die donkerte van die Wilgerdalplaas iets veel meer sinister versluier as bloot ’n eensame spook in die huis.

Die verskille tussen die verwelkoming wat Hendrik by die Van Zyls ontvang en die verwelkoming by Wilgerdal, werp lig hierop. By Wilgerdal kry Hendrik nie ’n Afrikanerhuis vol van lewe soos Freek van Zyl s’n nie, maar eerder ’n prototipiese spookhuis, omgee van ’n gevoel van die *unheimliche*. Die Van Zyls ontvang hom met tipiese Afrikanergasvryheid: “Goeie liewe mense, hy en die tante en die kinders – twee groot seuns en ’n dogter – wat my

met 'n hartlike welkoms ontvang het en dadelik tuisgemaak het" (Langenhoven, 1972:21). Daarteenoor plaas die spook vir Hendrik slegs 'n stoel by die tafel wanneer hy by die Wilgerdaluus aankom. Daar is geen kos, geen interpersoonlike warmte, geen gasvryheid in die tradisionele sin van die woord nie. Die enkele gasvrye gebare word verweef met ongemak omdat dit deur 'n spook uitgeoefen word. Dit wil lyk asof Langenhoven die twee kontrasterende verwelkomings naas mekaar stel nes hy die idilliese visie van die plaas en die verwoesting daarvan naas mekaar gestel het.

Laasgenoemde teenaanligging queer die kulturele praktyk van gasvryheid deur dit onthutsend te maak. Dié (her)omskepping daarvan herdink gasvryheid deur die gasheer self voor te stel as onghuisves, onwelkom in sy eie liggaam. Die ontmoeting tussen Hendrik en die spook verqueer en herskryf die geënkodeerde boodskappe wat in die kulturele praktyk van gasvryheid ingebed is.

Gasvryheid vir die eensame spook-patriarg: die potensiaal van die omarming van spookagtigheid

Vanuit die skynbaar leë stoel oorkant Hendrik praat die geheimsinnige spook uiteindelik en openbaar dat hy Petrus is. Hy verduidelik dat hy geen begeerte het om vrees te veroorsaak deur by Wilgerdal te spook nie, maar dat hy bloot geregtigheid vir Emmie najaag. Hy vertel hoe hy op die dag van sy begrafnis by die voete van sy eie kis gestaan en kyk het hoe die venynige Frans sy liggaam oorgeneem het:

Net vir 'n halwe oomblik, [...], lig een van die ooglede so effentjies op; 'n venynige gryns sprei oor die lippe [...]. Ek sien dis Frans Rysselaar se gees wat van my liggaam besit geneem het. [...] Ek is magteloos. [...] Aan hierdie toneel van my afskeid [...] is ek gekluister. Ek kan nie hier weg nie; diegene wat hier kom, vlug van my. My liggaam met die valse siel wat daarin is, het ek hier weggewerk." (Langenhoven, 1972:31)

Petrus staan dus in kontras met die tipiese beeld van die goedaardige patriarg van die plaasnarratief, aangesien hy ontliggaam en magteloos is sonder enige familie of knegte om oor te heers en 'n ewige hulpelose gevangene is van die juiste plaas wat veronderstel was om sy rykdom te wees. Met verwysing na Derrida se *Spectres of Marx* voer Avery Gordon (2008:58) aan dat 'n spook 'n plek met vreemdheid belaa. In plaas daarvan dat die spook uitgedryf word, moet daar eerder met genade daarmee omgegaan word deur 'n gasvrye herinnering aan te bied in 'n poging om geregtigheid vir die spook te laat geskied. Gordon (2008:58) verduidelik dat 'n mens nie bang moet wees nie, maar eerder ontvanklik vir en verwelkomend teenoor die spookagtige, selfs al belaa dit intieme ruimtes met vreemdheid. Op hierdie manier kan die spookagtige toegelaat word om ons te help om die ongeregtigheid in te sien wat in die eerste plek aanleiding gegee het tot die spookagtigheid se teenwoordigheid. Deur 'n gasvrye herinnering te bied beteken nie noodwendig dat die ongeregtigheid van die verlede reggestel word nie aangesien dit tot 'n groot mate onmoontlik is. Met verwysing na Walter Benjamin meen Gordon (2008:64-66) eerder dat hierdie manier van omgaan met spookagtigheid laat blyk hoe die (ongeregtigheid van die) verlede steeds teenwoordig is in die hede en dat ons met sodanige gasvryheid kan voorkom dat dieselfde soort ongeregtigheid voortbestaan. Aangesien Petrus losgemaak is van sy tuiste, sy eie liggaam, kan hy aan Hendrik geen gasvryheid bied nie. Petrus maak dit egter duidelik dat Hendrik wel die opsie het om aan Petrus gasvryheid te betuig en vir hom 'n gasvrye herinnering te bied, indien hy besorg is oor geregtigheid. Deur Wilgerdal te koop en Emmie na Petrus te bring, is dit moontlik vir Hendrik

om geregtigheid aan Petrus en sy geliefde, Emmie, te laat geskied sonder om die spookagtige uit te dryf.

Ontwrigting van die Afrikanerbloedlyn en die Afrikaner se verbintenis aan die grond: Die omverwerping van heteroreproduktiewe toekomstigheid

Gelees aan die hand van Gordon se insigte, onthul die ontmoeting tussen Petrus en Hendrik dit wat, na my mening, eintlik by Wilgerdal spook, naamlik die ontwrigting van die Van Graanfamiliebloedlyn en die gepaardgaande verlies van die bloedlyn se verbintenis met die grond. Deurdat Frans Petrus se liggaam oorgeneem het, het hy hom verdoemend omskep in 'n spook wat vasgeketting is aan die huis wat die hart van Petrus se familie en florerende plaas sou kon wees. Selfs al sou die Van Graanbloedlyn dalk deur Frans in Petrus se liggaam voortgesit word, sal daardie bloedlyn steeds nie eienaarskap van die plaas kan neem nie omdat Frans die plaas verkoop het. Al sou hulle die Van Graan-naam dra, sal hulle steeds nie werklik Petrus se kinders wees nie en dus geen verbintenis met hom behou nie. Die plaasruimte in “Die bouval op Wilgerdal” is uiteindelik nie 'n plek van geestelike suiwering vir die boer nie, maar eerder 'n plek van gevangenis waar hy gedoem is om die ontwrigting van sy bloedlyn en die verlies van daardie bloedlyn se verbintenis met die grond vir ewig te betreur.

Die feit dat Petrus se spookagtigheid veroorsaak dat sy bloedlyn ontwrig word, werk teen die teleologiese drang van heteroreproduktiewe toekomstigheid. Die konvensionele heteronormatiewe ideale wat die Afrikanerfamilie beliggaam, tesame met die ideaal van die patriarg as hoof van die familie, word sodoende verkeer. Heteroreproduktiewe toekomstigheid, Lee Edelman (2004) se “reproductive futurity”, verwys na die wyse waarop heteronormatieweities polities ingestel is op die idee van en strewe na 'n beter toekoms ter wille van die denkbeeldige figuur van die kind en ten koste van die lewens en vryhede van individue in die hede. Eerstens hou dit reproduktiewe vorme van begeerte voor as die ideaal, aangesien ander vorme nie kinders kan produseer nie. Tweedens bevoorreg dit 'n heteronormatiewe toekoms wat queer mense uitsluit. Derdens onderhou dit die huidige sosiale orde. Azille Coetzee (2021:104) argumenteer dat heteroreproduktiewe toekomstigheid in die Afrikanerkonteks daarvoor verantwoordelik is dat witheid onderhou word aangesien dit die Afrikaner se verbintenis aan en besit van die grond onderhou. In die tradisionele plaasroman word die boer se verbintenis aan sy grond, en die voortsetting van sy bloedlyn om eienaarskap van die grond vir die Afrikanerfamilie te behou, as 'n kernaspek van Afrikaneridentiteit uitgebou. In dié kortverhaal staan die saak egter so: in stede daarvan dat die boer se nageslagte verbind is aan die grond, en so sy eie verbintenis met die grond deur eienaarskap voortsit, sal slegs hý op 'n spookagtige wyse daaraan verbind bly. Deur die plaas uit te beeld as 'n ewige tronk vir die spookboer, werp die verhaal lig op die Afrikanerboer se vertroebelde en onbestendige verhouding met die plaas. Só word die sentraliteit van grondeienaarskap in Afrikaneridentiteit ook omvergewerp. Om Petrus se lot só te lees, onderstreep die potensiele queerheid van “Die bouval op Wilgerdal”.

Die queerheid van dié spokery raak veral duidelik wanneer die plaas uiteindelik deur Emmie gerestoureer word. Die patriarg se pligte word oorgeneem deur 'n matriarg wat daarby begeerte en liefde nastreef wat nooit reproduktief sal kan wees nie. Sy behou die plaashuis as tuiste vir haar en Petrus alleen, en bou 'n aparte huis vir gaste. Niemand behalwe sy en haar spookgeliefde gaan ooit in die plaashuis in nie. Die Afrikanerfamiliehuis huisves dus op die ou end nie die Afrikanergesin nie, maar eerder 'n spook en sy lewende vrou. Die spokery op Wilgerdal word ook nie opgelos nie. Die verhaal behou eerder die liminale spanning van 'n spooknarratief: die spook van Petrus gaan nie oor na 'n plek van rus nie, maar bly by sy geliefde

agter. Aan die einde van die verhaal kies Emmie om haar dae op die plaas uit te leef sonder om met iemand anders te trou en kinders te kry. Terwyl haar keuse gemotiveer is deur haar (heteroseksuele) liefde vir Petrus kan dit tog gelees word as 'n queer soort liefde. As 'n lewende mens het sy nie 'n man van vlees en bloed lief nie maar eerder 'n spook, 'n wese wat die kategorieë tussen teenwoordigheid en afwesigheid, lewe en dood, die natuurlike en die bonatuurlik laat vervaag. Sy herstel ook nie die bloedlyn deur 'n erfgenaam voort te bring aan wie die plaas oorgedra kan word nie. Die bloedlyn sal nooit herstel kan word nie. Die vraag rakende wat van die plaas gaan word, bly onbeantwoord. Op dié wyse verkeer die verhaal die konstruksie van Afrikaneridentiteit rondom die patriargale hiërargie en die gepaardgaande aandrang op die erflating van die plaas. Die queer spokery laat sodoende een van die belangrikste doelstellings van heteronormatiewiteit en die gepaardgaande heteroreproduktiewe toekomstigheid misluk.

Wat Petrus en Emmie se lot ook onderstreep, is dat geeste nie tot die verlede verban kan word nie. Spokery kan nie ingeperk en netjies in die stowwerige laaie van die geskiedenis toegesluit word nie. Spoke keer aanhoudend terug. Die vrese in die verhaal oor die voortbestaan van die Afrikanerfamilie en Afrikanerbesit van die grond keer terug en duur voort. Van die mees prominente en suksesvolle gruwelfilms en -reekse oor Afrikaners is hoofsaaklik gemoeid met Afrikanergesinne, bonatuurlike bedreigings vir hul voortbestaan en/of bedreigings vir hul eienaarskap van die grond.¹ 'n Liefdesverhaal en ander (mislukte) familieverhoudings staan ook gereeld sentraal in dié verhale. Wat die hedendaagse oomblik aanhou openbaar, is dat dieselfde spoke wat 'n honderd jaar terug by Langenhoven en die samelewing waarvan hy deel was gespook het, steeds by Afrikaners vandag bly spook. Dit ontlok vrae soos: Wie en wat word deur heteroreproduktiewe toekomstigheid uit die Afrikanergesin en groter gemeenskap uitgesluit? Wat is die implikasies daarvan vir die behoud van wit mag en heteronormatiewe ideale? Die queerheid van die verhaal spoor ons dus aan om ook in die hede na te dink oor en te reken met die sentraliteit van die heteronormatiewe Afrikanergesin en grondeienaarskap in Afrikaneridentiteit.

5. Gevolgtrekking

Deur Hendrik se kontak met die ruimtes in die verhaal te lees vanuit 'n queer invalshoek wat ingestel is op die affektiewe, word Langenhoven se gebruik van ruimte om 'n onthutsende (*unheimliche*) affektiewe atmosfeer te skep, belig. Voorts maak dié invalshoek dit moontlik om Langenhoven se uitbeelding van die plaasruimte in hierdie kortverhaal te lees as 'n omverwerping van die konvensionele plaasnarratief omdat die bron van die bedreiging van die plaas intern en bonatuurlik gemaak word. Deur die *unheimliche* aard van die plaas só te beklemtoon, word die Afrikaner se vertroebelde en onbestendige verhouding met die plaasruimte blootgelê. 'n Queerlesing van “Die bouval op Wilgerdal” het die potensiaal om Afrikaners te konfronteer met die implikasies van die destydse familiewaardes en die ideologieë van die Afrikanersamelewing. Die storie kan gelees word as 'n uitbeelding van hoe dít wat die Afrikaner en die plaas bedreig, nie ekstern daaraan is, soos wat in die plaasroman gesuggereer word nie, maar dat die bedreiging eintlik intern is, gegrond in die heteronormatiewe en patriargale waardes wat deur die plaasroman voorgestaan word. Hierdie afleiding kan gemaak word deur te verwys na hoe die heteronormatiewe kodes van die plaas hervorm word

¹ Byvoorbeeld *The Lullaby* (2017), 8: *A South African Horror Story* (2019), DAM (2021), en *Donkerbos* (2022-2023).

deurdat Langenhoven die spoke daarvan te voorskyn roep. Die logika van die uitbeelding van die plaas in die Afrikaanse letterkunde word ontwig deur 'n affektiewe omgewing van vrees en ang, dood en ondergang, beknelling en gevangenskap te skep, met die gevolg dat Langenhoven se verhaal die ideale beeld van die plaas versteur. Voorts ondermyn die verhaal die stelsel van feodale patriargie waarop die plaas in Afrikaanse plaasnarratiewe gereeld gebou is, wanneer die plaas vernuwe word deur 'n vrou wat ook geen erfgename voortbring nie. 'n Queerlesing van "Die bouval op Wilgerdal" soos die een wat in hierdie artikel uitgevoer is, nooi die Afrikanerleser uit om saam te leef met en 'n ruimte van gasvrye herinnering te verskaf aan die spoke wat Afrikanerhuise en -plase steeds bevolk.

BIBLIOGRAFIE

- 8: *A South African Horror Story* [film]. 2019. Harold Holscher. Kaapstad: Man Makes A Picture Production.
- Ahmed, S. 2004. *The Cultural Politics of Emotion*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Ahmed, S. 2006. *Queer Phenomenology*. Durham: Duke University Press.
- Björklund, J. 2018. Queer readings / reading the queer. *Lambda nordica*, 1-2:7-15.
- Björklund, J & Lonngren, AS. 2020. Now You See It, Now You Don't: Queer Reading Strategies, Swedish Literature, and Historical (In)visibility. *Scandinavian studies*, 92(2):196–228. DOI: 10.5406/scanstud.92.2.0196.
- Bourseul, V. 2010. The "uncanny" and the queer experience. *Recherches en psychanalyse*, 10(2):242a-250a. DOI: 10.3917/rep.010.0063.
- Coetzee, A. 2021. Afrikaner nationalism and the light side of the colonial/modern gender system: understanding white patriarchy as colonial race technology. *Feminist review*, 129(1):93-108. DOI: 10.1177/01417789211041677.
- Coetzee, JM. 1986. Farm Novel and "Plaasroman" in South Africa. *English in Africa*, 13(2):1-19.
- Coetzee, JM. 1988. *White Writing: On the Culture of Letters in South Africa*. London: Yale University Press.
- DAM [reeks]. 2021. Alex Yazbeck. Kaapstad: Picture Tree.
- Die Spreeus [reeks]. 2019. Jaco Bouwer. Kaapstad: Marche Media.
- Donkerbos [reeks]. 2022. Nico Scheepers. Kaapstad: Nagvlug Films.
- Edelman, L. 2004. *No Future: Queer Theory and the Death Drive*. London: Duke University Press.
- Gordon, A. 2008. *Ghostly matters: haunting and the sociological imagination*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Highmore, B. 2010. Bitter after Taste: Affect, Food, and Social Aesthetics. In M. Gregg & GJ Seigworth (eds). *The Affect Theory Reader*. London: Duke University Press, pp. 118-137.
- Jenzen, O. 2007. The Queer Uncanny. *eSharp*, Spring(9).
- Kapoor, I. 2015. The queer Third World. *Third world quarterly*, 36(9):1611-1628. DOI: 10.1080/01436597.2015.1058148.
- Koch, J. 2003. "Die wêreld se toomlose onderstebokeer-passie" – die boerehuis, arbeid en etniese mobilisasie in *Bywoners* (1919) van Jochem van Bruggen. *Acta academica*, 35(3):1-25.
- Langenhoven, CJ. 1972. *Versamelde Werke Deel 3*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Malherbe, DF. 1926. *Die meulenaar*. Kaapstad: Tafelberg.
- Mitchell, WJT. 1994. *Landscape and power*. Chicago, Ill: University of Chicago Press.
- Muñoz, JE. 1999. *Disidentifications: queers of color and the performance of politics*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Sedgwick, EK. 1994. *Tendencies*. London: Routledge.
- Tatar, MM. 1981. The Houses of Fiction: Toward a Definition of the Uncanny. *Comparative literature*, 33(2):167–182. DOI: 10.2307/1770438.
- The Lullaby* [film]. 2017. Darrel Roodt. Centurion: Phoenix Films.
- Van Coller, HP. 2003. Die gesprek tussen C.M. van den Heever se werk en enkele moderne Suid-Afrikaanse romans. *Literator*, 24(1):49-68.

- Van Coller, HP. 2005. Revisiting the canon and the literary tradition: A South African case study. *Journal of literary studies*, 21(1-2):29-47.
- Van Coller, HP. 2006. Die representasie van plaas, dorp en stad in die Afrikaanse prosa. *Stilet*, 18(1):90-121.
- Van den Heever, CM. 1933. *Groei*. Pretoria: Van Schaik.
- Van den Heever, CM. 1935. *Somer*. Pretoria: Van Schaik.
- Van den Heever, CM. 1939. *Laat vrugte*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Van Graan, M. 2008. Die rol van ruimte in Afrikaanse spookstories. Ongepubliseerde doktorsale verhandeling. Potchefstroom: Noordwes Universiteit [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://hdl.handle.net/10394/1898>
- Van Wyk Smith, M. 2001. From Boereplaas to Metamyth: The farm from Thomas Pringle to J.M. Coetzee. In C.N. Van der Merwe (ed.). *Strangely Familiar: South African Narratives in Town & Countryside*. Stellenbosch: Contentlot.com, pp. 17-36.
- Viljoen, Louise. 1998. Plek, landskap en postkolonialisme in twee Afrikaanse romans: AHM Scholtz, Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach, *Stilet*, 10:73-92.
- Viljoen, Louise. 2009. *Ons ongehoorde soort: beskouings oor die werk van Antjie Krog*. 1ste uitgawe. Stellenbosch: Sun Press.
- Wenzel, J. 2000. The pastoral promise and the political imperative: the "plaasroman" tradition in an era of land reform. *Modern fiction studies*, 46(1):90-113.

Lynthia Julius: Onderhoud Ontlaering 2021



Lynthia Julius

LYNTHIA JULIUS is gebore in Springbok. Sy word groot in Kimberley en behaal haar BA (hons) in Filosofie en MA in Kreatiewe Skryfkuns aan die Universiteit van die Vrystaat. Sy ontvang die Jan Rabie-Marjorie Wallace-skrywersbeurs vir 2024. Haar debuutbundel *Uit die Kroes* (2020) word opgevolg deur *Kinderlê* (2024).

Lynthia Julius (LJ) het haar in die afgelope paar jaar gevestig as een van die vooraanstaande opkomende stemme in die Afrikaanse poësie. Sedert die publikasie van haar debuutbundel, *Uit die Kroes* (2020), het sy erkenning gekry vir haar eerlike en kragtige vertellings wat die Noord-Kaapse landskap, taal, en identiteit verweef. In 2023 het sy haar tweede bundel, *Kinderlê*, gepubliseer, wat haar digtersloopbaan verder versterk en bevestig. Hierdie e-posonderhoud dateer uit Oktober 2023 en bied 'n blik op haar skrywersreis, kreatiewe proses, en toekomsplanne as digter en akademikus. **Mathilda Smit** (MS) het die vrae gestel.

MS: Lynthia, baie dankie dat ek namens die Ontlaeringspan vir jou 'n paar vrae kan vra na aanleiding van jou betrokkenheid by die laaste (aanlyn) Ontlaeringgeleentheid wat in April 2021 plaasgevind het. Jy het destyds van jou gedigte voorgelees en ons kon die kongres só suksesvol en poëties afsluit. Dankie daarvoor. Die tema van die kongres was "Geworteldheid: Die onderrig van Afrikaans in spesifieke ruimtes." Jy word veral gekenmerk as digter vanuit die Noord-Kaap. Hoe beïnvloed jou geografiese omgewing jou taal en spesifiek jou tipe Afrikaans? En in watter mate voel jy geworteld in Afrikaans?

LJ: Iemand het eenkeer vir my gesê my skryfwerk se krag lê in waar ek vandaan kom. Dit was lank voor ek gepubliseer het en ek sien al hoe meer hoe waar dit is. My wortels lê in die Noord-Kaap en daar kan nie 'n Noord-Kaap wees sonder Afrikaans nie.

MS: Waarmee het jy jousef sedertdien besig gehou? Jy het genoem dat jy besig is met jou MA in Kreatiewe Skryfkuns aan die Universiteit van die Vrystaat. Hoe vorder jou studie en waarna kan ons uitsien wat eersdaags gepubliseer word?

LJ: Ek het vir MA gekry, maar my ma se hoogtepunt van die dag van die gradeplegtigheid was dat my woonstel skoon was. Daar kom nog 'n bundel. Maar dis nou nog herskryf en herskryf en oor skryf. *Uit die Kroes* was baie makliker. Tweede kjeeners is probleme.

MS: Hoe was jou ervaring van die skryfproses anders ná jou akademiese opleiding in kreatiewe skryf? Voel jy dat jou tweede bundel anders aangepak is? Gesels 'n bietjie meer oor hoe jou perspektief op die kreatiewe proses verander het.

LJ: By wie die akademiese opleiding was, is vir my belangrik. Prof. Henning Pieterse en dr. Francois Smith gaan jou nie laat wegkom met swak werk nie. Jy sal twee jaar lank 'n tipe versvorm skryf tot jy hom regkry. Jy sit in daai klasse, partykeer met jou hande in jou hare en jy leer weer en weer om respek te hê vir skryf, die skryfproses en woorde. Ek skryf nie meer soos ek geskryf het voor ek my MA by Kovsies gedoen het nie.

MS: Wat lees jy tans en watter jong skrywers maak jou opgewonde in Afrikaans? Hoe dink jy kan daar meer gedoen word om veral niestandaardvariëteite van Afrikaans in die literêre wêreld te omarm? Ek dink byvoorbeeld aan jou betrokkenheid by die Poort-slypskool. ('n Voëltjie het ook in my oor gefluister oor 'n projek by die ATKV. Mag jy al iets daaroor sê?)

LJ: Ek en my nefie lees tans Marius se merkwaardige medisyne deur Roald Dahl. Hy is graad een en het die jaar leer lees. Dis magic om te sien hoe die ou sit klank tot hy die woord kan lees. Alle jong skrywers maak my opgewonde. Ek dink tog Jerome Coetzee is op die oomblik “de life of de party” in Afrikaans. Ons kan begin deur keurders te kry wat niestandaardvariëteite praat of verstaan. Dit sal 'n begin wees. Yes, daar is 'n projek by ATKV, maar die mense moet *Taalgenoot* lees om te sien oor wat dit gaan.

MS: Die omgewing waarin jy grootgeword het is die Noord-Kaap. Tot watter mate het die omgewing en die spesifieke Noord-Kaapse Afrikaans jou skryfwerk beïnvloed? En dink jy dat mens jou menswees en taalidentiteit met mekaar kan skei of is dit onlosmaaklik verbind?

LJ: Ek kan nie ek wees sonder Gariëp-Afrikaans nie. Dis onlosmaaklik deel van my. Dis wat die mense wat ek die liefste het, praat. My ma sê nou die dag vir my die mense by die kliniek in Namakwaland sê vir haar die dag wat die mense SASSA pay is “Boesmankrismus”. 'n Kuns op sy eie.

MS: Jy skryf ook krities oor jou en jou mense se geskiedenis. Die Nama-invloed word ook op talige vlak in jou werk bemerk. Alhoewel jy nie wegsgram vir kritiek vanuit die dekoloniserende Weste nie, voel jy dat daar 'n balans is in die manier waarop jy jouself in die wêreld oriënteer? Dus as tipe tussenganger met Westerse filosofiese gedagtes op Afrika-bodem?

LJ: Jy vra moeilike vrae. Ek voel daar moet 'n balans wees. Ek dink byvoorbeeld nou aan die gedig “Die intellektualisme van goed” in *Uit die Kroes*. Ek het in die Filosofie-klas gesit en ek was so homesick vir die Noord-Kaap en haar mense. Toe sit ek juis as tussenganger in daai klas, maar die werk wat gekom het was oor die provinsie wat ek lief het.

MS: Wat dink jy oor die posisie van Afrikaans? Hoe sien jy die toekoms van die taal en waar dink jy kan die Afrikaanse literêre establishment verder die sogenaamde “laer” deurbreek? Waar dink jy is nog werk te verrig? Voel jy jouself tuis in die akademie? En dan spesifiek die Afrikaanse letterkunde?

LJ: Ek weet definitief dat Afrikaans nêrens gaan nie. In 'n Beyoncé-liedjie sing sy: “The only way to go is up” en dis die geval met Afrikaans. Ek kom terug na die uitgewersproses en keurders. Ons moet plek maak vir alle variëteite van Afrikaans. As DJ Opperman dig “oupa

het 'n fark gery" da moet ek loop opsoek wat dit beteken, maar as ek in Gariep-Afrikaans 'n ding skryf da word daar 'n verduideliking vermag sodat die leser moet verstaan.

Die akademie is 'n vreemde plek. Da voel ek tuis, da voel ek nie tuis nie. Ek is lief vir Afrikaanse letterkunde. Ek het self sinke loop haal en 'n sinkhuis vir my in haar opgesit.

MS: Jou debuutwerk Uit die Kroes (2020) het verskeie kortlyste van bekronings / literêre pryse behaal. Wat dink jy van literêre pryse en hoe belangrik is dit vir jong digters om só erkenning te ontvang? Dink jy daar is waarde in hierdie pryse? Of moet mens nie probeer om subjektiewe kuns só te beoordeel nie?

LJ: Die tjeld is altyd welkom. My gunsteling kleur is tjeld, maar as jy skryf vir pryse en erkenning gaan jy lelik tweede kom. Ek het by die slimste man wat ek ken, geleer: "'n Prys is so goed soos daai komitee wat dit daai dag aan jou toeken."

MS: Ervaar jy ná die sukses van Uit die kroes (2020) druk met die skryf van jou tweede bundel? Is daar spesifiek temas wat jy bly oopskryf? Of voel jy dat die volgende bundel heeltemal wegbreek van jou debuut wat tematiek aanbetref? Het jy dalk al 'n titel wat jy met ons kan deel?

LJ: Ek ervaar nou nog druk met die tweede bundel. Ek sien nooit die temas in my werk self raak nie. Tog weet ek daar is nog steeds baie Noord-Kaap. Ek dink die tweede bundel is baie anders as *Uit die Kroes*. Maar wat weet ek nou? Elke ma dink sy donkie is 'n resiesperd.

MS: Jou werk bevat verskeie teoretiese uitgangspunte, soos die Feminisme, dekolonisering en 'n identiteitsvorming, sowel as die problematisering van die geskiedenis.

Tot watter mate het die spesialiteitsvelde van ander vakrigtings jou digwerk beïnvloed? Ek dink byvoorbeeld aan jou nagraadse Filosofie-opleiding. Is 'n teoretiese "raamwerk" iets wat jy in gedagte hou tydens kreatiewe skryf? Of word hierdie "rame" eerder later "toevallig" toegepas?

LJ: Ek dink dit wat ek lees en leer het 'n invloed op my werk, maar ek hou nie 'n teoretiese raamwerk wanneer ek kreatief skryf nie. Daai rame word toevallig toegepas wanneer die slimmes jou werk lees en die teoretiese uitgangspunte noem.

MS: Jou werk bevat sterk feministiese strekkings en die interseksionaliteit waar geslag en velkleur met mekaar verbind word. Vertel 'n bietjie van die sterk vroue wat jou grootgemaak het en die sterk vroue wat jou vandag nog inspireer.

LJ: Die sterk vrouens wat my grootgemaak het, het nie wagte voor hulle monde nie. Ek dink dis iets gorgeous van anties. Hoe ouer hulle word, hoe minder filters het hulle en dis iets waarna ek uitsien as ek ouer word. Ek is met eerlikheid grootgemaak. Jy sê wat jy dink en jy bak nie mooi broodjies nie. Jy sal hoor jy het 'n "groot gesig soos 'n dansvloer" of 'n "groot kont soos 'n wasklip" en jy kan niks daaraan doen nie. Eendag as ek groot is, gaan ek ook so 'n eerlikheid in my het.

MS: Antjie Krog se digterlike invloed word ook duidelik waargeneem. Ek dink maar byvoorbeeld aan jou gedig "Kleur kom tog alleen" wat inspeel op Krog se bundel Kleur kom nooit alleen nie (2000) Het jy enige ander vroulike digterlike ghoeroes?

LJ: Kyk, daar is niemand soos Krog (in Afrikaans) nie en in Engels is Sylvia Plath my ster. Maar ek lees so breed soos wat ek kan. Ek kom weer gisteraand op “Die moeder” van Elisabeth Eybers af, jirre, daai vrou het gedig.

MS: Jy het onlangs saam met die digter/aktrise/spoken word kunstenaar Veronique Jephthas aan ’n drama gewerk, “My kroon se krank”. Die poësie (uit haar debuutbundel Soe rond ommie bos (2021) het as wegspringplek gewerk om die drie vroulike karakters treffend uit te beeld. Tinnarie van Wyk Loots het die regie behartig. Dit het speelyd by onder andere die Vrystaat Kunstefees gehad en is nou eersdaags by die Woordfees te sien. Vertel ’n bietjie van die proses in die verwerking van gedigte na die verhoog. Waarop het jy gefokus en wat was spesifiek uitdagings?

Is daar enige ander sulke tipe projekte op die horison?

LJ: Veronique het vir my ’n draft gestuur en toe bou ek op dit. Dis iets heeltemal anders om jou woorde so lewendig op ’n verhoog te sien. Veronique het in die Wes-Kaap gesit en ek in die Noord-Kaap, maar ons het geweet waantoe ons op pad was. Dit was bietjie intimiderend om nou ’n drama aan te vat wat jy nog nooit probeer skryf het nie, maar ek dink ons het mekaar vertrou en ons het *My kroon se krank* klaar geskryf voor ons mekaar in lewende lywe ontmoet het.

Daar is nie nou eers nog sulke tipe projekte op die horison nie.

MS: Die temas van vrouwees, geslagsgebaseerde geweld en bruin identiteit staan voorop in beide jou en Veronique Jephthas se werk.

Tot watter mate leen julle gedigte hulle vir die verhoog? Dink jy daar is iets te sê vir die tipe gedigte wat op ’n podium kan werk?

LJ: Ek het nog nooit gedink my gedigte sal werk vir die podium nie, maar dis lekker om by jouself te kon steel en dit in die drama te sit. Drama werk soveel anders as alleen sit skryf en ’n boek publiseer. Ek dink die gedigte het hulle geleen, van hulle het geweet daar is belangrike werk om gedoen te word.

MS: Veronique word beskryf as ’n “spoken word poet”. Eien jy jouself ook as podiumdigter? Of skryf jy glad nie met die verhoog in gedagte nie?

LJ: Ek sien nie myself as ’n podiumdigter nie. Ek skryf glad nie met die verhoog in gedagte nie. Eintlik is ek baie skaam en bang vir ’n verhoog.

MS: By die onlangse ALV-kongres in Gqeberha (Augustus 2023) het daar weer vroe rondom identiteit, taalvariëteit en velkleur opgekom. Daar word toe weer opgemerk dat jy op jou Facebook-profiel ’n plakkaat ophou wat lees: “Ek is nie ’n bruin digter nie”.

Dalk kan jy in jou eie woorde gesels oor hoekom hierdie stelling steeds nodig is en hoekom jy besluit om so op ’n publieke platform grense (of laers) te deurbreek?

LJ: Ek praat nie meer oor my profile pic op Facebook nie.

MS: Lynthia, is jy bereid om ’n nuwe gedig hier met ons te deel? Net as lusmakertjie vir jou tweede bundel waarna ons so uitsien. Baie dankie!

Iemand het eenkeer vir my suster gesê: “Ek want, maar ek kan nie” en ek sê ook nou so. Die gedigte gaan nou redigeerder toe en ek weet hulle gaan anders lyk as ons klaar is.

Baie dankie vir die geleentheid!

Pieter Odendaal: Onderhoud Ontlaering 2021



Pieter Odendaal

DR. PIETER ODENDAAL is 'n digter, dramaturg, vertaler en Skryfkuns-dosent aan die NWU. Sy debuutbundel, *asof geen berge ooit hier gewoon het nie* (Tafelberg), is met die 2019 Ingrid Jonkerprys bekroon. In 2024 het Odendaal se tweede bundel, *Ontaard*, die Eugène Maraisprys en die NIHSS Toekenning vir Poësie gewen, en sy toneelstuk *Droomwerk* is vir die Hertzogprys vir Drama genomineer. Odendaal is ook as een van die Mail & Guardian se 200 Young South Africans aangewys.

In Oktober 2023 het ek, **Mathilda Smit** (MS) die geleentheid gehad om met **Pieter Odendaal** (PO) te gesels na aanleiding van sy betrokkenheid by die laaste Ontlaeringkongres. Sedertdien het hy nog groter naam gemaak met die sukses van sy tweede digbundel, *Ontaard* wat in 2024 die Eugène Maraisprys en die NIHSS Toekenning vir Poësie ontvang het. Boonop is sy toneelstuk *Droomwerk* genomineer vir die Hertzogprys vir Drama in 2024.

MS: Pieter, dit is vir my 'n groot voorreg om met jou hierdie onderhoud te voer na aanleiding van jou betrokkenheid by die laaste (aanlyn) Ontlaering-geleentheid in April 2021. Jy het ons destyds nog vanuit Peru met jou voorlesing vermaak.

Die tema van die kongres was “Geworteldheid: die onderrig van Afrikaans in spesifieke ruimtes”. Op watter manier voel jy “geworteld” in Afrikaans? En hoe (indien enigsins) beïnvloed die geografiese plek waar jy jouself bevind (Suid-Afrika, Australië, Peru) jou idee van die taal?

PO: Ek het nog altyd 'n gekompliseerde verhouding met Afrikaans gehad. Dis die taal waarin ek droom en bid, en ook die taal wat gebruik is om mense sistematies uit te sluit en te onderdruk. As ek elders as Suid-Afrika is, is daar 'n vreeslike gemis na Afrikaans, en in Suid-Afrika dikwels 'n weersin in hoe sommige Afrikaanssprekendes hulself in hierdie gedeelde land gedra. Maar ek kan en wil dit nie prysgee nie, ek voel ontwortel daarsonder. Sommige stories moet juis in Afrikaans geskryf word, om Afrikaans óóp en anders te skryf, om te help om die diep wonde te versorg.

MS: Dink jy dat 'n konsep soos “ontlaering” steeds in die Suid-Afrikaanse, Afrikaanse taalgemeenskap ondersoek behoort te word? Op watter maniere dink jy kan Afrikaanse letterkunde onderrig meer inklusief wees en dus wegbreek uit 'n laer? (Verl in ag genome die demografie van meeste Afrikaans departemente?)

PO: Ongetwyfeld, ja. Daar is nog baie werk wat voorlê, en die gevaar van tokenistiese insluiting bly groei. Die Afrikaans 100-veldtog is 'n relevante voorbeeld. Die sistemiese transformasie van die taal, die manier hoe dit op alle opvoedkundige vlakke onderrig word, die boeke wat gepubliseer word, tekste wat opgevoer en verfilm word, moet alles onder die loep kom. Ek dink ook die idee van “laertrek” strek verder as bloot die taal, dit is 'n kulturele en geografiese werklikheid oral in ons land (waar bevoorregtes hulself agter estate-hekke isoleer). As ons 'n toekoms in hierdie land wil verbeel, moet dit saam met mense wees wat nie dieselfde tale as ons praat nie, nie dieselfde agtergronde as ons deel nie.

Op 'n opvoedkundige vlak is 'n eerste stap om ons vir die herstandaardisering van Afrikaans te beywer en die uitdrukking van verskeie soorte Afrikaans in die klaskamer aan te moedig, insluitende die behandeling van tekste vanuit verskillende streke wat verskillende variante verteenwoordig. Om weg te beweeg van 'n strewe na sg. “suiwer Afrikaans” – ek sien dit op sosiale media wanneer veral die ouer garde dit bekla as Engelse woorde, of uitdrukkings wat volgens hulle nie in die HAT hoort nie, in die pers en op TV gebruik word. Ons moet wegbeweeg van 'n impuls na behoudendheid. Afrikaans gaan eers floreer as ons die klipmure wat so sorgvuldig en sistematies daarrondom opgebou is, help afbreek.

MS: Plek, landskap en grond figureer sterk in jou werk. Op watter plekke het jy jou sedertdien bevind en hoe het jou nomadiese leefstyl tot jou werk bygedra? Tydens die Covid-pandemie het jy onder andere in Australië tyd spandeer en ook teruggekeer na Bloemfontein.

PO: Ek was in Australië om aan my PhD te werk, en het eintlik net vinnig kom kuier in Suid-Afrika toe die lockdowns posgevat het. Daarna het ek teruggetrek na my ouerhuis in Bloemfontein en ou seer daar gaan gesond maak, geleer om in die toenemend-onsekere hede te oorleef. Toe die grense weer oopgaan, het ek my geliefde in Peru gaan join en in die Andes gebergtes vir die virus weggekrui. Daar het ek heelwat aan my nuwe bundel geskryf, en uiteindelik in April 2021 teruggetrek Suid-Afrika toe om 'n post-doc in Creative Writing by die Universiteit tans bekend as Rhodes te voltooi. Daarna is ek saam met my man Potch toe om Creative Writing by die NWU te doseer.

Die alewige rondtrek het my baie laat nadink oor die idee van ontheemding, en hoe dit al hoe moeiliker raak om 'n plek van refuge in ons verbrokkelende wêreld te vind. Ek het ook geleer om dankbaar te wees vir die eerlikheid waarmee ons dikwels in Suid-Afrika oor ras kan gesels, en die harde werk wat ons genoop word om te doen om 'n beter wêreld vir onself te verbeel.

MS: Jy het as student aan verskeie vertaalprojekte gewerk. Ek dink byvoorbeeld aan “Many tongues” en die InZync Poetry Projek in Kayamandi. Hoe belangrik is die vertaling van gedigte op sosiokulturele vlak spesifiek binne Suid-Afrika?

Hoe ervaar jy dit om as vertaler tussen tale te beweeg? Wat is jou ervaring met van die ander amptelike landstale soos Sesotho en isiXhosa? En wat dink jy van die Afrikaanse letterkundelandskap moet oorgedra word na ander letterkundeliefhebbers in Suid-Afrika?

PO: Vertaling is 'n reis na die ander, 'n ontmoeting, en 'n saamstap om dit wat vreemd is verstaanbaar te maak. Dit is daarom vir my van grondige belang om dit as filosofie in my lewe uit te leef, en in my werk gestalte te laat vind. My Sesotho en isiXhosa is beperk, maar ek is bevoorreg gewees om 'n sakvol sinne op te tel in my grootwordjare in Bloemfontein en my tyd in Kayamandi en Makhanda. Om mense in hul eie taal te kan groet, om hulle te vra hoe

dit gaan, om hul name te vra én te onthou, is ’n eerste stap om medemenslikheid te beoefen. Gryp die voorreg om ander tale aan te leer heelhartig aan – so verbreed jou wêreld en verkry jou toegang tot ander s’n.

MS: Jou vertaling van die Portugese skrywer Gonçalo M. Tavares se “Jerusalem” het ook in hierdie jaar verskyn. Is dit die eerste keer wat jy met Portugees gewerk het? Ek lei af dat jou kennis van Spaans sekerlik gehelp het? Watter uitdagings het jy gedurende die vertaalproses ervaar? En wat was veral moeilik om na Afrikaans te transponeer? (Nie net op talige-, maar ook op sosiokulture vlak).

PO: Dit is my eerste verkenning van Portugees, en dit help dat Spaans en Portugees niggies is. Dat my man vlot Portugees kan praat, is ook nie te versmaai nie. Dit is juis deur hom (en sy vertaalagentskap Chiri Uchu TXT) wat die geleentheid om Tavares in Afrikaans te vertaal by my kom aanklop het. Die tradisie van Europese romans is baie anders as Afrikaanse literatuur. Dit was daarom moeilik om die oorspronklike toonaard van die roman te behou, én dit relatabel vir Afrikaanse gehore te maak. Tavares is ook lief vir baie lang, ritmiese sinne, wat nie altyd so lekker in Afrikaans gewerk het nie. (“Kom tot die punt!” het ek my verbeelde lesers hoor sê.) Maar ek hoop dat ek ’n balans tussen getrouheid aan die teks en verstaanbaarheid in Afrikaans kon vind. Dis ’n belangrike boek wat die oorsprong en trajekte van boosheid in die wêreld, en die maniere waarop dit in ons daaglikse lewens figureer, ondersoek. Veral in die huidige konteks van globale konflik op verskeie terreine, is dit noodsaaklik om na te dink oor hoekom ons sulke verskriklike dinge aan mekaar bly doen, en waarheen dit ons gaan lei.

MS: Hoe het die voltooiing van jou Doktorale Proefskrif aan die Queensland Universiteit van Tegnologie in Brisbane, Australië met navorsingsfokus van performatiwiteit met ’n ekologiese fokus jou eie skryfwerk beïnvloed? Watter insigte vanuit jou navorsing kan jy hier kortliks met ons deel?

PO: As deel van die PhD het ek onder andere met ’n groep digters in Kaapstad ’n reeks werksinkels oor ons veranderende verhouding met water georganiseer om uiteindelik ’n spoken word production genaamd “What the Water Remembers” op die planke te bring. Toni Stuart, Lwanda Sindaphi, Afeefa Omar en ek het onder leiding van Jason Jacobs die produksie by Open Book Festival gedebuteer, waarna ’n speelveld by Woordfees gevolg het. Die samewerkingsproses was diep satisfiërend en dit was ’n voorreg om langs waterliggame in die stad oor water te skryf.

Ek het geleer hoe spoken word gebruik kan word om die meer-as-menslike wêreld te personifiseer en om as/namens/met water te praat. Die verbreding van tematiek en perspektief as jy met verskeie ander digters en rolspelers werk, eerder as om op jou eie voort te ploeter, is een van die belangrikste insigte wat ek opgedoen het – om saam werk te maak oor ons troebel verhouding met die meer-as-menslike wêreld kan ons help om daardie verhoudings, en ook ons verhoudings met mekaar en die geskiedenis, beter te verstaan. Die emosionele intensiteit van performance is ook ’n belangrike hulpmiddel om mense te laat voel-dink oor die web van verhoudings waarin ons onself bevind.

MS: Ek dink byvoorbeeld aan jou gedig “Stook” en die verwoestende veldbrande wat jy eerstehands in Lismore Australië beleef het. Kon jy die ekologiese krisis met behulp van gedigte skryf ten minste tydelik in jou eie kop besweer?

PO: Beswering is 'n bridge too far, dink ek. Daarvoor het ons meer as woorde nodig. Maar dit het my gehelp om my eerstehandse ervarings van die ekologiese krisis te dokumenteer, en die verlies, versugting en afgrype van die grootskaalse verwoesting van ekosisteme te verwoord, om die gevoel van ontheemding so presies moontlik te beskryf.

MS: Pieter, jy word ook by uitstek as 'n performance of "podium" digter gereken. Tot in watter mate verleen die "podium" ander perspektiewe en moontlikhede vir kreatiwiteit?

Sien jy jouself as "performance" of "spoken word" digter? Of verkies jy om nie so in sulke "boksies" te dink nie? Is daar volgens jou beperkings in sulke tipe etikettering?

PO: Die term "performance poet" is vir my problematies, veral gegewe die geskiedenis van die term en hoe Suid-Afrikaanse digters dit byna universeel teëstaan. Sien byvoorbeeld Raphael d'Abdon se 2018 artikel hieroor in *English Studies in Africa*. Ek verkies die term "spoken word" poet, alhoewel die teenoorstelling van hierdie soort poësie met "geskrewe" digkuns byna altyd 'n magsongelykheid impliseer, 'n bevoorregting van die geskrewe bo die gesproke woord, so asof spoken word 'n ander soort poësie is wat vergeefs probeer om die standaarde van regte, egte "Poësie" na te streef. Die bevoorregting van geskrewe poësie in Suid-Afrika verwys ook na 'n dieper tweespalt tussen geskrewe en oral letterkunde in die land, en 'n wydverspreide onkunde oor die groot mate waartoe die geskiedenis van imbongi in ons land kontemporêre vorme van poëtiese uitdrukking beïnvloed.

Daar is meer wat hierdie vorme van poësie deel as wat hulle van mekaar skei – onder andere 'n fokus op die musikaliteit en inkantatiewe moontlikhede van poësie. Desnieteenstaande is daar natuurlik die teenwoordigheid van die gehoor as jy poësie opvoer/voorlees. Die ritueel om saam om gedigte te vergader, maak weer van poësie die gemeenskaplike praktyk wat dit vir die grootste deel van die geskiedenis was. Om woorde te klink en beelde te verklank in die teenwoordigheid van ander skep 'n communion tussen digter en toehoorder wat jy nie op die bladsy kan voltrek nie. Die mag van die ritueel, van saam in real time op reis deur 'n gedig gaan, verteenwoordig vir my een van die kragtigste aspekte van spoken word.

MS: Jy is besig met 'n projek waar musiek gekomponeer en geskep word as agtergrond vir jou gedigte. Hierdie album bied 'n ander platform vir jou gedigte.

Verduidelik 'n bietjie hoe jou proses van toonsetting/komposisie werk.

Jy is 'n kranige pianis en het klassieke musiekopleiding. Tot in watter mate het dit jou voorberei vir projekte waar jou gedigte deur middel van musiek groter strekwydte geniet?

PO: Ek begin met die gedigte as basis en probeer uitvis watter van hulle ritmies of sonies hulself tot toonsetting leen. Daarna volg 'n basiese akkoordprogressie of beat, waarna ek gewoonlik 'n eerste draft van die vers opneem. As die gedig eers musikaal pas, komponeer ek verder elemente daarrondom. Vir van die verse het ons ook session musicians ingekry om saam op te neem, en ek het ook met 'n producer, DJ Taxman, uit Bloemfontein saamgewerk. Die afgelope paar maande het ek ook kragte saamgespan met die musikante Odwa Bongo en Luke Verrezen om live recordings van sommige treks by Sonic Nursery in Kaapstad op te neem.

Ek dink my musikale agtergrond het oor die algemeen 'n groot invloed op die klanklandskap van my verse, en spesifiek ook hul ritmiese samestelling. Die sonoriteit van my verse staan dikwels voorop, en bepaal dikwels die woorde en beelde wat ek besluit om te gebruik. So uit die staanspoor is my verse dikwels musikaal ingestel, wat die transponering na musiek vergemaklik.

MS: Jy het al lankal 'n droom gehad om by Poetry Africa in Durban op te tree. Tot in watter mate is dit belangrik dat jy as Afrikaanssprekende digter ook 'n podiumgeleentheid by die grootste poësiefees in Suid-Afrika kry?

Watter gedagtes is volgens jou belangrik om te deel by hierdie fees? En tot in watter mate vind jy jouself verantwoordelik as verteenwoordiger van 'n spraakgemeenskap, indien wel?

PO: Dit sou naïef wees om te dink dat ek die gehoor met Afrikaans kan stoomroller. As ek voor multitalige gehore optree, kies ek my set só om die Afrikaans met Engelse verse af te wissel. As jy eers die gehoor se harte kan ontsluit in 'n taal wat hulle verstaan, kan jy daarna gemaklik veeltalig met hulle verkeer. Ek sien myself nie as verteenwoordiger van 'n spraakgemeenskap nie, maar ek is ook bewus van my positionality as 'n wit Afrikaans queer digter en skroom nie om dit te belig nie.

Ek is oorstelp gewees deur die gehoor se ontvangs van my werk by Poetry Africa, en ek jouk nou om ook in Engels te publiseer, want ek besef toenemend ek praat nie net met Afrikaanse mense in my werk nie.

MS: In jou nuwer werk word daar sterk besin oor die troebel toekoms van die mens se bestaan op die planeet. Die tipe ontaarding/ontheemding wat moet plaasvind skep 'n triestige apokaliptiese beeld ten opsigte van die mens en sy verhouding met die omgewing.

Tot in watter mate ervaar jy hierdie finaliteit met gelatenheid? En dink jy dat skryf op 'n manier troos bied vir die onvermydelike?

PO: Ek dink soms dit sou makliker wees om die verval van ekosisteme en die gepaardgaande sosiale, politieke en ekonomiese krisis te verwerk as dit alles op een slag kon gebeur, as 'n globale vloed op pad was en die einde afgehandel was. Maar elke dag is daar klein eindes, klein apokalipse, om ons – die aftakeling van biodiversiteit en 'n stabiele klimaat is uitgestrek en speel oor dekades af. Ons rou reeds, en weet dat erger dinge op pad is. Dalk het rou 'n nuwe manier van leef geword.

Ek dink nie ek het al by troos uitgekom nie, en ek weet ook nie waar vertroosting te vinde is nie. Want nêrens kan jy wegbreek van die verwoesting nie – orals is die grond, die water, die lug reeds deurtrek met afvalstowwe wat ons ook van binne af siek maak. Ek probeer eerder 'n manier vind om dit alles te witness, om die simfonie van emosies wat ons teenoor die meer-as-menslike wêreld ervaar te verwoord, om die voortslepende ontaarding in koolstof te skets.

MS: Jou drama Droomwerk is in 2021 met die ATKV woordveertjie-trofee vir die beste nuutgeskepte Afrikaanse teks bekroon. Dit het ook na Teksmark speelyd by die Grahamstown National Arts Festival in Makhanda gehad, waarna speelvlakke by Aardklop, Woordfees, Suidoosterfees en die Homecoming Centre in Kaapstad gevolg het. Baie geluk met die mooi publikasie.

Vertel 'n bietjie meer oor die proses van konsep tot produksie. Droomwerk (2023) raak moeilike en ongemaklike onderwerpe aan rondom jou voorsate en die rolle en bydraes in jou eie lewe en die groter sosio-politieke klimaat. Verantwoordbaarheid staan sterk voorop. Verduidelik hoe jy in die teks probeer sin maak rondom die verbintenis met jou voormense en hoe jy omgaan met hierdie moeilike verledes.

PO: Ek en *Droomwerk* stap nou al 'n lang pad saam. Ek het in 2018 vir die eerste keer my oupa se senaatstoesprake tydens apartheid onder die provinsiale parlement gaan opdiep, en

vir lank met die gefotostateerde woorde van my naamgenoot rondgereis voordat ek geweet het wat om daarmee te doen. Ek het ook gesukkel met die inherente ongelykheid in die storie van die twee Odendaal-voorouers wat ek wou vertel. Ek het honderde bladsye van Oupa Piet se woorde gehad, maar kon slegs enkele details oor Diana van Madagaskar opspoor, wat in die laat 1600's as 'n slavin in die Kaap aangeland het en geboorte gegee het aan Susanna Biebouw, wat die eerste Odendaal in Suid-Afrika se eerste vrou was.

Toe ek uiteindelik begin skryf, het ek dit ritualisties benader. Ek het 'n reinigingseremonie by 'n sangoma deurgemaak, gevas en vir drie weke daaglik elke drie ure gepahla (my voormense opgeroep) om spesifiek vir Diana te vra dat ek nie haar storie sal vervuil in die verbeelding daarvan nie. Toe het die teks makliker gekom.

My eie gestoei met my geestesgesondheid en die uiteindelijke konsultasies met sangomas vorm die basis vir die manier waarop ek die voorouerlike trauma in my familie verwerk het en uiteindelik besef het waar die wortels van my depressie en angs lê.

MS: In watter opsig is die skryf van 'n dramateks vir jou anders as die skryf van 'n gedig?

PO: Dit verg meer volgehoue dissipline om 'n dramateks te skryf, en natuurlik moet jy karakters verbeel wat op hul eie bene kan staan en relatable is. Dis nie net meer 'n ander ek wat aan die woord is nie – ek plaas woorde in die monde van ander lewende wesens. Maar ek dink daar is ook interessante ooreenkomste tussen die skryf van gedigte en dramatekste wat woord-ekonomie betref. Alles wat oortollig is, word gestroop in 'n gedig; so is dit ook met dialoog in 'n dramateks. En as jy nie realistiese drama skryf nie, is daar ook meer ruimte vir beeldspraak en om met simboliek op die verhoog te werk.

Een groot verskil is natuurlik wat die geselskap met die teks op die vloer tydens rehearsals doen. Ek het uit die staanspoor vir die regisseurs (Kanya Viljoen, ondersteun deur Lwanda Sindaphi) die vryheid gegee om te knip en plak soos hulle goeddink met die teks, omdat hulle baie meer ervaring as ek het van wat op 'n verhoog werk. Dit was wel 'n skok toe ek die geredigeerde weergawe van die teks uiteindelik onder oë kry – om die rooi strepe deur groot stukke dialoog te verwerk! Maar dit was bloot my kwesbare ego wat aan die woord was, en ek is diep dankbaar vir die werk wat die span gedoen het om die toneelstuk in sy uiteindelijke vorm gestalte te gee.

MS: 'n Konneksie met voormense lei nog 'n tema in, naamlik 'n tipe spiritualiteit of singewing van die mens se bestaan ten opsigte van 'n groter bewuswording met 'n opperwese.

Hoe verstaan jy die mens se posisie ten opsigte van die kosmos, groter ideaal of “godheid”? Daar word verskeie spirituele tradisies in jou werk betrek. Ek dink byvoorbeeld aan die “Pachamama”/ Moeder Aarde konsep uit Peru, asook verwysings na inheemse tradisies en ook natuurlik die Christelike agtergrond waarin jy gebore is.

Hoe vermeng/ maak jy sin van al hierdie (soms tyds uiteenlopende) sienings?

Dink jy dat hierdie spiritualistiese collage maar 'n teken van ons tyd is in ag geneem die transnasionale kultuuruitruil as gevolg van ons verhouding met tegnologie en die beskikbaarheid van inligting?

PO: Ons elkeen stap 'n diep persoonlike pad om sin te maak van die Onnoembare, die Onkenbare. Ek het grootgeword in die kerk, maar dikwels ontuis daar gevoel a.g.v. my seksualiteit en die dogma wat ons dikwels weerhou om moeilike vrae te vra. Daarna het ek georganiseerde godsdiens verlaat, en jare lank geswerf, selfs aan die geveinsde sekerheid van

die materialisme en kousaliteit van die wetenskap probeer klou. Maar die wêreld het grys geword, en my eerste reis na Peru het my 'n woordeskaf gegee om my liefde vir die natuur in geestelike terme te verwoord, 'n soort panteïsme en ritualistiese begroning in alles wat leef. My ondersoek na my voormense en om hulle as voortdurende agente in my lewe te herken, is aangevuur deur my vriendskappe met sangomas en die gedeelde verering van plant-medisynen wat Peruaanse en Suid-Afrikaanse inheemse tradisies deel.

Ek probeer om in die algemeen nie voorskriftelik te wees nie, veral nie as dit kom by mense se geestelike lewens nie. Ek weet net wat vir my gehelp het om sin te maak van die veelvuldige verhoudings wat my aan die wêreld en die mense om en in my bind. Sinkretisme is nie 'n nuwe ding nie – wêreldwyd is daar voorbeelde (veral in die globale Suide) van hoe mense uiteenlopende spirituele tradisies met mekaar vermeng. Ons grootste krag – en miskien ook ons ondergang – is dat ons die vermoë besit om verstaanskemas van die wêreld saam te weef wat nie aan enige wetenskaplike kriterium van toetsbaarheid hoef te voldoen nie.

Maar ons bly geestelike wesens, en die Onsigbare bly soos 'n Golf oor ons lewens breek. Ek het vrede gevind in 'n laslappie-landskap van geestelike praktyke wat my help om gesond te bly.

MS: In 'n resensie deur Andries Visagie word jy as “by uitstek die digterlike ghoeroe van die Antroposeen” bestempel. Talle van jou gedigte het 'n ekokritiese ingesteldheid en ondersoek die mens se vernietigende uitwerking op die omgewing en hoe ons eintlik onlosmaaklik verbind is met die natuur. Hoe dink jy (ook na aanleiding van jou navorsing in jou doktorsale proefskrif) kan poësie gebruik word om 'n groter ekokritiese bewustheid te kweek? Of maak ons die verkeerde afleiding dat jy eintlik net besig is om te besin oor die mens se verhouding t.o.v die natuur, sonder dat bewaringskwessies/ herwinning/ die “groen” leefstyl die eerste oogmerk is?

PO: Ek dink die herbesinning van ons verhouding met die meer-as-menslike wêreld is 'n voorvereiste om anders daarmee om te gaan – die dink en voel en doen staan nie geïsoleerd van mekaar nie. Maar ek wil nie didakties oorkom in my gedigte nie – dis daar om uit te daag, nie aan te kla nie.

Een van die wondere van gedigte is dat dit ons help om onsigbare (skynbaar-uiteenlopende) verbande tussen dinge te belig. Dit bied 'n reikwydte wat ander literêre vorme nie noodwendig het nie, en om hierdie interconnectedness te kan besing is een van die groot voorregte van skryf vir my.

MS: Geestesgesondheid en kweek (“queer”) identiteit is temas wat in Ontaard (2023) aandag geniet. Jou eie kinderdad en persoonlike ervarings word gebruik as wegspringplek vir verskeie gedigte. Ervaar jy 'n tipe verantwoordelikheid as verteenwoordiger van die LGBTQI+ gemeenskap en die manier hoe die Afrikaanse kultuur hiermee omgaan?

PO: Weereens, ek wil nie graag 'n posterchild vir enigiets wees nie. Ek kan bloot oor my eie ervarings skryf en my struggles met ontheemding in 'n heteronormatiewe samelewing ondersoek. In *Ontaard* kon ek vir die eerste keer dieper delf om die wortels van hierdie ontheemding te verken – wanneer en waar ek al ontuis gevoel het. Maar dis nie noodwendig 'n call to arms nie. As dit met iemand anders kan resoneer, as mense iets kan voel, is ek dankbaar.

MS: Jy doseer tans Kreatiewe Skryfkunde aan die NWU. Watter uitdagings ervaar jy in hierdie rol as dosent? Is daar enige lekker kreatiewe projekte waarvan jy hier iets kan vertel?

PO: Een van die grootste uitdagings is om vir voorgraadse studente klas te gee wat nie noodwendig 'n passie vir skryf het nie. Voor ek begin doseer het, het ek heelwat werksinkels aangebied waar die deelnemers vrywillig daar was en almal wóú skryf. 'n Mens kan nie 'n passie vir 'n kunsvorm kweek as die student nie 'n liefde daarvoor het nie. Ten spyte hiervan, is ek tog dankbaar vir die enkele studente wat deurgaans werk en my terugvoer ter harte neem. Dis vervullend om aan die einde van die semester hierdie studente se vordering te sien.

Die BUA! Poetry inisiatief het ek in Augustus 2022 met die hulp van Allison-Claire Hoskins begin om spoken word by die NWU te bevorder. Intussen het ons slams op al drie kampusse gereël – Mahikeng, Potchefstroom en Vanderbijlpark. Ons het onlangs ook die BUA! Poetry Anthology gepubliseer – 'n veeltalige versameling van 33 studente se gedigte. Die dors om te skep is beslis daar, dis net nie altyd in die klas nie!

MS: Hoe sien jy die pad vorentoe? Watter ander projekte hou jou tans besig en wat maak jou hart opgewonde vir die toekoms?

PO: Ek is in die vroeë fases van 'n nuwe toneelstuk (as ek net tyd daarvoor kan kry!) en het onlangs vir die skerm begin skryf. Die Engelse vertaling van geselekteerde verse uit my eerste twee bundels is so te sê afgehandel, en die volgende stap is om my gedigte in Spaans te vertaal en in Suid-Amerika te publiseer. Die spoken word album waarna ek verwys het, gaan ook eersdaags verskyn, en ek hoop om met 'n musikale produksie te toer om só my verse aan 'n wyer gehoor bekend te stel.

Wat is dit met ons? Gee ons nog om?

Onlangs (16 November 2024) het daar in minstens Media24 se suidelike koerant *Die Burger* ’n belangrike artikel uit die pen van die sanger-skrywer Koos Kombuis verskyn. Die titel van sy artikel het gelui: “‘Verdomming’ van ’n taal en kultuur” en daarin betreur hy onder meer die onvermoë van gewone Afrikaanssprekendes om selfs die mees basiese Afrikaans korrek te skryf en te spel. Bravo, Meneer!

Tragies soos wat daardie waarheid ook al is, was ek terselfdertyd dankbaar dat iemand anders ook die saak aanroer.

Die trefreël onder die titel van Kombuis se artikel is ’n akkurate samevatting van die tragedie van die groot meerderheid van hedendaagse Afrikaanssprekendes en -skrywendes se gebrekkige respek vir en gebrek aan kennis van die mees basiese norme van die taal waarvoor ons voorouers verbete gestry het: “Lees die deelnemers aan *Kom ons braai* ooit boeke of koerante? Vir hierdie mense is die idee van korrekte of normale Afrikaans skynbaar so verhewe soos Sanskrit.” Kombuis het verskeie skermkiekies van sulke flaters bygevoeg, bv. “verrasende aarteppeel gereg”, “Uie Slaai”, “bedrypsel”, “Iemoen botter”, “Kraak lekker Braaibroodjies”, en so meer.

En dan het Kombuis nie eens van die mengeltaal aangeroeer wat ’n mens deesdae maar alte dikwels moet aanhoor wanneer sportlui, bekendes in die vermaaklikheidsbedryf en “gewone mense” op radio of TV praat nie. Dit wil voorkom of min Afrikaanssprekendes twee sinne ná mekaar kan sê sonder om die helfte of die kern daarvan in Engels te sê, of sonder om met die bisarste, mees klakkelose vertalings vorendag te kom. As dit nie “ek doen” of “dit doen” is nie, dan kan hulle “nie daarmee deel nie” of “draai hulle die tafels op iemand” of is “iets op die kaart”.

Dankbaar soos ’n mens is dat daar Afrikaanse TV-kanale van gehalte is, het ek self ook al in die openbaar beswaar gemaak teen die tallose Afrikaanse skryffoute waarteen ’n mens op die groep kykNET-kanale vaskyk, soms in die slottitels van ’n program, soms in die skryfsels van deelnemers aan ’n program, soos dié wat Kombuis noem. In ’n gewilde en origens uitstekende reeks word in die slottitels byvoorbeeld erkenning verleen aan die onderneming verantwoordelik vir *‘Haar en Haarprodukte’ – klaarblyklik ’n klakkelose vertaling van “Hair and Hair Products”. Hoe dié “Haar” verstaan moet word, weet nugter; selfs nie eens ’n weglaatteken ná “Haar” kan dié spulletjie red nie. Uit die slottitels van verskeie programme wil dit voorkom of diegene wat dit opstel, geen begrip het van die skryfwyse van samestellings in Afrikaans nie en dit volkome lukraak hanteer. Dis “Assistent Redigeerder” hier en “Rekwisiete Meester” daar, en dan, vreemd genoeg, “Teksgedrewe-produksies” – wat vas moes wees, is los, en wat los moet wees, word gekoppel.

Ek het al dikwels gewonder wat die rede vir hierdie stand van sake is. Wil die spreker of skrywer hom of haar doelbewus van ’n streng verlede losmaak? Is dit blote ongeërgdheid? Is dit onkunde, soos Kombuis impliseer as hy vra of mense dan nie boeke of koerante lees nie.

Ek is tot my spyt geneig om te dink dat ’n deel van die probleem voor die deur van die onderwys gelê moet word, hoewel ouers en grootouers hoegenaamd nie vry te spreek is nie. Op skool moet ’n kind tog leer dat daar ’n verskil is tussen byvoorbeeld *regisseer* en *regisseur*, of *skeur* en *skeer*, *moet* en *moed*, *brei* en *bry*, *faal* en *vaal*, *vel* en *fel*, *fors* en *vors*, Skoolkinders moet tog leer om Afrikaans – trouens enige taal wat hulle in hulle lewe moet

gebruik – korrek te hanteer, veral skriftelik. Word daar in die skoolleerplanne vir Afrikaans selfs die geringste aandag aan die spelreëls van Afrikaans gegee?

Onlangs stuur iemand my 'n sosialemediaplasing deur 'n gesinslid van 'n bekende rugbyspeler wat 'n operasie ondergaan het. Die plaser sê hoe dankbaar die familie is dat alles goed afgeloop het, en voeg by “al sy hare is *afgeskeur”. Einá! Ek wonder of die hospitaal, verpleegpersoneel en die chirurg vir pyn en lyding gedagvaar gaan word.

Nog 'n fout wat 'n mens tog so gereeld raakloop, is **oppad*. Ek het nog nooit gesien dat iemand skryf “Ek is *opkantoor / opuniversiteit / opskool” nie, maar **oppad*? Nege uit die tien keer. Ek verstaan dit eenvoudig nie.

Iets wat ook baie dikwels voorkom, is die skrywende persoon se onvermoë om te onderskei tussen 'n voorsetsel + selfstandige naamwoord (soos *op soek*) en 'n skeibare werkwoord waarvan die deeltjie vooraan vormlik met 'n voorsetsel ooreenstem (soos *opsoek*), byvoorbeeld “Ek is *op soek* na werk/aanvaarding/'n bietjie liefde” maar “Ek wil my oupa-hulle meer gereeld op die plaas gaan *opsoek*” (die skeibaarheid lê in 'n ander sinskonstruksie, bv. “Ek *soek* nie my oupa-hulle genoeg *op* nie”). Ook in sulke gevalle is dit maar te dikwels “ek is **opsoek* na werk”.

So ook *in gedagte* x *ingedagte*: “'n Mens moet die omstandighede *in gedagte* hou voordat jy oordeel” maar “Sy het *ingedagte* haar bril in die koffie gestee en die beskuit op haar neus probeer sit”.

Ek is terdeë daarvan bewus dat informele registers van formele registers verskil, ook wat gebruiksomgewing betref, maar as Afrikaanssprekende mense deur die media met 'n groot en wydverspreide gehoor kommunikeer, minag hulle in wese hulle gehoor deur taal te gebruik wat amper nie meer Afrikaans genoem kan word nie. Ek verneem dat wyle prof. Fritz Ponelis 'n slag gesê het dat Afrikaans toenemend net vertaalde Engels word.

Die geskiedenis van Afrikaans en die ontwikkeling daarvan tot 'n standaardtaal wat 'n eeu gelede een van ons land se amptelike tale kon word, lê 'n dure plig op almal vir wie Afrikaans kosbaar is, vir wie Afrikaans die moedertaal is, om te sorg dat minstens die standaardvariëteit van Afrikaans – en “standaardvariëteit” is nie eers naastenby net formele taal en vaktaal nie – nie onherroeplik verval tot 'n mengeltaal wat weer die skeldnaam van “kombuistaal” verdien nie. Alle Afrikaanssprekendes – insluitende mediabasis, reklamehuise, ouers, grootouers, leerplanopstellers en onderwysers – moet toesien dat die geskiedenis nie ons hedendaagse Afrikaanssprekendes eendag gaan weeg en te lig bevind nie.

JD (Tom) McLACHLAN

E-pos: tommcl@whalemail.co.za

“Oorloë en gerugte van oorloë”: Vraagstukke oor oorlog en vrede in die een-en-twintigste eeu

Een van die vernaamste lesse voortspruitend uit die oorlog in Oekraïne, één wat vir etlike dekades in Europa oënskynlik verbloem was, is die uifers tersaaklike waarneming, toegeskryf aan Trotsky, dat “ons mag dalk nie in oorlog belangstel nie, maar oorlog stel in ons belang”. Vrese oor die moontlikheid van ’n (derde) wêreldoorlog kring uit, met verskeie streekskonflikte wat as kruitvat hiervoor kan dien. ’n Verbreding en verdieping in die oorlog tussen Rusland en Oekraïne, ’n waarskynlike Chinese inval van Taiwan en die moontlikheid van direkte Amerikaanse ingryping ter ondersteuning van laasgenoemde, en ’n ontluikende streekskonflik in die Midde-Ooste teen die agtergrond van die oorlog tussen Israel en Hamas – dié en dergelike konflikte skets die konteks van die hernieude skrikbeeld van ’n wêreldoorlog, één waarin die vernaamste strydende partye met kernwapens tot die stryd kan of sal toetree. Eweneens word daar gevrees dat konflikte binne verskeie lande (hetsy in Afrika of elders) kan verdiep en oor landsgrense uitbrei. Terreur, met inbegrip van die skrikbeeld van kernterreur en radiologiese terreur, woed voort, met verskeie nuwe dimensies en nuwe domeine (o.a., kuber), hoewel die gebruik van beproefde metodes steeds gedy. Die (oënskynlike) terugkeer na ’n wêreld van internasionale oorlog, intra-staatlike konflik, en nuwe en ou vorme van terreur speel af teen die agtergrond van ingrypende tegnologiese veranderinge met die militêre aanwending van kunsmatige intelligensie as die voorbeeld by uitstek. Diepgaande tegnologiese veranderinge ontsluit die moontlikheid van nuwe vorme van oorlogvoering en, volgens sommige kenners, verhoog die waarskynlikheid van (kern)oorlog met rasse skrede. Ongelukkig, soos die vermaarde krygshistorikus Victor Davis Hanson vermeld, gaan diepgaande tegnologiese verandering nie met ’n diepgaande verandering in die menslike aard gepaard nie, ’n gevolgtrekking wat as wekroep moet dien vir ’n herbesinning van die oorsake van, enersyds, die algemene probleem van oorlog in die geskiedenis en toekoms van die internasionale politiek en, andersyds, die spesifieke oorsake van spesifieke oorloë.

Bykomend tot die aspekte wat hier bo belig is, het hierdie beoogde temanommer van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* ten doel om die volgende te ondersoek:

- Kontinuiteit en verandering in die voorkoms en/of uitvoering van oorlog (breedweg beskou);
- Die terugkeer van militêre kompetisie tussen die grootmoondhede en die moontlikheid van ’n toename in die voorkoms van oorlog, met inbegrip van die vraag na die waarskynlikheid van ’n derde wêreldoorlog;
- Streekskonflikte as moontlike kruitvat vir ’n derde wêreldoorlog en/of die voorkoms van en redes vir proksie-oorloë;
- Nuwe vorme, domeine, masjinerie, metodes, taktiek en strategie van oorlogvoering (met inbegrip van terreur), sowel as oorlogvoering in die sogenaamde “grys sone” (“gray zone”);
- Hoe sien die toekoms van die oorlog in Oekraïne en dié tussen Israel en Hamas daar uit?;

- Die oorsake van oorlog (in die algemeen *en* in die besonder) en moontlike oplossings (bv., die demokratiese/liberale vredesteorie) vir die weerbarstige probleem van oorlog; en,
- Die skrikbeeld van kernoorlog, kernterreur en radiologiese terreur.

Belangstellendes moet so gou doenlik hul belangstelling in die temanommer aandui deur óf Dr. Eben Coetzee (Coetsee2@ufs.ac.za), Prof. Theo Neethling (NeethlingTG@ufs.ac.za) óf Prof. Ina Wolfaardt-Gräbe (publikasies@akademie.co.za) te verwittig. Die sperdatum vir die inhandiging van artikels is **30 April 2025**. Artikels moet in Afrikaans aangebied word. Navrae kan aan Dr. Eben Coetzee (Coetsee2@ufs.ac.za; Tel: (051) 401 2688) gerig word.

Keurders: November 2023 – Oktober 2024

- Dr. EM (Elbie) Adendorff, Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch
 Prof. W (Wessel) Bentley, Navorsingsinstituut vir Teologie en Godsdienstwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Dr. A (Arné) Binneman, Taalsentrum, Universiteit Stellenbosch
 Dr. AM (Robbie) Blake, Departement Politieke Wetenskappe, Universiteit van Pretoria
 Prof. Derick Blaauw, Skool vir Ekonomie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Prof. HJ (Nerina) Bosman, Afrikaans, Taalkunde, Universiteit van Pretoria
 Dr. WF (Willem) Botha, Leksikografie, WAT, Stellenbosch (emeritus)
 Prof. Chris Broodryk, Kunsteskool, Universiteit van Pretoria
 Prof. HG (Gustav) Butler, Toegepaste Linguistiek (Akademiese geletterdheid), Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Dr. Eben Coetzee, Departement Politieke Studie en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Prof. E (Eleanor) Cornelius, Departement Tale, Kultuurstudie en Toegepaste Taalwetenskap, Universiteit van Johannesburg
- Dr. FJ de Beer, Dogmatiek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Mnr. FJD (Frans) de Klerk, Uitvoerende Hoof, Orania Ontwikkelingsmaatskappy, Orania
 Prof. K (Karen) de Wet, Afrikaans, Departement Tale, Kultuurstudie en Toegepaste Linguistiek, Universiteit van Johannesburg
- Prof. K (Katinka) de Wet, Departement Sosiologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Mnr. GC (Deon) du Plessis, SA Sentrum vir Digitale Publikasies (SADiLaR), Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. T (Theo) du Plessis, Taalbeleid en -beplanning, Taalbestuur, Taalpolitiek, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Prof. Francois Durand, Departement Dierkunde, Universiteit van Johannesburg
 Prof. Petrusa du Toit, Opvoedkundige Sielkunde, Leerderondersteuning, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. André Duvenhage, Politieke Studies, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
 Dr. Riaan Eksteen, Navorsingsgenoot, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Prof. Gideon Els, Rekeningkunde, Universiteit van Johannesburg
- Mnr. JH (Hannes) Engelbrecht, Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria
 Prof. I (Irina) Filatova, Russian, UKZN, Durban
 Prof. CJ (Neels) Fourie, Bedryfsingenieurswese, Universiteit Stellenbosch
 Prof. DP (Danie) Goosen, Godsdienstwetenskap, Akademia, Pretoria
 Prof. Rufus Gouws, Afrikaanse Taalkunde, Universiteit Stellenbosch
 Prof. AM (Albert) Grundlingh, Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch
 Prof. Temple Hauptfleisch, Departement Drama, Universiteit Stellenbosch
 Prof. FS (Frank) Hendricks, Departement Afrikaans en Neerlandistiek, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville
- Dr. L (Lyzette) Hoffman, Departement Praktiese en Missionale Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
 Prof. AB (Benda) Hofmeyr, Departement Filosofie, Universiteit van Pretoria
 Dr. Chris Jones, Sistematiese Teologie en Ekklesiologie, Universiteit Stellenbosch
 Dr. JN (Nico) Keyser, Ekonomie en Finanswese, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

- Prof. J (Juanita) Kirsten, UPSET navorsingsfokusarea (Taalkunde), Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. EPJ (Ewert) Kleynhans, Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Dr. D (Dewald) Koen, Afrikaans, Fakulteit Opvoedkunde, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha
- Prof. Dirk Kotzé, Politieke Wetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof. EF (Ernst) Kotze, Afrikaans en Nederlands, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha
- Prof. JS (Kobus) Krüger, Godsdienswetenskap, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein en Universiteit van Pretoria
- Mnr. P (Pieter) Kruger, Vervoeringenieur, Verkeersingenieur, Vervoerekonoom, Techworld Consulting Engineers, Pretoria
- Dr. DP (Pearl) Larey, Education Leadership, Comparative Education and International Studies, University of the Free State, Bloemfontein
- Prof. MLA (Michael) le Cordeur, Kurrikulumstudie, Afrikaanse Onderwys en Letterkunde-onderrig, Universiteit Stellenbosch
- Dr. C (Chris-Marie) le Hanie, Departement Opvoedkunde Studies, Akademia, Pretoria
- Dr. MP (Liana) le Roux, Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie, Universiteit van Pretoria
- Dr. Ansie Maritz, Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Pretoria
- Mnr. PJ (Paul) Maritz, Eksterne PhD-kandidaat, Rechtsfilosofie, Leiden, Nederland
- Dr. H (Heinrich) Mathee, Politieke Studies, Akademia, Pretoria
- Prof. Esias E Meyer, Departement Ou Testament en Hebreeuse Geskrifte, Universiteit van Pretoria
- Prof. R (Retief) Müller, Teologie, VID (Vitenskapelike Høgskole), Oslo, Noorweë
- Prof. Marinda Neethling, Skool vir Psigo-sosiale Opvoeding, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. Theo Neethling, Departement Politieke wetenskap en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Dr. JH (Joanine) Nel, Taalverwerwing en taalaanleer, Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria
- Prof. AN (Annél) Otto, Afrikaans en Nederlands, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha
- Prof. Engela Pretorius, Sosiologie, Genderstudie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof. Fransjohan Pretorius, Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria
- Prof. Hannes Rautenbach, Fakulteit Natuurwetenskappe, Universiteit van Pretoria
- Prof. Jannie Rossouw, Ekonomie, Wits Besigheidskool, Universiteit van die Witwatersrand
- Dr. A (Annalie) Roux, Wiskunde-onderwys, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Dr. JS (Jaydey) Sass, US Taalsentrum, Universiteit Stellenbosch
- Dr. BA (Burgert) Senekal, Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging; Departement Rekenaarwetenskap en Informatika, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Dr. Margaretha Geertsema-Sligh, School of Journalism and Creative Media, Butler University, Indianapolis, VSA
- Prof. Flip Smit, Demografie, Universiteit van Pretoria
- Prof. IJJ (Sakkie) Spangenberg, Teologie, Ou Testament, Bybelkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof. PH (Philip) Spies, Toekomsstudies, Instituut vir Toekomsnavorsing, Universiteit Stellenbosch

- Dr. N (Nicol) Stassen, Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria
- Prof. F (Francois) Steyn, Departement Kriminologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Mnr. R (Rickus) Ströh, Tale en Literatuur in die SA konteks, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. JW (Johan) Strydom, Sakebestuur en Bemaking, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Dr. T (Talytha) Louw-Swanepoel, Joernalistiek en Mediastudies, Skool vir Kommunikasie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. Elzabé Taljard, Afrikatale, Universiteit van Pretoria
- Prof. dr. K. Van de Poel, Departement Taalkunde, Faculteit Letteren en Wijsbegeerte, Universiteit Antwerpen, België
- Prof. Michele van der Merwe, Kurrikulumstudie, Universiteit Stellenbosch
- Prof. dr. Steven Vanderputten, Vakgroep Geschiedenis, Universiteit Gent, België
- Prof. G (Gerrit) van der Waldt, Openbare Bestuur, Publieke Administrasie, Regeerkunde, Noordwes-Universiteit
- Prof. IJ (Kobus) van der Walt, Filosofie van Natuurwetenskappe en Tegnologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. JL (Hannes) van der Walt, Fakulteit Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Dr. M (Mariëtte) van Graan, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Unisa, Pretoria
- Prof. Gerhard B van Huyssteen, Sentrum vir Tekstegnologie (CtexT), Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. A (Anthea) van Jaarsveld, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof. Karin van Marle, Regsfilosofie, Feministiese Teorie, Reg en Letterkunde, Kritiese Teorie, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville
- Prof. MP (Petro) van Niekerk, Vergelykende Opvoedkunde en internasionale onderwys, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof. Rian Venter, Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof. Anné H Verhoef, Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. HM (Hein) Viljoen, Afrikaanse en Nederlandse letterkunde, Literêre teorie; Navorsings-eenheid: Tale en literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof. L (Louise) Viljoen, Afrikaanse letterkunde, Literêre teorie, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch
- Dr. Charles Villet, Departement Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof. JM (Johan) Wassermann, Geskiedenis, Universiteit van Pretoria
- Prof. A (André) Wessels, Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Roné Wieringa, VivA, Besigheidsbestuurder en Taalkundeskrywer
- Prof. CC (Charl) Wolhuter, Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademieskantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur 'n **elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000 en 10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies of grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

Opskrifte in die *Tydskrif* lyk soos volg:

1. **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommener word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord 'n.

Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.

Aanhalings en verwysings

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

Voorbeelde:

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45) ...

OF: ... (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

Bladgeld

Geen bladgeld of koste vir die publikasie van artikels (APC's) in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is betaalbaar nie.

Outeursreg

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Guidelines for authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations or graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

Headings in the *Journal* are styled as follows:

1. **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

1.1 *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

1.1.1 *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

Table headings are styled as follows:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.

Quotations and references

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

Examples:

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:** Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Citations in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45) ...

OR: ... (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

Page fees:

No Page Fees or APC's (Article Producing Costs) are payable by authors for publishing in the *Journal of Humanities*.

Copyright:

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 64 | Volume 64
Nommer 4 | Number 4

DESEMBER 2024
DECEMBER 2024





Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie


Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.



Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis: Gister en vandag